

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Spesiale tema:
Afrikaanse werkwoorde en
werkwoordkonstruksies

Gasredakteur: Bertus van Rooy



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 56 | Volume 56 | **MAART 2016**
Nommer 1 | Number 1 | **MARCH 2016**



Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die
L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



1

Uitgewer/Publisher
Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Arcadia 0007
Suid-Afrika/South Africa
Maart/March 2016

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/ Linguistics

CS (Fanie) de Beer – Filosofie, Inligtingkunde/Philosophy, Information Science

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

DS (Dave) Lubbe – Rekeningkunde/Accountancy

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education

Internasionaal/International

James Athanasou – Psigometrie/Psychometrics (University of Technology, Sydney, Australia)

Reuven Bar-On – Emosionele Intelligensie/Emotional Intelligence (University of Texas, Medical Branch USA)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Canterbury, UK)

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Sebastian Kortmann – Regswetenskap/Law (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)

Belle Wallace – Onderwys vir begaafde leeders/Education for gifted learners (Oxford, UK)

Ex officio: D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2015 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2015 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R285,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R250,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R95,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa.

publikasies@akademie.co.za; www.akademie.co.za

Tel: 0861 333 786 x 4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 56 Nommer 1, Maart 2016 / Volume 56 Number 1, March 2016

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1): AFRIKAANSE WERKWOORDE EN WERKWOORDKONSTRUKSIES

BERTUS VAN ROOY

Inleiding..... 1

C. JAC CONRADIE

Willens en wetens: Perspektiewe op die Afrikaanse werkwoord *wil* / *Willing and knowing: Perspectives on the Afrikaans verb wil*..... 7

RONEL WASSERMAN

Moet en must: 'n Geval van Afrikaanse invloed op Suid-Afrikaanse Engels / Moet and must: A case of Afrikaans influence on South African English..... 25

JOHANITA KIRSTEN

Veranderinge in adverbiale tydsverwysing in Afrikaans van 1911 tot 2010 / *Changes in adverbial temporal reference in Afrikaans from 1911 to 2010*..... 45

ADRI BREED

Aspek in Afrikaans: 'n Teoretiese beskrywing / *Aspect in Afrikaans: A theoretical description*..... 62

ANNEKE BUTLER

Die deelwoord as 'n ander vorm van die werkwoord / *The participle as a different form of the verb*..... 81

BERTUS VAN ROOY EN HAIDEE KRUGER

Faktore wat die weglating van die Afrikaanse onderskikker *dat* bepaal / *Factors that determine the omission of the Afrikaans complementiser dat "that"*..... 102

TIMOTHY COLLEMAN, ILSE FEINAUER EN CHARLOTTE BRAECKEVELDT

Over lexicale voorkeure in die alternantie tussen die "skoon bysin" en die "dat-bysin": Een distinktiwe collexeemanalise / *On lexical preferences in the alternation between the skoon bysin "bare complement clause" and the dat-bysin "that-complement clause": a distinctive collexeme analysis*..... 117

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)

BERT OLIVIER

Neoliberalisme, “Imperium” en Globale Geweld / *Neoliberalism, “Empire” and Global Violence* 134

GABRIËL J. BOTMA

“Koos sê...”: ’n Kritiese diskoersanalise van die metakapitaal van ’n invloedryke Suid-Afrikaanse mediamagnaat / *“Koos says...”: A critical discourse analysis of the meta-capital of a prominent South African media tycoon* 153

H.P. VAN COLLER EN MARIAN HUMAN-NEL

Schreiner vs. Joubert: Hul vernuwende rol in die Suid-Afrikaanse literatuursisteem / *Schreiner vs Joubert: Their innovating role in the South African literary system* 169

LEOPOLD EN INGRID SCHOLTZ

Die Eerste Wêreldoorlog as faktor in die Suid-Afrikaanse toetreding tot die internasionale gemeenskap / *The First World War as Factor in the South African Entry into the International Community* 190

ERIKA THERON EN ELI BITZER

Studente se leerbetrokkenheid aan ’n privaat hoërondewysinstelling / *Student learning engagement at a private higher education institution* 207

CORNÉ (CP) VAN DER VYVER

Die invloed van biografiese faktore op sorg in skoolleierskap / *The influence of biographical factors on care in school leadership* 221

B.J. VAN DER WALT

Op soek na nuwe perspektiewe op die Mis en die Nagmaal / *Looking for new perspectives on Mass and the Lord’s Supper* 238

GERDA ODENDAAL

Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie: Die Nederlands-Afrikaans-stryd gedurende die aanvangsjare / *The role of Stellenbosch University’s Department of Afrikaans and Dutch in the development of Afrikaans lexicography: The Dutch-Afrikaans battle during the formative years* 257

VARIA

EPP FRANCKEN

Nog een Nobelprys voor Zuid-Afrika? De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2015 277

TAALRUBRIEK

JD (TOM) McLACHLAN

Twee terme vertaal 282

BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

Gert Opperman – *As the crow flies. My Bushman experience with 31 Battalion* deur Delville Linford en AL J Venter 284

O.J.O. Ferreira – *Die familie Changuion van Suid-Afrika: Vanaf Frankryk deur Duitsland en Nederland tot Suid-Afrika, 1560’s – 1960’s* deur Louis Changuion 286

Spesiale tema oor Afrikaanse werkwoorde en werkwoordkonstruksies

BERTUS VAN ROOY

INLEIDING

Sedert die publikasie van Ponelis (1979) se *Afrikaanse Sintaksis* en Combrink (1990) se *Afrikaanse Morfologie* het navorsing op die terrein van Afrikaanse grammatika slegs sporadiese aandag gekry. Naas enkele gevestigde navorsers wat vir langer periodes steeds sistematies aandag gegee het aan grammatikale verskynsels (bv. Barbara Bosch, Jac Conradie, Hans den Besten en Fritz Ponelis) was daar 'n aantal doktorsale studies, byvoorbeeld Feinauer (1987), Stell (2011) en Van Huyssteen (2000), en bydraes vanuit teoretiese navorsingsprogramme en/of diachroniese taalkunde wat ook tot grammatikale beskrywing bygedra het. Nietemin, op die keper beskou het die studie van die morfologie en sintaksis veel minder aandag geniet as studies oor taalbeplanning, taalbeleid en die posisie van Afrikaans in 'n veranderende Suid-Afrika.

Intussen het taalteorie wêreldwyd groot groei ondergaan, waarvan relatief min sistematies ingespan is om insig in die grammatika van Afrikaans te verdiep, en daar selfs nog minder gebruikgemaak is van Afrikaans as databron om teoretiese konstruksies te verdiep. Tot 'n groot mate het die simbiotiese verhouding tussen grammatikale beskrywing en teoretisering nie tot sy reg gekom in soverre dit die studie van die Afrikaanse grammatika betref nie. Die metodologie van die taalkunde het ook, veral met die ontwikkeling van korpuslinguistiek en daarmee saam baie meer gesofistikeerde gebruik van statistiek, uitgebrei en kragtiger geword.

Nie net is dit waar dat die studie van Afrikaans deur die loop van die twintigste eeu maar slegs enkele aspekte van die grammatika in diepte belig het nie, maar soos alle ander tale bly Afrikaans verander en is insigte van 'n halwe eeu of meer gelede nie noodwendig meer 'n akkurate beskrywing van die hedendaagse grammatikale sisteem of taalgebruik nie. In die konteks van 'n veranderende Suid-Afrika, maar ook 'n veranderende Namibië, is die aantal kontaksituasies waarin Afrikaanssprekendes hulleself bevind al hoe meer, en oefen dit noodwendig 'n invloed op taalgebruik uit, wat op den duur tot grammatikale verandering sal lei. Binne 'n globaliserende wêreld met die ontploffing van kommunikasietegnologieë en verspreiding van inligting op 'n skaal en via kanale wat byna daaglik verruim, kan verwag word dat die aard van die beïnvloeding van eksterne faktore op taal en die tempo van taalverandering onwillekeurig sal bly toeneem.

Daar is tekens dat die gety begin draai. Die verskyning van 'n nuwe omvattende handboek, *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (Carstens & Bosman 2014), en die ontwikkeling van 'n omvattende aanlyngrammatika van Afrikaans op die Taalportaalplatform (<http://taalportaal.org/taalportaal/topic/>), as onderdeel van VivA (<http://viva-afrikaans.org/>), is belowende stappe in die rigting van hernieuwe aandag aan die studie van die Afrikaanse grammatika. Die ontwikkeling van taaltegnologie bied nuwe uitdagings aan die volledigheid en noukeurigheid van die grammatikale beskrywing van Afrikaans, en dra by om navorsing te stimuleer (bv. Van Huyssteen & Verhoeven 2014).

IN HIERDIE UITGAWE

Hierdie spesiale uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word aangebied as 'n verdere bydrae om die wetenskaplike studie van die Afrikaanse grammatika uit te bou. Die meeste artikels

is uitgebreide en hersiene weergawes van lesings wat tydens 'n tematiese sessie oor die Afrikaanse werkwoord tydens die gesamentlike jaarkongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika en die ander taalkundeverenigings in Junie 2014 by die Universiteit van die Witwatersrand gelewer is. Die deelnemers word ook by voorbaat bedank vir hulle kommentaar en insette waarvan die skrywers met vrag kon gebruikmaak. Erkenning word ook verleen aan die keurders wat hulle tyd beskikbaar gestel het, in sommige gevalle op baie kort kennisgewing, om manuskripte te keur en sodoende waardevolle insette te lewer om die gehalte te verbeter. In dieselfde asem erken ek ook graag die ondersteuning en advies van die hoofredakteur van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Ina Wolfaardt-Gräbe, om hierdie uitgawe moontlik te maak en vir die hantering van die keuring van die bydrae waarvan ekself medeskrywer was.

Die fokus van hierdie spesiale uitgawe is die werkwoord en werkwoordkonstruksies. Deur 'n sameloop van omstandighede, het dit duidelik geword dat 'n hele paar navorsingsinisiatiewe wat onafhanklik van mekaar van stapel gestuur is tog in bepaalde opsigte by mekaar aansluit. Drie van die sewe bydraes tot hierdie uitgawe spruit uit doktorsale studies (Breed; Kirsten; Wasserman), en 'n verdere twee uit meestersgraadstudies (Butler; Coleman, Feinauer & Braeckeveldt), wat almal binne naastenby dieselfde periode onderneem is. Die ander twee bydraes (Conradie; Van Rooy & Kruger) vorm 'n onderdeel van navorsing waarmee die onderskeie outeurs oor 'n langer tydperk besig is, maar hierdie drie outeurs is ook die drie primêre skrywers wat die Afrikaanse werkwoord en werkwoordstuk binne die aanlyngrammatika van Taalportaal behartig. Deur die fokus op 'n samehangende gedeelte van die grammatika van Afrikaans het daar 'n bepaalde sinergie ontwikkel en vertrou ons dat die leser die samehang en wedersydse verdieping van insig oor die verskillende bydraes heen insiggewend en boeiend sal vind. Hoewel die bydraes nie almal ewe eksplisiet 'n teoretiese invalshoek vooropstel nie, vind hulle tog samehang in 'n gebruiksgebaseerde, of breedweg kognitief-funksionele benadering, en is almal veranker in groter versamelings empiriese materiaal, meestal sistematiese korpora van taalgebruik.

Die eerste twee bydraes fokus op modaliteit. **Jac Conradie**, stelling die mees aktiewe navorser oor die grammatika van Afrikaans die afgelope twee tot drie dekades, ondersoek die betekenis en gebruik van die modale hulpwerkwoord “wil”, maar argumenteer dat hierdie werkwoord uitsonderlik is binne Afrikaans en meer funksioneer soos 'n hoofwerkwoord met die betekenis van 'n voorbereidende aksie. Deur die analise van 'n groot versameling voorbeelde, onderskei hy tussen die binneperspektief en die buiteperspektief op die voorbereidende aksie, verklaar in die loop van die analise bepaalde eiesoortige vormlike eienskappe van die werkwoord “wil”, byvoorbeeld dat dit die enigste modale werkwoord in Afrikaans is wat reduplikasie na “wil-wil” ondergaan, en ontwikkel in die proses 'n samehangende model wat sowel die betekenis-skakerings as vormlike eienskappe van “wil” verklaar. Indien nie met dieselfde graad van vooropstelling nie, is hierdie verklaring tot 'n groot mate in ooreenstemming met die kognitiewe en konstruksiegrammatika benaderings van verskeie ander bydraes in die bundel.

Ronel Wasserman ondersoek die betekenis van die modale hulpwerkwoord “moet” in samehang met die Engelse ekwivalent “must” binne die groter vraag na die wedersydse beïnvloeding tussen Afrikaans en Engels, deur 'n analise te onderneem van historiese en eietydse korpora van geskrewe Afrikaans en Suid-Afrikaanse Engels. Die korpus van Suid-Afrikaanse Engels is deur Wasserman self ontwikkel, terwyl sy gebruikmaak van die historiese korpus van Afrikaans wat deur Kirsten ontwikkel is (sien hieronder). Wasserman ontwikkel 'n semantiese model van die betekenis van die twee werkwoorde, en dui aan die hand daarvan aan hoe albei deur die loop van die twintigste eeu 'n betekenis ontwikkel waarin swakker grade van verpligting uitgedruk word as wat histories die geval was vir beide tale. Deur die vergelykende analise van verskeie dimensies van die gebruik van “moet” en “must”, waaronder die vergelyking van die

betekenisuitbreiding op verskillende historiese momente en die mate waartoe die werkwoorde grammatikalisering ondergaan het, kom sy tot die slotsom dat die taalverandering eers in Afrikaans voorgekom het, en van hier na Engels versprei het in die taalkontaksituasie wat in die blanke gemeenskap van die gesegregeerde twintigste-eeuse Suid-Afrika geheers het. Die samehang tussen die sosio-historiese omstandighede en taalverandering word hierdeur uitgelig.

Die volgende drie bydraes verskuif die aandag na die uitdrukking van temporele betekenis in Afrikaans. **Johanita Kirsten** ondersoek taalverandering in adverbiale uitdrukkings van tyd wat deur die loop van die twintigste eeu plaasvind nadat die tempussisteem gestabiliseer het, deur die analise van die historiese korpus van twintigste-eeuse Afrikaans wat sy self saamgestel het. Drie hoëfrekwensie adverbia, “nou”, “toe” en “dan”, toon ’n geleidelike afname in gebruiksfrekwensie deur die loop van die twintigste eeu. Gegewe dat die tempussisteem van Afrikaans selfs nie eers so sterk gegrammatikaliseer is soos in ander Germaanse tale nie, verteenwoordig dit ’n oënskynlike raaisel dat ’n kompensasiemeganisme ook nog al minder gebruik word. Die raaisel word opgelos wanneer Kirsten deur die analise aantoon dat meer spesifieke temporele adverbia in die plek van die baie algemene en konteksgebonde adverbia toeneem in gebruik. Sy verklaar dit as die ontwikkeling van ’n standaardvariëteit wat meer en meer verformaliseer, en dus eintlik by implikasie as afsonderlike register van die taal vestig en wegbeweeg van die gesprekstaalherkoms wat met die vroeë slagspreuk “ons skryf soos ons praat” geassosieer kan word.

Adri Breed bepaal haar aandag by die uitdrukking van aspektuele betekenis in Afrikaans, ’n onderwerp wat vir byna 40 jaar nouliks aandag van navorsers gekry het. Waar die tempussisteem nog ’n mate van gevestigde reëlmaat en ten minste een gespesialiseerde konstruksie as uitdrukkingsmiddel het, vertoon die uitdrukking van aktualiteit – die interne perspektief op handeling en toestande wat in taal voorgestel word – nie dieselfde mate van grammatikalisering nie. Nogtans argumenteer Breed dat dit ’n fout is om hieruit af te lei dat Afrikaans nie aspektuele betekenis kan uitdruk nie. Sy bied vervolgens ’n uitgebreide raamwerk van aspektuele betekenis aan, vanuit ’n tipologiese en kognitiewe invalshoek, wat kulmineer in ’n taksonomie van aspektuele betekenis wat in Afrikaans verwoord kan word. Hierna ontleed sy die verskeidenheid van omskrywingskonstruksies wat wel beskikbaar is om aspektuele betekenis te verwoord, om sodoende ondersteuning te verleen aan haar vertrekpunt dat Afrikaans wel oor die nodige uitdrukkingsmiddele beskik om aspektuele betekenis uit te druk.

Anneke Butler ondersoek die toereikendheid van die bestaande karakteriserings van die deelwoord in Afrikaans. Soos Breed wy sy haar aandag aan ’n onderwerp wat oor ’n lang tyd betreklik min aandag geniet het in Afrikaanse taalkunde, terwyl die onderwerp in die studie van ander tale heelwat verdieping en verfyning van insig ondergaan ook, ten dele deur die toepassing van insigte vanuit die kognitiewe grammatika. Sy toon aan, deur ’n sistematiese analise van die vormlike en semantiese verskille tussen die verskillende gebruike van deelwoorde en verwante werkwoordvorme, dat daar sistematies tussen twee konstruksies onderskei moet word: ’n deelwoord wat prototipies in adjektiewiese konstruksies gebruik word maar tog bepaalde verbale eienskappe behou, en ’n konstruksievorm van die werkwoord wat in meer prototipiese verbale konstruksies gebruik word. Hierdeur word ’n sistematiese oplossing vir die analiseprobleem van die beskrywende taalkunde gebied, terwyl dit terselfdertyd ’n sleutel bied vir die oplossing van ’n klassifikasieprobleem wat sy oorsprong het in ’n taaltegnologieprojek.

Die laaste twee bydraes in hierdie spesiale uitgawe handel oor die komplement sinkonstruksie en die verband tussen die keuse tussen die twee vorme, ’n komplement sin met onafhanklike woordorde oftewel die “skoon bysin”, en die afhanklike woordorde wat saam met die onderskikker “dat” voorkom, die meer prototipiese bysintipe. **Bertus van Rooy** en **Haidee Kruger** formuleer die probleem van volgordevariasie binne die konteks van ’n groter aantal faktore wat moontlik ’n

verklaring kan bied vir die keuse tussen variante. Op die basis van vorige navorsing oor Afrikaans, aangevul met die meer uitgebreide literatuur oor ander tale, vernameamlik Engels en Duits, word 'n aantal faktore geïdentifiseer. Hierdie faktore word geoperasionaliseer en 'n steekproef van meer as 10,000 eksemplare uit die Taalkommissiekorpus word geannoteer, waarna 'n statistiese model met behulp van 'n besluitboomtegniek vir die data onttrek word. Die bevindinge dui op die belangrikheid van veral die hoofwerkwoord en die graad van formaliteit van die register. Die outeurs verklaar die bevindinge met verwysing na die relatiewe tematiese prominensie van die komplementsin en die hoofsin wat die dryfkrag agter die keuse tussen die twee vormlike variante van die komplementsin is.

Timothy Coleman, Ilse Feinauer en Charlotte Braeckveldt sluit baie nou aan by Van Rooy en Kruger. Waar laasgenoemde outeurs gebruikmaak van die bevindinge van Braeckveldt (2013) se magisterstudie, neem Coleman et al. die analise verder. Hulle brei die oorspronklike analise van werkwoorde se voorkeure vir die twee tipes komplementsinne uit aan die hand van verdere literatuur en veral die werk van Van Rooy en Kruger, en ontwikkel sodoende 'n nog meer volledige analise van die rol wat werkwoordlemmas speel in die bepaling van die keuse tussen die twee tipes komplementsinne. Hulle maak van distinktiwe kolleksieanalise gebruik, 'n statistiese tegniek wat die afgelope dekade binne die korpuslinguistiek ontwikkel het, en onderneem 'n omvattende analise van data wat uit 'n koerantkorpus onttrek is. Sodoende dien hulle studie ter bevestiging van die bevindinge van Van Rooy en Kruger, maar bied ook verdere besonderhede oor die aard van die verhouding tussen spesifieke werkwoorde en die keuse tussen komplement-konstruksies, en in besonder die rol van die versameling kousatiewe werkwoorde, wat nie veel aandag geniet het in vorige analises nie.

BESINNING

Oorsigtelik beskou kan 'n aantal oorkoepelende verbande tussen die bydraes in hierdie spesiale uitgawe geïdentifiseer word, waaruit ook bepaalde rigtingwysers vir toekomstige navorsing blyk. 'n Hele paar van die temas van artikels handel oor onderwerpe wat eintlik sedert die vroeë 1970's nouliks of geen aandag geniet het van navorsers nie. Hierdie bundel maak dus 'n bydrae om afgeskepte temas af te stof en, in die lig van nuwe insigte wat by implikasie blyk uit voortdurende ontwikkeling in die taalteorie of beskrywende navorsing op ander tale, insig in die grammatika van Afrikaans uit te brei en te verdiep.

Die artikels in hierdie bundel streef na 'n delikate balans tussen noukeurige grammatikale beskrywing en taalteoretiese begronding (sien ook Kirsner 2014 vir uitgebreide refleksie op hierdie balans). Daar is twee risiko's wat vermy moet word. Aan die een kant sou 'n slaafse "toepassing" van teorie op die beskrywing van 'n taal daartoe kon lei dat daar nie werklik noukeurige insig in die grammatika van 'n spesifieke taal verkry word nie, en die belangrike wetenskaplike doelwitte van die beskrywende grammatika nie ondersteun en uitgebou word nie. 'n Spesifieke taal dien op hierdie wyse net as 'n dam waaruit bepaalde vissies gevang word om teoretiese punte aan te teken in 'n hengelkompetisie wat nie groot waarde heg aan sistematiese en volledige beskrywing as sodanig nie. Aan die ander kant is beskrywende taalkunde wat in isolasie van die winste van beskrywing van ander tale of ontwikkelings in die taalteorie plaasvind 'n verarmde beskrywing waarin die wiel telkens herontdek moet word, en die tempo en diepte van die ontwikkeling van insig in gedrang kom.

Die meeste bydraes in hierdie bundel is begrond in die kognitiewe benadering (insluitende konstruksiegrammatika), waarvoor 'n uitgebreide regverdiging en 'n ander toepassing op 'n Afrikaanse konstruksie deur Van Rooy en Kruger (2015) voorgehou word. Die gedeelde teoretiese

benadering dra daartoe by dat artikels in hierdie bundel die klassieke digotomieë in die taalkunde van die meer formalistiese benaderings oorbrug. Die vorm en funksie van grammatikale konstruksies word deurgaans in samehang met mekaar beskou. Taalvariasie word in terme van die buitetalige en binnetalige motivering daarvan bestudeer, en nie as 'n artefak beskou wat los staan van die geïdealiseerde beskrywingstaak van die navorsing nie. Buitetalige faktore word nie buite rekening gelaat ten koste van 'n eksklusiewe fokus op die outonome taalsisteem nie. Diachroniese dimensies, oftewel taalverandering, word nie buite rekening gelaat in die analise van sinchroniese data nie. Dus word daar oor die artikels heen gepoog om tot 'n samehangende, geïntegreerde verstaan van taal binne 'n komplekse werklikheid te kom. Nogtans word insigte wat deur ander paradigmas opgelewer word, nie hiermee tersyde gestel nie, en maak Van Rooy en Kruger, sowel as Coleman et al. met vrug gebruik van die werk van Biberauer (2002) wat sistematies vanuit die generatiewe raamwerk ontwikkel is.

In hierdie bundel is die klem in die eerste plek op noukeurige beskrywing van Afrikaans, maar ingebed binne die groter konteks van taalteoretiese en metodologiese ontwikkeling in die taalkunde wêreldwyd. Daarmee hoop die skrywers om 'n vars en substantiewe bydrae tot die verstaan van die grammatika van Afrikaans te maak wat bou op die winste van navorsing wêreldwyd. Dit laat die uitdaging vir taalkundiges wat op Afrikaans werk om ook in die toekoms meer aandag te gee aan die ander kant van die munt, naamlik om vanuit analyses van Afrikaans by te dra tot voortgesette ontwikkeling en uitbreiding van teorie en metodologie, sowel as vergelykende beskrywings binne die Germaanse taalfamilie en verder.

BIBLIOGRAFIE

- Biberauer, T. 2002. Verb second in Afrikaans: Is this a unitary phenomenon? *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 34:19-69.
- Braeckeveldt, C. 2013. *De skoon bysin in Afrikaanse krantetaal: Voorkomen en parameters*. Ongepubliseerde MA verhandeling. Gent: Universiteit Gent.
- Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (reds.). 2014. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Combrink, J.H.G. 1990. *Afrikaanse Morfologie: Capita Exemplaria*. Pretoria: Academica.
- Feinauer, A.E. 1987. *Sinsvolgorde in Afrikaans*. Ongepubliseerde D.Litt proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Kirsner, R.S. 2014. *Qualitative-quantitative analyses of Dutch and Afrikaans grammar and lexicon*. Amsterdam: Benjamins.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: JL van Schaik.
- Stell, G. 2011. *Ethnicity and language variation: Grammar and code-switching in the Afrikaans speech community*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Van Huyssteen, G.B. 2000. *Die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans: Enkele aspekte van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde model vir Afrikaans*. Ongepubliseerde PhD proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.
- Van Huyssteen, G.B. & Verhoeven, B. 2014. A Taxonomy for Afrikaans and Dutch compounds. In: *Proceedings of the 25th International Conference on Computational Linguistics (COLING 2014): The First Workshop on Computational Approaches to Compound Analysis (ComAComA)*. ISBN: 978-1-873769-43-0. 21-22 August. Dublin, Ireland, pp. 31-40.
- Van Rooy, B. & Kruger, H. 2015. The case for an emergentist approach. *Stellenbosch Papers in Linguistics PLUS*, 48. doi:<http://dx.doi.org/10.5842/48-0-676>.

Willens en wetens: Perspektiewe op die Afrikaanse werkwoord *wil*¹

Willing and knowing: Perspectives on the Afrikaans verb wil

C. JAC CONRADIE

Departement Afrikaans

Universiteit van Johannesburg

E-pos: jacc@uj.ac.za



Jac Conradie

JAC CONRADIE behaal 'n B.A.-graad aan die Universiteit Stellenbosch in 1965, en 'n Honneursgraad (met onderskeiding) aan dieselfde universiteit in 1967, sowel as 'n M.A.-graad vir 'n verhandeling met die titel *Die lydende vorm in Afrikaans* in 1969. Hy voltooi sy doktorsale studie aan die Rijksuniversiteit Utrecht in 1972 en behaal 'n Ph.D. in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1979 met 'n proefskrif getiteld *Die diachronie van die Afrikaanse voltooiende deelwoord*. Hy is tans emeritusprofessor aan die Universiteit van Johannesburg (vroeër die Randse Afrikaanse Universiteit), waar hy sedert 1975 Afrikaanse taalkunde gedoseer het en in tydelike hoedanigheid steeds historiese taalkunde, sintaksis en morfologie op voor- en nagraadse vlak doseer. Hy is 'n NNS-gegradeerde navorser en Senior Navorsingsgenoot in die Departement Afrikaans, en sy navorsingsbelangstellings sluit die geskiedenis van Afrikaans en Nederlands, modaliteit, grammatikalisasie en ikonisiteit in taal in.

JAC CONRADIE obtained a B.A. degree at Stellenbosch University in 1965, and an Honours degree (with distinction) at the same university in 1967 as well as an M.A. degree for a dissertation entitled *Die lydende vorm in Afrikaans* (The passive voice in Afrikaans) in 1969. He completed Doctoraal studies at the University of Utrecht in 1972, and obtained a Ph.D. in Afrikaans and Nederlands from the University of the Witwatersrand in 1979 with a thesis entitled *Die diachronie van die Afrikaanse voltooiende deelwoord* (The diachronics of the Afrikaans past participle). At present he is emeritus professor of the University of Johannesburg (formerly the Rand Afrikaans University), where he has been teaching Afrikaans linguistics since 1975 and is still teaching historical linguistics, syntax and morphology at under- and post-graduate level as a temporary lecturer. He is an NRF rated researcher and Senior Research Associate in the Department of Afrikaans, and his research interests include the history of Afrikaans and Dutch, modality, grammaticalisation and iconicity in language.

¹ Met dank aan die anonieme keurders vir waardevolle wenke, en aan die Universiteit van Johannesburg en die Nasionale Navorsingstigting vir hulle steun.

ABSTRACT

Willing and knowing: Perspectives on the Afrikaans verb wil

The Afrikaans verb wil, a cognate of English will but closer in meaning to “want to”, is usually employed as an auxiliary rather than a main verb and is defined, inter alia, as “to wish, desire, intend, be able, resolve, be prepared, be willing, be on the verge of”, and is used to express wishes and as a reduplication form (wil-wil). This paper endeavours to show that most of these nuances of meaning and usages are derivable from a core meaning of “preparatory action” and two perspectives on this. If wil is compared to other modal verbs, it appears that though it has certain syntactic and semantic features in common with them, it nevertheless differs greatly from them in many other respects.

*Historically, wil differs from most other modal verbs in being semantically stable. Afrikaans wil differs from other Afrikaans modals in several respects. (a) Wil is not used epistemically. (b) Wil can be used as a transitive verb and is the only modal to have a past participle, viz. gewil. (c) Only wil has a derivation resembling a present participle, viz. welwillende “benevolent”. (d) In passive sentences, wil remains subject oriented, i.e. retains the grammatical subject as its agent – for example Sy wil gesien word “She wants to be seen”. (e) Wees doubles with word as a passive auxiliary in a construction such as Sy wil gesien **wees** deur die mense “She wants to be seen by the people”. (f) Only wil (and its preterite form wou) reduplicates, as in wil-wil and wou-wou.*

It is argued that wil primarily expresses preparatory action – “preparatory” to distinguish it from a distinctly different action resulting from wil or an ensuing state of affairs, as in Hy wil wen “He wants to win”, or Sy wil ryk wees “She wants to be rich”. “Action” is considered a suitable common denominator, as it could refer to anything from mental action to forces of nature. “Action” is taken to contrast with concepts such as “knowledge, attitude, obligation, ability, permission”, etc. not expressing an activity as such.

Most of the semantic nuances of wil are derivable from two perspectives on wil, an internal and external one, to be distinguished as wil¹ and wil². The action character of wil is supported by grammatical factors such as the following:

*(i) In the series Ek kan/moet wen (“can/must win”); ek **wil** wen (“I want to win”); ek gaan/sal wen (“I am going to/will win”); ek het gewen (“I won”), where each proposition implies the previous, it seems as though the action culminating in “I won” commences with “I want to win”.*

(ii) The fact that wil, unlike other modal verbs, retains the sentential subject as agentive even in passive sentences, as in Hy wil bederf word “He wants to be spoilt”, is another indication that that wil expresses an action.

*(iii) The sentences Ek wens jy **wil** weggaan! “I wish you will go away” and Ek wens jy gaan weg! “I wish you go away” are virtually synonymous, whereas substituting moet “must” for wil, as in Ek wens jy **moet** weggaan “I wish you have to go away”, changes the objective of the wish to a particular state of affairs. If we accept that a wish containing wil (first sentence) has the same illocutionary force as one not supplemented by a modal verb (second sentence), and both presuppose that a certain action be taken by the addressee, then it follows that wil is closely associated to action.*

*One way to look at wil is through an “inner” perspective. It is claimed that one only has access to one’s own mental states – which would include the “meaning” of wil – in a direct and noninferential way. To this may be added the role of language in creating an intersubjective awareness of the meaning of wil. Though the meaning of wil may seem absolutely clear to the user of the word and between language users, in reality this may not be the case at all. While a projection of wil on another person in a request such as **Wil** jy (nie) asseblief die deur toemaak*

(nie)? “Will/won’t you please close the door?” still remains within the bounds of what is understood under wil, projections on non-humans as in Daardie muskiet wil my byt! “That mosquito wants to bite me!” and even onto a vehicle, as in My kar wil nie vat nie! “My car doesn’t want to start!,” may be far from intentional wil in the “human” sense of “desiring to” or “intending to”. Quite another use of wil is found when wil is reduplicated, as in My kar wil-wil vat “My car is about to start”, where anterior aspect is indicated.

In sum, the “internal” perspective on what will be referred to as wil¹ may be characterised in two ways. Firstly, negation is possible, as in Hy **wil** nie nog drank hê nie “He doesn’t want any more liquor”, though generally not in speech acts. A second characteristic is that reduplication is excluded, viz. *Ek **wil-wil** eendag Everest beklim, to mean “I want to climb Everest one day”.

Next we may consider an “external” perspective on wil, to be referred to as wil². In a proposition such as Dit **wil** reën “Rain is imminent”, wil is used in the sense of “to be on the verge/point of” or “to be threatening”. Wil here refers to a force of nature. An internally motivated action in nature only becomes obvious when some kind of change is observed. Thus we can only say “Rain is imminent” when dark rain clouds and chilly gusts of wind, etc. are in evidence. As the initiator is not observable, it is of necessity identical to that of the force itself. Thus, in Dit **wil** reën, literally “It wants to rain”, the volitive force of wil and the action of raining – though distinct as forces or actions – are assumed to have the same origin or source. In its association with “imminence”, the modal auxiliary wil is further grammaticalised to express anterior aspect. The ability of the speaker to handle two perspectives on the same action at the same time by “dividing” him-/herself into two persons, is referred to by Leiss (2012: 45-46) as “double displacement”.

An action characterised as being “on the verge of” cannot be negated, as it is not possible for an action to be on the verge of taking place and not taking place at the same time. While wil¹, as was noted above, can be projected onto non-humans and even objects, wil², as an auxiliary expressing anterior aspect, can be applied to propositions with human subjects, such as Sy **wil** huil “She is about to cry, is on the verge of crying”.

In sum, wil², unlike wil¹, cannot be negated. However, wil² can be reduplicated, e.g. Dit **wil-wil** reën “It is threatening to rain”. This has the effect of emphasizing the imminence of the rain. Reduplication in Afrikaans has the function, inter alia, of highlighting various kinds of repetition, one of which is repetition as part of an effort to achieve a goal, for example Hy **hap-hap** na sy aanvaller, literally “He snaps-snaps at his attacker”, i.e. keeps snapping at his attacker. If we assume a pragmatic link between an effort that is not completely successful and an action that is on the verge of being realised, the previous example may be seen to bear a semantic resemblance to Hy **wil-wil** sy aanvaller byt, “He is on the verge of biting his attacker”.

Finally, the difference between wil¹, meaning “to want to, wish, intend, desire”, etc., and wil², meaning “being on the point/verge of” and expressing anterior aspect, is related to the difference between an interior (“inner”) and exterior (“outer”) perspective on “will”, conceived of as an action, whether mental or physical in nature. The two perspectives are, however, not in absolute contrast with each other but may merge into each other so that a continuum between the two may be assumed. For example, the following sentence may be taken to describe a man recovering from a coma:

Soms lyk dit asof hy sy oë **wil-wil** oopmaak,
 sometimes seem it as-if he his eyes want-to REDUP open-make
 maar of die inspanning te groot is. (I. Winterbach)
 but if the effort too great is
 “Sometimes it seems as though he is about to open his eyes, but it is too great an effort.”

As he is getting closer to regaining consciousness (i.e. from being “on the verge of”), the gradual opening of his eyes is transformed to an act of will (cf. inspanning “effort”) until he consciously strives to open his eyes.

KEY WORDS: continuum, double displacement, epistemic, external perspective, grammaticalization, internal perspective, modal verb, observational perspective, passive, projection, reduplication, speech act, volitive action, will

TREFWOORDE: binneperspektief, buiteperspektief, dubbelverplasing, epistemies, grammatikalisering, kontinuum, modale werkwoord, passief, projeksie, reduplikasie, taalhandeling, waarnemingsperspektief, wil, wilsaksie

OPSOMMING

Die Afrikaanse modale werkwoord *wil* (en sy imperfekvorm *wou*), wat meestal as hulpwerkwoord gebruik word, kan verskillende betekenisskakerings aanneem, onder meer “begeer”, “onderneem”, “wens”, “bereid wees”, “neig”, “dreig” en “op die punt wees”; dit maak ook deel uit van taalhandelinge, byvoorbeeld om wense uit te druk en is die enigste modale werkwoord wat reduplikasie kan ondergaan (*wil-wil*, *wou-wou*). Die meeste van hierdie betekenisse en gebruike word ondervang deur aan te neem dat *wil* in wese ’n handelingswerkwoord is wat op “voorbereidende aksie” dui en waarop die spreker ’n interne of eksterne perspektief kan hê.

Die interne perspektief (wat ons *wil* kan noem) gaan uit van taalgebruikers se vermeende vertrouwdheid met *wil* as psigiese of mentale handeling, wat egter op nie-menslike lewensvorme en selfs nie-lewende entiteite geprojekteer kan word. ’n Tipiese gebruik is byvoorbeeld *Ek wil wen*, waar die uitspraak van ’n begeerte om te wen (die wilsaksie) deur ’n persoon geïnisieer word, met *My kar wil nie vat nie* as moontlike projeksie.

Die eksterne perspektief (*wil*²) berus op die waarneming van byvoorbeeld natuurkragte, waar die aksie weens die taalgebruiker se onvermoë om die onderliggende kragte regstreeks waar te neem slegs gekonstateer kan word as dit op die punt is om te gebeur, byvoorbeeld *Dit wil reën*, as dit “dreig” om te reën. Omdat reduplikasie in Afrikaans onder meer kan dui op herhaalde – maar ongeslaagde – pogings om ’n doel te bereik, kan dit in *Dit wil-wil reën* aangewend word om die onmiddellike moontlikheid van ’n reënbui te beklemtoon. Sodoende kan die modale hulpwerkwoord *wil(-wil)* vanuit die eksterne perspektief deur ’n verdere proses van grammatikalisasie die aspektuele funksie van anterioriteit aanneem, wat dan selfs op menslike gemoedsaandoeninge van toepassing gemaak kan word.

Omdat die interpretasie van ’n uiting deur ’n perspektiefwisseling verstel kan word van interne wilsaksie na anterioriteit en omgekeerd, kan aangeneem word dat daar ’n kontinuum tussen die twee perspektiefpole bestaan. Grammatikale kenmerke wat met die twee perspektiewe korreleer, is dat die interne wilsaksie ontken kan word (behalwe in taalhandelinge) en reduplikasie uitgesluit is, terwyl die eksterne waargenome aksie vanweë sy onmiddellike konstatering nie ontken kan word nie, maar dan juis deur reduplikasie beklemtoon kan word.

1. VRAAGSTELLING

Die werkwoord *wil* kom in Afrikaans hoofsaaklik as hulpwerkwoord, dus in samehang met ’n hoofwerkwoord, voor. Hierdie hoofwerkwoord kan leksikaal wees, soos *wen* in *Hy wil wen*, of “leeg”, soos *hê* in *Sy wil hê jy moet dit doen*. Oor die algemeen word *wil* in Nederlands veel meer

as oorganklike hoofwerkwoord – en ellipties – gebruik as in Afrikaans, vergelyk Nederlands *Zij wil dat je dat doet; Ik wil het niet*. Deur meer gereedlik as hulpwerkwoord gebruik te word, het Afrikaans *wil* verder gegrammatikaliseer as Nederlands *willen*. Aangesien die sintaktiese status van *wil* as hoof- of hulpwerkwoord hier nie soseer ter sprake is nie, sal hieronder na *wil* bloot as “modale werkwoord” verwys word, tensy die hoofwerkwoord *wil* bedoel word.

Die Afrikaanse modale werkwoord *wil* (en sy imperfekvorm *wou*) kan verskillende betekenisshakerings aanneem. Die HAT noem byvoorbeeld “wens”, “verlang”, “in die vermoë wees”, “op die punt staan”, “bereid wees” en “beweer”; *wil* word ook gebruik om wense uit te druk, en in die iteratiewe of reduplikasievorm (*wil-wil*) beteken dit “op die punt wees”. In ’n sin soos

(1) Ek **wil** vandag die wedstryd wen.

sou *wil* benewens “wens” en “verlang”, ook “begeer”, “van plan wees”, “my daarop toespits”, “my voorneem” en selfs “besluit (het)”, “vasbeslote wees” kan beteken.

’n Vraag wat gestel kan word, is in watter mate hier sprake is van ’n eenheidsbetekenis met blote nuanseverskille, werklike polisemie of selfs homonimiteit. Die hipotese word vervolgens gestel dat *voorbereidende aksie* as ’n grondkomponent van die betekenis van *wil* beskou moet word en dat die meeste van die betekenisnuanses en gebruike van *wil* saamhang met twee perspektiewe daarop: ’n interne en ’n eksterne, ten opsigte waarvan ons kan onderskei tussen *wil*¹ en *wil*². “Aksie” staan teenoor konsepte soos “kennis, wete, houding, verpligting, vermoë, toestemming”, ens. wat nie ’n aktiwiteit as sodanig uitdruk nie. Die beskrywing “aksie” word as neutrale term bo “handeling” verkies omdat laasgenoemde die aanwesigheid van ’n menslike agens veronderstel – wat juis nie die geval hoef te wees nie. Die bedoelde “aksie” kan enigiets van mentaal of kognitief wees tot (vir die leek) onbekende natuurkragte.

Die wilsaksie kan ten slotte “voorbereidend” genoem word om dit te onderskei van ander aksie – of ’n toestand – wat daaruit voortvloei (vergelyk *Hy wil wen* – maar wen nog nie; *Sy wil ryk wees* – maar is nog arm.) Filosofe is verdeeld oor die vraag of “wil” (Engels *volition*) gelyk gestel kan word aan aksie. Enersyds word byvoorbeeld gesê dat “what one wills is always an action”; andersyds word beweer dat dit foutief sou wees “to conclude that the volition, though ‘essential’ to the occurrence of the action, is part of it”, want “the decisive consideration remains that volitions are causes of actions,” en ’n oorsaak kan nie deel van sy gevolg wees nie (Sellars 1976: 48-49). Hier is egter sprake van ’n skynbare teenstrydigheid: ons moet onderskei tussen *wil* as ’n aksie wat gerig is op die uitvoer van ’n *ander* aksie (of bewerkstelling van ’n toestand), of dan tussen oorsaaklike aksie (“wil”) en resulterende aksie (of toestand).

Die doel van hierdie ontleding is om aan te toon dat die meeste van die betekenisnuanses en gebruike van *wil* teruggevoer kan word na ’n kernbetekenis van “voorbereidende aksie”, en veral twee perspektiewe daarop. Aangesien geen ander Afrikaanse modale werkwoord hierdie betekenis het nie, kan gevra word watter plek *wil* onder die modale werkwoorde inneem en of dit wel “modaal” genoem kan word. Dit blyk dat *wil* wel sekere sintaktiese en semantiese kenmerke met modale werkwoorde soos *sal*, *moet*, *kan*, *mag*, *behoort (te)* en *hoef (nie te)* gemeen het, maar dat dit op ’n aantal punte sterk van die ander verskil en selfs in ’n groter mate as Nederlands *willen* ’n eie rigting ingeslaan het.

2. WIL AS MODALE WERKWOORD

Sintakties en morfologies hoort *wil* tuis onder die modale werkwoorde. Dit beskik oor ’n imperfekvorm, *wou*, wat hoofsaaklik die verlede tyd uitdruk, maar ook ander modale waardes of illokusionêre funksies kan hê. Sintakties maak *wil* deel uit van ’n groepie werkwoorde wat leksikale en hulpwerkwoorde voorafgaan, in SVO- sowel as SOV-strukture:

- (2) Hulle **sal/moet/kan/mag/wil** die takie begin afhandel.
 (3) ... dat hulle die takie **sal/moet/kan/mag/wil** begin afhandel.

As *sal* aanwesig is, volg *wil* soos alle ander modale werkwoorde, daarop:

- (4) Sy **sal wil** probeer slaag, maar
 (5) *Sy **wil sal** probeer slaag.

Ook ten aansien van realisering al dan nie kan op 'n ooreenkoms gewys word. Met die modale werkwoord in die presens en in sy grondbetekenis, is die hoofwerkwoord volgens die gewone interpretasie – wat hier as die basiese beskou word – ongerealiseerd, sodat in

- (6) Hy sal/moet/kan/mag/**wil** daar 'n muur bou.

geen “bou” plaasvind nie. In sommige gevalle – beskryfbaar as sinekdogee – dui die konteks egter daarop dat realisering wel plaasvind, byvoorbeeld

- (7) Sy het by die huis gebly, want sy sou/moes/kon/**wou** werk.
 (8) Daardie monnik **wil** arm wees.

Ons kyk vervolgens na kenmerke van *wil* wat dit van ander modale werkwoorde onderskei.

3. EIESOORTIGHEID VAN *WIL*

'n Algemene kenmerk van die werkwoord *wil* is sy semantiese stabiliteit oor 'n lang tydperk; die konserwatisme van *wil* bied steun aan die aanname wat hier gemaak word dat *wil* 'n enkele, eenduidige grondbetekenis het. Goties *wiljan* het al beteken “to be willing, will, wish”, met as substantief *wilja* “will” (Wright 1968:165); Oudnoors *vilja* was “to will, wish, be willing, intend”, met as substantief *vili* “will, desire, disposition” (Gordon 1968:396). In Indo-Europese verband kan die Latynse werkwoord *velle* (“om te wil”) genoem word, wat “to be willing, to wish, to choose, purpose, intend, desire” beteken (LLD). Engels *will*² het semanties uitgebrei in die rigting van 'n futurum en is ten dele vervang deur *want to*, en in Duits word *wollen* vervang deur *möchte gern* in beleefde versoeke. Verskille met Nederlands *willen* is minimaal. Hierteenoor was sommige ander modale werkwoorde in die loop van die tyd aan ingrypende betekenisverandering onderhewig (vergelyk Traugott (1972:198-199) vir Engels en Conradie (1980) vir Nederlands).

Afrikaans *wil* wyk op die volgende maniere van ander modale werkwoorde af:

- (a) Afrikaans *wil* word nie epistemies gebruik,³ met ander woorde om die spreker se oordeel ten opsigte van die waarskynlikheid van 'n proposisie uit te druk nie. Omdat die epistemiese gebruik juis 'n werkwoord “modaal” maak, is Afrikaans *wil* dus nie 'n modale werkwoord in die ware sin van die woord, of, soos dit in Nederlands gestel word, “eigenlijk-modaal” nie. Terwyl grade van die waarskynlikheid van die subjek se uitstедigheid uitgedruk word deur (9) en (10),
- (9) Hy sal/kan/moet/mag uitstедig wees, behoort uitstедig te wees, hoef nie uitstедig te wees nie.

² Van Engels *will* in sy vroeë betekenis sê Visser (1969:1582) dat dit in kombinasie met 'n infinitief “originally expressed nothing but a present determination to perform the action denoted by the infinitive”.

³ *Wil* word volgens De Villiers (1971: 89) “gewoonlik persoonlik”, met ander woorde in sy sogenaamde wortelbetekenis, gebruik.

(10) Dit mag (die geval) wees dat hy uitstedig is, ens.,

word *wil* blykens **Hy wil uitstedig wees* of **Dit wil (die geval) wees dat hy uitstedig is* nie in hierdie betekenis gebruik nie. Afrikaans verskil hier van Nederlands, waar *willen* wel “eigenlijk-modaal” kan wees, soos in

(11) Een aspirientje **wil** nog wel eens helpen. (ANS, p. 1081)

(12) Dik **wil** weleens lang wegblijven. (Van den Toorn 1975:175)

(13) Het **wil** wel eens dat Dik lang wegblijft. (Van den Toorn 1975:175)

Met die verskuiwing van Engels *will* na 'n toekomstige tyd het die epistemiese gebruik moontlik geword, terwyl Engels *want to*, wat 'n semantiese ekwivalent van Afrikaans *wil* is, nie epistemies gebruik word nie – nog 'n aanduiding dat die epistemiese nie versoenbaar is met (mentale) *aksie* nie.

(b) *Wil* kan, anders as ander modale werkwoorde, as oorganklike hoofwerkwoord gebruik word, vergelyk

(14) Die toeval het dit so **gewil**. (HAT)

Hierdie gebruik moet onderskei word van die elliptiese gebruik in *Hulle wil nie, Dit sou kon*, ens. Die nie-elliptiese gebruik van *wil* as hoofwerkwoord kom in Nederlands *Ik mag hem niet* “Ek hou nie van hom nie” voor en moontlik in Afrikaans *Ek kan nie daarteen nie*, wat egter Neerlandisties aandoen (*Ik kan er niet tegen*).

Nederlands *willen* is volgens Van der Horst (2008: 875) nog nie so ver soos *zullen* gegrammatikaliseer nie, onder meer omdat dit, anders as *zullen*, nog met 'n nominale objek gebruik word en 'n voltooidedeelwoord het. Vanweë sy oorganklikheid, het *wil* – en slegs *wil* – in Afrikaans dan ook 'n voltooidedeelwoord; Nederlands het naas *gewild* nog *gekund*, *gemoeten* en *gemoegen/gemoogd*.

(c) Met *welwillende* is *wil* ook die enigste modale werkwoord met 'n ongeveer gelykbetekenende teenwoordigedeelwoord-afleiding.

(d) In passiewe sinne met 'n menslike subjek bly *wil* subjekgerig, met ander woorde die subjek behou 'n inisiërende of agensfunksie met betrekking tot *wil*, ondanks 'n moontlike patiensverhouding met die hoofwerkwoord:

(15) Die verkenners **wil** die vyand sien, maar nie self **gesien word** nie.

(e) Slegs by *wil* wissel *wees* af met *word* as passiewe hulpwerkwoord, vergelyk

(16) Sy wil gesien word/**wees** deur die mense,

waar die *deur*-setselgroep, wat gewoonlik as agens funksioneer, ook met *wees* 'n agenslesing waarskynlik maak, en in die segswyse *Dit wil gedoen wees!* is slegs *wees* moontlik. (Vergelyk ook Duits *etwas will getan sein* “something needs/ has got to be done”; *das will gelernt sein* “it has to be learned”, CGD). Sin (17) is wel aanvaarbaar as die modale werkwoorde 'n epistemiese lesing het (“Dit *sal* die geval wees dat mense haar sien”, ens.), maar in hulle *wortelbetekenisse* is moontlik net *moet* aanvaarbaar.

(17a) ? Sy **sal** vandag gesien *wees* (deur die mense).

(17b) ? Sy **kan** (= is in die geleentheid om) gesien (te) *wees*.

(17c) ? Sy **mag** (= word toegelaat om) gesien (te) *wees*.

(17d) ? Sy **moet** (= Dit is noodsaaklik dat sy) gesien *wees*.

By ’n *wortel* interpretasie van die modale werkwoorde is *word* steeds aanvaarbaarder as *wees*, en *wees* soms uitgeslote. Met *wil* is sowel die dinamiese *word*-passief as die meer statiese *is/wees*-passief moontlik. In één koerantberig – oor ’n swerwende hond met die naam Ben – word sowel *word* as *wees* gebruik; met *word* (in samehang met die agens *deur g’n mens*) word ’n proses uitgedruk, met *wees* ’n toedrag van sake:

(18) Hulle is almal mal oor Ben, maar verstaan dat hy deur g’n mens “**gehê**” **wil word** nie.
... Welgemoed sê sy het aanvaar dat Ben nie “**gehê**” **wil wees** nie. (*Beeld* 14.ix.2015).

(f) Reduplikasie (ook bekend as die iteratiefkonstruksie) kom in Afrikaans uitgebreid by verskillende woordsoorte – onder meer werkwoorde – voor, maar onder die modale werkwoorde is dit slegs *wil* wat redupliseer: *Dit wil-wil reën*, teenoor *Dit *sal-sal, *kan-kan, *mag-mag, *moet-moet*, ens. reën.

Vervolgens kyk ons na redes waarom *wil* as aksiewerkwoord beskou kan word.

4. WIL AS AKSIEWERKWOORD

Wil kan beskou word as ’n aksiewerkwoord in eie reg, nouer verwant aan woorde soos *probeer*, *begeer*, *besluit* of (*jou*) *voorneem* as byvoorbeeld aan *kan*, *moet*, *mag* en *sal*, wat bloot ’n oordeel, houding of moontlikheid uitdruk. Om iets te wil, is reeds om ’n handeling te verrig, al lê die resultaat moontlik ver in die toekoms, vergelyk “Ek wil graag eendag Everest beklim.” En al is die inisieerder van die wilsaksie identies met dié van die *beklim*-aksie, is die inisiëringsaksies in tyd geskei. (Onder “wilsaksie” word dan ook voortaan verstaan “*wil* as aksie” en nie enige aksie wat deur *wil* geïnisieer word nie.) As die uitdrukking *willens en wetens* “met opset” (uit die teenwoordige deelwoorde *willend* en *wetend*) die parameters van iemand se optrede beskryf, dan word ’n kontras tussen aksie (“doen”) en die epistemiese (“weet”) gesuggereer, met *willens* aan die “doen”-kant. Talle leksikale items verbind *wil* met krag of aksie (of ’n gebrek daaraan), byvoorbeeld *wilskrag*, *wilsdaad*, *wilsbesluit*, *gewilligheid*, *willoos* en *wilsinspanning*. ’n Dikwels gehoorde uitspraak soos: “Dit gebeur nie, want die politieke *wil* ontbreek” sinspeel op ’n gebrek aan aksie.

Onder “aksie” word verstaan ’n gebeurte wat kan strek van ’n psigiese tot ’n natuurgebeure, en wat gekenmerk word deur verandering. Volgens Talmy (1985: 310) dui “wanting” in *He wants to open the window* op “a kind of psychological ‘pressure’, ‘pushing’ toward the realization of some act or state”. In *Dit wil reën* speel “verandering in die natuur” ’n duidelike rol, maar selfs in *Sy wil wen* word verandering geïnisieer. In die performatief *Ek wil wen!* (met eerstepersoonsonderwerp) is die verband met aksie selfs duideliker.

In sy ondersoek na die rol van *krag* (*force*) in taal, sê Talmy (1985: 296) oor Engels *want* (die naaste ekwivalent van Afrikaans *wil*) in “that John wants to go out”, dat dit verstaan kan word as “a force-like tendency toward that act”. “Krag” is egter ’n minder geskikte benadering, aangesien dit op *potensiële* of *latente* aktiwiteit kan dui (soos brandstof in ’n tenk); “aksie” veronderstel “krag”, maar nie omgekeerd nie. Die aksionele verhouding tussen *wil* en sy komplement is sodanig dat die aksie enersyds tot *wil* beperk is (*Ek wil wen* beteken nog nie *Ek wen* nie), maar andersyds dat die aksie bepaal, omskryf, gedefinieer, van inhoud voorsien word deur sy komplement, omdat *wil* altyd op iets gerig moet wees (*om te wil* is *om iets te wil*). Selfs

(19) My ma **wil** mos ... sy **wil** mos ... (A. Botes)

wat op ’n persoon met ’n sterk eie wil dui, sinspeel op moontlike aksie of ’n toedrag van sake wat uit die wilsaksie voortvloei. Samevattend kan *wil* beskryf word as “voorbereidende aksie”: aksie in eie reg wat gerig is op die uitvoer van ’n ander aksie of die bereiking van ’n bepaalde toedrag van sake.

Dit is egter opmerklik dat die verhouding tussen 'n wilsaksie en sy komplement, asook die aard van die wilsaksie as sodanig, ver van voor die hand liggend is. In

(20) Ek **wil** eendag Everest beklim

lê *wil* en *beklim* temporeel ver uitmekaar, maar in

(21) Sy het by die huis gebly omdat sy **wou** werk

kan die *wil* en die *werk* parallellopend wees en die inisiëringsaksies van *wil* en *werk* saamval. Maar selfs ons verstaan van *Ek wil* as “ek neem my voor, ek besluit om” mag 'n illusie wees; in eenvoudige eksperimente met breingedrag kon bepaal word dat breinprosesse wat 'n beweging beplan al 'n breukdeel van 'n sekonde vóór die bewuste begeerte om te beweeg – die wilsaksie – aanwesig is (vergelyk Blackmore 2005: 87).

Daar is ook verdere heenwysings na die verband tussen *wil* en “aksie”.

(i) In

(22) Ek kan/moet wen; ek **wil** wen; ek gaan/sal wen; ek het gewen.

kan 'n implikasionele reeks of progressie waargeneem word, waar elke stelling telkens die vorige omvat of veronderstel: oorwinning (*het gewen*) bring die voorneme (*gaan wen*) in vervulling; die voorneme (*gaan wen*) is 'n bevestiging van die wilsuiting (*wil wen*) en die wilsuiting (*wil wen*) veronderstel 'n bepaalde vermoë (*kan wen*) of noodsaak (*moet wen*). Ander volgordes, byvoorbeeld *Ek gaan wen en ek wil wen*, skep oorbodigheid, omdat die *gaan wen* reeds die *wil wen* impliseer. Die plek wat die *wil*-proposisie in die reeks inneem, is die fase waarin die uiteindelijke oorwinning geïnisieer word – vergelyk ook die uitdrukkings *Wie wil, dié kan* en *Waar 'n wil is, is 'n weg* (uit Engels *Where there's a will there's way*).

(ii) Die feit dat *wil*, anders as ander modale werkwoorde, ook in passiewe sinne die sinsonderwerp as agens behou, soos in

(23) Was byna of die gedierte geskiet **wóú** word. (W. Anker)

is 'n verdere aanduiding dat *wil* 'n aksiewoord is. Dit is opmerklik dat die inisieerder van *wou* en van *skiet* nie identies is nie. Die sin is 'n samestelling van

(24a) Iemand (= agens) wil die gedierte skiet, en

(24b) Die gedierte (= agens) wil dit so hê.

Die *wil*-aksie en die *skiet*-aksie het nie dieselfde oorsprong nie; uiteraard kan die gedierte nie homself skiet nie. Die *wil*-aksie staan egter nog steeds in 'n oorsaaklike verband tot die *skiet*-aksie: die gedierte wens/begeer (skynbaar) dat hy geskiet word.

(iii) As ons aanneem dat uitgesproke of versweë wense gewoonlik om aksie vra, dan is dit opvallend dat die weglaat van *wil* (vergelyk 25a, 25b) in die volgende gevalle geen betekenisverskil teweegbring nie, dit wil sê (25a) (met *wil*) en (25b) (sonder *wil*) is sinoniem, terwyl vervanging met 'n ander modale werkwoord, soos *kan* of *moet*, wel nuwe betekenis toevoeg (vergelyk 25c) (“Ek wens jy *word verplig* om weg te gaan”):

(25a) Ek wens jy **wil** weggaan! (I. Roggeband)

(25b) Ek wens jy gaan weg!

(25c) Ek wens jy **moet** weggaan!

Net so kan *wil* in die volgende sinne weggelaat word (soms met geringe omskrywing) sonder dat *lees*, *inval*, *praat* of *slag* ophou om aksies uit te druk:

- (26) Sy wens hy **wil** haar storie oor die plaaswerkers **lees**. (R. Rust)
 (27) Soos sy nou voel, wens sy amper sy **wil** onder die wa **inval**. (H. du Plessis)
 (28) As hy net **wil** ophou **praat!** (A. Ferreira)
 (29) “Pa kan nie vir Lammie **wil slag** nie, hy is Ansie sinne.” (J. van Tonder)

(iv) *Wil* is nie alleen regstreeks by aksieskepping betrokke nie, maar kan deur ’n perspektiefverskuiwing van spreker na aangesprokene “spreker se wil” omsit in “aangesprokene se verpligting”, soos in die Engelse uitdrukking “your wish is my command”. Hierdie pragmatiese aanpassing maak selfs eksplisiete grammatiese bindmiddels soos voegwoorde onnodig. ’n Direktief soos “Jy moet by my kom bly!” is vervat in:

- (30) “Ek **wil hê** jy **moet** by my kom bly,” sê sy. (L. van Nierop)

Ook in die volgende word een se wil omgesit in ’n ander se verpligting:

- (31) “Ek het gedink hy is dood, dis wat hy **wou hê** ek **moes** dink. Dis wat hy **wou hê** álmal **moes** dink.(C. Karsten)
 (32) “**Wou** jy **hê** hy **moet** iets vir jou doen?” vra Lourens. (H. du Plessis)

(v) *Wil* is ook ’n noodsaaklike onderdeel in ’n idiomatiese uitdrukking wat “beweer” beteken, vergelyk

- (33) Die gerug **wil** dat ... “beweer” (HAT)

en sy Nederlandse ekwivalent

- (34) men **wil**, dat hij plotseling gestorven is (GK)

Die uitroep “Ek wil dit hê!” waarmee sterk instemming uitgedruk word, wys ook heen na die spreker se mening. Die gebruik van *wil hê* as “beweer”, soos aangetref in ’n koerantberig van 1848 oor die perdereisies te Durbanville (Nienaber 1971: 130), is egter waarskynlik nie meer gangbaar in Afrikaans nie:

- (35) “Daar leg hy! wat het ik gezeg? Ik **wil hae** hy’s mors dood.”

(vi) Nog ’n – sy dit indirekte – aanduiding van *wil* as aksie is die hedendaagse vervanging van *wil hê* deur *soek*,⁴ ’n onmiskenbare aksiewoord:

- (36) die kolonel **soek** almal in die konferensiekamer (D. Jordaan)

(vii) Met *welwillend(e)* is *wil* ook die enigste modale werkwoord met ’n teenwoordige deelwoord; as aktiewe deelwoorde druk teenwoordige deelwoorde aksie uit.

Die gedagte dat *wil*, anders as ander modale werkwoorde, ’n aksie beskryf, bied ’n verklaring vir waarom dit nie epistemies gebruik kan word nie, soos hierbo aangedui. Dit maak ook die selfstandige gebruik daarvan as oorganklike hoofwerkwoord moontlik (“X wil iets hê/ doen”), en as sodanig moet dit soos ander hoofwerkwoorde oor ’n voltooidede deelwoord beskik (“X het dit so gewil”)(vergelijk hierbo).

⁴ ’n Moontlike leenvertaling van Zulu *funa*, wat sowel “want, desire” as “search for, look for, seek” kan beteken (vgl. EZE, p.218).

Samevattend kan gestel word dat *wil* 'n vorm van aksie in eie reg is, 'n psigiese of ander aksie wat afgestem is op 'n ander aksie of 'n toestand wat mag realiseer, maar dat dit vir sy betekenis nie van die realisering daarvan afhanklik is nie en dus 'n voorbereidende karakter het. 'n Vraag wat hieruit voortvloei, is wat die aard van die wilsaksie is en hoe dit geken kan word.

5. *WIL*: 'N BINNEPERSPEKTIEF

Volgens Jaworski (2011: 28), “(e)xponents of a subjective conception of mental phenomena ... claim that your access to my mental states is *indirect and inferential*, whereas your access to your own mental states is *direct and noninferential*”. Hiervolgens het 'n persoon net tot sy eie psige direkte toegang en kan 'n ander persoon dit slegs indirek te wete kom – moontlik deur middel van taal – of afleidings maak uit die gedrag van 'n ander mens wat “wil” suggereer, of selfs uit 'n ander lewende wese se gedrag waar dit “menslik” voorkom. Nog 'n aanduiding dat ons die betekenis van *wil* van binne uit en deur taal ken, is dat daar vir *wil* – en daar word aanvaar dat dit eintlik maar alle woorde geld – nie 'n presiese sinoniem is nie; dit het iets van “begeer”, “jou iets voorneem”, “besluit”, “gewillig wees om”, “soek”, ens., maar stem nie presies ooreen met een daarvan nie, en tog meen die gebruiker dat die betekenis daarvan absoluut helder is. Dit is egter by nader insiens allermins die geval.

In 'n uiting soos

(37) Ek **wil** vandag die wedstryd wen!

ag die spreker waarskynlik die betekenis van *wil* volkome deursigtig – moontlik as 'n bewuste psigiese handeling of ingesteldheid wat deur 'n persoon geïnisieer word en wat intensionaliteit⁵ of gerigtheid op, of oorsaaklikheid ten opsigte van 'n ander proses (of 'n toestand) veronderstel. Jaworski (2011: 24) wys egter daarop dat dit onjuis is “to suppose that *mental* and *physical* are mutually exclusive categories”. *Wil* in 'n uiting soos

(38) Ek **wil** nog drank hê!

is heel moontlik op 'n kontinuum van psigies tot fisies al veel nader aan laasgenoemde, met liggaamlike drange eerder as koue, kognitiewe ambisie as dryfveer.

'n Sintaktiese aanduiding dat die wilsaksie in die besonder met *mense* as inisieerders saamhang – maar vergelyk voorbeeld (23) – vind ons in die feit dat *wil* selfs in 'n passiewe sin die sinsonderwerp as inisieerder behou, soos in

(39) Sy **wil** gesien word deur die mense.

Selfs in 'n geval soos

(40) Sy **moet** gesien word deur die mense

is sy nie duidelik agens nie. In die interpretasie “Sy is verplig om gesien te word ...” is sy patiens, en in die interpretasie “Sy het die innerlike drang om gesien te word ...” is sy eerder onderhewig aan 'n drang (dus patiens) as om 'n wilsaksie uit te voer.

Wanneer die menslike subjek nie die absolute inisieerder van die wilsaksie is nie, kan die “wil” van (41a) oorgaan in “gewilligheid, bereidheid”, soos in (41b), waar die subjek ook instrument word:

⁵ Jaworski (2011: 30) beskryf *intentionality* as “the feature some mental states have of being *directed* at something – of being *about* or *of or for* something” en stel dat “mental states such as belief and desire seem to be aimed at the world”.

(41a) Kom hier, ek **wil** jou graag help.

(41b) Ek **wil** jou wel help, maar my geld is ongelukkig op.

Volgens Talmy se kragmodel tree in laasgenoemde geval 'n teenkrag of “antagonist” op, as 'n “*hindrance to the Agonist's motion*” (Talmy 1985:298). Die subjek wek – tereg of ten onregte – die indruk dat die wil om te help by hom/haar aanwesig is.

Die moontlikheid bestaan ook dat “menslike wil” op ander mense of entiteite *geprojekteer* kan word – in laasgenoemde geval as 'n soort personifikasie, metafories of deurdat die spreker aanneem dat die proses nie verskil van 'n menslike wilsaksie nie. Die volgende vertoon projeksies van die wilsaksie op 'n gespreksgenoot:

(42) Jy **wil** nie weet wat hierdie rok kos nie!

(43) **Wil** jy (nie) asseblief die deur toemaak (nie)?

In die eerste geval loop die spreker die gespreksgenoot se reaksie, moontlik

(44) Ek **wil** nie weet wat hierdie rok kos nie!

vooruit deur 'n usurpering van 'n spreker se alleenreg op 'n wilsaksie. In die tweede geval word dieselfde tegniek gebruik om 'n versoek te rig, naamlik deur 'n proposisie soos

(45) Ek **wil** die deur toemaak/is gewillig om die deur toe te maak

hoopvol in te klee as 'n vraag. Palmer (1979:110) werp lig op hierdie proses: “WILL is also used in requests, but here there is little doubt that an interpretation in terms of conventional implication is correct; asking if someone is willing is taken as a request for action.” Deur die klem op *wil* as *voorbereidende* aksie te plaas, word die versoek versag. Die onderskeid tussen 'n direktief en 'n blote wens is volgens Lyons (1977: 53) nie altyd duidelik nie; dit is “not always possible to draw a sharp distinction between utterances expressive of the speaker's wishes and utterances which serve as directives imposing on the addressee some obligation”. Dit staan die gespreksgenoot egter vry om dit te interpreteer soos dit hom/haar pas:

(46) “**Wil** jy nie tafel gaan dek nie, asseblief?” “Actually **wil** ek nie gaan nie, ek **wil** meer weet”. (A. Ferreira)

Wil as voorbereidende in plaas van die bedoelde aksie word ook aangewend om die direktheid van taalhandelinge soos waarskuwings (47) en selfs dankwoorde (48) te versag, en om *onsekerheid* te verberg (49, 50):

(47) Ek **wil** jou nou vir die laaste maal waarsku.

(48) Ons **wil** julle van harte bedank vir gisteraand.

(49) Ek **wil** my verbeel dat ek dit al êrens gehoor het.

(50) Dit **wil** my so voorkom.⁶

Die projeksie van die menslike wilsaksie kan egter verder gevoer word. Blackmore (2005:94) wys daarop dat “we treat other people (or computers, clocks, and cartoon characters) as though they had minds”. Sê ek, op grond van my kennis van muskiete en hulle gewoontes,

(51) Daardie muskiet **wil** my byt!

⁶ Volgens die ANS (p. 994) het *wil* in die vaste uitdrukking *het wil ... voorkom* “geen betekenisinhoud, maar alleen een omschrijvende functie”.

dan dig ek nie noodwendig bewussyn aan hom toe nie, maar heel moontlik intensionaliteit. Die muskiet word behandel asof hy toerekeningsvatbaar is, nie soos 'n organisme wat instinktief handel nie. Intussen is die muskiet se behoefte aan bloed nie noodwendig verskillend van die alkoholis se behoefte aan drank nie. Ook op 'n natuurkrag, soos wind, kan “wil” geprojekteer word, in (52) met toeliggting oor die status van *die wind* as inisieerder van 'n wilsaksie:

(52) Die wind waai waar hy **wil** en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan nie. (Bybel - Direkte vertaling: Joh. 3:8)

Op grond van ons verwagting kan ons selfs onwilligheid (en dus “wil”) aan 'n nie-lewende entiteit toedig:

(53) My kar **wil** nie vat nie!

Die projeksie raak abstrakter wanneer ons 'n innerlike krag aan 'n verhaal toeken:

(54) Dis 'n storie wat vertel **wil** wees. (A. Botes)

Die uitdrukking *Dit wil gedoen wees!*, geïnterpreteer as “dit verg 'n groot inset”, sluit by hierdie tipe projeksie aan.

Samevattend kan gesê word dat dit 'n algemene kenmerk van proposisies met 'n binneperspektief op *wil* is dat hulle ontken kan word (vergelyk 55), tensy hulle taalhandelinge is (56) of vaste uitdrukkings (57). In versoeke (58) dien ontkenning as illokusionêre versagter; 'n retoriese vraag soos (59) bevat 'n implisiete ontkenning.

(55) Hy **wil** nie nog drank hê nie.

(56) * Ons **wil** julle nie van harte bedank vir gisteraand nie.

(57) *Dit **wil** nie gedoen wees nie!

(58) **Wil** jy nie tafel gaan dek nie, asseblief?

(59) Vir wat **wil** ek nou op 'n plaas in die middel van nêrens gaan sit? (K. Breytenbach)

'n Tweede kenmerk van proposisies met hierdie perspektief is dat *wil*^l nie redupliseer nie (60, 61):

(60) *Ek **wil-wil** eendag Everest beklim.

(61) ***Wil-wil** jy asseblief die tafel gaan dek?

Hierdie kenmerk kom verderaan aan die orde.

6. *WIL*²: 'N WAARNEMINGS- OF BUITEPERSPEKTIEF

'n Algemene betekenis van *wil* in Afrikaans, is “op die punt wees om,⁷ neig om, dreig om”, soos in

(62) ...die son **wil** deurkom (D. Meyer)

Willen het reeds in Middelnederlands “op het punt zijn, dreigen” as een van sy betekenisonderskeidings gehad⁸ (MW). Ook vir die WNT kan *willen* 'n aanduiding wees “van het begin of een zeer

⁷ Dit is opmerklik dat Zulu *funa* “want, desire; search for”, ook “be about to, be on the point of” kan beteken (EZE, p. 218).

⁸ Voorbeelde is: *Ene kerke ... die van ouden wel na wilde vallen; mijn herte wil mi ontsinken; De geheele dijcxpoort wil omvallen ende storten; enen ridder, die sieck was ende woude sterven.*

nabij zijn van een handeling of gebeurtenis: op het punt staan; beginnen, dreigen; gaan”, byvoorbeeld *Mijn kind wil sterven*. In 1950 se VD word *dat wil vallen* “is op het punt om te vallen” slegs nog as “gewestelijk” aangedui.

In die geval van *wil*¹ was die perspektief een van innerlike en intersubjektiewe toegang tot die betekenis of gebruik van *wil*. *Wil* kon dan op psigiese of mentale aksie dui wat verdere aksie inisieer of ’n bepaalde toedrag van sake as resultaat het. Ons raak bewus van die *wil*-aksie op grond van byvoorbeeld ’n verbale mededeling deur die subjek of inisieerder. Die gebeurtenis wat beskryf word deur *Dit wil reën* (of *Die son wil deurkom*), daarenteen, val as natuurkrag of -aksie buite die ervaringsveld van die waarnemer, en omdat die inisieerder dan eweneens onwaarneembaar is (“*Die wind waai waar hy wil en ... jy weet nie waarvandaan hy kom ... nie*”), kan ons sê dat die aksie en die bron daarvan prakties saamval of ’n eenheid vorm.

Die uiting *Dit wil reën* is slegs waar as *verandering* in die natuur waargeneem word (byvoorbeeld donker reënwolke, koue windstote). Die “op-die-punt-wees”-betekenis⁹ van *Dit wil reën* ten opsigte van die *reën*-gebeure hang dus pragmaties saam met die feit dat ons dit *net kan konstateer wanneer dit eintlik al begin het om te gebeur*. Terwyl *wil*¹ regstreeks as ’n *oorsaaklike* aksie verstaan kan word, is *wil*² ook oorsaaklik, maar word slegs die *gevolge* daarvan deurskou. Deurdat ons ook nie sig op ’n moontlike inisieerder het nie en moet aanneem dat die inisieerder van *wil* en *reën* saamval en die inisiëring van albei één proses of aksie is – in teenstelling met (37) –, grammatikalisier *wil*² as hulpwerkwoord verder tot ’n aspektuele partikel wat *anterioriteit* aandui ten opsigte van die hoofwerkwoord.¹⁰

Deurdat die spreker die wilsaksie, wat hy in eerste instansie direk as ’n innerlike krag ken, nou van buite waarneem, hanteer hy twee perspektiewe tegelyk, ’n interne en ’n eksterne, in ’n proses van *dubbelverplasing* of *double displacement* wat volgens Leiss (2012: 45-46) eie is aan aspek, tempus en modus. Om afstand te neem, is volgens haar die tipies menslike vermoë onderliggend aan al drie, met aspek die “basic building block” hiervan: “Aspect divides the speaker into two persons of different locations”, waarvan een in die sin van Bühler die *origo* van die spreker (of sy “hier-nou-ek”-punt) is. In die geval van *wil* wil dit voorkom asof afstand op twee maniere ter sprake is: (i) die vermoë om *aksie* van “buite” af interpreterend waar te neem en (ii) ’n begrip van voorbereidende (of voorwaardelike) aksie, dus aksie wat op daaropvolgende aksie (of ’n resultaat) gemik is – die oorsprong van *anterioriteit* as grammatikale kategorie wat *wil*² kenmerk.

Omdat *wil*² dan nie alleen ’n hulpwerkwoord is nie maar bowendien ’n aspektuele funksie verkry het, val dit in die kategorie van ’n reeds gegrammatikaliseerde item wat verdere grammatikalisasie ondergaan het. Traugott (1994:1481) beskryf grammatikalisasie soos dit uit ’n diachroniese perspektief gesien word, as “that subset of linguistic changes whereby a lexical item used in specific discourse contexts becomes a grammatical item, or whereby a grammatical item becomes more grammatical” (my kursivering).

Die “op-die-punt-wees”-betekenis bring ook mee dat ons anders as in die geval van *wil*¹ die stelling nie kan ontken nie: iets wat nie (gaan) gebeur nie, kan nie op die punt wees om te gebeur – of dan, nié te gebeur nie. Terwyl *Dit wil reën* beteken “Dit is op die punt om te reën”, is *Dit wil nie reën nie* nie die ontkenning daarvan (“Dit is nie op die punt om te reën nie”) nie, maar eerder *wil*¹ op die weer geprojekteer: “Daar is niks wat reën voortbring nie” of “Daar heers droogte”.

Soos die psigiese aksie van *wil*¹ op ander lewende wesens, natuurgebeure en selfs masjiene geprojekteer kon word, kan die anterioriteit van *wil*² weer op werkwoorde met menslike subjekte – en selfs die spreker – toegepas word, vergelyk:

⁹ “Rain is imminent” is ’n goeie Engelse ekwivalent.

¹⁰ Teoretiese oorwegings oor *anterioriteit* word behandel deur Breed (2016) in hierdie bundel.

- (63) Sy druk die foon dood. Sy **wil** huil. (I. Roggeband)
 (64) Frieda se hart **wil** breek. (M. Volschenk)
 (65) Ek is so moeg ek **wil** omval, ... (A. Ferreira)
 (66)...dit voel of ek **wil** verstik of huil, maar nie kan nie. (C. Morton)

Samevattend is die kenmerke van *wil*² dan (i) dat dit anterioriteit uitdruk (via betekenissoos “op die punt wees om”, “neig om” en “dreig om”), (ii) dat dit nie ontken kan word nie (**Frieda se hart wil nie breek nie*, ens.) en (iii) dat reduplikasie telkens moontlik is (*Sy wil-wil huil*). Die reduplisering van *wil* word vervolgens ondersoek.

7. WIL EN REDUPLIKASIE

Onder die werkwoorde wat gewoonlik as “modaal” bekend staan, is *wil* die enigste een wat reduplikasie¹¹ toestaan, naas die bykans onbeperkte produktiwiteit van reduplikasie by ander Afrikaanse werkwoorde (en in ander woordsoorte). ’n Eerste waarneming is dat in die geval van *Dit wil-wil reën*, dit miskien meer “op die punt” is om te reën, meer “dreig” as net “neig” om te reën as in die geval van ongeredupliseerde *wil*, met ander woorde reduplikasie versterk die onmiddellikheid van die aksie.

Die verband tussen *wil-wil* en die funksies van reduplikasie in Afrikaans, is moontlik te vinde in een van die ikoniese herhalingsfunksies van Afrikaanse reduplikasie, naamlik die uitbeelding van herhaling as kenmerkend van ’n *poging* om ’n doel te bereik (vergelyk Conradie 2003:203-224), dus ’n pragmatiese parallelisme tussen “op die punt wees” en “poging”. ’n Sintaktiese kenmerk van hierdie tipe reduplikasie is die aanwesigheid van voorsetselvoorwerpe wat ’n minder omvattende inwerking op ’n objek veronderstel, vergelyk:

- (67) Desperaat **voel-voel** sy weer **aan** die diamantring. (E. van Rooyen)
 (68) Hulle **peusel-peusel aan** die maalvleis en noedels (J. Vermeulen)
 (69) Moersleutel skreeu en **hap-hap na** sy aanvaller. (T. Dreyer)

Vergelyk ook, met nie-werkwoorde:

- (70) hy het haar **byna-byna** laat val (E. van Rooyen)
 (71) Die geluid ... is **net-net** verstaanbaar. (D. Meyer)

In

- (72) Wel, ek **wou net-net** wegraak toe die luidspreker buite aangaan (M. Leroux-Van der Boon)

is *wil*² (“op die punt wees”) en reduplikasie van die bywoord *net* (“byna”) in een konstruksie verweef. In die volgende is die verband tussen die fisiek waarneembare en anterioriteit nog duidelik:

- (73) Partykeer is dit ’n lag wat **wil-wil** oorsit in huil (A. Botes)
 (74)... haar met knieë wat **wil-wil** swik aangestaar (P. Stamatélos)
 (75) “Ek is bang,” sê hy. Sy onderlip **wil-wil** bewe. (J. Nell)
 (76) Die kleure en geure in Istanboel se markte ... **wil-wil** jou oorweldig. (*Beeld*, 8.viii.2015)

Deurdadig ’n persoon telkens aan die *ontvangkant* van psigiese gewaarwordings is, is ’n wilsaksie (*wil*¹) steeds uitgeslote:

¹¹ Vir ’n bespreking van die reduplikasie van *wil*, sien Breed (2016) in hierdie bundel.

- (77) Hy ... **wil-wil** verlig voel (I. Roggeband)
 (78) Dis 'n lawaai wat Bibi I **wil-wil** laat vlug (M. Volschenk)
 (79) Haar beeld **wil-wil** terugkom in sy geheue. (L. van Nierop)
 (80) Kleinpiet se gedagtes **wil-wil** ontspoor (K. Breytenbach)

Anterioriteit as sodanig en selfs graadaanduiding word benader in

- (81) iets van die ou tant Stenie **wil-wil** deurslaan (H. du Plessis)
 (82) Almal duik vir skuiling. ... Dit **wou-wou** lelik word. (J. Miles)
 (83) Sy wenkbroue **wil-wil** te dik raak. (L. van Nierop)
 (84) krullerige hare wat aan haar skouer **wil-wil** raak (J. Aggenbach)

Opsommend kan ons sê dat “poging”-reduplikasie in die geval van *wil-wil* en *wou-wou* semanties “vertaal” in aspekuele anterioriteit. *Wil-wil* druk bloot groter onmiddellikheid (nog meer “op die punt”-wees) as *wil* uit, en miskien “dreiging” eerder as “neiging”.

Wil² word, in teenstelling met *wil¹*, daardeur gekenmerk (i) dat reduplikasie moontlik is en (ii) dat ontkenning uitgeslote is. Ten slotte word gewys op die moontlikheid van 'n kontinuum tussen *wil¹* en *wil²*.


8. 'N KONTINUUM TUSSEN DIE BINNE- EN DIE BUITEPERSPEKTIEF

Die binne- en die buiteperspektief stem ooreen in die sin dat die wilsaksie *nie* realiseer in sy komplement, dit wil sê die aksie of toestand waarop dit gerig is nie (*Ek wil wen ≠ Ek wen nie; Dit wil reën ≠ Dit reën nie*). Verder kan die aspekuele *anterioriteit* van *wil²* vergelyk word met die *voorwaardelikheid* van *wil¹*, dit wil sê die wilsaksie as voorwaarde vir aksie as sodanig. In albei gevalle is daar sprake van 'n kousale voorafgaan van die *wen-* of *reën-*aksie deur 'n wilsaksie. 'n Belangrike verskil tussen die binne- en buiteperspektief is dat ons in laasgenoemde geval onmiddellike realisering te wagte is, terwyl realisering by eersgenoemde selfs heeltemal agterweë kan bly. Dit kan verklaar word deurdat konstatering by *wil²* – anders as by *wil¹* – deur *waarneming* voorafgegaan word: dit is slegs op grond van ons waarneming van verandering dat ons die aanwesigheid van 'n aksie of proses kan konstateer. Die verskil tussen *wil* as “begeerte” of “voorneme”, enersyds (*wil¹*), en as “neiging, op die punt wees”, andersyds (*wil²*), is 'n funksie van ons *perspektief* op die aksie. Omdat – soos hierbo aangetoon – (i) die wesenlike aard van *wil¹* minstens deur illusie omgewe is en (ii) die aard van *wil²* per definisie nie direk kenbaar is nie, kan nie sonder meer aangeneem word dat *wil¹* en *wil²* kategorieë verskil nie, en per slot van rekening is albei “natuurkragte”. Daarbenewens het ons ook gesien dat ons enersyds wat ons meen ons onder menslik geïnisieerde *wil* verstaan, aan ander lewende wesens en selfs nie-lewende entiteite toedig (*My kar wil nie vat nie*), en andersyds die anterioriteit van *wil* toepas op menslike subjekte en hulle psigiese gewaarwordings (*Frieda se hart wil-wil breek*). In 'n geval soos die volgende kan die twee perspektiewe egter by mekaar aansluit:

- (85) Soms lyk dit asof hy sy oë **wil-wil** oopmaak, maar of die inspanning te groot is (I. Winterbach)

'n Moontlike scenario is dié van 'n man wat begin bykom uit 'n koma; hy is onder swaar verdoving en beweeg heen en weer tussen bewusteloosheid en bewus wees. Aanvanklik bied slegs die uiterlike waarneming van sy liggaamsbewegings leidrade ten opsigte van sy bewussynstoestand, uiteraard eers as hy “op die punt” is om te ontwaak: *Sy oë wil-wil oopgaan*. Namate hy sy bewussyn herwin, is daar al hoe meer sprake van 'n innerlike wilsaksie (vergeelyk “inspanning”) en besef die toeskouer: *Hy wil sy oë oopmaak*. Dit regverdig die aanname van 'n kontinuum, klien of

geleidelike oorgang tussen die binneperspektief (*wil¹*) en die buiteperspektief (*wil²*), wat soos in figuur 1 voorgestel kan word.



Figuur 1: 'n Wil-kontinuum

9. GEVOLGTREKKINGS

Die Afrikaanse modale werkwoord *wil* kan beter verstaan word as *aksiewerkwoord* dan as modale werkwoord in die ware sin van die woord; om te *wil*, is om 'n aksie uit te voer eerder as om 'n houding in te neem. Die aksie kan beskou word as *voorbereidende* aksie, wat enersyds verdere aksie of 'n nuwe toedrag van sake tot gevolg het, of 'n voorwaarde is daarvoor. Al wil dit op die eerste gesig voorkom asof hierdie aksie kan uiteenloop van psigiese of mentale aksie tot natuurkrag, is die presiese aard daarvan in menige konteks nie peilbaar of deursigtig nie.

'n Hoofverdeling kan gemaak word tussen vorme van aksie wat “van binne uit” verstaanbaar is vir elke taalgebruiker (en selfs net in en deur taal geken kan word) en aksie buite die mens wat net deur waarneming geken kan word. Omdat van-buite-waargenome aksie net herken kan word deur verandering, kan *wil* anterioriteit uitdruk. Deur die aanneem van 'n aspektuele funksie benewens dié van hulpwerkwoord, het *wil²* 'n tipe sekondêre grammatikalisasie ondergaan, dit wil sê dié van 'n grammatikale item wat “meer grammatikaal” geraak het.

Die anterioriteit van *wil²* kan versterk word deur reduplikasie, wat ook in Afrikaans die funksie het om 'n “poging” aan te dui. Terwyl van-binne-gekende aksie geprojekteer kan word op niemensele lewensvorme en selfs op nie-lewende entiteite, kan aspektuele anterioriteit – wat op eksterne waarneming berus – ook op menslike gemoedstoestande van toepassing gemaak word.

Die twee tipes aksie skakel met mekaar in 'n kontinuum (is aaneenlopend), met oorvleueling waar 'n binne- of 'n buiteperspektief albei moontlik is.

BIBLIOGRAFIE

- ANS = Haeseryn, Romijn, K., Geerts, G., De Rooij, J. & Van den Toorn, M.C. 1997. *Algemene Nederlandse spraakkunst*. Tweede uitgawe. Groningen/Deurne: M. Nijhoff/Wolters Plantyn.
- Blackmore, S. 2005. *Consciousness: A Very Short Introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Breed, Adri. 2016. Aspek in Afrikaans: 'n teoretiese beskrywing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(1): 62-80.

- CGD = Clark, M. & Thyen, O. (eds). 2009. *Concise Oxford German Dictionary*. Oxford: Oxford University Press.
- Conradie, C.J. 1980. Aspects of semantic change in Dutch modal auxiliaries. In H. Rupp & Roloff, H.G. (eds). *Akten des VI. Internationalen Germanisten-Kongresses Basel 1980*. Bern: Peter Lang, pp.488-93.
- Conradie, C.J. 2003. The iconicity of Afrikaans reduplication. In Müller, W.G. & Fischer, O. (eds). *From Sign to Signing – Iconicity in Language and Literature 3*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 203-224.
- De Villiers, M. 1971. *Die grammatika van tyd en modaliteit*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- EZE = Doke, C.M., Malcolm, D.M., Sikakana, J.M.A. & Vilakazi, B.W. 1996. *English-Zulu Zulu-English Dictionary*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- GK = Koenen, M.J. & J.B. Drewes. 1986. *Wolters' woordenboek eigentijds Nederlands*. Grote Koenen. Groningen: Wolters- Noordhoff.
- Gordon, E.V. 1968. *An Introduction to Old Norse*. Revised edition by A.R. Taylor. Oxford: Clarendon Press.
- HAT = Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2010. *HAT Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, 5de uitgawe. Pinelands: Pearson Education.
- Jaworski, W. 2011. *Philosophy of Mind. A Comprehensive Introduction*. Oxford: Wiley-Blackwell.
- Leiss, Elisabeth. 2012. Epistemicity, evidentiality, and Theory of Mind. In Abraham, W. & Leiss, E.(eds). *Modality and Theory of Mind Elements across Languages*. Berlin/Boston: Walter de Gruyter, pp. 39-65.
- LLD = Handford, S.A. & Herberg, M. 1966. *Langenscheidt's Shorter Latin Dictionary*. London: Hodder and Stoughton.
- Lyons, J. 1977. *Semantics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- MW = Verwijs, E., Verdam, J. & Stoett, F.A. 1929. *Middelnederlandsch woordenboek*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Nienaber, G.S. 1971. *Afrikaans in die vroeër jare*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Palmer, F.F. 1979. *Modality and the English Modals*. London & New York: Longman.
- Sellars, W. 1976. Volitions re-affirmed. In Brand, M. & Walton, D. *Action theory*. Dordrecht/ Boston: D. Reidel, pp. 47-66.
- Traugott, E.C. 1972. *A History of English Syntax. A Transformational Approach to the History of English Sentence Structure*. New York: Holt, Reinhart & Winston.
- Traugott, E.C. 1994. Grammaticalization and Lexicalization. In R.E. Asher (red.). *The Encyclopedia of Language and Linguistics*. Oxford, ens.: Pergamon Press, pp. 1481-1486.
- Van den Toorn, M.C. 1975. *Nederlandse grammatica*. Groningen: Tjeenk Willink.
- Van der Horst, J.M. 2008. *Geschiedenis van de Nederlandse Syntaxis*. Leuven: Universitaire Pers.
- VD = Kruyskamp, C. & De Tollenaere, F. 1950. *Van Dale's Nieuw groot woordenboek der Nederlandse taal*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Visser, F. Th. 1969. *An Historical Syntax of the English Language*, Part 3. Leiden: E.J. Brill.
- WNT = De Vries, M. & Te Winkel, L.A. 1882-1998. *Woordenboek der Nederlandsche taal*. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Wright, J. 1968. *Grammar of the Gothic Language*. Second edition by O.L. Sayce. Oxford: Clarendon Press.

Moet en must: 'n Geval van Afrikaanse invloed op Suid-Afrikaanse Engels

Moet and must: A case of Afrikaans influence on South African English

RONEL WASSERMAN

Skool vir Tale, Vaaldriehoekcampus

Noordwes-Universiteit

Vanderbijlpark

E-pos: Ronel.Wasserman@nwu.ac.za



Ronel Wasserman

RONEL WASSERMAN is 'n senior lektor in Engels binne die Skool vir Tale aan die Vaaldriehoekcampus van die Noordwes-Universiteit en 'n navorser binne die fokusarea *Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings* (UPSET). Sy spesialiseer op korpusgebaseerde navorsing binne die velde van sosiohistoriese linguistiek en World Englishes, met die klem op die beskrywing van die grammatikale en semantiese ontwikkeling van die werkwoord in Suid-Afrikaanse Engels. Haar huidige navorsing fokus op die effek van taal-kontak situasies binne Suid-Afrika, veral wat die uitdrukking van modaliteit in Afrikaans en Suid-Afrikaanse Engels, sowel as ander Suid-Afrikaanse variëteite soos Swart Suid-Afrikaanse Engels, betref.

RONEL WASSERMAN is a senior lecturer in English at the School of Languages of the Vaal Triangle Campus of the North-West University and a researcher in the research focus area *Understanding and Processing Language in Complex Settings* (UPSET). She specialises in corpus-based research within the domains of sociohistorical linguistics and World Englishes, especially relating to the grammatical and semantic development of the verb phrase in South African English. Her current research explores the effect of language contact situations in South Africa, in particular regarding the use of modality in Afrikaans and South African English, as well as other South African varieties like Black South African English.

ABSTRACT

Moet and must: a case of Afrikaans influence on South African English

This article investigates the effect of the unique contact situation between users of Afrikaans and the native variety of South African English (SAfE) on the propagation of the distinctive macro- and microsemantic properties of SAfE must. This modal verb has gradually become less face-threatening in SAfE over the course of the 19th and 20th centuries, conveying a median (weaker) degree of force just as frequently as a higher degree of force by the 1990s, which has in turn led to its increased use in deontic (personal) contexts (Wasserman 2014). These semantic changes differ greatly from the changes that occurred in other native varieties of English in the world (cf. Leech et al. 2009). The primary question this article seeks to answer is whether these distinctive properties of SAfE must have developed due to the contact that this variety has maintained with

Afrikaans over the course of the 19th and 20th centuries. The discussion firstly provides extralinguistic motivation, and secondly linguistic (synchronic and diachronic) motivation based on corpus data, in support of the influence of Afrikaans moet on SAfE must.

The extralinguistic discussion explores the complex sociopolitical relationship between users of Afrikaans and SAfE, along with issues of race and identity, and bilingualism and the education system. It is argued that the periods of fluctuating enmity and friendliness that the English and Afrikaans communities have maintained, as well as the somewhat forced contact situation instituted by racial segregation during the latter part of the 20th century, has allowed these communities to interact in such a way as to affect the mutual influence of their languages, even without the alignment of their identities. The social trend of Afrikaans-speaking teachers instructing English-speaking children during the 20th century has further contributed to the influence of Afrikaans on SAfE.

The linguistic discussion on the other hand investigates if and how SAfE must fulfils the linguistic criteria for contact-induced change. This part of the discussion firstly emphasises the similarities between moet and must on grammatical and semantic levels, seeing that Afrikaans and English are close West-Germanic relatives. Special attention is devoted to a comparison between the levels of grammaticalisation of moet and must, especially regarding their respective negative forms moenie and mustn't. Both the synchronic and diachronic quantitative results clearly show the "pull" of Afrikaans moet on SAfE must in terms of usage frequency, which is also confirmed by the diachronic qualitative results. The diachronic qualitative analysis reveals a move toward the expression of very similar macro- and micromeanings by Afrikaans moet and SAfE must in the written register during the course of the 1910's-1950's to the 1990's-2010's, especially in favour of the expression of a median-degree of obligation via an objective deontic source. SAfE must therefore does follow an Afrikaans-like semantic pattern, confirming the influence of Afrikaans on this English variety. The close, yet complex, relationship that SAfE and Afrikaans have maintained over the course of two centuries is not truly matched anywhere else in the world, and has indeed given rise to a usage pattern of must that is unique among other English varieties.

KEY WORDS: Afrikaans, South African English, modal verb, modality, semantics, language change, semantic change, grammaticalisation, language contact, identity, sociolinguistics, historical linguistics, corpus linguistics, historical corpus

TREFWOORDE: Afrikaans, Suid-Afrikaanse Engels, modale hulpwerkwoord, modaliteit, semantiek, taalverandering, semantiese verandering, grammatikalisering, taalkontak, identiteit, sosiolinguistiek, historiese linguistiek, korpus-linguistiek, historiese korpus

OPSOMMING

Hierdie artikel ondersoek die effek van die unieke kontaksituasie tussen gebruikers van Afrikaans en die moedertaalvariëteit van Suid-Afrikaanse Engels (SAfE) op die verspreiding van die kenmerkende makro- en mikrosemantiese eienskappe van *must* in SAfE. Ekstra-linguistiese motivering, sowel as linguistiese (synchroniese en diachroniese) motivering aan die hand van korpusdata, word ten gunste van die invloed van Afrikaanse *moet* op *must* in SAfE gebied. Die ekstra-linguistiese bespreking verken die komplekse sosiopolitiese verhouding tussen gebruikers van Afrikaans en SAfE, sowel as kwessies rakende ras en identiteit, en tweetaligheid en die onderwysstelsel. Die linguistiese bespreking ondersoek die mate waartoe *must* in SAfE aan die kriteria vir kontakgeïnduseerde verandering voldoen en lê in hierdie verband eerstens klem op die ooreenkomste tussen *moet* en *must* op grammatikale en semantiese vlakke. Die mate waartoe

moet en *must* gegrammatikaliseer is (spesifiek rakende negatiewe vorme) word veral ondersoek en vergelyk. Op kwantitatiewe vlak getuig die sinchroniese en diachroniese resultate van die ondersoek van die trekkrag van Afrikaanse *moet* op *must* in SAfE in terme van gebruiksfrekwensie, en hierdie trekkrag word deur die kwalitatiewe diachroniese resultate ondersteun. Die kwalitatiewe diachroniese analise bevind dat *moet* in Afrikaans en *must* in SAfE soortgelyke verskuiwings in die makro- en mikrosemantiek vanaf die 1910's-1950's tot die 1990's-2010's in die geskrewe register ondergaan, veral ten gunste van die oordrag van mediumvlakke van verpligting met 'n objektiewe deontiese bron. *Must* in SAfE volg dus 'n Afrikaans-soortige semantiese patroon wat sterk van die tendens in ander moedertaalvariëteite van Engels in die wêreld afwyk.

1. INLEIDING¹

Die historiese profiele van die gebruikers van Afrikaans en Suid-Afrikaanse Engels (SAfE) is ten nouste saamgeveg op 'n sosiolinguistiese vlak (bv. Hooper 1951; Lanham 1978; Branford 1996). Binne die openbare en akademiese diskoers oor Afrikaans, en veral dan rakende kwessies van taalsuiwerheid, word die historiese en hedendaagse invloed van Engels op Afrikaans beklemtoon, en dié invloed word gereeld in die lig van verval of bedreiging beskou (sien bv. Anon 1909; Rousseau 1937; Terblanche 1946; Coetsee 1957; Posthumus 1967; Donaldson 1988/1991; Gottlieb 2010:195). Hierdie artikel ondersoek die omgekeerde hiervan – die invloed van Afrikaans, by name die standaardvariëteit wat histories hoofsaaklik deur wit sprekers gebruik word, op die moedertaalvariëteit van Engels in Suid-Afrika, oftewel die sprekers van SAfE,² veral dan wat die verspreiding van die minder bedreigende gebruik van die modale hulpwerkwoord *must* betref. Twee temas sal ter ondersteuning van hierdie argument bespreek word, naamlik ekstra-linguistiese (sosiohistoriese) motivering, sowel as linguistiese (kwantitatiewe en kwalitatiewe) motivering. Die bespreking sal op beide sinchroniese en diachroniese vlakke fokus, ten einde 'n geheelbeeld van hierdie invloed daar te stel. My uitgangspunt is eerstens sosiolinguisties (deskriptief) en lê klem op taalverandering en -variasie as natuurlike gevolge van taalkontak, en stel dus nie 'n normatiewe perspektief daar nie. Gesproke en geskrewe korpusdata vorm tweedens die basis van die linguistiese analyses, met die doel om 'n gebruiksgeseerde en empiriese benadering te ondersteun.

Vorige navorsing rakende die ontwikkeling van die modale sisteem van SAfE (van die 1820's tot 1990's) het bevind dat *must* in SAfE nie statisties beduidend in frekwensie gedurende die 20ste eeu afgeneem het nie, maar eerder 'n mate van stabiliteit toon (Rossouw & Van Rooy 2012; Wasserman 2014; Wasserman & Van Rooy 2014), teenoor die bevinding dat die frekwensie van hierdie modale hulpwerkwoord³ sterk statisties beduidend gedaal het in sommige ander moedertaalvariëteite van Engels in die wêreld, naamlik Amerikaanse Engels (AmE) en Britse Engels (BrE) (Leech 2011; Mair 2014). Teen die einde van die 20ste eeu is die gebruiksfrekwensie van *must* in SAfE nie net dramaties hoër as dié van die twee bogenoemde moedertaalvariëteite nie, maar ook dié van die ander moedertaalvariëteite van die suidelike halfmond, naamlik Australiese Engels (AusE) en Nieu-Seelandse Engels (NZE) (Leech 2011; Collins 2005; 2009), tot die mate dat *must* in SAfE teen die 1990's die mees frekwente opsie is in vergelyking met die alternatiewe

¹ My opregte dank aan Bertus van Rooy vir sy waardevolle insette en voorstelle wat bygedra het tot die verbetering en afronding van die argument en voorlegging van hierdie artikel. Ek spreek ook my dank uit teenoor die anonieme keurders vir hul sinvolle kommentaar. Enige foute en tekortkominge bly my eie. Van die data in hierdie artikel is voorgelê by die konferensie getiteld *Mobility, Variability and Changing Literacies in Modern Times* wat in Junie 2014 in Utrecht, Nederland gehou is.

² Hierdie variëteit word ook dikwels afgekort as *WSAfE* (*White South African English*/Wit Suid-Afrikaanse Engels).

³ Hierna word daar bloot verwys na “modaal”.

modaal en kwasi-modaal⁴ binne die betekeniskluster van verpligting en noodsaaklikheid,⁵ naamlik *should* en *have to* (Wasserman 2014).

'n Verdere aspek waarin SAfE van ander variëteite verskil is dat *must* meer frekwent in gesproke as in geskrewe SAfE is, waar dit grootliks beperk is tot gebruik in geskrewe kontekste in die ander variëteite (Mair & Leech 2006; Leech 2011; Collins 2009; Leech et al. 2009). Die motivering vir hierdie verskille in algehele hedendaagse frekwensie, asook in frekwensie tussen registers, lê daarin dat *must* in SAfE 'n unieke semantiese verandering ondergaan het (Wasserman 2014). Teen die 1990's is dit die dominante opsie om die deontiese betekenis in die betekeniskluster van verpligting en noodsaaklikheid oor te dra, waar *should* die dominante opsie vir hierdie oordrag in ander variëteite van Engels is (Collins 2005; 2009). *Must* dra in SAfE geleidelik meer gelyke proporsies van hoër en mediumvlakke van verpligting gedurende die verloop van die 19de en 20ste eeu oor, wat beteken dat dié modaal met die verloop van tyd minder bedreigend tot die "gesig" (die sosiale selfbeeld) van die aangesprokene geword het (Wasserman 2014; cf. Brown & Levinson 1987). Hierteenoor het *must* in ander moedertaalvariëteite gedurende die 20ste eeu geleidelik beperk geword tot kontekste waar 'n hoë mate van verpligting oorgedra word (Leech et al. 2009; Myhill 1995).

Die bogenoemde bevindinge van Wasserman (2014) lewer die eerste klinkklare korpus-gebaseerde bewys van Bowerman (2004) se vroeëre bewering dat *must* minder sosiale impak in SAfE het as in ander variëteite van Engels, as gevolg van sy verminderde illokusionêre sterkte, en dat dit gereeld as 'n plaasvervanger vir die beleefde *should* gebruik word, soos vervat in die voorbeeldsin: *you must turn left at the robots* (2004:477). Dit is dan die vraag wat hierdie artikel wil beantwoord: is dit as gevolg van die invloed van Afrikaans dat *must* so uiters verskillend gebruik word in SAfE as in ander variëteite?

2. EKSTRA-LINGUISTIESE MOTIVERING

Met die verloop van die 19de en 20ste eeue het 'n komplekse verhouding tussen die die Engels- en Afrikaanssprekende gemeenskappe van Suid-Afrika ontwikkel (Gouws 1995:298-9; Branford 1996:37-8). Binne die raamwerk van die dinamiese model van Schneider (2003) wat die fases in die evolusie van 'n nuwe Engelse variëteit beskryf, behoort hierdie gemeenskappe onderskeidelik tot die STL-string (*settler strand*) en die IDG-string (*indigenous strand*). Laasgenoemde word as 'n aparte IDG-string beskou teenoor die IDG-string wat die inheemse Afrikavolke beslaan (Schneider 2007:176; Van Rooy 2014). Die feit dat hier 'n aparte IDG-string in noue kontak met die STL-string kom is 'n unieke situasie in die wêreld, veral in die lig daarvan dat hierdie stringe naby-verwant is, aangesien beide Engels en Afrikaans Wes-Germaanse tale⁶ is (Trudgill 2004:2-6). Op sosiohistoriese vlak blyk die verhouding tussen wit Afrikaanssprekendes en wit Engelssprekendes in die land kompleks en onontkenbaar verreikend te wees. Afrikaans en SAfE

⁴ (Word ook 'n *semi-modaal* genoem.) 'n Ten volle gegrammatikaliseerde modale hulpwerkwoord wat nie deel van die prototipiese modale sisteem (bv. kan/kon, mag/mog, ens.) vorm nie, en gewoonlik uit 'n multi-woord konstruksie bestaan, bv. *be going to* in Engels en *behoort te* in Afrikaans (sien Collins 2009).

⁵ Hierdie betekeniskluster is een van drie breë semantiese groeperings binne die (Germaanse) modale sisteem, waarbinne modale en kwasi-modale met verwante betekenis gekategoriseer kan word. Die ander betekenisklusters is dié van toestemming, moontlikheid en vermoë, asook wilshandeling/wilskrag en voorspelling (sien Biber et al. 1999:485; Collins 2009).

⁶ Die enigste ander variëteit van Engels wat noue kontak met ander Germaanse tale geniet het tydens sy ontwikkeling is AmE (Trudgill 2004:2;6), maar die skaal en aard van die kontaksituasie met Afrikaans is baie anders vir SAfE (Wasserman 2014:9).

kan inderdaad as teenstanders beskou word binne veral 19de- en vroeë 20ste-eeuse samelewings. Hierdie teenstand is sigbaar in verskeie gedaantes, soos die algemene stigmatisering van Afrikaans (in al sy historiese vorme) deur die wit Engelssprekende Suid-Afrikaner, asook die (deels) taalgebaseerde kompetisie, diskriminasie, uitsluiting en konflik wat daar gereeld tussen hierdie twee sosiopolitiese stringe ontluik het (Steyn 1980; Cochrane 1987:3; Branford 1996:37-40). Die vraag ontstaan dan of ’n “opponent” soos Afrikaans ’n invloed op die grammatika en semantiek van SAfE kon en steeds kan hê. Grammatikale en semantiese verandering verg immers noue, langtermynkontak om (grootliks onbewustelik) oorgedra of geïntegreer te word, anders as bv. leksikale verandering (Mair & Leech 2006:318). Die ekstra-linguistiese antwoord op hierdie vraag, ten spyte van die bogenoemde stand van sosiale verhoudinge, is ’n sterk “ja”⁷ (cf. Conradie, 2004). Dit moet in gedagte gehou word dat die verhouding tussen die sprekers van Afrikaans en SAfE nie nét vyandig van aard was nie. Die volgende bondige bespreking oor die komplekse aard van dié verhouding motiveer die stelling dat Afrikaans oor die jare ’n invloed op SAfE gehad het en steeds het.

2.1 Komplekse sosiopolitiese verhoudinge

Op beide kollektiewe en individuele vlakke is die sosiopolitiese verhouding tussen hierdie twee groepe in stand gehou gedurende tydperke van fluktuierende antagonisme en simbiose. Wedersydse vyandigheid tussen sprekers van Afrikaans-Hollands⁸ en sprekers van Engels het vroeg in die 19de eeu aan die Kaap ontvlam toe Nederlandse beheer van die gebied deur Britse anneksasie beëindig is. Hierdie spanning is vererger deur die Britse imperiale ambisie om die Kaapkolonie te verengels, wat toenemend sosiopolitiese uitsluiting van die Afrikaner in die hand gewerk het (Branford 1996:38; Steyn 1980:127-8). Die sterk gevoel van marginalisering wat die Afrikaner tydens hierdie era beleef het, weens die feit dat probleme soos te min grond (weiveld), arbeid en veiligheid sonder verteenwoordiging op regeringsvlak nie aangespreek kon word nie, het uiteindelik aanleiding gegee tot die Groot Trek van die middel 1820’s tot die laat 1830’s (Giliomee & Mbenga 2007:108; Johnson & Jacobs 2012:131). Met die vestiging en onafhanklikheidwording van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) in 1852 en die Republiek van die Oranje-Vrystaat (OVS) in 1854 is Nederlands die amptelike taal in die noorde van die land verklaar, maar Britse belangstelling in die republieke is kort daarna gewek met die ontdekking van diamante in die Oranjeriviergebied (1860’s-70’s) en goud aan die Witwatersrand (1886) (Giliomee & Mbenga 2007:151;158;184). Dit het opnuut spanning tussen die twee gemeenskappe laat posvat.

Voor die minerale-revolusie was wedersydse, taalgebaseerde diskriminasie reeds algemeen, veral binne die onderwyssisteme van die Kaapkolonie en die ZAR (Branford 1996:38), maar dit het vererger met die sosiale, kulturele en ekonomiese uitsluiting wat die Afrikaner in die nuwe, noordelike stedelike gebiede beleef het (Lanham & MacDonald 1979:77). Die daaropvolgende Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog) (1899–1902) was die hoogtepunt van die antagonisme tussen die Afrikaanse en Engelse sosiopolitiese gemeenskappe (Giliomee & Mbenga 2007:206-10). Tog was verhoudinge op individuele vlak minder spanningsvol as dié op regeringsvlak tot die laaste kwart van die 19de eeu – tot die mate dat daar selfs gereeld huwelike oor die twee gemeenskapsgrense plaasgevind het (Hooper 1951:83; Steyn 1980:127-8; Branford

⁷ Dit is opsluit nie ’n onmoontlike of selfs ongereelde verskynsel nie: Oudnoors en Normandies-Frans het byvoorbeeld ’n sterk invloed op afsonderlik Oud- en Middelenegels uitgeoefen, selfs wat grammatika betref, ten spyte van eras van vyandskap tussen sprekers van hierdie tale (Wasserman 2014:79; cf. Baugh & Cable 1978:42-61;107-118; Lass 1987:50-4).

⁸ Sien Ponelis (1998:47).

1996:38-9; Giliomee & Mbenga 2007:108). Die Afrikaanse gemeenskap het egter hul eie identiteit behou en nie 'n taalverskuiwing na Engels ondergaan nie, grootliks as gevolg van hul isolasie in plattelandse areas ná die Groot Trek en die gebeure rondom die oorlog (Steyn 1980:130-1; Giliomee & Mbenga 2007:108).

Ná die oorlog het Alfred Milner met sy moderniserings- en angliseringsbeleid gestreef om Suid-Afrika tot 'n moderne, kapitalistiese staat, met Johannesburg as ekonomiese sentrum, te omvorm. Die doel hiermee was om die swart Suid-Afrikaner en veral die Afrikaner se pre-moderne, pastorale bestaan te beëindig en een progressiewe, Britse nasie uit die “twee wit rasse” te skep (Louw 2004:8;19; Kriel 2013:237). Die beleid het egter die teenoorgestelde effek gehad: anglisering het bygedra tot die vorming van 'n nóg sterker Afrikaner-identiteit en die ontwikkeling van die Die Afrikaanse Taalgenootskap en die Afrikaanse Taalvereniging deur die voormalige Boere-republieke (Kriel 2013:237; cf. Pienaar 1920:29-47).

Kriel (2013:54) noem dat sogenaamde “wit politiek” die hooffokus was tussen 1910 en 1948, by name die land se verhouding met Brittanje en die verhouding tussen plaaslike Engels- en Afrikaanssprekendes (hoewel die sg. Naturellevraagstuk (“native question”) ook geleidelik meer aandag geniet het). Die goewerneur-generaal van die nuutgevormde Unie van Suid-Afrika (1910) het 'n Afrikaner, genl. Louis Botha, as eerste minister aangestel, en ironies genoeg sou Suid-Afrika ook nooit weer 'n Engelstalige regeringshoof hê nie (cf. Kriel 2013:27); trouens, al die regeringshoofde tot en met 1994 was Afrikaans. Die prominensie van Afrikaners in die politieke arena gedurende die vroeë 20ste eeu is egter nie in die publieke sektor weerspieël nie, en 'n Anglo-imperiale ekonomiese en kultuur-hegemonie het steeds geheers (Louw 2004:21; Kriel 2013:27). Giliomee en Mbenga (2007:272) voer aan dat Engelssprekendes “die boonste vlakke van die staatsdiens, die geskoolde arbeid en die sakewêreld oorheers” het, waarteenoor die Afrikaners “boere, laevlak-staatsampptenare en half- en ongeskoolde arbeiders” was.

Verskeie sosiopolitiese gebeure het gedurende die Unietydperk die samewerking van Engels- en Afrikaanssprekende gemeenskappe bevorder, soos die Suid-Afrikaanse Party (1910–1924) se intra-wit versoeningsbeleid, die samewerking tussen Engelse en Afrikaanse mynwerkers tydens die stakings op die Witwatersrand in 1922 (*Rand Revolt*) en die verdrag tussen die Nasionale Party (oorheersend Afrikaans) en die Arbeidersparty (oorheersend Engels) in 1923 (Giliomee 2004:32; Giliomee & Mbenga 2007:245; Kriel 2013:33). Terselfdertyd was daar oomblikke van spanning tussen dié twee gemeenskappe, soos die Afrikanerrebelle van 1914 teen die Unieregering se oorlogsbeleid jeens Duits-Suidwes-Afrika (Namibië), asook die verdeeldheid in die 1939-debat oor Suid-Afrika se betrokkenheid by die Geallieerdes gedurende die Tweede Wêreldoorlog: Engelssprekende LP's het saam met Jan Smuts vîr deelname gestem en Afrikaanssprekende LP's saam met Barry Hertzog daarteen (Giliomee & Mbenga 2007:238; Kriel 2013:42-3). Met die oorwinning van die Nasionale Party in die 1948-verkieping het Malan gesê: “Vandag behoort Suid-Afrika weer aan ons”. Giliomee en Mbenga (2007:310) meen dat Malan in hierdie uitspraak nie “die stryd tussen swart en wit in gedagte gehad [het] nie, maar die mededinging tussen die Afrikaner- en Engelse gemeenskap”.

Teen republiekwording in 1961 was “wit politiek” egter sekondêr op die politieke agenda. Die wisselvallige verdeeldheid en samewerking tussen Afrikaanse en Engelse gemeenskappe wat die vroeë 20ste eeu oorheers het is omvorm tot 'n vreemde soort mutualisme in die laaste helfte van die 20ste eeu. Met die opgang van die era van (Pan-) Afrikanasionalisme, was die Nasionale Party se mag onder bedreiging sonder die behoud van apartheid, en Afrikanernasionalisme het die plaaslike Engelssprekendes herdefinieer tot potensiele bondgenote teen die *swart gevaar*, ten spyte van taalverskille (Kriel 2013:66).

2.2 Die kwessie van ras en identiteit

Een van die gevolge van apartheidswetgewing was 'n toename in kontak tussen Engels- en Afrikaanssprekende blankes in Suid-Afrika (Giliomee & Mbenga 2007:338). Hierdie kontak-situasie was onvermydelik as gevolg van die beleid van rassese segregasie – alhoewel dit grootliks onnatuurlik was – en is uniek in die postkoloniale, Engelsprekende wêreld. 'n Voorbeeld van hoe die verhouding tussen die twee gemeenskappe op 'n geforseerde wyse gesmee is, is die kontaksituasie wat as gevolg van die militêre konteks van die middel tot latere 20ste eeu, veral die 1970's, tot stand gekom het. Die lotingstelsel wat die Suid-Afrikaanse Weermag in die tydperk ná die Tweede Wêreldoorlog gebruik het, het teen 1967 omvorm tot 'n stelsel wat “diensplig voortaan as 'n plig en voorreg van *elke medies geskikte jong blanke burger* van die RSA beskou [het] en nie meer op 'n persentasie of lotingsgrondslag berus het nie” (Meyers 1986:10; my beklemtoning). Teen 1977 was die duur van die verpligte dienstermyn opgedeel tussen 8 maande van opleiding en aanvanklik 16, maar later 24 maande van dienslewering (Meyers 1986:11). Die gedeelde kwartiere, ideale en take van die mans in die Suid-Afrikaanse Weermag gedurende hul diensplig het die gevolg gehad dat Engelsprekendes Afrikaans as offisiële militêre taal, maar ook vir kommunikasie met hul medesoldate, moes aanleer. Afrikaans was dus 'n aanwyser van groepsidentiteit binne die Weermag, wat 'n eksentrieke soort kontaksituasie met SAfE teweeggebring het (Wasserman 2014:117).

Gereelde kontak tussen die twee gemeenskappe in byvoorbeeld die openbare en militêre sektor ten spyte, was verhoudinge gedurende die apartheidjare steeds kompleks. Alhoewel die Nasionale Party gedurende die 1960's en 70's algaande meer Engelse kiesers gewerf het, grootliks as gevolg van die party se apartheidbeleid, het apartheid geensins wit Suid-Afrikaners verenig nie (Kriel 2013:68). Die meeste (maar nie alle) kritici van die beleid was inderdaad Engelsprekend, en die Engelse gemeenskap is dikwels beskou as 'n bedreiging tot die stelsel (Kriel 2013:69). Gedurende hierdie tyd het Engels dan ook algaande meer opgang gemaak onder swart gemeenskappe as die taal van die bevrydingstryd.

Met die eerste demokratiese verkiesing in 1994, is die kontak tussen Afrikaans- en Engelsprekende blankes wat deur die segregasiebeleid meegehelp is natuurlik nie direk beëindig nie, en selfs in die 21ste eeu blyk die pad na sosiopolitieke stabiliteit in die vorm van meer geïntegreerde gemeenskappe geleidelik te wees (Giliomee & Mbenga 2007:433-7). Ten spyte van die blywende effek van die vorige politieke situasie handhaaf hierdie twee gemeenskappe steeds vandag aparte sosiale identiteite, en is daar geen klinkklare bewyse dat daar tans 'n beduidende taalverskuiwing van Afrikaans na Engels as eerstetaal plaasvind nie (Coetzee-Van Rooy 2013:189). Onlangse navorsing dui egter daarop dat die grootskaalse sameloop van identiteite nie noodwendig 'n voorwaarde vir (a) die oordrag van 'n kenmerk/verskynsel vanuit Afrikaans na SAfE (Wasserman 2014:503) óf (b) tale wat groter ooreenkomste begin vertoon (Van Rooy 2014:36) in Suid-Afrika is nie, waarskynlik omdat die aard van identiteitskonstruksie in die land baie anders is as in ander kontekste waar variëteite van Engels ter sprake is (Coetzee-Van Rooy 2014:54).

2.3 Tweetaligheid en die onderwysstelsel

Eras van tweetaligheid op individuele en regeringsvlak is tydens die totstandkoming van SAfE in stand gehou, en die verskynsel is steeds vandag 'n prominente een (Coetzee-Van Rooy 2013; 2014; cf. Hauptfleisch 1979). Tweetaligheid was reeds in die 19de eeu algemeen onder meer opgevoede Afrikaners (cf. Schneider 2007), maar in die tydperk ná die Suid-Afrikaanse Oorlog was selfs die armer en minder opgevoede Afrikaner gretig om Engels te leer, aangesien daar

gereeld geen ander keuse was as om vir 'n Engelssprekende te werk nie (Steyn 1980:178; cf. Branford 1996:39). Die tendens is ook verder deur die Unieregering se amptelike tweetaligheidsbeleid versterk (Giliomee & Mbenga 2007:253).

Tydens die grootskaalse verstedeliking van die vroeë tot middel 20ste eeu is tweetaligheid eerstens veral onder Afrikaanssprekende kinders in die stede bevorder, en tweedens veral onder die Engelssprekende kinders in kleiner, geïsoleerde plaasgemeenskappe in die platteland onderhou (Hooper 1951:81). Daar was dus algaande meer geleentheid vir Afrikaans om SAfE te beïnvloed, en natuurlik ook omgekeerd. Hierdie invloed word versterk deur die kenmerkende 20ste-eeuse tendens dat die meerderheid onderwysers wat Engels as tweede- en selfs eerstetaal in wit skole onderrig het Afrikaanssprekend was, veral op die platteland, maar selfs ook in die groter dorpe (Hooper 1951:81). Die rede hiervoor is sosiaal van aard: die profesie geniet histories meer prestige in die Afrikaanse kultuur, en die karige salaris het ook nie juis Engelssprekende onderwysers gelok nie (1951:81). Hooper (1951:82), wat reeds in die 1950's die tendens beskryf, meen dat die Afrikaanse onderwysers meestal baie bekwaam was, maar dat die invloed van hul woordeskat, uitspraak en idioom op SAfE onvermydelik en onmiskenbaar was (en is). Hierdie ekstra-linguistiese bespreking bied dus sosiohistoriese motivering ten gunste van die invloed van Afrikaans op SAfE, maar met die oog op empiriese motivering bespreek die volgende afdeling die linguistiese sy van sake.

3. LINGUISTIESE MOTIVERING

Buiten uitgebreide leksikale beskrywings in woordeboeke (Branford & Branford 1991; Silva 1996), soos byvoorbeeld die aantekening van leenwoorde en ander geïntegreerde oordragsvorme vanuit Afrikaans, bestaan daar enkele empiriese bydraes rakende die grammatikale en semantiese invloed van Afrikaans op SAfE. Jeffery en Van Rooy (2004) voer aan dat 'n konstruksie wat van Afrikaans afkomstig is (die uitgebreide gebruik van *now* tot 'n "beklemtoner") in SAfE geïntegreer is. Schneider (2007) lys 'n aantal komplementasiepatrone en uitsonderlike voorsetselgebruike wat almal moontlik uit Afrikaans oorgedra is. Wat die unieke gebruik van die *busy* + progressief-konstruksie in SAfE betref, aanvaar Lass en Wright (1986) en Mesthrie (2002) nie direkte oordrag vanaf Afrikaans na SAfE as die rede vir hierdie spesifieke gebruik nie, maar aanvaar albei Afrikaans as 'n indirekte invloed op twee afsonderlike linguistiese vlakke. Mesthrie (2002:345) se argument teen die invloed van direkte taalkontak in hierdie geval is daarop gegrond dat die struktuur van hierdie konstruksie endogeen ontwikkel het, wat beteken dat dit afhanklik is van bestaande opsies binne die interne Engelse taalstruktuur. Hy noem wel dat die effek van Afrikaanse kontak op 'n kwantitatiewe vlak indirek verantwoordelik kan wees vir die toename in die gebruik van hierdie konstruksie (Mesthrie 2002:358; cf. Lanham 1982). Die argument van Lass en Wright (1986) is anders as dié van Mesthrie: hulle meen dat Afrikaans verantwoordelik kon wees vir die opheffing van die semantiese beperking in Engels, wat Afrikaans dan op 'n kwalitatiewe vlak as invloed erken – 'n geval van sogenaamde verspreide innovasie ("diffused innovation"). Hierdie studies is die bestek van navorsing (vóór bv. Rossouw & Van Rooy 2012; Wasserman 2014) wat die grammatika en semantiek van SAfE, en die invloed van Afrikaans daarop, ondersoek.⁹ Die enigste ander bron wat die grammatika van SAfE direk behandel is Bowerman (2004), wat verskeie eienaardige gebruiksvorme in SAfE beskryf,

⁹ Vroeëre navorsers was inderdaad nie daarvan oortuig dat die grammatika van SAfE enige aandag verdien nie. Lanham en MacDonald (1979) het byvoorbeeld gevoel dat daar nie veel oor die onderwerp te sê is nie, aangesien SAfE op sigself eintlik net 'n kenmerkende aksent is. Titlestad (1996:168) het verder ook aangevoer dat SAfE, buiten vir sy aksent en 'n klompie gebruiksterme in die omgangstaal, moeilik herkenbaar is.

waarvan baie toegeskryf word aan Afrikaans as moontlike oordragsbron. Afrikaanse invloed word egter nie in Bowerman se bewerings rakende *must* in SAfE oorweeg nie.

Ten einde met sekerheid vas te stel of Afrikaanse *moet* 'n invloed op *must* in SAfE het, bo en behalwe op die vlak van ekstra-linguistiese motivering, is dit noodsaaklik om die kriteria vir 'n kontak-geïnduseerde verandering in ag te neem. Thomason (2007:42) definieer só 'n verandering breedweg as 'n spesifieke verandering wat ten minste gedeeltelik deur taal- of dialekkontak veroorsaak is, indien dit minder waarskynlik sou wees om buite daardie kontaksituasie voor te kom. Levey en Poplack (2010) meen egter dat hierdie effens vae definisie hersiening benodig en stel alternatiewe kriteria voor. Hulle beweer dat 'n kandidaat vir kontak-geïnduseerde verandering in 'n kontakvariëteit teenwoordig is in die voorgename bronvariëteit, en óf (a) afwesig is in die pre- of non-kontakvariëteit, óf (b) indien dit teenwoordig is (deur bv. intertalige toeval), dit nie op dieselfde manier gekondisioneer is as in die bronvariëteit nie, en (c) dit ook bewys kan word dat dit op een of ander nie-oppervlakkige wyse parallel is aan die gedrag van 'n ooreenstemmende verskynsel in die bronvariëteit (2010:398). Vir hierdie kriteria is daar sterk linguistiese motivering rakende *moet* en *must*.

3.1 Eienskappe van *moet* en *must*

As verwante Wes-Germaanse tale deel Afrikaans en Engels vanselfsprekend vele eienskappe, insluitende 'n modale sisteem¹⁰ (cf. Mortelmans et al. 2009:11). Aangesien *must*¹¹ en *moet* verwant is aan dieselfde Proto-Germaanse stam, **mot* (vergelyk bv. Nederlandse *moeten* en Duitse *müssen*) (Onions 1966:598; Mortelmans et al. 2009), deel hul hedendaagse vorms verskeie linguistiese eienskappe, soos byvoorbeeld dat beide nie meer vir persoon inflekteer nie, soortgelyke betekenis oordra, en 'n mate van fonologiese ooreenstemming geniet (cf. Abraham 2001; Conradie 1976; Traugott 2006). Die linguistiese gedrag van *must* en *moet* voldoen dus aan Levey en Poplack (2010) se kriterium (c). Aangesien kriterium (a) nie van toepassing is nie, moet kriterium (b) ondersoek word deur vergelykings in die leksikogrammatika en semantiek te tref.

Die gebruik van hierdie twee modale kan vergelyk word in terme van taal-interne opsies, dit is die mate waartoe daar leksikale of gegrammatikaliseerde items beskikbaar is om sekere semantiese elemente oor te dra. Die klem in hierdie bespreking word gelê op die deontiese betekenis van *must* en *moet/moes*, dit is verpligting en versoek, eerder as epistemiese of dinamiese noodsaaklikheid, wat afsonderlik noodsaak wat spruit vanuit 'n proposisie oor die werklikheid en 'n interne of eksterne behoefte uitdruk (Van der Auwera & Plunigan 1998:80-1; Huddleston 2002:177-9; Collins 2009) (sien voorbeelde 4 tot 9 in §3.4). In Afrikaans is *moet* die sentrale en ongemerkte/neutrale modaal om opdragte en versoeke oor te dra, hetsy in die negatiewe (1), die gevestigde, klitiese negatiewe (2) of die positiewe vorm (3) (Ponelis 1979:251) (my vertalings).

(1) Jy **moet** nie hier sit nie.

'You must/should not sit here / Don't sit here.'

(2) **Moenie** die goed hier wegvat nie.

'You mustn't/shouldn't take the things away from here / Don't take the things away from here.'

¹⁰ Oor die algemeen deel die Afrikaanse modale die volgende grammatikale ooreenkomste met dié van Engels: hulle neem geen infleksie vir persoon nie, maar inflekteer tot 'n mate vir tempus, aangesien slegs sekere vorme van die preteritum oorgebly het (cf. Ponelis 1979:246).

¹¹ Daar is geen hedendaagse grammatikale verledetydsvorm vir *must* nie, maar ten spyte van sy hedendaagse verwysing na teenwoordige tyd is *must* eintlik 'n oorblyfsel van die oorspronklike Oud-Engelse verledetydsvorm van *mote/mot*, naamlik *moste* (OED Online, 2012).

(3) Ons vra dat jy dit asseblief tog **moet** doen.

‘We ask that you must/should please just do it / (We ask you to) please just do it.’

Aangesien die voorbeelde hierbo vertaalbaar is met *must*, sowel as *should*, en selfs met ’n modaallose konstruksie wat ieder geval die meer natuurlike opsie is, kan daar afgelei word dat Afrikaanse *moet* meer gereeld vir versoeke ingespan word as Engelse *must*.

Die leksikale opsies vir die uitdruk van verpligting is inderdaad beperk in Afrikaans: *moet* dra ’n betekenis oor wat basies ekwivalent is aan verskeie modale in Engels. Du Plessis (2005:356) lys meerdere vertalingsopsies vir *moet* tot ander modale en nie-modale konstruksies in Engels, naamlik “must, have to, be compelled/forced/obliged to; should, ought to”, “[have] got to”, “need be”, “is supposed to”, “had better” en “need to”. Hierdie lys bevat basies die totale kontinuum van modale sterkte: van die tradisionele sterk *must* tot die baie swak *ought* (cf. Leech et al. 2009). Verder word die verledetydsvorm *moes*, buiten dat dit ook as “must have” en “should have” vertaal word, in sommige vaste uitdrukkings selfs as “could” en “would” vertaal (Du Plessis 2005:356). Die negatiewe Afrikaanse konstruksie *moenie* word konsekwent vertaal as *don’t* (Du Plessis 2005:355-6), wat my vertalings in (1) en (2) ondersteun. Formules wat die negatiewe vorms *moet nie* of *moenie* saam met die beleefde *asseblief* bevat (soos in “[moet] asseblief nie”) word vertaal as “please do not”, “kindly abstain from” en “please refrain from” (2005:356), wat daarop dui dat genegatieweerde *moet* moontlik as deel van beleefdheidsformules in Afrikaans gebruik kan word. *Moet* is daarom ’n modaal wat in ’n wye verskeidenheid kontekste gebruik kan word, waarvan baie tradisioneel met verskeie ander modale of konstruksies in Engels geassosieer word. Dit suggereer alreeds dat Afrikaanse *moet* meer gegrammatikaliseer is as Engelse *must*, veral rakende die gebruik van *moet* in negatiewe bevels (*moenie*). Daar is egter klinkklare bewyse hiervoor.

Ponelis (1993:459) voer in sy historiese bespreking van die negatiewe imperatief (verbod) in Afrikaans aan dat *moet nie* in hierdie verband klitiseer tot *moenie*, en ooreenstem met Engelse *don’t* (wat Du Plessis [2005:355-6] se vertaling hierbo ondersteun). Op grond daarvan dat Nederlands die opsie van ’n aanvanklike werkwoord (*Doe het niet*) en in die verbodende gebruik van *moet* slegs die opsie met ’n subjek het (*Je moet het niet doen*), bevind Ponelis (1993:459-60) dat die Afrikaanse verbodende gebruik met ’n aanvanklike gegrammatikaliseerde *moet* of *moenie* (*Moet nie/moenie dit doen nie*) ’n geleende oordragsvorm óf van die Lae-Portugese *namisti* (“not must”), óf die Maleise *jangan* (“don’t”) is. In sy studie van historiese dokumente vind hy geen eksemplare van die verbodende gebruik met aanvanklike *moet/moenie* in 18de-eeuse Afrikaans-Hollands nie, maar hy bevind dat die vroegste gebruik van *moe nie* aan die begin van die 19de eeu (1832) verskyn. Hierdie vroeë gebruik vind nie lank ná die Britse setlaars se koms plaas nie, maar dus vroeg genoeg om reeds teen hierdie tyd gevestig te wees as ’n gebruiklike negatiewe vorm in Afrikaans, veral in die lig daarvan dat dit hier selfs in die geskrewe register sy verskyning maak (op grond van die veronderstelling dat nuwe gebruiksvorme in die spreektaal ontstaan en eers baie later in die meer geregleerde geskrewe register hul verskyning maak [cf. Biber et al. 1999]).

Op grond van Bybee (1998:2-3) en Heine (2003:578-9) se besprekings van grammatikalisering, is dit duidelik dat die genegatieweerde, klitiese vorm van *moet* die mees gegrammatikaliseerde vorm van hierdie modaal is: *moenie* is ’n fonetiese en morfologiese gereduseerde vorm wat semantiese en pragmatiese veralgemening ondergaan het. Dit is daarom semanties erg verbleik (*bleached*), wat beteken dat dit baie van sy semantiese sterkte of impak verloor het as gevolg van gereelde, gewoontevormende en uiteindelik geritualiseerde gebruik (Bybee 1998:2; cf. Heine 2003). Dit is dus ’n sterk moontlikheid dat *moenie* die dryfveer agter die verminderde illokusionêre sterkte van *moet* oor die algemeen is, en dat dit gevolglik vir *must* in SAfE in dieselfde rigting agternasleep.

Volgens die bespreking hierbo kan deontiese *moet* in kontekste met 'n medium sowel as 'n hoër vlak van verpligting gebruik word (nes bevind is vir *must* in SAfE, [cf. Wasserman, 2014]), maar daar is tot dusver vir *moet* geen korpusgebaseerde bewyse gelewer nie, wat Levey en Poplack (2010) se kriterium (b) ongetwyfeld sou staaf, aangesien *moet* dan anders as prototipiese Engelse *must* gekondisioneer sou wees (cf. Myhill 1995). Indien die negatieweerde vorm *mustn't* in SAfE soortgelyke gedrag as die hoogs gegrammatikaliseerde vorm *moenie* toon, sal die argument vir die invloed van Afrikaans op SAfE selfs sterker wees.

3.2 Data en metode

Ten einde diachroniese modale ontwikkeling oor ooreenstemmende periodes en in ekwivalente geskrewe registers te ondersoek, is 'n seleksie eerstens vanuit die historiese korpus van Afrikaans¹² (sien Kirsten 2015; 2016 [hierdie uitgawe]) en tweedens vanuit die historiese korpus van SAfE (sien Wasserman 2014) gemaak. Die Afrikaanse datastel (485 000 woorde) verteenwoordig die periodes vanaf die 1910's-1950's tot die 2000's-2010's, en bevat persoonlike en formele briewe, verslaggewing, fiksie en informatiewe nie-fiksie. Die SAfE-datastel (300 000 woorde) bevat ekwivalente registers (sosiale en besigheidsbriewe, verslaggewing, fiksie en nie-fiksie) en verteenwoordig die periodes vanaf die 1910's-1950's tot die 1990's. Die ontwikkeling van *moet* en *must* vanaf die vroeë tot middel 20ste eeu, tot die laat 20ste of vroeë 21ste eeu, word gevolglik vergelyk. Die geskrewe en gesproke sinchroniese data wat hedendaagse Afrikaans verteenwoordig is onderskeidelik die Taalkommissiekorpus (57 miljoen woorde) (sien De Wet et al. 2011) en die NWU-korpus van gesproke Afrikaans (72 000 woorde) (sien Wasserman 2014:209). Die ooreenstemmende data wat hedendaagse SAfE verteenwoordig, beslaan die geskrewe (153 000 woorde) en gesproke komponente (407 000 woorde) van ICE-SA (*International Corpus of English – South Africa*) (sien Aarts et al. 2002; Jeffery 2003).

Die data is in *Wordsmith* verwerk en per 100 000 woorde genormaliseer. In die historiese korpusdata is 'n ewekansige steekproef van 100 konkordansiereëls per periode wat alle vorme van *moet* (insl. *moes* en *moenie*) en *must* (insl. *mustn't*) bevat semanties geanaliseer. Die semantiese analise is op makrovlak (breë betekenis [deonties, epistemies, dinamies]) en mikrovlak (modale sterkte [slegs deonties]) uitgevoer en word as persentasies uitgedruk. Die mikrosemantiese analise is spesifiek gedoen aan die hand van die ses parameters vir die analise van modale sterkte (aangedui as "P"), soos uiteengesit deur Wasserman (2014:215) (sien ook Wasserman en Van Rooy 2014:36), naamlik subjek/hoofwerkwoord (bv. aanduiding van status) (P1), adjunkte/uitdrukkings (P2), kloustipes (P3), polariteit/temporaliteit (P4), pragmatiese funksies (P5) en breë tekstuele analise (P6). Waar daar voorbeelde bespreek word, sal die aanwesigheid van 'n parameter soos bo volgens nommer aangedui word. Die resultate bied motivering ten gunste van die invloed van Afrikaanse *moet* op *must* in SAfE op kwantitatiewe en kwalitatiewe vlakke.

3.3 Kwantitatiewe motivering (sinchronies en diachronies)

Sinchroniese kwantitatiewe motivering is die enigste vlak van bespreking wat reeds deur korpusdata gedek is. Wasserman en Van Rooy (2014) bewys dat die algemene kwantitatiewe patrone wat hedendaagse *must* in SAfE uniekheid teenoor ander moedertaalvariëteite van Engels verleen, deur hedendaagse *moet* gedeel word: beide *must* in SAfE en *moet* in Afrikaans is nie net die mees frekwente modale in hul betekenis-klynster nie, maar *moet* is ook meer frekwent in die gesproke

¹² Hierdie korpus is ruimhartig deur Johanita Kirsten (NWU) beskikbaar gestel vir gebruik.

as in die geskrewe register, nes daar bevind is vir *must* in SAfE (2014:38;41) (sien Tabel 1). Die resultate van die diachroniese, kwantitatiewe ondersoek rakende *moet* lewer verder bewys dat die kwantitatiewe patrone wat *must* in SAfE histories uniekheid verleen (soos voorheen genoem) óók deur *moet* gedeel word (Tabel 1).

TABEL 1: Sinchroniese en diachroniese frekwensies van Afrikaanse *moet* en *must* in SAfE per 100 000 woorde

	Sinchroniese frekwensie		Diachroniese frekwensie			
	<i>Geskrewe</i>	<i>Gesproke</i>	1910's-1950's	1990's-2010's	Afname	Statistiese beduidendheid
Afrikaanse <i>moet</i>	431,6	514,9	487,8	438,6	10,10%	Nee
SAfE <i>must</i>	113,5	130,3	124	113,5	8,5%	Nee

Moet daal effens in frekwensie vanaf die 1910's-1950's tot die 1990's-2000's (van 487,8 tot 438,6 voorkomste per 100 000 woorde; $\Lambda = 2,59$, $p > 0,05$, i.e. nie statisties beduidend¹³). Daar is dus hier 'n mate van stabiliteit wat die unieke patroon vir *must* in SAfE oor die 20ste eeu heen weerspieël, teenoor die sterk afname van hierdie modaal in ander moedertaalvariëteite van Engels (cf. Wasserman 2014; Leech 2011). Beide *moet* en *must* is verder ook die mees frekwente opsies in hul betekenis-kuster teenoor onderskeidelik *behoort te* en *hoef te* in Afrikaans (regdeur die 20ste eeu) en *should* en *have to* in SAfE (teen die einde van die 20ste eeu [cf. Wasserman, 2014]).

Op kwantitatiewe vlak getuig die sinchroniese resultate van Wasserman en Van Rooy (2014), sowel as die nuwe diachroniese resultate, van die ooreenstemmende verspreiding van Afrikaanse *moet* en *must* in SAfE in terme van frekwensie. Dit is dus duidelik dat hierdie twee tale mekaar beïnvloed, maar die sterk leidende rol van Afrikaans in hierdie verband word bevestig deur die veel hoër frekwensie van *moet* in die sinchroniese en diachroniese data as dié van *must* in SAfE (cf. Wasserman 2014:337-8). Die veronderstelling dat die hoër frekwensie van 'n item in een taalvariëteit 'n aanduiding is van 'n leidende tipe trekkrag op die frekwensie van die ooreenstemmende item in 'n ander variëteit is immers een wat reeds wyd gebruik word binne die taalveranderings- en grammatikalisering-diskoers in Engelse variëteitstudies, veral in terme van die leidende rol wat AmE in modale frekwensie-tendense in moedertaalvariëteite speel (sien bv. Mair & Leech 2006; Leech et al. 2009; Collins 2009). Hoër gebruiksfrekwensie is een van die tekens van geritualiseerde gebruik en dus meer gevorderde grammatikalisering (sien bv. Hopper & Traugott 2003; Bybee 1998; Mair 2004) (*moet* is nie net die mees frekwente modaal in sy betekenis-kuster nie, maar inderdaad ook die modaal met die tweede hoogste gebruiksfrekwensie in Afrikaans, naas *kan* [Wasserman 2014:337]), wat daarop dui dat die meer gegrammatikalisiese *moet* die katalisator is vir die grammatikalisering van *must* in SAfE. Die kwantitatiewe resultate bevestig dus die stelling dat Afrikaanse *moet* die invloed is wat aanleiding gee tot die unieke frekwensiepatroon van SAfE in vergelyking met ander moedertaalvariëteite van Engels.

¹³ Die resultate van 'n log-waarskynlikheids-toets word aangedui deur die Griekse hoofletter lambda (Λ), en gebruik die afsny-punte van $\Lambda > 3,84$ vir $p < 0,05$ en $\Lambda > 10,83$ vir $p < 0,001$ (Rayson & Garside 2000) om statistiese beduidendheid te bepaal.

3.4 Kwalitatiewe, diachroniese motivering

Met die meer diepgaande ondersoek na die historiese Afrikaanse data is daar bevind dat daar selfs sterk ooreenkomste tussen die semantiese ontwikkeling van *must* in SAfE en *moet* in Afrikaans tydens die verloop van die 20ste eeu is. Op makroseantiese vlak is die deontiese opsie oor die algemeen die mees frekwente uitdrukking van modaliteit vir beide *moet* en *must* (teenoor die dinamiese en epistemiese betekenisvlakke) (cf. Wasserman 2014:517). Die deontiese betekenis (4 en 5) impliseer 'n eksterne gesag of norm (persoonlik, sosiaal of eties) wat die aangesprokene tot iets verplig of versoek, waarteenoor die dinamiese betekenis 'n noodsaaklikheid uitdruk wat spruit vanuit interne of eksterne behoeftes of omstandighede (6 en 7), en die epistemiese betekenis die spreker tot veronderstellings oor die waarheid van 'n stelling verbind (8 en 9) (cf. Van der Auwera & Plunigan 1998:80-1; Huddleston 2002:177-9; Collins 2009; sien ook § 3.1).

- (4) Kom, laat ons nou die tweede skof vat in die stryd oor loon. Besadigd maar beslist **moet** ons aanspraak maak op 'n verhoogde skaal, en daarbij staan tot ons dit het. (1910's; Verslaggewing)
- (5) I came away feeling that we in S.A. **must** solve our own prison problems with our own intelligence. (1940's; Persoonlike brief)
- (6) “Neem jy vir Annemie, ek sal Herrie bring. “Maar die gedagte dat Chris haar **moet** tent toe dra, is net een te veel vir Annemie. (2000's; Fiksie)
- (7) ...the male spins a special mating thread on to which he **must** lure the female with more plucking and tweaking movements (1990's; Nie-fiksie [W2B-023])
- (8) Sy verf wat sy sensueel vind. My dadelike aanname dat dit kurwes **moet** wees, is verkeerd. 'n Stukkie toon of 'n deel van 'n oor kan glo net so sensueel wees. (2000's; Nie-fiksie)
- (9) “This **must** be the boy. ... Miss Ellie said he was quite big.” (1990's; Fiksie [W2F-013])

Die proporsionele waarde van die deontiese betekenis neem gedurende die 20ste eeu toe ten koste van die ander betekenisvlakke vir beide *moet* (van 55% na 67%) en *must* (van 60,6% na 73,6% [cf. Wasserman 2014:517]), waarteenoor die epistemiese betekenis meer opgang maak in ander moedertaalvariëteite van Engels (Smith 2003; Collins 2005; Leech et al. 2009; Millar 2009). Wat die makroseantiek betref is motivering vir die trekkrag van Afrikaanse *moet* se gebruikspatrone op dié van *must* in SAfE gevolglik vasgestel, na aanleiding van kriterium (b) vir kontakgeïnduseerde verandering (aangesien Afrikaanse *moet* inderdaad anders as prototipiese Engelse *must* gekondisioneer is). Die mees merkbare bewysstuk ten gunste van hierdie invloed lê egter in die deontiese mikrosemantiek.

Die proporsionele frekwensie van die uitdrukking van 'n mediumvlak van verpligting neem toe vir *moet* gedurende die 20ste eeu (ten koste van die hoër vlak), net soos vir *must* (cf. Wasserman 2014:522). Die hoër vlak van verpligting word in (10) en (11) geïllustreer saam met die toepaslike parameters.

- (10) U personeel het my meegedeel dat die skool aansoek **moet** doen om die sypaadjie langs die skoolgrens in T-straat teen R1 500,00 aan te koop. (2000's; Formele brief)
- (11) A will is a formal document and you **must** make sure every page is signed or at least initialled by you, and the final page signed by you... (1990's; Nie-fiksie [W2D-004])

In (10) is die *dorpsbestuur* die bron van verpligting (soos vroeër in die spesifieke brief genoem word), wat 'n statusverskil tussen die bron en die ontvanger, *die skool*, (P5) asook 'n regulerende konteks (P6), aandui. Voorbeeld (11) bevat ook regulerende, en spesifiek wetgewende inhoud (P6), wat daarop dui dat die aktualisering van hierdie verpligting vereis word (P5). Hierdie analise word verder ook gesteun deur die adjektief *every* en die vaste uitdrukking *at least* (P2).

Die mediumvlak van verpligting in *moet* (12 en 13) styg proporsioneel van 55% in die 1910's-1950's tot 63% in die 2000's-2010's binne die deontiese betekenis (teenoor die daling in die hoër vlak van 40% na 34%), en in SAfE (14 en 15) styg die mediumvlak proporsioneel van 34% in die 1910's-1950's tot 41% in die 1990's binne die deontiese betekenis (teenoor die kleiner proporsionele styging in die hoër vlak van 38% na 44%). Teen die 1990's is die proporsies van hoër en medium gebruike van *must* in SAfE dus baie nader aan mekaar as voorheen, teenoor die bevindinge in ander moedertaalvariëteite, waar *must* beperk is tot die uitdrukking van hoër vlakke, soos bo genoem (cf. Wasserman 2014; Leech et al. 2009; Myhill 1995). Aangesien die stygende proporsie van mediumvlakke van verpligting dus ooreenstem tussen *moet* en *must*, kan daar afgelei word dat die gebruikspatrone van *moet* 'n trekrag op *must* in SAfE uitoefen gedurende die 20ste eeu. Die volgende voorbeelde van die mediumvlak van verpligting kom in fiksie voor:

- (12) Dit word nou al tyd dat ons van die middag ete 'n bietjie **moet** gaan geniet. (1910's; Fiksie)
- (13) "Hou jou stupid aanmerkings vir jousef!" "Toe, toe, kinders. Ons is byna by die aftreoord. **Moenie** nou baklei nie." Ouma klink nie juis baie kwaai nie en sy glimlag liefies vir ons. (2000's; Fiksie)
- (14) "And you **must** come and tell me how she is, eh?" There was no answer, and then she began to cry. "But what's the matter, my girl," I said. "What's wrong? You **mustn't** cry." (1950's; Fiksie)
- (15) "Duifie, you **must** read what he says after he came back from America. One of those dom sisters of his married a whatchamacallit... you know... am... ambassador." (1990's; Fiksie [W2F-005])

In (12) is die illokusionêre impak of sterkte van *moet* baie laag (die uitdrukking 'n *bietjie* dra hiertoe by [P2]), in so 'n mate dat dit selfs aan 'n dinamiese geval grens, en in (13) kan die vriendelike, nie-bedreigende versoek (P5, P6) met 'n modaallose konstruksie in Engels (met behulp van *don't*) vertaal word. Die beskrywing van die spreker (*Ouma*) se stemtoon en gesigsuitdrukking dui op 'n mediumvlak van verpligting, selfs ten spyte van die negativering (P4) en statusverskil (P1). Die gebruike van *must* in SAfE is baie soortgelyk. In (14) is beide gebruike van *must* nie bedreigend tot die "gesig" van die aangesprokene nie (P5), maar vorm dit deel van trooswoorde (P6), ten spyte van die negatiewe vorm van die tweede gebruik van *must* (P4). In (15) druk *must* 'n vriendelike en informele versoek (P5, P6) uit, wat grens aan 'n emfatiese formule (P6). In (14) en (15) dra die toegeneë aanspreekvorm *my girl* en *Duifie* verder ook by tot die vriendelikheid van die onderskeie sprekers aan die woord (P5).

Daar is verder ook bevind dat die meer duidelike dominansie van objektiewe (eksterne) bronne van verpligting by die gebruik van hoë-vlak *moet* (16) konstant bly regoor die 20ste eeu (van 77,3% tot 78,3%), wat grootliks met die patroon vir *must* ooreenstem, waar objektiewe bronne (17) heelwat meer gebruiklik word in die 1990's as voorheen (van 57,5% tot 66,1%) (cf. Wasserman 2014:354) (teenoor die geneigdheid van hoë-vlak *must* in ander variëteite om meer gereeld subjektiewe (persoonlike) bronne te hê [Collins 2009:38]). In (16) is die objektiewe bron godsdienstige tradisie/regulasie, en in (17) is dit wetgewing (P6).

- (16) Om hul bereidwilligheid hiertoe te toon, asook verootmoediging en afhanklikheid, **moes** hulle drie keer per dag (later vyf keer) buig in rituele gebed. (2000's; Formele brief)
- (17) ...from the provisions of subsection (2), all official languages **must** enjoy parity of esteem and **must** be treated equitably. (1990's; Nie-fiksie [W2D- 003])

Die subtiele proporsionele verskuiwing wat oor die 20ste eeu binne mediumvlak *moet* voorkom, waar subjektiewe bronne effens verminder (van 56,7% tot 54,8%) en objektiewe bronne (18) effens toeneem (van 43,3% na 45,2%), vind ook binne mediumvlak *must* plaas, waar presiese gelyke proporsies (50%) van die twee bronne in die 1910's-1950's in die guns van objektiewe bronne (54,7%) verskuif in die 1990's (19) (cf. Wasserman 2014:356) (wat ooreenstem met die geneigdheid van mediumvlak *must* in ander variëteite [Collins 2009:38]). Die objektiewe, mediumvlak gebruike van *moet* en *must* word gekenmerk deur 'n hipotetiese betekenislaag (P6):

(18) Hulle vertel mos die eintlike plan is dat elke soort mense hulle eie plek en hulle eie grond **moet** hê waar hulle self kan besluit hoe hulle wil lewe en wat hulle daar gaan doen. (2000's; Nie-fiksie)

(19) "When black people are invited to sit on boards they **must** not just function as a token black, but **must** shake and move things," he said. (1990's; Verslaggewing [W2C-010])

Die unieke patroon vir beide hoë- en mediumvlak *must* in SAfE om toenemend meer objektiewe bronne van verpligting te hê (teenoor die duidelike voorliefde vir die een of die ander afsonderlike bron vir hoë en mediumvlakke in ander variëteite), stem dus ooreen met die patroon vir *moet*, wat nog 'n laag van motivering bydra ten gunste van die invloed van *moet* op *must* in SAfE.

Wat die gebruik van genegatieweerde vorms betref, is daar bevind dat alle voorkomste van *moenie* en *moet nie* in Afrikaans en *mustn't* en *must not* in SAfE regoor die 20ste eeu (30 voorkomste altesaam) die deontiese betekenis oordra. Tabel 2 toon die persentasies van hoë en mediumvlakke van verpligting, asook skryfformules¹⁴ (bv. "it must not be forgotten that..."), in terme van alle genegatieweerde deontiese vorme¹⁵ binne elke tydperk.

Die vernaamste verandering wat binne die genegatieweerde vorme oor die 20ste eeu plaasvind is die proporsionele verskuiwing van 'n voorkeur vir *must not* na *mustn't*: 'n proporsie wat presies dié van *moenie/moet nie* in die vroeë 20ste eeu reflekteer (50/50). *Moenie* is teen die 1990's-2010's die duidelike voorkeur vir die oordrag van die Afrikaanse negatiewe imperatief teenoor *moet nie*, en *mustn't* word in dieselfde rigting agternagesleep, veral dan wat betref die frekwensieverskuiwing van *mustn't* na die gebruik in kontekste waar 'n mediumvlak van verpligting oorgedra word (ten koste van die oordrag van 'n vlak van hoë verpligting deur enige negatiewe vorm)(sien voorbeelde 13 en 14). Beide *moenie* en *mustn't* beweeg ook oor die algemeen van voorkomste met slegs subjektiewe bronne in die 1910's-1950's na meer gebalanseerde voorkomste van subjektiewe en objektiewe bronne teen die 1990s-2010's. Teen die laat 20ste/vroeë 21ste eeu word mediumvlak *moenie* (44,4%) en *mustn't* (50%) in baie meer soortgelyke proporsies gebruik as voorheen, wat dan verdere en selfs nog sterker motivering bied ten gunste van die leidende rol wat hoogs gegrammatikaliseerde Afrikaanse *moenie* in die grammatikaliseringsproses van *must* en veral *mustn't* in SAfE (semantiese verbleiking in die vorm van verminderde illokusionêre sterkte) oor die 20ste eeu heen gespeel het.

¹⁴ Die skryfformules met SAfE *mustn't/must not* kom almal in nie-fiksie of verslaggewing voor, en is dus kenmerkend van die meer formele geskrewe register. Afrikaans gebruik nie *moenie/moet nie* in hierdie konteks nie.

¹⁵ Die enkele paar gebruike van "moet [subjek] nie" en "moet nooit... nie" of "must never" in is nie hier in ag geneem nie, omdat die klem op die meer gegrammatikaliseerde vorme geplaas word.

TABEL 2: Veranderinge in mikrosemantiese frekwensies (%) vir genegatieweerde deontiese vorme van Afrikaanse *moet* en *must* in SAfE oor die 20ste eeu

		Afrikaans		SAfE	
		<i>moenie</i>	<i>moet nie</i>	<i>mustn't</i>	<i>must not</i>
1910's-1950's	<i>Hoë vlak</i>	25 (S)	25 (O)		27,2 (O)
	<i>Mediumvlak</i>	25 (S)	25 (O)	9,1 (S)	18,2 (S) 18,2 (O)
	<i>Skryfformules</i>				18,2 (S) 9,1 (O)
	<i>TOTAAL</i>	50	50	9,1	90,1
1990's-2010's	<i>Hoë vlak</i>	22,22 (S) 22,22 (O)			
	<i>Mediumvlak</i>	22,22 (S) 22,22 (O)	11,11 (S)	33,33 (S) 16,66 (O)	16,66 (O)
	<i>Skryfformules</i>				16,66 (S) 16,66 (O)
	<i>TOTAAL</i>	88,89	11,11	50	50

S = Subjektiewe bron

O = Objektiewe bron

4. IMPLIKASIES EN GEVOLGTREKKING

Afrikaanssprekendes is in hierdie artikel bevestig as 'n invloedryke sosiale groep wat die verspreiding van 'n nuwe kenmerk van SAfE betref, naamlik die minder bedreigende gebruik van *must*. Hierdie invloed is ekstra-linguisties aan die hand van die komplekse sosiohistoriese verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, sowel as linguisties, aan die hand van kwantitatiewe en kwalitatiewe (makro- en mikrosemantiese) frekwensies, gemotiveer, en daar is vasgestel dat *must* in SAfE aan al Levey en Poplack (2010) se kriteria vir kontakgeïnduseerde verandering voldoen. Afrikaans blyk 'n deurslaggewende rol te gespeel het in die opheffing van *must* se semantiese beperking deur die loop van die 20ste eeu, selfs al het die opsie in die interne taalstruktuur van Engels (mediumvlak *must*) vóór die kontaksituasie reeds minimaal bestaan (cf. Wasserman 2014:495).

Op kwantitatiewe en kwalitatiewe vlak getuig die resultate van die trekkrag van Afrikaanse *moet* op *must* in SAfE in terme van gebruiksfrekwensie (synchronies en diachronies) en die makro- en mikrosemantiek (diachronies), veral dan wat die invloed van hoogs gegrammatikaliseerde *moenie* gedurende die 20ste eeu betref. Die potensiaal vir mediumvlak gebruike om in SAfE te versprei is dus deur kontak met Afrikaans ontsluit of geaktiveer, wat aansluit by Lass en Wright (1986:201) se konsep van verspreide innovasie. Dit is dus vasgestel dat 'n "teenstander" soos Afrikaans sy "opponent", in dié geval SAfE, inderdaad selfs op grammatikale en semantiese vlak kan beïnvloed, veral in die lig daarvan dat die sosiolinguistiese verhouding tussen die sprekers

van Afrikaans en SAfE gedurende die 19de en 20ste eeue kompleks (antagonisties én mutualisties), langdurig, standhoudend en verreikend was. Die verspreiding van 'n toenemend minder bedreigende *must* in SAfE is eindelijk aangevuur deur kontak tussen twee identiteite – 'n konneksie tussen twee sisteme wat deur tweetalige sprekers gemaak is (cf. Van Rooy 2010:9). Hierdie konneksie is immers wat SAfE 'n unieke moedertaalvariëteit van Engels maak, nie net in die suidelike halfrond nie, maar ook in die wêreld.

BIBLIOGRAFIE

- Aarts, Bas, Gerald Nelson & Sean Wallis. 2002. *Exploring Natural Language: Working with the British Component of the International Corpus of English*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Abraham, Werner. 2001. How far does semantic bleaching go? About grammaticalization that does not terminate in functional categories. (In Faarlund, Jan Terie, ed. *Grammatical Relations in Change*. Amsterdam: John Benjamins, pp.15-64.)
- Anon. 1909. De Invloed van de Engelse Taal op het Hollands van Zuid-Afrika met een Alfabeties Gerangschikte Lijst van Anglicismen en Barbarismen. *Unie*, 4(11): 401-404.
- Baugh, Albert, C. & Thomas Cable. 1978. *A History of the English Language*. Tenth Edition. London & New York: Routledge.
- Biber, Douglas, Stig Johansson, Geoffrey Leech, Susan Conrad & Edward Finnegan. 1999. *The Longman Grammar of Spoken and Written English*. Harlow: Pearson.
- Bowerman, Sean. 2004. White South African English: Morphology and Syntax. (In Kortmann, Bernd, Edgar W. Schneider, Kate Burrage, Rajend Mesthrie & Clive Upton, eds. *A Handbook of Varieties of English: Morphology and Syntax*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 472-478.)
- Branford, Jean & William Branford. 1991. *A Dictionary of South African English*. Oxford: Oxford University Press.
- Branford, William. 1996. English in South African society: a preliminary overview. (In de Klerk, Vivian, ed. *Focus on South Africa*. Amsterdam: Benjamins, pp. 35-51.)
- Brown, Penelope & Stephen Levinson. 1987. *Politeness: Some Universals in Language Usage*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bybee, Joan. 1998. The evolution of grammar. Paper prepared for the symposium *Darwinian perspectives on the origins of language*. AAAS, Philadelphia.
- Cochrane, James R. 1987. *Servants of Power: the Role of the English-speaking Churches in South Africa, 1903-1930*. Braamfontein: Ravan Press.
- Coetsee, D.J. 1957. Suiwer taal openbaar 'n suiwer gees. *Taalgenoot*, 26(3): 27.
- Coetsee-Van Rooy, Susan. 2013. Afrikaans in contact with English: endangered language or a case of exceptional bilingualism? *International Journal for the Sociology of Language*, 224:179-207.
- Coetsee-Van Rooy, Susan. 2014. The identity issue in bi- and multilingual repertoires in South Africa: implications for Schneider's Dynamic Model. (In Buschfeld, Sarah, Thomas Hoffman, Magnus Huber and Alexander Kautzsch, eds. *The Evolution of Englishes: The Dynamic Model and Beyond*. Amsterdam: John Benjamins, pp.39-57.)
- Collins, Peter. 2005. The modals and quasi-modals of obligation and necessity in Australian English and other Englishes. *English World-Wide*, 26(3):249-273.
- Collins, Peter. 2009. *Modals and Quasi-modals in English*. Amsterdam: Rodopi.
- Conradie, C. Jac. 1976. Die modale werkwoord in Nederlands en Afrikaans. *Taalfasette*, 20(4): 62-68.
- Conradie, C. Jac. 2004. Afrikaans as Suid-Afrikaanse Lingua Franca. (In Van Rensburg, FIJ, red. *Afrikaans: Lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp.147-155.)
- De Wet, Febe, Alta de Waal & Gerhard B. van Huyssteen. 2011. *Developing a broadband automatic speech recognition system for Afrikaans*. Paper delivered at the 12th Annual Conference of the International Speech Communication Association (Interspeech 2011), Florence.
- Donaldson, BC. 1988/1991. *The Influence of English on Afrikaans*. Pretoria: Serva Publishers.
- Du Plessis, Madaleine, red. 2005. *Pharos Afrikaans-Engels & English-Afrikaans Woordeboek/Dictionary*. Eerste Uitgawe. Kaapstad: Pharos Woardeboeke.

- Giliomee, Hermann. 2004. The rise and possible demise of Afrikaans as public language. *Nationalism and Ethnic Politics*, pp. 10:25–58.
- Giliomee, Hermann & Mbenga, Bernard. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gottlieb, Henrik. 2010. Multilingual translation vs. English-fits-all in South African media. *Across Languages and Cultures*, 11(2): 189-216.
- Gouws, Rufus H. 1995. Dictionaries and the dynamics of language change. (In Kachru, Braj B & Kahane, Henry, eds. *Cultures, Ideologies, and the Dictionary: Studies in Honor of Ladislav Zgusta*. Berlin: Walter de Gruyter, pp. 297-314.)
- Hauptfleisch, T. 1979. *Language Loyalty in South Africa. Volume 3: Motivations to language use: Opinions and attitudes of white adults in urban areas* (Report no. TLK/L-10). Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Heine, Bernd. 2003. Grammaticalization. (In Joseph, Brian and Janda, Richard, eds. *The Handbook of Historical Linguistics*. Oxford: Wiley-Blackwell, pp. 575-677.)
- Hooper, A.G. 1951. English in South Africa. (In Clark, John W. & Eric Partridge, eds. *British and American English Since 1900*. London: Andrew Dakers Limited, 80-84.)
- Hopper, Paul & Traugott, Elizabeth. 2003. *Grammaticalization*. Second Edition. Cambridge: Cambridge University Press.
- Huddleston, Rodney. 2002. The verb. (In Rodney Huddleston & Geoffrey K. Pullum, eds. *The Cambridge Grammar of the English Language*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 71-212.)
- Jeffery, Chris. 2003. On compiling a corpus of South African English. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 21(4): 341–344.
- Jeffery, Chris & Bertus van Rooy. 2004. Emphasiser *now* in colloquial South African English. *World Englishes*, 23(2): 269-280.
- Johnson, K. & Jacobs, S., eds. 2012. *Encyclopedia of South Africa*. Scottsville: KwaZulu-Natal University Press.
- Kirsten, Johanita. 2015. The use of *was* in Afrikaans passive constructions: a diachronic corpus study. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(2): 159-170.
- Kirsten, J. 2016. Veranderinge in adverbiale tydsverwysing in Afrikaans van 1911 tot 2010. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):45-61.
- Kriel, Mariana. 2013. Loose Continuity: The Post-Apartheid Afrikaans Language Movement in Historical Perspective. Bloemfontein: UFS. (Thesis – PhD).
- Lanham, Len W. 1978. South African English. (In Lanham, Len W. and K. P. Prinsloo, eds. *Language and Communication Studies in South Africa*. Cape Town: Oxford University Press.)
- Lanham, Len W. 1982. English in South Africa. (In Bailey, R. W. and Manfred Görlach, eds. *English as a World Language*. Ann Arbor: University of Michigan Press, pp. 324-52.)
- Lanham, Len W. & MacDonald, Carol A. 1979. *The Standard in South African History and its Social History*. Heidelberg: Groos.
- Lass, Roger. 1987. *The Shape of English: Structure and History*. London & Melbourne: J. M. Dent & Sons Limited.
- Lass, Roger & Wright, Susan. 1986. Endogeneity vs. contact: ‘Afrikaans influence’ on South African English. *English World-Wide*, 7(2): 201–223.
- Leech, Geoffrey. 2011. The modals ARE declining: Reply to Neil Millar’s “Modal verbs in TIME: Frequency changes 1923–2006”. *International Journal of Corpus Linguistics*, 16(4): 547-564.
- Leech, Geoffrey, Marianne Hundt, Christian Mair & Nicholas Smith. 2009. *Change in Contemporary English: A Grammatical Study*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Levey, Stephen & Shana Poplack. 2010. Contact-induced grammatical change: A cautionary tale. (In Auer, Peter & Jürgen Erich Schmidt, eds. *Language and Space: An International Handbook of Linguistic Variation. Theories and Methods*. Berlin: Mouton De Gruyter, pp. 391-418.)
- Louw, P.E. 2004. *The rise, fall, and legacy of apartheid*. Westport, Conn.: Praeger.
- Mair, Christian. 2004. Corpus Linguistics and grammaticalization theory: Statistics, frequencies and beyond. (In Lindquist H. & Mair, C., eds. *Corpus Approaches to Grammaticalization in English*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 121-150.)

- Mair, Christian. 2014. Fluctuating statistics, volatile genres, and structural change: modality in the extended Brown family of corpora. Paper delivered at ICAME 35 (*Corpus Linguistics, Context and Culture*), Nottingham.
- Mair, Christian & Geoffrey Leech. 2006. Current changes in English syntax. (In Aarts, Bas & April McMahon, eds. *The Handbook of English Linguistics*. Oxford: Blackwell, pp.318-342.)
- Mesthrie, Rajend. 2002. Endogeneity versus contact revisited: aspectual *busy* in South African English. *Language Sciences*, 24: 345-358.
- Mesthrie, Rajend & Paula West. 1995. Towards a grammar of Proto-South African English. *English World-Wide*, 16: 105-133.
- Meyers, E.M. 1986. Drie Eeue van Militêre Diensplig in Suid-Afrika. *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, 16(2): 1-19.
- Millar, Neil. 2009. Modal verbs in TIME: frequency changes 1923-2006. *International Journal of Corpus Linguistics*, 14(2): 191-220.
- Mortelmans, Tanja, Kasper Boye & Johan van der Auwera. 2009. Modals in the Germanic languages. (In Hansen, Björn and Ferdinand de Haan, eds. *Modals in the Languages of Europe*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter, pp.11-70.)
- Myhill, John. 1995. Change and continuity in the function of American English modals. *Linguistics*, 33: 157-211.
- Onions, C.T, ed. 1966. *The Oxford Dictionary of English Etymology*. Oxford: Clarendon Press.
- Oxford English Dictionary (OED) Online. 2012b. *must*, v.1. <http://www.oed.com/view/Entry/124229?rskey=hXmANU&result=7> Date of access: 5 June 2012.
- Pienaar, E.C. 1920. *Taal en poësie van die Twede Afrikaanse-Taalbeweging*. Kaapstad & Stellenbosch: De Nasionale Pers.
- Ponelis, Fritz A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J. L. van Schaik.
- Ponelis, Fritz A. 1993. *The Development of Afrikaans. Duisburger Arbeiten zur Sprach- und Kulturwissenschaft 18*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Ponelis, Fritz A. 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Posthumus, M.J. 1967. Engelse invloed op Afrikaans. *Klasgids*, 3(1): 12-19.
- Rayson, Paul & Roger Garside. 2000. Comparing corpora using frequency profiling. (In Proceedings of the Workshop on Comparing Corpora, held in conjunction with the 38th annual meeting of the Association for Computational Linguistics (ACL 2000). 1-8 October 2000. Hong Kong, pp. 1-6.)
- Rousseau, H.J. 1937. *Die Invloed van Engels op Afrikaans: Deel 1: 'n Sosiologies-taalkundige ondersoek*. Kaapstad: Maskew Miller.
- Rossouw, Ronel & Bertus van Rooy. 2012. Modality in South African English. *English World-Wide*, 33(1): 1-26.
- Schneider, Edgar W. 2003. The dynamics of New Englishes: from identity construction to dialect birth. *Language*, 79(2): 233-281.
- Schneider, Edgar W. 2007. *Postcolonial English: Varieties around the World*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Silva, Penny. 1996. *A Dictionary of South African English on Historical Principles*. Oxford: Oxford University Press. (In Association with the Dictionary Unit for South African English: Rhodes University, Grahamstown.)
- Smith, Nicolas. 2003. Changes in modals and semi-modals of strong obligation and epistemic necessity in recent British English. (In Roberta Facchinetti, Manfred Krug & Frank Palmer, eds. *Modality in Contemporary English*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 241-266.)
- Steyn, Jaap C. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Terblanche, H.J. 1946. Engelse invloed op ons spreekwoordeskat. *Brandwag*, 10 (473): 25.
- Thomason, Sarah G. 2007. Language contact and deliberate change. *Journal of Language Contact*, 1: 41-62.
- Titlestad, Peter. 1996. English, the constitution and South Africa's language future. (In Vivian de Klerk, ed. *Focus on South Africa*. Amsterdam: Benjamins, pp.163-173.)
- Traugott, Elizabeth Closs. 2006. Historical aspects of modality. (In William Frawley, Erin Eschenroeder, Sarah Mills, Thao Nguyen, eds. *The Expression of Modality*. Berlin: de Gruyter, pp.107-139.)

- Trudgill, Peter. 2004. *New-dialect formation: the inevitability of colonial Englishes*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Van der Auwera, Johan & Vladimir A. Plungian. 1998. Modality's semantic map. *Linguistic Typology*, 2: 79-124.
- Van Rooy, Bertus. 2010. Social and linguistic perspectives on variability in World Englishes. *World Englishes*, 29(1): 3-20.
- Van Rooy, Bertus. 2014. Convergence and endonormativity at Phase Four of the Dynamic Model. (In Buschfeld, Sarah, Thomas Hoffman, Magnus Huber & Alexander Kautzsch, eds. *The Evolution of Englishes: The Dynamic Model and Beyond*. Amsterdam: John Benjamins, pp.21-38.)
- Wasserman, Ronel. 2014. Modality on trek: diachronic changes in written South African English across text and context. Vanderbijlpark: NWU. (Thesis – Ph.D).
- Wasserman, Ronel & Bertus van Rooy. 2014. The development of modals of obligation and necessity in White South African English through contact with Afrikaans. *Journal of English Linguistics*, 42(1): 31-50.

Veranderinge in adverbiale tydsverwysing in Afrikaans van 1911 tot 2010¹

Changes in adverbial temporal reference in Afrikaans from 1911 to 2010

JOHANITA KIRSTEN

Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoekcampus

E-pos: Johanita.Kirsten@nwu.ac.za



Johanita Kirsten

JOHANITA KIRSTEN, lektor in AfrikaanseTaal-kunde aan die Vaaldriehoekcampus van die Noordwes-Universiteit, se akademiese belangstelling handel oor die ontwikkeling van Afrikaans vanuit Nederlands. Haar M.A.-verhandeling, getiteld *Laaste spore van Nederlands in Afrikaanse werkwoorde*, onder leiding van Prof. Bertus van Rooy aan die NWU Vaaldriehoekcampus, ondersoek die oorgangstydperk van die gebruik van Nederlands na Afrikaans as skryftaal, en die gedrag van sekere werkwoordvorme gedurende daardie tydperk. Sy brei tans haar diachroniese ondersoek van Afrikaans verder uit, deur mikrolinguïstiese kenmerke se verandering met verloop van tyd verder te ondersoek, aan die hand van gedateerde, elektroniese korpora van Kaaps-Nederlandse en Afrikaanse tekste. Die fokus val veral op grammatikale verandering vanaf die vroeg-twintigste eeu tot die vroeg-een-en-twintigste eeu. Sy het pas haar PhD, getiteld *Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911 tot 2010*, onder leiding van Prof. Bertus van Rooy aan die NWU Vaaldriehoekcampus voltooi.

JOHANITA KIRSTEN, lecturer in Afrikaans Linguistics at the Vaal Triangle Campus of the North-West University, is interested in the development of Afrikaans from Dutch. Her M.A. dissertation, titled *Laaste spore van Nederlands in Afrikaanse werkwoorde*, under supervision of Prof. Bertus van Rooy at the NWU Vaal Triangle Campus, investigates the transition phase from the use of Dutch to Afrikaans as written language, and how certain verbal constructions behave during this phase. She is currently expanding her diachronic research on Afrikaans, by further investigating the change of micro-linguistic characteristics over time, on the basis of dated electronic corpora of Cape Dutch and Afrikaans texts. The focus is primarily on grammatical changes from the early twentieth to the early twenty first centuries. She has just completed her PhD, entitled *Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911 tot 2010*, under supervision of Prof. Bertus van Rooy, at the NWU Vaal Triangle Campus.

¹ Ek spreek graag my dank uit teenoor my promotor, Bertus van Rooy, wat kommentaar gelewer het op die afdeling van my PhD-onder-konstruksie waarop hierdie artikel gebaseer is, asook twee anonieme keurders wat sinvolle en opbouende kommentaar gelewer het. Enige foute en tekortkominge bly my eie.

ABSTRACT***Changes in adverbial temporal reference in Afrikaans from 1911 to 2010***

The Afrikaans tense system simplified somewhat in its development from Dutch, retaining only the present tense (which is unmarked), and a past tense (marked by the auxiliary verb “het” and, usually, the verbal prefix “ge-”) based loosely on the Dutch present perfect tense. In order to express more specific and fine-grained temporal reference, speakers and writers of Afrikaans frequently draw on additional linguistic options, including temporal adverbs (for example “toe” (then), “gister” (yesterday), “oormôre” (the day after tomorrow)) and preposition phrases (for example “in die aand” (in the evening)). The tense system of Afrikaans shows few radical changes during the past century, after the standardisation of Afrikaans eliminated the last remnants of the extended Dutch tense system. However, the use of temporal adverbs has been much less stable. This article investigates the use of the temporal adverbs “nou” (now), “toe” (when/then) and “dan” (then) in diachronic Afrikaans corpora that covers a century of language use, including specifically the periods 1911–1920, 1941–1950, 1971–1980 and 2001–2010, with more or less 261 000 words per period, represented by text samples from a variety of written genres. The genres included are: fiction, biographical texts, news reports, informative texts, religious texts, texts from the humanities, texts from the natural sciences, and manuscripts (letters and diary entries).

The abovementioned lexical items (“nou”, “toe” and “dan”) are some of the most frequently used adverbs in Afrikaans according to the corpora used in this article, and their frequent use is also noted by Van der Merwe (1996:91) – however, temporal reference is not the only functions that these lexical items perform. During the course of the twentieth century, the use of these lexical items, as temporal adverbs and otherwise, shows some significant changes. Specifically “nou” and “dan” show a radical decline in overall use as well as temporal use, and the different uses of “toe” are also not stable throughout. The lexical item “nou” is used predominantly for temporal reference, although its overall use and temporal use decrease significantly. The different types of temporal reference for which “nou” is used do not show significant changes other than reflecting the overall decrease. The overall use of “dan” shows the most radical decrease of the three lexical items in question, although the temporal use decreases the least. There are some noticeable changes with regard to the different temporal uses, showing a slight increase in uses referring to the future. The use of “toe” is predominantly temporal throughout, although there is a slight decrease in temporal usage, and some shift to the historical present in the tense accompanying the temporal uses.

One explanation offered for these changes is the increasing use of more specific and less context dependent temporal adverbs, like “terwyl” (while) and “wanneer” (when), which indicates a partial shift in the functional load from the more general temporal adverbs to some that are more specific and fine-grained. While there is not a compensatory increase in one specific temporal adverb to account for the decrease of the abovementioned ones, there are a number of more specific temporal adverbs that show some increase, pointing to a noticeable tendency.

The abovementioned shift towards more specific temporal adverbs also relates to the broader socio-cultural context of Afrikaans during the course of the century, which includes the persistent and ongoing standardisation as well as the expansion of contexts of (formal) use until shortly before the last period. The increasing formality and sophistication of the demands put on Afrikaans aided the formalisation of the language, where more formal, specific and seemingly sophisticated options in linguistic expression became more attractive and were used increasingly. This tendency is further confirmed by the decrease of the use of the lexical items “nou” and especially “dan” as discourse markers, as the use of discourse markers is associated with more involved (compared to more informative) language use (Biber 1998:148).

KEYWORDS: Afrikaans, tense, temporal reference, absolute temporal reference, relative temporal reference, temporal adverbs, corpus, diachronic corpus linguistics, frequency, formalisation

TREFWOORDE: Afrikaans, tempus, temporele verwysing, absolute temporele verwysing, relatiewe temporele verwysing, temporele adverbia, korpus, diachroniese korpuslinguistiek, gebruiksfrekwensie, verformalisering

OPSOMMING

Die tempussisteem van Afrikaans is heelwat vereenvoudig in vergelyking met dié van Nederlands, waaruit dit ontwikkel het, en daarom maak sprekers en skrywers van Afrikaans ook staat op verskeie ander maniere om gebeurtenisse of situasies in tyd deikties te anker, soos adverbia van tyd (byvoorbeeld “toe”, “gister”, “oormôre”) en setselgroepe (byvoorbeeld “in die aand”). Terwyl die tempusstelsel van Afrikaans min opsigtelike verandering toon sedert die standaardisering van Afrikaans, staan sake anders wat die adverbiale elemente se rol in temporele verwysing betref. Die frekwente woorde “nou”, “toe” en “dan” verrig verskeie funksies, waarvan temporele verwysing ’n belangrike deel uitmaak. Hierdie artikel ondersoek eerstens die gebruike van die adverbiale gebruike van “nou”, “toe” en “dan” in diachroniese korpusse van Afrikaans wat vier periodes (1911–1920, 1941–1950, 1971–1980, 2001–2010) dek, met ongeveer 261 000 woorde per periode. Die gebruike van hierdie woorde toon sterk tekens van verandering, en spesifiek “nou” en “dan” toon ’n radikale vermindering van gebruike. In die tweede plek word moontlike verklarings vir die veranderinge rondom hierdie woorde in die korpus gesoek. ’n Toename in die gebruik van ’n aantal meer spesifieke temporele adverbia (byvoorbeeld “terwyl”, “wanneer”) dui aan dat adverbiale temporele verwysing se funksionele lading versprei het. Dit sluit ook aan by die groter sosio-kulturele konteks van Afrikaans, wat aanleiding gegee het tot toenemende standaardisering en verformalisering van Afrikaans deur die loop van die twintigste eeu.

1. INLEIDING EN KONTEKSTUALISERING

Wanneer daar in die linguistiek oor tydsaanduiding gepraat word, is die konsep *tempus* van besondere belang. Comrie (1985:9) stel dat “tense is grammaticalised expression of location in time” – die gevestigde siening van tempus is dié van ’n deiktiese kategorie wat die temporele verhouding tussen ’n gebeurtenis en ’n deiktiese sentrum (meestal die spraakmoment) aandui (Deo 2012:158; Klein 2008:9). Comrie se spesifikasie van “grammaticalised” verwys daarna dat dié temporele verwysing geïntegreerd in die grammatikale sisteem van ’n taal is, teenoor suiwer leksikale temporele verwysing (Comrie 1985:10). Die onderskeid tussen grammatikale en leksikale temporele verwysing betrek *verpligting* en *morfologiese gebondenheid* – duidelik gegrammatikaliseerde tydsaanduiding is beide verplig en morfologies gebonde, en duidelik leksikale tydsaanduiding is nie een van die twee nie; met grensgevallen wat nie sonder meer in een van die twee kategorieë geplaas kan word nie (Comrie 1985:10). Wanneer tale wel tempus bevat, word dit op die werkwoord aangedui – hetsy deur die werkwoord se morfologie, of deur grammatikale woorde wat aan die werkwoord grens (Comrie 1985:12). Die wyse waarop tempus uitgedruk word in ’n spesifieke taal hang grotendeels van die morfologiese tipologie van daardie taal af (Nicolle 2012:370), wat egter nie heeltemal stabiel is nie (Nicolle 2012:371).

In teorie oor tempus word ’n liniêre tydlyn dikwels geïmpliseer (byvoorbeeld Botha 1990), en soms eksplisiet daargestel (Comrie 1985:5). Comrie (1985:36) gebruik die term *absolute tempus* (“absolute tense”) om te verwys na tempusse wat die huidige oomblik as deiktiese sentrum neem.

'n Driedelige onderskeid (verlede, teenwoordig, toekomstend) of tweeledige onderskeid (verlede en nie-verlede, of toekomstend en nie-toekomstend) is absolute tempusse wat gebeurtenisse voor, ná of tydens die huidige oomblik as deiktiese sentrum op die liniêre tydlyn posisioneer.

Daar is egter 'n verdere tipe tempus – Comrie (1985:56) gebruik die term *relatiewe tempus* (“relative tense”) om te verwys na dié tempusse waar die deiktiese sentrum nie noodwendig die huidige oomblik is nie. In die gebruik van relatiewe tempusse word die deiktiese sentrum dikwels bepaal deur die tempus van die naaste werkwoorde met absolute tydsverwysing (Comrie 1985:60).

In Afrikaans word tempus hoofsaaklik analities aangedui, deur die kontras tussen 'n enkele werkwoord (byvoorbeeld *gee*) en 'n werkwoordkombinasie (byvoorbeeld *het gegee*) (Ponelis 1979:264). Die terminologie wat in die literatuur gebruik word om na Afrikaanse tempus te verwys, is egter inkonsekwent.

De Villiers (1971:23) let op hierdie probleem, en verkies om byvoorbeeld “verlede tyd” of “teenwoordige tyd” te gebruik wanneer hy na algemene tydsaanduiding verwys, en die name van spesifieke tempusse, byvoorbeeld “presens” of “plusquamperfectum” te gebruik wanneer daarna verwys word. Ponelis (1979:263) beskryf die Afrikaanse tempusstelsel in terme van die “presens” en die “preteritum”, waar “preteritum” verwys na “verledetydsverwysing” (Ponelis 1979:264). Conradie (1998:38) gebruik “verledetydsvorm” om te verwys na die restante van die Nederlandse perfektum en preteritum wat in Afrikaans behoue gebly het, en “presens” vir die oorblywende kategorie.

Aan die een kant kan die onderskeid tussen terminologie vir algemene tydsaanduiding en vir tempus sinvol wees, maar die probleem wat onmiddellik opduik is hoe om die tempus wat na die verlede verwys, te benoem – nie “preteritum” of “perfektum” is akkuraat nie, aangesien beide hierdie terme 'n spesifieke betekenis het wat nie die volledige omvang van die Afrikaanse grammatikale verlede tyd insluit nie. Die formulering “verlede tyd” kan gewoon gebruik word, maar dan kan daar nie onderskei word tussen tempus en algemene tydsverwysing nie. Ter wille van ondubbelsinnigheid word terminologie in hierdie artikel soos volg aangewend: “verlede tyd”, “teenwoordige tyd” en “toekomstende tyd” word gebruik vir algemene tydsverwysing, en “grammatikale verlede tyd” en “presens” word gereserveer vir spesifiek tempus.

Afrikaans se grammatikale verlede tyd is afkomstig van die Nederlandse perfektum, met uitsondering van 'n aantal werkwoorde wat tradisionele preteritale fleksie behou het. Die grammatikale verlede tyd word gevorm deur middel van die hulpwerkwoord *het* en 'n hoofwerkwoord wat in die meeste gevalle die prefiks *ge-* neem (Ponelis 1979:264). Die presens is die ongemerkte vorm – dit kan gebruik word om atemporele sinne soos algemene uitsprake en gewoontelike sinne uit te druk (Ponelis 1979:261), asook teenwoordige tyd, en toekomstende tyd met die hulpwerkwoorde *sal* of *gaan* (behalwe vir werkwoorde wat 'n afsonderlike infinitiefvorm besit – byvoorbeeld “sal werk”, maar “sal wees”). Aangesien die tempusstelsel van Afrikaans slegs hierdie twee tempusse differensieer, maak sprekers en skrywers van Afrikaans ook staat op verskeie ander maniere om gebeurtenisse of situasies in tyd deikties te anker, soos adverbialia van tyd (byvoorbeeld *toe*, *gister*, *oormôre*) en setselgroepe (byvoorbeeld *in die aand*) (Van Wyk 2009:3) asook tekstuele binding en samehang (Wybenga 1993:17).

Adverbiale temporele verwysing vorm 'n substansiële deel van tydsaanduiding in Afrikaans, en spesifiek *toe*, *nou* en *dan* het 'n besonder hoë gebruiksfrekwensie (Van der Merwe 1996:91). Hierdie gebruike het al in vorige navorsing aandag geniet,² waar Van der Merwe (1996) op die spesifieke woorde fokus en ander moontlik 'n afdeling daaraan afstaan. Die prominensie van

² Byvoorbeeld in Botha (1990), Conradie (1996) en (1998), De Villiers (1971), Van der Merwe (1996), Van Wyk (2009), Wybenga (1993).

hierdie gebruikte word telkens beklemtoon, hoewel daar deurgaans min of geen aandag aan (potensieel omvangryke) veranderende gebruik geskenk word. Adverbiale temporele verwysing in Afrikaans het egter gedurende die afgelope eeu 'n aantal belangrike veranderinge ondergaan, en hierdie veranderinge is nog nie sistematies beskryf nie. Terwyl dit moontlik vir die algemene taalgebruiker onopgemerk verbygaan, is die veranderinge, die implikasies daarvan, asook die verklaring daarvan relevant vir 'n grondige taalkundige begrip van die temporele sisteem van Afrikaans.

Die belangrikste gebruiksveranderinge (beskryf in afdeling 3) wat *toe*, *nou* en *dan* ondergaan, is 'n afname in algehele gebruik (*nou*, *dan*) en veranderinge in temporele gebruik (*toe*). Ter verklaring van veral die genoemde afnemende gebruikte word die toenemende gebruik van 'n aantal meer spesifieke temporele adverbiala ondersoek, asook die relevante sosio-kulturele konteks van Afrikaans gedurende die eeu wat ondersoek word. Met die aanvanklike en voortdurende standaardisering van Afrikaans word die verwagting geskep dat daar toenemend wegbeweeg sal word van situasie-afhanklike en betrokke taalgebruik (sien Biber 1998:148). Dit kan verdere implikasies hê in terme van toenemende verformalisering³ van Afrikaans, in teenstelling met die toenemende verinformalisering (“colloquialization”) van Engels (Mair 2006:204).

2. METODOLOGIE

Die bevindinge van hierdie studie word gebaseer op kwantitatiewe data wat verkry word uit diachroniese korpusse, en met behulp van korpuslinguistiese metodes ondersoek word. Twee belangrike oogmerke van korpuslinguistiese metodes, wat ook die oogmerke van hierdie studie is, is eerstens om te bepaal hoe en hoeveel 'n patroon voorkom, en tweedens om die kontekstuele faktore wat variasie of verandering beïnvloed, te bepaal (Biber et al. 1998:3). Verder leen korpuslinguistiek sigself daartoe dat groot volumes taalgebruik hanteer en geanaliseer kan word, terwyl verskeie kontekstuele faktore bygereken bly (Reppen et al. 2002:viii). Die einddoel is nie om bloot die kwantitatiewe patrone weer te gee nie, maar om funksionele interpretasies te gee vir waarom dié patrone bestaan (Biber et al. 1998:9).

Die empiriese ontwerp van hierdie studie word gebaseer op die model wat deur Mair (2006) en Leech et al. (2010) daargestel word, wat genoem word “comparative corpus linguistics, or more specifically short-term diachronic comparable corpus linguistics” (Leech et al. 2010:24). Dit is wanneer vergelykbare korpusse uit verskillende tydperke gebruik word om variasie of verandering na te gaan. Die sterkpunt van die vergelykende korpusmetodologie is dat dit grondig gebaseer is op waarneembare verskille tussen twee (of meer) korpusse (Leech et al. 2010:32). Die belang hiervan word deur Leech et al. (2010:50) uitgelig:

...one of the messages we wish to convey is that frequency evidence is far more important in tracing diachronic change than has generally been acknowledged in the past.

'n Belangrike konsep in die bogenoemde metodologie is dié van vergelykbaarheid. Wanneer twee of meer korpusse vergelykbaar met mekaar is, beteken dit dat die samestelling van die korpusse dieselfde is, behalwe dat dit verskil in terme van een veranderlike, in terme waarvan dit vergelyk word (Leech et al. 2010:28). Daar is egter beperkings op hierdie metode, soos wat Leech et al. (2010:30) dit stel:

³ Die term “verformalisering” is gekies na aanleiding van die term “verinformalisering”, die Afrikaanse vertaling van “colloquialization”; die vertaling word so hanteer op grond van Christiaan Mair se soortgelyke Duitse vertaling.

But it is difficult to argue that the comparable corpus methodology can be easily extended indefinitely to longer periods of time – say, of a century or more. This is because comparability depends on stability of the ‘genre map’ of a language over time.

Dit is juis op grond hiervan dat hierdie ondersoek afgebaken word tot ’n eeu se taalverandering. Mair, wat twintigste-eeuse verandering in Engels bestudeer, definieer “twentieth-century changes in English grammar” as daardie ontwikkelinge waarvoor daar deeglike dokumentasie uit die gegewe korpusse verkry kan word (Mair 2006:83). Hy merk egter op dat, aangesien sy studie beperk is tot ’n enkele eeu, dit onwaarskynlik is dat enige verandering tot voleinding sal ontwikkel in die gegewe tydperk (Mair 2006:83).

Mair (2006:1) se korpusse is saamgestel uit geskrewe bronne, aangesien vergelykbare historiese gesproke data moeilik, indien enigsins, bekombaar is. Verder fokus hy op die standaardvariëteit van Engels, aangesien hy algemene taalverandering wil naspoor, en nie op streeksgebonde of sosiale variasie wil fokus nie (Mair 2006:1). Hy stel pertinent dat “[w]hile this restriction is problematical for many reasons, it is justifiable because of the social prominence of the standard in the present” (Mair 2006:1). Dieselfde oorwegings geld ook vir Afrikaans, en daarom word hierdie studie grootliks op Mair (2006) se model gebaseer. Daar is egter noodgedwonge enkele afwykings.

Eerstens is hierdie studie se korpusse aanpassings van die dertigjaar intervalle wat Mair (2006) gebruik. Aangesien daar geen gedateerde historiese korpusse beskikbaar is vir Afrikaans vir die gegewe tydsraamwerk nie, is die korpusse wat in hierdie artikel gebruik word self versamel en saamgestel.⁴ Van die bronne wat in die korpusse ingesluit is, is egter skaars en moeilik bekombaar (sien hieronder), en daarom is dit nie prakties haalbaar om slegs bronne uit ’n enkele jaar per korpus te gebruik nie. Ter wille van ’n realistiese tydraamwerk is daar bronne van elke derde dekade ingesamel. Die ingeslote dekades is:

1. 1911–1920
2. 1941–1950
3. 1971–1980
4. 2001–2010

Elke korpus bestaan uit min of meer 261 000 woorde per dekade in vergelykbare hoeveelhede vir elke kategorie, met ’n maksimum van ongeveer 2 000 woorde uit een teks. In een geval van uiterste skaarste (verdere besonderhede hieronder) is ’n absolute maksimum van 5 000 woorde daargestel. Die kategorieë met die woordtelling van elk is soos volg:

- Fiksie (±60 000)
- Populêre nie-fiksie:
 - Biografiese tekste (±20 000)
 - Verslaggewing (±20 000)
 - Informatiewe tekste (±60 000)
 - Religieuse tekste (±20 000)
- Akademiese tekste:
 - Geesteswetenskaplike tekste (±30 000)
 - Natuurwetenskaplike tekste (±30 000)
- Manuskripte (briewe en dagboeke) (±21 000)

⁴ Met erkenning aan die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT®), Noordwes-Universiteit, vir die beskikbaarstelling van die Taalkommissiekorpus en die PUK-Protea-korpus, waaruit tekste vir die korpusse geselekteer is.

Die tweede afwyking van Mair (2006) en Leech et al. (2010) se model is dat daar ongepubliseerde bronne of manuskripte (briewe en dagboeke) in die korpusse ingesluit is. Al is dit 'n relatief klein proporsie van die korpusse, beoog dit om enigsins ongeredigeerde taalgebruik ook by die studie te betrek. Al die briewe en dagboekinskrywings wat uit privaat versamelings bekom is, is geanonimiseer om die identiteite en persoonlike inligting van enige betrokke partye te beskerm.

Daar is een onvolledige kategorie in een van die korpusse, waar beskikbare Afrikaanse tekste feitlik geheel ontbreek: die *Natuurwetenskappe*-afdeling in die 1911–1920-korpus bestaan uit slegs 9 260 woorde, aangesien daar slegs twee Afrikaanse tekste in die kategorie opgespoor kon word. Gedurende daardie tydperk het natuurwetenskaplikes in Suid-Afrika grotendeels steeds in Nederlands en andersins Engels geskryf, en daar is amper geen tekste van dié aard in Afrikaans uit daardie dekade beskikbaar nie. In alle gevalle waar data uit hierdie korpus met dié van die ander korpusse vergelyk is, is die korpusgrootte omgewerk na dieselfde totaal as die ander korpusse, en gebruiksgetalle omgewerk in dieselfde verhouding, ter wille van vergelykbaarheid.

In die analise van die data is twee analise-hulpmiddels gebruik. Eerstens is woordelyste (wat frekwensie insluit) en konkordansies van die relevante woorde uit die data onttrek met WordSmith Tools 6.0. Tweedens is tabelle en grafieke wat die resultate van die aanvanklike analises opsom in Microsoft® Excel 2010 saamgestel. Waar daar veranderinge opgemerk is, is daar log waarskynlikheidstoetse vir statistiese beduidendheid uitgevoer – in gevalle waar twee datastelle met mekaar vergelyk is, is 'n waarde van groter as 3.84 as beduidend geneem (wat aandui dat daar slegs 'n 5% kans is dat die verandering aan toeval toegeskryf kan word), en wanneer meer as twee datastelle met mekaar vergelyk is (bv. frekwensieveranderinge oor al vier korpusse heen) is 'n strengere waarde van groter as 6.63 as beduidend geneem (wat aandui dat daar slegs 'n 1% kans is dat die veranderinge aan toeval toegeskryf kan word).

3. ADVERBIALE TYDSVERWYSING: ANALISES EN BEVINDINGE

Die beperkte omvang van die Afrikaanse tempussisteem is reeds kortliks bespreek. Dit beteken egter nie dat Afrikaans beperkte moontlikhede bied vir temporele verwysing nie – hierdie artikel fokus op adverbiale temporele verwysing, wat heel dikwels in Afrikaans aangewend word (Van Wyk 2009:3). Van der Merwe (1996:91) beweer dat die woorde *nou*, *toe* en *dan* onder die mees gebruikte leksikale elemente in die Afrikaanse spreektaal tel, en in hierdie studie se korpusse, wat uit geskrewe tekste saamgestel is, tel al drie hierdie leksikale elemente telkens onder die top 70 mees frekwente woorde (uit 22 000–25 000) in elke korpus. Volgens Van der Merwe (1996:91) is *nou* die mees frekwente van die drie in die spreektaal, met *toe* in die tweede plek en daarna *dan*, maar dit blyk meer gekompliseerd te wees in die korpusdata. In ag genome dat hierdie leksikale items ook vir ander funksies gebruik word (Van der Merwe 1996:92; meer daaroor later), word die rou gebruiksgetalle in tabel 1 gegee.

TABEL 1: Gebruiksgetalle van die leksikale items *nou*, *toe* en *dan*

	1911–1920	1941–1950	1971–1980	2001–2010
toe	(+ toen) 977	730	877	912
nou	(+ nu) 1012	579	580	511
dan	1358	725	524	404

In terme van die temporele funksies van hierdie woorde, kan daar tussen twee hoofkategorieë onderskei word: aan die een kant is daar die deiktiese verwysingsfunksie (Botha 1990:104; Van der Merwe 1996:91; Van Wyk 2009:47), oftewel absolute tempus in Comrie (1985:36) se terme, wat gebeurtenisse in die verlede, hede of toekoms plaas; aan die ander kant is daar die funksie om relatiewe tempus (Comrie 1985:56) aan te dui, of soos Van der Merwe (1996:91) dit stel, “as temporele verbandleggers in *gebeurtenistyd* tussen verskillende proposisies in uitings”.

Die verskillende gebruike van elk van hierdie leksikale items word vervolgens afsonderlik ondersoek.

3.1 Toe

Die leksikale item *toe* word vir verskeie ander funksies gebruik buiten temporele verwysing (Conradie 1996:67) – dit word gebruik as ’n adjektief wat die teenoorgestelde van *oop* beteken (voorbeeld 1), as ’n adverbium wat rigting of bestemming aandui [2], as deel van skeibare werkwoorde [3], as deel van gevestigde vaste uitdrukkings [4] wat moontlik temporele betekenis het, maar nie meer uit die blote som van die onderskeie woorde bestaan nie, en as diskoersmerker (wat interaktief die verloop van ’n gesprek of teks aandui) [5] waarin die temporele betekenis vervaag het.

[1] Denk net hoeveel ergernis ’n mens het als jou plaas nie toe is! (1911–1920, Informatief)

[2] Ons ry na ete en kom huis toe. (1971–1980, Manuskrip)

[3] My tyd laat my nie toe verder te gaan nie. (1941–1950, Natuurwetenskappe)

[4] Die riem wen af en toe weer op. (2001–2010, Fiksie)

[5] Nou toe, ons moet roer. (1971–1980, Fiksie)

Ter wille van ’n volledige beeld van die gebruike van *toe*, en om die temporele gebruike daarvan te kontekstualiseer, gee tabel 2 die gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *toe*.

TABEL 2: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *toe*

	1911–1920 ⁵		1941–1950		1971–1980		2001–2010	
adjektief	3		3		10		13	
rigtingaanduiding	131	13%	126	17%	251	29%	217	24%
skeibare werkwoord	86		61		70		65	
in vaste uitdrukkings	13		29		28		13	
diskoersmerker	15		14		40		47	
temporele verwysing	729	75%	497	68%	478	55%	557	61%
TOTAAL	977		730		877		912	

⁵ Die woordvorm *toen* is nog tydens hierdie periode gebruik; dit word vir die doeleindes van hierdie artikel as wisselvorm gereken en die gebruike daarvan word saam met dié van *toe* getel.

Wat die totale gebruiksgetalte van *toe* betref, is daar ’n beduidende daling vanaf die eerste na die tweede periode, waarna dit weer geleidelik toeneem.⁶ Terwyl al die verskillende gebruike in elke periode teenwoordig is, bly die twee grootste kategorieë deurgaans rigtingaanduiding en temporele verwysing. Terwyl temporele verwysing in getalle en proporsie eers redelik beduidend afneem, waarna dit weer effens toeneem,⁷ is daar weer ’n proporsionele toename van rigtingaanduiding tot en met die derde periode, waarna dit effens afneem. Temporele verwysing bly deurlopend die grootste proporsie van die gebruike van *toe*, deurgaans meer as die helfte van die gebruike, maar daar moet kennis geneem word van die substansiële gebruike in ander funksies, veral rigtingaanduiding.

Daar is reeds genoem dat *toe* op meer as een wyse na tyd kan verwys, onder andere deur absolute temporele verwysing en relatiewe temporele verwysing (Conradie 1996:74), wat grootliks met Nederlandse dialektiese gebruike van *toen* en verwante vorme ooreenstem (Conradie 1996:74). Wat absolute temporele verwysing betref, plaas *toe* altyd gebeurtenisse in die verlede tyd (Van der Merwe 1996:97). Wat relatiewe temporele verwysing betref, gaan die gebruik van *toe* daaroor om verskillende gebeurtenisse in verhouding tot mekaar te plaas (Conradie 1998:42). Daar is egter ’n verdere onderskeid – aan die een kant kan *toe* gebruik word om opeenvolgende gebeurtenistyd aan te dui, maar ook om oorvleuelende gebeurtenistyd aan te dui (Van der Merwe 1996:101). Terwyl opeenvolgende gebeurtenistyd beteken dat een gebeurtenis per implikasie voltooi is en ’n ander daarop volg, is die konsep van oorvleuelende gebeurtenistyd meer kompleks. Van der Merwe (1996:96) wys uit dat *toe* op ’n spesifieke tydstip maar ook op tydsduur kan dui, en hier is die konsep van ’n tydraam (sien Van Rooy 2014:166) relevant. Terwyl die gebeurtenisse nie noodwendig in die werklikheid temporeel met mekaar oorvleuel nie, word ’n temporele raam daargestel waarbinne beide van hierdie gebeurtenisse, of ’n gedeelte van elk, ingesluit word. Dit verskil van blote opeenvolging deurdat dit ’n tipe onmiddellikheid impliseer, en dikwels kan slegs die konteks of kennis oor die buitetalige werklikheid aandui of daar werklike oorvleueling of eerder onmiddellikheid bedoel word – daarom word dit as een kategorie gekonseptualiseer. In voorbeeld [6] word *toe* as absolute temporele verwysing gebruik, terwyl [7] opeenvolging illustreer (soortgelyk as *daarna*), en [8] oorvleueling.

- [6] In mij jong daë was dit glad anders; toe het die ouërs nog wat te sê gehad. (1911–1920, Fiksie)
- [7] “Jy kon éërs gehelp en toe by sy voete gaan sit het,” kap Martha terug. (2001–2010, Religieus)
- [8] Hulle is maar “simpel”, maar ek was nie myself toe ek hulle geskryf het nie. (1971–1980, Manuskrip)

Wanneer *toe* in absolute tydsverwysing gebruik word, val dit saam met die grammatikale verlede tyd. Wanneer dit egter in relatiewe tydsverwysing, beide opeenvolging en oorvleueling, gebruik word, kan die res van die sin in die presens geformuleer word. Hierdie gebruik word die historiese presens genoem, wat per implikasie na die verlede tyd verwys, terwyl sommige of alle relevante sinne in die presens geformuleer word. Voorbeeld [9] illustreer die historiese presens met *toe* wat opeenvolging aandui, en [10] met oorvleueling.

- [9] Kort daarna val weer twee of drie pistoolskote, en toe is dit stil. (1941–1950, Fiksie)

⁶ Die resultate van ’n log waarskynlikheidstoets: periode een tot twee 35.22; twee tot drie 14.29; drie tot vier 0.57.

⁷ Die resultate van ’n log waarskynlikheidstoets: periode een tot twee 43.56; twee tot drie 0.27; drie tot vier 5.77.

[10] 'n Keerpunt in hierdie ontwikkelingsgeskiedenis werd bereik *toe* Pestalozzi op die toneel kom. (1911–1920, Informatief)

In tabel 3 word die gebruiksgetalle van die temporele gebruike van *toe* weergegee.

TABEL 3: Verskillende temporele gebruike van *toe*

	1911–1920		1941–1950		1971–1980		2001–2010	
absolute tydsverwysing	106	15%	67	13%	82	17,5%	79	14%
opeenvolging: verlede tyd	144	19,5%	73	15%	35	7%	48	8,5%
opeenvolging: historiese presens	173	24%	67	13%	86	18%	109	19,5%
oorvleueling: verlede tyd	183	25%	153	31%	135	28%	102	18%
oorvleueling: historiese presens	123	16,5%	137	28%	140	29,5%	219	40%
TOTAAL	729		497		478		557	

Die absolute tydsverwysing bly deurgaans proporsioneel min of meer stabiel. In die verskillende kategorieë van relatiewe tydsverwysing is daar egter duidelike veranderings te bespeur. In beide opeenvolging en oorvleueling is daar 'n beduidende afname in gebruike in die grammatikale verlede tyd,⁸ en 'n toename in die historiese presens.⁹ Veral wat oorvleueling betref neem die historiese presens toe om vanaf die tweede kleinste kategorie na by verre die grootste kategorie te verskuif – twee maal soveel soos die tweede grootste kategorie. So 'n toename in die historiese presens met behulp van temporele adverbium in hierdie kontekste toon dieselfde tendense in suidelike Duitse dialekte (Zug 2011:12), so die ontwikkeling is nie geheel onverwags in so 'n na-verwante taal nie. Behalwe vir die afname van die eerste na die tweede periode, is daar dus deur die res van die eeu 'n geleidelike toename in gebruike van die historiese presens ten koste van gebruike in die grammatikale verlede tyd.

'n Verdere onderskeid tussen verskillende wyses waarop *toe* gebruik word, betrek verskillende woordsoorte – *toe* kan as 'n onderskikkende voegwoord gebruik word, soos wat voorbeelde [8] en [10] aandui, maar ook as adverbium (insluitend voegwoordelike adverbium). *Toe* word hoofsaaklik as voegwoord vir oorvleuelende tydsverwysing gebruik, hoofsaaklik as adverbium vir opeenvolgende tydsverwysing, en sedert die tweede periode geredelik as beide vir absolute tydsverwysing. Sien tabel 4 vir verdere besonderhede.

Terwyl *toe* dus, behalwe vir die eerste periode wat in heelwat opsigte a-tipies is, meer gereeld gebruik word as voegwoord as wat dit gebruik word as adverbium, hoef dit nie buite rekening

⁸ Die resultate van 'n log waarskynlikheidstoets: vir al vier periodes gesamentlik 85.42; een tot twee 19.23; twee tot drie 7.90; drie tot vier 1.45.

⁹ Die resultate van 'n log waarskynlikheidstoets: vir al vier periodes gesamentlik 38.61; een tot twee 17.12; twee tot drie 1.25; drie tot vier 18.55.

TABEL 4: Verskillende woordsoortelike gebruike van *toe*

	1911–1920		1941–1950		1971–1980		2001–2010	
	Adv.	Voegw.	Adv.	Voegw.	Adv.	Voegw.	Adv.	Voegw.
absolute tyd	88	18	23	44	37	45	39	40
opeenvolging	302	15	133	7	114	7	147	10
oorvleueling	9	297	2	288	2	273	3	318
<i>Subtotaal</i>	<i>399</i>	<i>330</i>	<i>158</i>	<i>339</i>	<i>153</i>	<i>325</i>	<i>189</i>	<i>368</i>
TOTAAL	729		497		478		557	

gelaat te word wanneer adverbiale tydsverwysing ondersoek word nie, aangesien voegwoordelike *toe* adverbiale bysinne inlei, en dit adverbiale funksies vervul (sien Van Wyk 2009:37 in dié verband).

3.2 Nou

Die leksikale item *nou* het, soos *toe*, ander gebruike buiten temporele verwysing: dit word ook as ’n adjektief gebruik wat die teenoorgestelde as “wyd” beteken (voorbeeld 11), as ’n naamwoord wat “die hede” beteken [12], in vaste uitdrukkings waar die oorspronklike temporele betekenis weereens saamgesmelt het met die ander woorde om ’n nuwe betekenis te vorm [13], en weereens ook as diskoersmerker waar die temporele betekenis gedeeltelik of volledig verdwyn (voorbeeld 14, sien ook Van der Merwe 1996:95).

[11]...en oral streep die drentelaars uit tallose nou gange en sypaadjies uit. (1941–1950, Fiksie)

[12] Hy kom stadig terug na die nou toe en sy kop haak weer in. (2001–2010, Fiksie)

[13] Hij is daarom so nou en dan ’n ordentlike kerel, wat an sij ou vrinde dink. (1911–1920, Manuskrip)

[14] Nou ja, kom – dis laat. (1971–1980, Biografies)

Die gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van die woord *nou* word in tabel 5 gegee.

Die naamwoordgebruik van *nou* is besonder seldsaam en figureer eers in die laaste periode, en die gebruike as adjektief en in vaste uitdrukkings handhaaf ook deurgaans ’n lae frekwensie. Opmerklik is dat “nou en dan” die mees frekwente vaste uitdrukking in die eerste periode is (met 40 gebruiksinstanties), met die meer Nederlandse ekwivalent “nu en dan” ses keer en “nou die dag” twee keer gebruik. In die tweede periode is daar slegs vyf gebruike van “nou en dan” en twee van “nou die dag”, en in die laaste twee periodes kom die reduplikasiekonstruksie “nou-nou” vir die eerste keer voor (10 keer in die derde periode, en vier keer in die laaste periode).

TABEL 5: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *nou*

	1911–1920 ¹⁰		1941–1950		1971–1980		2001–2010	
adjektief	3		9		7		6	
naamwoord	-		-		-		2	
in vaste uitdrukkings	48		8		19		14	
diskoersmerker	228	23%	107	18%	112	19%	121	24%
temporele verwysing	733	72%	455	79%	442	76%	368	72%
TOTAAL	1012		579		580		511	

Die twee hoofgebruike van *nou* blyk dié van diskoersmerker en temporele verwysing te wees, met temporele verwysing wat die grootste proporsie uitmaak, net soos met *toe*. Terwyl die gebruiksgetalle self amper halveer deur die loop van die eeu (met beduidende verskille tussen veral die eerste twee maar ook die laaste twee periodes¹¹), is die proporsionele gebruik van die twee groter kategorieë min of meer stabiel.

Soos met *toe* is daar egter ook verskillende tipes temporele verwysing wat deur *nou* geënkodeer kan word. Daar is die absolute tydsverwysing waar *nou* na die spraakmoment verwys (voorbeeld 15). Beide Botha (1990:109) en Van der Merwe (1996:93-94) wys egter uit dat hierdie *nou* op 'n tydstop (tipies die spraakmoment) kan dui, maar ook 'n wyer begrip kan wees wat die spraakmoment insluit, deur Botha (1990:109) die omvangryke *nou* genoem. Van der Merwe (1996:94) wys verder uit dat die tydsduur waarop *nou* dui, uit die totale konteks sowel as die konvensies van die taalgemeenskap afgelei moet word. In Afrikaans word *nou* ook soms gebruik met verwysing na die onmiddellike verlede [16], dikwels in die kollokasie *nou net*, of die onmiddellike toekoms [17]. Daar is egter ook 'n relatief-absolute verwysingsfunksie van *nou*, waar dit op 'n spesifieke tydstop of tydperk in die verlede dui (voorbeeld 18). Dan is daar ook die relatiewe verwysingsfunksie van *nou*, wat op opeenvolging dui (Van der Merwe 1996:99), en in die presens [19] en die verlede tyd [20] gebruik kan word.

[15] Nicht Lenie het nou vertien kinders bij mekaar. (1911–1920, Manuskrip)

[16] Ek dink nou net daaraan, Pa... (1941–1950, Fiksie)

[17] “Die polisie is nou hier, kind,” pleit Ouma. (2001–2010, Fiksie)

[18] Maar nou was ek reg vir hom. (1971–1980, Fiksie)

[19] En nou maak die auteur 'n fantastiese draai. (1941–1950, Informatief)

[20] Hy het sy geld gemaak en nou het hy aangestap, op soek na nuwe uitdagings. (2001–2010, Geesteswetenskappe)

Die gebruiksgetalle van hierdie ses verskillende kategorieë van gebruike van *nou* met temporele verwysing word in tabel 6 gegee.

¹⁰ Die woordvorm *nu* is nog tydens hierdie periode gebruik; dit word vir die doeleindes van hierdie artikel as wisselvorm gereken en die gebruike daarvan word saam met dié van *nou* getel.

¹¹ Die resultate van 'n log waarskynlikheidstoets: vir al vier periodes gesamentlik 214.03; een tot twee 118.21; twee tot drie 0.02; drie tot vier 4.60.

TABEL 6: Gebruiksgetalle van verskillende temporele gebruike van *nou*

	1911–1920		1941–1950		1971–1980		2001–2010	
absolute hede	508	69%	313	69%	312	71%	252	69%
onmiddellike verlede	11		8		9		4	
onmiddellike toekoms	4		3		8		5	
verlede hede	34	5%	36	8%	22	5%	31	8%
opeenvolging presens	168	23%	86	19%	83	19%	66	18%
opeenvolging verlede	8		9		8		10	
TOTAAL	733		455		442		368	

Anders as met *toe*, waar die relatiewe tydsverwysing besondere voorkeur binne temporele verwysing geniet, is die gebruike van *nou* om die absolute hede aan te dui deurgaans net meer as twee-derdes van die totale temporele verwysings. Terwyl die totale gebruiksgetal weereens min of meer halveer, bly die verskillende gebruike proporsioneel relatief stabiel. Die relatiewe temporele verwysing in die verlede tyd is teenwoordig in elke periode, maar word telkens maar enkele kere gebruik, terwyl die verwysings na die onmiddellike verlede en toekoms ook telkens teenwoordig is, maar met slegs enkele gebruiksevalle.

3.3 Dan

Die laaste temporele adverbium wat ondersoek word, is *dan*. Net soos die vorige twee word *dan* ook vir ander funksies buiten temporele verwysing gebruik: in die eerste helfte van die eeu word dit nog in vergelykingskonstruksies gebruik soos wat slegs *as* vandag gebruik word [21], verder word dit ook in vaste uitdrukkings gebruik [22], en in 'n konteks waar dit as 'n diskoersmerker of aanduiding van voorwaardelikheid funksioneer [23].

[21] Selde het daar 'n gebeurtenis plaas gevind, wat 'n groter invloed op die gees en verbeelding van die tyd gehad het dan die Franse Omwenteling. (1911–1920, Geesteswetenskappe)

[22] ...of dit in die kiem geskied, al dan nie. (1941–1950, Informatief)

[23] Dan werk die trop mos vir die munisipaliteit. (2001–2010, Fiksie)

Die getalle van die verskillende gebruike van *dan* word in tabel 7 gegee.

TABEL 7: Gebruiksgetalle van die verskillende gebruike van *dan*

	1911–1920		1941–1950		1971–1980		2001–2010	
vergelykings-konstruksie	179	13%	11	1,5%	-		-	
in vaste uitdrukking	46	3,5%	10	1,5%	9	2%	8	2%
diskoersmerker	804	59%	439	60,5%	267	51%	189	47%
temporele verwysing	329	24,5%	263	36,5%	248	47%	207	51%
TOTAAL	1358		723		524		404	

Wat totale gebruiksgetalle betref toon *dan* die mees radikale vermindering van die drie woorde – die laaste periode se totaal is minder as ’n derde van die eerste periode s’n, wat ’n hoë graad van beduidendheid aantoon.¹² Hierdie radikale vermindering word aan die een kant meegehelp deur die algehele verdwyning van een van die gebruikskategorieë, maar ook die ander kategorieë toon ’n sterk afname in getalle. Die enigste vaste uitdrukking waarin *dan* in die eerste periode gebruik word is “n(o)u en dan” (soos reeds vroeër gerapporteer), terwyl die uitdrukkings “al dan nie” (vanaf tweede periode), “daar en dan” (derde periode) en “dan en wan” (laaste periode) sporadies kop uitsteek. *Dan* is verder die enigste van die drie woorde wat nie deurgaans voorkeur toon vir temporele verwysing nie, en die gebruik in voorwaardes en diskoersmerkers maak vir die eerste drie periodes die grootste kategorie uit, wat in die laaste periode net-net deur temporele verwysing verbygesteek word.

Die verskeidenheid van temporele verwysings waarvoor *dan* aangewend kan word is ook groter as die voorafgaande twee woorde. *Dan* kan vir absolute tydsverwysing gebruik word om na die toekoms [24] te verwys. Dit word ook gebruik om relatiewe tyd aan te dui in terme van opeenvolging (Van der Merwe 1996:102), in die verlede [25], die toekoms [26] en in sinne wat in die hede afspeel of waar algemeen-geldende waarhede in die presens uitgedruk word [27]; en dit word gebruik om oorvleuelende gebeurtenistyd aan te dui in die verlede [28] en die hede [29]. Dit is belangrik om op te merk dat *dan* sigself verleen tot gebruik in die historiese presens, en in daardie geval is dit steeds onder “verlede” gereken, omdat dit na die verlede verwys ongeag van die grammatikale kenmerke van die formulering.

[24] Hulle is seker hy sal weer terugkom en dan wil hulle reg wees vir hom. (2001–2010, Fiksie)

[25] Schuurman (l.c.) het byvoorbeeld van haar materiaal oorgebring na ’n 0.4mm. gegradeerde telkamertjie en dan mikroskopies ondersoek. (1941–1950, Natuurwetenskappe)

[26] “Ons slaan hom uit en dan gooi ons hom terug oor die muur,” is sy plan. (2001–2010, Fiksie)

[27] Draai dit dan toe en om met mooi uitgevlegte mielieblaar-touw. (1911–1920, Informatief)

[28] Leyds het Chamberlain ook verwittig dat hy oor ’n paar dae in Londen sou wees en dan te eniger tyd vir samesprekings tot Chamberlain se beskikking sou wees. (1971–1980, Geesteswetenskappe)

¹² Die resultate van ’n log waarskynlikheidstoets: vir al vier periodes gesamentlik 658.61; een tot twee 195.23; twee tot drie 30.80; drie tot vier 15.97.

[29] Die leiers doen na elke biduur verslag ... Annamarie kan dan daaraan aandag skenk.
(1971–1980, Informatief)

Die getalle van die verskillende temporele gebruike van *dan* word in tabel 8 gegee.

TABEL 8: Gebruiksgetalle van die verskillende temporele verwysings van *dan*

	1911–1920		1941–1950		1971–1980		2001–2010	
absolute toekoms	3	1%	5	2%	11	4,5%	15	7,5%
opeenvolging: verlede	26	8%	24	9%	15	6%	21	10%
opeenvolging: hede	248	75%	189	72%	168	68%	112	54%
opeenvolging: toekoms	41	12%	42	16%	40	16%	46	22%
oorvleueling: verlede	9	3%	1	0,4%	4	1,5%	6	3%
oorvleueling: hede	2	1%	2	0,6%	10	4%	7	3,5%
TOTAAL	329		263		248		207	

Wat temporele verwysing betref is daar 'n beduidende afname in totale gebruiksgetalle,¹³ hoewel nie so radikaal soos met die ander twee woorde nie. Soos met *toe* maak *dan* se relatiewe temporele verwysings die grootste hoeveelheid van die gebruike uit, hoewel die opeenvolging in die hede proporsioneel verminder van driekwart na net oor die helfte. Die twee gebruike wat in getalle en proporsie toeneem, is absolute toekomsverwysing en opeenvolging in die toekoms, hoewel dit in die laaste periode steeds minder as 'n derde van die totale temporele gebruike uitmaak. Van die kategorieë se gebruiksgetalle is egter besonder laag, en geen verdere uitsprake kan oor die gebruik van *dan* gemaak word nie.

3.4 Meer spesifieke temporele adverbialia

Die temporele gebruike van *toe*, *nou* en *dan* wat reeds ondersoek is, neem al drie tot 'n mindere of meerdere mate af deur die loop van die eeu, wat potensieel uitsprake wat verskeie dekades gelede oor hierdie woorde gemaak is, in 'n ander lig kan plaas. Terwyl moontlike buitetalige oorsake van hierdie vermindering in die gevolgtrekking verreken word, is dit sinvol om kortliks die gebruik van ander temporele adverbialia te ondersoek. Na aanleiding van die tydsaanduidende konjunksiemerkers wat deur Van Rooy en Esterhuizen (2011:76) gebruik word, is daar 'n aantal potensieële temporele adverbialia in hierdie studie se korpusse geïdentifiseer wat moontlik 'n gedeelte van die bogenoemde adverbialia se funksionele lading kon oorgeneem het. Slegs adverbialia wat twintig keer of meer in een of meer van die korpusse gebruik word, is in berekening gebring. Daar is 'n aantal wat aan hierdie vereiste voldoen, maar geen toename of afname toon nie, naamlik *gedurende*, *gelede*, *intussen*, *saans*, *vandag* en *vroeër*. Daar is egter 'n groter aantal wat wel toeneem met verloop van tyd, wat in tabel 9 aangedui word.

¹³ Die resultate van 'n log waarskynlikheidstoets: vir al vier periodes gesamentlik 28.32; een tot twee 7.20; twee tot drie 0.36; drie tot vier 3.84.

TABEL 9: Gebruiksgetalle van addisionele temporele adverbiala

	1911–1920	1941–1950	1971–1980	2001–2010
deesdae	0	3	9	30
later	153	166	195	173
nadat	35	75	59	111
sedert	28	33	31	47
tans	12	24	25	57
terwyl	160	166	169	222
tydens	7	31	98	97
voordat	27	61	45	78
wanneer	107	175	190	227
TOTAAL	529	734	821	1042

In isolasie beskou wys slegs *terwyl* en *wanneer* deurlopende toename met gebruiksfrekwensie wat hoog genoeg is om werklik 'n impak op ander temporele adverbiala te hê. Gesamentlik wys hierdie temporele adverbiala egter op 'n tendens waarin meer spesifieke temporele adverbiala toenemend in Afrikaans aangewend word, wat aandui dat die afname in die temporele gebruike van *toe*, *nou* en *dan* nie 'n verlies van temporele inligting behels nie, maar 'n sistematiese verspreiding van funksionele lading na ook ander, meer spesifieke en minder situasiegebonde adverbiala.

4. GEVOLGTREKKING: DIE VERFORMALISERING VAN DIE AFRIKAANSE SKRYFTAAL

Dit blyk uit die data dat die drie algemene temporele adverbiala wat ondersoek is, naamlik *toe*, *nou* en *dan*, se totale temporele gebruiksgetalle (asook buiten *toe* die totale gebruiksgetalle) merkbaar afgeneem het. Die verspreiding van funksionele lading om toenemend meer spesifieke en minder situasiegebonde temporele adverbiala in te sluit is reeds aangedui as 'n moontlike faktor in die daling van die meer algemene adverbiala.

'n Verdere potensiele verklarings vir die frekwente gebruik in die eerste periode (en toenemende verskuiwing na meer spesifieke opsies daarna) het moontlik met die groter sosio-kulturele konteks te doen – die formele standaardisering van Afrikaans het pas 'n aanvang geneem, en skoolopleiding en hoë vlakke van geletterdheid was hoegenaamd nie vanselfsprekend vir 'n groot deel van die taalgemeenskap nie. Die gebruik van temporele adverbiala val in Biber (1998:148) se kategorie van aanduiders van situasiegebonde taalgebruik, en diskoersmerkers ('n ander prominente gebruik van al drie die bogenoemde adverbiala) val onder sy aanduiders vir betrokke (teenoor informatiewe) taalgebruik. In die gegewe sosio-historiese konteks maak die frekwente gebruik van die meer algemene temporele adverbiala, wat kenmerkend is van informele, gesproke taal, in die eerste periode sin, terwyl die afname daarvan sedertdien (en verskuiwing na meer spesifieke, minder situasiegebonde, moontlik meer gesofistikeerde opsies) toegeskryf kan word aan die toenemende

standaardisering en verformalisering van Afrikaans. Die toenemende formaliteit en sofistikasie van die eise wat aan die taal gestel is, het die verformalisering daarvan aangehelp, wat die meer spesifieke en gesofistikeerde uitdrukkings aantrekliker keuses gemaak het. Terwyl die standaardisering van Afrikaans al tot 'n groot mate verken is en in heelwat navorsing verreken word, is dit nie die geval met die onderliggende verformalisering van die taal nie. Hierdie tendens kan belangrike implikasies in terme van taalverandering (buiten dié wat in hierdie artikel beskryf word) hê, wat verder in toekomstige navorsing ondersoek kan word. Dit is ook nodig om in gedagte te hou dat, gegewe die immer-veranderende sosio-kulturele konteks van enige gegewe taal, hierdie tendens nie noodwendig onbepaald gaan voortduur nie. Dit herinner dat grammatikas van verskeie dekades oud nie onkrities as geldig aanvaar kan word nie, en dat sodanige beskrywings voortdurend op datum gehou of selfs vervang behoort te word.

BIBLIOGRAFIE

- Biber, D, Conrad, S & Reppen, R. 1998. *Corpus Linguistics: Investigating Language Structure and Use*. New York: Cambridge University Press.
- Botha, W.J. 1990. Deiktiese tydsverwysing. *Acta Academica*, 22(3):102-115.
- Comrie, B. 1985. *Tense*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Conradie, C.J. 1996. "En *toen* was er koffie..." Die bywoord *toe(n)* as narratiewe merker in Afrikaanse en Nederlandse vertellings. *Taal en Tongval*, 9:67-75.
- Conradie, C.J. 1998. Tempusgebruik in Afrikaanse narratiewe. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(2):37-43.
- Deo, A. 2012. In Binnick, R.I. (ed.). *The Oxford Handbook of Tense and Aspect*. Oxford: Oxford University Press, pp.155-183.
- De Villiers, M. 1971. *Die grammatika van tyd en modaliteit*. 2de druk. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Klein, W. 2008. Time in Language, Language in Time. *Language Learning*, 58(Suppl. 1):1-12.
- Leech, G., Hundt, M., Mair, C. & Smith, N. 2010. *Change in Contemporary English: A Grammatical Study*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mair, C. 2006. *Twentieth-Century English: History, Variation and Standardization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Nicolle, S. 2012. In Binnick, R.I. (ed.). *The Oxford Handbook of Tense and Aspect*. Oxford: Oxford University Press, pp.370-397.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Reppen, R., Fitzmaurice, S.M. & Biber, D. 2002. *Using Corpora to Explore Linguistic Variation*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins.
- Van der Merwe, T. 1996. *Nou, toe en dan* as temporele leksikale elemente in Afrikaans. *Literator*, 17(2):91-104.
- Van Rooy, B. 2014. Progressive aspect and stative verbs in Outer Circle varieties. *World Englishes*, 33(2):157-172.
- Van Rooy, B. & Esterhuizen, I. 2011. Die gebruik van konjunksiemerkers by nagraadse studente en gepubliseerde navorsing oor Afrikaanse taal- en letterkunde. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 45(1):67-86.
- Van Wyk, T. 2009. *Tempusgebruik in Afrikaanse narratiewe tekste*. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. (Skripsie – MA.)
- Wybenga, D.M. 1993. Gewete en waargenome wêreld: 'n tekstuele perspektief op Afrikaanse tydsuitdrukking. *South African Journal of Linguistics*, 24(2):15-30.
- Zug, J. 2011. *The use of the preterite and the present perfect in English and German. A contrastive analysis*. Oslo: Universitetet i Oslo (MA-thesis).

Aspek in Afrikaans: 'n Teoretiese beskrywing

Aspect in Afrikaans: A theoretical description

ADRI BREED

Afrikaans en Nederlands, Skool vir Tale

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-mail: Adri.Breed@nwu.ac.za



Adri Breed

ADRI BREED is dosent in Afrikaanse taalkunde aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus. In 2007 voltooi sy haar Meestersgraad in Afrikaanse letterkunde (Skryfkuns) aan die NWU en in 2012 haar PhD in Afrikaanse taalkunde. Sy spandeer ongeveer tien maande van haar studietydperk in Antwerpen, België. Adri is vir etlike jare by die ATKV-Skryfskool betrokke as fasiliteerder. In haar vrye tyd hou sy haarself besig met vryskut video produksies en regiewerk en sy skryf ook graag gedigte, teaterstukke en draaiboeke wanneer die geleentheid hom voordoen.

ADRI BREED is a lecturer in Afrikaans linguistics at the North-West University (NWU). She completed her Master's degree in Afrikaans Literature (Creative Writing) in 2007 and her PhD in Afrikaans linguistics in 2012, both at the NWU. She spent almost ten months of her study term in Belgium. Related interests include freelance video productions, editing, as well as, on occasion, writing poetry, drama and film scripts.

ABSTRACT

Aspect in Afrikaans: A theoretical description

The Afrikaans verb system distinguishes between past, present and future tense, but is ambiguous with regard to aspectual interpretation. Whereas English has different formal ways to specify aspectual meaning (for example the differences between the past situations indicated by drank, has drunk, had drunk and was drinking) the het ge past tense can be used in Afrikaans for all four these aspectual past tense meanings (namely het gedrink). Afrikaans is therefore regarded as a non-aspectual language (cf. Bylund et al. 2013:932).

The aspectually ambiguous nature of the Afrikaans verb system has a far-reaching effect on the manner in which the Afrikaans grammar in the Afrikaans academic literature is described or understood. Firstly, there is a view that the verbal form of Afrikaans is inadequate to express certain aspectual nuances and meanings in the same way as, for instance, English (cf. Brink 1976:93; De Villiers 1962:250; Du Toit 1940:250; Meyer 2010; Paul 2010; Visser 2012; Wybenga 1983:1). Secondly, expressions such as "easy", "simplified", "lacking a real system" and "problematic" have been used to describe temporal expression in Afrikaans (cf. Anon 2010; Britz 2002; De Villiers 1962:59). Some scholars even assume that Afrikaans "has no aspect" (cf. Van der Merwe 1968a:281).

However, these statements are contentious as it is indeed possible to distinguish between different aspectual meanings in Afrikaans. Although verb inflection is not really used to make these distinctions, other linguistic strategies such as phrasal and lexical constructions can be employed.

A possible reason for the above-mentioned views is the fact that Afrikaans aspectual expressions have not yet been researched or described adequately. In fact, since 1940, only ten Afrikaans publications on aspect have been published (cf. Breed 2012:7-14). However, in my opinion, these publications do not offer a good explanation of the different ways in which aspect can be expressed in Afrikaans, and therefore fail to contribute to a better understanding of aspectual expressions in Afrikaans.

This article endeavours to fill the dual void by offering a general theoretical description of aspect in Afrikaans, and secondly by systematically presenting the different linguistic strategies that are used in Afrikaans to express aspectual meaning.

By means of a search on the “Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT)”, ten Afrikaans publications were found that offer a theoretical description or definitions of aspect, i.e. Broos (1960), De Villiers (1942, 1948, 1951, 1962, 1968), Labuschagne (1968), Louw (1987), Potgieter (1982), Scholtz (1940), Van der Merwe (1968b), Van Niekerk (1997) Visser (1968) and Wybenga (1983). This literature is useful to form an overall conceptual framework of aspect in Afrikaans, and also to identify some aspectual expressions in Afrikaans. However, it is inadequate to serve as theoretical framework for the description of aspect in Afrikaans for the following reasons:

The publications on Afrikaans aspect do not seem to have taken cognisance of contemporary international research findings on aspect in general.

It is difficult to understand and distinguish the definitions and classifications of aspectual meanings made in the Afrikaans literature. There is little agreement between the definitions or classifications given in the different publications for the various aspectual meanings (e.g. the conative, causative, iterative, momental, punctual, ingressive and inchoative), and the description and classification of the perfective and imperfective meanings given in the relevant publications do not agree with contemporary international views on aspect (for example those of Binnick 1991; Bybee et al. 1994; Bybee 2003, Comrie 1976, 1985; Dahl 1985; Langacker 1991; McCawley 1971).

I consider the classification and definitions offered in the literature for aspectual meanings in Afrikaans unclear, incongruous and mostly incompatible. Apart from some references to Lyons (1977) and Jespersen (1965), non-South African sources on aspect are seldom referred to.

It is still not clear which constructs or methods are being used by Afrikaans speakers to express aspectual meaning.

According to the received linguistic view of grammatical aspect, it has to do with the point of view from which a situation is perceived. A situation can be viewed from two perspectives. Firstly, it can be viewed as a whole, with the boundaries of the situation included, for example The dog drank the water. This approach is called the perfective aspect. Secondly, a situation can be viewed with a focus on the internal temporal structure of the situation, for example The dog is drinking the water. This approach is called the imperfective aspect. All other aspectual meanings, (for example the habitual aspect such as Elephants eat leaves or the frequentative aspect such as He visits her often) can be regarded as a subtype of one of these two aspectual distinctions.

A further distinguishable temporal-aspectual construction, namely the perfect or the anterior, is also relevant to this discussion. The anterior does not stand as a structure in opposition to the perfective or imperfective, but involves multiple points in time and should therefore be dealt with slightly differently than simply to be categorised as grammatical aspect. The two terminologies, namely the perfective and the perfect are often confused with each other or treated as synonyms,

but are inherently different. In some traditions, the perfect is rather regarded as a tense category (cf. Comrie 1976:52). The anterior specifies that a process in the past has an effect on a subsequent situation, as it results in a state situation. The expression does not reveal anything about the situation itself, but places the situation in a particular context. Further descriptions and classifications of subtypes are addressed in the article.

Although Afrikaans does not use verb inflection to distinguish aspectual meaning as in English, five linguistic strategies are used to specify aspectual meaning, namely i) lexical constructions such as adverbs and conjunction; ii) affixation; iii) reduplication; iv) passive constructions; and v) periphrastic constructions.

KEYWORDS: anterior, aspect, imperfect, perfect, tense

TREFWOORDE: anterior, aspek, imperfektief, perfektief, perfektum, tempus

OPSOMMING

Die Afrikaanse werkwoordstelsel onderskei tussen verlede, hede en toekoms (met ander woorde tussen verskillende tempusbetekenis), maar is meerduidelik met betrekking tot grammatikaal-aspektuele betekenis. Die Afrikaanse werkwoord spesifiseer nie op 'n verpligte wyse 'n onderskeid tussen perfektiewe, anterior- of imperfektiewe betekenis nie. Die ongemerkte stamvorm (in die hede) en die *het ge*-vorm (in die verlede) word gebruik om hierdie verskillende aspektuele betekenis uit te druk. Afrikaans kan derhalwe geklassifiseer word as 'n nie-aspektuele taal (vergelyk Bylund 2013:932). Die aspektuele meerduidelikheid van Afrikaans het 'n verreikende effek op die wyse waarop hierdie taal se grammatika in die Afrikaanse akademiese literatuur beskryf of verstaan word. Daar bestaan onder sommige skrywers die siening dat die werkwoordelike vorm van Afrikaans onvoldoende is om sekere aspektuele nuanses en betekenis uit te druk (vergelyk Brink 1976:93; De Villiers 1962:250; Du Toit 1940:250; Meyer 2010; Paul 2010; Visser 2012; Wybenga 1983:1). Beskrywings soos “maklik”, “vereenvoudig”, “sonder 'n werklike sisteem” en “problematies” is al gebruik om die Afrikaanse grammatikale temporele uitdrukking te beskryf (vergelyk Anon 2010; Britz 2002; De Villiers 1962:59). Die aanname bestaan selfs by sommige skrywers dat Afrikaans “geen aspek het nie” (vergelyk Van der Merwe 1968a:281). 'n Moontlike rede vir hierdie sienings is die feit dat die uitdrukking van aspek in Afrikaans nog nie voldoende nagevors of beskryf is nie. Die enkele bestaande publikasies oor die onderwerp bied nie 'n goeie verduideliking van die begrip “aspek” nie, en dui nie voldoende die verskillende wyses waarop aspek in Afrikaans uitgedruk kan word, aan nie. Hierdie artikel probeer die tweeledige leemte vul deur eerstens 'n algemeen-teoretiese beskrywing van aspek aan te bied, en tweedens op 'n sistematiese wyse aan te toon watter linguïstiese strategieë in Afrikaans aangewend word om aspektuele betekenis uit te druk.

1. INLEIDING: ASPEK IN AFRIKAANS

*Tempus*¹ en *aspek* is dimensies van die konstruering van temporele situasies. *Tempus* bied die deiktiese temporele inligting van 'n situasie aan (dit is die hede, verlede en toekoms), terwyl *aspek* nie die deiktiese temporele inligting (byvoorbeeld die duur, frekwensie, oogpunt en interne temporele struktuur) aanbied nie. Sekere tale, soos Engels, het 'n werkwoordelike stelsel wat op

¹ Hierdie artikel is gebaseer op 'n gedeelte uit die studie van Breed (2012), begelei deur Frank Brisard en Gerhard van Huyssteen, wat deur die Nasionale Navorsingstigting, Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek en Noordwes-Universiteit befonds is. Die twee anonieme keurders word ook bedank vir hul waardevolle bydrae tot die verbetering van die artikelinhoud.

verpligte en niemeerduidige wyse tussen tempus en 'n aantal aspektuele betekenis onderskei. Hierdie tale staan bekend as aspektuele tale. Ander tale, soos Afrikaans, maak nie op verpligte wyse hierdie onderskeid nie, en word as nie-aspektuele tale geklassifiseer. Bylund et al. (2013:932) verduidelik dat beide sogenaamde aspektuele en nie-aspektuele tale van leksikale en perifrastiese strategieë kan gebruik maak om aspektuele betekenis te spesifiseer, maar dat nie-aspektuele tale (soos Afrikaans) verskil van aspektuele tale (soos Engels) op twee wyses: "First, [non-aspectual languages] do not encode aspectual contrasts on an obligatory scale, and second, the constructions used to convey such contrasts typically have limited application and are only combinable with certain verb types". Vergelyk die volgende Engelse voorbeelde:

- | | |
|--|----------------------------|
| (1) <i>The dog drank the water.</i> | (Simple Past) ² |
| (2) <i>The dog was drinking the water.</i> | (Past Progressive) |
| (3) <i>The dog had drunk the water.</i> | (Past Perfect) |
| (4) <i>The dog drinks the water.</i> | (Simple Present) |
| (5) <i>The dog is drinking the water.</i> | (Present Progressive) |
| (6) <i>The dog has drunk the water.</i> | (Present Perfect) |

Engels maak, soos genoem, op verpligte wyse van verskillende vormlike konstruksies gebruik om hierdie deiktiese en niedeiktiese temporele onderskeibare betekenis uit te druk. Die tempus van voorbeeldsinne (1) tot (3) (dus deiktiese temporele inligting) is verlede tyd, terwyl die tempus van voorbeeldsinne (4) tot (6) hedetyd is. Die aspektuele betekenis van hierdie sinne is egter ook duidelik. Sinne (2) en (5) dui byvoorbeeld onderskeidelik aan dat die hond op 'n gegewe oomblik (hetsy in die verlede of die hede) besig was of is om water te drink, en sinne (3) en (6) dui byvoorbeeld aan dat die hond op 'n tydstep in die verlede die water gedrink het, en dat die resultaat van hierdie aksie nog relevant is of was vir 'n tydperk daarna.

Die Engelse spreker is egter beperk ten opsigte van watter konstruksies gebruik kan word om sekere aspektuele betekenis uit te druk, aangesien daar aspektuele ooreenkomste moet wees in die hoofsin en bysin(ne) van 'n saamgestelde sin. Dit is die rede waarom sinne (7) en (8) as ongrammatikaal gereken word. In (7) is dit semanties en grammatikaal nie toelaatbaar om 'n anteriorkonstruksie soos *has drunk* te gebruik in 'n *simple past*-konteks (wat deur *drank* geïmpliseer word) nie. Eweneens kan 'n situasie nie as voortgeset aangebied word (soos in sin (8) deur *was drinking* geïmpliseer word) in 'n afgehandelde of voltooide situasie nie (soos deur *had mopped* geïmpliseer word).

- (7) **The dog has drunk the water and the cat drank the milk.*³
 (8) **The dog was drinking the water while I had mopped the floor.*

In Afrikaans word hierdie verskillende aspektuele betekenis egter nie noodwendig op 'n eksplisiete wyse aangedui nie. Sinne (1) tot (3) en (6) kan byvoorbeeld almal vertaal word as (9), en sinne (4) en (5) kan vertaal word as (10):

- (9) *Die hond het die water gedrink.*
 (10) *Die hond drink die water.*

² Die verskillende aspektuele betekenis word in Afdeling 3 van die artikel bespreek. Voorbeeldsinne (1) - (16) is geneem uit Breed (2013), waar die meerduidigheid van aspektuele konstruksies in Afrikaans ook kortliks bespreek word. Alle ander voorbeeldsinne is geneem uit die Taalkommissiekorpus (2011), tensy anders aangedui.

³ Die asterisk (*) word deurgaans gebruik om aan te dui dat 'n bepaalde voorbeeldsin ongrammatikaal is.

Waar Engels dus van verskillende werkwoordvorme gebruik maak om die aspektuele betekenis in die verlede te spesifiseer (soos *drank*, *was drinking*, en *had drunk* in sinne (1) tot (3)), gebruik Afrikaans die enkele aspektueel meerduidige *het ge-verledetydvorm* (soos *het gedrink* in sin (9)). Net so gebruik Engels verskillende vorme van die werkwoord vir hierdie aspektuele onderskeid in die hede (soos *drinks*, *is drinking* en *has drunk* in sinne (4) tot (6)), terwyl Afrikaans slegs die aspektueel meerduidige stamvorm van die werkwoord gebruik (soos *drink* in sin (10)). Afrikaans kan immers hierdie twee werkwoordvorme (te wete die *het ge*-vorm vir die verlede en die ongemerkte stamvorm vir die hede) gebruik om die genoemde aspektuele betekenis te impliseer, soos geïllustreer word in die onderstaande sinne:

- (11) Die hond **het** die water **gedrink**, en die kat **het** die melk **gedrink**. (Simple past)⁴
 (12) Die hond **het** die water **gedrink** terwyl ek die vloer **gewas het**. (Past Progressive)
 (13) Die hond **het** die water **gedrink** en **was** dus nie meer dors nie. (Past Perfect)
 (14) Die hond **drink** die water, en die kat **drink** die melk. (Simple Present)
 (15) Die hond **drink** die water terwyl ek die vloer **was**. (Present Progressive)
 (16) Die hond **het** die water **gedrink** en **is** dus nie meer dors nie. (Present Perfect)

In Breed (2013:3-5) word aangetoon dat die aspektueel meerduidige aard van die Afrikaanse werkwoordsstelsel 'n verreikende effek het op die wyse waarop die Afrikaanse grammatika in die Afrikaanse akademiese literatuur beskryf of verstaan word. Eerstens bestaan daar onder sommige taalkundiges en skrywers die siening dat die werkwoordelike vorm van Afrikaans onvoldoende is om op soortgelyke wyse as byvoorbeeld Engels sekere nuanses en betekenis uit te druk (vergelyk Brink 1976:93; De Villiers 1962:250; Du Toit 1940:250; Meyer 2010; Paul 2010; Visser 2012; Wybenga 1983:1). Tweedens is uitdrukkings soos “maklik”, “vereenvoudig”, “sonder 'n werklike stelsel” en “problematies” al gebruik om die Afrikaanse tydsuitdrukking te beskryf (vergelyk Anon 2010; Britz 2002; De Villiers 1962:59). Die aanname bestaan by party outeurs dat Afrikaans “geen aspek het nie” (vergelyk Van der Merwe 1968a:281).

Hierdie stellings is egter aanvegbaar, want, soos later in die artikel aangetoon sal word, is dit wel moontlik om 'n onderskeid te maak tussen verskillende aspektuele betekenis in Afrikaans (vergelyk ook Breed 2013:6). Hoewel daar nie van werkwoordinfleksie^{5,6} gebruik gemaak word om hierdie onderskeidings te maak nie, word ander linguïstiese strategieë aangewend om hierdie onderskeidings te maak. Hierdie strategieë word in Afdeling 4 van die artikel bespreek.

'n Moontlike rede vir die sienings en beskrywings wat hierbo aangetoon is, kan toegeskryf word aan die feit dat aspek in Afrikaans nog nie voldoende nagevors of beskryf is nie. Behalwe vir enkele publikasies, naamlik Breed (2013), wat aantoon wat die verskil tussen temporele en aspektuele betekenis in Afrikaans is, en Breed en Brisard (2015) en Breed en Van Huyssteen (2014; 2015), wat hoofsaaklik op die beskrywing van die drie perifrastiese progressiewe⁷ konstruksies fokus, het daar vanaf 1940 tot op hede maar tien publikasies in Afrikaans verskyn wat aspektuele

⁴ Die Engelse terme word aangewend ter wille van duidelikheid en vergelykbaarheid met voorbeeldsinne (1) tot (6).

⁵ Oor die sogenaamde “preteritumverlies” kan veral Conradie (o.m. 1998a; 1998b; 1999) en verder ook Kirsten (2012; 2013; 2016) geraadpleeg word.

⁶ Sommige modale hulpwerkwoorde, sowel as enkele werkwoorde soos *hê* en *wees*, word wel geïnflekter om die verlede tyd aan te dui. Aangesien hierdie werkwoordvorme egter as uitsonderings gereken kan word en ook nie spesifiek aspektuele betekenis uitdruk nie, word dit nie betrek by die argument van die artikel nie.

⁷ Die drie perifrastiese progressiewe konstruksies, is naamlik die *aan die V wees*, *besig wees om te V* en *sit/staan/lê/loop en V*.

betekenis bespreek (vergelyk Breed 2012:7-14). Boonop, soos in Afdeling 2 aangetoon sal word, bied hierdie laasgenoemde publikasies myns insiens nie 'n goeie definisie van verskillende aspektuele betekenis nie, en ook nie 'n voldoende verduideliking van die verskillende wyses waarop aspektuele betekenis in Afrikaans uitgedruk kan word nie. Die bestaande literatuur dra derhalwe nie genoegsaam by tot 'n beter begrip van aspektuele uitdrukking in Afrikaans nie (vergelyk ook Butler 2016 se opmerking oor die beskrywing van deelwoord in die Afrikaanse literatuur).

Die doel van hierdie artikel is derhalwe nie om nuwe navorsing oor aspek in Afrikaans aan te bied nie, maar eerder om 'n tweeledige teoretiese leemte in die Afrikaanse taalkunde te vul. Eerstens word daar gepoog om 'n teoretiese beskrywing van grammatikale aspek aan te bied. Hierdie beskrywing moet resoneer met 'n algemeen-tipologiese beskouing van aspek en dit behoort bruikbaar en relevant te wees vir Afrikaanse navorsers en studente wat tans op tempus en aspek, asook ander relevante studieonderwerpe, wil werk. Tweedens word die mees prototipiese linguistiese strategieë wat in Afrikaans (as nie-aspektuele taal) aangewend word om verskillende aspektuele betekenis te onderskei en te spesifiseer, sistematies uiteengesit en met voorbeelde toegelig.

2. BESTAANDE LITERATUUR OOR ASPEK IN AFRIKAANS

Met behulp van 'n soektog op die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT) is, náas die van Breed en medeouteurs, tien publikasies gevind waarin 'n teoretiese beskrywing of definisies van aspek aangebied word, te wete Scholtz (1940), De Villiers (1942, 1948, 1951, 1962, 1968), Broos (1960), Van der Merwe (1968a; 1968b), Visser (1968), Labuschagne (1968), Potgieter (1982), Wybenga (1983), Louw (1987) en Van Niekerk (1997).

Die literatuur wat beskikbaar is rakende aspektuele uitdrukking in Afrikaans, is nuttig om 'n oorsigtelike begrip te vorm van aspektuele begrippe, en verder ook om enkele aspektuele uitdrukkings in Afrikaans te identifiseer. Dit is egter om die volgende redes onvoldoende om as teoretiese beskrywing van aspek te dien:

Eerstens is die vername teoretiese ontwikkeling binne verskillende paradigmas wat hulle met aspek besig hou, nie juis in die Afrikaanse literatuur bestudeer nie, en gevolglik is vername insigte uit daardie werk nie benut om Afrikaans beter te verstaan nie. Die mees sentrale (oftewel “klassieke”) bronne oor aspek, sowel as onlangse en internasionale navorsing wat vanuit 'n taaltipologiese perspektief oor aspektuele betekenis gedoen is, byvoorbeeld dié van Robert Binnick (o.m. 1991; 2005; 2006; 2012), Joan Bybee (o.m. 1995; 2003), Bernard Comrie (o.m. 1976; 1985) en Östen Dahl (o.m. 1985; 2001; 2006; 2007), word nie gereflekteer in die Afrikaanse literatuur nie. Hoewel 'n hele aantal van hierdie toonaangewende bronne reeds gepubliseer was vóór die Afrikaanse bronne oor aspek verskyn het, is daar, behalwe vir enkele verwysings na Lyons (1977) en Jespersen (1965), deurgaans selde verwys na nie-Suid-Afrikaanse bronne oor aspek. Dit wil voorkom asof die Afrikaanse literatuur oor aspek in hierdie opsig as 'n “teoretiese eiland” funksioneer. Dit kan tot gevolg hê dat daar verkeerdelik die idee geskep word dat die aspektuele kategorieë van Afrikaans taalspesifiek en uniek is, en anders ingedeel en beskryf behoort te word as ooreenstemmende betekenis of konstruksies in ander tale.

Tweedens is dit moeilik om die definisies en indelings wat in die Afrikaanse literatuur van aspektuele betekenis gemaak word, te verstaan of te onderskei. Hoewel daar in meerdere of mindere mate ooreenstemming is tussen die definisies wat aangebied word vir duratiewe en perfektiewe aspek, word ander kategorieë van aspektuele betekenis (byvoorbeeld die konatief, kousatief, iteratief, momenteel, punktuëel, ingressief en inchoatief) in die onderskeie bronne verskillend geïnterpreteer. Dit blyk dat elke navorsers 'n eie indeling maak van aspektuele betekenis, maar in

dié verband die indeling van Scholz (1940) as basis gebruik. Oor die algemeen is die indeling en definisies wat in die literatuur vir aspektuele betekenis in Afrikaans aangebied word dus onduidelik, nie-ooreenstemmend en meestal onversoenbaar. Hierdie probleem is egter nie slegs op die Afrikaanse literatuur van toepassing nie. Louwrens (1994:117-118) dui byvoorbeeld aan dat die wyse waarop aspek in Bantutale beskryf word, ook teoreties ontoereikend is. Die hoop is dus dat hierdie artikel ook vir ander taalstudies nuttig sal wees.

Dit lyk asof die mees aanvaarde definisie wat in die bestaande Afrikaanse literatuur vir perfektiwiteit gebruik word, stel dat dit aandui dat 'n situasie “voltooi is of word” (vergelyk byvoorbeeld Scholtz 1940:154, Van der Merwe 1968a:265-281, Visser 1968:36-37, Labuschagne 1968:19-24 en Wybenga 1983:32). Verder word duratiwiteit en imperfektiwiteit in 'n hele aantal bronne as sinonieme van mekaar aangebied (vergelyk Scholtz 1940:158, Van der Merwe 1968a:265-281, Visser 1968:36-37 en Wybenga 1983:29-35). Soos egter aangetoon sal word, word perfektiwiteit in hierdie artikel gedefinieer as 'n oogpunt wat die begin- en eindpunte van die situasie insluit. Dit gaan dus volgens hierdie beskouing nie soseer oor die voltooidheid van die situasie nie, maar eerder oor die *begrensdeheid* van die situasie. Dit wil dus voorkom asof die genoemde outeurs die twee onderskeibare aspektuele betekenis, naamlik die *perfektief* en die *perfektum*, aan mekaar gelykstel of selfs met mekaar verwar. Soos daar verder ook aangetoon sal word, staan imperfektiwiteit en perfektiwiteit teenoor mekaar. *Duratiwiteit* word verder as 'n tipe progressiewe imperfek beskou. Imperfektiwiteit word in hierdie artikel gedefinieer as 'n oogpunt wat 'n situasie beskou as onbegrens, en die fokus is derhalwe op die interne temporele struktuur van die situasie. In hierdie artikel het imperfektiwiteit (oftewel duratiwiteit, soos in sommige bronne daarna verwys word), anders as wat in die meeste Afrikaanse bronne oor aspek gestel word, dus nie uitsluitlik te make met die *duur* van die situasie nie.

Derdens bespreek die genoemde literatuur die begrip “aspek” hoofsaaklik vanuit 'n taalfilosofiese perspektief en bied 'n oppervlakkige bespreking van spesifieke aspektuele konstruksies. Die verskillende wyses waarop aspek in Afrikaans uitgedruk word, word nêrens sistematies in die bestaande Afrikaanse literatuur bespreek of met voorbeelde toegelink nie.

Uit die voorafgaande kritiese bespreking van die bestaande Afrikaanse literatuur oor aspek in Afrikaans, is twee leemtes duidelik: eerstens moet die analise en beskrywing van aspek in Afrikaans in die kontemporêre algemene linguïstiese diskoers ingebed word, en tweedens moet 'n omvattende empiriese studie van die verskillende uitdrukkingswyses van aspek in Afrikaans gedoen word.

In die opvolgende gedeelte word derhalwe 'n nuwe Afrikaanse bespreking van aspek aangebied.

3. ASPEK – 'N TEORETIES-TIPOLOGIESE BESKRYWING

Die wyse waarop aspek in die Afrikaanse taalkunde aangebied word, behoort nie teenstrydig te wees met die wyse waarop dit in internasionale, taaltipologiese en toonaangewende literatuur oor aspek omskryf word nie. Vir dié doel word daar in hierdie gedeelte van die artikel hoofsaaklik gesteun op sekere sentrale publikasies oor aspek, onder meer dié van McCawley (1971), Comrie (1976; 1985), Dahl (1985), Langacker (1991), Binnick (1991), Bybee et al. (1994) en Bybee (2003).

Grammatikale aspek⁸ het te make met die oogpunt van waaruit die situasie beskou word. In die literatuur word drie terme, te wete oogpuntaspek (*viewpoint aspect*), aspektuele oogpunt

⁸ Leksikale aspek dui verskillende situasietipes aan (vergelyk Vendler 1957; Smith 1997; Comrie 1976; Tatevosov 2002:317). Leksikale aspek is onderskeibaar van grammatikale aspek deurdat eersgenoemde te make het met die inherente, semantiese eienskappe van 'n situasie, wat uitgedruk word deur spesifieke werkwoorde. So sal die situasie *Johan ken Russies* as 'n “toestand” geklassifiseer word, aangesien dit

(*aspectual viewpoint*) en grammatikale aspek (*grammatical aspect*), as sinonieme gebruik. In hierdie artikel word die term aspek gebruik.

'n Situasië kan vanuit twee perspektiewe beskou word. Eerstens kan dit as 'n geheel beskou word, met die grense van die situasië ingesluit. Hierdie beskouing word omskryf as die perfektiewe aspek. Tweedens kan 'n situasië beskou word met 'n fokus op die interne temporele struktuur van die situasië. Hierdie oogpunt staan bekend as die imperfektiewe aspek. Vergelyk die volgende Engelse sinne:⁹

(17) *Q: What were you doing while the others were working?*

A: I was eating.

(18) *Q: Are you hungry?*

A: I have already eaten.

(19) *Q: What did you do two hours ago?*

A: I ate an apple.

(17) tot (19) dui dieselfde situasië aan, naamlik “om te eet”, maar die situasië word deur verskillende konstruksies in die onderskeie sinne beskryf. Die gebruik van die verskillende konstruksies in die onderskeie sinne dui eerstens op die verskil in die interne temporele struktuur, en tweedens op die oogpunt van waaruit die situasië beskou word. In (17) word gefokus op die progressie van die situasië, oftewel die verskillende fases van “besig wees om te eet”. Die betekenis wat in hierdie konstruksie uitgedruk word, is die imperfektiewe betekenis. In (18) is die fokus van die gesigspunt eerder op die gevolge van die eetproses. Aangesien die spreker reeds geëet het en tans versadig is, word die perfektum-, oftewel die anterior betekenis hier uitgedruk. Laastens, in (19) is die fokus op die totale proses van “om 'n appel te eet”. Die betekenis hier is perfektief.

Tradisioneel word daar hoofsaaklik tussen twee vorme van grammatikale aspek onderskei, naamlik die imperfektief en die perfektief (Comrie 1976:7). Hoewel 'n anterior perspektief soos (18) duidelik onderskeibaar is van die perfektiewe (voorbeeldsin (19)) en imperfektiewe betekenis (voorbeeldsin (17)), behoort die anterior betekenis nie tot dieselfde vlak van onderskeid as tussen perfektief en imperfektief nie. Soos aangetoon sal word, staan die anterior nie as 'n opposisiestruktuur teenóór die perfektief of imperfektief nie, maar betrek meerdere tydpunkte en moet dus 'n bietjie anders hanteer word as om dit bloot as grammatikale aspek te kategoriseer. Die genoemde eienskappe van perfektiewe en imperfektiewe aspek, sal in die opvolgende gedeeltes bespreek word. Verder, vanweë heelwat misverstande wat kan ontstaan uit die vormlike ooreenkoms tussen die twee terme perfektief (*perfective*) en perfektum (*perfect*), is dit noodsaaklik om aan te toon wat die verskil tussen hierdie twee betekenis is.

3.1 Die perfektief

Die perfektiewe oogpunt sluit die begin- en eindpunte van 'n situasië in, en word as 'n begrensde situasië beskou (Langacker 1991:89). (20) en (21) is voorbeelde van sinne met 'n perfektiewe

die konseptuele kenmerke van statiwiteit, ateliseiteit en duratiewiteit het. Aan die ander kant kan die situasië *Die man loop in die straat* as 'n “aktiwiteit” geklassifiseer word, aangesien dit 'n dinamiese, ateliese en durende situasië is. 'n Volledige bespreking van die onderskeid tussen grammatikale en leksikale aspek, word aangebied in Breed (2012:31-42).

⁹ Vanweë die aspektueel meerduidige aard van Afrikaanse tempuskonstruksies, word die meeste voorbeelde in hierdie afdeling in Engels aangebied, om sodoende die verskillende betekenisonderskeidings voldoende te kan illustreer.

hedetydsbetekenis, en (22) en (23) het perfektiewe verledetydsbetekenis.¹⁰


(20) *He kicks me in the stomach.*

(21) *He likes me.*

(22) *He kicked me in the stomach.*

(23) *He liked me.*

Langacker (1991:89) skematiseer die perfektiewe verlede- en hedetyd soos in Figuur 1.



Figuur 1: Langacker (1991:89) se skematisering van perfektiewe verlede- en hedetyd [eie vertaling van skema]

Die blok met skuinsstrep stel die oomblik van spraak voor. Die geprofileerde reguit streep op die tydlyn (T) dui die verwysingspunt aan, met ander woorde die tydstip waarvandaan die situasie beskou is. Die golwende lyn dui 'n dinamiese proses aan, dus (byvoorbeeld (20) en (22)). Die reguit streep bo die golwende lyn, stel 'n statiese situasie voor (byvoorbeeld (21) en (23)). Die begin- en eindpunte is ingesluit by die proses, aangesien daar vanuit 'n perfektiewe beskouing as geheel na die situasie gekyk word.

3.2 Die imperfektief

Die imperfektiewe aspek beskryf 'n voortgesette situasie. Die fokus van 'n imperfektiewe oogpunt is op die vordering of deurlopendheid van die proses. Anders as 'n perfektiewe beskouing, is die begin- en eindpunte van die situasie nie noodwendig ingesluit by die fokuspunt nie (Smith 1997:95). Volgens Langacker (1991:86) beskryf 'n imperfektiewe proses die uitbreiding van 'n stabiele situasie oor tyd heen. Hy identifiseer dan verder bepaalde eienskappe van die imperfektief (Langacker 1991:87). Eerstens is die verskillende fases van 'n imperfektiewe situasie almal

¹⁰ Bybee et al. (1994:83) verduidelik dat die verskil tussen die perfektiewe konstruksie en eenvoudige verledetydskonstruksie (*simple past*), afhang daarvan of daar in die spesifieke taal 'n verpligte verledetydsimperfektiefkonstruksie is. Met ander woorde, indien die konstruksie (byvoorbeeld *drank* in Engels) nie gebruik kan word om imperfektiewe betekenis te impliseer nie, en dat 'n imperfektiewe konstruksie (soos *was drinking*) dus gebruik moet word om die betekenis te aktiveer, sou die konstruksie (*drank*) dus as 'n perfektiewe konstruksie geklassifiseer word. Indien die konstruksie (byvoorbeeld *het gedrink* in Afrikaans) egter ook gebruik kan word om imperfektiewe betekenis uit te druk, sou die konstruksie (*het gedrink*) as 'n verledetydskonstruksie geklassifiseer word. Dit is dus duidelik dat Afrikaans, in teenstelling met Engels, geen perfektiewe konstruksie het nie, en beide perfektiewe en imperfektiewe verledetydsbetekenis deur die *ge*-konstruksie uitgedruk.

identities. Derhalwe is enige komponent van die proses verteenwoordigend van die geheelproses. Om hierdie rede kan gestel word dat die imperfektiewe situasie intern homogeen is. Tweedens: as gevolg van die stabiele aard van 'n imperfektiewe proses, is die imperfektiewe proses temporeel onbegrens. Sinne (24) en (25) is voorbeelde van imperfektiewe hedetyd, en (26) en (27) is voorbeelde van imperfektiewe verlede tyd sinne:


(24) *He is jogging in the courtyard.*

(25) *?He is liking me.*¹¹

(26) *The dog was drinking the water.*

(27) *?He was loving me.*

Langacker (1991:89) konseptualiseer die imperfektiewe verlede- en hedetyd soos in Figuur 2.



Figuur 2: Langacker (1991:89) se skematisering van imperfektiewe verlede- en hedetyd [eie vertaling van skema]

Ooreenstemmend met die verduideliking vir Figuur 1, word die oomblik van spraak voorgestel deur die blok met skuinsstreepe. Die geprofileerde streep op die tydlyn (T) dui die verwysingspunt aan. Die boonste geprofileerde reguit lyn dui, soos reeds genoem, 'n statiese en stabiele situasie aan. Die begin- en eindpunte is (soos aangedui deur die stippellyne aan die begin en einde van die boonste reguit lyn) uitgesluit by die imperfektiewe perspektief op die situasie, aangesien die situasie stabiel en onveranderend is. Die fokus is verder op die voortgesette proses.

Comrie (1976) se indeling en beskrywing van die verskillende kategorieë van die imperfektief is vir 'n aantal jare as primêre indeling beskou in literatuur oor grammatikale aspek. Comrie (1976) onderskei tussen habituele en kontinuatiewe imperfektiewe, en verdeel kontinuatiewe aspek verder in progressiewe en nieprogressiewe aspek. Bybee et al. (1994:139) vind egter Comrie se indeling problematies, aangesien dit moeilik is om die resultate van 'n omvattende tipologiese data-onderzoek aan die hand van hiêrdie indeling te groepeer. Bybee et al. (1994:139) kon nie konstruksies vind wat voldoen aan Comrie se vereistes vir 'n progressief wat uitsluitlik met dinamiese werkwoorde kombineer nie.

Our conclusion, then, regarding Comrie's classification and definition of aspectual opposition is that a gram-type for each node [...] does not exist. We have strong evidence for progressive, habitual, past imperfective, imperfective, and present as cross linguistic gram-types in our

¹¹ Die vraagteken (?) word gebruik om aan te dui dat die betekenis van die bepaalde voorbeeldsin semanties gemarkeerd is. Met ander woorde, verdere interpretasie is nodig om die sin as grammatikaal te aanvaar (byvoorbeeld in (25) word die statiese werkwoord *like* in die progressief aangebied om dit as 'n oordrewe of tydelike situasie voor te stel).

material, but a clear distinction between a progressive which is restricted to dynamic verbs and a continuous which is not does not emerge from our data. (Bybee et al. 1994:139)

Die kritiek teen Comrie se onderskeiding van verskillende imperfektiewe vereis dat die verskillende subkategorieë van die imperfektief hersien moet word. Bybee et al. (1994) se onderskeidings kan soos volg opgesom word: In die imperfektiewe aspek kan twee subkategorieë onderskei word, naamlik imperfektiewe met progressiewe betekenis en imperfektiewe met habituele betekenis. Onder elk van hierdie kan ook verdere onderskeidings getref word. Onder progressiewe imperfektiewe kan konstruksies onderskei word wat iteratiewe, frekwentatiewe en kontinuatiewe betekenis uitdruk. Onder habituele imperfektiewe kan daar onderskei word tussen konstruksies wat statiese (*stative*) betekenis (oftewel toestande) en generiese (*general of gnomic*) betekenis uitdruk.

'n Toestandsituasie ontstaan egter deur die gebruik van werkwoorde wat prototipies statiese betekenis uitdruk (byvoorbeeld die koppelwerkwoord *is* in *ek is bly*). Wat Bybee et al. (1994:139-140) dus as statiese imperfektiewe kategoriseer, stem myns insiens eerder ooreen met die leksikaal-aspektuele kategorie¹² van *toestande* (vergelyk Smith 1994:20 en Vendler 1957) en hoort nie binne hierdie grammatikaal-aspektuele indeling van imperfektiwiteit nie. Verder spesifiseer Bybee et al. (1994) nie waar aspektuele betekenis wat spesifieke fases van 'n progressiewe aksie aandui, ingedeel behoort te word nie. Daar bestaan immers konstruksies wat spesifiseer dat 'n situasie 'n aanvang neem, soos byvoorbeeld *begin* (Afrikaans) en *start* (Engels), sowel as konstruksies wat aandui dat 'n situasie beëindig word of afloop, soos byvoorbeeld *hou op* (Afrikaans) en *stop* (Engels). Om hierdie rede word daar in hierdie studie 'n bykomende tipe progressiewe betekenis onderskei, naamlik fase-spesifiserende betekenis.

Die definisies wat in hierdie artikel aangebied word, is gebaseer op Bybee et al. (1994); Dahl (1985) en Comrie (1976; 1985) met enkele byvoegings of wysigings, en sal later in die artikel skematies voorgestel word (vergelyk Figuur 3):

3.2.1 *Habituele en generiese aspek en toestande*

Habituele aspek word gebruik om situasies wat op verskillende geleenthede herhaal word, aan te dui, byvoorbeeld *sin* (28). Situasies wat as “gebruiklik” of as 'n “gewoonte-handeling” beskryf kan word, sou as habituele aspek geklassifiseer kon word. Habituele betekenis kan beide in die hede- of verlede tyd uitgedruk word. (Bybee et al. 1994:127).

(28) *Ek het altyd hiernatoe gekom om skoene te koop.*

Die onderskeid tussen die habitueel, toestand en algemene of generiese betekenis, is egter nie altyd so duidelik nie. Die verskil tussen 'n generiese stelling (29) en habituele stelling (30) word deur die volgende twee voorbeeldsinne geïllustreer:

(29) *Dogs pant to cool off.* (Bybee et al., 1994:152)

(30) *My dog pants to cool off.* (Bybee et al., 1994:152)

Beide (29) en (30) maak karakteriserende stellings oor die subjek, en albei se geldigheid strek verby die oomblik van spraak. Die verskil tussen die twee sinne is egter dat (29) 'n generiese, eerder as 'n spesifieke subjek het, soos in (30) die geval is.

¹² Vergelyk weer Voetnota 8.

3.2.2 *Progressief*

Deur die gebruik van 'n progressiewe konstruksie word die situasie aangebied as voortgeset, dierend of aan die gang, byvoorbeeld (31). Selfs 'n situasie wat in die verlede afspeel, kan aangebied word as 'n progressief, aangesien die beëindiging van die situasie nie deel uitmaak van die perspektief of gesigspunt van die progressiewe konstruksie nie.

(31) *Die kind is besig om die bal op die veld rond te skop.*

Progressiewe konstruksies word prototipies saam met dinamiese werkwoorde gebruik – met ander woorde by werkwoorde waar die spreker aandui dat die aksie of handeling 'n konstante inset van energie vereis (Bybee et al. 1994:126). Daar word soms in die literatuur oor aspek na die progressiewe aspek verwys as “duratiewe” of “kontinuatiewe” aspek (Bybee et al. 1994:126), maar hierdie twee aspektuele betekenisse, tesame met iteratiewe en fase-spesifiserende aspektuele betekenisse, behoort eerder as tipes progressiewe geklassifiseer te word, en nie as sinonieme vir die progressief nie.

3.2.3 *Kontinuatief*

Konstruksies met kontinuatiewe betekenis druk uit dat die subjek “aanhou om die aksie te beoefen”, byvoorbeeld (32). Die kontinuatief word dikwels gelykgestel aan die progressief. Hierdie twee konstruksies verskil egter wel van mekaar, aangesien die kontinuatiewe aspek ook met statiese werkwoorde gekombineer kan word. Progressiewe konstruksies kombineer uitsluitlik met dinamiese werkwoorde (Bybee et al. 1994:126). Die kontinuatief word ingesluit by die progressiewe betekenis, maar spesifiseer verder ook dat die agent van die aksie doelbewus besig is om die aksie aan die gang te hou.

(32) *Die kinders hou aan om stout te wees.*

3.2.4 *Iteratief*

Iteratiewe dui aan dat 'n situasie op 'n gegewe oomblik herhaal word, byvoorbeeld (33). Iteratiewe aspek verskil van die habituele en frekwentatiewe aspekte, aangesien habituele aspek aandui dat 'n dinamiese situasie gewoonlik herhaal word, en frekwentatiewe aspek dat 'n situasie op verskillende tydstippe herhaal word. Iteratiewe aspek word soms ook repetatiewe of herhaaldelike aspek genoem (Bybee et al. 1994:126).

(33) *Die kraan drup-drup die hele dag.*

3.2.5 *Frekwentatief*

Frekwentatiewe betekenis dui aan dat 'n situasie frekvent plaasvind gedurende die genoemde tydperioede (Bybee et al. 1994:126), byvoorbeeld (34). Frekwentatiewe betekenis sluit habituele betekenis in, maar spesifiseer verder die gereeldheid van die situasie.

(34) *Ek kom gereeld na hierdie plek toe.*

3.2.6 *Fase-spesifiserende betekenisse*

Enige konstruksie wat op 'n bepaalde fase van die progressiewe situasie fokus, kan as fase-spesifiserende betekenis geklassifiseer word, byvoorbeeld (35) tot (38).

- | | |
|--|-------------------------|
| (35) <i>Ek is op die punt om te begin huil.</i> | (Pre-inchoatiewe aspek) |
| (36) <i>Ek begin werk.</i> | (Inchoatiewe aspek) |
| (37) <i>Ek hou op werk.</i> | (Eindigende aspek) |
| (38) <i>Ek is op die oomblik besig om te werk.</i> | (Punktuele aspek) |

In (35) word aangetoon dat 'n bepaalde aksie binnekort 'n aanvang gaan neem (dus die *pre-inchoatiewe aspek*), in (36) het die aangeduide aksie pas 'n aanvang geneem, en die fokus op die beginfase van die situasie (dus die *inchoatiewe aspek*). Die gesigspunt van (37) is op die beëindiging van die situasie (dus *eindigende aspek*, ooreenstemmend met die Engelse term *cessative aspect*), en in (38) word gefokus op 'n spesifieke oomblik waartydens die aksie uitgevoer word (oftewel *punktuele aspek*).

3.3 Die perfektum of anterior

Comrie (1976:56) gee die prototipiese definisie van die anterioraspek as “the continuing relevance of a previous situation”. As gevolg van die verwarrende ooreenkoms tussen die twee terme, te wete perfektief en perfektum, gebruik navorsers soos Bybee (2003) eerder die term anterior om die perfektumaspek aan te dui. In hierdie artikel word daar ook van die term anterior gebruik gemaak.

Anders as die perfektief en imperfektief, spesifiseer die anterioraspek 'n verdere aspektuele betekenis, te wete dat die proses van die verlede 'n effek het op 'n tydperk daarna, aangesien dit die ontstaan van 'n toestandsituasie tot gevolg het. Bo en behalwe gesigspunt, maak die anterioraspek dus ook temporele (oftewel tempus-) inligting bekend. Juis oor die insluiting van deiktiese inligting by die gesigspunt wat deur die anterior aangebied word, word die anterior dikwels eerder as 'n tempuskategorie geklassifiseer, en nie as grammatikale aspek nie (vergelyk Comrie 1976:52).

Soos geïllustreer word in die verduideliking oor die onderstaande voorbeeldsinne (sinne (39) en (40)), maak die anterioruitdrukking niks bekend van die situasie self nie, maar plaas eerder die situasie in 'n bepaalde konteks (Comrie 1976:52-56).

- | | |
|-----------------------------------|------------------|
| (39) <i>I have lost my knife.</i> | (Comrie 1976:52) |
| (40) <i>I lost my knife.</i> | (Comrie 1976:52) |

Sonder verdere konteks, impliseer sin (39) dat die mes waarskynlik steeds weg is, terwyl sin (40) slegs aandui dat die mes op 'n bepaalde oomblik in die verlede weggeraak het. Die “gevindeidstatus” van die verlore mes is nie relevant in die tweede sin nie, terwyl daar 'n betekenisimplikasie in (39) is dat die gevolg van die situasie in die verlede (die mes wat weggeraak het), uitloop het op 'n toestandsituasie (dat die mes weg is). Sin (39) bied 'n voorbeeld van anterioraspek, terwyl (40) 'n perfektiewe betekenis het.

In die meeste tradisies word die anterior as 'n aspektuele kategorie beskou, maar die anterior druk, anders as die perfektief en imperfektief, die verhouding tussen meerdere tydpunkte uit. Enersyds druk dit die tyd uit waarop 'n situasie in die verlede plaasgevind het, en andersyds druk dit die tyd uit van die toestand wat volg of voortvloei uit die situasie in die verlede (Comrie 1976:52-6). 'n Sin soos (39) sluit immers die hede én die verlede in: die mes het in die verlede weggeraak, maar dit is nou, in die hede, steeds weg. Die resultaat van 'n aksie wat in 'n oomblik in die verlede uitgevoer is, is op 'n tydstep ná daardie oomblik steeds relevant. Die anterior is dus eerder 'n tempus-aspektuele kategorie, en nie uitsluitlik 'n grammatikaal-aspektuele kategorie soos die perfektief en imperfektief nie.

Comrie (1976:56-61) onderskei vier gebruike van die anterior, naamlik die resultaatanterior (*perfect of result*), die ervaringsanterior (*experiential perfect*), die aanhoudendheidsanterior (*perfect*

of *persistent situation*) en die anterior van die onlangse verlede (*perfect of recent past*). Hierdie gebruike stem grootliks ooreen met die gebruike van die English Present Perfect, wat McCawley (1971:104) onderskeidelik voorstel as universeel (*universal*), eksistensiële (*existential*), toestand (*stative*) en “hot news”.

3.3.1 Resultaatsanterior

Die resultaatsanterior stem sterk ooreen met die perfektumgebruik wat McCawley (1971:104) as “statives” (*stative*) benoem. Daar word na die situasie verwys asof dit die gevolg van ’n vorige situasie is. Byvoorbeeld die antwoord op die vraag *Is John here yet?*, sal eerder soos (41) beantwoord word, en nie soos (42) nie. Dit is derhalwe ’n afgehandelde situasie wat ’n “blywende effek” het, byvoorbeeld (43).

- (41) *Q: Is John here yet?*
A: Yes, he has arrived. (Comrie 1976:56-61)
- (42) *Q: Is John here yet?*
*A: *Yes, he arrived.* (Comrie 1976:56-61)
- (43) *Hy het die huis gebou.*

3.3.2 Ervaringsanterior

Die ervaringsanterior word in die literatuur ook genoem die eksistensiële perfektum (sien McCawley 1971:104) en onbepaalde verlede tyd (*indefinite past*). Hierdie anteriortipe dui aan dat die bepaalde situasie ten minste een onbepaalde keer in die verlede gebeur het, en dat hierdie verledetydsituasie nog in die hede geldig is, byvoorbeeld (44) en (45).

- (44) *Bill has been to America.* (Comrie 1976:59)
- (45) *Ek het al vantevore saam met hom gewerk.*

3.3.3 Aanhoudendheidsanterior

’n Anterior-konstruksie kan gebruik word om aan te dui dat die situasie in die verlede begin het, maar steeds in die hede volgehou word. Só bekom die anterior ’n universele (“*universal*”) betekenis wat steeds aanhou of voortduur (McCawley 1971:104), byvoorbeeld (46) en (47).

- (46) *We have lived here for years.* (Comrie 1976:60)
- (47) *Ek en Anthony het nog altyd saamgestaan.*


3.3.4 Anterior van onlangse verlede

Hierdie anterior dui temporele nabyheid aan. McCawley (1971:104) noem hierdie gebruik “hot news” en dit dui aan dat iets pas gebeur het, byvoorbeeld:

- (48) *Malcolm X has just been assassinated.* (McCawley 1971:104)
- (49) *Haar debuutalbum, As I Am, het pas verskyn.*

3.4 Samevatting: Aspektuele kategorieë

Op grond van bogenoemde bespreking, kan ’n skema aangebied word wat verskillende betekenisse wat in die linguïstiese literatuur onderskei word, asook hulle onderlinge samehang aandui.



Figuur 3: Indeling van aspektuele betekenisse

4. ASPEKTUELE STRATEGIEË IN AFRIKAANS

Soos vroeër verduidelik, word Afrikaans geklassifiseer as ’n nie-aspektuele taal, aangesien aspektuele betekenis nie op verpligte (oftewel geobligatorifiseerde) of gegrammatikaliseerde wyse op die werkwoordstuk gespesifiseer word nie. Verder, soos genoem, kan beide aspektuele en nie-aspektuele tale aspektuele betekenis deur ander linguistiese strategieë, byvoorbeeld op leksikale of perifrastiese wyses, uitdruk. Die vraag kan derhalwe gevra word op watter spesifieke wyses Afrikaans dan, as nie-aspektuele taal, hierdie aspektuele betekenis uitdruk. Hoewel daar in die bestaande literatuur ’n hele aantal van hierdie linguistiese strategieë om aspek in Afrikaans uit te druk voorgestel word, word daar, soos reeds genoem, nêrens op omvattende en sistematiese wyse ’n bestekopname gemaak van die strategieë wat Afrikaans dan inderwaarheid aanwend om aspektuele betekenis uit te druk nie.

Breed (2013:6-7) identifiseer vyf linguistiese strategieë om aspektuele betekenis uit te druk naamlik i) leksikale konstruksies soos bywoorde en voegwoorde ii) affiksering iii) reduplikasie van konstruksies) passifisering; en v) perifrastiese konstruksies.

Die eerste vier sinne is voorbeelde van ’n leksikale konstruksie (oftewel die woord se oorspronklike en letterlike betekenis) wat gebruik word om aspektuele betekenis uit te druk.

- (50) *Hy skud hand en drink sy bier **klaar**.* (Eindigend)
 (51) *Groot beleggers dreig al **klaar** om pad te gee.* (Progressief)
 (52) *Die motor is al in 1996 **klaar** betaal, maar sy het eers vanjaar vasgestel dat die sessie op die polis nie gekanselleer is nie.* (Anterior)
 (50) ***Terwyl** ek hier skryf, sien ek deur die venster ’n man daar buite loop.* (Progressief)

Die adjektief *klaar* word telkens vir ’n ander aspektuele betekenis gebruik. In (50) word die bywoord *klaar* gebruik om die beëindiging van die aksie “om bier te drink” aan te dui, dus *eindigende aspek*. In (51) druk *klaar*, tesame met die bywoord *al*, uit dat ’n bepaalde aksie (“beleggers wat padgee”) reeds ’n aanvang geneem het, dus *progressiewe aspek*, en in (52) dui

klaar aan dat die bepaalde aksie van “om die motor af te betaal” reeds afgehandel is, met ander woorde *anterioraspek*. Voegwoorde soos *terwyl* kan ook gebruik word om aan te dui dat ’n handeling *progressief* is (vergelyk voorbeeld (53)), aangesien dit twee aksies as gelyktydig aanbied (byvoorbeeld “ek skryf” en “ek sien iets” wat op dieselfde oomblik plaasvind).

Sinne (54) en (55) is voorbeelde van geaffikseerde konstruksies met aspektuele betekenis. Die *-ery* en *-ing* in (54) impliseer dat die aksie van “afskryf” herhaaldelik uitgevoer word, dus word *iteratiewe* betekenis uitgedruk. Die *-ende* in (55) is ’n teenwoordige deelwoord-suffiks (*participium praesens*) en dui aan dat die geskiedenis tans besig is om duideliker te word of te “ontvou” en dus word *progressiewe* betekenis uitgedruk (vergelyk Butler 2016 vir ’n omvattende bespreking van die deelwoord).

(54) *Afskryfery en kopiëring van ander persone se werk word as ’n baie ernstige oortreding beskou.* (Iteratief)

(55) *En vandag is dit ’n stuk ontvouende geskiedenis wat die nagevolge is van die liegstories deur soortgelyke Irakse “bronne”.* (Progressief)

In (56) is ’n voorbeeld van reduplikasie met aspektuele betekenis. Die reduplikasie van die werkwoord *spring* dui daarop dat die aksie van spring ’n paar keer herhaal word, en dat die totale aksie van “naderkom” uit ’n reeks kleiner aksies bestaan. Hierdie gebruik kan as *iteratiewe aspek* gekategoriseer word. Van Huyssteen & Wissing (2007:422) dui aan dat, naas iteratiewiteit, ook nog drie ander aspektuele betekenis deur reduplikasie uitgedruk kan word, naamlik i) voltooidheid, oftewel die anterior (byvoorbeeld “*fluit-fluit, my storie is uit*”); ii) onvoltooidheid, oftewel pre-inchoatiewiteit volgens die definisie wat in hierdie artikel aangebied word (byvoorbeeld “*n stertriem wat wil-wil¹³ insny*”); en iii) voortdurendheid, oftewel progressiwiteit volgens die definisie wat in hierdie artikel aangebied word (byvoorbeeld “*hulle het stadig en wei-wei aangestap*”).

(56) *Die diertjie kom spring-spring nader, die grysbruin lyfie boog en blink in die son wat tussen die naaldlose takke van die groot dennebome deurskyn.* (Iteratief)

In sinne (57) en (58) word die sinne in die passief aangebied om aspektuele betekenis te spesifiseer. In (57) word die hedetydspassief gebruik om te beklemtoon dat die inligting op die huidige oomblik geïgnoreer word, dus *progressiewe aspek*. In verledetydspassief word in (58) gebruik om aan te dui dat ’n proses “om leiers te identifiseer” reeds afgehandel is, en hierdie sin is dus ’n voorbeeld van *anterioraspek*.

(57) *Alle ander inligting word geïgnoreer.* (Progressief)

(58) *Vooraanstaande leiers is geïdentifiseer wat belangrike bydraes, ook by wyse van geskifte, tot die Christendom in Afrika gemaak het.* (Anterior)

Sinne (59) en (60) kan as voorbeelde gesien word as sinne met perifrastiese¹⁴ aspektuele konstruksies. Die hoofwerkwoord van sin (59) is *groeï*, maar die konstruksie *hou aan* dui aan dat

¹³ Vergelyk Conradie (2016) vir ’n verdere bespreking van *wil-wil*.

¹⁴ ’n Perifrastiese konstruksie kan beskryf word as ’n grammatikale konstruksie wat betekenis uitdruk deur vry, losstaande morfeme. Dit verskil eger van leksikale konstruksies, aangesien die items in perifrasede reeds begin afstand doen het van hul oorspronklike, letterlike betekenis en grammatikale betekenis bygekry het. *Aanhou* het byvoorbeeld die oorspronklike leksikale en hoofwerkwoordelike betekenis van “vashou” of “aanraak”, en het vanaf ’n leksikale konstruksie gegrammatikaliseer tot ’n perifrastiese konstruksie wat kontinuatiewe aspek uitdruk.

die aksie voortgesit word, en is 'n voorbeeld van *kontinuatiewe aspek*. *Besig om te (wees)*¹⁵ in sin (60) is 'n algemene perifrastiese konstruksie in Afrikaans om *progressiewe* betekenis uit te druk, en in hierdie sin dui dit aan dat “hulle aan die arriveer is”.

- (59) *Die dier hou aan groei na metamorfose voltooi is.* (Kontinuatief)
 (60) *Hulle is te besig om te arriveer.* (Progressief)

Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat, hoewel Afrikaans as 'n nie-aspektuele taal gereken word en hoewel die Afrikaanse werkwoord nie noodwendig geïnflekteer of geaffikseer word om aspektuele betekenis uit te druk nie, Afrikaans wel aspektuele onderskeidings met behulp van 'n verskeidenheid linguïstiese strategieë maak.

5. GEVOLGTREKKING

Die doel van hierdie artikel was om 'n tweeledige teoretiese leemte in die Afrikaanse taalkunde te vul. Eerstens is 'n teoretiese beskrywing van aspektuele betekenis en kategorieë aangebied, en tweedens is aangetoon op watter linguïstiese wyses hierdie aspektuele betekenis in Afrikaans, as nie-aspektuele taal, uitgedruk word.

Daar is ruimte vir verdere navorsing oor aspek in Afrikaans. 'n Onderzoek sou vanuit 'n sinkroniese en diakroniese perspektief aangepak kon word om byvoorbeeld te bepaal i) hoe vergelyk aspektuele uitdrukkingswyse in Afrikaans met dié van ander nie-aspektuele tale soos Nederlands; ii) in watter mate is aspek in Afrikaans geobligatorifiseer¹⁶; en iii) hoe het spesifieke aspektuele uitdrukking in Afrikaans (byvoorbeeld die wyse waarop anterioraspek uitgedruk word) verander of ontwikkel.

BIBLIOGRAFIE

- Anon. 2010. 'n *Beknopte grammatika van die Afrikaanse taal*. <http://www.suid-afrika.de/taal3.htm> [1 Apr. 2012].
- Binnick, R.I. 1991. *Time and the verb: a guide to tense and aspect*. Oxford: Oxford University Press.
- Binnick, R.I. 2005. The Markers of Habitual Aspect in English. *Journal of English Linguistics*, 33(4): 339-369.
- Binnick, R.I., 2006. Used To and Habitual Aspect in English. *Style*, 40(1,2):33-46.
- Binnick, R.I. (ed.). 2012. *The Oxford Handbook of Tense and Aspect*. Oxford: Oxford University Press.
- Breed, C.A. 2012. *Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n Semantiese studie van die perifrastiese progressiewe konstruksies*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. [PhD-proefskrif].
- Breed, C.A. 2013. Die hedetyd is iets van die verlede: 'n Taalkundige motivering vir die 'hedetydskryfkunst-tradisie' in Afrikaans. *Literator* 34(2):1-9.
- Breed, C.A. & Brisard, F. 2015. Postulêre werkwoorde as progressiewe merkers in Afrikaans en Nederlands. *Internationale Neerlandistiek*, 53(1):3-28.

¹⁵ Die drie perifrastiese progressiewe konstruksies, te wete die *besig om te-* die *aan die-* en *sit/staan/lê/loop en-*konstruksies word omvattend in Breed (2012) bespreek.

¹⁶ Obligatorifikasie is wanneer die gebruik van 'n taalkundige struktuur tydens 'n proses van grammatikalisering al hoe meer algemeen en selfs verplig begin voorkom. 'n Konstruksie kan byvoorbeeld aanvanklik nie-verpligtend wees, maar oor tyd só frekwent gebruik word dat dit naderhand verpligtend word om die konstruksie te gebruik. Obligatorifikasie kan dus op 'n diachroniese “skaal” gemeet word (vergeelyk Heine & Kuteva 2007:34; Lehmann 2002:124). Breed & Brisard (2015) het byvoorbeeld gevind dat die gebruik van die perifrastiese progressiewe konstruksies in Afrikaans (naamlik die *besig om te V-*, *aan die V-* en *VPOS en V-*konstruksie, “meer geobligatorifiseer” is as die ooreenstemmende Nederlandse konstruksies (naamlik die *bezig te V*, *aan het V* en *VPOS te V-*konstruksies).

- Breed, C.A. & Van Huyssteen, G.B. 2014. *Aan die en besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: die ontstaan en ontwikkeling (1). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):1-18
- Breed, C.A. & Van Huyssteen, G.B. 2015. *Aan die en besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: 'n korpusondersoek (2). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(2): 251-269.
- Brink, A.P. 1976. *Aspekte van die nuwe prosa*. Pretoria: Academica.
- Britz, E. 2002. Boeke: laelandse skrywers maak kennis met taalsuster. *Beeld*, 18 Maart. <http://www.volksblad.com/vermaak/nuus/boeke-laelandse-skrywers-maak-kennis-met-taalsuster-20100615> [1 April 2012].
- Broos, J.A.R. 1960. *Aspek: 'n driedimensionale interpretasie*. Pretoria: Unisa. [Proefskrif – PhD].
- Butler, A. 2016. Die deelwoord as 'n ander vorm van die werkwoord. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):81-101.
- Bybee, J.L. 1995. Spanish tense and aspect from a typological perspective. In P. Hashemipour, R. Maldonado and M. van Naerssen (eds). *Studies in language learning and Spanish linguistics in honor of Tracy Terrell*. San Francisco: McGraw Hill, pp. 442-457.
- Bybee, J.L. 2003. Aspect. In Frawley (ed). *International encyclopedia of linguistics*. 2nd ed. Oxford: Oxford University Press, pp. 157-158.
- Bybee, J.L., Perkins, R.D. & Pagliuca, W. 1994. *The evolution of grammar: tense, aspect and modality in the languages of the world*. Chicago: University of Chicago Press.
- Bylund, E, Athanasopoulos, P. & Oostendorp, M. 2013. Motion event cognition and grammatical aspect: Evidence from Afrikaans. *Linguistics*, 51(5):929-955.
- Comrie, B. 1976. *Aspect: an introduction to the study of verbal aspect and related problems*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Comrie, B. 1985. *Tense*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Conradie, C.J. 1998a. Preteritumverlies in vroeë Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 38(1):6-20.
- Conradie, C.J. 1998b. Tempusgebruik in Afrikaanse narratiewe. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(2):37-43.
- Conradie, C.J. 1999. Preterite loss in early Afrikaans. *Folia Linguistica*, 33(1):19-38.
- Conradie, C.J. 2016. Willens en wetens: perspektiewe op die Afrikaanse werkwoord *wil*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):7-24
- Dahl, O. 1985. *Tense and aspect systems*. Oxford: Basil Blackwell.
- Dahl, O. 2001. Tense, Aspect, and Mood, Linguistics of. In *International Encyclopedia of the Social & Behavioral Sciences*: Pergamon Press.
- Dahl, O. 2006. Tense, Mood, Aspect: Overview. vol. 12. *Encyclopedia of Language & Linguistics*, ed. by Keith Brown. Oxford: Elsevier, pp. 577-689.
- Dahl, O. 2007. Towards an ecological semantics of tense and aspect. In *L'aspect dans les langues les théories: similitudes et différences - Aspect in languages and theories: similarities and differences*, ed. by Daniele Monticelli and Anu Treikelder Tartu: Tartu Ülikool, pp. 111-124.
- De Villiers, M. 1942. *'n Bydrae tot die sintaksis van die werkwoord in Afrikaans*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad. (Proefskrif – PhD).
- De Villiers, M. 1948. *Woordsoort, werkwoorde en tye*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- De Villiers, M. 1951. *Werkwoordvorme in Afrikaans in die verlede tyd*. Kaapstad: Nasionale pers.
- De Villiers, M. 1962. Die aanduiding van tyd in Afrikaans. *Standpunte*, 44(2):53-61.
- De Villiers, M. 1968. *Die grammatika van tyd en modaliteit*. Kaapstad: Balkema.
- Du Toit, F.G.M. 1940. *Eugene Marais, sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.
- Heine, B. & Kuteva, T. *The genesis of grammar: a reconstruction*. Oxford: Oxford University Press.
- Jespersen, O. 1965. *The philosophy of grammar*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Kirsten, J. 2012. *Laaste spore van Nederlands in Afrikaanse werkwoorde*. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit. [MA-verhandeling]
- Kirsten, J. 2013. Totius en die standaardisering van vroeg-moderne Afrikaanse werkwoorde. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(1):60-75.
- Kirsten, J. 2016. Veranderinge in adverbiale tydsverwysing in Afrikaans van 1911 tot 2010. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):45-61.
- Labuschagne, F.J. 1968. Iets oor aspek: lingologies gesien. *Taalfasette*, 6:17-26.

- Langacker, R.W. 1991. *Concept, image and symbol: the cognitive basis of grammar*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Lehmann, C. 2002. *Thoughts on Grammaticalization. Vol. 2.* (revised edition). Erfurt: Arbeitspapiere des Seminars für Sprachwissenschaft der Universität Erfurt.
- Louw, J.P. 1987. Verbale aspek: 'n misvatting? *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 5(4):46-56.
- Louwrens, L.J. 1994. Aspect as an essential sub-category of the verb in Northern Sotho. *South African Journal of African Language Studies*. 14(3):116-127.
- Lyons, J. 1977. *Semantics*. Cambridge: Syndicate Press of the University of Cambridge.
- McCawly, J.D. 1971. Tense and time reference in English. In Fillmore & Langendoen (eds). *Studies in linguistic semantics*. New York: Holt, Rinehart and Winston, pp.97-113.
- Meyer, D. 2010. SkryfNet XXII: Deon Meyer se eerste verslag. *Litnet*. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=74352&cat_id=286 [29 November 2010].
- Paul, C. 2010. Misdaadfiksie – Trippe, trappe, t(r)one. *Litnet*. http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=print_article&news_id=82204&cause_id=1270 [3 Maart 2012].
- Potgieter, F. du T. 1982. Taal breek deur die tyds grens: 'n vergelykende studie oor tydsaanduiding in Latyn, Engels en Afrikaans: progressief en regressief. *Unie*, 78(7):186-190.
- Scholtz, H.v.d.M. 1940. *Taal en taalverskynsels*. Kaapstad: Nasou.
- Smith, C.S. 1997. *The parameter of aspect*. 2nd ed. London: Kluwer Academic.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2011. *Taalkommissiekorpus 1.1*. Noordwes-Universiteit: CText.
- Tatevosov, S. 2002. The parameter of actionality. *Linguistic typology*, 6:317-401.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1968a. *Afrikaans: sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1968b. *Aspek as uitdrukkingsmiddel van handeling*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Huyssteen, G.B. & Wissing, D. 2007. Datagebaseerde aspekte van Afrikaanse reduplikasies. *Southern African Linguistics and Applied Language studies*, 25(3):419-439.
- Van Niekerk, J. 1997. Leksikale aspek en temporele spesifikasie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 15(3):98-103.
- Vendler, Z. 1957. Verb and times. *The philosophical review*, 66(2):143-160.
- Visser, A.J.J. 1968. Aspek (die verloop van 'n handeling) in Afrikaans. *Unie*, 65(1):36-38.
- Visser, M. 2012. Resensie: So lig soos 'n klip deur Jacques Pretorius. ... and that is your theory: *blogspot*. <http://aityt.blogspot.com/2012/02/resensie-so-lig-soos-klip-deur-jacques.html> [2 Junie 2012].
- Wybenga, D.M. 1983. *Grammatiese tydsvergestalting in Afrikaans: 'n linguistiese ondersoek aan die hand van enkele Afrikaanse kortverhale*. Potchefstroom: PU vir CHO. [PhD-proefskrif]

Die deelwoord as 'n ánder vorm van die werkwoord¹

The participle as a different form of the verb

ANNEKE BUTLER

Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoekcampus

E-pos: Anneke.Butler@nwu.ac.za



Anneke Butler

ANNEKE BUTLER is 'n dosent in Akademiese Geletterdheid by die Skool vir Tale aan die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoekcampus. In 2014 behaal sy haar Meestersgraad in Algemene Taal- en Literatuurstudie. Haar verhandeling, getiteld *Die deelwoord in Afrikaans: perspektiewe vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk*, ondersoek die onderskeid tussen deelwoordvorme van die werkwoord en perifrastiese konstruksievorme (in verledetyd- en passiefkonstruksies) van die werkwoord in Afrikaans. Haar ander navorsingbelangstellings betrek die ontwerp en ontwikkeling van leermateriaal en taaltoetsing.

ANNEKE BUTLER is a lecturer of Academic Literacy in the School of Language at the Vaal Triangle Campus of North-West University. She received her Master's degree in General Linguistics and Literary Studies in 2014. Her dissertation, titled *Die deelwoord in Afrikaans: perspektiewe vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk*, investigates the distinction between the participle forms of the verb and the periphrastic construction forms (in past tense and passive constructions) of the verb in Afrikaans. Her other research interests include the design and development of learning material as well as language testing.

ABSTRACT

The participle as a different form of the verb

Afrikaans is an inflection-poor language and, as expected, a literature review revealed that little agreement exists on how the participle in Afrikaans should be analysed and described. These differences are reflected in three basic issues, namely:

- a) *inaccurate terminology use and vague formulations;*
- b) *controversy in arguments about the morphological process (including the distinction between inflection or derivation) responsible for the formation of participles; and*

¹ Uit die MA-verhandeling, *Die deelwoord in Afrikaans: perspektiewe vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk*, onder leiding van prof. Gerhard van Huyssteen aan die Potchefstroomcampus van die Noordwes-Universiteit. Met verdere erkenning aan proff. Gerhard van Huyssteen en Bertus van Rooy sowel as die twee anonieme keurders van die artikel vir hulle konstruktiewe kommentaar.

- c) *inconsistency in the recognition of the participle as a form of the verb and whether the form of the verb that is used with auxiliaries (het in the past tense and word/is in the passive) should be regarded as participles.*

The incongruences above are in fact all variations of the same basic problem: the distinction between inflection and derivation. In an attempt to solve the vague and conflicting descriptions of the participle in Afrikaans, this article proposes a distinction between the participle form of the verb and the form of the verb that is used in periphrastic constructions (PC) – i.e. the past tense and the passive (Figure A).




Figure A: *Proposed view of the different forms of the verb in Afrikaans (Butler 2014:48)*

*Grammatical analyses and descriptions of Afrikaans are relatively outdated. Before the publication of *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (Carstens & Bosman) in 2014, the last revised grammar was published more than a decade ago. Therefore, new theoretical insights have not yet been applied to the description of the participle in Afrikaans.*

Jenkinson (1993:117-118) and Van Huyssteen (2014:184) argue that the inflection-derivation distinction in Afrikaans should not be seen as an absolute distinction, but rather as conceptual gradience, as described in cognitive linguistics. In this regard Tuggy (1985:210-213) states that an inflection-derivation continuum can be viewed as a form of categorisation that reflects a more natural interpretation of human cognition.

Booij (2002:19-20; 2006:660) elaborates on this idea by distinguishing contextual inflection from inherent inflection. This distinction supports the distinction between the participle form and the PC form of the verb. The PC form of the verb correlates fully with contextual inflection, whereas the participle form correlates fully with inherent inflection. This finer distinction is also compatible with Langacker's (1987:145; 2008:119-120) view that the participle shows an intermediate character that is situated somewhere between processes and atemporal relations.

From the view of a cognitive descriptive framework, the participle form and the PC form of the verb are compared on both the phonological and the semantic poles. Since the present participle form of the verb cannot be confused with the PC form of the verb, the comparison is made specifically between the past participle form (a) and the PC form (b) of the verb.

- (a) Afrikaans
 ge- kook -te eier
 PTCP- boil- PTCP egg
 “boiled egg”
- (b) Afrikaans
 Ek het ’n eier ge- kook.
 I AUX an egg PST- boil.
 “I boiled an egg.”

On the phonological pole, the past participle form of the verb is often used in syntactic constructions with a copula verb, while the PC form of the verb in past tense constructions is always used with the auxiliary het, and with word/is in passive constructions. Furthermore, the word final -d/-t deletion rule in Afrikaans is complete in the PC form, but not in the participle form. This implies that the PC forms of the verb are never formed by the ambifix ge-V-d/-t (like the participle form) but only with the prefix ge-V.

The difference on both the phonological and semantic poles is clear when a prototypical construction schema of a participle form (c) is compared to that of a PC form (d) by making use of the formalism of construction morphology (Booij 2010a:28).

- (c) [ge [V]_i d/t]_{Aj} ↔ [completed state of SEM_i]_j
 [PTCP [V]_i PTCP]_{Aj} ↔ [completed state of SEM_i]_j
- (d) [ge [V]_i]_{Vj} ↔ [PST of SEM_i]_j
 [PST [V]_i]_{Vj} ↔ [PST of SEM_i]_j

Although the morphological structure of the various forms differs, they are often seen as the same form because the participle form is often used without the -d/-t. It is, however, only when the past participle is used pre-nominally that the -d/-t is realised. Yet, examples exist of past participle forms where the use of the -d is compulsory and they are key in the distinction between the different verb forms. In (e), (f) and (g) the English form of the verb is consistently confused. That is not the case with Afrikaans. In Afrikaans, the PC forms in the past tense (e) and passive (f) would be ungrammatical if -d was used, and (g) would have a different meaning without the -d – i.e. that someone confused the speaker and not that the speaker experienced confusion.

- (e) JD se notas het my **verwar**.
 JD’s notes **confused** me.
- (f) Ek word maklik deur JD se notas **verwar**.
 I am easily **confused** by JD’s notes.
- (g) Ek is só **verward** vandag.
 I am so **confused** today.

On the semantic pole, diagrammatic illustrations are presented to demonstrate the difference between the semantic characterisations of the participle form and the passive form of the verb. Both these forms have process bases that are transformed to atemporal relations as a result of summative scanning. Another similarity is the reversed trajectory-landmark organisation. The difference, though, is that the participle form only profiles the final state of the process, while the passive form profiles all the states of the process as they unfold. Adding to this difference, the passive form of the verb needs the auxiliary as another component structure in the resulting composite structure of the passive construction where the auxiliary (word/is) retemporalises the specific content of the passive form (Langacker 2008:125).

The participle form and the past tense form of the verb are also distinguished on the semantic pole. Afrikaans does not have the same perfect construction as Dutch or English. When one needs to express a perfect aspectual contour in Afrikaans, one has to make use of adverbs. The past tense construction in Afrikaans (het + ge-V) originated from the Dutch perfect construction and developed into an exclusive tempus marker (Ponelis 1993; Conradie 1999). Consequently, the past tense construction in Afrikaans is a fixed, conventional unit that includes the construction as a whole: auxiliary + past tense form of the verb. The construction marks the verb as preceding the moment of speech.

KEY WORDS: participle, present participle, past participle, form of the verb, periphrastic construction, passive construction, past tense construction, cognitive descriptive framework

TREFWOORDE: deelwoord, onvoltooide deelwoord, voltooide deelwoord, vorm van die werkwoord, perifrastiese konstruksie, passiefkonstruksie, verledetyd-konstruksie, kognitiewe beskrywingsraamwerk

OPSOMMING

Uit 'n literatuuroorsig het dit duidelik geblyk dat daar min ooreenstemming is oor hoe die deelwoord in Afrikaanse bronne beskryf word (vergelyk ook Breed 2016). Hierdie teenstrydighede kan saamgevat word in drie basiese kwessies: onjuiste terminologiegebruik en formulerings; die onderskeid tussen fleksie en afleiding, in die besonder of die vorming van deelwoorde gesien word as fleksie of afleiding; en die erkenning of nie van die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord. Hierdie drie punte staan natuurlik nie los van mekaar nie, intendeel, hulle is variasies van dieselfde basiese kwessie: die onderskeid tussen fleksie en afleiding. In 'n poging om die verskillende beskrywings van die deelwoord op te los, word daar in die artikel voorgestel om die deelwoordvorm van die werkwoord te onderskei van die perifrastiese konstruksievorme (PK-vorme) in die verledetyd- en passiefkonstruksies.

Deur die fleksie-afleiding-onderskeid as 'n konseptuele gyskaal eerder as 'n absolute binêre onderskeid te sien, is volledig versoenbaar met die voorstel om die deelwoord as 'n ander vorm van die werkwoord te beskryf. Die fyner onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie is konsekwent met die onderskeid tussen die verskillende vorme van die werkwoord. Die PK-vorme van die werkwoord stem in alle opsigte ooreen met kontekstuele fleksie en die deelwoordvorm volkome met inherente fleksie.

Die voorgestelde onderskeid tussen die deelwoordvorm en die PK-vorme van die werkwoord word ten slotte gemotiveer met uitgebreide beskrywings van die verskillende vorme vanuit 'n kognitiewe beskrywingsraamwerk. Die verskillende karakteriserings van die verskillende werkwoordvorme word duidelik geïllustreer op sowel die fonologiese as die semantiese pole.

1. INLEIDING

Tussen 2010 en 2013, tydens 'n annoteringsprojek van CText (Noordwes-Universiteit) van 60 000 Afrikaanse tekseenhede, het die ontwikkelaars en annoteerders telkens voor moeilike vrae te staan gekom met betrekking tot die annotering van die deelwoord. Een van die hoofredes hiervoor is dat beskrywings van die deelwoord in bronne oor Afrikaans teenstrydige beskrywings bied en dat, afhangend van watter beskrywing in hierdie bronne gevolg word, verskillende annoterings gelewer word. Eers wanneer 'n duidelike beeld gevorm is van wat presies 'n deelwoord is, kan riglyne vir praktiese annotering daargestel word.

Hierdie artikel bied eerstens 'n opsomming van die bestudering van Afrikaanse bronne wat die verwarring uitwys van hoe die deelwoord beskryf word. Die beskrywings van die deelwoord in Afrikaans word ook teen die agtergrond geplaas van hoe die deelwoord in Nederlands en Engels beskryf word. Die onsekerheid word dan opgelos deur 'n voorstel dat daar in Afrikaans onderskei moet word tussen die deelwoordvorm van die werkwoord, en die perifrastiesekonstruksievorme (PK-vorme) van die werkwoord in verledetyds- en passiefkonstruksies.

Ten slotte word die deelwoordvorm van die werkwoord en die PK-vorme van die werkwoord met mekaar vergelyk vanuit 'n kognitiewe beskrywingsraamwerk. Hierdie vergelyking dien as motivering daarvoor om die deelwoord as 'n ander vorm van die werkwoord, benewens die PK-vorme, te sien.

2. DIE TERM “DEELWOORD”

Naas “deelwoord” kan ons ook sinonimies “partisipium” gebruik. Die Latynse *participium* is 'n leenvertaling van die Griekse term *metochē* wat die antieke Grieke gebruik het om die adjektiewiese vorm van die werkwoord te benoem. *Metochē* druk 'n “sharing element” uit (Matthews 1997:267) en is gebruik om na deelwoorde te verwys juis omdat hierdie woordklas gelyktydig deel het aan sowel die werkwoordkategorie as 'n ander kategorie, byvoorbeeld adjektiewe.

Afrikaans het verder twee stelle sinonimiese woordpare vir tipes deelwoorde. Die een stel, teenwoordige en verlede deelwoorde, impliseer 'n tempusverwysing wat misleidend is. Teenwoordige deelwoorde kan ook in verledetydskonstruksies voorkom (1a) en verlede deelwoorde kan ook in teenwoordigetydskonstruksies voorkom (1b). Daarom gebruik ek voortaan onvoltooide en voltooide deelwoorde wat eerder die aspektuele verskil as die tempusverwysing vasvang.

1a *Die nuus was werklik ontstellend.*

1b *Die verduideliking is geslaagd.*

3. ONVERSOENBARE BESKRYWINGS VAN DIE DEELWOORD

Buiten die aandag wat De Villiers (1948:95-108) en Van Schoor (1983:212-220) aan die deelwoord gee, sowel as die uitgebreide reëls in die AWS (2009:62-64, 162-167), bestaan daar slegs skrapse en versplinterde beskrywings van die deelwoord wat in die verbygaan en tussendeur ander beskrywings gegee word.

Uit 'n literatuuroorsig is dit duidelik dat daar 'n aantal spesifieke aspekte aangaande deelwoorde is waarvoor bronne verskil. Hierdie verskille kan saamgevat word in drie basiese kwessies: onjuiste terminologiegebruik en formulerings; die onderskeid tussen fleksie en afleiding en veral of die vorming van deelwoorde beskou word as fleksie of afleiding; en die erkenning of nie van die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord. Die punte van inkongruensie staan natuurlik nie los van mekaar nie, intendeel, hulle is variasies van dieselfde basiese kwessie: die onderskeid tussen fleksie en afleiding.

3.1 Onjuiste terminologiegebruik en formulerings

In Nederlandse en Engelse bronne word spesifieke terme gebruik om die onderskeid tussen die verskillende morfologiese prosesse, afleiding of fleksie, duidelik te laat blyk. In Engels word *conjugation* gebruik om spesifiek te verwys na die fleksievervoeging van werkwoorde, *declension* na die verbuiging van naamwoorde en *derivation* vir afleidingsprosesse (Matthews 1997:68, 93, 179). In lyn hiermee verduidelik die *Algemene Nederlandse spraakkunst* (ANS 1985:25) fleksie

as vormverandering van dieselfde woord (lewer dus verskillende vorme) wat verbuigings (by naamwoorde en adjektiewe) en vervoegings (by werkwoorde) lewer. Afleiding, daarenteen, word verduidelik as woordvorming (lewer dus nuwe woorde).

Dit blyk dus duidelik dat terminologiegebruik besonder betekenisvol is wanneer morfologiese prosesse beskryf word. Tog is die terminologiegebruik in sommige Afrikaanse bronne verwarrend, soos geïllustreer in die volgende verwysings. Aan die een kant impliseer Kempen (1982:141) fleksiewerking as hy aanvoer dat 'n deelwoord in 'n byvoeglikenaamwoordfunksie van 'n werkwoord *gevorm* is. Later skryf hy dat die deelwoord 'n byvoeglike naamwoord is wat van 'n werkwoord *afgelei* is: hier impliseer hy weer afleiding (Kempen 1982:160). Nóg later stel Kempen (1982:262) dat deelwoorde *vorme* van die werkwoord is: weer fleksiewerking. Hierdie verwarrende woordkeuses is nie tot Kempen beperk nie. Ook die AWS (2009: 567, 574) en Carstens (2011:277-278) skryf dat die deelwoord 'n woord is wat van 'n werkwoord *afgelei* is. Gevolglik is dit baie moeilik om enige betroubare afleiding oor bronne se siening van die deelwoord te maak. Dit word soms onmoontlik om te bepaal of bronne die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord (fleksie) sien en of die deelwoord liever as afleiding gesien moet word.

3.2 Fleksie of afleiding

Booij (2006:654) se verduideliking van fleksie en afleiding sluit aan by Matthews (1997:93,178) en die *ANS* (1985:25) se terminologieverklaring van morfologiese prosesse. Hy verduidelik dat die onderskeid tussen fleksie en afleiding 'n funksionele onderskeid tussen twee verskillende morfologiese prosesse is. Die totstandkoming van verskillende vorme van dieselfde lekseem word as fleksie gesien; die totstandkoming van verskillende lekseme word as afleiding gesien.

Om hierdie twee verskillende morfologiese prosesse in Afrikaans te illustreer, kan ons sê dat *lopende* (2a) 'n voorbeeld van 'n onvoltooide deelwoord is wat van die werkwoord *loop* vervoeg is met behulp van die fleksiemorfeme *-end* [PTCP] en *-e* [ATTR].² Daarteenoor kan ons sê dat *loperige* (2b) 'n voorbeeld van 'n adjektief is wat van die werkwoord *loop* afgelei is deur die afleidingsmorfeem *-erig* (en dan verder deur die fleksiemorfeme *-e* in die attributiewe posisie verbuig word). Die verskil tussen *lopende* en *loperige* is dat *lopende* 'n ander vorm van die werkwoord *loop* is wat semanties interpreteer kan word as “iets wat loop”. *Loperige* het nie dieselfde semantiese interpretasie van “iets wat loop” nie, maar eerder 'n interpretasie van “iets wat oor die kwaliteit of moontlikheid beskik om te loop”, maar dit beslis (nog) nie op die oomblik doen nie.

2a Die *lopende* water maak my rustig.

2b Die *loperige* deeg laat my gril.

Op 'n skaal van morfologiese kompleksiteit (Booij 2002:19) is Afrikaans 'n sterk gedeflekteerde taal, eerder 'n analitiese taal (Jenkinson 1993:116), omdat baie van die fleksievorme reeds verdwyn het. Booij (2010b:548) gebruik die term “fleksie-erosie” om na die verlies van 'n fleksiesistiem te verwys.

Bronne oor Afrikaans verwys op uiteenlopende wyses na fleksie en afleiding met betrekking tot die deelwoord in Afrikaans. Die aanname dat morfeme van meet af aan in twee tipes verdeel kan word, naamlik fleksie- en afleidingsmorfeeme, blyk nie so voor die hand liggend te wees nie. Aan die een kant voer Combrink (1974:29-30; 1989:233; 1990:30-31) aan dat die onderskeid tussen fleksie en afleiding 'n “nikswerd Latinisme” is wat nie vir Afrikaans geld nie. Volgens Du

² Ek volg die Leipzig-reëls om morfeme te glos (Comrie, Haspelmath & Bickel 2008).

Toit (1986:101) kan deelwoorde onder sowel fleksie as afleiding ingedeel word. Hy sien die verledetydsvorm van die werkwoord as fleksiewerking en die adjektiewiese gebruik van deelwoorde as afleiding. De Villiers (1983:68-69, 72-73, 80, 111-112, 161) se hantering van fleksie en afleiding is met tye intern teenstrydig en verwarrend. Dit kom voor asof hy deelwoorde in die verledetydsvorm en die passiefvorm as fleksie sien en dan 'n onderskeid tref tussen die voltooide en onvoltooide deelwoorde in adjektiewiese gebruik: die adjektiewiese gebruik van voltooide deelwoorde is fleksie en dié van onvoltooide deelwoorde is afleiding. Aan die ander kant bestempel Van Schoor (1983:209) deurgaans fleksiewerking by deelwoordvorme.

Jenkinson (1993) bespreek in sy artikel, *Die probleem van fleksie en afleiding in Afrikaans*, dieselfde onsekerheid en spektrum opinies. Die rede wat hy hiervoor aanvoer, is dat nie alle taalkundiges hierdie onderskeid erken nie (Jenkinson 1993:111-115). Hy wys ook daarop dat daar nie altyd van dieselfde stel kriteria gebruik gemaak word om tussen fleksie en afleiding te onderskei nie (Jenkinson 1993:108-111) en dat die onderskeid vir 'n analitiese taal, soos Afrikaans, problematies sal bly juis omdat daar so min fleksiekategorieë in Afrikaans is (Jenkinson 1993:116). Aansluitend hierby, toon Groenewald en Van Huyssteen (2008) aan hoe min internasionale taalkundiges saamstem oor die kriteria wat aangelê kan word vir fleksie (Groenewald & Van Huyssteen 2008:70), asook hoe Afrikaanse taalkundiges van mekaar verskil oor die fleksiekategorieë vir Afrikaans (Groenewald & Van Huyssteen 2008:72).

Die gevolgtrekking waartoe Jenkinson (1993:117-118) en Van Huyssteen (2014:184) kom, is dat die onderskeid tussen fleksie en afleiding eerder as 'n konseptuele glyskaal gesien moet word, soos wat dit reeds in die kognitiewe linguistiek beskou word, as 'n absolute tweedeling.

3.2.1 *Tuggy se onderskeid tussen fleksie en afleiding*

Vanuit 'n kognitiewe perspektief voer Tuggy (1985:210) aan dat 'n fleksie-afleiding-kontinuum 'n vorm van kategorisering voorstel wat meer natuurlik is aan menslike kognisie. Eerder as 'n absolute onderskeid, is 'n meer akkurate beskrywing van die fleksie-afleiding-onderskeid om fleksie en afleiding as pole op 'n kontinuum te sien sodat daar ruimte gelaat word vir morfeme om iewers tussen die pole te val (Tuggy 1985:209).

Na analogie van Tuggy (1985:210) kan ons sê dat die verledetydsvorm *gedoen* 'n prototipiese fleksievorm is, terwyl *doenlik* 'n prototipiese voorbeeld van afleiding is. Volgens Tuggy (1985:211) sal 'n fleksievorm soos *gedoen* waarskynlik nooit oorweeg word as 'n aparte woordeboekinskrywing nie, teenoor 'n afleiding soos *doenlik* wat wel gelys sal word. Tuggy (1985:210-213) onderskei tussen fleksie en afleiding deur te verwys na produktiwiteit, voorspelbaarheid en betekenisverandering.

- In terme van produktiwiteit is fleksiemorfeme baie meer produktief as afleidingsmorfeme. Die meeste werkwoorde neem *ge-* in verledetydskonstruksies, terwyl *-lik* slegs met sekere werkwoorde verbind om deverbale adjektiewe te vorm. Vanuit 'n kognitiewe perspektief kan ons dit stel dat *ge-V* 'n gevestigde konstruksieskema vir Afrikaanssprekendes is, en as gevolg van herhaalde gebruik word gevestigde sowel as nuwe uitdrukkings toegelaat. Hierteenoor is die konstruksieskema *V-lik* minder frekwent met 'n beperkte promiskuiteit (in 'n mindere mate gevestig) en laat dit ook nie nuwe uitdrukkings in dieselfde mate toe nie (Tuggy 1985:210-212). Wanneer 'n nuwe werkwoord soos *google* gebruik word, word *het gegoogel* sonder enige inspanning gevorm, terwyl *googleagtig* moontlik eerder as *googlelik* gevorm sal word. Indien *googlelik* gebruik word, sal dit inspanning verg om te verstaan.
- Die tweede onderskeid tussen fleksie en afleiding behels die voorspelbaarheid van die morfeem. Fleksiemorfeme is tipies meer voorspelbaar in terme van funksie en betekenis

as afleidingsmorfeme. Elke keer wanneer *ge-* gebruik word in die verledetydskonstruksie, het dit dieselfde betekenis en daarom is dit vir sprekers maklik om nuwe uitdrukkings dadelik te verstaan (Tuggy 1985:212-213). Hierteenoor bind *-lik* nie eksklusief aan sommige werkwoorde nie, dit kan ook aan naamwoorde bind en die betekenis van *-lik* is ook nie noodwendig vas nie. Die betekenis van *-lik* in *adellik* kan geparafraseer word as “soos adel”, maar in *doenlik* sal dit eerder as “kan gedoen word” of “moontlik om te doen” geparafraseer word in plaas van “soos doen”.

- Die mate waartoe die morfeme die betekenis van die stam verander, is ’n derde onderskeid tussen fleksie en afleiding. Fleksiemorfeme het ’n minimale effek op die betekenis van die stam terwyl afleidingsmorfeme ’n groot effek het (Tuggy 1985:213). Die semantiese inhoud van *doen* en *gedoen* is basies dieselfde. Die *ge-* in *gedoen* wat saam met *het* gebruik word, verskaf slegs ekstra inligting om die spreker te help om te verstaan dat dit in die verlede tyd is. Hierteenoor is daar ’n groot verskil tussen *doen* en *doenlik* waar *-lik* die stam se betekenis in so mate verander dat *doenlik* “kan gedoen word” beteken en sinonimies met “moontlik” vervang kan word.

Die meeste morfeme sal in enige kontinue voorstelling bondel rondom die twee pole en kan derhalwe as prototipiese voorbeelde van fleksie- of afleidingsmorfeme gesien word. Tog sal daar wel voorbeelde wees wat op grond van hierdie drie maatstawwe iewers tussenin val sonder om duidelik deel van die een of die ander groep uit te maak (Tuggy 1985:214,219). Deelwoorde is juis goeie voorbeelde om te illustreer hoe morfeme in die tussengebied kan val (Figuur 1).

	Fleksie ←—————→ Afleiding	
Produktiwiteit		<i>doener</i>
Voorspelbaarheid		<i>doenbaar</i>
Betekenisverandering	<i>het iets gedoen</i>	<i>gedoende hare</i>

Figuur 1: Morfeme op die fleksie-afleiding-kontinuum volgens Tuggy se kriteria

Die *ge-*morfeme in verledetyds- en passiefkonstruksies sal, anders as die *ge-* betrokke by deelwoorde, bondel rondom die fleksiepool. Dit versterk my vermoede dat ons ’n duideliker onderskeid behoort te tref tussen die perifrastiese-konstruksievorme (PK-vorme) van die werkwoord en die deelwoordvorme van die werkwoord (Figuur 3).

3.3.2 Fleksie of afleiding volgens Booij

Booij (2006:655) wys op drie kwessies waaroor linguïste debatteer as dit gaan oor die onderskeid tussen fleksie en afleiding, naamlik: die formele kriteria waarvolgens die onderskeid gemaak word; tiperende eienskappe van beide fleksie en afleiding; en die volgorde van morfeme. Vir Booij (2002:19-20; 2006:660) lê die oplossing egter daarin om fleksie verder te onderskei in terme van inherente en kontekstuele fleksie.

Kontekstuele fleksie is fleksie wat deur die sintaktiese konteks vereis word (Booij, 2002:20) soos *ge-* in verledetydskonstruksies van Afrikaans (bv. *geskryf*). Ander voorbeelde van kontekstuele fleksie in Afrikaans sou meervouds- (bv. *drie idees*, *baie papiere*, *verskillende memoranda*) en verkleiningsvorme (*klein nessie*, *babavoeltjie*) wees wat ook deur die sintaktiese konteks vereis word. Inherente fleksie, daarenteen, voeg morfosintaktiese eienskappe met ’n onafhanklike semantiese waarde toe aan die stam van die woord (Booij 2002:19). Die vorming van deelwoorde

kan as 'n tipe inherente fleksie gesien word, aangesien dit ekstra inligting tot die werkwoordbasis toevoeg (bv. aspektualiteit – voltooid: *ontwikkelde* lande of onvoltooid: *ontwikkelende* lande) en ook omdat die sintaktiese konteks nie die vorm bepaal nie. Indien die deelwoord prenominaal gebruik sou word, word die attributiewe *-e* juis deur die sintaktiese konteks bepaal en daarom sal dit dan kontekstuele fleksie wees. Vir Booij (2006:660) is die belangrikste onderskeid hier dat slegs inherente fleksie soms verdere woordvorming soos afleidings en samestellings kan toelaat, soos *gebreektes* (s.nw.) van *gebreekte* (dw.).

←		→		
Kontekstuele fleksie	...	Inherente fleksie	...	Afleiding
Verledetydskonstruksie		Voltooidedeelwoordkonstruksie		<i>on-</i>
[het + [ge₁[V]]]		[ge₃[V]/d/t]		<i>-loos</i>
Passiefkonstruksie		Onvoltooidedeelwoordkonstruksie		<i>-lik</i>
[word/is + [ge₂[V]]]		[[V]end]		...

Figuur 2: Kontekstuele en inherente fleksie op die fleksie-afleiding-kontinuum

Die siening dat deelwoordmorfeme 'n intermediêre karakter tussen prosesse en atemporele verhoudings toon (Langacker 1987:145; 2008:119-120) en Booij (2002:79) se eie siening dat die deelwoord 'n fleksiekategorie van werkwoorde is wat voorkom in transkategoriale konstruksies, is beide versoenbaarbaar met inherente fleksie wat tussen die prototipiese fleksie-afleiding-pole lê.

Met hierdie kontinuum (Figuur 2) in gedagte, kan ons weer die teenstrydige sienings van Afrikaanse bronne oor fleksie en afleiding nagaan. Die verskillende skrywers van bestaande Afrikaanse bronne het hulle menings gelug in 'n tyd toe 'n absolute onderskeid tussen fleksie en afleiding die norm was in tradisionele en strukturele beskrywings van Afrikaans wat op hulle beurt weer teruggevoer kan word na die tradisie van Latynse en Griekse grammatikabeskrywings. Eers met insig in die nondiskrete aard van linguistiese kategorieë wat deur die kognitiewe taalkunde ontwikkel is, was dit moontlik om die oënskynlike botsings in 'n samehangende beskouing te integreer. Deur die fleksie-afleiding-onderskeid meer geleidelik te sien en om 'n verdere onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie te tref, kon Afrikaanse taalkundiges bes moontlik minder teenstrydig hieroor geredeneer het. Combrink (1989:233, 1990:30-31) ontken juis 'n absolute onderskeid tussen fleksie en afleiding, Du Toit (1986:101) se aanvoeling om 'n onderskeid te tref tussen verskillende vorme van die werkwoord neig reeds in die rigting van 'n kontinue onderskeid eerder as 'n absolute onderskeid, en Van Schoor (1983:209) is reg om deelwoorde as fleksie te sien. Die belangrikste kwessie wat na vore kom uit 'n kontinue siening van fleksie en afleiding, en spesifiek met Booij se onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie, is dat dit die verledetyds- en passiefkonstruksies as ánder vorme van die werkwoord, onderskeibaar van die deelwoordvorm, uitwys (sien afdeling 4).

3.3 Die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord

Byna die helfte van die bronne wat bestudeer is, sien die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord, maar slegs De Villiers (1983:111) en Van Schoor (1983:212) verduidelik dié vorm van die werkwoord verder as 'n woord wat gelyktydig twee woordklasse dien.

Daar bestaan in die meeste Nederlandse en Engelse bronne geen twyfel dat die deelwoord 'n vorm van die werkwoord is nie. In dié tale is “vormkategorie” of “vorm van die werkwoord” die aanvaarde vertrekpunt om deelwoorde te beskryf (Booij 2002:54; ANS 1984:422-423; Huddleston 1988:40; Bibber et al. 1999:392; Huddleston & Pullum 2005:29; OALD2010:1070).

Volgens Booij (2002:69) het die “perfect participle form of the verb” twee funksies wat saam met die relevante hulpwerkwoorde gebruik word, naamlik (i) om perfektiewe aspek, byvoorbeeld *heeft gewerkt*; of (ii) passiewe betekenis, byvoorbeeld *worden gewerkt*, uit te druk. Die Nederlandse taalunie (Taalunieversum 2013) onderskei ook tussen die basiese gebruike: dit kan voorkom as deel van die gesegde (3a), maar dit kan ook as byvoeglike naamwoorde gebruik word (3b).

3a *Hij is met vlag en wimpel voor zijn examen **geslaagd**.*

3b *Hij nam met zijn secretaresse de **lopende** zaken door.*

Huddleston (1988) beskryf die deelwoord spesifiek as 'n vorm van die werkwoord wat kenmerke van beide werkwoorde en adjektiewe vertoon: “it is in ‘part’ like a verb, in ‘part’ like an adjective” (Huddleston 1988:40). Die *Longman grammar of spoken and written English* (LGSWE) (Bibber et al. 1999:392, 394-396) verwys na die vier morfologiese variante (vorme) van leksikale fleksie by swak werkwoorde (*regular verbs*) en 'n verdere morfologiese vorm by sterk werkwoorde (*irregular verbs*): die basisvorm, die suffiks *-(e)s*; die suffiks *-ing*; die suffiks *-ed*; en sterk werkwoorde as sterk verlede deelwoorde.

Beide Huddleston (1988:38-40) en Huddleston en Pullum (2005:32-35) stem saam met die morfologiese variante wat LGSWE (Bibber et al. 1999) lys, maar hanteer die verledetydsvorm as 'n aparte variante vorm. Hulle verklaar hierdie ekstra vorm deur daarop te wys dat die verlededeelwoordvorm en die swak werkwoordvorm in baie gevalle met die verledetydsvorm van daardie werkwoorde ooreenstem. By sterk werkwoorde, daarenteen, is daar nie dieselfde ooreenstemming nie (Huddleston 1988:39; Huddleston & Pullum 2005:33-34), met die gevolg dat daar dan 'n verdere morfologiese variant voorkom. Die twee werkwoordvorme in Engels wat die deelwoord betrek, word volgens Huddleston en Pullum (2005:32-33) onderskei as 'n *gerund-participle* en 'n *past participle*. 'n *Gerund* (“gerundium” in Afrikaans) is 'n werkwoordvorm wat funksioneel dieselfde as 'n selfstandige naamwoord is; en 'n deelwoord is 'n werkwoordvorm wat funksioneel dieselfde as 'n adjektief is. In Engels word een woordvorm, “shape” (Huddleston & Pullum 2005:32), gevorm met *-ing*, vir beide bogenoemde vorme gebruik (spesifiek die teenwoordige deelwoord in hierdie geval) en vandaar die term *gerund-participle*. Daar word ook na die *gerund* as die *ing*-vorm van die werkwoord verwys juis omdat nie een van die oorgeërfde terme volledig daarin slaag om na hierdie vorm te verwys nie.

Wat dus hier aan die lig kom, is dat een (skrif-)vorm van die werkwoord meerdere funksies kan hê. In Engels kan dieselfde vorm van 'n woord, byvoorbeeld *developed*, gebruik word as die verlede tyd van 'n swak werkwoord (4a) of as 'n deelwoord in 'n adjektiewiese funksie (4b).

4a *She **developed** a solid plan.*

4b ***Developed** countries should help us.*

Daar is drie waardevolle bydraes wat Nederlandse en Engelse bronne lewer om lig te werp op die teenstrydige sienings in die Afrikaanse bronne. Vanuit die staanspoor sien Nederlands en Engels

die deelwoord as 'n vorm (of vormkategorie) van die werkwoord. Tweedens kry ons groter insig in wat met 'n vorm van die werkwoord bedoel word: dat dit 'n morfologiese vorm of variant van die woord is wat apart staan van die funksie waarin dit gebruik word. Ons weet ook dat: "... different inflectional forms of a verb may share the same shape" (Huddleston & Pullum 2005:33). Dit is dus moontlik dat dieselfde skryfvorm in verskillende vormkategorieë geregverdig kan word. Laastens word die deelwoord op twee maniere gebruik: as 'n vorm van die werkwoord wat in konstruksies gebruik word om die verlede tyd of die passiefvorm uit te druk, óf waar die deelwoord alleen voorkom as adjektief met verbale eienskappe.

4. VERSKILLENDE VORME VAN DIE WERKWOORD

In die volgende twee tabelle word werkwoordparadigmas van onderskeidelik 'n swak (Tabel 1) en 'n sterk (Tabel 2) werkwoord gegee. Die verskil tussen die paradigmas is dat die verledetydsvorm van 'n swak werkwoord in Engels presies dieselfde as die voltooide deelwoordsvorm lyk, terwyl die vorme met 'n sterk werkwoord verskil. Verder kry ons dit slegs in Afrikaans dat daar beide 'n sterk en 'n swak vorm van voltooide deelwoorde van dieselfde werkwoord bestaan, byvoorbeeld *gebreekte koppie* en *gebroke hart*.

Die grys dwarslyne in die tabelle dui die deelwoordvorme aan, terwyl vorme van die werkwoord wat presies dieselfde morfologiese vorm as die deelwoordvorme het, donker gemerk is.

TABEL 1: Paradigma van 'n swak werkwoord: *play*, *spelen* en *speel*

Werkwoordvorme	Engels	Nederlands	Afrikaans
Infinitief	<i>play</i>	<i>spelen</i>	<i>speel</i>
Onvoltooide deelwoord	<i>playing</i>	<i>spelend</i>	<i>spelend(e)</i>
Progressiewe aspek	<i>is/are/was/were playing</i>	<i>aan 't spelen</i>	<i>aan die speel</i>
Teenwoordige tyd, enkelvoud	<i>play(s)</i>	<i>speel(t)</i>	<i>speel</i>
Teenwoordige tyd, meervoud	<i>play</i>	<i>spelen</i>	<i>speel</i>
Verlede tyd	<i>played</i>	<i>speelde</i>	<i>het gespeel</i>
Voltooide deelwoord	<i>played</i>	<i>gespeeld</i>	<i>gespeel(d)(e)</i>
Perfektum	<i>has/have/had played</i>	<i>hebt/hebben / had/hadden gespeeld</i>	<i>klaar ... gespeel het</i>
Passief, teenwoordig	<i>is/are played</i>	<i>worden gespeeld</i>	<i>word gespeel</i>
Passief, verlede	<i>was/were played</i>	<i>zijn gespeeld</i>	<i>is gespeel</i>


TABEL 2: Paradigma van 'n sterk werkwoord: *break*, *breken* en *breek*

Werkwoordvorme	Engels	Nederlands	Afrikaans
Infinitief	<i>break</i>	<i>breken</i>	<i>breek</i>
Onvoltooide deelwoord	breaking	brekend	brekend(e)
Progressiewe aspek	<i>is/are/was/were</i> breaking	<i>aan 't breken</i>	<i>breek</i>
Teenwoordige tyd, enkelvoud	<i>break(s)</i>	<i>breek(t)</i>	<i>breek</i>
Teenwoordige tyd, meervoud	<i>break</i>	<i>breken, brak</i>	<i>breek</i>
Verlede tyd	<i>broke</i>	<i>braken</i>	<i>het gebreek</i>
Voltooide deelwoord	broken	gebroken	gebreek(t)(e) gebroke
Perfektum	<i>has/have/had</i> broken	<i>hebt/hebben /</i> <i>had/hadden</i> gebroken	<i>klaar ...</i> <i>gebreek het</i>
Passief, teenwoordig	<i>is/are</i> broken	<i>worden</i> gebroken	<i>word gebreek</i>
Passief, verlede	<i>was/were</i> broken	<i>zijn</i> gebroken	<i>is gebreek</i>

Uit beide werkwoordparadigmas kan ons sien dat daar telkens in Engels en Nederlands 'n duidelike vormlike ooreenkoms is tussen die vorm van die werkwoord in 'n adjektiewiese funksie en die vorm in passiewe en perfektumkonstruksies. Dit is egter nie die geval in Afrikaans nie en dit kan nóg beter verduidelik word met voorbeelde waar die adjektiewiese gebruik van die vorm van die werkwoord en die vorm van die werkwoord in konstruksies nooit dieselfde vorm het nie. Waar Engels konsekwent *confused* gebruik wanneer dit adjektiewies (5b) en (5d), passief (5f) of in die verlede tyd (5h) gebruik word, gebruik Afrikaans *verward* in die adjektiewiese funksie (5a) en (5c), maar *verwar* in die passiewe (5e) en verledetydskonstruksies (5g).

- 5a *Die verwarde persoon frons.*
 5b *The confused person frowns.*
 5c *Jan is verward.*
 5d *Jan is confused.*
 5e *Jan word/is deur die deurmekaar aanwysings verwar.*
 5f *Jan is/was confused by the disorganised directions.*
 5g *Die deurmekaar aanwysings het Jan verwar.*
 5h *The disorganised directions confused Jan.*

Dit wil dus voorkom asof dit in Afrikaans nodig is om 'n onderskeid te tref tussen deelwoordvorme van die werkwoord en vorme van die werkwoord wat in perifrastiese konstruksies voorkom (Figuur 3).



Figuur 3: Voorgestelde siening van verskillende vorme van die werkwoord

5. VERGELYKING TUSSEN DIE VOLTOOIDE DEELWOORDVORM EN DIE PK-VORME

Aangesien dit juis die voltooide deelwoordvorm en die PK-vorme van die werkwoord is wat met mekaar verwar word, word hulle voorts van mekaar onderskei. Vanuit 'n kognitiewe beskrywingsraamwerk, kan hierdie vorme op beide die fonologiese en semantiese pole met mekaar vergelyk word om sodoende die onderskeid tussen dié vorme te beskryf.

Tabel 3 gee 'n opsomming van die verskil tussen die deelwoordvorm en die PK-vorme. Die grys gemerkte blok in Tabel 3 toon die enigste plek waar daar moontlik 'n verwarring tussen die deelwoordvorm en die PK-vorme kan wees.

TABEL 3: Vergelyking tussen die deelwoordvorme en die PK-vorme

Tippe deelwoord	Konstruksieskemas: deelwoord	Vergelyking met PK-vorm
Onvoltooide deelwoord	$[[V]_i \text{end}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_i]_j$	Kom glad nie as 'n PK-vorm voor nie en kan dus nie met 'n PK-vorm verwar word nie.
Sterk voltooide deelwoord	geleksikalisierde vorm	Kom glad nie as 'n PK-vorm voor nie en kan dus nie met 'n PK-vorm verwar word nie.
Swak voltooide deelwoord	$[ge [V]_i d/t]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooide staat van SEM}_i]_j$	Kom in die attributiewe posisie altyd met <i>-d/-t</i> voor en kan dus nie met 'n PK-vorm verwar word nie. Het soms in die predikatiewe posisie 'n verpligte <i>-d/t</i> ; kan dan ook nie met die PK-vorm verwar word nie.
	$[ge [V]_i]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooide staat van SEM}_i]_j$	Kom gereeld in die predikatiewe posisie sonder 'n <i>-d/t</i> voor, in welke gevalle dit dan moontlik is om dit met die PK-vorm te verwar.

5.1 Vergelyking op die fonologiese pool

Die predikatiewe gebruik van voltooide deelwoorde in 'n adjektief funksie word altyd saam met 'n koppelwerkwoord in 'n sin gebruik, terwyl die PK-vorm van die werkwoord altyd saam met 'n hulpwerkwoord voorkom. In die verledetydskonstruksie word die werkwoordvorm saam met *het* (hulpwerkwoord van tyd) gebruik, en in die passiefkonstruksie word die werkwoordvorm saam met *word* (vir 'n duratiewe lesing) of *is* (vir 'n voltooide lesing) gebruik (beide hulpwerkwoorde van vorm).

Die woordfinale *-d/-t*-skrappingsreël in Afrikaans (Combrink 1990:24-25) is volkome voltrek in die PK-vorme van die werkwoord, maar nie by die deelwoordvorm nie. Dit beteken dat die PK-vorme van die werkwoord deurgaans glad nie deur *ge-V-d/-t* gevorm word nie, maar slegs deur *ge-V*. Die verskil is duidelik indien 'n mens die prototipiese konstruksieskema van 'n deelwoordvorm (6a) vergelyk met dié van 'n PK-vorm (6b).

6a $[ge [V]_i d/t]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooide staat van SEM}_i]_j$

6b $[ge [V]_i]_{Vj} \leftrightarrow [\text{PST van SEM}_i]_j$

Wanneer die voltooide deelwoord attributief gebruik word, is daar nie verwarring nie, aangesien die *-d/-t* dan realiseer. Verwarring tussen die vorme ontstaan eers wanneer die deelwoordvorm in die predikatiewe posisie sonder die *-d/-t* gebruik word, want dan lyk die vorme op die oog af dieselfde.

Al onderskei die AWS (2009) nie tussen die PK-vorme en 'n deelwoordvorm nie, en al gebruik die AWS (2009:162) die term "deelwoord" om na beide vorme te verwys, onderskei die reëls sêlf

duidelik tussen die vorme. AWS-reël 11.5 (2009:62) is 'n sterk leidraad om tussen die PK-vorme en die deelwoordvorm te onderskei.

- Reël 11.5 betrek slegs die PK-vorme: “Voltooide deelwoorde³ in werkwoordfunksie (dus PK-vorme) word altyd sonder *-d* aan die einde gespel ...” (AWS 2009:62). Die deelwoordvorme word betrek in die opmerking by die reël wat deelwoorde in 'n adjektief- of bywoordfunksie (dus deelwoordvorme) in twee groepe deel waar die slot-*d* verpligtend of opsioneel is.
- Reëls 11.6 tot 11.11 (AWS 2009:63-64) beantwoord die vraag wanneer die deelwoordvorm *-d* of *-t* neem. Al hierdie reëls is duidelik slegs van toepassing op die deelwoordvorm en nie die PK-vorme nie.

Alhoewel sterk voltooide deelwoorde nie binne die fokus van hierdie artikel val nie, is sterk voltooide deelwoorde tog deurslaggewend vir die onderskeid tussen 'n deelwoordvorm en PK-vorme. Sterk voltooide deelwoorde word nooit as 'n vorm van die werkwoord in 'n werkwoordfunksie gebruik nie. Net so is predikatiewe deelwoordvorme met 'n verpligte *-d* ewe bepalend vir die onderskeid tussen die verskillende vorme van die werkwoord. Vergelyk die drie voorbeeldsinne met *trou*. Sinne (7a) en (7b) sal beide ongrammatikaal wees indien die werkwoordvorm *getroud* gebruik sou word. Sin (7c) sou 'n ander betekenis hê indien die *-d* weggelaat sou word: met die *-d* beteken die sin dat hulle vir twee jaar in die eg verbind was (*getroud*), en sonder die *-d* sal die sin beteken dat hulle vir twee jaar eerlik en opreg (*getrou*) teenoor mekaar was voor hulle geskei het.

7a *Die magistraat het Jan en San getrou.*

7b *Jan en San is deur die magistraat getrou.*

7c *Jan en San was vir twee jaar getroud voor hulle geskei het.*

Dieselfde geld *verwar*. Sinne (8a) en (8b) sal ongrammatikaal wees indien *verwar* met 'n *-d* gebruik sou word; en sin (8c) sou 'n ander betekenis hê sonder die *-d*: iemand verwar die “ek” en nie dat die “ek” in 'n toestand van verwardheid verkeer nie.

8a *JD se notas het my verskriklik verwar.*

8b *Ek word maklik deur JD se notas verwar.*

8c *Ek is só verward vandag!*

Soms word die gebruik van die *-d/-t* bepalend vir betekenisonderskeiding by *ge-*lose vorme van die deelwoord, al is die *-d/-t* in die betrokke woord opsioneel. Byvoorbeeld, wanneer 'n mens 'n lys maak met die doel om take wat voltooi is, neer te skryf, kan mens byvoorbeeld slegs *voltooi* boaan skryf. Die moontlikheid bestaan dan dat *voltooi* verkeerdelik geïnterpreteer kan word as 'n lys take wat nog voltooi moet word, in plaas van take wat reeds voltooi is. Indien die opskrif “*voltooid*” is, sal daar geen onsekerheid wees oor wat bedoel word nie. Dieselfde kan gebeur met *betaal*. Indien mens “betaal” langs 'n bedrag skryf, kan dit geïnterpreteer word dat die bedrag nog uitstaande is, of dat betaling ontvang is. Indien daar “*betaald*” staan, sal daar geen verwarring wees dat die betaling ontvang is nie.

Ten slotte behoort die riglyne oor die gebruik al dan nie van *ge-* by die fonologiese karakterisering van die deelwoord ingesluit te word. Aangesien beide die deelwoordvorm en die PK-vorme in sommige gevalle met of sonder *ge-* gevorm word, geld AWS-reëls 17.1 tot 17.6 (2009:162-165) beide vorme.

³ Myns insiens behoort die AWS hier eerder “vorme van die werkwoord” as “deelwoorde” te gebruik.

5.2 Vergelyking op die semantiese pool

Die morfologiese struktuur van die PK-vorme, te wete die verledetydsvorm en die passiefvorm, lyk altyd presies dieselfde op die fonologiese pool. Tog het hulle verskillende karakteriserings op die semantiese pool wat beide ook verskil van die semantiese beskrywing van die deelwoord.

5.2.1 Die passiefkonstruksie

Alhoewel die morfologiese struktuur van die deelwoordvorm [*ge-V-d/t*] en dié van die passiefvorm [*ge-V*] van mekaar verskil, word hulle gereeld met mekaar verwar wanneer die deelwoordvorm in die predikatiewe posisie sonder *-d/-t* gebruik word. Sin (9a) is duidelik in die passiewe vorm: Oupa het die deur gesluit. Dieselfde interpretasie is nie so voor die hand liggend in (9b) sonder die eksplisiete identifisering van die agent (*deur Oupa*) nie. Sonder konteks is dit onmoontlik om te bepaal of (9b) 'n passiewe sin is wat fokus op die proses wat reeds voltrek is (waar Oupa reeds die deur gesluit het) en of dit 'n teenwoordige stelling is waar die laaste toestand van 'n proses uitgedruk word (ongegag wie die deur gesluit het, word daar gefokus op die feit dat die deur gesluit is, nie oop is nie). In werklike gebruiksinstanties sal die onduidelikheid grootliks verdwyn.

9a *Die buitedeur is deur Oupa gesluit.*

9b *Die buitedeur is gesluit.*

Vergelyk die voorbeeldsinne in (10), waar die agent in die passiefkonstruksies doelbewus weggelaat is om die verwarring te illustreer. Sin (10a) is ingesluit om konteks te verleen aan die passiewe sin (10b), waar Geert nou besig is om die stoep te vee. In die passiewe sin (10c) het Geert klaar die stoep gegee. Vandat Geert klaar die stoep gegee het in (10c), kan mens nou in (10d) dit stel dat die stoep skoon is, dat dit gegee is, dat die stoep nie meer vuil is nie. As die wind begin waai en die stoep weer vol blare en stof waai, dan kan (10e) uitdruk dat die stoep gegee was, maar nou nie meer is nie – dit is weer vuil. Sin (10e) is die verlede tyd van (10d).

10a *Geert vee die stoep.*

[aktiewe sin in die teenwoordige tyd]

10b *Die stoep word gegee.*

[teenwoordige passiefkonstruksie]

10c *Die stoep is gegee.*

[verlede passiefkonstruksie]

10d *Die stoep is gegee.*


[voltooidedeelwoord in die teenwoordige tyd]

10e *Die stoep was gegee.*

[voltooidedeelwoord in die verlede tyd]


Aangesien (10c) en (10d) presies dieselfde lyk, is dit moeilik om sonder enige konteks tussen hulle te onderskei. Tog verskil sowel die aard van die “is” as die aard van die werkwoordvorm. Sin (10c) is 'n voltooidedeelwoord wat bestaan uit die hulpwerkwoord *is* en die passiefvorm *gegee*, en in (10d) is *gegee* 'n statiewe voltooidedeelwoord wat saam met die koppelwerkwoord *is* gebruik word.

Vanuit 'n kognitiewe beskrywingsraamwerk, word diagramme gebruik om die semantiese karakterisering van die werkwoordvorm in die passiefkonstruksie te illustreer. Beide die deelwoordvorm (Figuur 4a) en die passiefvorm (Figuur 4b) het 'n prosesbasis. Opsommende skandering hef die opeenvolgende skandering van die prosesbasis op (vgl. die tydlyne in Figuur 4a en Figuur 4b wat nie meer geprofileer is nie) sodat die temporele prosesbasisse getransformeer word tot atemporele verhoudings. 'n Verdere ooreenkoms tussen die deelwoordvorm en die passiefvorm is dat daar sprake is van omgekeerde trajektor-landmerk-organisering. Die trajektor (tr) by die passiefvorm is, net soos by die deelwoordvorm, altyd die deelnemer waarop die krag van die landmerk (lm) uitgevoer word of wat die verandering ondergaan.




Figuur 4: Diagrammatiese voorstellings van (a) die deelwoordvorm en (b) die passiefvorm van die werkwoord (Langacker 2008:119,121)

’n Duidelike verskil tussen die deelwoordvorm en die passiefvorm is dat die deelwoordvorm slegs die finale toestand van die proses profileer, terwyl die passiefvorm al die state van die proses profileer soos dit ontvou. Dit is belangrik om daarop te let dat die passiefvorm op sy eie glad nie meer ’n proses is nie, aangesien die profilering van die temporele aard deur die opsommende skandering opgehef is. Eers wanneer die passiefvorm en die hulpwerkwoord as komponentstrukture in die saamgestelde struktuur van die passiefkonstruksie optree (Figuur 5), verleen die hulpwerkwoord (*word/is*) temporaliteit aan die passiefvorm se meer spesifieke inhoud (Langacker 2008:125).



Figuur 5: ’n Diagrammatiese voorstelling van die passiefkonstruksie

Samevattend kan die *ge*-morfeem van die passiefvorm soos in Figuur 6 voorgestel word. Die *ge*- is afhanklik van die werkwoordstam (daarom is die agtergrond gearseerd) en die uitbreidingspeil wys dat die werkwoord [V] as uitbreidingsterrein dien. Die *ge*- van die passief is ook afhanklik van die hulpwerkwoord van vorm (*word/is*) om die passiefvorm te retemporaliseer: die balk op die tydlyn gearseerd met 'n uitbreidingspeil na die hulpwerkwoord.




Figuur 6: Diagrammatiese voorstelling van 'n passiefmorfeem

5.2.2 Die verledetydkonstruksie

Afrikaans het nie dieselfde perfektumkonstruksie as Nederlands (of Engels) nie. Indien Afrikaans 'n perfektum of voorverlede aspektuele kontoer wil uitdruk, maak ons onder andere gebruik van bywoorde soos *klaar* of *reeds* (vergelyk ook Kirsten 2016). Die verledetydkonstruksies in Afrikaans en Nederlands verskil ook radikaal van mekaar.


Nederlands het 'n eie verledetydkonstruksie, maar die uiterlike bou van die perfektumkonstruksie in Nederlands (*hebben + ge-V-d/t*) lyk op die oog af baie soos die verledetydkonstruksie in Afrikaans (*het + ge-V*). Dit kan histories verklaar word deurdat die Nederlandse basis van 'n perfektiewe konstruksie in 'n verledetydkonstruksie vir Afrikaans ontwikkel het (Ponelis 1993; Conradie 1998). Die hulpwerkwoord *het* in Afrikaans het oor tyd sy semantiese en aspektuele karakter verloor om, soos by die perfektumkonstruksie, terug te kyk na die voltooide ervaring vanuit 'n sekere verwysingspunt (R) en het ontwikkel om uitsluitlik as 'n tempusmerker binne die verledetydkonstruksie te dien (Figuur 7).

Anders as die perfektumkonstruksie in Nederlands, het die verledetydkonstruksie in Afrikaans reeds 'n gevestigde konvensionele waarde en dit betrek die perifrastiese konstruksie as 'n geheel: hulpwerkwoord + verledetydsvorm. Die uitdrukking van die verlede tyd lê nie opgesluit in die hulpwerkwoord of die werkwoordvorm as komponente nie, maar wel in die saamgestelde verledetydstruktuur. Die verledetydkonstruksie in Afrikaans het gegrammatikaliseer (sien die verduideliking van die evolusie van *het* in Breed 2012:65-68). Die verledetydkonstruksie (*het + ge-V*) funksioneer eenvoudig as 'n semantiese onontleedbare geheel om die werkwoordstam te merk as voorafgaande in verhouding tot die tyd van spraak.



Figuur 7: Die diagrammatiese voorstelling van die verledetydskonstruksie in Afrikaans

In die voorstelling van die verledetyds-*ge-* (Figuur 8) is *ge-* afhanklik van die werkwoordstam (daarom is die agtergrond gearseerd) en die uitbreidingspeil wys dat die werkwoord [V] as uitbreidingsterrein dien. Die verledetyds-*ge-* is terselfdertyd ook afhanklik van die hulpwerkwoord van tyd (*het*) om die verledetydsvorm te merk: die balk op die tydlyn is gearseerd met 'n verdere uitbreidingspeil na die hulpwerkwoord.



Figuur 8: Diagrammatiese voorstelling van 'n verledetydsmorfeem

SAMEVATTING

Uit die Afrikaanse literatuur is dit duidelik dat weinig taalbronne ooreenstem oor die aard van 'n deelwoord. Die grootste verwarring tussen die bronne is geleë in die vae onderskeid tussen fleksie en afleiding. Om die fleksie-afleiding-onderskeid eerder op 'n kontinuum as 'n absolute binêre onderskeid te sien, dra reeds geweldig by tot die oplossing van die verwarring. Booij (2002:19-20; 2006:660) se verdere onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie bied die verklaring dat die deelwoordvorm van die werkwoord 'n ander tipe fleksievorm as die PK-vorme van die werkwoord is.

Dit is daarom nodig dat Afrikaans die deelwoordvorm van die werkwoord as 'n ander vorm van die werkwoord sien as die PK-vorme. 'n Argument vir hierdie onderskeid is aangebied deur 'n vergelyking tussen die vorme vanuit 'n kognitiewe beskrywingsraamwerk waar die vorme op sowel die fonologiese as semantiese pole gekarakteriseer is. Die vergelykings op beide die pole het bevestig dat die deelwoordvorm van die werkwoord nie dieselfde vorm van die werkwoord is as die PK-vorme van die werkwoord nie. Intendeel, al vertoon die PK-vorme van die werkwoord altyd dieselfde vorm op die fonologiese pool, verskil hulle ook op die semantiese pool.

BIBLIOGRAFIE

- ANS: *Algemene Nederlandse spraakkunst*. 1984. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- AWS: *Afrikaanse woordehys en spelreëls*. 2009. 10de uitg. Kaapstad: Pharos.
- Biber, D., Johansson, S., Leech, G., Conrad, S. & Finegan, E. 1999. *Longman grammar of spoken and written English*. London: Longman.
- Booij, G. 2002. *The morphology of Dutch*. Oxford: Oxford University Press.
- Booij, G. 2006. Inflection and derivation. In *Encyclopedia of Language & Linguistics*, 2de uitg., 5:654-661.
- Booij, G. 2010a. *Construction morphology*. Oxford: Oxford University Press.
- Booij, G. 2010b. Construction morphology. *Language and linguistics compass*, 4(7):543-555.
- Breed, C.A. 2012. *Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).
- Breed, A. 2016. Aspek in Afrikaans: 'n teoretiese beskrywing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):62-80.
- Butler, A.P. 2014. *Die deelwoord in Afrikaans: perspektiewe vanuit 'n kognitiewe gebruikgebaseerde beskrywingsraamwerk*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MA).
- Carstens, W.A.M. 2011. *Norme vir Afrikaans – enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. 5de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Combrink, J.G.H. 1974. In Odendal (red.). *Taalkunde – 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg. pp. 21-30.
- Combrink, J.G.H. 1989. In Botha, P., Onelis, Combrink & Odendal (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica. pp. 220-254.
- Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.
- Comrie, B., Haspelmath, M. & Bickel, B. 2008. *The Leipzig glossing rules: conventions for interlinear morpheme-by-morpheme glosses*. University of Leipzig: Department of Linguistics of the Max Planck Institute for Evolutionary Anthropology & the Department of Linguistics. <http://www.eva.mpg.de/lingua/pdf/LGR08.02.05.pdf> [18 April 2014].
- Conradie, J.C. 1998. Preteritumverlies in vroeë Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 38(1):6-20.
- Conradie, J.C. 1999. Preterite loss in early Afrikaans. *Folia Linguistica*, 33(1-2):19-38.
- De Villiers, M. 1948. *Woordsoorte, werkwoorde en tye*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- De Villiers, M. 1983. *Afrikaanse grammatika vir volwassenes*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Du Toit, P.J. 1986. *Taalleer vir onderwyser en student*. Pretoria: Academica.
- Groenewald, H.J. & Van Huyssteen, G.B. 2008. Outomatiese lemma-identifisering vir Afrikaans. *Literator*, 29(1):65-91.
- Huddleston, R. 1988. *English grammar – an outline*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Huddleston, R. & Pullum, G.K. 2005. *A student's introduction to English grammar*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Jenkinson, A.G. 1993. Die probleem van fleksie en afleiding in Afrikaans. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 11(18):100-122.
- Kempfen, W. 1982. *Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Kirsten, J. 2016. Veranderinge in adverbiale tydsverwysing in Afrikaans van 1911 tot 2010. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):45-61.
- Langacker, R.W. 1987. *Foundations of cognitive grammar – volume I: theoretical prerequisites*. Stanford: Stanford University Press.
- Langacker, R.W. 2008. *Cognitive grammar: a basic introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Langacker, R.W. s.a. *The functional organization of English clauses*. San Diego: University of San Diego.

- Matthews, P.H. 1997. *The concise Oxford dictionary of linguistics*. Oxford: Oxford University Press.
- OALD: *Oxford Advanced Learner's Dictionary*. 2000. 6de uitg. Oxford: Oxford University Press.
- Ponelis, F. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt: Peter Lang.
- Tuggy, D. 1985. The inflectional/derivational distinction. *Workpapers of the Summer Institute of Linguistics at the University of North Dakota XXIX. Grand Forks: Summer Institute of Linguistics*, pp. 209-222.
- Van Huyssteen, G.B. 2014. In Carstens & Bosman (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 171-208.
- Van Schoor, J.L. 1983. *Die grammatika van standaard-Afrikaans*. Kaapstad: Lex Patria.
- Taaluniversum. 2013. *Taaladvies*. <http://taaladvies.net/taal/advies/term/25/deelwoord> [25 November 2013].

Faktore wat die weglating van die Afrikaanse onderskikker *dat* bepaal

*Factors that determine the omission of the Afrikaans complementiser *dat* “that”*

BERTUS VAN ROOY

Vaaldriehoekampus, Noordwes-Universiteit
E-pos: bertus.vanrooy@nwu.ac.za

HAIDEE KRUGER

Macquarie University
Sydney, Australia
Vaaldriehoekampus, Noordwes-Universiteit
E-pos: haidee.kruger@mq.edu.au



Bertus van Rooy



Haidee Kruger

BERTUS VAN ROOY is professor in Engelse taalkunde binne die fokusarea *Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings* (UPSET) en die Skool vir Tale aan die Vaaldriehoekampus van die Noordwes-Universiteit. Hy spesialiseer op navorsing oor variëteite van Engels vanuit 'n world Englishes en korpuslinguistiese benadering. Verder werk hy, saam met Haidee Kruger, aan die ontwikkeling van 'n navorsingsprogram genaamd “Constrained Language” waarin die effek van beperkings op taalverwerking en taalgebruik oor verskillende tipes taalvorme heen ondersoek word. Hy is 'n medeskrywer van gedeeltes oor die werkwoordstuk binne die Afrikaanse grammatikaprojek van VivA.

BERTUS VAN ROOY is professor in English linguistics in the research focus area *Understanding and Processing Language in Complex Settings* (UPSET) and the School of Languages of the Vaal Triangle Campus of the North-West University. He specialises in research on varieties of English from the perspective of world Englishes and corpus linguistics. He is also engaged, with Haidee Kruger, in the development of a research programme called “Constrained Language” in which the effect of constraints on language processing and language use is investigated across a range of different types of language usage. He is co-author of parts of the verb phrase within the Afrikaans grammar project of VivA.

HAIDEE KRUGER is 'n navorsingsgenoot in die Departement Taalkunde by Macquarie Universiteit. Sy is ook buitengewone professor binne die fokusarea *Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings* (UPSET) aan die Vaaldriehoekampus van die Noordwes Universiteit, waar sy saam met Bertus van Rooy binne die “Constrained Language” navorsingsprogram werk. Haar onlangse navorsing fokus veral op vorme van taalgebruik wat beïnvloed word deur taalkontak, insluitende vertaling en tweedetaalvariëteite; sowel as die rol van teksredaksie in die konvensionaliseringprosesse vir geskrewe taal, en maak gebruik van korpuslinguistiese sowel as psigolinguistiese metodes. Sy is 'n medewerker aan die Afrikaanse grammatikaprojek van VivA.

HAIDEE KRUGER is a research fellow in the Department of Linguistics at Macquarie University. She also holds a position as extraordinary professor in the research focus area *Understanding and Processing Language in Complex Settings* (UPSET), at the Vaal Triangle Campus of North-West University, where she works in the “Constrained Language” research programme with Bertus van Rooy. Her recent research focuses on forms of language use influenced by language contact, including translation and second-language varieties; as well as the role of text editing in the conventionalisation processes of written language, using corpus-linguistic as well as psycholinguistic methods. She is also a collaborator on the Afrikaans grammar project of VivA.

ABSTRACT

Factors that determine the omission of the Afrikaans complementiser dat “that”

Verb complement clauses in written Afrikaans have two formal variants. One form has an overt complementiser dat “that”, followed by dependent word order (dat+SXV), while the other form has no complementiser and independent word order (Ø+SVX). Previous research on Afrikaans has not yielded conclusive findings about the factors that influence the choice between the variants, although the factors conditioning the alternation have been studied extensively in English and German. Based on that research, a number of potential conditioning factors are identified, which relate to the syntactic complexity of the main clause (its subject, modification of tense and modality features of the main verb, passivisation, negation or additional modifiers between the main clause and the complement clause); the semantics, lexical choice and frequency of the verb of the main clause; and the formality of the register.

This article adopts corpus linguistics as method to determine which factors best predict the choice between the variants. The data are drawn from the Taalkommissiekorpus (“Corpus of the Language Commission”), which is a 57 million word corpus of contemporary written Afrikaans. A sample of 10 084 instances of the declarative complement clause were extracted from the corpus by using 104 different verb lemmas (see Appendix A) as extraction terms. These were classified manually for their complementation pattern, and all the potential features identified as potential conditioning factors in the literature review were annotated for every valid instance in the sample. The classified data were then subjected to decision tree modelling, to yield a classification tree that identifies the most important factors related to the choice between the two variants of the declarative complement construction in Afrikaans.

The results indicate that the verb of the main clause is the most important factor. A few very general verbs with high frequency, such as sê “say”, weet “know” and dink “think” are strongly associated with the variant Ø+SVX. Verbs that are more specific in their meaning and less frequent tend to take the variant dat+SXV. In addition, register is an important conditioning factor for verbs that allow combination with both variants. More formal registers, such as academic writing, study guides and published popular books are more likely to make use of the variant dat+SXV, while the less formal registers of newspapers, magazines and fiction make more frequent use of the variant without a complementiser (Ø+SVX).

The findings are interpreted as support for the view that thematic prominence is the underlying force behind the variability. When the main clause is very general and low in informativity, the most prominent information is contained in the complement clause, which is therefore presented without an overt complementiser and with main clause word order (Ø+SVX). However, when the main clause is thematically prominent, carries a higher information load, and demands the attention of the reader, the complement clause is overtly marked as subordinate by means of an overt complementiser and the use of dependent word order (dat+SXV).

KEYWORDS: Afrikaans, syntax, word order, variation, complement clause, subordinator, complementiser, dependent word order, register, verb lemma, informativity, corpus linguistics

TREFWOORDE: Afrikaans, sintaksis, woordorde, variasie, stelbysin, onderskikker, afhanklike woordorde, register, werkwoordlemma, informatiwiteit, korpuslinguistiek

OPSOMMING

Die stelbysin in geskrewe Afrikaans vertoon twee variante. Die onderskikker *dat* word saam met afhanklike woordorde (SXV) gebruik in die een vorm, terwyl die ander vorm sonder die

onderskikker voorkom en hoofsinwoordorde (SVX) gebruik. In hierdie artikel word die korpuslinguistiek as metode gebruik om ondersoek in te stel na die faktore wat verband hou met die keuse tussen die twee variante. ’n Analise van die Taalkommissiekorpus dui daarop dat die werkwoord van die hoofsin veral deurslaggewend is vir die keuse. Werkwoorde met ’n algemene betekenis wat met hoë frekwensie voorkom word eerder saam met die stelbysin sonder ’n onderskikker gebruik, terwyl werkwoorde met ’n meer spesifieke betekenis en dikwels laer frekwensie kombineer met die stelbysin wat ’n eksplisiete onderskikker bevat. Verder speel die register van tekste ’n rol, deurdat meer formele registers eerder die variant met *dat* verkies. Die bevindinge dui daarop dat die vorm sonder *dat* geassosieer word met hoër tematische prominensie vir die stelbysin, terwyl die vorm met *dat* die prominensie verskuif na die hoofsin.

1. INLEIDING

Die stelbysin in Afrikaans, wat prototipies as naamwoordsin gebruik word (Ponelis 1979:450-453), het drie verskillende konstruksievorme.¹ Daar is twee standaardvorme, wat onderskei word deur die aan- of afwesigheid van ’n overte onderskikker *dat*, soos geïllustreer deur voorbeeld (1) en (2). Die derde vorm met die onderskikker *dat*, soos geïllustreer deur voorbeeld (3), word as niestandaard beskou (Biberauer 2002; Feinauer 1989, 1990; Ponelis 1979:440-441, 1993:340).²

- (1) Kenners bespiegel nou **dat** [hy moeg geraak het daarvoor dat van sy slagoffers nie gevind is nie]. (TK)
- (2) “Ek dink [hy is dood].” (TK)
- (3) Hy’t gevoel **dat** [die Voortrekkers moet nog so baie dinge leer]. (PKGA)

Die stelbysin wat ingelei word deur *dat* met afhanklike woordorde is die ouer vorm in Afrikaans, terwyl sinne waarin *dat* weggelaat word eers teen die negentiende eeu gereeld in Afrikaanse tekste aangetref word (Ponelis 1993:308). Die sinne verskil nie net ten opsigte van die teenwoordigheid of afwesigheid van die onderskikker nie, maar ook wat woordorde betref. Indien ’n stelbysin deur *dat* ingelei word, volg die afhanklike woordorde met die werkwoord aan die einde, soos geïllustreer deur die plasing van *gevind is* in voorbeeld (1). Hierdie variant word afgekort tot *dat*+*SXV* in die res van die artikel. Indien *dat* weggelaat word in die stelbysin, volg die onafhanklike woordorde, wat normaalweg in hoofsinne aangetref word, soos geïllustreer deur die plasing van *is* in voorbeeld (2). Hierdie variant word afgekort tot \emptyset +*SVX* in die res van die artikel. Daar is dus duidelik sprake van taalverandering in Afrikaans, deurdat \emptyset +*SVX* geleidelik in kompetisie met *dat*+*SXV* tree, wat lei tot sinchroniese variasie.

¹ ’n Uiteenlopende versameling terminologie word gebruik om na die konstruksies te verwys wat in hierdie artikel bespreek word. Sover dit Engelstalige literatuur betref, ingesluit literatuur wat na Afrikaans, Nederlands of Duits verwys, word die stelbysin ook ’n komplement sin (“complement clause”) of argument sin (“argument clause”) genoem. Die onderskikker *dat* staan bekend as komplementiseerder (“complementiser”). Hoofsin- en bysinvolgorde is ekwivalent aan onafhanklike en afhanklike woordorde. Ter wille van aansluiting by die tradisie van grammatikale beskrywing in Afrikaans word die terminologie van Ponelis (1979) hoofsaaklik in hierdie artikel gebruik.

² Die onderskikker *dat* word in vetdruk weergegee in alle voorbeelde in hierdie artikel, en die stelbysin met vierkantige hakies omsluit. Waar dit spesifiek ter sprake kom, word die hoofsin onderstreep. Voorbeelde in hierdie artikel word geneem uit die Taalkommissiekorpus (afgekort tot TK) wat in meer besonderhede in afdeling 3 van die artikel bekendgestel word, of in enkele gevalle waar daar nie voldoende illustrasiemateriaal is nie, uit die Poneeliskorpus van Gesproke Afrikaans (PKGA).

Die derde variant van die stelbysin verteenwoordig 'n vermenging van die eerste twee, deurdat die onderskikker *dat* aanwesig is, maar tog deur onafhanklike woordorde gevolg word, soos geïllustreer deur die plasing van *moet* in voorbeeld (3). Die meeste bestaande navorsing oor stelbysinne in Afrikaans konsentreer op die voorkoms van die niestandaardvariant *dat*+SVX, met spesifieke aandag aan hoe algemeen dit voorkom en hoe dit ontstaan het (Donaldson 1988:279; Feinauer 1989:33-35; Ponelis 1993:335; Steyn 1976:48). Die *dat*+SVX konstruksie kom met matige frekwensie in die gesproke taal voor, in ongeveer 20% tot 50% van alle gevalle (Biberauer 2002; Feinauer 1989; Stell 2011), maar in die geskrewe taal is die frekwensie van die konstruksie weglaatbaar klein (Biberauer 2002; Feinauer 1989). In hierdie artikel word geskrewe data ontleed, en daarom word daar nie verder aandag gegee aan hierdie niestandaardvariant nie.

Bosch (1998, 1999) bied 'n uitgebreide analise van die *dat*+SXV konstruksie, met klem op die gebruik in onderwerp- en voorwerpposisie, en die werkwoorde wat tipies voorwerpsinne neem. Ponelis (1993) bevind dat die Ø+SVX konstruksie eers deur die loop van die negentiende eeu gevestig geraak het, terwyl Malherbe (1920:117) vroeg in die twintigste eeu rapporteer: “Baie gebruiklik is die onderdrukking van *dat* as inleidende woord vir die voorwerpsin: *Hy sê vir my, ek moet maar gaan. Dink jy, ons sal dit regkry*”. Die herkoms van die variante konstruksie sonder die onderskikker word ten dele aan 'n soortgelyke, maar veel minder frekwente, proses in Nederlands toegeskryf, maar daar word veral klem geplaas op die rol van Engels in die toename in frekwensie van die konstruksie (Donaldson 1988: 279; Feinauer 1990:119; Ponelis 1979:242).

Biberauer (2002) bevind dat die weglating van *dat* in 46% van alle moontlike gevalle in haar gesproke korpus aangetref word, maar die konstruksie is minder frekwent in haar geskrewe data, waar dit in 35% van gevalle voorkom. Stell (2011:175) rapporteer dat die onderskikker *dat* tussen 70% en 100% van die tyd ná die hoëfrekwensiewerkwoorde in sy gesproke korpus weggelaat word.

Daar is egter min bestaande navorsing oor die faktore wat die keuse om *dat* weg te laat beïnvloed, en dus bestaan daar 'n leemte wat die verklaring van die waargenome variasiepatrone betref. Sommige skrywers bied relevante opmerkings sonder dat hulle noodwendig sistematies vir die faktore kontroleer. Malherbe (1966:13) identifiseer die moontlikheid dat die ontwikkeling van die Ø+SVX konstruksie versterk word deur die groter kognitiewe gemak waarmee die hoofsinwoordorde geprosesseer word. Terselfdertyd bestempel hy die keuse tussen *dat*+SXV en Ø+SVX as arbitrêr en onverbandhoudend met enige semantiese of strukturele faktore (Malherbe 1966:14-15). Feinauer (1990:117) argumenteer dat die weglating van die onderskikker groter klem op die voorwerpsin plaas, en dus tipies voorkom ná meer neutrale werkwoorde. Ook Malherbe (1966:13) identifiseer die moontlike rol van werkwoorde wat basiese menslike gevoelens en waarnemings uitdruk as verbandhoudend met weglating. Braeckeveldt (2013) se studie bevat die mees sistematiese inligting oor die keuse tussen die twee konstruksies tot op hede. Sy argumenteer dat werkwoorde wat informeel, morfologies simpleks en semanties algemeen is, tipies meer aangetrokke is tot die Ø+SVX konstruksie (sien ook Coleman, Feinauer en Braeckeveldt 2016, hierdie uitgawe). Teenoor hierdie enkele opmerkings oor Afrikaans bestaan daar 'n omvangryke literatuur oor die faktore wat 'n rol speel by die ooreenstemmende variasie in Engels tussen stelbysinne met of sonder die onderskikker *that*,³ asook die weglating van *dass* in Duits (Auer 1998; Weinert 2012). Daar word verwag dat die situasie in Afrikaans meer kompleks is as in Engels (maar wel soortgelyk aan Duits), aangesien dit by Afrikaans nie net handel oor die teenwoordigheid en afwesigheid van die onderskikker nie, maar ook oor die verskil tussen afhanklike en onafhanklike woordorde.

³ Biber (1999); Boye & Harder (2007); Dor (2005); Kearns (2007a),(2007b); McGregor (2013); Rohdenburg (1996); Tagliamonte & Smith (2005); Thompson (2002); Thompson & Mulac (1991); Torres Cacoullous & Walker (2009); Yaguchi (2001).

Die doel van hierdie artikel is om faktore te identifiseer wat 'n rol speel by die voorkoms van die *dat*+SXV en Ø+SVX variante van die stelbyisin in Afrikaans, en om aan die hand van hierdie faktore vas te stel wat die beste verklaring vir die variasie is. Ten einde hierdie doel te bereik, word faktore wat in die literatuur oor Engels en Duits geïdentifiseer is, geïntegreer met die enkele opmerkings oor Afrikaans, sodoende potensiële bydraende faktore te identifiseer. Die korpuslinguistiese metode word in hierdie artikel gebruik, en vervolgens word die metode uiteengesit wat betref die korpusdata, die wyse van dataonttrekking, en die manier hoe die data geklassifiseer is. Ter ondersteuning van die variasie-analise is dit nodig om die data statisties te modelleer, en daarom word besluitnemingsbome ('n tipe regressiemetode) as deel van die metode uiteengesit. In die laaste gedeeltes van die artikel word die bevindinge gerapporteer en geïnterpreteer om tot 'n slotsom te kom oor die omvang van variasie in die vorm van stelbyisinne in Afrikaans, en 'n verklaring te bied vir die faktore wat hiertoe aanleiding gee.

2. FAKTORE WAT VERBAND HOU MET DIE VARIASIE TUSSEN STELBYSINKONSTRUKSIES

Sintaktiese, semantiese en leksikale faktore is in vorige navorsing (primêr oor Engels en Duits) geïdentifiseer as moontlike verklarings vir die variasie tussen stelbyisinne met en sonder die onderskikker, terwyl die variasie ook met verskille in register verband hou. Volgens Kearns (2007a:296) is 'n vertrekpunt vir baie van die navorsing die aanname dat die keuse tussen die twee konstruksies nie betekenisdraend is nie, en dat dit daarom 'n besondere geskikte verskynsel is vir die ondersoek van hoe verskillende talige en buitetalige faktore 'n rol speel by die keuse tussen variante. Daar is egter navorsers wat beweer dat die keuse tog op pragmatiese en diskoersvlakke betekenisdraend word (Biber 1999; Boye & Harder 2007; McGregor 2013; Yaguchi 2001). In hierdie artikel word die data-analise onderneem sonder om 'n spesifieke semantiese verskil tussen die konstruksies aan te neem, omdat dit uit die analise moet blyk of faktore wat 'n funksionele of semantiese verskil ondersteun, die sterkste verklarende faktore is.

Sintaktiese eienskappe wat saamhang met die keuse tussen die twee variante hou verband met die kompleksiteit van die elemente in die hoofsin, soos aangedui vir Duits deur Auer (1998) en vir Engels deur Rohdenburg (1996).⁴ Indien die hoofsin uit minder komplekse elemente bestaan, verhoog die waarskynlikheid dat die onderskikker weggelaat sal word. Dit geld vir 'n aantal spesifieke veranderlikes wat deur vorige navorsers geïdentifiseer is. 'n Voornaamwoord as sintaktiese onderwerp van die hoofsin verhoog die kans vir weglating van die onderskikker (Tagliamonte & Smith 2005; Thompson & Mulac 1991:242-243), en by uitstek as die onderwerp van die hoofsin die enkelvoudige eerstepersoonsvoornaamwoord is (Torres Cacoullous & Walker 2009:26). Indien die hoofsin egter 'n passiefkonstruksie bevat, verhoog die kans dat die onderskikker overt sal realiseer (Biber et al. 1999:682). Addisionele elemente wat met die werkwoord van die hoofsin geassosieer is, verhoog ook die kans op die overte realisering van die onderskikker. Hierdie elemente sluit in modale hulpwerkwoorde (Thompson & Mulac 1991:246-247; Torres Cacoullous & Walker 2009:27), negativering (Auer 1998:291) en indirekte

⁴ Op teoretiese gronde onderskryf ons nie sonder voorbehoud die gebruik van die begrip "hoofsin" in hierdie konteks nie, en verkies ons die benadering van Boye en Harder (2007) en Thompson (2002) om eerder hieraan te dink as die predikaat wat 'n komplement sin inlei ("complement-taking predicate"). Aangesien hierdie teoretiese punt nie omvangryke implikasies vir die analise in hierdie artikel het nie, word egter volstaan by die geïntegreerde Afrikaanse term "hoofsin", verwysende na veral die onderwerp en werkwoord van die sin waarby die stelbyisin as voorwerp ingelyf is.

voorwerpe of adverbiale uitdrukkings wat tussen die hoofwerkwoord en die begin van die stelbysin voorkom (Tagliamonte & Smith 2005:304; Thompson & Mulac 1991:245; Torres Cacoullous & Walker 2009:27). Voorbeeld (4) illustreer 'n hoofsin (onderstreep) met relatief meer kompleksiteit: dit is 'n passiefkonstruksie en daar volg 'n bywoordelike bysin tussen die hoofsin en die stelbysin. In hierdie tipe voorbeelde word ver wag dat die onderskikker *dat* overt voorkom.

- (4) Die proses om 'n liggaam te balsem neem sowat ses weke, dus word daar geskat, as 'n mens terugwerk, [*dat* hy in Desember of Januarie dood is – die middel van die winter en jagseisoen in die Noordelike Halfrond.] (TK)

In die geval van 'n hoofsin met lae kompleksiteit, soos in voorbeeld (5), is die verwagting dat die stelbysin eerder sonder die onderskikker sal voorkom in die konstruksievorm Ø+SVX.

- (5) Ek hoor [sy naam is Frederik.] (TK)

Een verklaring vir waarom sintaktiese kompleksiteit in die hoofsin 'n rol speel in die keuse tussen die konstruksie met of sonder die overte onderskikker, is dat hierdie kompleksiteit 'n groter prosesseringslading op die spreker plaas, wat die noodsaaklikheid verhoog om die aanvang van die stelbysin eksplisiet met 'n onderskikker af te baken (Rohdenburg 1996:160-161). 'n Analise wat 'n alternatiewe perspektief op die kompleksiteitsanalise bied, word voorgedou deur navorsers wat die sintakties eenvoudige hoofsin beskou as 'n vaste roetine wat eintlik in adverbiale funksie gebruik word en nie as afsonderlike hoofsin geprosesseer word nie (Boye & Harder 2007; Thompson & Mulac 1991; Thompson 2002). Sulke hoofsinne het dus lae tematiese prominensie (Auer 1998:291-292; Feinauer 1990:117; Kearns 2007b:503). Die weglating van die onderskikker funksioneer in hierdie geval om die verhoging in tematiese prominensie van die bysin (en die gepaardgaande verlaging van die prominensie van die hoofsin) te merk. 'n Sintese wat deur Tagliamonte en Smith (2005:307) voorgestel word, is dat sintaktiese kompleksiteit in die agtergrond funksioneer, maar ander faktore meer prominent kan wees en die keuse tussen die twee konstruksies afdwing sonder dat kompleksiteit self 'n rol speel.

Verskeie semantiese en leksikale eienskappe van die werkwoord van die hoofsin is ook al as moontlike verklaring vir die keuse tussen die overte en afwesige onderskikker ondersoek. Werkwoorde wat kommunikatiewe of mentale betekenis oordra word veral met die weglating van die onderskikker verbind (Auer 1998; Dor 2005; Malherbe 1966; Torres Cacoullous & Walker 2009; Yaguchi 2001). Navorsers probeer aan die hand van die leksikale assosiasies van onderskikkerweglating 'n dieper verklaring vind. Die laer tematiese prominensie van die hoofsin vergestalt in werkwoorde wat baie algemeen in hulle betekenis is (Braeckeveldt 2013:45), teenoor meer spesifieke betekenis wat meer aandag op die hoofsin vestig. Dor (2005:348-349) stel voor dat die stelbysin met groter assertiwiteit (oftewel graad van stelligheid) as informasie aangebied word indien dit nie 'n overte onderskikker het nie, en net sekere werkwoordkategorieë is semanties versoenbaar met hierdie tipe verskuiwing van assertiwiteit van die hoofsin na die stelbysin. 'n Mentale werkwoord soos *weet* in voorbeeld (6) illustreer hierdie soort gebruik. Die informasie wat na *geweet* volg, word weer in die daaropvolgende sin verder uitgebrei, en die hoofsin *ek het geweet* is minder sentraal tot die voortsetting van die diskoers.

- (6) “Ek het twee jaar gelede ('n Grand Slam-sege) ervaar. Ek het geweet [ek is nie klaar nie, daar steek nog baie in my.] Dit was net die begin,” het Sharapova gesê. (TK)

Aan die ander kant is daar werkwoorde wat veel meer klem op die proses of wyse van kommunikeer plaas, soos *e-pos* of *neerskryf*, of werkwoorde wat om ander redes aandag vir die hoofsin opeis, waar die overte onderskikker die voorkeursposisie is. Die werkwoord *rondvertel* in voorbeeld (7)

inkorporeer 'n adverbiale betekenis by die basiese kommunikatiewe betekenis, en sal daarom eerder 'n bysin met overte onderskikker inlei, as gevolg van die groter semantiese spesifiekheid wat outomaties tot groter tematiese prominensie vir die hoofsin aanleiding gee.

- (7) Esau Gedenkskool se leerlinge vertel gou-gou oral rond [dat met elke blik mis vir Kallie se tuin, draers meer as net 'n oulap kan verdien.] (TK)

Die frekwensie van die werkwoord van die hoofsin is ook as moontlike verklarende faktor vir die voorkoms van onderskikkerweglating geïdentifiseer (Biber et al. 1999:681; Kearns 2007a:476; Thompson & Mulac 1991:244). Die meer frekwente werkwoorde laat eerder weglating toe in Engels, terwyl die minder frekwente werkwoorde eerder die onderskikker eksplisiet sal gebruik.

Ten slotte word register ook as 'n faktor in die keuse tussen die overte en weggelate onderskikker geïdentifiseer. In gesproke Engels (Biber 1999; McGregor 2013) en gesproke Duits (Auer 1998; Weinert 2012) is weglating van die onderskikker algemeen, maar weglating kom minder gereeld in geskrewe registers voor, waar die mees formele register, akademiese skryfwerk, gekenmerk word deur die laagste voorkoms van weglating. Hoe meer formeel die register, hoe groter is die waarskynlikheid dat die onderskikker overt realiseer. Rohdenburg (1996:160) voer ook aan dat die werkwoorde wat tipies in die meer formele registers voorkom, oor die algemeen 'n laer frekwensie het, en dus is daar moontlik 'n onderlinge verband tussen frekwensie van die hoofsinwerkwoord en die effek van formaliteit op die weglating van die onderskikker.

Uit die uiteensetting hierbo blyk dit dat daar verskeie sienings is oor die interpretasie van die weglating van onderskikkings. Die een argument is dat meer komplekse hoofsinne 'n groter prosesseringslading meebring, en gevolglik is die gebruik van die onderskikker 'n meganisme om die kompleksiteit te hanteer deur die grens tussen hoofsin en stelbysin eksplisiet te maak (bv. Rohdenburg 1996). Daarteenoor is daar 'n groep navorsers wat argumenteer dat die variant sonder die onderskikker eerder gebruik word in gevalle waar die hoofsin laer tematiese prominensie het in vergelyking met die stelbysin, en dat die weglating van die onderskikker dus juis die groter vormlike onafhanklikheid van die bysin vergestalt (Auer 1998; Boye & Harder 2007; Feinauer 1990; Kearns 2007b; Thompson 2002). Die twee verklarings is nie noodwendig met mekaar in botsing nie, en kan mekaar dikwels ondersteun. In die operasionalisering van veranderlikes in hierdie studie word wel gepoog om tot die mate moontlik tussen die twee benaderings te onderskei, om hulle relatiewe verklarende krag te beoordeel.

3. NAVORSINGSMETODE

Die analise van die faktore wat met die weglating van die onderskikker *dat* verband hou, word met behulp van die korpuslinguistiek en statistiese modellering onderneem. 'n Groot korpus van geskrewe Afrikaans, die Taalkommissiekorpus (Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 2011), word as basis gebruik, waaruit voorbeelde van die twee variante van die stelbysin op 'n sistematiese wyse onttrek word. Hierna word die voorbeelde geklassifiseer in terme van die faktore wat moontlik verband hou met die keuse. Hierdie proses lewer 'n geannoteerde datastel op, wat vervolgens statisties ontleed word om te bepaal óf daar bepaalde faktore is wat verband hou met die onderskeid, en indien wel, watter faktore 'n rol speel en hoe hulle met mekaar in interaksie tree. Daaruit word 'n interpretasie van die redes vir die verskil tussen die konstruksies afgelei.

Die Taalkommissiekorpus is 'n groot versameling tekste wat geskrewe Afrikaans verteenwoordig. In totaal bevat die korpus tans ongeveer 57 miljoen woorde, en sluit die volgende registers in: fiksie (kortverhale en romans), koerante (dagblaaie en Sondagkoerante), tydskrifte (algemeen/

gesinstydskrifte en vrouetydskrifte), populêre boeke (subkategorieë: algemeen, finansies, godsdienstig, kuns en kultuur, leefstyl, sport en ontspanning, tegnologie, vroue), administratiewe tekste (notules van vergaderings), akademiese tekste (vakwetenskaplike artikels, proefskrifte en verhandelings), en universiteitstudiegidse.

Met behulp van die rekenaarprogram *Wordsmith Tools* (Scott 2014) is 'n omvattende lys onttrek van alle kontekste waarin die woord *dat* voorkom. Hieruit is 'n lys werkwoorde geïdentifiseer wat direk links van *dat* voorkom en wat dus dui op kontekste waar daar moontlik stelbysinne gevind kan word. 'n Totaal van 104 werkwoorde is gekies as soekterme vir die analise. Die werkwoorde is verteenwoordigend van die volle omvang van werkwoordfrekwensie. Vervolgens is alle voorbeelde in die korpus waar elkeen van hierdie werkwoorde voorkom, afsonderlik onttrek uit die data. Die basisvorm (bv. *sê*), verlede deelwoordvorm (bv. *gesê*), en in die geval van skeibare werkwoorde ook die geskeide vorm (bv. *sê aan*, naas *aansê* en *aangesê*), is onttrek. Waar daar meer as 550 gevalle van 'n bepaalde vorm in die korpus was, is die data verminder tot 550 voorbeelde per vorm met behulp van ewekansige steekproefneming, buiten vir enkele hoogs frekwente werkwoorde (*sê*, *dink*, *weet*, *aanbeveel*) waar daar tog groter steekproewe behou is. Hierdie prosedure het meer as 50 000 moontlike datapunte opgelewer, wat vervolgens deur die twee navorsers met die hand geklassifiseer is in een van drie kategorieë: *dat*+SXV, Ø+SVX, of irrelevant (waaronder veral gevalle waar die betrokke werkwoord sonder 'n voorwerp gebruik word; waar die werkwoord 'n naamwoordstuk as voorwerp neem; of waar die bysin nie 'n stelbysin is nie, maar byvoorbeeld 'n vraagbysin). Op hierdie wyse is die data verminder tot 10 084 voorbeelde, wat die primêre datastel vir die artikel vorm.

Die sintaktiese vorm van die stelbysin (*dat*+SXV of Ø+SVX) is die afhanklike veranderlike in hierdie studie. Die onafhanklike veranderlikes wat ingespan word om 'n model te ontwikkel vir die voorspelling van die keuse tussen die twee waardes van die onafhanklike veranderlike, is vervolgens met behulp van *Wordsmith Tools* en *Microsoft Excel* (2010) geannoteer deur die twee navorsers, wat mekaar oor en weer gekontroleer het vir akkuraatheid en alle gevalle van botsende analyses opgelos het deur 'n geformaliseerde sintaktiese analise van die tersaaklike voorbeelde te onderneem. Hierdie veranderlikes, met hulle waardes, word in tabel 1 saamgevat.

TABEL 1: Onafhanklike veranderlikes

Veranderlike	Waardes
Onderwerp van hoofsin	Voornaamwoorde: eerste persoon enkelvoud, tweede persoon enkelvoud, derde persoon enkelvoud, eerste persoon meervoud, tweede persoon meervoud, derde persoon meervoud, vraend Naamwoordstukke: enkelvoud, meervoud Geen onderwerp (by infinitiewe)
Werkwoord van hoofsin	Elke lemma is afsonderlik gekodeer (sien bylaag A vir die volledige lys werkwoorde)
Breë semantiese kategorie van werkwoord ⁵	Kommunikasieproses, mentale proses, wyse van kommunikasieproses, waarborg, ander

⁵ Hoofsaaklik gebaseer op die werk van Dor (2005).

TABEL 1: Onafhanklike veranderlikes (*vervolg*)

Veranderlike	Waardes
Frekwensie van die werkwoord	Vanuit die steekproef van die data is geprojekteer na die frekwensie van die konstruksie per werkwoord vir die korpus in geheel, en daardie waarde is as 'n kontinue veranderlike in die analise gebruik, d.w.s. nie die absolute frekwensie van die werkwoord in die korpus nie, maar die frekwensie van die grammatikale konstruksie van die werkwoord in kombinasie met 'n stelbysin
Tyd- en modaliteits-vorm van hoofsin	Eenvoudige teenwoordige tyd, eenvoudige verlede tyd, modale hulpwerkwoord, imperatief, infinitief, skakelwerkwoord, infinitief + modaal, infinitief + skakelwerkwoord, imperatief + skakelwerkwoord, modale hulpwerkwoord + skakelwerkwoord, meerdere modale hulpwerkwoorde, meerdere modale hulpwerkwoorde + skakelwerkwoord, modale hulpwerkwoord + imperatief, imperatief + skakelwerkwoord
Polariteit	Positief, negatief
Sintaktiese afstand	Aantal woorde tussen die laaste element van die onderwerp en werkwoord van die hoofsin, en die eerste woord van die bysin
Register	Fiksie, koerante, tydskrifte, populêre boeke, administratiewe tekste, akademiese tekste, studiegids


Nadat die klassifikasie van die data voltooi is, het ons 'n statistiese model met behulp van die sagtewareprogram *Statistica* (Statsoft 2013a) onttrek. Die modelleringstechniek staan bekend as 'n besluitnemingsboom.⁶ Dit bestaan uit 'n reeks agtereenvolgende besluite wat hiërargies voorgestel word, en wat ten doel het om die datastel te verdeel in kleiner groepe observasiepunte wat hoofsaaklik of uitsluitlik een van die twee waardes van die afhanklike veranderlike het. Die onderliggende algoritme is 'n meervoudige regressie-analise van die data. Die algoritme kan 'n groot aantal besluitnemingsbome genereer, en gebruik dan 'n χ^2 -toets om die optimale besluitnemingsboom te bepaal. Die kriteria wat tydens die evaluering van modelle in ag geneem word, sluit in die beste moontlike verdeling van die data in afsonderlike groepe en die kleinste aantal verdelingspunte.⁷

⁶ Die spesifieke tipe besluitnemingsboom in hierdie studie gebruik is 'n CART ("Classification and Regression Tree"). Vir meer besonderhede oor besluitnemingsbome kan Breiman et al. (1984) geraadpleeg word. Die detail van hoe die CART-model deur *Statistica* geïmplementeer word, word uiteengesit deur *Electronic Statistics Textbook* (StatSoft 2013b) op www.statsoft.com/Textbook/Classification-and-Regression-Trees.

⁷ 'n Soortgelyke bevinding word verkry deur 'n logistiese meervoudige regressie-analise, maar sodanige resultate word nie in hierdie artikel gerapporteer nie, aangesien dit nie nuwe inligting bydra om die onderskeid tussen die twee variante van die stelbysin te verstaan nie.

4. BEVINDINGE

Die statistiese model vir die onderskeid tussen die twee variante van die stelbynsin in Afrikaans word in figuur 1 weergegee. Dit is eerstens belangrik om op te merk dat dit wel vir die algoritme moontlik is om 'n model te vind, wat nie 'n gegewe is nie – indien daar nie op grond van die beskikbare onafhanklike veranderlikes 'n statisties beduidende onderskeid tussen die twee waardes van die afhanklike veranderlike getref kan word nie, lewer die statistiese analise geen model op nie. Hiervolgens kan ons alreeds die bevinding stel dat daar 'n sistematiese onderskeid bestaan tussen die *dat*+*SXV* en \emptyset +*SVX* variante in Afrikaans.



Figuur 1: Besluitnemingsboom vir die variante van die stelbynsin in Afrikaans

Die besluitnemingsboom dui aan watter veranderlikes die grootste bydraes lewer om die onderskeid te tref. Die heel eerste verdeling van bo af beskou is die verdeling tussen 'n groep werkwoorde (die linkerkantste tak van die boom) wat 'n sterk voorkeur (79%) vertoon vir die variant \emptyset +*SVX*, en alle ander werkwoorde.⁸ Hierdie lemmas wat 'n sterk voorkeur vir \emptyset +*SVX* vertoon word nie volledig in figuur 1 getoon nie, maar is die volgende:

⁸ Persentasies word bereken deur die aantal observasies in die voorkeurklas te deel deur die totale aantal observasies binne daardie vertakkingspunt. (Die waarde wat telkens vir N gespesifiseer word, is die totale aantal observasies wat by daardie vertakkingspunt in 'n afsonderlike subgroep geplaas word.) Die persentasie gee 'n aanduiding van hoe waarskynlik dit is dat die voorkeurvariant aangetref sal word, gegewe die spesifikasies van die subklasse tot op daardie punt in die besluitnemingsboom.

(8) afkondig, belowe, dink, gestel,⁹ hoor, sê, skat, skryf, voel, wed, weet, wens, wis

Die lys werkwoorde in (8) sluit die mees frekwente werkwoorde in die hele datastel in, naamlik *sê*, *dink* en *weet*, naas 'n aantal verdere werkwoorde wat grootliks op mentale prosesse dui en enkele kommunikasiewerkwoorde. Gegewe die prominensie van dié groep werkwoorde in die korpus, kan ons tot die gevolgtrekking kom dat hulle die mees prototipiese groep vorm. Tydens die verwerking van die data is daar by wyse van steekproewe slegs 550 voorbeelde van elke werkwoordvorm ontleed, wat die gevolg het dat hierdie groep in terme van rou frekwensie in die data onderverteenvoerdig word. Indien ons die data in die steekproef gebruik om te projekteer na die verdeling van data in die volle korpus, blyk dit dat die werkwoorde *sê*, *dink* en *weet* meer as die helfte van alle data verteenwoordig (51%).

Die statistiese model identifiseer 'n subgroep van die observasies in die eerste linkerkantste vertakking van die besluitnemingsboom, waar die voorkoms van die ander konstruksie, *dat+SXV*, wel meer algemeen is. Hierdie verdeling word gedoen op grond van register. Indien die stelbysin saam met die stel werkwoorde in voorbeeld (8) in die meer formele registers voorkom, naamlik akademiese skryfwerk, studiegidse en populêre boeke, verhoog die waarskynlikheid dat die vorm met die onderskikker, *dat+SXV*, gebruik word na 68%. In al die ander registers (fiksie, koerante en tydskrifte vernaamlik) word die vorm sonder die onderskikker, \emptyset +*SVX*, gebruik in 84% van alle gevalle. Dit is in hierdie verband belangrik om daarop te let dat 'n normatiewe bron soos *Skryf Afrikaans van A tot Z* (Müller & Pistor 2011:708), wat as stylgids dien vir die koerant- en tydskrifpublikasies van Media24, die aanbeveling maak dat indirekte rede wat deur die werkwoord *sê* ingelei word, verkieslik nié die onderskikker *dat* moet gebruik nie. Die effek hiervan is om die prominensie van die hoofsin te verlaag, en groter prominensie aan die inhoud van die bysin te verleen. Tydskrifte en koerante dra dus by om die gebruik van die variant \emptyset +*SVX* prominent te hou in die blootstelling wat taalgebruikers aan die taal het.

Die laaste verdeling aan die linkerkantste tak van die besluitnemingsboom is die verdeling tussen 'n kleiner aantal vorme (steeds met die werkwoorde in (8)) wat die passief- of infinitiefvorm in die hoofsin bevat, en dus geen agentiewe sintaktiese onderwerp het nie, saam met sinne waarvan die onderwerp 'n vraende voornaamwoord is. In hierdie gevalle bestaan daar dus in 'n sekere sin 'n inligtingsgaping binne die hoofsin, en die effek daarvan is om die waarskynlikheid dat die variant *dat+SXV* gekies word te verhoog na 56%. Die inligtingsgaping in die hoofsin vereis klaarblyklik meer aandag en verleen so meer prominensie aan die hoofsin, met die gevolg dat die afhanklike vorm *dat+SXV* in die bysin gebruik word. Indien die onderwerp van die hoofsin egter ekplisiet bekend gemaak word, is die waarskynlikheid dat die variant \emptyset +*SVX* gekies word 86%.

Die data wat by die eerste vertakking in die besluitnemingsboom aan die regterkant saamgegroepeer word, is gevalle waar die variant *dat+SXV* in die meerderheid van gevalle voorkom (77%). Hierdie subgroep verteenwoordig observasies waar die hoofsin 'n werkwoord bevat wat nié in lys (8) hierbo weergegee is nie, en verteenwoordig dus die oorblywende 91 werkwoorde wat ingesluit is by die studie. Die verdere vertakkings aan die regterkant het ten doel om kleiner groepe in hierdie subgroep te vind waar die verdeling nog fyner gedoen kan word. Die eerste vertakking identifiseer 'n groep werkwoorde in die linkerkantste vertakking wat 'n nog hoër voorkeur van 93% het vir die gebruik van die *dat+SXV* konstruksie. In die geval van hierdie

⁹ Die lemma *gestel* word apart van *stel* hanteer, omdat dit hoofsaaklik in imperatiefkonstruksies gebruik word, bv. "Gestel X is die geval..." Dit toon ooreenkomste met die passiefvorm van *stel*, asook voorsetsels of onderskikkende voegwoorde, maar behou bepaalde verbale eienskappe en funksioneer baie soortgelyk aan 'n uitdrukking soos "sê nou maar". Derhalwe word dit as afsonderlike lemma hanteer in hierdie ondersoek.

werkwoorde is daar dus sprake van 'n byna kategoriese voorkeur vir die konstruksie met die onderskikker. Die lys werkwoorde word in (9) weergegee:

- (9) aanbeveel, aansê, aanstip, aframmel, afspreek, agiteer, antisipeer, argumenteer, baklei, begryp, beken, bekendmaak, bemerk, bepleit, bespiegel, beveel, bewys, bluf, deklameer, deursein, dikteer, gewaar, gis, herbeklemtoon, herbevestig, insinueer, konkludeer, konstateer, mompel, neul, ontdek, ontgaan, ontken, paai, postuleer, prewel, profeteer, proklameer, propageer, protesteer, raaklees, rondvertel, sinspeel, skel, skimp, smeek, snap, spekleer, stateer, stel, stipuleer, teëkap, teoretiseer, terugkap, terugskryf, toesnou, uitbasuin, vergeet, verifieer, verklaar, vermaan, verordineer, verswyg, verwittig, vind, volg, vra, wink

Die lys sluit werkwoorde in wat met baie lae frekwensie in die data voorkom (tipies minder as een keer per miljoen woorde), soos *teëkap* of *insinueer*, en werkwoorde wat 'n baie duidelike funksie het in die strukturering van tekstuele verhoudings in 'n argument, soos *argumenteer*, *teoretiseer* en *herbeklemtoon*.

Laefrekwensiewerkwoorde is geneig om semanties baie spesifiek te wees, en omdat hulle lae frekwensies het, is hulle minder bekend vir die taalgebruiker. Albei hierdie redes lei daartoe dat sodanige werkwoorde baie meer klem op hulleself vestig, en daardeur verhoog die prominensie van die hoofsin in sy geheel. Dit het weer die gevolg dat die stelbysin in prominensie verlaag, en daarom word die afhanklike woorde saam met 'n eksplisiete merker van ondergeskiktheidstatus gebruik. Dit sluit ook aan by die verklaring wat in afdeling 2 hierbo gegee is vir die interaksie tussen die keuse van die variant met die onderskikker en faktore soos lae frekwensie en formele taalgebruik. In die besluitnemingsboom is die gewig van die spesifieke lemmas egter meer deurslaggewend om die onderskeid te tref as die ander faktore.

Die oorblywende gevalle in die besluitnemingsboom word afgebaken op grond daarvan dat hulle voorkom saam met hoofsinne wat nie die werkwoorde bevat wat in lys (8) en (9) ingesluit is nie. In kombinasie met hierdie werkwoorde is die vorm *dat+SXV* steeds dominant (63%), maar daar word tog subgroepe gevind waarin die vorm \emptyset +SVX met 'n groter waarskynlikheid voorkom. Die eerste verdere verdeling is in terme van register, waar die minder formele registers (fiksie, koerante en tydskrifte) oorhoofs 'n hoër waarskynlikheid van *dat*-weglating of dan die gebruik van die konstruksie \emptyset +SVX saam met die betrokke werkwoorde vertoon, terwyl die meer formele registers (akademiese skryfwerk, populêre boeke, studiegids en administratiewe tekste) met 'n waarskynlikheid van 85% die vorm *dat+SXV* saam met die betrokke werkwoorde verkies.

Die subgroep observasies in die minder formele registers word ten slotte verdeel in terme van die voorkeure van individuele werkwoorde. In gevalle waar die werkwoord een van die werkwoorde in lys (10) hieronder is, word die vorm \emptyset +SVX in 62% van die gevalle verkies. Hierdie werkwoorde is oorwegend mentale werkwoorde wat 'n meer spesifieke vorm van die betekenis van *dink* en *weet* verteenwoordig. Soos wat die geval met *dink* en *weet* is, is die voorkeurvariant wat met hierdie werkwoorde kombineer \emptyset +SVX. Daar word tog 'n hoër persentasie (38%) observasies in hierdie groep gevind waar stelbysinne met die vorm *dat+SXV* voorkom. Ons skryf dit toe aan die meer spesifieke betekenis van die werkwoorde en die wyse waarop hulle gebruik word, wat daartoe lei dat in sommige gevalle wel meer aandag op die hoofsin gevestig word.

- (10) beloof, besluit, erken, fantaseer, glo, kerm, onthou, sien, uitvind, vermoed

Vir alle oorblywende werkwoorde in die minder formele registers is die variant *dat+SXV* die dominante keuse met 'n voorkeur van 67%. Dit impliseer dat die werkwoorde oorwegend aandag op die hoofsin vestig, maar dit is moontlik in 'n derde van die gevalle wat hierdie werkwoorde

gebruik word, om hulle tog te kombineer met die Ø+SVX variant, wat suggereer dat die stelbysin in hierdie gevalle groter prominensie verkry.

Die analise van die data dui daarop dat 'n klein aantal van die faktore wat ondersoek is, bydra tot 'n verdeling van die data in subgroepe waarin die variante *dat+SXV* of Ø+SVX onderskeidelik dominant is. Die faktore wat veral met die konstruksie sonder die onderskikker, Ø+SVX, saamhang, is bepaalde lemmas, insluitend die hoëfrekwensiewerkwoorde *sê*, *dink* en *weet*, en die minder formele registers van fiksie, tydskrifte en koerante. Daarteenoor word die konstruksie met die ekplisiete onderskikker en afhanklike woordorde, *dat+SXV*, gebruik vir laefrekwensiewerkwoorde met spesifieker betekenis, werkwoorde wat die verloop van 'n argument ekplisiet maak, en die meer formele registers van akademiese tekste, studiegidse en gepubliseerde populêre boeke. In 'n klein aantal gevalle is 'n inligtingsgaping oor die identiteit van die onderwerp van die hoofsin ook verantwoordelik daarvoor dat 'n groter persentasie van die *dat+SXV* konstruksie gebruik word.

Die ander faktore wat uit vorige navorsing geblyk het moontlik van belang kan wees en hoofsaaklik 'n meer direkte verband met die kompleksiteit van die hoofsin vertoon, speel 'n statisties onbeduidende rol in die analise van Afrikaans, waaronder die sintaktiese onderwerp, veral of dit voornaamwoordelik is of uit 'n naamwoordstuk bestaan; negativering; addisionele elemente tussen die hoofsin en die bysin; en die tyd- en modaliteitseienskappe van die hoofsin.

5. GEVOLGTREKKING

Die doel van hierdie ondersoek was om vas te stel of daar 'n sistematiese onderskeid getref kan word tussen die faktore wat verband hou met die keuse tussen twee variante van die stelbysin in geskrewe Afrikaans, *dat+SXV* en Ø+SVX. Die vernaamste bevindinge is dat die onderskeid wel sistematies is, en dat dit hoofsaaklik verband hou met die spesifieke werkwoord in die hoofsin en die graad van formaliteit van die register.

Die interpretasie van die bevindinge dui daarop dat die relatiewe prominensie van die hoofsin en die stelbysin die belangrikste funksie van die onderskeid tussen die twee konstruksies is. Waar die stelbysin meer prominent is, soos in voorbeeld (11), word hoofsinvolgorde in die bysin gebruik en word geen eksplisiete onderskikker gebruik nie.

- (11) Hy sê die Springbokke se spel is soms ietwat vervelig maar tog doeltreffend. “Hulle kan met enige span in die wêreld afreken as hulle voor die oorhand het. Dit is lank reeds hul resep vir welslae. Hulle het ook genoeg vaart op vleuel.” *De Marigny sê* [Samoa het die Bokke in hul eerste wedstryd probeer boelie, maar die Bokke het hulle van hul eie medisyne gegee en genoeg spelers van gehalte gehad om punte aan te teken.] (TK)

In hierdie voorbeeld word 'n kenner se mening oor die Springbokke se rugby gerapporteer, maar die kenner is nie tematies prominent in die uittreksel nie. Die teks handel oor die Springbokke se spel, en die inhoud van die stelbysin is daarom in terme van die ontwikkeling van die teks tematies sentraal. Indien die onderstreepte hoofsin weggelaat sou word, sou dit weinig verskil maak aan die vloei van die teks, terwyl die weglating van die stelbysin die teks wesenlik sou verskraal.¹⁰

Wanneer die hoofsin egter substantief meer bydra tot die ontplooiing van die betekenis van die teks, is daar 'n voorkeur vir die konstruksie *dat+SXV*, waardeur die stelbysin se prominensie verlaag word en meer nadruk op die hoofsin geplaas word, soos in voorbeeld (12).

¹⁰ Hierdie argument is gebaseer op Verhagen (2005:95-96), hoewel hy homself tot die funksie van die ooreenstemmende konstruksie in Nederlands beperk en nie vormlike variasie behandel nie.

- (12) Want die vlekkelose presiesheid waarmee die land se kolfmaestro gister in sy beurt van 186 lopies op die Wanderers in Johannesburg te werk gegaan het, is niks minder as krieket-adel nie. Niemand sal harder as Kallis mor [dat die magiese 200 hom vanoggend steeds ontwyk nie], maar vir die grootste deel van sy marathon-beurt was dit tone-krul-lekker om te sien hoe hy die Black Caps sonder weerga martel. (TK)

In hierdie voorbeeld val die klem op Jacques Kallis, die krieketspeler, wat ongelukkig is omdat hy (op daardie stadium) steeds nie 'n 200-tal in 'n kriekettoets kon behaal nie. Die joernalis beklemtoon dus veel meer die kolfvernuf van Jacques Kallis, die sintaktiese onderwerp van die onderstreepte hoofsin, en rapporteer nie in die eerste plek dat hy 'n mylpaal misgeloop het nie. Kallis self is dus tematies sentraal in die uittreksel, en gevolglik word die *dat*+SXV konstruksie gekies, waardeur die prominensie van die inhoud van die stelbysin verlaag word.

Die bevindinge van hierdie studie ondersteun Thompson (2002) en Verhagen (2005) se interpretasie van die funksie van die komplementkonstruksie, naamlik dat dit prototipies gebruik word om die inligting wat deur die stelbysin aangebied word, prominent te maak. Die Afrikaanse konstruksie sonder 'n eksplisiete onderskikker (en met hoofsinvolgorde) is meer geskik vir dié funksie, soos Auer (1998) vir Duits en Boye en Harder (2007), Kearns (2007b) en Thompson (2002) vir Engels argumenteer, en ook deur Feinauer (1990) vir Afrikaans gesuggereer word. Die siening dat die eksplisiete onderskikker in die *dat*+SXV konstruksie gebruik word omdat die hoofsin of die verhouding tussen die hoofsin en stelbysin te kompleks geword het (soos deur Rohdenburg 2006 vir Engels geargumenteer word), word nie deur die bevindinge van hierdie studie ondersteun nie, aangesien veranderlikes wat met hierdie verklaring verband hou, nie 'n statisties-beduidende bydrae lewer om tussen die konstruksievorme van die stelbysin te onderskei nie.

BIBLIOGRAFIE

- Auer, P. 1998. Zwischen Parataxe und Hypotaxe: “Abhängige Hauptsätze” im gesprochenen und geschriebenen Deutsch. *Zeitschrift für Germanistische Linguistik*, 26(3):284-307.
- Biber, D. 1999. A register perspective on grammar and discourse: Variability in the form and use of English complement clauses. *Discourse Studies*, 1(2):131-150.
- Biber, D., Johansson, S., Leech, G., Conrad, S. & Finegan, E. 1999. *Longman grammar of spoken and written English*. Harlow: Longman.
- Biberauer, T. 2002. Verb second in Afrikaans: Is this a unitary phenomenon? *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 34:19-69.
- Boye, K. & Harder, P. 2007. Complement-taking predicates: Usage and linguistic structure. *Studies in Language*, 31(3):569-606.
- Bosch, B. 1998. Die onderskikker *dat*: 'n Korpus-gebaseerde bespreking (Deel 1). *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(4):120-126.
- Bosch, B. 1999. Die onderskikker *dat*: 'n Korpus-gebaseerde bespreking (Deel 2). *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 17(1):2-15.
- Braeckeveldt, C. 2013. *De skoon bysin in Afrikaanse krantetaal: Voorkomen en parameters*. Ongepubliseerde MA verhandeling. Gent: Universiteit Gent.
- Breiman, L., Friedman, J., Stone, C.J., & Olshen, R.A. 1984. *Classification and regression trees*. New York: Chapman & Hall.
- Colleman, T., Feinauer, I. & Braeckeveldt, C. 2016. Over lexicale voorkeure in de alternantie tussen de “skoon bysin” en de “*dat*-bysin”: Een distinctieve collexeemanalyse. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):117-133.
- Donaldson, B.C. 1988. *The influence of English on Afrikaans*. Pretoria: Serva.
- Dor, D. 2005. Toward a semantic account of *that*-deletion in English. *Linguistics*, 43(2):345-382.
- Feinauer, A.E. 1989. Plasing in Afrikaanse afhanklike sinne. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 7(1):30-37.

- Feinauer, A.E. 1990. Skoon afhanklike sinne in Afrikaanse spreektaal. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 8(3):116-120.
- Kearns, K. 2007a. Regional variation in the syntactic distribution of null finite complementizer. *Language Variation and Change*, 19:295-336.
- Kearns, K. 2007b. Epistemic verbs and zero complementizer. *English Language and Linguistics*, 11(3):475-505.
- Malherbe, D.F. 1920. *Afrikaanse Taalboek*. (3e uitgawe) Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Malherbe, G.H. 1966. *Die gebruik van "dat" as verbindingswoord in Afrikaans*. Ongepubliseerde MA verhandeling. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- McGregor, W.B. 2013. Optionality in grammar and language use. *Linguistics*, 51(6):1147-1204.
- Müller, D. & Pistor, S. 2011. *Skryf Afrikaans van A tot Z*. (2e uitgawe) Kaapstad: Pharos.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: JL van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Rohdenburg, G. 1996. Cognitive complexity and increased grammatical explicitness in English. *Cognitive Linguistics*, 7(2):149-182.
- Scott, M. 2014. *Wordsmith Tools*. Liverpool: Lexical Analysis Software.
- StatSoft. 2013a. Statistica (data analysis software system), version 12. <http://www.statsoft.com> [30 July 2015]
- StatSoft. 2013b. *Electronic Statistics Textbook*. Tulsa, OK: StatSoft. www.statsoft.com/textbook [30 July 2015]
- Stell, G. 2011. *Ethnicity and language variation: Grammar and code-switching in the Afrikaans speech community*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Steyn, J.C. 1976. 'n Paar sintaktiese onvastighede in Afrikaans. *Taalfasette*, 20(3):25-53.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2011. Taalkommissiekorpus 1.1. Noordwes-Universiteit: CText.
- Tagliamonte, S. & Smith, J. 2005. No momentary fancy! The zero "complementizer" in English dialects. *English Language and Linguistics*, 9(2):289-309.
- Thompson, S.A. 2002. "Object complements and conversation": Towards a realistic account. *Studies in Language*, 26(1):125-164.
- Thompson, S.A. & Mulac, A. 1991. The discourse conditions for the use of the complementizer *that* in conversational English. *Journal of Pragmatics*, 15(3):237-251.
- Torres Cacoullos, R. & Walker, J.A. 2009. On the persistence of grammar in discourse formulas: A variationist study of *that*. *Linguistics*, 47(1):1-43.
- Verhagen, A. 2005. *Constructions of intersubjectivity: Discourse, syntax and cognition*. Oxford: Oxford University Press.
- Weinert, R. 2012. Complement clauses in spoken German and English: Syntax, deixis and discourse-pragmatics. *Folia Linguistica*, 46(1):233-265.
- Yaguchi, M. 2001. The function of the non-deictic *that* in English. *Journal of Pragmatics*, 33:1125-1155.

BYLAAG A

Die volgende werkwoorde is in hierdie studie gebruik om data te onttrek:

aanbeveel, aansê, aanstip, afkondig, aframmel, afspreek, agiteer, antisipeer, argumenteer, baklei, beaam, begryp, beken, bekendmaak, beloof, belowe, bemerk, bepleit, besluit, bespiegel, beveel, bewys, bieg, bluf, byvoeg, deklameer, deursein, dikteer, dink, erken, fantaseer, gewaar, gis, glo, herbeklemtoon, herbevestig, hoor, insinueer, kerm, konkludeer, konstateer, meedeel, mompel, mor, neul, ontdek, ontgaan, onthou, onthul, ontken, paai, postuleer, prewel, profeteer, proklameer, propageer, protesteer, raai, raaklees, rondvertel, sê, sien, sinspeel, skat, skel, skerts, skimp, skryf, smee, snap, soebat, spekuleer, stateer, stel, stipuleer, teëkap, teoretiseer, terugkap, terugskryf, toesnou, uitbasuin, uitblaker, uitvind, verduidelik, vergeet, verifieer, verklaar, vermaan, vermoed, verordineer, verstaan, verswyg, vertel, verwittig, vind, voel, volg, vra, waarsku, wed, weet, wens, wink, wis

Over lexicale voorkeuren in de alternantie tussen de “skoon bysin” en de “dat-bysin”: Een distinctieve collexeemanalyse*

On lexical preferences in the alternation between the *skoon bysin* “bare complement clause” and the *dat-bysin* “that-complement clause”: a distinctive collexeme analysis

TIMOTHY COLLEMAN*, ILSE FEINAUER[§]

EN CHARLOTTE BRAECKEVELDT

* Universiteit Gent
Vakgroep Taalkunde
België

[§] Dept. Afrikaans en Nederlands
Universiteit Stellenbosch

E-pos: Timothy.Colleman@UGent.be

E-pos: aef@sun.ac.za



Timothy
Coleman



Ilse Feinauer



Charlotte
Braeckveldt

<p>TIMOTHY COLLEMAN is verbonden aan de vakgroep Taalkunde van de Universiteit Gent als hoofddocent Nederlandse Taalkunde. Zijn onderzoek richt zich voornamelijk op de syntaxis en semantiek van grammaticale constructies in het Nederlands en verwante talen, waaronder het Afrikaans. Theoretisch sluit zijn werk aan bij de constructiegrammatica en gerelateerde usage-based benaderingen, methodologisch wordt het gekenmerkt door een corpusgebaseerde aanpak. Hij maakt deel uit van de onderzoeksgroep GLIMS (“Ghent research team on Linguistic Meaning & Structure”) en van het Gents centrum voor het Afrikaans en de studie van Zuid-Afrika.</p>	<p>TIMOTHY COLLEMAN is an Associate Professor in the Dutch section of the Department of Linguistics at Ghent University (Belgium). His research focuses primarily on the syntax and semantics of grammatical constructions in Dutch and related languages, including Afrikaans. This work is informed by key theoretical concepts from construction grammar and related usage-based approaches and is characterized methodologically by the use of qualitative and quantitative techniques for the analysis of corpus data. He is affiliated with the research unit GLIMS (“Ghent research team on Linguistic Meaning & Structure”) and with the Ghent centre for Afrikaans and the study of South Africa.</p>
<p>ILSE FEINAUER is Vicedecaan: Talen in de Faculteit voor Letteren en Sociale Wetenschappen van de Universiteit Stellenbosch en professor in de Afrikaanse taalkunde en vertaalwetenschap in het Departement Afrikaans en Nederlands. In 2014 werd ze benoemd als ereprofessor aan de Taiyuan Universiteit voor Technologie in China. Ze</p>	<p>ILSE FEINAUER is Vice Dean: Languages at the Faculty of Arts and Social Sciences at the University of Stellenbosch. She is also Professor in Afrikaans linguistics and Translation studies in the Dept. of Afrikaans and Dutch. In 2014 she was appointed as Honorary Professor at the Taiyuan University for Technology in China. She co-</p>

* We bedanken Bertus Van Rooy (Noordwes-Universiteit) en twee anonieme beoordelaars voor hun commentaar bij een eerdere versie van dit artikel, en Gilles-Maurice De Schryver (Universiteit Gent) voor de terbeschikkingstelling van het corpusmateriaal uit *Die Burger* 2003.

<p>coördineert en doceert vertaalwetenschappelijke vakken, als onderdeel van de opleidingen vertaling, en daarnaast ook vakken in de Afrikaanse taalkunde, voornamelijk syntaxis. Ze is co-auteur van het <i>Basiswoordeboek vir Afrikaans</i> en redacteur van de verzamelbundel <i>Sintaksis op die voorgrond</i>. Ze heeft gepubliceerd over de syntaxis en lexicografie van het Afrikaans, maar de klemtoon in haar huidige onderzoek ligt vooral op de vertaalwetenschap.</p>	<p>ordinates and teaches translation studies as part of the postgraduate programmes in translation, but she also teaches Afrikaans linguistics, mainly syntax. She is co-author of a Learner's Dictionary of Afrikaans <i>Basiswoordeboek vir Afrikaans</i> as well as co-editor of a volume on Afrikaans syntax. She has published in the field of syntax as well as lexicography, but her research has currently shifted towards translation studies.</p>
<p>CHARLOTTE BRAECKEVELDT studeerde in 2013 af als Master in de Taal- en Letterkunde: Nederlands-Engels aan de Universiteit Gent. In de zomer van 2012 bracht ze een onderzoeksverblijf door aan de Universiteit Stellenbosch, in het kader van haar MA-scriptie over de variatie tussen de bijzin met en zonder <i>dat</i> in het hedendaagse Afrikaans, die werd geschreven onder het promotorschap van Timothy Coleman en Ilse Feinauer. Ze is professioneel actief in het jeugdwerk.</p>	<p>CHARLOTTE BRAECKEVELDT obtained an MA degree in Dutch and English Linguistics and Literature from Ghent University in 2013. She spent a research stay at the University of Stellenbosch in the summer of 2012, in preparation for her MA dissertation on the alternation between the bare complement clause and the <i>dat</i>-complement clause in present-day Afrikaans, which was written under the supervision of Timothy Coleman and Ilse Feinauer. She currently works in youth work.</p>

ABSTRACT

On lexical preferences in the alternation between the skoon bysin “bare complement clause” and the dat-bysin “that-complement clause”: a distinctive collexeme analysis

It is well-known that the alternation in current Afrikaans between (i) the complement clause with dependent word order and an overt complementiser dat (“that”), and the so-called skoon bysin “bare complement clause” without an overt complementiser and with independent word order is determined inter alia by lexical factors. The bare complement clause is said to occur particularly after main clauses with sê (“say”), dink (“think”), glo (“believe”) and similar high-frequency verbs. However, not much empirical research into the preferences of various matrix verbs for the one or the other construction has been done.

This article is aimed at identifying, by means of a distinctive collexeme analysis (Gries & Stefanowitsch 2004), the verbs that show a significant preference for either the dat-complement clause or the bare complement clause in a corpus of general journalistic text. We selected 180 test verbs: 76 verbs were taken from Braeckveldt (2013) and 104 verbs were added to this corpus, mainly from Van Rooy and Kruger (2016). These verbs were all manually analysed and the observed frequencies extrapolated, using all available articles of Die Burger for the period 02/01/2003 to 01/05/2003, in total 6,3 million words. We identified 27 distinctive collexemes for the bare complement clause, i.e. verbs which show a significantly above-average preference for this construction, vs. 59 distinctive collexemes for the dat-complement clause.

When we compare the results of the collexeme analysis with the findings of Van Rooy and Kruger (2016) on the effect of the variable matrix verb, the similarities are greater than the differences. This indicates that the lexical preferences of verbs are quite solid: generally the same verbs are attracted to either the bare complement clause or the dat-clause in different corpora of present-day written Afrikaans. Distinctive collexeme analysis can be seen as an exploratory technique that can yield hypotheses about the semantic variables potentially playing a role in a specific alternation. The results from the quantitative analysis allow for a number of generalisations about the semantic sub-types of verbs attracted towards the bare complement clause or towards the dat-clause. For

instance, causative matrix verbs consistently show a strong preference for the *dat*-clause: five of the ten most distinctive *dat*-collexemes belong to this type (*provide* (“provide”), *veroorzaak* (“cause”), *toelaat* (“allow”), *meebring* (“cause/involve”), *keer* (“prevent”). The distinctive collexemes of the bare complement clause, by contrast, almost all belong to the semantic classes of verbs of communication (e.g. *sê* (“say”), *vertel* (“tell”), *laat weet* (“let know”)) and, especially, verbs of cognition (e.g. *dink* (“think”), *glo* (“believe”), *meen* (“think”, “mean”), *besef* (“realise”), *weet* (“know”)), including the closely related sub-class of verbs of perception (*sien* (“see”), *hoor* (“hear”), *voel* (“feel”)).

With this article, we wanted to present empirical data on the lexical preferences of a large and heterogeneous set of matrix verbs for either the bare complement clause or the *dat*-clause, with a view to refining existing views on the exact kinds of verbs attracted to both constructions, and, hence, on the semantic variables that can be included in multifactorial work on the alternation in question. In future research, it would also be interesting to compare the semantic variables co-determining the alternation in Afrikaans to those that potentially play a role in other (Germanic) languages with an alternation between “ordinary” complement clauses and complement clauses displaying main clause characteristics such as different word order and/or the absence of a complementiser (e.g. English, German, Danish).

KEY WORDS: Afrikaans, syntax, word order, complement clause, subordinate clause word order, main clause word order, *dat*-deletion, matrix verb, lexical preference, distinctive collexeme analysis

TREFWOORDEN: Afrikaans, syntaxis, woordvolgorde, complementzin, bijzinsvolgorde, hoofdzinsvolgorde, *dat*-weglating, matrixwerkwoord, lexicale voorkeur, distinktiwe collexeemanalyse

SAMENVATTING

Het is bekend dat de variatie in het hedendaagse Afrikaans tussen (i) de complementzin met bijzinsvolgorde en het onderschikkend voegwoord *dat* en (ii) de zgn. “skoon bysin” zonder voegwoord en met hoofdzinsvolgorde onder meer bepaald wordt door lexicale factoren: de skoon bysin zou vooral voorkomen na matrixzinnen met *sê*, *dink*, *glo*, *hoop* of een ander (hoog frequent) werkwoord van communicatie of cognitie (zie bv. Malherbe 1966; Feinauer 1990; Bosch 1999). Empirisch onderzoek naar de lexicale voorkeuren van allerlei matrixwerkwoorden voor deze of gene constructie is echter nog nauwelijks voorhanden. In deze bijdrage wordt aan de hand van een distinktiwe collexeemanalyse (Gries & Stefanowitsch 2004) nagegaan welke werkwoorden een significante voorkeur vertonen voor de *dat*-bijzin dan wel de skoon bysin in een corpus hedendaags journalistiek taalgebruik. We vergelijken de resultaten met de bevindingen van Van Rooy & Kruger (2016) en formuleren enkele voorzichtige conclusies over de semantische subtypes van werkwoorden die wel en niet worden aangetrokken tot de constructie met een skoon bysin.

1. INLEIDING

In gebruiksgebaseerde (“usage-based”) en probabilistische taalkundige theorieën wordt ervan uitgegaan dat er allerlei interacties bestaan tussen *lexicale* en *grammaticale* keuzes: tot de talige kennis van sprekers behoort onder andere gedetailleerde informatie over de neiging van specifieke lexicale items om *samen* voor te komen met specifieke grammaticale constructies – en niet, of relatief minder vaak, met *andere* grammaticale constructies die nochtans in theorie ook mogelijk waren geweest (zie o.m. Goldberg 1995, 2006; Wasow & Arnold 2003; Bresnan 2007; Bybee 2010). Zo is, om een paar voorbeelden te geven uit verschillende talen:

- (i) in het Nederlands bij de transitieve werkwoorden als pakweg *bezorgen* en *gunnen* de kans op het gebruik van de dubbelobjectconstructie met een *nominaal* indirect object veel groter dan die op het gebruik van de constructie met een preposisioneel indirect object, terwijl dat bij werkwoorden als pakweg *afstaan* en *verkopen* precies andersom is (Colleman 2009);
- (ii) in het Zweeds de combinatie van het koppelwerkwoord *vara* (“zijn”) met het perifrastische futurum *ska* (“shall”) veel waarschijnlijker dan de combinatie van *vara* met *ska*’s concurrent *komma att* (“come to”) (Hilpert 2008);
- (iii) in het Engels de kans op een relatiefzin *zonder* het voornaamwoord *that* veel groter na substantieven als pakweg *way of time* dan na substantieven als pakweg *people of stuff* (Wasow, Jaeger & Orr 2011).

De drie voorbeelden komen niet alleen uit verschillende talen, ze betreffen ook heel verschillende fenomenen – resp. de keuze tussen twee argumentstructuur-constructies, de keuze tussen twee perifrastische constructies voor de uitdrukking van toekomstige tijd, en de aan- of afwezigheid van een relativiseerder – zodat we mogen concluderen dat lexicale effecten optreden in uiteenlopende grammaticale domeinen. Een methode die vaak gebruikt wordt om zulke lexicale effecten op te sporen, is *distinctieve collexeemanalyse* (Gries & Stefanowitsch 2004), een techniek die deel uitmaakt van een bredere verzameling van zgn. “collostructionele” methoden die allemaal dienen om de mate van aantrekking na te gaan tussen lexicale items en de constructies waarin ze voorkomen, of tussen verschillende lexicale items die voorkomen in één en dezelfde constructie (zie verder ook nog o.m. Stefanowitsch & Gries 2003, 2005; Gries 2012; Stefanowitsch 2013). In deze bijdrage wordt de methode toegepast op de alternantie in het hedendaagse Afrikaans tussen (1a) de constructie met een complementzin met bijzinsvolgorde (SXV) en ingeleid door de complementeerder *dat* en (1b) de constructie met hoofdzinsvolgorde (SVX) en *zonder dat* (zie daarover onder meer Malherbe 1966; Ponelis 1979: 440-442; Feinauer 1989, 1990; Bosch 1998, 1999; Biberauer 2002; Stell 2011; Kruger & Van Rooy 2015 en ook Van Rooy & Kruger 2016). Het onderzoek is gebaseerd op een uitgebreide en verbeterde versie van de materiaalverzameling van de Gentse masterscriptie van Braeckeveldt (2013), die daarmee ter beschikking komt van de bredere onderzoeksgemeenschap.

- (1) a. Sy het ’n ruk lank uitgegaan en het by haar terugkoms **ontdek dat die hut afgebrand het.** (*Die Burger* 14/03/2003)
- b. Hy was net 26 toe Ludwig van Beethoven **ontdek hy begin doof word.** (*Die Burger* 19/04/2003)

In wat volgt verwijzen we, in overeenstemming met de gangbare Nederlandse en algemeen-taalwetenschappelijke terminologie, naar de afhankelijke zin met of zonder *dat* als *complementzin* en naar de hoofdzin waarvan die complementzin afhangt als *matrixzin*. Het zinswerkwoord van de hoofdzin is het *matrixwerkwoord*. Naar de complementzin in (1a) verwijzen we in wat volgt als *de volle bijzijn* of *dat-bijzijn*, de complementzin in (1b) noemen we, met een Afrikaanse term van Ponelis (1979: 440), de *skoon bysin*.¹ In alle aangehaalde voorbeelden staat de complementzin in

¹ In het Nederlands zouden we kunnen spreken van een *kale bijzijn*, maar die term is ten eerste niet goed ingeburgerd en dekt ten tweede de lading niet helemaal: “kaal” verwijst naar de afwezigheid van een bindwoord, maar er is natuurlijk nog een tweede belangrijk aspect waarin de complementzin in (1b) afwijkt van die in (1a), nl. in de positie van de persoonsvorm. Daarom gebruiken we in deze bijdrage gewoon de Afrikaanse term.

cursief en het matrixwerkwoord in vetjes. In (informeel) gesproken Afrikaans komt nog een derde constructie voor, nl. een *dat*-bijzin met hoofdzinsvolgorde, zie daarover o.m. Feinauer (1989). In het geschreven Standaardafrikaans is de frequentie van die derde constructie echter verwaarloosbaar klein, zodat we er in dit bestek niet verder op ingaan (zie ook Van Rooy & Kruger 2016).²

De bijdrage is als volgt opgebouwd. Eerst geeft paragraaf 2 een overzicht in vogelvlucht van de bestaande literatuur over de variatie tussen de volle bijzin en de skoon bysin, met bijzondere aandacht voor bestaande hypothesen over de rol van het matrixwerkwoord als factor in die variatie. Daarna worden de werkwijze en de resultaten van het corpusonderzoek gepresenteerd in paragraaf 3 en worden de geobserveerde lexicale voorkeuren nader besproken in paragraaf 4. Paragraaf 5 vat de belangrijkste conclusies van het onderzoek samen.

2. DE SKOON BYSIN VS. DE VOLLE BIJZIN

Het is algemeen aanvaard dat de variatie in (1) onder andere *lexicaal* bepaald is. Op basis van eigen introspectie en/of van frequentietellingen in corpora geven verschillende auteurs een lijstje van matrixwerkwoorden die vaak voorkomen met een skoon bysin. Zo merkt Malherbe (1966:13) op dat de skoon bysin vooral voorkomt bij *belowe, besef, beteken, beweer, bewys, dink, droom, help, hoor, onthou, reken, skat, sweer, toon, uitvind, verbeel, verdra, verneem, verwag, vind, voel* en *weet* – een lijstje dat met instemming wordt geciteerd in Bosch (1999:11). Donaldson (1991:277) zegt dat weglating van *dat* vooral gewoon is na werkwoorden zoals *beweer, dink, glo, hoop, sê, vertel, vertrou, voel, vrees, weet* en *wil hê* en Feinauer (1990:118) noemt *weet, glo, dink, sien, meen, verstaan, hoor, vertel, wens* en *skat*. Hoewel die lijstjes verschillen in de details, tekent er zich een duidelijk algemeen beeld af: de skoon bysin komt vooral voor bij hoogfrequente, semantisch “neutrale” of “algemene” werkwoorden van communicatie en cognitie, terwijl meer formele en laagfrequente werkwoorden met een gespecialiseerdere betekenis de constructie met een *dat*-bijzin verkiezen, al is de skoon bysin ook daarbij niet helemaal uitgesloten. Volgens Feinauer (1990:117) komt in de constructie met een skoon bysin het semantische zwaartepunt op de complementzin te liggen, vandaar dat we die vooral aantreffen na “semanties minder dominante” matrixzinnen: zo is in (2) de skoon bysin veel gewoner in de (a)- dan in de (b)-zin, want “[d]ie hoofsin se semantiese waarde [in 2b] is hoër as dié van [2a], bloot deur die gebruik van die werkwoord *stamel*”; zie ook Kruger en Van Rooy (2015) voor vergelijkbare opmerkingen over de lagere thematische prominentie van de matrixzin in de constructie met een skoon bysin.³

- (2) a. Hy **sê** hy kan nie hoor nie / dat hy nie kan hoor nie.
 b. Hy **stamel** hy kan nie hoor nie / dat hy nie kan hoor nie.

Die hypothese van hogere vs. lagere semantische prominentie is ook bekend uit de uitgebreide literatuur over de weglating van de complementeerder *that* in Engelse complementzinnen, waarin

² In het krantencorpus dat voor dit onderzoek werd gebruikt, troffen we slechts een handvol voorbeelden aan van die derde constructie, waaronder (i) hieronder. Die voorbeelden werden niet meegeteld in de totalen voor de *dat*-bijzin of de skoon bysin.

(i) Hy het gister deur mnr. Milton de la Harpe, sy regsverteenvoordiger, ’n beëdigde verklaring aan die hof oorhandig. Daarin **dui** Birgisson **aan** dat hy gaan skuld ontken. (Die Burger 20/03/2003)

³ Overigens kunnen natuurlijk ook andere factoren dan het zinswerkwoord bijdragen tot de lagere semantische dominantie/thematische prominentie van de matrixzin, zoals bv. het gebruik van een pronominaal subject (zie bv. Feinauer 1990:118).

al vaak is gesignaleerd dat *that* het vaakst wegblijft na matrixzinnen met hoogfrequente en semantisch algemene werkwoorden als *think*, *say*, *know*, enz. en waarin dat in verband wordt gebracht met de pragmatische functie van zulke zinnen als inleidende epistemische formules veeleer dan als onafhankelijke hoofdzinnen (zie o.m. Bolinger 1972; Thompson & Mulac 1991; Dor 2005; Boye & Harder 2007; Torres Cacoullous & Walker 2009; Wulff *et al.* 2014).

Er is echter weinig of geen *empirisch* onderzoek voorhanden naar de kwestie welke individuele werkwoorden nu de grootste voorkeur voor de skoon bysin of voor de volle bijzin vertonen. In deze bijdrage worden de lexicale voorkeuren van een grote groep van werkwoorden voor de skoon bysin of de *dat*-zin systematisch onderzocht a.d.h.v. een distinctieve collexeemanalyse. De resultaten van de analyse zullen in detail worden vergeleken met de bevindingen van Van Rooy en Kruger (2016), die het matrixwerkwoord meenemen als een van de onafhankelijke variabelen in een multifactoriële studie van de variatie tussen de *dat*-bijzin en de skoon bysin.

3. DISTINCTIEVE COLLEXEEMANALYSE: WERKWIJZE EN RESULTATEN

3.1 Materiaalverzameling

Als corpus gebruikten we de verzamelde artikelen uit de jaargang 2003 van de krant *Die Burger* die digitaal beschikbaar zijn via <http://www.koerantargiewe.media24.com>. *Die Burger* is een groot Afrikaanstalig dagblad met redactiekantoren in de West-Kaap en de Oost-Kaap, dat als kwaliteitskrant een relatief formeel register van geschreven Standaardafrikaans hanteert. De materiaalverzameling voor Braeckevelde (2013) verliep in twee grote fasen. Om er zicht op te krijgen welke matrixwerkwoorden (frequent) voorkomen met een complementzin, werden eerst met behulp van de concordantiemodule van WordSmith Tools (Scott 2012) alle voorkomens van de woordvorm *dat* opgezocht in een sample van ongeveer 6,5 miljoen woorden tekst, nl. alle beschikbare artikelen voor de periode 15/07/2003 tot 31/10/2003. Dat leverde 37409 treffers op, die manueel werden gecontroleerd om alle zinnen te verwijderen waarin *dat* niet als voegwoord werd gebruikt: na die filtering bleven 17192 voorbeelden van complementzinnen met *dat* over, gecombineerd met 332 verschillende matrixwerkwoorden (zie Braeckevelde 2013:87-93 voor de volledige lijst). Daaruit werden alle werkwoorden geselecteerd met een geobserveerde frequentie van minimaal 50 voorkomens met een *dat*-bijzin, 76 werkwoorden in totaal. Die drempel van 50 is uiteraard volkomen arbitrair, de enige bedoeling was om een hanteerbare set samen te stellen van werkwoorden waarvan aangenomen mocht worden dat ze voldoende vaak voorkomen met een complementzin om geschikt te zijn voor de tweede fase van het onderzoek. In die tweede fase werden voor de 76 geselecteerde werkwoorden alle voorkomens van hun verschillende woordvormen opgezocht in een ander corpussample, van vergelijkbare omvang – nl. alle beschikbare artikelen voor de periode 02/01/2003 tot 01/05/2003, samen goed voor 6,3 miljoen woorden tekst. De resultaten van die automatische zoekopdrachten werden manueel doorgenomen om alle voorkomens te identificeren van zowel de constructie met een *dat*-bijzin als de constructie met een skoon bysin, wat uiteindelijk 9046 voorkomens van de skoon bysin opleverde en 5129 voorkomens van de *dat*-bijzin (zie Braeckevelde 2013:21-22).

Voor de huidige studie werd die materiaalverzameling op drie manieren uitgebreid en gecorrigeerd. Ten eerste werden nog 104 matrixwerkwoorden toegevoegd, zodat de uiteindelijke set van testwerkwoorden uit 180 items bestond. Die bijkomende werkwoorden komen vooral uit Van Rooy en Kruger (2016), die eveneens eerst via een zoekopdracht naar *dat* een lijst samenstelden van matrixwerkwoorden die een complementzin kunnen krijgen, maar die (i) daarvoor een ander

corpus gebruikten, nl. het Taalkommissiekorpus⁴ en (ii) uit de resultaten 104 werkwoorden selecteerden “verteenvoerdigend van die volle omvang van werkwoordfrekwensie”, dus opzettelijk inclusief een aantal laagfrequente werkwoorden. Voor alle werkwoorden uit die set van 104 die nog niet in de set van Braeckveldt (2013) zaten, werden op dezelfde manier als hierboven beschreven alle voorkomens uit het materiaal uit *Die Burger* geëxtraheerd en manueel geanalyseer. Bovendien werden aan de lijst nog een aantal matrixwerkwoorden toegevoegd die genoemd worden bij Malherbe (1966), Feinauer (1990) en Bosch (1999). We beperkten ons daarbij wel tot werkwoorden waarbij een complementzin kan voorkomen als (direct) *object*: werkwoorden als bv. *ontgaan*, *blyk* en *volg* werden niet opgenomen, omdat de complementzin daarbij als subject fungeert – zoals onder meer opgemerk in Feinauer (1990:117) is de weglating van *dat* in subjectzinnen minder gebruikelijk dan in objectzinnen.⁵

Een tweede wijziging t.o.v. Braeckveldt (2013) is dat voor de scheidbaar samengestelde werkwoorden ook alle treffers werden opgezocht waarin het partikel en het basiswerkwoord gescheiden voorkomen, aan de hand van automatische zoekopdrachten met WordSmith naar alle voorkomens van het partikel in kwestie in combinatie met een vorm van het basiswerkwoord binnen een maximale afstand van 5 woorden naar links of naar rechts. Ten derde bleek bij een controle op de frequenties in Braeckveldt (2013) dat voor een vijftiental werkwoorden de gerapporteerde totalen niet klopten, om niet geheel reconstrueerbare redenen (wellicht omdat daarvoor een verkeerde corpusselectie was gebruikt). Voor die werkwoorden werd de analyse overgedaan om tot betrouwbare frequenties te komen. Voor heel frequente werkwoorden werden willekeurige samples van 500 voorkomens (voor werkwoorden met een totale frequentie tussen 1000 en 3000) of 1000 voorkomens (voor werkwoorden met een frequentie van meer dan 3000) manueel geanalyseer en werden de geobserveerde frequenties geëxtrapoleer, zodat we een betrouwbare schatting kregen van de *totale* frequenties van de skoon bysin en de *dat*-bijzin met de werkwoorden in kwestie in het corpus – voor de distinctieve collexeemanalyse is het nl. van belang dat we zicht hebben op de totale frequenties van de twee alternerende constructies in het gebruikte corpus (cf. infra).

Een aantal werkwoorden uit de lijst bleken in het geheel niet voor te komen met een complementzin in het gebruikte corpus: hoofdzakelijk laagfrequente werkwoorden zoals bv. *deklameer*, *snap*, *terugkap* of *wink*, maar ook een aantal werkwoorden die an sich nog relatief frequent zijn maar waarbij het direct object blijkbaar uiterst zelden de vorm van een complementzin aanneemt, zoals *bereik* en *protesteer*. 140 verschillende werkwoorden kwamen wel een of meerdere keren voor met een *dat*-bijzin en/of een skoon bysin. Uiteindelijk werden in totaal 13994 voorkomens van de constructie met een *dat*-bijzin geteld teenover 17868 voorkomens van de skoon bysin: over alle testwerkwoorden heen, komt de skoon bysin dus voor in iets meer dan de helft van de gevallen (56,1 procent). Appendix A geeft een gedetailleer overzicht van de geobserveerde frequenties die dienden als input voor de collexeemanalyse; die tabel vervangt de overzichtstabel in Braeckveldt (2013:21-22).

⁴ Het Taalkommissiekorpus (Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 2011) is een groot corpus van hedendaags geschreven Standaardafrikaans dat verschillende registers omvat, waaronder naast journalistiek taalgebruik o.a. ook literaire, academische en administratiewe teksten, ten belope van in totaal 57 miljoen woorden lopende tekst.

⁵ Wel opgenomen zijn een aantal werkwoorden waarbij die complementzin strikt genomen niet als direct object, maar als voorzetselsvoorwerp fungeert, al dan niet met weglating van het voorlopige voorzetselvoorwerp, zoals *aandring* (*daarop*), *beskuldig* (*daarvan*), enz. Bij werkwoorden die zowel een subjectszin als een objectszin kunnen krijgen, zoals *help*, werden enkel die voorkomens met een objectszin meegeteld.

3.2 Resultaten van de distinctieve collexeemanalyse

Distinctieve collexeemanalyse richt zich altijd op een bepaald slot in twee (of meer) alternerende constructies, in dit geval dus het V-slot van de matrixzin waarvan de *dat*-bijzin of skoon bysin afhangt als (direct) object. Op basis van een statistische evaluatie van (i) de frequenties waarmee allerlei lexicale items voorkomen in het betreffende slot van de alternerende constructies in een corpus en (ii) de overkoepelende verhouding tussen die alternerende constructies in dat corpus, wordt berekend welke lexicale items een significante voorkeur hebben voor één van de concurrerende constructies, d.w.z. bij welke items de geobserveerde distributie significant ($p < .05$) verschilt van de distributie die verwacht mocht worden op basis van de totale verhouding tussen de twee constructies in het corpus. Als significantietoets wordt meestal de Fisher-Yates-Exact-test gebruikt, al komen in principe ook andere associatiematen in aanmerking (zie Gries 2012 voor nadere toelichting). De significant aangetrokken lexicale items worden *distinctieve collexemen* genoemd en ze kunnen worden gerangschikt naar de mate van aantrekking tot een van de twee (of meer) alternerende constructies door de p-waarde van de Fisher-Yates-Exact-test als maat te gebruiken: hoe kleiner de p-waarde, hoe sterker het werkwoord in kwestie is aangetrokken tot de betreffende constructie.

De toepassing van een distinctieve collexeemanalyse op de geobserveerde frequenties in Appendix A, met behulp van het R-script voor collostructionele analyse van Gries (2007), levert 12 distinctieve collexemen op voor de skoon bysin, die in (3) worden opgesomd in dalende volgorde van distinctiviteit. Daarnaast blijken maar liefst 88 matrixwerkwoorden significant aangetrokken te zijn tot de *dat*-constructie.

(3) sê, meen, dink, glo, wil hê, hoop, weet, reken, voel, wens, beweer, sweer

Het grote verschil tussen de beide aantallen collexemen valt te verklaren door de bijzondere distributie van de alternerende constructies. Hierboven merkten we op dat de skoon bysin tekent voor 56% van het totale aantal complementzinnen in de materiaalverzameling. Nadere inspectie van de geobserveerde frequenties in Appendix A toont echter dat dat lichte kwantitatieve overwicht in belangrijke mate wordt veroorzaakt door de bijzonder sterke voorkeur voor de skoon bysin van *sê*, *dink* en *meen*, de drie meest frequente werkwoorden in de materiaalverzameling, waarbij de skoon bysin goed is voor resp. 95, 90 en 87 procent van het totale aantal complementzinnen. Geen enkel ander matrixwerkwoord komt bij die scores in de buurt.⁶ De resultaten van het onderzoek leveren dus een duidelijke bevestiging voor het belang van *frequentie* als sturende parameter in de variatie: in overeenstemming met de bevindingen van Van Rooy en Kruger (2016), treffen we de sterkste voorkeur voor de skoon bysin aan bij de werkwoorden die het frequentst worden gecombineerd met een complementzin.

Als we die drie topwerkwoorden niet in rekening brengen, dan zakt de totale frequentie van de skoon bysin tot 6406 en die van de *dat*-bijzin tot 13130, dat is respectievelijk 32.76 en 67.24 procent van de gevallen, dus een veel schevere verhouding. We voerden de distinctieve collexeemanalyse opnieuw uit met die aangepaste totalen. Dat is een enigszins ongebruikelijke ingreep, die echter vanuit gebruiksgebaseerd perspectief goed te motiveren valt. Distinctieve collexeemanalyse houdt rekening met de totale frequenties van de alternerende constructies net omdat ervan wordt uitgegaan dat sprekers probabilistische kennis bezitten over de waarschijnlijkheid waarmee beide constructies voorkomen in het reële taalgebruik: om werkelijk distinctief te

⁶ Met de uitzondering van *proe*, dat echter maar één keer voorkomt met een complementzin in het corpus.

zijn, moet een bepaald lexicaal item niet gewoon significant vaker dan in 50 procent van de gevallen in één van de twee constructies voorkomen, maar significant vaker dan op basis van de overkoepelende verhouding (die zelden fifty-fifty is) verwacht mocht worden. Echter, *sê*, *meen* en *dink* komen *zoveel* vaker voor met een skoon bysin dan andere matrixwerkwoorden dat we ons kunnen afvragen of ze nog veel invloed hebben op de mentale representatie van de relatieve frequenties van de skoon bysin en de *dat*-bijzin in *het algemeen*: in gebruikgebaseerde theorieën wordt ervan uitgegaan dat hoogfrequente vertegenwoordigers van een categorie als afzonderlijke units zitten opgeslagen in het geheugen en in mindere mate bijdragen tot de cognitieve verankering (“entrenchment”) van de categorie als zodanig (zie o.m. Bybee 2010:33-56 en de referenties daar). Als abstractie wordt gemaakt van *sê*, *dink* en *meen*, dan is de kans op een *dat*-bijzin gemiddeld dubbel zo groot als de kans op een skoon bysin: dat betekent dat een werkwoord waarbij de skoon bysin goed is voor pakweg de helft van de gevallen zich daarmee eigenlijk al onderscheidt van het “gemiddelde” alternerende werkwoord. Door in de collexeemanalyse geen rekening te houden met de treffers van *sê*, *meen* en *dink*, zal een dergelijk werkwoord inderdaad worden herkend als een werkwoord dat vaker dan verwacht voorkomt met een skoon bysin. Omgekeerd moet een werkwoord op die manier significant vaker dan in twee derde van de gevallen voorkomen met een *dat*-bijzin om te mogen gelden als werkwoord met een bovengemiddelde voorkeur voor die constructie. De belangrijkste resultaten van de collexeemanalyse met de aangepaste totalen worden gepresenteerd in Tabel 1. Het aantal distinctieve collexemen van de skoon bysin loopt op tot 24, zie de rechterkolom van de tabel; met de toppers *sê*, *meen* en *dink* erbij, hebben we dus in totaal 27 werkwoorden geïdentificeerd die een lexicale voorkeur vertonen voor de skoon bysin. Het aantal collexemen van de *dat*-bijzin loopt terug tot 59: de linkerkolom van Tabel 1 geeft daarvan enkel de 25 meest distinctieve, zie Appendix B voor de volledige lijst. We volgen in Tabel 1 de conventie van later collostructioneel werk om als maat van distinctiviteit niet de p-waarde van de Fisher-Yates-Exact-test zelf maar een negatieve logaritmische transformatie daarvan te rapporteren, zodat die scores makkelijker te interpreteren zijn: hoe groter de waarde, hoe sterker de aantrekkings. In de volgende paragraaf worden de bevindingen van de collexeemanalyse verder besproken.

TABEL 1: Resultaten van de collexeemanalyse (op basis van aangepaste totalen zonder *sê*, *meen* en *dink*)

<i>Dat</i> -bijzin (N=13149)		Skoon bysin (N=6404)	
Collexeem	Distinctiviteit	Collexeem	Distinctiviteit
		<i>sê</i> , <i>meen</i> , <i>dink</i> +	
1. sorg	43.3	1. glo	206.93
2. veroorsaak	34.91	2. weet	77.67
3. beskuldig	32.90	3. hoop	68.2
4. vra	32.71	4. beweer	38.92
5. meebring	30.83	5. wil hê	36.84
6. toelaat	27.92	6. voel	36.62
7. verwag	27.27	7. reken	18.47

TABEL 1: Resultaten van de collexeemanalyse (op basis van aangepaste totalen zonder *sê, meen en dink*) (vervolg)

Dat-bijzin (N=13149)		Skoon bysin (N=6404)	
Collexeem	Distinctiviteit	Collexeem	Distinctiviteit
		sê, meen, dink +	
8. ontken	27.01	8. besef	15.31
9. verseker	23.92	9. vermoed	12.2
10. keer	20.96	10. sien	11.86
11. versoek	18.87	11. hoor	11.63
12. toesien	18.33	12. berig	11.58
13. aandrang	17.83	13. wens	10.61
14. aanbeveel	16.67	14. erken	7.74
15. eis	16.63	15. getuig	7.17
16. aanvaar	16.45	16. vertel	5.82
17. voorkom	15.23	17. besluit	4.54
18. beklemtoon	11.73	18. agterkom	4.50
19. voorstel	11.38	19. sweer	3.33
20. voorsien	9.89	20. aanneem	3.01
21. verduidelik	9.52	21. verbeel	2.81
22. bewys	9.06	22. laat weet	2.6
23. bepaal	8.99	23. beslis	2.08
24. noem	8.51	24. droom	1.5
25. bydra	8.47		

4. DISCUSSIE

Er zijn uiteraard een aantal methodologische verschillen tussen onze studie en die van Van Rooy en Kruger (2016). Het huidige onderzoek is niet multifactorieel, zodat we niet kunnen uitsluiten dat sommige van de geobserveerde lexicale effecten geheel of gedeeltelijk voortvloeien uit andere variabelen. Daartegenover staat dat in het huidige onderzoek *meer* matrixwerkwoorden zijn opgenomen en dat de collexeemanalyse twee *gerangschikte* lijsten van collexemen als output geeft, zodat een fijnmaziger beeld kan ontstaan van de lexicale voorkeuren en hun sterkte.

Als we de resultaten van de collexeemanalyse vergelijken met de bevindingen van Van Rooy en Kruger (2016) over het effect van de variabele matrixwerkwoord, dan zijn de overeenkomsten duidelijk groter dan de verschillen. De meeste werkwoorden die Van Rooy en Kruger (2016) opsommen in hun lijstjes (8) en (10) – d.w.z. de groepen van werkwoorden die, op twee verschillende

plaatsen in de classificatieboom, de waarschijnlijkheid van de skoon bysin sterk doen toenemen – komen terug bij de distinctieve collexemen in de rechterkolom van Tabel 1. Bij de werkwoorden met een zo goed als categorische voorkeur voor de *dat*-bijzin in de dataverzameling van Van Rooy en Kruger (2016), opgesomd onder (9) in hun artikel, zitten naast een groot aantal laagfrequente werkwoorden die in ons corpus niet of nauwelijks voorkomen met een complementzin ook allerlei werkwoorden die terugkomen in de linkerkolom van Tabel 1 of verderop in de lijst van distinctieve collexemen van de *dat*-bijzin. Nergens zijn de resultaten echt tegenstrijdig, d.w.z. er is geen enkel werkwoord dat in de data van Van Rooy en Kruger (2016) een voorkeur vertoont voor de *dat*-bijzin maar in onze test geklasseerd wordt bij de significante collexemen van de skoon bysin of andersom. Dat wijst erop dat de lexicale voorkeuren van allerlei werkwoorden behoorlijk robuust zijn: in verschillende corpora van hedendaags geschreven Standaardafrikaans (het Taalkommissiecorpus in het onderzoek van Van Rooy & Kruger 2016, een krantencorpus met materiaal uit Die Burger 2003 voor het huidige onderzoek) zijn het grotendeels dezelfde werkwoorden die worden aangetrokken tot de skoon bysin of de *dat*-bijzin (wat overigens niet wegneemt dat er registerverschillen kunnen optreden, zie hieronder). Onze set van testwerkwoorden bevatte naast de 104 werkwoorden uit het onderzoek van Van Rooy en Kruger (2016) nog 76 andere werkwoorden, waarvan er uiteraard ook verschillende behoren tot de twee reeksen van significant aangetrokken werkwoorden. Een aantal voorbeelden van werkwoorden waarvan de lexicale voorkeur nog niet eerder empirisch was vastgesteld, zijn *sorg*, *veroorsaak*, *beskuldig*, *meebring*, *verwag*, enz. bij de *dat*-collexemen en *meen*, *hoop*, *beweer*, *besef*, *wil hê*, *reken*, *berig*, enz. bij de collexemen van de skoon bysin. Het valt niet uit te sluiten dat sommige van die werkwoorden vooral in het *journalistieke* taalgebruik frequent voorkomen met de *dat*-bijzin of de skoon bysin. Zo laat Bertus van Rooy (persoonlijke communicatie) weten dat *meen*, dat niet voorkwam in de testset van Van Rooy en Kruger (2016), in het Taalkommissiecorpus vooral in de component krantentaal met een skoon bysin voorkomt, terwijl het in andere registers op het eerste gezicht slechts zelden een complementzin als object krijgt. Mogelijk zijn er nog andere werkwoorden waarbij de sterkte van het gemeten effect samenhangt met de keuze voor een corpus krantentaal (zie ook noot 8 verderop).

Het is uiteraard ook interessant om het niveau van de individuele werkwoorden te verlaten en op zoek te gaan naar generalisaties. Collexeemanalyse wordt het best gezien als een exploratieve techniek, die hypothesen kan opleveren over de *semantische* variabelen die potentieel een rol spelen in de alternantie – variabelen die dan in toekomstig onderzoek kunnen worden meegenomen in een multifactoriële test. Van Rooy en Kruger (2016) namen ook een onafhankelijke variabele “semantische categorie van het matrixwerkwoord” op in hun model, waarvoor vijf klassen werden onderscheiden, nl. “kommunikasieproses”, “mentale proses”, “wyse van kommunikasieproses”, “waarborg” en “andere”, hoofdzakelijk voortbouwend op een voorstel van Dor (2005) voor het Engels (cf. infra). Die variabele bleek echter een statistisch onbeduidende rol te spelen. De vraag is dan ook of er op basis van de output van de distinctieve collexeemanalyse misschien andere semantische generalisaties mogelijk zijn: vallen er groepjes van werkwoorden aan te wijzen met een gemeenschappelijk betekenismoment die een consistente voorkeur aan de dag leggen voor de skoon bysin dan wel de *dat*-bijzin?

Een eerste vaststelling in dat verband is dat *causatieve* werkwoorden een consistent sterke voorkeur vertonen voor de *dat*-bijzin: vijf van de tien meest distinctieve *dat*-collexemen zijn van dat type (*sorg*, *veroorsaak*, *toelaat*, *meebring* en *keer*), verderop in de lijst volgen onder meer nog *toesien*, *voorkom*, *bydra* en *verhoed*. Verhagen (2005:141-149) wijst er in zijn constructiegrammaticale analyse van (Nederlandse) complementzinnen al op dat causatieve werkwoorden verschillen van andere types van matrixwerkwoorden doordat ze moeilijk als “mental-space builders” kunnen worden beschouwd. Terwijl matrixzinnen met allerlei werkwoorden van communicatie en cognitie zoals *zeggen*, *beweren*, *denken*, *geloven*, enz. in de meerderheid van de gevallen fungeren als een

instructie aan de hoorder om de inhoud van de complementzin – die het zwaartepunt van de mededeling vormt – vanuit een bepaald perspectief te zien (d.w.z., in plaats van als een verslag van een situatie waarin iemand iets zegt of denkt), benoemen matrixzinnen met werkwoorden als *zorgen, maken, voorkomen*, enz. wel degelijk causatieve *gebeurtenissen*. In het Nederlands correspondeert het semantisch-pragmatische verschil tussen de twee niet met formele verschillen zoals de aan- of afwezigheid van het voegwoord *dat* of hoofdzins- vs. bijzinsvolgorde, maar de parallelie met de bestaande hypothesen over *that*-deletie in het Engels en de skoon bysin in het Afrikaans is duidelijk: het ligt niet voor de hand om een complementzin die afhangt van een causatief zinswerkwoord als semantisch dominant voor te stellen, vandaar de sterke voorkeur voor de *dat*-bijzin bij werkwoorden als *sorg, veroorsaak*, enz. voor de *dat*-bijzin. Toch moet worden opgemerkt dat de skoon bysin bij causatieve werkwoorden niet *volkomen* uitgesloten is: verschillende van de bovengenoemde werkwoorden komen wel degelijk ook een of twee keer voor met de skoon bysin in het corpus. (4) is een geobserveerd voorbeeld met *sorg*.

- (4) Daarom is dit verblydend dat die baanopsigter, AD Carter, alles in sy vermoë doen om te **sorg** *dinge verloop Dinsdag vlot*. (Die Burger 13/03/2003)

Dor (2005) formuleert een algemene semantische hypothese over *that*-deletie in het Engels: dat verschijnsel kan enkel optreden bij “epistemische” werkwoorden, d.w.z. werkwoorden “which entail that a cognitive agent ... has made an epistemic claim concerning the truth of the proposition denoted by the embedded clause” (p. 347). In de praktijk zijn dat werkwoorden die een speech act benoemen zoals *say, tell, claim*, enz., werkwoorden van cognitie zoals *believe, think, conclude*, enz. en uitzonderlijk ook “manner-of-speaking”-werkwoorden zoals *scream, yell* en *whisper*. Bij allerlei andere werkwoorden is *that* verplicht.

We laten in het midden of er in het Engels inderdaad zo’n categorische semantische beperking is, maar in het Afrikaans is dat in elk geval *niet* zo. Hierboven zagen we al dat zelfs bij causatieve werkwoorden uitzonderlijk een skoon bysin kan voorkomen, onder (5) geven we nog een paar voorbeelden met andere matrixwerkwoorden die niet impliceren dat iemand beweert (of ontkent, gelooft, ontdekt, enz.) dat een propositie waar is. Echter, in zulke gevallen is de skoon bysin wel relatief *zeldzaam*: de werkwoorden in (5) behoren tot de distinctieve collexemen van de *dat*-bijzin – al volgen ze wel wat verder in de ranglijst dan de hierboven genoemde causatieve werkwoorden. Nog andere *dat*-collexemen die niet behoren tot de werkwoorden van communicatie of cognitie zijn *ooreenkom, waarborg* en *behels*. Blijkbaar speelt het verschil tussen “epistemische” en andere werkwoorden dus wel degelijk een rol in de alternantie, al is er dan geen categorische beperking.

- (5) a. Die hofbevel **bepaal** *Metrorail moet alle stappe doen wat redelikerwys moontlik is om “behoorlike en voldoende veiligheidsdienste” te voorsien*. (Die Burger 07/02/2003)
- b. Die Kiwi’s se sege oor die Windies Donderdag in Port Elizabeth was nie vir Suid-Afrika ’n goeie uitslag nie. Dit **beteken** *Nieu-Seeland is nou terug in die prentjie*. (Die Burger 15/02/2003)

Merk op dat sommige van die werkwoorden – waaronder in elk geval *bepaal* en *beteken*, en ook de meeste causatieve werkwoorden – relatief vaak een *onbezield* subject krijgen, zoals in (5). Ook bij werkwoorden als *bewys, verklaar* en *bevestig*, die eveneens behoren tot de *dat*-collexemen, is het subject niet noodzakelijk bezield. Van Rooy en Kruger (2016) nemen in hun statistisch model wel de vorm (voornaamwoord of lexicale NP) en de persoon van het subject op als onafhankelijke variabelen, maar geen semantische variabelen zoals de bezieldheid van de subjectreferent: het zou de moeite waard zijn om in toekomstig onderzoek ook die variabele te testen.

De distinctiewe collexemen van de skoon bysin behoren wel (zo goed als) allemaal tot de werkwoorde van communicatie of van cognitie, insluitief de daarby aansluitende werkwoorde van waarneming *sien, hoor* en *voel*.⁷ In dat verband is het nog interessant om even nader in te gaan op een opmerking van Bolinger (1972) over Engels *decide* die word aangehaald in Dor (2005:359-360). *Decide* kan gebruik word as een epistemisch werkwoord waarvan die betekenis aanleunt by *realize* en *understand* en dan kan *that* wegblyven (bv. *Why didn't you take the job? – I decided I was too old*). Echter, als het gebruik word om een situasie te benoemen waarin “the deciding agent has the power or authority to change reality simply by making the decision” (Dor 2005:360), dan is *that* verpligt aanwezig (bv. *Yesterday the Supreme Court decided *(that) wiretaps must stop*). In Tabel 1 staan drie verskillende Afrikaanse werkwoorde die kunnen diene as vertaalequivalent van *decide*: daarvan behoren *besluit* en *beslis* allebei tot die distinctiewe collexemen van die skoon bysin, en inderdaad word die werkwoorde vaak gebruik om situasies te benoemen waarin iemand op grond van bepaalde oewegingen tot een conclusie komt, zoals in (6) hieronder. *Bepaal* echter, dat enkel die “objectiewe” betekenis heeft – beter geglost as “stipuleren, vastleggen” dan as “tot die conclusie komen” – behoort tot die distinctiewe collexemen van die *dat*-bijzin.

- (6) Williams het gesê met die telling op 1-4 het sy **besluit** sy wil nie meer *balle mis nie en graag die wedstryd wen*. (Die Burger 18/01/2003)

Die epistemiese werkwoorde vorme op zich natuurlik een heterogene kategorie. Kruger en Van Rooy (2015) suggerere dat werkwoorde van communicatie relatief vaker een voorkeur voor die *dat*-bijzin hebbende dan werkwoorde van cognitie: “Verbs that do not allow omission, or generally prefer the full form, tend to be more formal, low-frequency verbs, with a higher incidence of communication verbs”. Dat lijkt te kloppen: sterker selfs, het geldt niet enkel voor laagfrekwente werkwoorde, want by die distinctiewe *dat*-collexemen sitte ook allerlei werkwoorde van communicatie die wel degelik relatief frekwent zyn, zoals *beskuldig, vra, ontken, verseker, aandrang, versoek, eis, aanbeveel, beklemtoon, voorstel*, enz. Die enige werkwoorde van cognitie in die top-25 in die linkerkolom van Tabel 1 zyn *verwag, aanvaar* en *voorsien* (in sommige van zyn gebruikswyse, *voorsien* kan ook as causatief werkwoord word gebruik, verwant aan *sorg*). Andersom zyn by die distinctiewe collexemen van die skoon bysin die werkwoorde van cognitie duidelik in die meerderheid. Die relevante generalisasie lijkt te zyn dat vooral werkwoorde die een *neutrale mededeling* benoemen een voorkeur hebbende voor die skoon bysin: *sê, beweer, berig, getuig, vertel, laat weet*.⁸ Het enige niet-neutrale kommunikatiewerkwoord in die rechterkolom is

⁷ Die enige moegelijke uitzondering is het volitionele komplekse werkwoord *wil hê*; echter, ook al is dat strikt genomen geen werkwoord van communicatie of cognitie, het is er via werkwoorde as *hoop, wens* en *droom* – die ook allemaal behore tot die distinctiewe collexemen van die skoon bysin – wel nauw aan verwant.

⁸ Een anonieme beoordelaar is het niet eens met onze typering van *beweer* as een semantisch neutraal kommunikatiewerkwoord en vermoed dat die sterke voorkeur van dat werkwoord voor die skoon bysin veeleer een *register effect* is, dat te maken heeft met die hoge frekwentie van *beweer* in het journalistieke taalgebruik. We laten het oewer aan toekomstig onderzoek om na te gaan of *beweer* ook in andere registers vaker dan verwacht een skoon bysin krijgt. Merk echter op dat we met onze semantiese typering vooral een onderscheid hebbende willen maken tussen kommunikatiewerkwoorde die een gewone mededeling benoemen en kommunikatiewerkwoorde die andere types speech acts benoemen. Die keuze van sprekers voor *beweer* as matrixwerkwoord i.p.v. bijvoorbeeld *sê* of *vertel* dient vaak om een zekere twyfel te suggerere oewer die waarheid van die gerapporteerde mededeling – in die zin is het werkwoord inderdaad “niet neutraal” (zie Verhagen 2005: 115-117 voor discussie van vergelykbare werkwoorde). Echter, dat neemt niet weg dat *beweer* in tegenstelling tot bv. *vra, eis, aanbeveel, verseker*, enz. wel degelik een oewerdracht van informasie benoemt waarbij niet spesiaal iets van die toegesprokene verwacht word. In die zin is het werkwoord dan weer wel “neutraal”.

sweer, maar de voorkeur van dat werkwoord voor de skoon bysin lijkt vooral op het conto te komen van de min of meer vaste formules *Ek sweer* en *Jy/n Mens sou sweer*. De communicatiewerkwoorden onder de *dat*-collexemen daarentegen, benoemen vooral (zij het niet uitsluitend) andere types van communicatieve gebeurtenissen: vragen/verzoeken (*vra, eis, versoek, aandring*), ontkenningen (*ontken*), bevelen/suggesties (*beveel, aanbeveel, voorstel*) en diverse minder neutrale mededelingen (*beskuldig, beklemtoon, kla*). Bij de communicatiewerkwoorden lijkt het voor de alternantie tussen de *dat*-bijzin en de skoon bysin dus een rol te spelen *welk soort* speech act benoemd wordt.

5. SLOT

De belangrijkste doelstelling van dit artikel was om empirische data aan te leveren over de lexicale voorkeuren voor de skoon bysin dan wel de *dat*-bijzin van een grote en diverse groep matrixwerkwoorden. De generalisaties in de vorige paragraaf blijven uiteraard relatief aan de oppervlakte, al hebben ze wel een aantal hypothesen opgeleverd over semantische variabelen die kunnen worden meegenomen in toekomstig onderzoek: zo is het aan te bevelen om de causatieve werkwoorden als een afzonderlijke klasse te beschouwen en bij de werkwoorden van communicatie een onderscheid te maken tussen verschillende soorten speech acts, en ook zou het de moeite waard zijn om het effect van de variabele [+/- bezielheid van het matrixsubject] systematisch te testen. We hopen dat deze bijdrage zal aanzetten tot verder empirisch onderzoek naar de lexicale en semantische variabelen die de alternantie tussen de skoon bysin en de *dat*-bijzin mee bepalen en naar de overeenkomsten en verschillen met de variabelen die vergelijkbare alternanties beregelen in andere (Germaanse) talen, zoals *that*-deletion in het Engels maar bv. ook het voorkomen van complementzinnen met hoofdzinsvolgorde in het Duits (Auer 1998) en in het Deens (Jensen & Christensen 2013).

BIBLIOGRAFIE

- Auer, P. 1998. Zwischen Parataxe und Hypotaxe: "Abhängige Hauptsätze" im gesprochenen und geschriebenen Deutsch. *Zeitschrift für Germanistische Linguistik*, 26(3):284-307.
- Biberauer, T. 2002. Verb second in Afrikaans: Is this a unitary phenomenon? *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 34:19-69.
- Bolinger, D. 1972. *That's that*. Den Haag: Mouton.
- Boye, K. & Harder, P. 2007. Complement-taking predicates: Usage and linguistic structure. *Studies in Language*, 31(3):569-606.
- Bosch, B. 1998. Die onderskikker *dat*: 'n Korpus-gebaseerde bespreking (Deel 1). *South African Journal of Linguistics*, 16(4):120-126.
- Bosch, B. 1999. Die onderskikker *dat*: 'n Korpus-gebaseerde bespreking (Deel 2). *South African Journal of Linguistics*, 17(1):2-15.
- Braeckevelde, C. 2013. *De skoon bysin in Afrikaanse krantetaal: Voorkomen en parameters*. Ongepubliceerde MA-scriptie. Gent: Universiteit Gent.
- Bresnan, J. 2007. Is syntactic knowledge probabilistic? Experiments with the English dative alternation. In Featherston & Sternefeld (eds). *Roots: Linguistics in search of its evidential base*. Berlin: Mouton De Gruyter, pp. 77-96.
- Bybee, J. 2010. *Language, usage and cognition*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Colleman, T. 2009. Verb disposition in argument structure alternations: A corpus study of the Dutch dative alternation. *Language Sciences*, 31: 593-611.
- Donaldson, B.C. 1991. *The influence of English on Afrikaans. Second edition*. Pretoria: Academica.
- Dor, D. 2005. Toward a semantic account of *that*-deletion in English. *Linguistics*, 43(2):345-382.
- Feinauer, A.E. 1989. Plasing in Afrikaanse afhanklike sinne. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 7(1):30-37.

- Feinauer, A.E. 1990. Skoon afhanklike sinne in Afrikaanse spreektaal. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 8(3):116-120.
- Goldberg, A.E. 1995. *Constructions: A Construction Grammar approach to argument structure*. Chicago: University of Chicago Press.
- Goldberg, A.E. 2006. *Constructions at work: The nature of generalization in language*. Oxford: Oxford University Press.
- Gries, S.Th. 2007. Coll.analysis 3.2a. A script for R to compute collostructional analyses.
- Gries, S.Th. 2012. Frequencies, probabilities, association measures in usage/exemplar-based linguistics: some necessary clarifications. *Studies in Language*, 36:477-510.
- Gries, S.Th. & Stefanowitsch, A. 2004. Extending Collostructional Analysis: A corpus-based perspective on “alternations”. *International Journal of Corpus Linguistics*, 9:97-129.
- Hilpert, M. 2008. *Germanic Future Constructions. A usage-based approach to language change*. Amsterdam: John Benjamins.
- Jensen, T.J. & Christensen, T.K. 2013. Promoting the demoted: The distribution and semantics of “main clause word order” in spoken Danish complement clauses *Lingua* 137:38-58.
- Kruger, H. & Van Rooy, B. 2015. Finite declarative complement clauses: Construction forms. *Taalportaal*. <http://www.taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic-14295917758711433> (geraadpleeg op 21/12/2015).
- Malherbe, G.H. 1966. *Die gebruik van “dat” as verbindingswoord in Afrikaans*. Ongepubliseerde MA verhandeling. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: JL van Schaik.
- Scott, M. 2012. WordSmith Tools version 6. Stroud: Lexical Analysis Software.
- Stefanowitsch, A. & Gries, S.Th. 2003. Collostructions: Investigating the interaction between words and constructions. *International Journal of Corpus Linguistics*, 8:209-243.
- Stefanowitsch, A. & Gries, S.Th. 2005. Covarying collexemes. *Corpus Linguistics and Linguistic Theory*, 1:1-43.
- Stefanowitsch, A. 2013. Collostructional analysis. In Hoffmann & Trousdale (eds). *The Oxford handbook of construction grammar*. Oxford: Oxford University Press, pp. 290-306.
- Stell, G. 2011. *Ethnicity and language variation: Grammar and code-switching in the Afrikaans speech community*. Frankfurt: Peter Lang.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2011. Taalkommissiekorpus 1.1. Noordwes-Universiteit: CText.
- Thompson, S.A. & Mulac, A. 1991. The discourse conditions for the use of the complementizer *that* in conversational English. *Journal of Pragmatics*, 15(3):237-251.
- Torres Cacoullos, R. & Walker, J.A. 2009. On the persistence of grammar in discourse formulas: A variationist study of *that*. *Linguistics*, 47(1):1-43.
- Van Rooy, B. & Kruger, H. 2016. Faktore wat die weglating van die Afrikaanse onderskiker *dat* bepaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):102-116.
- Verhagen, A. 2005. *Constructions of intersubjectivity: Discourse, syntax and cognition*. Oxford: Oxford University Press.
- Wasow, Th. & Arnold, J. 2003. Post-verbal constituent ordering in English. In Rohdenburg & Mondorf (eds). *Determinants of grammatical variation in English*. Berlin: Mouton De Gruyter, pp. 119-154.
- Wasow, Th., Jaeger, T.F. & Orr, D. 2011. Lexical variation in relativizer frequency. In Simon & Wiese (eds). *Expecting the unexpected: Exceptions in grammar*. Berlin: Mouton De Gruyter, pp. 175-195.
- Wulff, S., Lester, N. & Martinez-Garcia, M.T. 2014. *That*-variation in German and Spanish L2 English. *Language and Cognition*, 6(2):271-299.

APPENDIX A: Overzicht van de geobserveerde frekwensies voor de 180 testwerkwoorde, met het aandeel van de *dat*-bijzin in het totaal

werkwoord	#dat	#sko	%dat	werkwoord	#dat	#sko	%dat	werkwoord	#dat	#sko	%dat
aanbeveel	132	5	96	herbeklemtoon	0	0	-	spekuleer	0	0	-
aandring	103	0	100	herbevestig	1	0	100	stamel	0	0	-
aandui	202	51	80	herhaal	10	5	67	stateer	0	0	-
aankondig	335	89	79	herinner	11	0	100	stel	46	15	75
aanneem	18	24	43	hoop	207	414	33	stipuleer	3	0	100
aansê	3	1	75	hoor	117	137	46	sweer	2	10	17
aanstip	0	0	-	inhou	3	0	100	te kenne gee	74	19	80
aanvaar	176	14	93	inlig	79	10	89	teekap	0	0	-
afkondig	0	0	-	insien	9	1	90	teoretiseer	0	0	-
aframmel	0	0	-	insinueer	3	0	100	terugkap	0	0	-
afspreek	0	0	-	keer	121	0	100	terugskryf	0	0	-
agiteer	0	0	-	kerm	0	0	-	toelaat	161	0	100
agterkom	52	56	48	kla	64	13	83	toesien	115	1	99
antisipeer	0	0	-	konkludeer	0	0	-	toesnou	3	0	100
argumenteer	15	2	88	konstateer	2	0	100	toon	294	70	81
baklei	1	0	100	laat weet	46	42	52	uitbasuin	1	0	100
beaam	8	0	100	leer	46	10	82	uitblaker	0	0	-
bedoel	13	4	76	lees	23	6	79	uitspreek	3	0	100
begryp	6	2	75	meebring	188	1	99	uitvind	14	12	54
behels	30	0	100	meedeel	70	12	85	verbeel	4	11	27
beken	9	2	82	meen	255	1685	13	verdra	1	0	100
bekendmaak	141	45	76	meld	36	3	92	verduidelik	125	14	90
beklemtoon	150	16	90	mompel	0	0	-	vergeet	31	6	84
beloof/belowe	41	25	62	mor	1	0	100	verhoed	49	1	98
bemerk	2	0	100	neul	0	0	-	verifieer	0	0	-
benadruk	101	26	80	noem	63	2	97	verklaar	60	6	91
bepaal	136	18	88	ontdek	17	14	55	verkondig	9	0	100
bepleit	1	0	100	ontgaan	0	0	-	verlang	2	0	100
bereik	0	0	-	onthou	121	52	70	vermaan	0	0	-
berig	164	171	49	onthul	23	8	74	vermoed	65	98	40
besef	323	300	52	ontken	296	24	93	verneem	117	69	63
beskuldig	200	1	100	oordeel	4	0	100	veroorzaak	201	0	100
beslis	72	55	57	ooreenkom	27	3	90	verordineer	0	0	-
besluit	139	114	55	oortuig	163	63	72	verseker	439	67	87
bespiegel	41	4	91	oppas	3	0	100	versoek	109	0	100
beteken	708	237	75	paai	0	0	-	verstaan	56	19	75
betreur	4	0	100	postuleer	0	0	-	verswyg	3	0	100
beveel	29	1	97	prewel	1	0	100	vertel	187	153	55
bevestig	412	131	76	proe	0	1	0	vertrou	30	13	70
bevind	235	82	74	profeteer	0	0	-	verwag	510	79	87
beweer	220	328	40	proklameer	0	0	-	verwittig	6	1	86
bewys	334	81	80	propageer	2	0	100	verwyty	4	0	100

APPENDIX A: Overzicht van de geobserveerde frekwenties voor de 180 testwerkwoorden, met het aandeel van de *dat*-bijzin in het totaal (*vervolg*)

werkwoord	#dat	#sko	%dat	werkwoord	#dat	#sko	%dat	werkwoord	#dat	#sko	%dat
bieg	8	4	67	protesteer	0	0	-	vind	89	18	83
bluf	1	0	100	raai	7	5	58	voel	150	259	37
bydra	49	0	100	raaklees	0	0	-	voorgee	25	14	64
byvoeg	204	73	74	reken	29	83	26	voorkom	88	0	100
deklameer	0	0	-	rondvertel	0	0	-	voorsien	65	1	98
deursein	0	0	-	saamstem	103	16	87	voorspel	94	20	82
dikteer	0	0	-	sê	476	8564	5	voorstel	135	13	91
dink	133	1213	10	sien	117	138	46	vra	301	17	95
droom	5	8	38	sinspeel	28	0	100	vrees	76	25	75
eis	105	1	99	skat	12	12	50	waarborg	9	0	100
erken	263	214	55	skel	0	0	-	waarsku	330	114	74
fantaseer	0	0	-	skerts	7	0	100	wed	6	1	86
fluister	4	3	57	skimp	3	1	75	weet	305	535	36
getuig	91	97	48	skryf	41	23	64	wegneem	4	0	100
gewaar	0	0	-	smeek	2	2	50	wens	15	45	25
gis	10	1	91	snap	0	0	-	wil hê	32	135	19
glo	338	934	27	soebat	0	0	-	wink	0	0	-
help	28	0	100	sorg	294	5	98	wys	620	219	74

APPENDIX B: Volledige lijst van alle distinctiewe ($p < .05$) *dat*-collexemen

sorg, veroorsaak, beskuldig, vra, meebring, toelaat, verwag, ontken, verseker, keer, versoek, toesien, aandrang, aanbeveel, eis, aanvaar, voorkom, beklemtoon, voorstel, voorsien, verduidelik, bewys, bepaal, noem, bydra, toon, aankondig, verhoed, beteken, saamstem, inlig, bevestig, aandui, verklaar, behels, wys, sinspeel, help, beveel, meedeel, vind, bespiegel, voorspel, meld, waarsku, kla, benadruk, ooreenkom, bevind, te kenne gee, bekendmaak, leer, byvoeg, herinner, vergeet, waarborg, verkondig, beaam, argumenteer

Neoliberalisme, “Imperium” en Globale Geweld

Neoliberalism, “Empire” and Global Violence

BERT OLIVIER

Departement Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

E-pos: OlivierG1@ufs.ac.za



Bert Olivier

BERT OLIVIER is ’n Senior Navorsingsgenoot in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika, asook ’n Adjunk-professor in die Skool vir Opvoeding aan die Universiteit van KwaZulu-Natal in Suid-Afrika. Sy werk is interdisiplinêr en hy het artikels en boeke oor ’n breë verskeidenheid dissiplines soos filosofie, letterkunde, psigoanalise, sosiale teorie, argitektuur- en filmtorie gepubliseer. In 2004 is die Stalsprys vir Filosofie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Bert toegeken, terwyl die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in 2012 ’n Uitsonderlike Professorskap aan hom toegeken het.

BERT OLIVIER is a Senior Research Fellow of Philosophy, at the University of the Free State, South Africa and an Associate Professor in the School of Education at the University of KwaZulu-Natal in South Africa. His work is interdisciplinary; he has published articles and books in a variety of disciplines, such as philosophy, literature, psychoanalysis, social theory and architecture and film theory. He was awarded the Stals prize for Philosophy by the South African Academy for Science and Arts in 2004; while receiving an extraordinary professorship from the Nelson Mandela Metropolitan University in 2012.

ABSTRACT

Neoliberalism, “Empire” and global violence

The present is a time of endless, albeit sporadic violence or armed conflict globally. This is abundantly evident in news programmes on international television channels such as CNN, Sky News or Al Jazeera, as well as in newspapers. Such armed conflict, whether as part of “the war on terror”, or between government forces and rebels challenging such governments in different parts of the world (for example in Syria), is happening under the regime of the currently hegemonic economic order; namely neoliberal capitalism, where political power and economic power are increasingly fused into what Hardt and Negri (2001:9) describe as “a properly capitalist order”. No doubt representatives of the world’s dominant states would justify such (particularly military) violence as being necessitated by the requirements for global peacekeeping, or by “terrorist” attempts to undermine the “forces of law and order”. The fact remains, however, that military action, even if conceived of, according to Hardt and Negri in Empire, as international “policing”, is invariably accompanied by violent conflict. What would a comparative historical investigation into this state of affairs bring to light, and if understood as “aggressive” acts, would the violence

uncovered by such an account lend itself to a psychoanalytic-theoretical interpretation in terms of “aggressivity” as condition of the possibility of aggression? An attempt to answer these questions in an exploratory manner is undertaken here. In light of the military character of global armed conflict today, one might ask whether “war” still means the same thing as in former eras, for example during the time of the two World Wars of the 20th century. Hardt and Negri’s work in this regard is instructive – they call the present the age of “Empire”, which means the emergence of a novel, supranational force at various levels, including the political, juridical, technological, economic and cultural. In *Multitude – War and Democracy in the Age of Empire* (2006), the sequel to *Empire* (2001), they elaborate on the changed meaning of war in the present age, compared to what it meant in the modern age (namely, legal and “legitimate” state violence), to the point where it “tends toward the absolute” (2006:18) in the sense that it has become the rule, rather than the exception. They claim that this global condition has to be addressed first, before a global democracy can be conceived at all. The Thirty-Years (German-European) War of the 17th century is seen by them as marking the transition from a medieval conception of war to a distinctly modern concept, which introduces the notion of the sovereign nation state. For them, the attacks on the Pentagon and on the World Trade Centre in New York on September 11, 2001, on the other hand, marked the symbolic transition from a modern to a postmodern notion of war. While warfare in the modern era was conceived of as a matter of armed struggle between two or more sovereign nation states, and was known as “conventional warfare” (Hardt & Negri 2006:3-6), the idea of civil war applied where intra-national, armed conflict erupted. Today, however, Hardt and Negri (2006:12-14) claim, war is no longer what it was in modern terms. There is no longer clearly recognizable differences between the role of the military and police functions, with the result that one increasingly witnesses military personnel executing “police” missions aimed at “keeping the peace” in global political space. In other words, they assert, modern warfare between sovereign states is no longer the reigning paradigm; war has become a pervasive condition in the postmodern era of globalization, and it has increasingly assumed the guise of global civil war, if the latter means military, armed conflict between different groups within the “same” (previously sovereign national, but now increasingly sovereign, inter- and even supra-national, neoliberal, globalised) space. Given the crucial role played by images – including images of violence – in the distinctive media-oriented or “informatised” character of contemporary society (Hardt & Negri 2001:280-289; 297-300; 322-323), Lacanian psychoanalysis presents itself as an appropriate theory for understanding global violence. In Lacanian terms, images play a crucial role regarding aggressivity, which is the condition of the possibility of violence or actual aggression (Evans 1996:534). Lacan’s early work on the family complexes (Lee 1990:13-17), the mirror stage and on aggressivity (Lacan 1977 and 1977a) therefore proves to be helpful in making sense of the conditions of pervasive, image-related violence in global neoliberal space today. Aggressivity towards others is in the first place aggressivity towards oneself in the guise of the misleadingly unified (mirror-) image, ambivalently experienced as being oneself and as being “other” simultaneously (Olivier 2009). This “otherness” is transferred to other individuals (or collectively, the “image” of other nations or groups) in various social relations, and forms the basis for rivalry and aggressivity as the condition of violence. Seen through the lens of Lacan’s theory of imaginary identification and aggressivity, the attacks of September 11, 2001, on the World Trade Center and the Pentagon in the United States display the same pattern of identification with an (ideological) image of spurious unity, which simultaneously attracts and alienates, concomitantly engendering aggressive rivalry with the “other” in oneself as well as in others. A closer psychoanalytical look at 9/11, the event referred to by Hardt and Negri as marking a symbolic transition between “modern” war and “postmodern” war, and one in which images in global media space played a crucial role, yields interesting insights, therefore, particularly when

combined with Derrida's (2003) analysis of the event. He shows that a network of mutually reinforcing agencies, including the media, technoscience, as well as military, economic and diplomatic institutions, produced what subsequently became known as 9/11. This incident first became visible as "event" in its constituent mediated forms after having been beamed through the "prism" of language, dominant discourses, images, media and communication channels. Hence the name, 9/11, within which the image of the imploding towers has been inscribed, has become a site of identification in globalized space, dominated by the forces of Empire. The logic of identification and rivalry, accompanied by aggressivity, is inseparable from such an identification process in light of what the image signifies, and one can therefore conclude that such rivalry and aggression, or violence (engendered by latent aggressivity) is playing itself out globally between the forces of Empire and those agencies that oppose them. David Pavón-Cuéllar's (2010:284-285) Lacanian discourse-analytical perspective helps one understand this as "symbolic" (as opposed to directly "physical") violence insofar as discourse must, of necessity, "kill" the real being of subjects. (Recall that, for Lacan, the signifier always "kills" the "real", or that which surpasses symbolisation.) Hence, in addition to the people who died in the collapse of the twin towers, at the level of the Lacanian "real", the subjects who have articulated their resistance to the hegemony of the capitalist states comprising Empire (not only in language, but through the work and suffering of their bodies), are repeatedly "killed" by the master's discourse emanating from the reactionary reassertion of global power in the wake of 9/11.

KEY WORDS: 9/11, aggressivity, capitalism, discourse, Empire, identification, media, neoliberalism, politics, violence

TREFWOORDE: 9/11, aggressiwiteit, diskoers, geweld, identifisering, kapitalisme, Imperium, media, neoliberalisme, politiek

OPSOMMING

Die huidige tyd is een van eindelose, ofskoon sporadiese, gewapende globale geweld, soos duidelik uit internasionale nuusberigte in die media blyk. Sodanige geweld, hetsy as deel van die "oorlog teen terreur", of tussen regeringsmagte en rebellemagte in verskeie wêrelddele, vind onder die huidige hegemonesie orde van neoliberale kapitalisme plaas, waar ekonomiese en politieke mag saamsmelt tot wat Hardt en Negri die "kapitalistiese orde" van "Imperium" noem. Binne laasgenoemde orde word militêre handeling toenemend volgens hierdie denkers as "polisiering" verstaan, ofskoon dit gewoonlik met gewelddadige konflik gepaardgaan. Ter beantwoording van die vraag, of "oorlog" vandag nog dieselfde betekenis dra as in vroeër tye, onderneem die artikel 'n vergelykende historiese ondersoek van hierdie toedrag van sake, en poog vervolgens om die vraag te beantwoord, naamlik, hoe sodanige globale geweld aan die hand van die psigoanalities-teoretiese begrip van "aggressiwiteit" as moontlikheidsvoorwaarde van aggressie of geweld verstaan kan word. Lacan se teorie van die subjek, asook sy diskoersteorie, word saam met Derrida se interpretasie van die gebeurtenis van 9/11 benut om die voorgestelde interpretasie uit te voer.

DIE VERANDERDE (EN VERANDERENDE) BETEKENIS VAN "OORLOG"

Die geringste nadenke oor nuusberigte wat feitlik daagliks in koerante en ander media verskyn, bring aan die lig dat 'n mens tans in 'n tyd van haas-ononderbroke gewapende konflik wêreldwyd leef, wat volgens Hardt en Negri (2006:3-32) ook as 'n toestand van onophoudelike "oorlog" beskryf kan word. Hulle verwys na die huidige era as die era van "Imperium", oftewel die verskyning van 'n nuwe, supra-nasionale, soewereine mag op verskillende vlakke, insluitend die ekonomiese, politieke, kulturele, tegnologiese en juridiese. In *Multitude – War and Democracy in the Age of Empire* (2006),

wat op *Empire* (2001) gevolg het, argumenteer hulle dat wat hulle “multitude” (die “menigte”) noem, as die kollektiewe subjek beskou mag word wat die steeds-uitbreidende magsbestel van Imperium opponeer en ondermyn (2006:99-102; Olivier 2007a). Met die begrip “menigte” verwys hulle na alle mense wêreldwyd wat in weerwil van individuele, kulturele, geslags- en rasse-verskille, die opposisie teen Imperium met mekaar gemeen het. Hulle brei ook in hierdie konteks uit op die betekenisverandering wat “oorlog” vanweë die totstandkoming van Imperium en sy teenhanger, die “menigte”, in die huidige era ondergaan het. Hierdie betekeniswisseling oorskry wat oorlog in die moderne era beteken het, te wete “legitieme” (regverdigbaar aan die hand van staatsoewereiniteit) of wettige (in ooreenstemming met internasionale reg) staatsgeweld, en neig volgens hulle in die rigting van die “absolute” (2006:18) vir sover dit vandag die reël eerder as die uitsondering is. Volgens Hardt en Negri (2006:xi-xii) is dit noodsaaklik om *eers* aan hierdie toestand van globale oorlog aandag te skenk voordat die moontlikheid van ’n globale demokrasie hoegenaamd denkbaar sou wees, aangesien die onophoudelikheid van gewelddadige konflik demokratiese praktyk onmoontlik maak.

Voorts sien hulle die Dertigjarige (Duits-Europese) Oorlog van die 17de eeu as simptome van die oorgang van ’n middeleeuse opvatting van oorlog na ’n wesenlik moderne begrip daarvan, wat aan die idee van ’n soewereine nasiestaat gekoppel is. Hulle argumenteer verder dat, meer onlangs, die aanvalle op die Pentagon en die Wêreldhandelsentrum in die VSA op 11 September 2001 die simboliese oorgang, op sy beurt, van ’n moderne na ’n postmoderne oorlogsopvatting verteenwoordig. In die eg-moderne era is daar aan oorlog gedink as gewapende, militêre konflik tussen twee of meer soewereine nasiestate. Clausewitz se bekende opmerking, dat oorlog politiek is wat met ander middele bedryf word, moet vir Hardt en Negri (2006: 6) in hierdie verband verstaan word. Vir Clausewitz in die vroeë 19de eeu was politiek volgens hulle iets wat interstaatlik, tussen soewereine state, bedryf is en nie iets wat intern of binne ’n staat of land gebeur nie – ’n opvatting wat op die fundamentele politieke onderskeid tussen “vriend en vyand” berus (Hardt & Negri 2006:6). Wanneer inter-nasionale “politiek” somtyds dus nie voldoende was om vreedsame verhoudinge tussen nasies te handhaaf nie, kon en het hulle oorlog teen mekaar verklaar. Dit is wat bekend staan as “konvensionele oorlogvoering” (Hardt & Negri 2006:3-6).

Terselfdertyd was die begrip van burgeroorlog van toepassing op gevalle waar ’n soewereine heerser of ’n parlementêre instelling nie daarin kon slaag om ’n staat se interne verskille en konflikte aan die hand van vreedsame middele op te los nie (Hardt & Negri 2006:3, 6), met die gevolg dat intra-nasionale gewapende konflik uitbreek het. Die verskil tussen inter-nasionale oorlog en intra-nasionale burgeroorlog was dus duidelik, al was dit die geval dat die een soms tot die ander oorgegaan het. Verder was inter-nasionale oorlog onderworpe aan internasionale reg. Gepaardgaande hiermee was die onderskeid tussen intra-nasionale polisie-optrede en eksterne militêre handeling kenmerkend van die moderne era, of – wanneer hierdie onderskeid steeds geld – waar ’n moderne denkwysie nog bestaan.

Vandag, beweer Hardt en Negri (2006:12-14), is oorlog nie meer wat dit in moderne terme was nie. In plaas van ’n duidelik-herkenbare onderskeiding tussen polisie-funksies (wat in moderne terme binne die grense van ’n staat beperk was) en die rol van militêre personeel (wat geaktiveer is in konflik tussen moderne soewereine state) is hierdie onderskeid nie langer afdoende houdbaar nie, sodat daar toenemend sprake is van militêre eenhede wat “polisie-sendinge” uitvoer wat daarop gerig is om “die vrede” in globale politieke ruimte te bewaar. Dit geld vir die vele gevalle waar die Verenigde Nasies se vredesmagte, asook soms militêre magte van spesifieke nasies, byvoorbeeld Frankryk, gestuur word om by nasionale konflikte in te gryp – soos in die geval van die volksmoord in Rwanda gedurende die 1990s. Die voorbladartikel sowel as twee ander aanverwante artikels in ’n onlangse uitgawe van die tydskrif TIME (Von Drehle 2015) stel die vraag, of Amerika in the ISIS (Islamitiese Staat) konflik wat dwarsoor landsgrense in die Midde-Ooste woed, behoort in te gryp

– iets wat klaarblyklik Hardt en Negri se argument ondersteun, dat moderne oorlogvoering tussen soewereine state nie langer die heersende paradigma is nie.

Dit is dus geensins verbasend dat oorlog ’n alomteenwoordige verskynsel in die postmoderne era van globalisering geword het nie, waar die postmoderne verwerping van alle legitimerende “meta-narratiewe” (Lyotard 1984:xxiii-xxiv), insluitend die moderne ideologiese identifisering met die een of ander nasiestaat, hand aan hand gaan met die globale verval van grense op verskeie vlakke, insluitend die ekonomiese, kulturele, sosiale en politieke (Steger 2003:37, 56, 61, 69). Wat Hardt en Negri (2001:xi-xvi) Imperium noem, is die verskyning van ’n supra-nasionale, toenemend soewereine, gedesentreerde magskompleks wat enersyds kapitaliseer op die kwyning van die nasiestaat as lokus van soewereine mag en andersyds bogenoemde aspekte van globalisering benut ten einde mag op bogenoemde verskeidenheid van (ineengestremgelde) vlakke te konsolideer. Daarby vertoon dit toenemend die gedaante van globale burgeroorlog, indien ’n mens onder “burgeroorlog” gewapende militêre konflik tussen verskillende groepe binne “dieselfde” (voorheen soewereine nasionale, maar nou internasionale) ruimte verstaan. Hardt en Negri som hierdie toedrag van sake soos volg op (2006:3-4; my vertaling):

Oorlog is besig om ’n algemene fenomeen te word, globaal en nimmereindigend... Daar is vandag ontelbare gewapende konflikte dwarsoor die wêreld, sommige daarvan kortstondig en beperk tot ’n spesifieke plek, ander langdurig en uitgebreid. Hierdie konflikte behoort nie as gevalle van oorlog beskou te word nie, maar eerder as *burgeroorlog*. Terwyl oorlog, soos tradisioneel bepaal in internasionale reg, op gewapende konflik tussen soewereine politieke entiteite neerkom, is burgeroorlog gewapende konflik tussen soewereine en/of nie-soewereine opponente *binne ’n enkele soewereine gebied*. Hierdie burgeroorlog moet tans nie binne die nasionale ruimte begryp word nie, aangesien dit nie langer die effektiewe eenheid van soewereiniteit is nie, maar dwarsoor die globale terrein. Die raamwerk van internasionale reg met betrekking tot oorlog is [hierdeur] ondermyn. Vanuit hierdie perspektief behoort al die huidige gewapende worstelinge in die wêreld... as imperiale burgeroorloë beskou te word, selfs wanneer state daarby betrokke is.

Bostaande stelling moet teen die agtergrond van hul vroeëre werk, *Empire* (2001; waarna hierbo verwys is), gesien word, waar hulle die verskyning van ’n nuwe, supra-nasionale (trans-nasionale asook -internasionale) soort soewereiniteit – waarvan die Verenigde Volke as ’n internasionale oorgangsfase beskou kan word – op verskeie vlakke identifiseer, naamlik die ekonomiese, politiese, juridiese en kulturele. Ten einde te begryp wat in hierdie nuwe era van ononderbroke, brutale globale oorlog op die spel is, benut Hardt en Negri (2006:7-9) die idee van ’n tweeledige “staat (toestand) van uitsondering”. Die *eerste* uitsondering is Germaans, afgelei van die vroeg-moderne poging (dink aan die Engelse burgeroorloë en die Dertigjarige Oorlog in Duitsland) om burgerlike konflik te beëindig deur oorlog tot iets te relegier wat onder “uitsonderlike” toestande voorkom; nie binne landsgrense nie maar by wyse van uitsondering op die grens(e) tussen soewereine state.

Onder hierdie uitsonderlik-moderne toestande is oorlog verstaan as ’n “beperkte toestand van uitsondering” (Hardt & Negri 2006:6), ’n opvatting wat tans nie langer lewensvatbaar is nie vanweë die vermenigvuldiging van “globale burgeroorloë” (2006:7), waarvan die uitbreek hand aan hand gaan met die tanende soewereiniteit van nasiestate. Maar in plaas daarvan dat hierdie afname van nasionale soewereiniteit die weg voorberei op Kant se 18de-eeuse droom van “nimmereindigende vrede” onder ’n Volkerebond, is juis die teenoorgestelde besig om te gebeur, soos die volgende opmerking aantoon (Hardt & Negri 2006:7; my vertaling; kursief in oorspronklike):

Vandag egter, in plaas van om ter vervulling van hierdie droom in die rigting van vrede te beweeg, kom dit voor asof ons teruggelanseer is in die tyd na die nagmerrie van ’n

onophoudelike en onbepaalde toestand van oorlog waardeur die internasionale wetsorde opgehef word, sonder enige duidelike onderskeid tussen die handhawing van vrede en oorlogshandelinge...*Die toestand van uitsondering het permanent en algemeen geword*; die uitsondering het die reël geword, en deurdring sowel buitelandse betrekkinge as die tuisland.

Indien 'n mens aan die akkuraatheid van hierdie opmerking sou twyfel, kan jy slegs maar aan die globale bereik en implementering van afstandbeheerde vliegtuig-oorlogvoering (“drone warfare”) in vreemde lande deur die Verenigde State oor die afgelope paar jaar dink, in weerwil van die feit dat sodanige praktyk in stryd is met die internasionale reg. Daar is egter 'n tweede betekenis van die “toestand van uitsondering” (Hardt & Negri 2006:8-10). Waar die eerste betekenis die tydelike opheffing van die staat se konstitusie of grondwet meebring, wat gepaardgaan met die toeëiening van besondere staatsmagte ten einde 'n uitwendige bedreiging die hoof te bied, begin die tweede, belangriker betekenis van die “uitsonderingstoestand” juis daar, waar die “uitsondering” vandag nie langer op 'n uitwendige bedreiging betrekking het nie (aangesien die onderskeid “uitwendig” en “inwendig” nie vandag meer houdbaar is nie; soos Hardt en Negri uitwys, is globale ruimte as sodanig vandag deurspek met bedreigings van uiteenlopende aard), en bowendien ook nie meer bloot tydelik is nie.

Hierdie veranderde situasie is veral van toepassing op die *tweede* uitsondering, wat Hardt en Negri Amerikaanse “eksepsionalisme” (“exceptionalism”) noem, en weereens in 'n tweekledige sin: eerstens in die etiese betekenis, dat Amerika daarop aanspraak maak om 'n globale uitsondering te wees wat “Republikeinse deug” (die idee dat geen regeerder of regering bo die wet verhef is nie; 2006:9) betref vir sover dit wêreldleiding gee as voorstander van menseregte en demokrasie. Tweedens, en nog meer betekenisvol, maak die Verenigde State daarop aanspraak dat dit (by wyse van uitsondering) van internasionale reg vrygestel moet word. Volgens hulle blyk dit uit die tendens dat die VSA sigself toenemend van internasionaal-bindende ooreenkomste en verdrae onthef, waar sodanige ooreenkomste ten opsigte van die natuurlike omgewing, asook (ironies) menseregte, aan internasionale hof-jurisdiksie onderworpe is. In die praktyk beteken dit dat die Amerikaanse militêre magte nie volgens die reëls wat vir ander lande geld hoef op te tree nie. In die lig van die getuienis wat Hardt en Negri (2006:36-95; 231-240; 268-288) ter ondersteuning van hul argument voorsien, is dit duidelik dat die tydgenootlike samelewing vasgevang is in die greep van volgehoue, deurdringende en gewelddadige globale konflik, insluitend die weerstand daarteen – byvoorbeeld die weerstand teen die Amerikaanse inval in Irak (2003), of selfs die weerstand van betogers in Seattle (in 1999) teen die globale ekonomiese sisteem (Hardt & Negri 2006:67, 268-288). Hierdie weergawe van die deurdringende toestand van wêreldwye geweld is noodwendig uiters beknopt, en laat dus nie reg geskied aan die volle omvang daarvan nie. 'n Mens moet dieper peil vir 'n beter begrip, nie alleen van die fisiese geweld wat die nimmereindigende “polisiëring” van samelewings wêreldwyd in die neo-imperiale ruimte wat deur Hardt en Negri (2001, 2006) beskryf word vergesel nie, maar ook van die geweld wat reeds in die tussenruimtes van die samelewing voorkom, byvoorbeeld polisie-geweld ter ondersteuning van administratiewe en politieke beheer, asook ekonomiese geweld wat met die toenemende globale verarming van werkers gepaardgaan (Hardt & Negri 2006:239, 277-282). (In hierdie opsig is die werk van sowel Foucault [1980, 1995] as van Agamben [1998] onontbeerlik, maar kan vanweë beperkte ruimte nie tans deurgrondelik onder die loep gebring word nie.)

In Naomi Klein se onlangse boek, *This Changes Everything* (2014:8), is die prognose ten opsigte van voortgesette geweld van die aard wat hier kortliks beskryf is, alles behalwe gerusstellend. Sy wys daarop dat, met die koms van “mensgemaakte” klimaatsverandering (Foster et al. 2010:11-15) – waarvan die mees opvallende manifestasie globale verwarming is – die ryk nasies van die wêreld hulself reeds daarop voorberei om wins te maak uit “uiterste klimaatgebeurtenisse” (“extreme climate events”), soos byvoorbeeld storms (waaronder orkane, siklone en tifone). Te oordeel aan

die krag van onlangse storms van hierdie aard sal laasgenoemde waarskynlik dermate vernietigend wees dat (veral swakker) regerings nie in staat sal wees om ontwrigte, getraumatiseerde bevolkings te beheer nie, met die gevolg dat hulle die ondersteuning van para-militêre huur-magte sal benodig – teen ’n prys, natuurlik. Die sinisme wat onderliggend is aan sodanige “voorbereidings” spreek vanself, en beloop niks goeds vir ’n toekoms waar nasies verkieslik solidariteit sal moet handhaaf in die aangesig van uiterste weersomstandighede nie.

IDENTIFISERING EN AGGRESSIWITEIT

Ofskoon die geweld wat hier ter sprake is van globale omvang is, affekteer dit die lewens van individuele subjekte in die globale ruimte wat deur media en inligtingsnetwerke deurtrek is en daaraan die karakter van “informatisering” (“informatisation”) verleen (Hardt & Negri 2001:280-289; 297-300; 322-323). Dit is van deurslaggewende belang om, ten einde sodanige geweld in psigoanalitiese terme te verstaan, te onthou dat beelde in konstante sirkulasie is in hierdie globale ruimte (waaraan later meer aandag geskenk word), asook dat beelde ’n fundamentele rol speel vir die verstaan van aggressiwiteit en geweld in psigoanalitiese terme. Bowendien is hierdie begrippe nie sinoniem nie – aggressiwiteit in die Lacaniaanse sin is die voorwaarde vir die moontlikheid van aggressie of geweld (Evans 1996:534). Omdat Lacan ’n verband lê tussen die menslike subjek (vanaf die ouderdom van ’n suigeling), beelde, identifisering en aggressiwiteit is sy vroeë werk oor die gesinskomplekse (Lee 1990:13-17), die spieël stadium en oor aggressiwiteit (Lacan 1977 en 1977a) van besondere belang.¹ In beknopte terme kan beweer word dat ’n mens in hierdie werke leer dat aggressiwiteit teenoor ander mense in die eerste plek aggressiwiteit teenoor (’n beeld van) *jouself* is. Met ander woorde, die aggressiwiteit het betrekking op jou “eie” spieëlbeeld wat jy as kind op ambivalente wyse, omdat jy daarmee identifiseer, tegelykertyd as “jouself” en as “vreemd” ervaar (Lacan 1977; Olivier 2009), met die gevolg dat ’n mens in ’n verhouding van mededinging of wedywering daarmee tree vanweë die feit dat dit vreemd of “anders” voorkom. Hierdie “andersheid” word vervolgens oorgedra op ander individue wanneer die kind hulle in uiteenlopende sosiale verhoudings teëkom, sodat dit die grond uitmaak vir wedywering met, en vir aggressiwiteit as moontlikheidsvoorwaarde vir geweld of aggressie teenoor hulle, asook teenoor ander individue later in die kind se lewe. Soos later aangetoon sal word, kan die huidige toestand van onophoudelike “oorlog” in globale ruimte aan die hand van ’n spesifieke soort beeld-identifisering en gepaardgaande aggressiwiteit verstaan word. Soos alle latere identifiserings, is dit per slot van sake gebaseer op die “primordiale” ervaring van die individuele subjek se identifisering met en die gepaardgaande aggressiwiteit teenoor sy of haar ambivalente spieëlbeeld.

Lacan se twee vroeë artikels oor “gesinskomplekse” (geskryf vir Vol. 8 van die *Encyclopédie française* van 1938) formuleer die formele voorwaardes vir narcisme en aggressiwiteit. In die eerste van hierdie twee artikels – “Die kompleks as konkrete faktor in gesinspsigologie” – onderskei Lacan tussen drie sogenaamde “imagoes”² wat, as fundamentele gesinstrukture, die gedrag van individue organiseer (Lee 1990: 14). Elkeen van hierdie “imagoes” – die moederlike (“maternal”), broederlike (“fraternal”) en vaderlike (“paternal”); waaraan nie hier aandag geskenk sal word nie)

¹ Al het die hersiene, gepubliseerde weergawe van “Die Spieël stadium” (in 1949) later as die werk oor die gesinskomplekse verskyn, is die eerste weergawe daarvan reeds vroeër in 1936 geskryf (Lee 1990:13-17; 25).

² Die term “imago” mag vreemd voorkom vir diegene wat weet dat dit in entomologie na die volwasse vorm van ’n insek verwys. Dit is egter nie toevallig nie; Lacan het dit juis van entomologie oorgeneem om na die liggaamlike vorm waarheen die suigeling “onderweg is”, te verwys. Carl Jung praat ook van moederlike, broederlike en vaderlike imagoes (Evans 1996: 85-86).

– is die onbewuste beliggaming van ’n gesinskompleks wat “’n bepaalde werklikheid van die omgewing reproduseer” (aangehaal in Lee 1990:14; my vertaling). Van die drie “imagoes” is die “moederlike imago” die belangrikste wat die huidige tema van geweld betref. Dit hou verband met die kind se “speenkompleks” en verteenwoordig die “kongenitale tekort” wat blyk uit die suigeling se afhanklikheid van die moeder se bors as bron van bevrediging van sy of haar liggaamlike behoeftes (Lee 1990:14). Dit is veral die strukturende funksie van die “moederlike imago” wat hier betekenisvol is. Lacan help ’n mens om dit te begryp as die moontlikheidsgrond van al die (fundamenteel ideologiese) strewinge na ’n *plenum* (volheid) van die een of ander aard, hetsy religieus, filosofies (metafisies) of polities, vir sover dit ’n aanduiding is van die onuitwisbare “tekort” by die subjek ten opsigte van watter totaliteit dit ook al mag begeer (waaragter die veronderstelde “reële” genieting van die moederlike bors skuil; Lee 1990:14). In Lacan se woorde (aangehaal in Lee 1990:14; my vertaling):

Indien die mees abstrakte vorm gedefinieer moes word waar ’n mens dit weer teëkom, sou jy dit as volg kon karakteriseer: ’n volmaakte assimilering van die totaliteit van syn. In hierdie formulering, ietwat filosofies gesien, kan ’n mens die volgende nostalgieë van die mensdom herken: die metafisiese hersenskim van universele harmonie, die mistiese afgrond van affektiewe samesmelting, die sosiale utopie van ’n totalitariese voogdyskap, en elke uitbarsting van die obsessie met ’n voorgeboortelik-verlore paradys of van die mees obskure aspirasie tot die dood.

Dit is nie moeilik om ’n verband tussen wat Lacan (1977:2-4) die “ortopediese” funksie van die spieëlfase noem – vanweë die verskille tussen die kind se liggaamlike lomphed en die begeerlike eenheid van haar of sy spieëlbeeld – en die “moederlike imago” in terme van die *plenum* wat beide verteenwoordig te bespeur nie, al is dit so dat laasgenoemde op die vlak van die “reële” funksioneer, en nie van die “imaginêre”, soos die spieëlbeeld nie. Anders gestel funksioneer die oënskynlike geheelkarakter en “eenheid” van die kind se spieëlbeeld, in kontras met sy of haar beleefde lomphed en liggaamlike onsamehangendheid, op dieselfde wyse as die moederlike imago, wat eweneens (op ’n vroeër stadium) aan die suigeling die ervaring van volheid of “heelheid” besorg. Eersgenoemde speel egter op die vlak af van wat Lacan die imaginêre noem, en laasgenoemde op dié van die “reële” wat die imaginêre en die simboliese voorafgaan.³

Hierdie insig word verder ontwikkel deur Julia Kristeva (1997:35) waar sy na die semiotiese *chora* van die moederlike liggaam verwys (wat aan die suigeling die eerste ervaring van ’n kwasi-heelheid besorg), en die ervaring waarvan die jong subjek se toetreding tot die imaginêre register van beelde (eweneens misleidend gekenmerk deur “heelheid”) en die simboliese register van taal voorafgaan. Trouens, volgens Kristeva moet die subjek haar- of himself van die *chora* losmaak ten einde verder te ontwikkel. Wat hier ter sprake is, is ’n struktureel-dinamiese motief wat vrugbaar op hermeneutiese vlak benut kan word ten einde van die handelinge en ervarings van subjekte in die sosiale lewe sin te maak – byvoorbeeld die ervaring van, of identifisering met, media-beelde. ’n Mens moet egter onthou dat sodanige ervarings en identifiserings, asook daaropvolgende handelinge, soms op negatiewe wyse beoordeel mag word, soos wanneer die beeld van ikoniese geboue in westerse stede negatief met westerse ekonomiese en militêre mag geassosieer word. Met

³ Lacan onderskei tussen drie ineen gestrengelde psigiese “registers” aan die hand waarvan die subjek begryp kan word: die “reële”, die “imaginêre” en die “simboliese”. Eersgenoemde is voor- en bowe-simbolies (met ander woorde, dit kan nie simbolies, in taal, geartikuleer word nie), die “imaginêre” is die beeldregister waarop die subjek as onderskeibare “ego” funksioneer, en die “simboliese” is die sosiale register van taal as diskoers, dit wil sê taal vir sover magsrelasies daarmee konvergeer.

ander woorde, sodanige ervaringe en handelinge kan soms verstaan word as iets wat *teen* die voorstelling van ’n spesifieke geheel (byvoorbeeld ’n verenigde nasionale beeld) gerig kan word, terwyl hulle *terselfdertyd* simptome mag wees van ’n strewe na ’n kontrasterende totaliteit (soos ’n ideologiese motief) van die een of ander aard. Daar kan selfs hier van ’n tipe dialektiek gepraat word wat herinner aan wat Hegel as die dialektiek van meester en slaaf beskryf het, vir sover die ervaring van een geheel (byvoorbeeld die Amerikaanse vlag) antities in die rigting van ’n nuwe ideologiese of beeld-totaliteit (die ISIS-vlag) wys.

Die relevansie van die “broederlike imago” is in wat Lacan die “indringer (“intrusion”) kompleks” noem, geleë (Lee 1990:14), vir sover dit onderliggend is aan die afguns wat die kind se ontdekking begelei, dat sy of haar identiteit onlosmaaklik met die van andere verweef is. Die afguns waarvan hier sprake is, moet volgens Lacan eerstens as verteenwoordigend van ’n “psigiese identifisering” begryp word, in plaas van ’n wesenlike mededinging (aangehaal in Lee 1990:14). Anders gestel: aanvanklike identifisering met ’n broer of suster gee aanleiding tot kompetisie. Hierdie bewering is versoenbaar met Lacan se argument in *Die spieëlfase (The mirror stage; 1977)* asook in sy artikel oor aggressiwiteit (1977a) ten opsigte van die skakel tussen identifisering en aggressiewe gedrag, spesifiek wat die aggressiewe onderlinge optrede van broers en susters betref. Sodanige onderlinge gedrag kan dienooreenkomstig as die manifestasie van iets meer fundamenteels verstaan word, te wete hul wedersydse identifisering met mekaar – met die voorveronderstelling van hul meer primordiale identifisering met hul eie onderskeie spieëlbeelde, asook, nog meer primêr, die suigeling se ervaring van heelheid wat aanleiding gee tot die vorming van die moederlike imago. Wat die broederlike imago en die moederlike imago met mekaar gemeen het, is die element van oënskynlike “heelheid”, en dit is die deurslaggewende kwasi-eienskap van beelde wanneer dit by identifikasie en aggressiwiteit kom. Ter bevestiging van Freud se vroeëre stelling in hierdie verband (Freud 2011:3812-3813) kan die “broederlike imago” dus beskou word as die onbewuste grond van menslike sosiale gedrag, met die implikasie dat afguns die “argetipe van sosiale gevoelens” is (aangehaal in Lee 1990:15; my vertaling).⁴

Soos reeds duidelik behoort te wees uit wat vroeër beweer is oor die sirkulasie van beelde in die huidige media- en inligting-georiënteerde, globale samelewing, is bostaande oorweging rakende identifisering en beelde ten opsigte van aggressiwiteit uiters relevant vir die huidige tema van geweld (aggressie) in die era van neoliberale hegemonie. Sodanige verband is waarskynlik mees opvallend in die lig van Lacan se artikel oor aggressiwiteit (1977a).⁵ Die weg is hierop voorberei in *Die spieëlfase (The Mirror Stage; 1977:4; my vertaling)*, soos blyk uit sy opmerking, dat dit (die spieëlfase) “...vir die subjek, wat vasgevang is in die lokval van ruimtelike identifisering, die opeenvolging van fantasieë vervaardig wat vanaf ’n gefragmenteerde liggaamsbeeld strek tot by ’n vorm van die totaliteit daarvan wat ek ortopedies sal noem...” Dit is juis die vals eenheid en geheelkarakter van die spieëlbeeld – wat verkeerdelik deur die subjek aangesien word vir die subjek self – wat op ’n “ortopediese” manier funksioneer; met ander woorde, deurdat dit die andersins

⁴ Hierby moet onthou word dat daar in psigoanalitiese terme ’n fundamentele onderskeid tussen afguns en jaloesie bestaan: terwyl jaloesie objek-georiënteer is, het afguns te make met die ander se *jouissance*, oftewel die uiterste, haas-ondraaglike genot wat die individuele subjek ervaar wanneer die vervulling van sy of haar “unieke begeerte” benader word (“benader”, omdat dit nooit ten volle ervaar kan word nie; Evans 1996:93-94).

⁵ Ofskoon Lacan hier van Freud verskil, is aggressiwiteit (as menslike fenomeen) as ’n strukturele psigoanalitiese begrip in Freud se *Anderkant die genotsbeginsel (Beyond the pleasure principle; 2011a)* en *Die onbehae in die beskawing (Civilization and its discontents; 2011b)* ontwikkel. In Freud se werk is dit die een uitdrukking van die doodsdrijf- of -instink, waar die ander kant hiervan in die “konserwatiewe” tendens, om herhaaldelik ’n voorafgaande toestand te herkonstitueer, na vore kom.

onsamehangende selfbegrip van die subjek “korrigeer”. Sodanige proses het egter verreikende gevolge wat aggressiwiteit betref – soos Lacan inderdaad aandui, dui psigoanalitiese getuienis daarop dat die liggaamsbelevens van die subjek wat die (misleidende dog aanloklike) “eenheidservaring” van sy of haar spieëlbeeld voorafgaan, die gedaante van gefragmenteerde liggaamsbeelde aanneem. Hierdie sogenaamde *imagoes* (hier klaarblyklik nie in die sin van begerenswaardige ideaaltipiese beelde nie, maar eerder bloot van “beelde”) verteenwoordig volgens Lacan (1977a:11; my vertaling) aspekte van:

...agressiewe bedoelinge... die beelde van kastrasie, verminking, verbrokkeling, ontwrigting, ontweiding, verorbering, oopbars van die liggaam, kortweg, die *imagoes* wat ek onder die klaarblyklik strukturele term van *imagoes van die gefragmenteerde liggaam saamgegroepeer het*.

Kortweg kan beweer word dat aggressiwiteit sigself tipies in beelde van fragmentering en verminking manifesteer. Lacan postuleer verder ’n korrelasie tussen sodanige aggressiwiteit en die proses van narcistiese identifisering met die subjek se “eie” spieëlbeeld (Lacan 1977a: 16; my vertaling; kursivering in oorspronklike):

...*Aggressiwiteit is die korrelatiewe tendens van ’n modus van identifisering wat ons narcisties noem, en wat die formele struktuur van die mens se ego en van die register van entiteite wat kenmerkend is van die menslike wêreld bepaal.*

Daar mag inderdaad gevra word hoe so iets moontlik is. In die lig van die disharmonie wat die suigeling ervaar tussen sy of haar lokus van identifisering (dit wil sê die oënskynlike eenheid van hul “selfbeeld”) en die werklike gefragmenteerdheid van hul eie onbeholpe liggaam, is dit geensins verbasend nie dat Lacan (1977:4) daarop aandring dat ’n vervreemdende funksie met die identifisering gepaardgaan. In ooreenstemming met Lacan se (1977a:22) insigte wys sommige kommentators (Benvenuto & Kennedy 1986:57; Bowie 1991:34) daarop dat hierdie element van vervreemding die “andersheid” van die spieëlbeeld impliseer, wat in die subjek ’n strukturele mededinging met hom- of haarself teweegbring; vandaar die aggressiwiteit. Bowendien word die disharmonie in die subjek, tussen ’n gefragmenteerde liggaamservaring en die unitêre visuele *Gestalt*, oorgedra op die jeugdige subjek se verhoudinge met ander vir sover sy of hy met die ikoniese voorkoms – met ander woorde, die liggaamsbeelde, *soos deur die subjek self ervaar, dit wil sê geprojekteer* – van ander mense identifiseer. Daarby is wedywing, wat “agressiewe mededinging” vergesel (Lacan 1977a:19), ’n integrale deel van sodanige verhoudinge. Aggressiwiteit teenoor ander, wat in die kern van die subjek se struktuur as ego (*moi*) setel, is dus primêr aggressiwiteit teenoor *jouself* – ten minste teenoor die beeld wat op dubbelsinnige wyse tegelykertyd as “self” en “vreemd” ervaar word, en waarmee die subjek wedywer juis vanweë die feit dat dit as “ander” beleef word. Dit is juis sodanige “andersheid” wat op ander individue oorgedra word wanneer die kind hulle in uiteenlopende sosiale relasies ontmoet, welke andersheid die basis uitmaak vir wedywing met, en aggressiwiteit teenoor hulle. In terme van die *imagoes* is sowel die moederlike as die broederlike *imago* (laasgenoemde meer ooglopend) hierby betrokke vir sover die element van valse “heelheid”, waarmee die kind identifiseer, ’n voorwaarde is vir kompetisie en dus vir aggressiwiteit. Lee stel dit duidelik (1990:27; my vertaling; kyk ook Lacan 1977a:19):

...die teenstrydigheid tussen die kind se fragmentariese liggaamlike ervaring en sy verenigde, imaginêre identiteit... gee aanleiding tot ’n soort primordiale paranoia in die jong *moi*... Deur sigself op ’n ander te modelleer, baseer jy ook jou begeertes op dié van die ander, en die onvermydelike konsekwensie hiervan is ’n aggressiewe wedywing tussen die kind en die ander vir die objek wat deur laasgenoemde begeer word. Langs hierdie weg is dit duidelik

dat die aggressie wat op ander gerig word binne-in die sentrum van die *moi* se struktuur gelokaliseer is...

GEWELD, IDENTIFISERING EN DIE NUWE WÊRELDORDE

Wat kan 'n mens deur die lens van Lacan se teorie van imaginêre identifisering en aggressiwiteit omtrent geweld in die nuwe wêreldorde van “Imperium” leer? Kernagtig gestel, word 'n mens getref deur 'n soortgelyke patroon van identifisering met 'n (ideologiese) beeld van vals eenheid, wat tegelykertyd aantrek en vervreem, gepaardgaande waarmee aggressiewe mededinging met die “ander” in jouself sowel as in andere genereer word. In hierdie verband is dit verhelderend om die gebeurtenis wat volgens Hardt en Negri die simboliese oorgang tussen “moderne” en “postmoderne” oorlog beliggaam, naamlik die aanvalle op die twee torings van die Wêreldhandelsentrum en die Pentagon in die VSA op 11 September 2001, van naderby te beskou. Jacques Derrida (2003:86; my vertaling) vestig 'n mens se aandag op die feit dat, ofskoon 11 September, 2001, minstens met oënskylnlike onmiddellikheid as 'n “ongekende” gebeurtenis “gevoel” of ervaar is,

...hierdie “gevoel” inderwaarheid minder spontaan is as wat dit mag voorkom: dit is in 'n groot mate gekondisioneer, gekonstitueer, indien nie gekonstrueer nie, in elk geval deur middel van 'n grootskaalse tegno-sosio-politiese masjien deur die media gesirkuleer.

Soos Derrida tereg opmerk, kan die beskrywing van hierdie gebeurtenis as 'n handeling van “internasionale terrorisme” nie juis as 'n “streng begrip” beskou word wat die volslae “enkelvoudigheid” van wat gebeur het saamvat nie. Die onmag van taal, om aan hierdie gebeurtenis 'n betekenis horison toe te ken, word volgens hom (Derrida 2003:86) in die “meganiese herhaling” van die datum gereflekteer – 'n opmerking wat sy deeglike kennis van psigoanalise verraai, meer in besonder die begrip van “herhalingsdwang” en wat dit behels. Per slot van sake, ongeag die oënskylnlik-suksesvolle integrasie van 9/11 as gebeurtenis (soos vervat in die beeld van die ineenstortende torings) met die dominante diskoerse van die tyd, of hoe onvergeetlik die hipnotiserende beelde van die opeenvolgende ineenstorting van die tweeling-torings mag voorkom, sal die gebeurtenis as sodanig altyd ontwykend wees. Vanuit psigoanalitiese oogpunt is die funksie van die “gedwonge” herhaling juis om 'n web van ikoniese en simboliese bekendheid rondom die “gebeurtenis” te weef, met ander woorde om die onherleibare vreemdheid daarvan te vergeefs te probeer besweer. Vir sover hierdie gebeurtenis alle toereikende simbolisering te bowe gaan, is dit 'n manifestasie van wat Lacan die “reële” noem, wat terselfdertyd die grense van taal aandui (Copjec 2002:95-96). Desnietemin is en word dit onvermydelik altyd aan die hand van die heersend-dominante diskoerse “histories” aan uiteenlopende “argiewe” (soos taal, asook televisie- en filmbeelde) onderwerp, ofskoon dit 'n mens ontwyk die moment wanneer die indruk geskep word dat jy daarin geslaag het om 'n naam daaraan toe te ken. Dit is betekenisvol vir die huidige tema dat wat hy as die “dreigende opdrag” (“menacing injunction”) bestempel, om die naam, “11 September”, konstant te herhaal, volgens Derrida (2003:88) van 'n konstellatie van dominante moondhede of magte afkomstig is. Sodanige magte is op hul beurt aan “die Anglo-Amerikaanse idioom” onderworpe, en die indruk van 'n “gebeurtenis” in ikoniese, interpretatiewe, retoriese en geglobaliseerde gewaad kan nie van hulle bemiddeling geskei word nie. Hy is verder oortuig dat dit 'n mens se filosofiese en politieke verantwoordelikheid is om streng tussen 'n vermeende “brute feit” en die interpretasie daarvan te onderskei. Vandaar sy opmerking (Derrida 2003: 89; my vertaling):

'n Mens sou kon beweer dat die indruk “geïnformeer” (“informed”) is in beide betekenisse van die woord: 'n oorheersende sisteem het daaraan vorm gegee, en hierdie vorm word vervolgens deur 'n georganiseerde inligtingsmasjien (taal, kommunikasie, retoriek, beeld, media, en so meer) gestuur. Hierdie inligtingsapparaat is uit die staanspoor politities, tegnies, ekonomies.

Wat Derrida hier aan die lig bring, is niks minder nie as dat 'n hele netwerk van wedersyds-versterkende agentskappe (of bronne van agentskap), insluitend die media, tegno-wetenskap, militêre sowel as ekonomiese en diplomatieke instellings, wat die gebeurtenis wat sedertdien as *9/11* of *11 September* bekendstaan, geproduseer het. Moontlik kan 'n mens sê dat dit vir die eerste keer as “gebeurtenis” sigbaar geword het in die konstitutiewe vorms daarvan toe dit deur die “prisma” van taal, dominante diskoerse, beelde, media en kommunikasiekanale geprojekteer is. Die implikasie hiervan vir my huidige argument is dat die naam, *9/11*, waarmee die beeld van die ineerstortende torings onlosmaaklik verwickel is, 'n ligging of lokus vir identifisering geword het in globale ruimte, wat deur die magte van Imperium oorheers word. Dit volg hieruit, in die lig van die voorafgaande argument, dat dit aanleiding gee tot sowel bevestigende identifisering by subjekte wat daarin 'n beeld van die vernietiging van hul (ideologiese) “heelheid” sien, as tot negatiewe identifisering by diegene wat daarin 'n beeld van die vernietiging van hul dodelike vyand sien (soos vervat in die beeld van die vallende torings). In beide gevalle gee dit aanleiding tot aggressiewe neigings op grond van primêre identifisering. Nog meer, dit bevestig dat die logika van identifisering en wedywering, vergesel van aggressiwiteit (soos vroeër uiteengesit), onseibaar is van sodanige globale identifiseringsprosesse in die lig van wat beelde impliseer, en dat 'n soortgelyke wedywering en aggressie in die vorm van geweld (voortgebring deur latente aggressiwiteit) sigself tans wêreldwyd tussen die magte van Imperium en die magte waardeur dit geopponeer word uitspeel.

Aan die hand van David Pavón-Cuéllar se (2010:284-285) Lacaniaanse diskoers-analitiese perspektief kan dit as simboliese geweld verstaan word, vir sover diskoers noodwendig die “reële” wese van subjekte moet vernietig – volgens Lacan vernietig die betekenaar (“signifier”) die “reële” in die sin dat, sodra die subjek die sfeer van die onsimboliseerbare “reële” verlaat (waarin 'n mens vasgevang is voor jy taal verower), met ander woorde wanneer sy of hy leer praat, jou suiwer liggaamlike “syn”, of dié van 'n klip, 'n boom, 'n kat of hond, vir altyd agtergelaat word. Dit word “vermoor”. Daar kan dus beweer word dat, bo en behalwe die mense wat tydens die ineerstorting van die tweeling-torings gesterf het, die subjekte wat hul weerstand teen die hegemonie van die kapitalistiese state van Imperium demonstreer (in taal, maar ook deur die arbeid en lyding van hul liggame), herhaaldelik op die vlak van die Lacaniaanse reële “doodgemaak” of “vermoor” word deur die simbole of betekenaars van die “meestersdiskoers”, wat mede-konstitutief is van die reaksionêre herbevestiging van globale mag in die skadu van *9/11*.⁶ Deur opponente van Imperium simbolies te relegier tot 'n sfeer “buite” dié wat deur Imperium se eksklusiewe neoliberale diskoers gekonstitueer word, word hulle “reële” wese dus tot niksheid gereduseer, “vermoor”, en is hulle nie langer subjekte in die ware, simboliese sin van die woord nie.

Daar kan dus tereg gevra word wat die beeld van die ineerstortende twee torings beteken. Ooglopend, in die eerste plek, beliggaam dit die vernietiging van argitektoniese werke wat westerse, of meer in die besonder, Amerikaanse ekonomiese opperheerskappy gesimboliseer het, asook

⁶ Vanweë beperkte ruimte kan ek nie hier op Pavón-Cuéllar se (2010) verreikende ondersoek na die relevansie van Lacaniaanse psigoanalitiese teorie vir sosiale psigologie uitbrei nie, spesifiek rakende die betekenis van sy insigte ten opsigte van die verhouding tussen “simboliese geweld” en “imaginêre aggressiwiteit”. Daar moet volstaan word met die opmerking dat, sover as wat ek kan oordeel, my eie analise breedweg versoenbaar is met sy komplekse en subtile argument (kyk veral 2010, hoofstuk 9).

tegelykertyd die verwoesting van die idee van Amerika se veronderstelde ondeurdringbare militêre isolasie van die res van die globale ruimte. Tweedens is dit ’n ondubbelsinnige aanduiding van die bestaan van ’n agentskap wat vyandig is teenoor die VSA en haar bondgenote (Imperium), indien nie die Weste in sy geheel nie. In die lig van Derrida se interpretasie van die gebeurtenis, hier bo, kan geargumenteer word dat genoemde beeld van die twee torings se verwoesting vandag die status bereik het van ’n metonimie (deel vir geheel) waaraan ’n hele reeks verbandhoudende betekenis in die globale kommunikasieruimte gekoppel word, en daarop neerkom dat die enigste antwoord of reaksie op 9/11 wat moontlik of selfs denkbaar was, noodwendig op aggressiewe wyse westerse, of Amerikaanse heerskappy herbevestig het deur middel van globale media- (asook militêre) oorheersing. Ironies het die gebeurtenis van 9/11 juis ’n gulde geleentheid vir Amerika en die Weste geskep om ’n minder aggressiewe, meer ontvanklike houding teenoor die lande in te neem wat dit in ekonomiese, politieke en militêre terme as imperialisties en ongenaakbaar bejeën (Sorkin 2002; Olivier 2003, 2007, 2012). Wat hier op die spel is, word treffend deur Pavón-Cuéllar (2010: 293; my vertaling) soos volg saamgevat:

Teenoor die irrasionele geweld wat onderliggend is aan die samelewing en dit moontlik sou kon omverwerp, is daar ’n rasionele geweld wat aan die konvensionele geweld van die gevestigde samelewing gehoorsaam is en dit dien. Aangesien sodanige rasionele geweld deel uitmaak van [hierdie] politieke rasionaliteit, mag ons sê dat dit deur sy eie rasionele geweld beskerm word. Dit word beskerm teen sy eie onderliggende, irrasionele reële geweld, maar ook teen die rasionele geweld van ander simboliese rasionaliteite.

Die laaste twee woorde in hierdie aanhaling, “simboliese rasionaliteite”, verduidelik waarom dit hier gaan. Pavón-Cuéllar gebruik “rasionele geweld” hier in ooreenstemming met wat vroeër bedoel is met die “simboliese geweld” van Imperium, wat kontrasteer met die “ander simboliese rasionaliteite” wat deur die vyande van Imperium bevorder word. Daarbenewens is daar die “irrasionele geweld” van die “reële” wat aan beide van hierdie soort rasionaliteite onderliggend is, wat die blinde geweld van redelose haat, of primitiewe begeerte, of vrees, insluit. Bowendien volg dit uit wat vroeër uit Lacan se verduideliking van die proses van identifisering geblyk het dat die metonimiese verwoestingsbeeld van 9/11 by implikasie die vroeëre (voor-9/11) “heel”, onbeskadigde (nasionale ego-) beeld van die twee identiese torings voor die gees roep, met die implikasie dat “patriotiese” subjekte eintlik in die afwesigheid van hierdie “heel” (en ideologies “helende”) beeld steeds daarmee identifiseer, in plaas van met die beeld van verminkte, ontweide geboue wat aggressiwiteit (teen Amerika) beliggaam (Lacan 1977a: 11). ’n Mens moet in gedagte hou dat, ofskoon daar in sodanige gevalle geïdentifiseer word met wat die talmende, dog kwynende beeld voorstel, te wete die kollektiewe kulturele ego of self, dit terselfdertyd ook ’n aanduiding is van wat “ander(s)” is in die kulturele self, en waarmee die subjek meeding vir die “voorwerp van begeerte”. Die voorwerp van begeerte is in hierdie geval vanselfsprekend mag – politieke, ekonomiese, kulturele en tegnologiese mag. Dit verduidelik die talryke westerse sowel as “vreemde” agentskappe, vanaf para-militêre en sekuriteitsmaatskappye tot internasionale oliemaatskappye, wat met mekaar wedywer vir ekonomiese sukses in die globale ruimte van die neoliberale hegemon (Klein 2007). En wanneer ’n mens die metonimiese ketting van betekenaars vanaf die beeld van die ineenstortende twee torings na die ontelbare beelde van globale oorloë, of gewapende konflikte, wat vandag deur die massa-media (op hul beurt ook betekenaars van mededingende mag; dink aan die verskille tussen CNN, Al Jazeera en Russia Today of RT)

uitgesaai word, volg, is dit duidelik dat die aggressiewe wedywering vir globale mag intens is en met onophoudelike geweld gepaardgaan.⁷

Globale Geweld en die Vier Diskoerse

Dit is moeilik om die versoeking te weerstaan, naamlik om die interpretasie van globale geweld onder die huidige neoliberale regime (Imperium) aan te vul met 'n alternatiewe, verbandhoudende analise. Laasgenoemde kan aan die hand van Lacan (2007; Olivier 2009a) se teorie van die “vier diskoerse” geartikuleer word, te wete die diskoers van die meester, die universiteit, die histerikus en die analitikus. Daar moet natuurlik onthou word dat 'n diskoers nie bloot taal in die beskrywende sin van die woord is nie; kortweg kan 'n mens sê dat, net soos Lacan se simboliese register, diskoers taalbetekenis in die *diens*, of ter bevordering van spesifieke belange, oftewel van *mag* is. In die diskoers van die meester word sosiale verhoudinge deur die meester-betekenaar (S1) georganiseer, en wel op so 'n wyse dat die waarheid omtrent die meester se eie feilbaarheid as 'n subjek van die onbewuste onderdruk word, terwyl bestaande kennis gelyktydig tot sy of haar voordeel in diens gestel (S1>S2), asook genot voortgebring word. Die universiteitsdiskoers (waarvan die betekenaar S2 is) organiseer die sosiale veld op sy beurt deur surplusgenot te kommandeer (S2>a), terwyl dit terselfdertyd die verdeelde subjek (\$) van die onbewuste produseer. Dit wil sê, die ervaring van uiterste of surplusgenot, wat gewoonlik gepaardgaan met verwerping van kennis van die verbod op uiterste genot, skep die subjek met 'n onbewuste, oftewel met onderdrukte begeerte. Hierdie subjek onderdruk ook die waarheid omtrent sy verbintenis met die meester-betekenaar (S1/S2) – met ander woorde, dat kennis, of die universiteit, steeds die meester of dominante mag dien. Op sy beurt struktureer die diskoers van die histerikus (waarvan die betekenaar \$ is) sosiale verhoudings deur die meester-betekenaar in die vorm van 'n aanklag aan te spreek (\$>S1), terwyl dit gelyktydig kennis produseer en die waarheid oor sy eie surplusgenot (*jouissance*) onderdruk. Die analitikus se diskoers (wat deur die simbool vir surplusgenot verteenwoordig word, naamlik *a*), en op onderdrukte kennis gepredikeer is, organiseer die sosiale veld deur die betekenaar van die gesplete subjek aan te spreek (*a*>\$), waardeur dit 'n tydelike, gerelativeerde meester-betekenaar genereer (wat dus onderworpe is aan hersiening).⁸

⁷ Dit is nie moeilik om gevalle hiervan te identifiseer nie. Een van die mees onlangse arenas van gewapende konflik is Oekraïne, waar die stryd om globale mag tussen Rusland en die Weste afspeel. Beelde van dood en verwoesting in hierdie area het gereeld in die media verskyn. Onder die beelde wat eksemplaries is van wat hier as die wisselspel van identifisering en aggressiwiteit verstaan word, tel die gefragmenteerde beelde van vliegtuigwrakstukke (van 'n passasiersvliegtuig wat oor Oekraïne afgeskiet is) sowel as van die oorskot van passasiers, van metaalfragmente en verminkte liggame.

⁸ Later het Lacan (in die sogenaamde Milaanlesing) 'n verdere diskoerstipe by hierdie vier gevoeg, naamlik die diskoers van die kapitalis (1978:11), waarvan die strukturele eienskappe suggereer dat dit 'n pervertering van die histerikus se diskoers is. Hou in gedagte dat die histerikus in die posisie is van iemand wie se begeerte en genot daarin geleë is om die meester ingrypend te bevraagteken, terwyl kennis van die meester se dominante posisie in die proses blootgelê word. Die diskoers van die kapitalis, wat deur Lacan as “onregeerbaar slim” (“wildly clever”) bestempel word, is inderwaarheid 'n pseudo-histeriese diskoers, wat bedrieglik is vir sover dit die kapitalis in die posisie van die gesplete subjek (die histerikus) plaas, wat oënskynlik die dominante meesterdiskoers konfronteer en bevraagteken. In plaas daarvan dat hierdie gesplete struktureering van die sosiale veld op die waarheid van die verdeelde subjek se surplusgenot (*jouissance*) gepredikeer is, verberg dit egter die waarheid, dat dit heimlik afhanklik is van die meester-betekenaar, terwyl dit terselfdertyd genot genereer en kennis kommandeer (dink aan hoe korporasies universiteit-geproduseerde kennis vir wins benut). (Vir 'n meer uitvoerige verduideliking hiervan, sien Olivier 2009a.)

Die meestersdiskoers verteenwoordig die dominante diskoers van die tyd (religie gedurende die Europese middeleeue, politiek tydens die moderne era van die nasiestaat, en ekonomie vandag); die universiteitdiskoers verwys na die verheerlikte kennis-sisteme van 'n era wat, soos Hegel se slaaf, die meester dien (Lacan 2007:20-22); die diskoers van die histerikus staan vir diskursiewe posisies wat die meesterdiskoers, sowel as die universiteitdiskoers uitdaag, maar dit verteenwoordig ook outentieke wetenskap, wat herkenbaar is aan sy volgehoue krities-interroгатiewe, struktureel-onbepaalde karakter; en laastens verteenwoordig die diskoers van die analitikus die simboliese posisie vanuit die perspektief waarvan die “ware” (onbewuste) begeerte van die verdeelde subjek bespeur kan word. Soos uit hierdie beknopte skets van die strukturele verskille tussen Lacan se vier tipes diskoers blyk, verwys die begrip, “diskoers van die histerikus”, na enige diskursiewe benadering wat die diskursiewe meester-posisie (dit wil sê dominante diskoerse) bevraagteken en opponeer. Sodanige “histeriese” posisie kan byvoorbeeld dié van 'n patologiese persoon wees, of van slawe in pre-moderne tye, of van rewolusionêre agente, of ook van hardekop intellektuele wat die oorheersende magskompleks van 'n bepaalde era hardnekkig teenstaan.

Vandag se meesterdiskoers is dié van neoliberale kapitalisme (ongegag wat onder voetnoot 8 uitgewys word), of breër gesien, van liberale demokrasie (wat breedweg met Hardt en Negri se “Imperium” ooreenstem), in die lig van die komplekse wyse waarop die ekonomiese en die politieke verstrengel is, waar die politieke steeds aan die kapitalistiese stelsel die wetsmiddele voorsien wat dit benodig om die veelvuldige kolonialisering van die menslike leefwêreld te bestendig ter wille van wins. Dienooreenkomstig toon Deleuze en Guattari (1983:33-35; Olivier 2014) aan dat kapitalisme die juridiese ingryping van die staat vereis ten einde in staat te wees om op die talryke “deterritorialiserings” daarvan te kapitaliseer wat menigvuldige “begeertestrominge” (“flows of desire”) vrystel.⁹ Met ander woorde, dit kan nie sonder die staat se juridiese “herterritorialiserings” klaarkom nie omdat areas vir kapitalistiese wins daardeur gewaarborg word. Volgens hulle deterritorialiseer of bevry die “kapitalistiese masjien” strominge (“flows”) ten einde surpluswaarde te realiseer, en dienoooreenkomstig “herterritorialiseer” of stabiliseer die ondergeskikte “hulp-apparate” van kapitaal, te wete staatsburokrasieë en die agentskappe van wet en orde, die strominge, terwyl hulle op hul beurt surpluswaarde absorbeer. Wat die meester-betekenaar (S1) in Lacan se diskoersteorie verberg (S1/\$), naamlik die betekenaar vir die gesplete subjek van die onbewuste (\$), demonstreer dus op grafiese wyse hierdie verhouding tussen kapitaal en die “skisofreniserende” (dit wil sê “deterritorialiserende”) subjek wat dit domineer. Wat 'n mens hieruit leer is dat elke subjek, vir sover hy of sy 'n subjek van begeerte is, in staat is om verskillende posisies in diskoers in te neem, waar diskoers (soos vroeër aangetoon) breedweg na die Lacaniaanse simboliese orde verwys: taal as diskoers is nie neutraal of onskuldig nie, maar maak 'n veld uit waar betekenis en mag konvergeer. Daarom kan sprekers in enige posisie in die simboliese register opgeneem word, wat tegelykertyd op 'n invoeging in magsrelasies neerkom. Al mag dit kontra-intuïtief voorkom, wys Pavón-Cuéllar (2010:236-238) byvoorbeeld daarop dat 'n mens die posisie van “rewolusionêr” vanuit die perspektief van die meester-betekenaar (van kapitaal, byvoorbeeld) kan beklee,

⁹ Met “deterritorialisering” bedoel Deleuze en Guattari skynbaar die vernietiging van die statiese karakter van Oedipale identiteit, waardeur die strominge van “begerende produksie” (“desiring-production”) vrygestel word. Dit gaan hand aan hand met die dekodering van strominge (“flows”) en is die teenoorgestelde van “herterritorialisering”, wat die bevrydingsproses tot stilstand dwing (Deleuze en Guattari 1983: 382). As sodanig is deterritorialisering dus 'n integrale deel van wat hulle onder die taak van “skisoanalise” (“schizoanalysis”), in teenstelling met psigoanalise, verstaan, waar eersgenoemde daarop gerig is om alle oorblyfsels van Oedipale repressie (deur die ego of self) aan die hand van deterritorialisering te vernietig, waardeur skisoïde begeerte-produksie optimaal bevry sal word (1983: 316; 310-382; kyk ook Olivier 2014 vir 'n breedvoerige bespreking hiervan).

waarvolgens hy of sy daardeur “gepraat word” (“spoken by it”), ofskoon die meester-betekenaar nie kan verklaar hoe die subjek verdeel kan wees tussen ’n Ander (die konvensionele orde) en sy of haar identiteit as “rewolusionêr” nie. Aan die ander kant is daar die diskoers van die rewolusionêr, waarin sy of hy die posisie van die gesplete subjek as histerikus inneem, wat “werklik praat” sonder dat hul “reële” wese in die simboliese net van diskoers gevang kan word (Pavón-Cuéllar 2010: 278-279). Laasgenoemdes is die subjekte wat uiteindelik die simboliese sowel as reële geweld van Imperium effektief kan weerstaan, al moet “rewolusionêr” hier op uiteenlopende wyse verstaan word – dit is nie slegs diegene wat in konkrete terme wapens opneem teen ’n dominante, ekspliatiewe orde van ongeregtigheid, wat op rewolusionêre wyse sodanige orde ondermyn nie. Op intellektueel-diskursiewe vlak kan die oogmerke van ’n rewolusionêre verandering van die sosiale en politieke orde eweneens bevorder word.

Ten einde hierdie interpretasie terug te koppel aan die globale toedrag van sake ten opsigte van alomteenwoordige oorlog of geweld, wat aanvanklik met behulp van Hardt en Negri gerekonstrueer is, is dit slegs nodig om Lacan se vier diskoerse met die antagonistiese posisies of agente in die konteks van Imperium te korreleer. Daar sal onthou word dat Imperium die supra-nasionale magskompleks is wat volgens Hardt en Negri op verskeie vlakke in die proses van “verskyning” is, en dat die kollektiewe subjek wat dit antagonisties-gesind is die “menigte” genoem word. Imperium stem met die meestersdiskoers (ondersteun deur die universiteitsdiskoers) ooreen, en vir sover daar kontra-diskoerse is wat op die vlakke van politiek, ekonomie en kultuur die meestersdiskoers van Imperium weerstaan en bevraagteken, verteenwoordig hulle die diskoers van die histerikus. Daar moet egter onmiddellik bygevoeg word dat sommige van hierdie histerikus-diskoerse self in beginsel meesters-diskoersposisies verteenwoordig, al speel hulle vandag die rol van die histerikus wat die tekortkominge van die meester aan die lig bring. ’n Duidelike voorbeeld hiervan is die diskursiewe posisie wat vandag (2015) deur die “terroristiese” groep bekend as ISIS verteenwoordig word – ’n groep waarvan die publieke uitsprake en handeling onder kontemporêre diskursiewe manifestasies van “Islamitiese fundamentalisme” gereken kan word (Hardt & Negri 2001: 146-150; Olivier 2015).

Dit is egter te betwyfel of ’n mens op globale skaal ’n posisie kan aktualiseer waar die beste moontlike diskursiewe konfigurasie gerealiseer kan word, naamlik waar die diskursiewe histeriese bevraagtekening van meestersdiskoerse periodiek deur die diskoers van die analitikus bemiddel word, om sodoende nuwe meestersdiskoerse te genereer (Bracher 1994; Olivier 2009a). Hier geld die belangrike kwalifikasie egter, dat sodanige meestersdiskoerse *nie* die abolutistiese karakter van die gewone, onbemiddelde meestersdiskoers sou vertoon nie.

SLOT

Om terug te keer na die tema van geweld onder neoliberale heerskappy, beteken die voorafgaande bespreking dat die konkrete uitwerking van die kratologiese (mags-), kwasi-militêre of “polisie”-funksie van die agentskappe van Imperium op menslike liggame die uitwerking is van die huidige meesterdiskoers. Op sy beurt verteenwoordig die globale media-dominansie van die neoliberale diskoers, waarop Derrida wys, in Lacaniaanse terme die universiteitsdiskoers wat in diens is van die meester. Dit is moeilik om een diskursiewe kompleks uit te sonder wat die diskoers van die histerikus beliggaam; ’n mens kan daarmee volstaan om te beweer dat elke tydgenootlike diskoers wat die meester-betekenaar aanspreek of beskuldig op ’n wyse wat “kennis produseer” – byvoorbeeld die openbaringe ten opsigte van die geheime spioenasie-aktiwiteite van die Amerikaanse NSA (“National Security Agency”) deur Edward Snowden (Olivier 2013), of die genadelose blootlegging van neoliberale sinisme deur Naomi Klein (2007; 2014) – ’n paradigmatische geval is die diskoers

van die histerikus. Hierdie diskoers word verder ook simptomaties en gewelddadig op miljoene lydende werker-liggame wêreldwyd geregistreer – vanaf die “sweetwinkels” (hongerwerkplase, “sweat shops”) waar onder-besoldigde en fisies-geëksploteerde werkers in Dêre wêreldlandele elektroniese goedere of ontwerperklere (“designer clothes”) en -skoene onder haglike toestande vir multi-nasionale korporasies vervaardig, tot ’n verskeidenheid van myne dwarsoor die wêreld waar skandalig-onderbesoldigde werkers swoeg om waardevolle metale uit te haal ter verryking van die aandeelhouers en bestuur van mynmaatskappye. Dit is vanuit die perspektief van die analitikus se diskoers dat die gesplete subjek se “begeerte” sigbaar word, met ander woorde die begeerte van die subjek – alle subjekte – soos deur die onbewuste bepaal. In die geval van werkers wat deur die heersende orde uitgebuit word, word hierdie “begeerte” in die vorm van magtelosheid of lyding in hul diskoers of op hul liggame geregistreer. Die analitiese diskursiewe perspektief is tans oor ’n breë spektrum waarneembaar, in die werk van onder andere denkers en aktiviste soos Slavoj Žižek (2009), Ian Parker (2011), Julia Kristeva (1997), David Pavón-Cuellar (2010), Kazuo Ishiguro (2005), Naomi Klein (2007), Paul Hawken (2007), asook Michael Hardt en Antonio Negri (2001; 2006), om slegs enkele te noem, waar ’n mens waardevolle aanduidings aantref oor die herkonfigurasie van jou verhouding met die dominante magdiskoers. Van besondere belang is die feit dat dit deur die bemiddelende funksie van die analitiese diskoers is dat ’n nuwe meester-betekenaar geproduseer word, maar hierdie keer in ’n gerelativeerde, hersienbare vorm (Bracher 1994).

In hierdie kort essay het ek gepoog om ’n bondige, perspektief-georiënteerde benadering te voorsien wat dit moontlik maak om geweld onder die huidige neoliberale regime, in die era van Imperium, op ’n bepaalde wyse te konseptualiseer. Dit verteenwoordig egter slegs een moontlike invalshoek ten opsigte van ’n veelkantige, globale fenomeen wat die lewens van miljoene mense wêreldwyd daaglik op konkrete wyse affekteer. Ek hoop dat dit desnietemin kan bydra tot ’n begrip van, en effektiewe weerstand teen, hierdie globale toestand van ongeregtigheid.*

*Die finansiële bystand van die Nasionale Navorsingstigting (NRF) van Suid-Afrika met die uitvoering van die navorsing wat tot hierdie artikel gelei het word hiermee dankbaar erken.

BIBLIOGRAFIE

- Agamben, G. 1998. *Homo Sacer. Sovereign Power and Bare Life*. Stanford: Stanford University Press.
- Benvenuto, B., & Kennedy, R. 1986. *The works of Jacques Lacan. An introduction*. London: Free Association Books.
- Bowie, M. 1991. *Lacan*. London: Fontana Press.
- Bracher, M. 1994. On the psychological and social functions of language: Lacan’s theory of the four discourses. In: Bracher, M., Alcorn Jr., M.W. et al. *Lacanian Theory of Discourse. Subject, Structure and Society*. New York: New York University Press, pp. 107-128.
- Copjec, J. 2002. *Imagine there’s no woman. Ethics and sublimation*. Cambridge, Mass.: The MIT Press.
- Deleuze, G. & Guattari, F. 1983. *Anti-Oedipus. Capitalism and schizophrenia* (Vol. 1). Tr. Hurley, R., Seem, M. & Lane, H.R. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Derrida, J. 2003. Autoimmunity: Real and Symbolic suicides – A Dialogue with Jacques Derrida. In: Borradori, G. (ed.) *Philosophy in a Time of Terror*. Chicago: The University of Chicago Press, pp. 85-136.
- Evans, D. 1996. *An Introductory Dictionary of Lacanian Psychoanalysis*. London: Routledge.
- Foster, J. B., Clark, B., & York, R. 2010. *The ecological rift – Capitalism’s war on the earth*. New York: Monthly Review Press.
- Foucault, M. 1980. *The history of sexuality. Volume 1: An introduction*. Tr. Hurley, R. New York: Vintage Books.
- Foucault, M. 1995. *Discipline and punish. The birth of the prison*. Tr. Sheridan, A. New York: Vintage Books.
- Freud, S. 2011. Group Psychology and the Analysis of the Ego. In: *Freud – Complete Works*. Ivan Smith, pp. 3763-3834. (Kindle e-book edition).

- Freud, S. 2011a. Beyond the pleasure principle. In: *Freud – Complete Works*. Ivan Smith, pp. 3713-3762. (Kindle e-book edition).
- Freud, S. 2011b. Civilization and its Discontents. In: *Freud – Complete Works*. Ivan Smith, pp. 4462-4532. (Kindle e-book edition).
- Hardt, M., & Negri, A. 2001. *Empire*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- Hardt, M., & Negri, A. 2006. *Multitude. War and Democracy in the Age of Empire*. London: Penguin Books.
- Hawken, P. 2007. *Blessed Unrest*. New York: Viking Penguin.
- Ishiguro, K. 2005. *Never Let Me Go*. London: Faber & Faber.
- Klein, N. 2007. *The shock doctrine. The rise of disaster capitalism*. London: Allen Lane Penguin.
- Klein, N. 2014. *This Changes Everything. Capitalism vs. the Climate*. London: Penguin Books.
- Kristeva, J. 1997. Revolution in poetic language. In: *The portable Kristeva*. Ed. Oliver, K. New York: Columbia University Press, pp. 27-92.
- Lacan, J. 1977. The mirror stage as formative of the function of the I as revealed in psychoanalytic experience. In: *Écrits: A selection*. Tr. Sheridan, A. New York: W.W. Norton, pp. 1-7.
- Lacan, J. 1977a. Aggressivity in psychoanalysis. In: *Écrits: A selection*. Tr. Sheridan, A. New York: W.W. Norton, pp. 8-29.
- Lacan, J. 1977b. The function and field of speech and language in psychoanalysis. In: *Écrits: A selection*. Tr. Sheridan, A. New York: W.W. Norton, pp. 30-113.
- Lacan, J. 1978. On psychoanalytic discourse. (pp. 1-15). Tr. Stone, J.W. Aanlyn beskikbaar by http://web.missouri.edu/~stonej/Milan_Discourse2.pdf ; 9 Mei 2008.
- Lacan, J. 2007. *The other side of psychoanalysis; 1969-1970 The seminar of Jacques Lacan, Book 17*. Tr. Grigg, R. New York: W.W. Norton & Co.
- Lee, J.S. 1990. *Jacques Lacan*. Amherst: University of Massachusetts Press.
- Liotard, J-F. 1984. *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge*. Tr. Bennington, G. & Massumi, B. Manchester: Manchester University Press.
- Olivier, B. 2003. After the World Trade Center: Architecture at the crossroads. *South African Journal of Art History* 18, pp. 94-103. Herdruk in Olivier, B. 2009. *Philosophy and Communication. Collected essays*. London & Frankfurt: Peter Lang Academic Publishers, pp. 1-16.
- Olivier, B. 2007. The question of an appropriate philosophical response to ‘global’ terrorism: Derrida and Habermas. *Freiburger Zeitschrift für Philosophie und Theologie* 54 (1/2), pp. 146-167. Herdruk in Olivier, B. 2009. *Philosophy and Psychoanalytic Theory. Collected essays*. London & Frankfurt: Peter Lang Academic Publishers, pp. 123-152.
- Olivier, B. 2007a. ‘Communication’ in the era of ‘Empire’ and ‘multitude’. *Communicatio* (South African Journal for Communication Theory and Research), Vol. 33 (1), 2007, pp. 42-61. Herdruk in Olivier, B. 2009. *Philosophy and Communication. Collected essays*. London & Frankfurt: Peter Lang Academic Press, pp. 153-179.
- Olivier, B. 2009. That strange thing called ‘identifying’. *South African Journal of Psychology* 39(4):407-419. Herdruk in Olivier, B. 2012. *Intersecting Philosophical Planes. Philosophical Essays*. London & Frankfurt: Peter Lang Academic Publishers, pp. 101-123.
- Olivier, B. 2009a. Lacan on the discourse of capitalism: Critical prospects. *Phronimon: Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, Vol. 10(1):25-42. Herdruk in Olivier, B. 2012. *Intersecting Philosophical Planes. Philosophical Essays*. London & Frankfurt: Peter Lang Academic Publishers, pp. 47-67.
- Olivier, B. 2012. When will the truth finally emerge? *Mail & Guardian Thoughtleader* webblad: <http://www.thoughtleader.co.za/bertolivier/2012/05/19/911-when-will-the-truth-finally-emerge/>
- Olivier, B. 2013. When fact imitates fiction: The Snowden case. *Mail & Guardian Thoughtleader* webblad: <http://www.thoughtleader.co.za/bertolivier/2013/06/14/when-fact-imitates-fiction-the-snowden-case/>
- Olivier, B. 2014. The subject: Deleuze/Guattari or Lacan? *Phronimon*, Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities, Vol. 15(1):46-66.
- Olivier, B. 2015. How should one understand the rise of “fundamentalism”? *Mail & Guardian Thoughtleader*-webwerf: <http://thoughtleader.co.za/bertolivier/2015/11/23/how-should-one-understand-the-rise-of-fundamentalism/>
- Parker, I. 2011. *Lacanian Psychoanalysis. Revolutions in Subjectivity*. London: Routledge.

- Pavón-Cuéllar, D. 2010. *From the Conscious Interior to an Exterior Unconscious. Lacan, Discourse Analysis and Social Psychology*. London: Karnac Books.
- Sorkin, M. & Zukin, S. (eds). 2002. *After the World Trade Center. Rethinking New York City*. New York: Routledge.
- Steger, M.B. 2003. *Globalization – A Very Short Introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Von Drehle, D. 2015. The War on Isis. *TIME* magazine, 9 March, pp. 14-21.
- Žižek, S. 2009. *Violence – Six Sideways Reflections*. London: Profile Books.

“Koos sê...”: ’n Kritiese diskoersanalise van die metakapitaal van ’n invloedryke Suid-Afrikaanse mediamagnaat

“Koos says...”: *A critical discourse analysis of the meta-capital of a prominent South African media tycoon*

GABRIËL J. BOTMA

Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch

E-pos: gbotma@sun.ac.za



Gabriël Botma

GABRIËL J. BOTMA is senior lektor in die departement Joernalistiek van die Universiteit van Stellenbosch (US). Hy het in 2011 die graad PhD aan die US verwerf met die proefskrif *Manufacturing cultural capital: Arts journalism at Die Burger (1990-1999)*. Botma is die stigter-redakteur en uitgewer van die akademiese internet-joernaal *Global Media Journal – African Edition*. Hy het die graad MPhil (cum laude) in 2006 aan die US behaal met ’n studie wat op media-transformasie by Naspers en *Die Burger* sedert 1994 fokus. Hy het navorsingsartikels in vooraanstaande vaktydskrifte, soos *Journalism and Mass Communication Educator*, *Ecquid Novi: African Journalism Studies*, *Communicatio* en *Critical Arts*, gepubliseer. Tot en met sy aanstelling by die US was hy kunsredakteur en -skrywer/resensent van *Die Burger* in Kaapstad.

GABRIËL J. BOTMA teaches Media Studies and Mass Communication Theory at the Journalism Department of Stellenbosch University. He is the founding editor and publisher of *Global Media Journal – African Edition*. In 2011 he obtained a PhD degree with the dissertation *Manufacturing cultural capital: Arts journalism at Die Burger (1990-1999)*. He has published research articles in prominent journals such as *Ecquid Novi: African Journalism Studies*, *Critical Arts*, *Communicatio* and *Journalism and Mass Communication Educator* in the field of political economy, cultural studies and journalism education. Until his appointment at SU he was arts editor and theatre critic of *Die Burger* in Cape Town.

ABSTRACT

This article, “Koos says...”: *A critical discourse analysis of the meta-capital of a prominent South African media tycoon*, engages the public statements of Koos Bekker, CEO of Africa’s largest media company, Naspers. Bekker is renowned as a visionary entrepreneur and has made a personal fortune in the process of taking Naspers from a national and rather sectarian print-based media company to an international digital television and e-commerce concern.

The aim of the article is to analyse and describe the discursive power relations in which

Bekker is situated. In the last few decades, Bekker received much media coverage, and also contributed a number of opinion pieces to the newspapers owned by Naspers. The argument here is that he functions as an opinion leader by virtue of his influence and standing in the field of business, and the “meta-capital” (Bourdieu & Wacquant 1992; Couldry 2003) it affords him – in part due to media access and exposure – across other fields in society.

In this regard the article refers to the discourse theory of Michel Foucault and the comparable work of Pierre Bourdieu on the link between language and power. According to this view, language is the medium of construction and circulation of knowledge/power in society. Those who have access to the media, are able to influence the construction of readers’ reality.

Flowing from this theoretical framework is the methodology of critical discourse analysis, as it was developed by Norman Fairclough and Teun van Dijk. Thus the analysis takes place on three levels – text, context of production, and the larger context of society.

The analysis focused on a number of selected articles, in the main interviews with or opinion pieces written by Bekker, in which he commented on issues outside his primary field of interest, Naspers and the media. The following eight discursive themes emerged: (Koos Bekker as) supporter of Darwinian evolution theory, critical patriot, champion for Afrikaans, critic of some Afrikaners, honorary Chinese citizen, strategic opinion leader, informed casual writer, and youth “worshipper”.

It was noted that Bekker occasionally moved close to institutional power, for example as a member of the Board of Stellenbosch University, and the Bid and Local Organising Committee of the 2010 Fifa Soccer World Cup. Interestingly, on at least two occasions Bekker engaged critically with the views of two former National Party ministers, Naspers’ former allies, in opinion pieces. In the first instance Bekker displayed relative conservative views on the maintenance of Afrikaans at South African universities, and in the second case he argued against conservative Afrikaners who tried to stop Stellenbosch University from awarding an honorary doctorate to deceased (Afrikaner Communist) freedom fighter Bram Fischer.

Thus, the CDA found that Bekker displayed a complex positioning towards Afrikaans and Afrikaners. On the one hand he clearly identified with “white” and “brown” Afrikaans speakers of a younger generation. His argument was that they should not be blamed for the “sins” of apartheid because they were born after the fact. But Bekker had far less empathy for the older generation of white Afrikaners. He identified two “types”, on the one hand those who had become bitter and reactionary about the loss of political power, and on the other those who had resigned themselves to an inferior position for their language and culture.

Writing in English for a wider audience on some occasions, Bekker emphasised South African inclusiveness and diversity as the key to unlocking the potential of the country. He was generally optimistic about the “new” South Africa, but also cautioned against tendencies such as “cader deployment” and a divisive polarisation between black and white.

It is argued in closing that his informed style and rhetoric displayed a sense of careful and strategic planning, dressed down by seeming nonchalance and a deliberate informal approach.

KEY WORDS: Afrikaans, Afrikaners, Bourdieu, Critical Discourse Analysis, Entrepreneur, Identity, Foucault, Language, Media, Naspers, Power, South Africa

TREFWOORDE: Afrikaans, Afrikaners, Bourdieu, Entrepreneur, Identiteit, Foucault, Mag, Media, Naspers, Kritiese Diskoersanalise, Suid-Afrika, Taal

OPSOMMING

Hierdie artikel onderneem 'n kritiese diskoersanalise van die openbare uitsprake van die Afrikaanse mediamagnaat Koos Bekker van Naspers-faam, sodat die diskursiewe magsverhoudings waarbinne hy hom bevind duideliker omskryf kan word. Behalwe dat Bekker baie media-blootstelling gekry het, het hy die afgelope dekade of meer ook verskeie meningsartikels tot die koerante van Naspers bygedra, en die argument is dat hy as 'n invloedryke meningsvormer (die draer van “meta-kapitaal” in 'n Bourdieuaanse sin) in die samelewing funksioneer. In dié verband verwys die artikel na die diskoersteorie van Foucault en Bourdieu se vergelykbare teorieë oor die verband tussen taalgebruik en magsuitoefening. Daaruit vloei die metodiek van kritiese diskoersanalise, wat na aanleiding van die werk van Fairclough en Van Dijk hier op drie vlakke – teks, konteks van produksie, en samelewingskonteks – geskied.

Die bevinding van die artikel is onder meer dat Bekker se komplekse posisionering ten opsigte van Afrikaans en Afrikaners gekenmerk word deur 'n identifisering met wit en bruin Afrikaanse jeugdiges, maar dat hy minder begrip vertoon vir die ouer geslag wit Afrikaners. Bekker beklemtoon ook gereeld die positiewe aspekte van kulturele inklusiwiteit en diversiteit, en is oor die algemeen optimisties, maar by tye ook skerp krities oor die “nuwe” Suid-Afrika. Sy skryfstyl, keuse van onderwerpe en publikasieplatforms getuig van strategiese berekendheid.

INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse mediamagnaat Koos Bekker is nie iemand wat doelbewus in die mediakalklig boer nie. Hy het trouens 'n reputasie as privaat, teruggetrokke en eksentriek (Harber 2012:11), wat sekerlik daartoe bydra dat sy periodieke mediaverskynings meer gesog sal wees. Maar met die fenomenale groei van die Suid-Afrikaanse mediamaatskappy Naspers (Kruger 2014), wat dikwels regstreeks aan Bekker se toedoen toegeskryf word (De Lange en Williams 2014; Hogg 2014), kan hy kwalik openbare aandag vermy. Bekker is self bewus van die gevare wat die kalklig mag inhou, want volgens Harber (2012:11) is sy “lae profiel 'n kwessie van beleid”:

“When you run media,” he told an interviewer, “you soon discover that managers who love playing in the limelight often get dazzled and bump into the furniture...Our managers stay away from the flashlights.”

Wat Bekker presies bedoel met “bump into the furniture” is onduidelik, maar dit dui op 'n verlies aan fokus op wat werklik saak maak – om die maatskappy winsgewend te bestuur. Dit is ook geregverdig om te bespiegel dat die topbestuur van 'n genoteerde maatskappy soos Naspers versigtig moet wees met die tipe uitsprake wat in die openbaar gemaak word, aangesien aandeelbeurspryse sensitief is vir stories en gerugte.

'n Goeie voorbeeld van bogenoemde het hom afgespeel rondom die nuus aan die begin van 2014 dat Bekker ná 17 jaar uittree as besturende direkteur van Naspers en ná 'n jaar se sabbatsverlof in April 2015 as voorsitter van die direksie sal terugkeer (Fin24 2014). Nuisberigte daarna dat hy gedurende sy sabbatsverlof “70% van sy aandele in die maatskappy verkoop het”, het aanvanklik heelwat wenkbroue laat lig, maar nader ondersoek het aangetoon dat hy geensins daarmee sy beherende houvas op die maatskappy verslap het nie (Rose 2015a). Inteendeel, dié transaksie het slegs Bekker se ontsaglike rykdom en invloed beklemtoon, soos Rose (2015a) beskryf:

For one thing, Bekker still holds 4,6m Naspers “N” shares – 1,1% of the company’s stock, worth R8,09bn at today’s price. But there is another reason to think Bekker’s influence is as strong as ever. This is thanks to Naspers’s archaic control structure, which dates back to its listing on the JSE in 1994. It works like this: the Naspers shares trading up a storm on the

JSE are the “N” shares. But the real locus of power lies in the privately held Naspers “A” shares, which carry 1 000 times the vote of the “N” shares. However, those “A” shares are owned by three opaque entities: Keeromstraat 30, which owns 30,8%; Nasbel, which owns 49,1%; and Wheatfields 221, which owns nearly 19%....Crucially, Bekker, who personally owns 25% of Wheatfields 221, hasn’t reduced his exposure to those “A” shares. So the headlines might suggest his influence at Naspers has dimmed of late. Don’t believe it: Koos is still in charge.

Ook Harber (2012:32) beskryf hoe Bekker se beherende aandeel in die maatskappy in die praktyk funksioneer, wat beteken dat sy uittrede as besturende direkteur of die onlangse aandeel-transaksie allermins die einde van sy mag en invloed daar beteken. In ’n onlangse onderhoud verwoord Booyens (2015) dit so: “Jy is nou die nie-uitvoerende voorsitter van Naspers. Mense het jou egter nie leer ken as ’n nie-uitvoerende mens nie . . .” Bekker antwoord as volg:

Ek dink dit is ’n ander rol. Die uitvoerende hoof, die ou wat die skip aanvoer, moet aanhoudend ’n klomp besluite neem. Dit is, veral in ons bedryf, ’n geweldig harde, vinnige en brutale lewe. Die voorsitter se rol is anders, nè? Jy staan terug en probeer kyk na die strategie. (Booyens 2015)

Voeg daarby die faktor dat Bekker se roem – Pierre Bourdieu (1984) sal dit beskryf as “simboliese kapitaal”¹ – hom al so ver vooruitloop dat dit moeilik is om te dink dat hy binne die afsienbare toekoms op die agtergrond gaan verdwyn. ’n Veelseggende verskynsel by Naspers is dat bestuurders dikwels ’n sin begin met “Koos sê ...” - met ander woorde – dit impliseer ’n opdrag wat uitgevoer of ’n idee wat ondersoek moet word, want binne Naspers is Bekker se woord wet (Harber 2012:17). ’n Belangrike vraag kom in hierdie verband na vore: watter moontlike invloed kan Koos Bekker in die openbare domein buite Naspers uitoefen? Om daaroor te besin moet daar vasgestel word wat Koos Bekker dink en glo, en spesifiek ook oor onderwerpe wat op die oog af minder direk met die politieke ekonomie van Naspers en die media te doen het.

Hierdie artikel ondersoek Bekker se uitsprake met die veronderstelling dat sy menings trefkrag in die openbare domein het. Die moontlike uitwerking daarvan is belangrik omdat Bekker nie net inspraak in die toekoms van SA en Afrika se grootste mediamaatskappy (Onu 2015) het nie, maar ook omdat sy sukses en invloed in die media- en sakewêreld aan hom ’n mate van invloed op ander terreine van die samelewing ook gee (Bourdieu [1992] se “metakapitaal”), met ander woorde, hy word as ’n meningsvormer gesien. Aan die hand van Bourdieu beskryf Couldry (2003:669) metakapitaal as die mag, verkry deur mediablootstelling, om in meer as een veld invloed uit te oefen.

Daarmee word nie gesuggereer dat Bekker as (enigste) oorsprong of sentrum van mag en magsdiskoerse binne of buite Naspers funksioneer nie. Foucault (1980, 1972) toon aan hoedat ’n subjek deur diskoers “ontstaan”, met ander woorde ook magshebbers soos Bekker is deel van strukture wat op hulle inspeel en hulle “skep” en help bepaal. Wat wel waar is, is dat wanneer Bekker aan diskoerse deelgeneem het, sy uitsprake dikwels aandag trek in verskeie oorde en moontlik ander se besluite en optrede beïnvloed. Bekker het dus die vermoë om aan sekere diskoerse legitimiteit bo ander te verleen.

¹ Volgens Harker, Mahar en Wilkes (1990:13) is “the definition of capital...very wide for Bourdieu and includes material things (which can have symbolic value), as well as ‘untouchable’ but culturally significant attributes such as prestige, status and authority (referred to as symbolic capital), along with cultural capital (defined as culturally-valued taste and consumption patterns”).

Hierdie artikel probeer die aard van Bekker se metakapitaal peil. Dit verduidelik met ander woorde aan watter magsdiskoerse hy deelgeneem het, en in watter rigting hy bestaande magsdiskoerse help stuur.

AGTERGROND

Harber (2012:6) beskryf Bekker as “bloubloed-Afrikaner”: “die seun van ’n onderwyser en boer wat sy loopbaan as senior lid van die Nasionale Intelligensiediens afgesluit het; hy was hoofseun van die Heidelberg Hoër Volksskool en het sy merk gemaak in die tempel van die Afrikaanse intellektuele establishment Universiteit Stellenbosch, waar hy die redakteur van die studentekoerant [*Die Matie*] was”. Daarna het Bekker ook aan die Universiteit van Witwatersrand regte studeer en ’n MBA aan Columbia-universiteit in New York behaal (Retief 2014).

Terwyl ek ’n werknemer van *Die Burger* was,² het Bekker in 1997 by Ton Vosloo oorgeneem as besturende direkteur van Naspers, die koerant se beheermaatskappy. Sy byna legendariese reputasie was toe reeds aan die groei – hoe hy as student in Amerika in die tagtigerjare by Ton Vosloo aangeklop het met die idee om die betaaltelevisiekanaal M-Net te begin, hoe die twee van hulle met die aanmoediging van die Nasionale Party ’n konsortium van media-aandeelhouers bymekaargebring het, en hoe die inisiatief eers amper gefaal en toe begin blom het.

Daarna het Bekker ook ’n hand gehad in die stigting van die selfoonmaatskappy MTN en die internet-onderneming MWEB. Die bars van die internetborrel aan die begin van die 21ste eeu het Naspers se aandeelprys ernstig geknou, maar nie Bekker se waagmoed as visionêre entrepreneur gedemp nie. Mettertyd het strategiese internasionale beleggings, veral in die Chinese maatskappy Tencent, reuse-dividende afgewerp. Naspers het uitgeskiet en is vandag die grootste media-maatskappy in Afrika.

Innovering en onkonvensionele strategieë het ook Bekker se bestuurstyl en persoonlike posisionering gekenmerk. Weg was die formele aanspreekvorms van die ou Nasionale Pers, hy was “Koos” vir almal van die bode en sekretaresse tot die lede van die direksie. By geleentheid het “Koos” ’n lorrievrag mielies van sy plaas af na Naspers laat vervoer, en personeellede kon elk ’n sakkie vars mielies voor die gebou gaan optel.

Benewens Naspers se kommersiële suksesse het Bekker die aandag van die sakemedia en medesakelui getrek omdat hy ’n formele salarispakket van Naspers van die hand gewys het in ruil vir mildelike aandeel-opsies in die maatskappy. Die reëling het sy ingesteldheid getoon – as die maatskappy wen, wen hy groot, maar as dit faal, val hy saam.³

Tot op hede was die kurwe nog maar net boontoe, en Naspers (en daarmee saam Bekker) neem nou sy plek in saam met die “groot gorillas”, aldus die joernalis Anton Harber wat ’n kort biografie, *Gorilla in the room*, oor Koos Bekker geskryf het. Die titel is ontleen aan ’n grappie by Naspers wat lui: “Waar sit die groot gorilla?” Die antwoord is: “Waar hy wil” (Harber 2012:24).

TEORETIESE INVALSHOEK EN METODOLOGIE

Hierdie artikel aanvaar die diskoersteorie van Michel Foucault (1980, 1972), asook Pierre Bourdieu (1991, 1984) se soortgelyke argumente oor die verband tussen taaluitinge en magsuitoefening, as teoretiese vertrekpunt. Kortliks kom dit daarop neer dat menslike belewenis van die werklikheid

² Ek was lid van die redaksie van 1988-1992 en weer van 1994-2007.

³ Williams (2014) verwys na wat Bekker “al grappenderwys gesê het oor Naspers se entrepreneuriese inslag: Hulle gooi spaghetti na die plafon en kyk watter stukke sit vas”.

binne taal plaasvind, en dat die proses van simboliese kommunikasie deur taal ook 'n magsproses is. Foucault (1980) het die samestelling “mag/kennis” gebruik om dié beginsel te illustreer, terwyl Bourdieu verwys het na “simboliese geweld” om magsuitoefening deur taal te beskryf (Bourdieu & Thompson 1991).

Volgens hierdie teoretici berus prosesse van benoeming en beskrywing deur taal op die reg om sekere idees, mense, groepe ens. in of uit te sluit, en dus om legitimiteit daaraan te verleen of te misken. Groep- en kultuurvorming en -ontwikkeling is dus gekoppel aan diskursiewe magsprosesse, want die stryd om te bepaal wat binne of buite 'n bepaalde groepsverband tuishoort, word ook op taalvlak gevoer.

In die geval van Bekker is dit dus belangrik om ag te slaan op wat hy sê (of nie sê nie), hoe hy dit sê, en waar en wanneer dit gesê word. Die seleksie van media-inhoud oor en deur Bekker vir ontleding bied 'n praktiese uitdaging. Desondanks die feit dat hy relatief media-sku is, het daar oor die afgelope dekades uiteraard baie in die media oor hom verskyn. Die slagwoord “Koos Bekker” op die soekenjin Google lewer byvoorbeeld meer as 36 000 resultate op, van 'n Wikipedia-inskywing en formele media-artikels tot informele verwysings in sosiale media-interaksies.

Die seleksie van die tekste vir ontleding is gemotiveer deur wat Merriam (2009:77) beskryf as “doelgerigte seleksie” (“purposeful sampling”). Dit is gebaseer op die veronderstelling dat voorbeelde “ryk aan informasie” aan die hand van voorafbepaalde kriteria geselekteer word. Merriam (2009:77) skryf:

Purposeful sampling is based on the assumption that the investigator wants to discover, understand and gain insight and therefore must select a sample from which the most can be learned.

Talle generiese verwysings na Bekker in sy hoedanigheid as sakeman, entrepreneur en “bekende”, dikwels in die verbygaan wanneer daar na Naspers verwys is, is buite rekening gelaat vir die doeleindes van hierdie artikel. Die teoretiese raamwerk posisioneer die data-ontleding immers in die kader van Bekker se eie uitsprake, omdat dit 'n meer direkte aanduiding van sy mening is. Voorts is hierdie artikel nie gefokus op wat Bekker oor Naspers en sy sakebelang en prestasies, asook die media en joernalistiek in die breë te sê gehad het nie. Danksy Bekker se gevestigde magsposisie binne die sake- en mediawêreld word hierdie uitsprake gewoonlik wyd gerapporteer en kan daar aanvaar word dat dit daar rigtinggewend is. Gemotiveer deur die konsep van metakapitaal is hierdie artikel eerder geïnteresseerd in Bekker se mening buite sy gevestigde veld van invloed, met die veronderstelling dat hy daar ook 'n mate van gewig dra.

Vir seleksiedoeleindes is dus primêr gefokus op persoonlike meningstukke deur Bekker waarin hy hom veral oor onderwerpe buite Naspers, en die sake- en mediawêreld uitgespreek het. Deur 'n internetsoektog met die slagwoorde “Koos Bekker skryf” en “Koos Bekker writes” is gepubliseerde media-artikels wat voldoen aan die kriteria wat bo bespreek is, opgespoor (sien bv. Bekker 2002, 2004a, 2004b, 2005, 2006, 2010a, 2010b, 2012, 2014).

'n Tweede kategorie media-inhoud oor Bekker is profielsketse en onderhoude wat klaarblyklik met sy instemming gepubliseer is (bv. Booyens 2015; Le Cordeur 2015; Booyens 2014; Retief 2014; Vorster 2012). Hierdie tekste is opgespoor deur 'n internetsoektog met die slagwoorde “Koos Bekker praat” en “Koos Bekker speaks”. Hoewel hierdie tekste nie deur Bekker self geskryf is nie, word sy mening daarin dikwels direk gerapporteer (van die voorbeelde sluit video-opnames in waarin hy self aan die woord is).

Selfs met joernalistieke raamteorie in gedagte – met ander woorde die idee dat mediaboodskappe deur die seleksie en prosessering van joernaliste “gekonstrueer” word en dus nie as 'n spieëlbeeld van die “werklikheid” beskou kan word nie (sien bv. Entman 1993), word daar steeds

geargumenteer dat hierdie tweede kategorie tekste aan bogenoemde kriteria vir seleksie voldoen. Die punt is dat hierdie tekste deel is van media-uitsprake wat met Bekker geassosieer word, en 'n aanduiding gee van die aard en inhoud van sy "metakapitaal" in die samelewing. In sommige gevalle is die ontwikkeling van sy standpunte oor bepaalde onderwerpe met verloop van tyd weergegee, terwyl daar ook probeer is om sy mees onlangse uitsprake oor 'n bepaalde onderwerp op te spoor.

Voortvloeiend uit die bogenoemde idees van Foucault, Bourdieu en ander, het 'n metode van teksontleding, genaamd kritiese diskoersanalise ontwikkel. Dit is deel van 'n groot en diverse multidisziplinêre veld van diskoersteorie en -analise. Talle inkarnasies en variasies van kritiese diskoersanalise is veral gewild in die velde van linguistiek en mediastudies. In eersgenoemde veld is die klem dikwels op hoog-tegniese teksanalise, terwyl laasgenoemde tipies meer fokus op die kontekstuele plasing van tekste.

Hierdie artikel sluit aan by Fairclough (2003, 1998) en Van Dijk (1998) se inklusiewe beskouing van teks en konteks, en volg eersgenoemde se voorstel vir 'n drievlakkige analise van samelewingskonteks, konteks van produksie, en teks. Met ander woorde, elke teks word eerstens ontleed deur te kyk na die groter samelewingskonteks en die rolspelers, aktuele gebeure en geskiedenis waarteen die teks geplaas is en waarmee dit verband hou. Tweedens kyk die analise na die joernalistieke konteks waarin die tekste geproduseer is (soos hoe en waar tekste geplaas is; wie die skrywers en bronne is; die eenaars van die media waarin dit gepubliseer is ens.). Laastens verskuif die fokus na die interne meganismes van kommunikasie (woordgebruik, metafore, aktiewe of passiewe rede, ens).

Hoewel die analise van tekste hoofsaaklik gefokus het op die twee kategorieë wat bo uiteengesit is ('n seleksie van tekste deur Bekker, asook profielsketse en onderhoude met hom) is tersaaklike inligting uit ander primêre en sekondêre bronne wat opgespoor is, ook ter staving ingesluit. Temas is induktief geïdentifiseer deur die tekste deeglik te bestudeer totdat 'n punt van "versadiging" ("saturation") bereik is. Merriam (2009:183) bespreek die vraag hoe 'n kwalitatiewe navorser weet dat hy of sy genoeg data versamel en ontleed het. In dié verband word die konsep "versadiging" beskryf as die punt wanneer geen nuwe inligting of insigte oor die fenomeen wat jy bestudeer meer na vore kom nie. In hierdie artikel is die fenomeen onder bespreking die "metakapitaal" van Koos Bekker, soos blyk uit die samelewingsdiskoerse waarin hy geposisioneer is.

Vervolgens word die bespreking gestruktureer aan die hand van temas wat induktief uit die analise na vore gekom het. Hoewel die model van kritiese diskoersanalise wat hier aangewend is, op drie vlakke funksioneer (teks, konteks van produksie, en samelewingskonteks) word die bespreking nie daarvolgens onderskei nie. Die bespreking van bevindings word dus om praktiese redes, veral om fragmentasie en herhaling te voorkom en leesbaarheid te verhoog, eerder rondom die geïdentifiseerde temas aangebied.

BEVINDINGS (Koos Bekker as...)

Aanhanger van evolusie-teorie

Klaarblyklik is evolusieteorie 'n sterk persoonlike belangstelling by Bekker. Soos Harber (2012:25) skryf:

...Bekker told me of his long-standing interest in Darwin: 'People quote Darwin saying that it is the strongest that survive, the fittest. But that is not what he said: he said it is those who are most flexible, those who can adapt to change, who survive.' At the time, it seemed like a throwaway remark. I was to realise that it was the key to understanding his approach to business and management.

Tekenend hiervan is die Naspers Akademie, gestig op inisiatief van Bekker in 2013 om voortdurende opleiding vir personeel te verseker (Naspers Academy 2015). Een van die akademiese konferensies in 2014 was byvoorbeeld getiteld “How to develop adaptive leader”, en is bemark onder die slagspreuk: “If you want to survive you must learn to adapt!”

In samehang met die groter evolusietema skets Bekker (2006) die buitelyne van die Afrika-oorsprong-teorie, wat beskryf hoe mense in Afrika ontwikkel het en daarvandaan oor die aardbol migreer het. Hy gebruik dus evolusieteorie om uit te kom by die slotsom dat wit mense ook in Afrika “hoort” en dat Afrika sy regmatige plek in die wêreld moet inneem. Tweedens argumenteer hy dat dié teorie aantoon dat diskriminasie op grond van velkleur en “ras” totaal ongegrond en teenproduktief is. Bekker se siening hieroor is waarskynlik beïnvloed deur die boek *Out of Africa's Eden* deur Stephen Oppenheimer (uitgegee deur Jonatahan Ball, filiaal van Naspers, in 2004), waarin Afrika as oorsprong van die mensdom beskryf word.

Botma (2006:230-231) dui aan hoe Bekker, na aanleiding van die bekendstelling van *Out of Africa's Eden*, ’n reeks “sinergie”-projekte binne Naspers onder die vaandel van die “So where do we come from”-projek geïnisieer het. Dit het ingesluit die vervaardiging van ’n dokumentêre rolprent oor genetica en genealogie, met die strekking dat alle mense uiteindelik hul oorsprong na Afrika kan terugvoer, diepte-forumartikels en prominente nuusberigte (selfs op voorblaai) deur *Beeld* en *Die Burger*, ’n artikelverslag deur *Huisgenoot* oor die proses om Suid-Afrikaanse glanspersoonlikhede se herkoms deur genetiese toetsing te bepaal, pogings om deur MWeb ’n genealogie-webwerf te begin, en geselsprogramme op MNet en kykNET waaraan wetenskaplikes, joernaliste en bekendes deelgeneem het.

Hierdie geval is ’n goeie voorbeeld van Bekker se “metakapitaal”, met ander woorde hoe sy persoonlike belangstellings nie net Naspers se optrede en strategie kon beïnvloed nie, maar ook uitgekring het met die potensiaal om menings daarbuite te vorm. In die geval van “So where do we come from” was die doelwit, behalwe finansiële, klaarblyklik om wit mense se aanspraak op Afrika as tuiste te ondersteun, en dus in die proses moontlik ook sogenaamde rassewrywing teen te werk.

Kritiese patriot

’n Oorsig oor sommige van Bekker se uitsprake oor Afrika en Suid-Afrika se situasie en vooruitsigte dui op klemverskuiwings tiperend van ’n kritiese patriot. Vroeg in die nuwe millennium (2002) was hy by geleentheid matig optimisties, en kort ná die 2010 Wêreldbekersokkertoernooi (hy was lid van die bod- en plaaslike reëlingskomitee) bykans eufories oor Afrika en Suid-Afrika se vermoë om die res van die wêreld in die oë te kyk. Bekker (2012) is egter erg krities oor politieke inmenging in die Suid-Afrikaanse ekonomie en reageer soos volg: “In South Africa, regrettably, a practice has arisen to mingle the two.” Hy vervolg:

Politicians acquire business interests and soon can’t distinguish between private profit and the greater public good. Conversely, business people are ‘cadre deployed’ into public appointments and use those to push their private interests... There can hardly be any country in the world that has mangled its great public corporations like we have in recent years: Eskom, Telkom, the SABC, Sentech, the Land Bank, etc.

Aan Retief (2014) sê Bekker:

Die politiek in die land loop tans skeef, en dit kan dalk treurig eindig. Maar, soos ons almal in 1994 verras is, só kan dinge ook weer regkom.

Teen 2015 is dieselfde mengsel van optimisme, kritiek en twyfel oor wat Bekker sien as korrupsie en politieke betrokkenheid by en inmenging in die ekonomie steeds aanwesig. Oor die (ekonomiese) toekoms van Afrika sê Bekker byvoorbeeld aan Booyens (2015):

Afrika in sy geheel groei tipies teen 3%, 4%, 5%. Dit is nie ’n groeiakoers wat jy in Europa kry nie. Afrika het sy probleme – korrupsie en sosiale instellings wat nog swak is – maar hy het oor die algemeen ook ’n vinniger groeiakoers as die meeste ontwikkelende lande. Afrika gaan oor, kom ons sê, 50 jaar ’n groter bevolking as China hê en beslis ryker wees as wat hy vandag is. Ek is redelik optimisties oor die kontinent.

Hoewel Bekker se uitsprake oor Afrika en Suid-Afrika dikwels uit ’n ekonomiese perspektief, sy primêre kennis- en magsveld, plaasvind, sluit aspekte daarvan aan by ’n bekende Westerse koloniale diskoers van Afrika-pessimisme. Maar hy balanseer hierdie uitsprake strategies met boodskappe van optimisme en trots, gebaseer op prestasies op die terreine van onder meer sport, geskiedenis en kultuur.

Kampvegter vir Afrikaans

Na aanleiding van ’n onderhoud met Koos Bekker skryf Retief (2014) soos volg oor sy houding teenoor Afrikaans:

En Afrikaans, waarvoor hy so lief is. Vir hom as wêreldbürger suggereer dit steeds die klanke van sy jeug, die reuke, die herinneringe. ‘*My nooi is in ’n nartjie, my ouma in kaneel...* Omdat ek daarin grootgeword het, het Afrikaans vir my ’n resonansie wat geen ander taal het nie.’

Dus het Bekker, sedert 2000 ’n raadslid van die Universiteit van Stellenbosch (ver kies deur die konvokasie), hom al sterk in die openbaar oor die plek en rol van Afrikaans aan dié en ander universiteite uitgespreek. Bekker (2005) verklaar dat “[A]s Stellenbosch homself as tweetalig begin projekteer – of slegs binnensmonds-mompelend Afrikaans wil wees – kan hy dit nooit bly nie”. Teen 2014 het die taalbeleid van die US inderdaad sodanig verander dat Afrikaans en Engels gelyke status gegee is. In 2005 het Bekker nog stellig verklaar: “As Stellenbosch sou verengels, kies hy myns insiens die roete van papbroekigheid”.

In 2014 argumenteer Bekker steeds dat Afrikaans as universiteitstaal in stand gehou moet word:

Ons land het so 25 universiteite. As 14% van hulle ook Afrikaanstalig is, impliseer normale burgerregte dat ons land rondom drie universiteite sal bied waar daardie studente wat dit graag wil doen ook in Afrikaans kan studeer. Met geen meer burgerregte as enigiemand anders nie, maar ook nie met minder nie.

Bekker (2014) is veral gekant teen die suggestie dat Afrikaanssprekenes weens apartheid nie moet aandrang op Afrikaanse universiteitsonderrig nie. In 2015 het hy – vir sover vasgestel kon word – geen openbare uitsprake oor Stellenbosch se taalbeleid gedoen nie. Hy was wel steeds lid van die Universiteitsraad wat te midde van hewige debat oor ’n voorstel van die Rektor se Bestuurspan dat Engels die verstektaal aan die universiteit moes word (Phakhati 2015; Makhafola 2015), die gelyke status van Afrikaans en Engels as administratiewe en onderrigtale op voorgraadse vlak herbevestig het (Nel & Janse van Rensburg 2015).

Insiggewend in die lig van kritiek uit talle oorde dat Naspers, gebou op Afrikaner-belange, algaande sy ideale ten koste van winsbejag versaak het (Sien Froneman 2004), laat Bekker (2005) hom soos volg uit oor die beperkte rol van sakelui soos hy om Afrikaans se voortbestaan te verseker:

Net sowat 12% van Naspers se omset word in Afrikaans bedryf... Ons verkoop daaglik ook meer koerante in Engels as in Afrikaans. Geen groot maatskappy waaraan ek kan dink, sal ’n vinger lig om Afrikaans te beskerm nie. Die redes om so ’n taal/ kultuur te koester, hou nie verband met geld nie. Eerder met die gemeenskap wat ons wil wees, met ons wortels in Afrika en met die verhouding van wit en bruin Afrikaanssprekende lede van dieselfde huisgesin.

In 2005 en 2014 het Bekker dit duidelik gemaak dat hy die toekoms van Afrikaans aan universiteite, en spesifiek die US, deels aan die toetreding van die “bruin” gemeenskap van die Wes-Kaap koppel. Indien die US verengels, het hy in 2005 aangevoer, word “...in die praktyk die rug toe[gekeer] op ons wortels in Afrika en op ons bruin boeties en sussies. Watse soort gemeenskap bou ons só in die Wes-Kaap?”.

Die verwysings na “bruin boeties en sussies” suggereer ’n nabye (familiale) en informele verhouding tussen alle lede van die Afrikaanse taalgemeenskap, wat in feite weens apartheid, en 21 jaar na die afskaffing daarvan, nie bestaan nie. In dié opsig is Bekker se mening oop vir kritiek dat ’n verhouding met bruin sprekers om strategiese redes versin word.

Bekker toon ’n relatiewe konserwatiewe houding ten opsigte van die behoud van Afrikaans by universiteite, wat in ’n mate indruis teen die huidige rigting van ontwikkelinge op grondvlak by al die voormalige Afrikaanse universiteite. As raadslid van die US was hy wel in 2005 krities uitgesproke oor die moontlikheid van verengelsing spesifiek daar, maar meer onlangs het hy meer oor die algemeen kommentaar gelewer.

Kritikus van sommige Afrikaners

Bekker (2014) is taamlik afwysend oor sommige ouer wit Afrikaners, wat hy beskryf as ’n “vorige geslag wat verantwoordelik was vir die administrasie van apartheid”, maar wat nou reaksionêr of passief geraak het. Hy plaas lede van dié geslag op ’n “spektrum” en identifiseer dan “twee sielkundige reaksies” as uiterstes.

Die een uiterste noem Bekker (2014) ’n “refusenik”. Dit is hoofsaaklik afgetredenes wat nie hoef te “engage met die nuwe werklikheid nie”. Hulle sou wou emigreer, maar die “laaste dae van bitterheid leef hy uit in ’n strandhuis op Rooi-Els, waar hy tuur na die nuwe Suid-Afrika om fout te vind: Elke beriggie van korrupsie of onbeholpenheid gee hom eintlik Schadenfreude”. Die ander uiterste, ’n “professionele kreesy krauly”, kort “tipies ’n inkomste en kan dit nie bekostig om te onttrek nie”.

Maar jongmense word klaarblyklik kwytgeskeld van enige vorm van kollektiewe of historiese skuld. Hy verklaar dat “bruin” lede, wat die helfte van die groep van Afrikaanssprekendes beslaan, “kwalik vir apartheid geblameer [kan] word”, terwyl die “wit helfte het ook nie deel aan apartheid gehad nie omdat hulle eenvoudig daarna gebore is”. Met hierdie argument ignoreer Bekker (2014) die feit dat patrone van wit bevoorregting in vele opsigte nog by die jonger generasie Suid-Afrikaners te bespeur is.

Die enigste opsie, volgens hom, vir ’n “Afrikaanssprekende jongmens, bruin of wit” is volgens hom om “vrede te maak met die nuwe Suid-Afrika” en om ’n “rol in sy ekonomie te vind waarin jy ’n nuttige bydrae kan maak”. Bekker sien dit as “redding” vir jongmense dat hulle nie “die persoonlike skuld van apartheid dra nie en regop kan loop”. Die implikasie is dat ouer mense dus

⁴ Teen 2015 is dié persentasie waarskynlik veel laer deurdat Naspers se internasionale beleggings aansienlik gegroei het terwyl die Suid-Afrikaanse belange in veral die drukmedia toenemend onder druk verkeer.

wel skuld dra en dus nie dié voorreg het nie. Hy raai die jonges aan om “die ouer geslag wat namens jou wil oorgee uit die pad te vee en self [te] begin praat”.

Ere-Chinees

Bekker assosieer hom met verteenwoordigers van sogenaamde opkomende lande, en veral China, wat al dekades een van sy fokuspeunte en ’n objek van sy bewondering is (Retief 2014). Danksy Naspers se belegging in veral die Chinese maatskappy Tencent het eersgenoemde tot ongekende hoogtes gegroei. Maar Bekker “belé” ook op ander maniere in China deur bevordering van dié land se taal en kultuur in Suid-Afrika. Hy het byvoorbeeld ’n deurslaggewende rol gespeel in die vestiging van die Sentrum vir Chinese Studie en die bevordering van die onderrig van Mandaryns aan die Universiteit van Stellenbosch (Marais 2002) en onder belangstellende Naspers-werknemers.

Volgens Hogg (2011) meen Bekker dit is net ’n kwessie van tyd voor die Chinese ekonomie die Weste klop. Bekker meld gereeld dat die Weste nou “oud” is en dat nuwe geleenthede daarbuite gesoek moet word (sien Booyens 2015).

In sy besinging oor die prestasies van China bly Bekker egter in gebreke om die land se onderdrukkende politieke regime te kritiseer. Dit skakel met Naspers se algemene swye oor China se diktatoriale sensuurstelsel, klaarblyklik omdat die maatskappy nie sy eie media- en ander handelsbelange daar wil skaad nie (sien Rose 2015b).

Naspers se standpunt, volgens Harber (2012:37), is dat hy dit aan sy Chinese vennote oorlaat om met die owerheid te onderhandel, en dat dit die maatskappy help dat Suid-Afrika nie vyande het nie, en dus meer welkom is op plekke soos China, Rusland en Brasilië as byvoorbeeld ’n Amerikaanse maatskappy. Oor sensuur kan hy kwalik kommentaar lewer, sê Bekker byvoorbeeld aan Harber (2012:37) en vervolg: “Tencent is a listed entity with its own board and identity.”

Harber vervolg dat dié pragmatiese benadering dalk spruit uit Naspers se ondervinding gedurende die jare van apartheidsensuur in Suid-Afrika. Of, as jy meer krities wil wees, kan jy sê dit reflekteer Naspers se geskiedenis, naamlik dat hy “gemaklik naby mag kan lewe” (2012:37).

Strategiese meningsvormer

Dit is opmerklik dat Bekker relatief gereeld meningsartikels gepubliseer het in media-instansies wat aan Naspers behoort (sien bv. Bekker 2002, 2004a, 2004b, 2005, 2006, 2010a, 2010b, 2012, 2014). Bydraes is versprei tussen Media24 se Engelse weekblad *City Press*, die aanlyn-nuuswebwerf News24 (ook in Engels) en die Afrikaanse koerante *Beeld*, *Die Burger* en *Rapport*. Aangesien Bekker in ’n magsposisie in die maatskappy is, is dit onwaarskynlik dat die redakteurs van die onderskeie publikasies sy bydraes sou afkeur, terwyl hy waarskynlik ’n mate van inspraak in redaksionele prosesse (kon) gehad het (soos of en in watter mate die artikel voor publikasie geredigeer is). Hoe meer beheer Bekker oor die produksieproses van die media-inhoud kon behou, hoe minder is die kans dat die joernalistieke “raming” van die artikel van sy eie doelstellings verskil.

Bekker se bydraes vir die Afrikaanse dagblaie (2004b, 2005, 2014) het opmerklik sterk op die Afrikaanse taalkwessie en die posisie van Afrikaners in die postapartheid bedeling gefokus. By minstens twee geleenthede het hy erg krities te velde getrek teen openbare uitsprake deur oud-ministers van Naspers se voormalige bondgenoot, die Nasionale Party, onderskeidelik Leon Wessels en Tertius Delpont. By eersgenoemde bespeur Bekker (2014) “’n soort weersin in Afrikaans, ’n aanname dat Afrikaanssprekendes weens die sonde van apartheid nie hul stem in die openbare debat moet laat hoor nie”. Bekker (2004b) kry Delpont en sy ondersteuners voor stok oor teenstand teen die toekenning van ’n eredoktorsgraad van die Universiteit van Stellenbosch aan die kommunistiese anti-apartheidstryder Bram Fischer:

Hoe op aarde stel mens Fischer se nalatenskap as bloeddorstig voor, waar Afrikaners soos hy en Beyers Naudé so 'n groot rol gespeel het om Nelson Mandela en ander van die essensiële goedheid van die mens te oortuig? Hierdie aanname lê vandag ten grondslag van ons demokrasie.

Rondom die Wêreldbekersokkertoernooi in 2010⁵ het hy bydraes oor die “nuwe” Suid-Afrika se plek en rol in die wêreld in *City Press* gelewer (2004a, 2010a). Interessant genoeg was Bekker se bydraes tot die Engelse media dus dikwels veel minder aan 'n spesifieke kultuurgemeenskap gebonde as dié in die Afrikaanse media. Hy het in Engels byvoorbeeld breedvoerig oor 'n herwaardering van Afrika as die “wieg van die mensdom” geskryf, ook in *City Press* (2006). 'n Ander tema was Suid-Afrikaanse identiteit en politieke ekonomie, waaroor Bekker in 2002 (meer positief) en weer in 2012 (meer negatief) geskryf het.

Ingeligte loslit-skrywer

'n Informele, amper nonchalante skryfstyl, samehangend met ingeligte en berekende inhoud, is kenmerkend van Bekker. Dit pas by sy beeld as immer vernuwende, aweregse innoveerder en vrydenker wat konvensies en strukture verwerp en omvorm. Bekker (2004a) vermeng dikwels klassieke literatuurverwysings met kontemporêre spreektaal en verklaar byvoorbeeld met verwysing na die twee vorige Olimpiese gasheerstede Athene en Beijing:

Their experiences remind one of Charles Dickens' *A Tale of Two Cities*: there ain't no similarities.

Hy gebruik ook graag humoristiese verwysings en beeldspraak, soos byvoorbeeld die volgende aanhaling in 'n stuk waarin hy vra dat politici hul neuse uit die ekonomie moet hou:

To parachute a politician in as head of a complex commercial group is as wise as dressing that same gentleman in the strip of Kaizer Chiefs and sending him on the field as goalie in the next derby against Pirates. (Bekker 2012)

Bekker (2005) verskaf nog 'n goeie voorbeeld:

Soos die tieners sê: Hal-lo. (Of dit in die 21ste eeu überhaupt nog aspirerend is om 'n Europeër te probeer wees, weet ek nie. Europa is 'n moeë ou brontosaurus in die wêreld ekonomie. Die toekoms lê in dim sum en roti, nie in yorkshire pudding nie: Vlieg oos, jongman.)

Bogenoemde paragraaf demonstreer ook 'n ander aspek van Bekker se styl en inhoud, doelbewuste verwysings na en identifisering met die jeug, veral deur tipiese humoristiese formuleringe, verwysings en tussenwerpsels. In Bekker (2014) verklaar hy in 'n stadium “Soos die studente sê: Gimme a break!” in reaksie op 'n argument wat hy verwerp, in 'n ander konteks weer “Like the kids type on their cellphones: LOL” (Bekker 2012). Meer oor die rol wat “jeudigheid” in Bekker se uitsprake speel, volg in die volgende bespreking.

⁵ Naspers, soos talle ander bedrywe in die land, het uiteindelik ook gebaat by die toernooi, volgens Slabbert (2011): “Meer as 200 000 Suid-Afrikaners en ongeveer 60 000 in die res van Afrika het bykomend op [Naspers se] betaal-TV ingeteken – vir die eerste keer was die totale subskripsies meer as vyf miljoen.”

Jeug-“aanbidder”

Bekker (2014) deel die leser mee dat hy “tans oorsee” reis en “nuwe dinge” beleef. Dit pas by sy beeld as internasionale entrepreneur op soek na die volgende tendens, maar suggereer ook ’n binêre spanning met “oud”, wat na gelang van omstandighede deur verskillende van Bekker se diskursiewe “opponente” beliggaam word.

Bekker is byvoorbeeld binne Naspers berug daarvoor dat hy by verskillende geleenthede aangedui het dat mense bo 40 nie nuwe media verstaan nie en mense bo 30 kwalik met nuwe uitvindings vorendag kom (sien Retief 2014). Soos bo genoem, is hy in dié sin ’n “aanbidder” van jeugdigheid en besing dikwels jong mense se lof. Aan Retief (2014) sê hy:

Meeste mense degenerer soos hulle ouer word. Hulle raak minder bevatlik vir indrukke, vervelig. Jong mense stimuleer jou, want hulle is ontvanklik, enigiets is nog moontlik in hul lewens.

Bekker (2014) meld dat hy op ’n internasionale reis veral getref is deur “die selfvertroue van studente – veral Chinese, Indiërs en Nigeriërs”, want die “wêreld behoort aan hulle; hulle gaan hom herskep”. Aan Booyens (2015) sê Bekker onder meer:

Mense in jong lande is meer optimisties en meer ambisieus. Hulle wil hul kinders verder laat kom in die wêreld. Dis anders as in Europa. Wat my altyd tref in Frankryk wanneer jy met studente gesels, is dat hulle al teen Woensdag praat oor wat hulle die naweek gaan doen. Dan kom jy in Indië by ’n klomp ingenieurs en Vrydagaand agtuur werk hulle nog. Dit is hoekom Indië gaan ryk word en Europa arm.

Teen hierdie agtergrond van sy bewondering vir jeugdigheid is sy beskrywing van sy ontmoeting met en bewondering vir die bejaarde kosskrywer van *Kook en geniet*-faam, S.J.A. de Villiers, by ’n maatskappyete (wat hy gewoonlik as “sielododend” ervaar), nogal ironies. Bekker (2010b) beskryf hoe hy aanvanklik maar huiwerig was:

Een middag enkele jare gelede kyk ek regs en sien ek’s geplaas langs ’n grys-wit antietjie met ’n bril. Links is darem ’n internet-genie. Maar ek moet met haar praat en my moed sak. Ek skink my chardonnay-glas vol om deur die volgende uur te kom. Nou wie’s dié antietjie? skryf ek op die spyskaart en glip dit na ons uitgewer oorkant die tafel. Ons uitgewer bekyk my soos Julius Malema, haal ’n Cartier-vulpen uit haar handsak, krap iets op die spyskaart en skuif dit met die voerpunt van ’n koue mes stadig terug oor die tafeldoek. Haar woorde lees: “SJA de Villiers, Kook en geniet”.

Bekker beskryf hoe hy met haar begin gesels het en in haar ’n geesgenoot as entrepreneur ontdek het. Hy sluit af:

Ina de Villiers was ’n entrepreneur wat nie net die goue eier gelê het nie, maar die hele gans gemaak het: skrywer, uitgewer, entrepreneur. Sy het ryk geword. Toe die ete eindig en die poeding kom, besef ek die internet-genie wat links van my gesit het, het reeds geloop, seker dikbek. Ek het immers heeltyd met Ina gepraat. Dís die soort mens wat ons ekonomie nodig het: vindingryk, weerbarstig, onkonvensioneel. Wat ’n eer om langs die grys-wit antietjie met die bril te sit!

Dié huldeblyk aan De Villiers is met Bekker se kenmerkende beskrywende humoristiese aanslag gelewer, met ontblotende self-ironisering daarby, maar dit toon ook aan dat in Bekker se denkraamwerk die gewone senior burger veel eerder as die (jong) internet-genie die “dikbek” gas rondom die maatskappy-tafel sal wees.

TEN SLOTTE

Dié artikel toon aan dat Koos Bekker hom die afgelope twee dekades en meer oor 'n wye reeks onderwerpe buite die sakewêreld van Naspers uitgespreek het. Hier is agt diskursiewe temas as aanduiding van sy metakapitaal geïdentifiseer: (Koos Bekker as) aanhanger van evolusieteorie, kritiese patriot, kampvegter vir Afrikaans, kritikus van sommige Afrikaners, ere-Chinees, strategiese meningsvormer, ingeligte loslit-skrywer, en jeug-“aanbidder”.

Eerstens opmerklik is dat Bekker se persoonlike oortuigings in verband met evolusieteorie klaarblyklik neerslag vind in sy sakefilosofie en besluitneming binne Naspers. In aansluiting daarby het hy verskeie inisiatiewe van stapel laat loop om die “Afrika-oorsprong”-teorie aan 'n breë publiek bekend te stel, en by geleentheid ook self 'n meningsartikel daaroor in 'n Naspers-publikasie gepubliseer. Behalwe die finansiële voordele wat die maatskappy moontlik uit hierdie vorm van “sinergie” kon put, het Bekker se eie politieke filosofie oor die plek en rol van wit mense in Afrika, asook teenkating teen diskriminasie gegrond op velkleur en “ras”, waarskynlik ook 'n rol gespeel.

As internasionale sakeman het Bekker hom dikwels op 'n groter forum as Afrika- en Suid-Afrikaanse optimis en patriot geposisioneer. Bekker se Suid-Afrikaanse optimisme het teen 2010 'n hoogtepunt bereik, net na die suksesvolle Fifa-sokkertoernooi met hom as lid van die bod- en plaaslike reëlingskomitee. Twee jaar later het hy egter sterk krities gereageer op “kader-ontploffing” en die skade wat politieke aanstellings aan die ekonomie aanrig, maar teen 2015 meen hy steeds dat die toekoms in Afrika en ander “ontwikkelende” streke lê en dat die Weste se beste dae agter die rug is.

Aangaande die Afrikaanse taaldebate by universiteite en die rol van “wit” Afrikaners in die samelewing toon die analise dat Bekker teenstrydige posisies probeer versoen. As raadslid (verkieur deur die konvokasie) van die Universiteit van Stellenbosch was Bekker in 2005 byvoorbeeld taamlik uitgesproke oor verwickelinge by dié universiteit. Hoewel sy kernargumente teen 2014 wesenlik dieselfde was, lyk dit of hy hom in die openbaar van regstreekse kritiek op die US weerhou het, desnieteenstaande dat dit waarteen hy die US in 2005 gewaarsku het, in die praktyk aan die gebeur was (gelyke tweetaligheid is byvoorbeeld as vertrekpunt daar aanvaar in direkte teenstelling met Bekker se afkeur daarvan in 2005). Bekker was by geleentheid egter self skepties oor die moontlikheid dat daar op ryk sakemane (soos hy) en maatskappye soos Naspers “vertrou” sal kan word om Afrikaans se voortbestaan te verseker.

Terwyl Bekker se standpunt oor Afrikaans as behoudend gesien kan word, is hy terselfdertyd erg krities oor ouer wit Afrikaners, veral diegene wat volgens hom reaksionêr of kruiperig in die nuwe bedeling optree. Hierdie klaarblyklike gebrek aan empatie met sy tydgenote en sy ouers se generasie staan in skerp kontras met sy onkritiese ondersteuning van en assosiasie met jong Suid-Afrikaners, insluitend wittes in die Afrikaanse taalgemeenskap (soos sy kinders), wat hy kwytkseld van enige kollektiewe historiese apartheidskuld.

Bekker se belangstelling in en bevordering van China as sake- en kulturbestemming neem baie vorme aan, maar die artikel toon aan dat hy hom strategies weerhou van kritiek op die land se diktatoriale regering en sensuurstelsel omdat Naspers aansienlike sakebelange daar gevestig het. Dié optrede lok kritiek uit by diegene wat meen Naspers se optrede in China vertoon sekere raakpunte met die maatskappy se onderdanigheid gedurende apartheid.

Bekker se keuse van onderwerpe en betrokke media waarin hy periodiek meningsartikels gepubliseer het, was fyn strategies, byvoorbeeld deur vir Afrikaanse koerante oor Afrikaanse taal- en kultuursake te skryf en in die Engelse media oor inklusiwiteit, diversiteit en nasiebou, asook groter historiese en politiek-ekonomiese kwessies.

Bekker se skryfstyl getuig van afwerking en berekendheid, al is dit op die oog af dikwels informeel en nonchalant. Hy verander gereeld die toonaard deur eietydse humoristiese woorde,

frases en tussenwerpsels te jukstaponeer met ingeligte intertekstverwysings na die klassieke geskiedenis en letterkunde van die wêreld. Ernstige argumente word soms ligtelik aangebied, en omgekeerd.

Die artikel het ten slotte aangedui hoe Bekker hom as ondersteuner van die jeug en jeugdigheid positioneer, wat al tot omstredeheid binne Naspers gelei het omdat ouer werknemers misken voel. Sy “aanbidding” van jeugdigheid sorg ook soms vir ironiese teenstrydighede, soos sy huldiging van ’n bejaarde entrepreneur in wie hy ’n geesgenoot ontdek het, hoofsaaklik omdat albei van hulle as betreklik jeugdige entrepreneurs hulself onderskei en hul fortuine begin maak het.

BIBLIOGRAFIE

- Bekker, K. 2002. We are one nation, now let us all build it – together. *City Press*, 10 November, p. 30.
- Bekker, K. 2004a. The Greek example: what not to do. *City Press*, 16 May, p.3.
- Bekker, K. 2004b. Wat is die alternatief vir versoening? *Die Burger*, 11 November, p.15.
- Bekker, K. 2005. Keira, wat’s jou ringtone? *Die Burger*, 26 Oktober, p. 13.
- Bekker, K. 2006. Africa is no sideshow in the epic story of humankind. *City Press*, 30 April, p.23.
- Bekker, K. 2010a. Overcoming the victim mentality. *City Press*, 31 July, p. 27.
- Bekker, K. 2010b. Langs my sit ’n grys-wit antietjie...*Rapport*, 25 September, p. 3.
- Bekker, K. 2012. Anyone up for being the goalie? *News24*, 6 May. <http://www.news24.com/Columnists/GuestColumn/Anyone-up-for-being-the-goalie-20120505-2> [24 February 2015].
- Bekker, K. 2014. Refuseniks, kreepy kraulies en studente. *Beeld*, 10 Junie, p.10.
- Booyens, B. 2014. “17 jaar van tone stamp, en miljarde se sukses.” *Die Burger*. 23 Februarie. http://m24arg02.naspers.com/argief/berigte/dieburger/2014/02/24/13/bunkoos-SA_30_0_262944636.html [3 September 2015].
- Booyens, B. 2015. Koos Bekker gesels ná sy Sabbatsverlof. *Netwerk24*, 9 Mei. <http://www.netwerk24.com/sake/2015-05-09-koos-bekker-gesels-n-sabbatsverlof> [3 September 2015].
- Botma, G.J. 2006. Sinergie as politiek-ekonomiese strategie in die balansering van idealisme en markgerigtheid by *Die Burger*, Wes-Kaap, 2004-2005. Ongepubliseerde MPhil (Joernalistiek)-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Bourdieu, P. 1984. *Distinction: A social critique of the judgement of taste*. (Trans. Richard Nice). Cambridge, M.A.: Harvard University Press.
- Bourdieu, P. & Thompson, J.B. 1991. *Language and symbolic power* [Ce que parler veut dire]. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- Bourdieu, P. & Wacquant, L. J.D. 1992. *An invitation to reflexive sociology*. Cambridge: Polity Press.
- Couldry, N. 2003. Media meta-capital: extending the range of Bourdieu’s field theory. *Theory and Society*, 32 (5-6): 653-677.
- De Lange, J. & Williams, F. 2014. Bekker se denk-leiding bly. Opvolger kom uit groei-segment. *Netwerk 24*, 23 Februarie. http://www.netwerk24.com/sake/2014-02-23-bekker-se-denk-leiding-bly?redirect_from=beeld#!/artikel/path:2014-02-23-bekker-se-denk-l/dus-het-n-enkele-aandeel-v[27 Februarie 2015].
- Entman, R. M. 1993. Framing: Toward clarification of a fractured paradigm. *Journal of Communication*, 43(4), 51–58.
- Fairclough, N. 1998. Political discourse in the media: An analytical framework. In A. Bell & P. Garrett (eds). *Approaches to media discourses*. Oxford: Blackwell, pp. 143-262.
- Fairclough, N. 2003. *Analysing discourse: Textual analysis for social research*. London: Routledge.
- Fin24. 2014 (22 February). Koos Bekker steps down as Naspers CEO. <http://www.fin24.com/Business/Koos-Bekker-steps-down-as-Naspers-CEO-20140222>[24 February 2015].
- Foucault, M. 1972. *The archaeology of knowledge*. London: Tavistock Publications.
- Foucault, M. 1980. *Power/ Knowledge: Selected interviews & other writings (1972-1977)*. New York: Pantheon.
- Harber, A. 2012. *Gorilla in the room: Koos Bekker and the rise of Naspers*. Johannesburg: Parktown.
- Harker, R., Mahar, C. & Wilkes, C. (eds). 1990. *An introduction to the work of Pierre Bourdieu: The practice of theory*. London: Macmillan.

- Hogg, A. 2014. Naspers losing “24-bagger” CEO Koos Bekker; names 41yo ecommerce specialist as successor. *BizNews*, 22 February. <http://www.biznews.com/undictated/2014/02/22/naspers-losing-24-bagger-ceo-koos-bekker-names-41yo-ecommerce-specialist-successor/> [20 February 2015].
- Hogg, A. 2011. “Time to get tough.” *MoneyWeb Davos 2011 Review*, pp. 10–14.
- Kruger, A. 2014. Naspers’ astounding growth. *Fin24*, 22 February. <http://www.fin24.com/Companies/ICT/Naspers-astounding-growth-20140222> [20 February 2015].
- Le Cordeur, M. 2015. Koos Bekker: Don’t try this at home. *Fin24*, 11 May. <http://www.fin24.com/Companies/ICT/Koos-Bekker-Dont-try-this-at-home-20150511> [3 September 2015].
- Makhafola, G. 2015. Stellies drops Afrikaans as primary language. *IOL*, 13 November. <http://www.iol.co.za/news/south-africa/western-cape/stellies-drops-afrikaans-as-primary-language-1.1944728> [11 January 2016].
- Marais, P. 2002. Matie gee klas in Manderyns. *Die Matie*, 21 Augustus. <http://www0.sun.ac.za/diematie/archive/pre2003/argief/20020821/artikels/sl04.htm> [10 September 2015].
- Merriam, S.B. 2009. *Qualitative research: A guide to design and implementation*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Naspers Academy, 2015. <http://www.naspersacademy.com/> [17 September 2015].
- Nel, C-A & Janse van Rensburg, A. 2015. Afrikaans gaan nie verdwyn by US. *Netwerk24*, 30 November. <http://www.netwerk24.com/Nuus/Onderwys/afrikaans-gaan-nie-verdwyn-by-us-20151130> [11 Januarie 2016].
- Onu, E. 2015. Naspers aims to grow TV offering in Nigeria. *Business Day Live*, 4 March. <http://www.bdlive.co.za/business/technology/2015/03/04/naspers-aims-to-grow-tv-offering-in-nigeria> [5 March 2015].
- Phakhati, B. 2015. Sparks to fly when Maties brass meets. *Business Day Live*, 14 September. <http://www.bdlive.co.za/national/education/2015/09/14/sparks-to-fly-when-maties-brass-meets> [11 January 2016].
- Retief, H. 2014. Die man wat die toekoms wil sien. *Rapport Weekliks*, 4 Maart. http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2014/03/04/RH/4,5/2mrt_hrnuwekoos_30_0_289798412.html [3 September 2015].
- Rose, R. 2015a. Fine Print: Why Koos Bekker had to sell his Naspers shares. *Financial Mail*, 24 September. <http://www.financialmail.co.za/opinion/fineprint/2015/09/24/fine-print-why-koos-bekker-had-to-sell-his-naspers-shares> [11 January 2016].
- Rose, R. 2015b. Naspers dances with China’s censorship dragon. *Rand Daily Mail*, 9 February. <http://www.rdm.co.za/business/2014/12/13/naspers-dances-with-china-s-censorship-dragon> [13 March 2015].
- Slabbert, A. 2011. “Hy ploeg en plant nou om later góed te oes.” *Beeld*. 30 November, p. 17.
- Van Dijk, T.A. 1998. Opinions and ideologies in the press. In A. Bell & P. Garrett (eds). *Approaches to media discourse*. Oxford: Blackwell, pp. 21-63.
- Vorster, T. 2012. Sakegesprek met Koos Bekker_Koos Bekker EPS39.1. YouTube, 16 Oktober. <https://www.youtube.com/watch?v=jo9brNP2tOo> [3 September 2015].
- Williams, F. 2014. Naspers: Bob van Dijk – “Ons sal aanhou spaghetti teen die plafon gooi”: Groep sal bly eksperimenteer, ook fokus op gevestigde sake. *Netwerk24*, 23 Junie. http://www.netwerk24.com/sake/2014-06-23-naspers-ons-sal-aanhou-spaghetti-teen-die-plafon-gooi?redirect_from=dieburger [27 Februarie 2015].

Schreiner vs. Joubert: Hul vernuwende rol in die Suid-Afrikaanse literatuursisteem

Schreiner vs Joubert: Their innovating role in the South African literary system

H.P. VAN COLLER EN MARIAN HUMAN-NEL

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

E-posse: vcollerh@ufs.ac.za;

HumanNelMJ@qwaqwa.ufs.ac.za



Hennie van Coller Marian Human-Nel

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, navorsingsgenoot van die Universiteit van die Vrystaat en die Noordwes-Universiteit is redakteur van die nuwe driedelige *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Hy is 'n poësie-vertaler (*Bandelose gedigte* van Luuk Gruwez, 2007) en 'n gepubliseerde digter (*Soom*, 2012). Sy belangrikste publikasies is die bundels opstelle, *Tussenkoms* en *Tussenstand*. Hy publiseer veral oor literêre geskiedenis, o.a. 'n hoofstuk in die *Cambridge South African Literary History*. Hy is tans voorsitter van die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n vorige voorsitter van dië akademie en ook lid van ASSAf.

HENDRIK PETRUS (HENNIE) VAN COLLER, a research fellow of the University of the Free State and the Northwest University is the editor of *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. He is a translator of poetry (*Bandelose gedigte* by Luuk Gruwez, 2007) and a published poet (*Soom*, 2012). His most important publications are two books of literary essays, *Tussenkoms* and *Tussenstand*. His numerous publications on literary history includes a chapter in the *Cambridge South African Literary History*. Currently he chairs the literary commission of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns and is a former president of this academy. He is also a member of ASSAf.

MARIAN HUMAN-NEL is tans lektor aan die Universiteit van die Vrystaat, Qwaqwa-kampus. Hier spesialiseer sy in die onderrig van Afrikaans vir nie-moedertaalsprekers. In 2001 voltooi sy haar Meestersgraad: *Uitdagings binne die onder-rikgkonteks van Afrikaanse literatuur in 'n veeltalige samelewing*, wat 'n aanduiding is van haar passie vir die ontwikkeling van Afrikaans as Afrikataal. Gedurende 2009 ontvang sy haar PhD: *Die impak van sosio-politieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon*, onder die leiding van prof. Hennie van Coller. Haar navorsingswerk is veral gerig op die Literatuursosiologie en veral dan op die invloed van sosio-politieke gebeure op die werk van Afrikaanse skrywers.

MARIAN HUMAN-NEL is currently a lecturer at the University of the Free State, Qwaqwa campus. She specialises in teaching Afrikaans to non-mother-tongue speakers. In 2001 she completes her Masters degree: *Challenges in the context of teaching Afrikaans literature in a multilingual community*, which is an indication of her passion for the development of Afrikaans as African language. During 2009 she receives her PhD: *The Impact of sociopolitical change on the Place of women writers in the Afrikaans literary canon*, under the supervision of prof. Hennie van Coller. Her research focusses on Literature sociology and especially the influence of socio-political happenings on the work of Afrikaans writers.

ABSTRACT***Schreiner vs Joubert: Their innovating role in the South African literary system***

*This article is an illustration of the reciprocity between literature and society and their mutual interdependence. The underlying hypothesis is that literary texts are not a random selection but form part of a system. This (literary) system is a hypothesised construct, and owing to the internal relations there should be a hierarchical structure – which infers a competition as far as positions are concerned – and the system (although not necessarily hermetically closed) has a boundary. Critics stress the fact that a system should be described as interdependent rather than merely interconnected or interwoven and that the interdependence of entities within the system is the basic focus of systems theory. Cultural (or literary) systems are open systems because they cannot function in isolation and are dependent on their economic, political, etc. environment for their continuing existence and survival. A cultural field is for Bourdieu a representative social space of cultural activity where different hierarchically arranged institutions, rules, rituals, conventions, categories, etc. produce (and legitimize) discourses and activities. In his terminology a cultural field is a network of relations between groups and individuals that are in constant flux and in contestation for what he terms “capital” and the distribution thereof. The extent of power that belongs to any said individual is determined by his or her position within the field and the capital that he or she owns. According to Bourdieu the field of power is divided between competing groups and polarised between the holders of economic and political power, who are dominant over all, and the holders of “cultural capital”, who are structurally subordinate, but with the (symbolic) power to legitimize or discredit the dominant group. In this article it is illustrated that the two exemplary texts, *A story of an African Farm, 1883* (by Olive Schreiner) and *Die swerfjare van Poppie Nongena, 1978* (by Elsa Joubert) indeed deeply influenced the political field in South Africa. Both novels are seminal texts in the canon of South African literature and both focus on the plight of women. Where Schreiner’s text is mainly concerned with male domination, Joubert’s text also focusses on racial domination. And both novels make a strong case for a feministic consciousness. In this article society is seen as the starting point, that which is represented by both authors, that which influences the reception of both novels and that which in the final analysis is deeply influenced by the novels. This inter-connectedness of texts, authors, publishers and reviewers is a central thesis of all systems-related theories: Even-Zohar (1990:43-44) defines a producer as groups or social communities engaged in the production of “products” which can be “an utterance, a text, an artifact, an edifice, an ‘image’ or an ‘event’”. The production of these “cultural items” is closely linked to what he calls reportorium, “the aggregate of rules and materials which govern both the making and handling or production and consumption of any given product” (p. 39), the “shared knowledge necessary for producing (and understanding) a ‘text’” (p.40). This article focusses on the reception¹ of the two novels by gate keepers² in the Literary Field³ within the specific periods⁴. The conclusion is that both novels can be seen as*

¹ Resepsie-ondersoek veronderstel “reproduksie, verwerking, aanpassing, assimilasië en die gestaltegewing of konkretisering” van die teks deur die leser daarvan (Rossouw 1992:427).

² Hekwagters/gatekeepers/evalueringsinstansies – “The institution includes at least part of the producers, ‘critics’ (in whatever form), publishing houses, periodicals, clubs, groups of writers, government bodies (like ministerial offices and academies), educational institutions (schools of whatever level, including universities), the mass media in all its facets, and more” (Even-Zohar 1990:37).

³ “Constructing an object such as the literary field requires and enables us to make a radical break with the substantialist mode of thought (...) which tends to foreground the individual, or the visible interactions between individuals, at the expense of the structural relations – invisible, or visible only through their effect – between social positions that are both occupied and manipulated by social agents, which may be isolated individuals, groups or institutions” (Bourdieu 2005:105).

watershed-novels due to the fact that they transgressed the horizon of expectation (Jauss), that they were norm-breaking novels that brought about fundamental literary innovation and enjoyed a great deal of recognition, not only by literary critics but by society at large. In conclusion, a comparative approach reveals that literary transgression of norms not only fundamentally changes and enhances literary systems, but also society at large.

KEY WORDS: Literature and society, literary system, literary prestige, realism, horizon of expectation, breaking of literary norms, social and socio-political events, *Poppie, African Farm*

TREFWOORDE: Literatuur en samelewing, literêre sisteem, literêre prestige, realisme verwagtingshorison, normdeurbreking, maatskaplike en sosio-politieke gebeure, *Poppie, African Farm*

OPSOMMING

Die doel van hierdie artikel is om die wedersydse werking tussen literatuur en die samelewing te illustreer aan die hand van twee konkrete literêre voorbeelde. Daar word in hierdie verband gekyk na die invloed van die maatskappy op dit waaroor hierdie gekose skrywers op 'n gegewe moment skryf en die invloed van die sosiopolitieke omstandighede op die beoordeling van sodanige tekste. Binne die literêr-sistemiese benadering wat hier gevolg word, met die aanname dat die literêre teks slegs een (hoewel belangrike) aspek is van 'n literêre sisteem, word ook gekyk of die tekste en die ontvangs daarvan weer 'n uitwerking het op die maatskappy/sosiale of sosiopolitieke omgewing waaroor daar geskryf is. Die werk van twee alombekende Suid-Afrikaanse vroueskrywers, Olive Schreiner (1855–1920) en Elsa Joubert (1922–), spesifiek Schreiner se teks, *The Story of an African Farm* (1883), en Joubert se baanbrekende roman, *Die swerffare van Poppie Nongena* (1978), word gebruik om hierdie resepsie-ondersoek¹ te loods. Daarom is die fokus ook op die ontvangs van hierdie tekste deur hekwagters² in die literêre veld³ tydens die onderskeie resepsie-periodes.⁴ Daar word tot die slotsom gekom dat beide skrywers onderskeidelik met elk van hierdie romans literêre verwagtings deurbreek het, literêre vernuwing gebring het, en naas literêre waardering, ook erkenning gekry het van 'n breër (lesers)publiek. Ten slotte word op 'n vergelykende wyse aangedui hoe hierdie literêre normdeurbreking nie net bygedra het tot vernuwing van die afsonderlike literatuursisteme nie, maar ook die sosiopolitieke sfeer in Suid-Afrika beïnvloed het.

1. INLEIDING: DIE LITERÊRE SISTEEMTEORIE

Von Bertalanffy (1901–1972) wat een van die grondleggers van die sisteemdenke was, bestempel die sisteem as “a set of elements standing in interrelations”; “the functional elements hypothesized by the system approach are considered as interdependent and correlated” (Von Bertalanffy 1968). Ook uit die beskrywing van (Even-Zohar 1990:85) en Schmidt (1992:216) kan afgelei word dat die sisteem 'n hipotetiese konstruksie is met interne verhoudings en samehang; gerangskik in hiërargiese orde en met grense. Vir Schmidt (1992:220–221) is dit die estetiese konvensie wat die belangrikste is en die literêre sisteem se grense “are produced and maintained because agents

⁴ Periode/stroming – “A time section dominated by a system of literary norms, standards, and conventions, whose introduction, spread, diversification, integration, and disappearance can be traced. Thus a period is not a type of class but a time section defined by a system of norms embedded in the historical process and irremovable from it. An individual work of art is not an instance in a class, but a part of which, together with all the other works, makes up the concept of the period. It thus itself modifies the concept of the whole” (Wellek & Warren 1963:265).

develop differentiating criteria allowing them to distinguish between what, for them, is literary and non literary”.

Schmidt (1992:215-216) onderskei vier “rolle”, naamlik: literêre produksie, literêre verspreiding, literêre resepsie en literêre prosssessering. Laasgenoemde sluit herskrywing, parafrasering en evaluering in. Even-Zohar (1990:43-44) beskryf ’n produsent as enige individu of groep wat produkte (soos tekste) skep. Die skep van hierdie kulturele produkte hou verband met die *repositorium*, “the aggregate of rules and materials which govern both the *making* and *handling* or production and consumption of any given product” (p. 39), the “shared knowledge necessary for producing (and understanding) a ‘text’” (p.40).

Pierre Bourdieu (1986; 1994), die bekende Franse smaaksosioloog, het die begrip van die relatief outonome Literêre Veld geskep. Dit het sy eie hiërargie en wette en kan gesien word as vergelykbaar met die literêre sisteem. Binne hierdie veld is daar verhoudings én konflik, omdat daar meegeding word om “kapitaal” wat in die Literêre Veld sinoniem is met prestige, status en outoriteit. Die Literêre Veld is deel van die Kulturele Veld wat weer deel vorm van Sosiale en Politieke Velde. Al is die laasgenoemde velde magtiger, beskik die Literêre Veld en die groepe daarin oor simboliese mag wat ook die ander groepe raak. Sô kan ’n roman wat skynbaar slegs ’n papierprodukt is, die Politieke Veld nie net raak nie, maar ook verander. Hiervan is daar genoeg voorbeelde in die geskiedenis: ook Schreiner en Joubert se romans het soos ons sal aanvoer ’n kragtige uitwerking gehad.

1.1 Olive Schreiner (1855–1920)

Sy was die negende van twaalf kinders uit die huwelik van Rebecca Lyndall (1818–1903) en sendeling Gottlob Schreiner (1814–1876). Sy word groot in uiters armoedige omstandighede en ervaar as negejarige dogtertjie die traumatiese dood van haar kleinsus. Omdat haar ouers nie meer vir haar en haar broer kon sorg nie, word hulle in die sorg van ’n Afrikanergesin op ’n plaas buite Graaff-Reinet in die Oos-Kaap geplaas. Die onderrig wat sy aan die eenvoudige plaaskinders bied en hul reaksie daarop, word ook vir haar ’n emosionele en intellektuele ervaring. Sy pen haar ervarings neer in ’n teks, *The story of an African farm*, waarmee sy in 1883 debuteer. Haar begeerte om in ’n mediese rigting te studeer neem haar na Brittanje waar sy in kontak kom met radikale sosiale bewegings. Sy keer later terug na Suid-Afrika, nie as mediese dokter nie, maar as skrywer, pasifis en feminis en bemoei haar lewenslank met veldtogte teen Britse imperialisme, etnosentrisme en rassisme. Haar uitgesprokenheid oor maatskaplike kwessies word later ook vervat in onder andere *Trooper Peter Halkett of Mashonoland* (1897) en *Women and Labour* (1911) – ’n teks waarna later ook verwys word deur M.E.R., bekende skrywer en baanbreker vir die Afrikanervrou (sien 3. van hierdie artikel). Olive beleef as volwasse vrou verskeie terugslae: haar huwelik met Havelock Ellis was nie gelukkig nie; haar enigste dogtertjie sterf sestien uur na haar geboorte, maar dit was veral haar voortdurende asma-aanvalle wat haar werksaamhede as skrywer en menseregtevegter in die wiele gery het. Sy sterf in 1920 alleen in ’n klein woonstel in Wynberg en word sonder ’n religieuse seremonie langs haar dogtertjie begrawe – op ’n koppie wat uitkyk oor die Karooplaas waaroor sy geskryf het in *The story of an African farm*.

1.2 Elsa Joubert (1922-)

Burger (2015:519) maak die volgende belangrike opmerking oor Elsa Joubert se skrywerskap: “Om aan die een kant ‘vasgebind’ te wees aan jou mense, aan jou vaderland, jou volk, en om aan die ander kant ’n morele kompas te volg wat wegwys van ’n uitsluitende en onderdrukkende nasionalisme, is ’n spanning wat sentraal staan in Joubert se oeuvre.” Elsa Joubert is gebore in

1922 in die Paarl in 'n huis waar die vader 'n stoere nasionalis en die moeder Engelssprekend was. Dit verlei 'n mens byna om die problematisering van en soeke na identiteit en 'n sterk feministiese inslag in haar werk na hierdie biografiese feit te herlei, soos dikwels ook gedoen word met Elisabeth Eybers – ook gebore in 'n huis met 'n vaderlandsliewende vader en Engelse ma, óók in haar werk dikwels behep met (vroulike) identiteit.

Joubert skryf in 'n *Wonderlike geweld* (2005), die eerste deel van haar outobiografie, uitvoerig oor haar jeug en die (ideologiese) kragte wat op haar ingewerk het, haar Hugenote-erfenis en veral die nawerking van die taalstryders wat ten nouste verbind is met die Paarl waar die Genootskap vir Regte Afrikaners op 14 Augustus 1875 gestig is. 'n Patriot is iemand wat lief is vir sy land, beweer die vader en sy neem haar voor om ook eendag skrywer én patriot te wees (Burger 2015:521). Op 'n ironiese wyse bereik sy beide doelwitte, maar die invulling van die begrip “patriot” geskied op 'n eiesoortige wyse: toenemend handel haar werk oor uitreik na die ander, medemenslikheid eerder as chauvinistiese eiebelang en die nastrewe van 'n breër Suid-Afrikanerskap eerder as eng Afrikaner-nasionalisme.

Joubert ervaar reeds op 'n relatief jong ouderdom as student 'n onvrede met die Nasionale Party weens sy kleurbehepteheid. Haar lewensloop is ook in 'n ander opsig merkwaardig. In 'n tydperk toe Europa gewoonlik die bestemming was van reisende jong dames “van goeie herkoms”, voer haar reis haar na afgeleë gebiede, onder andere in Afrika en omstreke. Sy reis meestal alleen in 'n verbete poging nie net om “uit die patroon te breek nie”, maar ook om al reisende haarself te ontdek (kyk ook Burger 2015: 523). D.Z.J. van den Berg wys ook in sy proefskrif (1993) in hoe 'n mate Joubert se reis grondstof bied vir haar belletristiese prosa en hoe daar dikwels bykans van 'n simbiotiese verhouding sprake is tussen reisverhale en romans. Tog is daar ook 'n duidelike ontwikkeling in haar reisprosa wat aanvanklik nog in die teken staan van verslae tipies van die koloniale reisiger soos Sangiro voor haar (Van Collier 1998:60). Burger (2015:525) wys daarop dat net soos Antjie Krog se latere reis na Timboektoe, vind daar 'n hartsverandering plaas by Joubert, 'n hartsverandering “van 'n vrou wat uit hoogs individuele omstandighede iets ervaar van deelname aan 'n groter menswees as die uitsluitende, eng Afrikanernasionalisme [...] om uit te kom by wat Said (1994:215) 'n ‘integreerende mensbeskouing’ noem.”

2. TEORETIESE BENADERING TOT DIE WERKLIKHEID

Beide Schreiner en Joubert se tekste word in die algemeen beskou as 'n reaksie op die maatskaplike konteks waarin die skrywers hul onderskeidelik bevind het. Sterker selfs: ontbloting van die “waarheid” omtrent die werklikheid van die tyd word die basis waarop hierdie twee tekste skynbaar berus:

Joubert (15 Des 2004:argief.litnet) verklaar self dat die rede waarom die boek *Die swerffare van Poppie Nongena* (1978) so “'n groot impak gehad het, was dat amper elke leser geweet het wat daar staan – is die waarheid”. Schreiner weer, maak die volgende uitspraak:

(...) the gift of the creative imagination untrammelled by contact with any fact, may spread their wings. But, should one sit down to paint the scenes among which he has grown, he will find that the facts creep in upon him. Those brilliant phases and shapes which the imagination sees in far-off lands are not for him to portray. Sadly he must squeeze the colour from his brush, and dip it into the grey pigments around him. He must paint what lies before him. (Iron, R – skuilnaam van Schreiner Junie 1883)

Thomas Vaessens staan in sy werk 'n maatskappy-betrokkenheid van skrywers voor; trouens, letterkunde word deur hom beskou as 'n dinamiese diskursiewe kunsvorm wat voortdurend in interaksie is met die samelewing/maatskaplike omgewing wat op sy beurt deur 'n spesifieke

diskoers en ideologie gestruktureer word. Letterkunde bestaan dus in 'n sosiale raamwerk en nie in 'n vakuum nie en dit wil selfs voorkom of die estetiese nie noodwendig die primaat geniet nie: “Schrijvers moeten geëngageerd zijn. Of ze mooie zinnen kunnen schrijven, is niet zo belangrijk” (Kyk: Peeters 2009; Vaessens 2009). Die geskrewe teks moet ook vir die breër publiek leesbaar wees en nie net vir sogenaamde “fynproewers” nie. Vaessens sien literatuur as 'n tipe “subkultuur” waar die idee van “hoge kunst” verander moet word tot 'n kultuur wat gebaseer is op “die smaak en die stem van die volk” (Peeters 2009). Tog gee Vaessens (2013) genoeg voorbeelde wat toon dat hy die vermeende “objektiwiteit” van die realisme bevraagteken; dit bly steeds 'n representasie van die werklikheid wat onder meer seleksie veronderstel. Die realisme word dikwels vergelyk met die uitvinding van die fotografie as 'n tegniese ontwikkeling, maar juis “(d)at zetten schrijvers aan het denken over het werkelijkheidsgehalte van hun werk”. 'n Realistiese teks veronderstel dat die romanskrywer die werklikheid (her)skep.

Literatuur kan natuurlik nooit de werklikheid tonen, zoals een foto dat kan. Het blijft een creatie in taal. Maar juist door dicht tegen de werklikheid aan te schuren, kan het de lezer aan het denken zetten. (Cloostermans 2013:88)

2.1 Realisme

Lukács (1885–1971), die neo-marxistiese literatuursosioloog, gaan uit van die standpunt dat “de politieke en maatschappelijke bevrijding van de wereld [zich steeds krachtiger] ontvouwt [...], maar de nevels van de reactie vertroebelen nog altijd het denken van groter volksmassas. Deze situatie legt een grote verantwoordelijkheid op aan de literatuur. Een heldere politieke en maatschappelijke visie is voor de schrijver niet voldoende; voor hem is de literair heldere kijk evenzeer onmisbaar” (Lukács 2001:21). Die roman word gesien as die verbeelding van die sosiale werklikheid eerder as wat dit die verbeelding van individuele of persoonlike lewens is. Daar word druk op die skrywer geplaas en wel wat betref die wyse waarop die sosiale werklikheid of die maatskappy deur skrywers in hul tekste weergegee word. Die skrywer kry die rol van “realistiese artistieke vormgewing” opgelê en dit sluit 'n morele verantwoordelikheid in: “de literaire eerlijkheid” (Lukács 2001:17, 18). Hiervolgens veronderstel realisme dat die skrywer méer as die sosiale werklikheid van sy tyd moet weergee; dat die skrywer daartoe in staat sal wees om hom- of haarself die kragte te verbeel wat op hierdie werklikheid sal inwerk om die nodige verandering mee te bring en dat letterkunde in staat moet wees om as 't ware 'n distillaat te wees van sosiale konflikte van sy tyd. Letterkunde verkry sodoende 'n funksionele rol in die samelewing en word ook aan die sosiopolitieke omstandighede van die tyd gekoppel: “het grote realisme is geroepen om in de democratische vernieuwing van de naties een ongekende leidende rol te spelen” (Lukács 2001:20). Daarom werk die letterkunde soms ontstellend of selfs destabiliserend op bestaande betekenis in die samelewing in. Volgens hierdie histories-materialistiese literatuursosiologiese beskouing het literatuur inderwaarheid twee uiteenlopende funksies: dit “moet waarheidsgetrou weergeven wat zij tegelijkertijd dient te verander” (Van Luxemburg et al. 1983:99). Verandering is moontlik wanneer die teks 'n lesersreaksie aktiveer.

2.2 Verwagtingshorison

'n Lesersreaksie word volgens resepsie-estetici kritici bepaal deur die verwagtingshorison waarmee die leser lees. Jauss (1921–1997) sien die verwagtingshorison as die literêre sowel as die histories-kulturele agtergrond waarmee lesers tekste benader. Twee hoof-verwagtingshorisonne word onderskei: die een wat in die teks self vervat is en die verwagtinghorison van die betrokke sosiale

konteks of samelewing van die leser wat deur die werk ingedra word. Op grond van vorige leeservarings tree die leser in dialoog met die teks. ’n Gesprek/diskoers kom sodoende tot stand. Die verhouding “teks-leser” wat hieruit voortspruit, beteken die bestaan van verwagtingshorisonne waar die wisselwerking tussen teks en leser beskou word as die punt waar literêre ervaring en lewenservaring nader aan mekaar gebring word. Jauss se begrip “verwagtingshorison” is hewig gekritiseer, juis omdat dit uiters moeilik is om dit empiries vas te stel (kyk onder andere Mandelkow 1978:40). Volgens Mandelkow is daar eintlik verskeie verwagtingshorisonne wat gelyktydig bestaan: ten opsigte van skrywer, werk en die periode.

Tussen teks en leser ontstaan voorts, volgens Jauss, ’n estetiese afstand wat bepalend vir die estetiese waarde van die teks is. ’n Evaluasiebasis word gevorm wanneer horisonooreenstemming, -opheffing en -omvorming plaasvind. Omdat daar geen presiese korrelasie tussen die fenomeen wat in die literêre teks beskryf word en die objekte in die wêreld van die werklike leser se lewe bestaan nie, ontstaan ’n verrassingselement – hoe groter die “verassing”, hoe waardevoller is die teks. Daarom sal die estetiese waarde van die teks ook afhang van die mate waarin die werk die leser verras. Die grootte van die verrassingselement dra by tot die toetrede van die teks tot die kanon⁵ (Jauss 2001:194). Dit is veral hierdie siening van Jauss wat aanleiding gegee het tot hewige polemieke omdat die logiese konsekwensie daarvan is dat ’n onverstaanbare teks dus as die “beste” gereken sou kon word. Desondanks is sy gehanteerde normdeurbreking nuttig as ’n manier om verskillende verwagtingspatrone aan te dui. Jauss huiwer dan ook nie om die verwagtingshorison “intrinsiek literêr” te noem nie (Jauss 1978:74).

2.3 Normdeurbreking

Dit is ook Jauss (1970) wat verduidelik dat hierdie verrassing die grootste is wanneer die teks daargestelde norme deurbreek. Die verrassing veroorsaak egter ’n spanningsverhouding tussen “de afwijkende (vernieuwende) impulsen en de gecanoniseerde literaire traditie” (De Geest 1996:22):

Vernieuwing is dus niet uitsluitend een *esthetische* categorie. Factoren als innovatie, verrassing, overtreffen, herordening en vervreemding, waaraan de formalistische theorie uitsluitend betekenis hechte, kunnen het niet helemaal verklaren. Vernieuwing wordt ook een *historische* categorie, wanneer de diachrone analyse van de literatuur verder wordt doorgevoerd. (Jauss 2001:203)

Die verbreking van bestaande norme beteken verandering. Wanneer bestaande norme deur nuwe norme vervang word, vind vernuwing van die sisteem plaas. Daarom veronderstel literatuurgeskiedskrywing nie slegs die sinchroniese en diachroniese opeenvolging van sisteme nie, maar is dit ook ingebed in die algemene geskiedenis van die samelewing waarin dit voorkom. Wanneer normdeurbreking dan ’n antwoord op maatskaplike kwessies gee, vervul literatuur sy “maatschappij-vormende funksie”:

De maatschappelijke functie van de literatuur wordt pas daar als authentieke mogelijkheid manifest waar de literaire ervaring van de lezer deel uitmaakt van de verwachtingshorizon van zijn dagelijks leven, vorm geeft aan zijn wereldbeeld, en daardoor ook weer op zijn maatschappelijk gedrag inwerkt. (Jauss 2001:211)

⁵ Kanonisering is nes byvoorbeeld standaardisering, ’n proses van insluiting en uitsluiting wat gegrondves is in die magspel. Hierdie magspel betrek alle verhoudings: intellektueel, institusioneel, sosiaal en polities (Van Coller 2001:67).

3. SCHREINER: OPENBARING VAN 'N SOSIALE WERKLIKHEID

Ondanks die gangbare siening in die negentiende eeu dat “(l)iterature cannot be the business of a woman’s life, and it ought not to be” (Southey 1837), slaag Olive Schreiner daarin om aan die einde van die negentiende eeu ’n “onkonvensionele lewensfilosofie (te) ontwikkel en dit (te) verkondig met ’n vrymoedigheid wat vir daardie era ongebruiklik was. Toe haar eerste boek verskyn, het haar stem ’n ongebruiklike klank besit wat dadelik die aandag getrek het” (Schoeman 1989:431).

In 1883 the English-speaking world was startled by the appearance of a brilliant new literary star. A young South African woman had produced a first novel that made her famous almost overnight. It was *The Story of an African Farm*. *The Story of an African Farm* was published under the pen-name of Ralph Iron: in those days women authors were still fighting for acceptance. The book was a protest against society’s hypocrisy and its attitude to women – (...). (*Reader’s Digest* 1981:218)

Van der Merwe en Viljoen (1998:36) wys daarop dat die “Suid-Afrikaanse Engelse skryfster Olive Schreiner (1855–1920) ’n sterk pleidooi vir hierdie idee gelewer” het. Die realiteit van die onderdrukkende posisie waarin die Suid-Afrikaanse vrou haar bevind, vorm die kern van wat as ’n feministies georiënteerde teks beskou kan word. Schreiner (1883) skroom nie om dit wat sy as die “werklikheid” ervaar, neer te skryf nie. Die minderwaardige posisie van vroue in die patriargale verhouding is die “werklikheid” wat sy wil oopskryf. Dit wil voorkom of *African Farm* – wat na meer as ’n eeu steeds in aanvraag is, dus naby staan aan die samelewing wat sy wou representeer.

When Ralph Iron’s *Story of an African Farm* first appeared in January 1883 it was welcomed for its bold address to contemporary issues: the status of religious belief and the status of women. Schreiner’s novel, with its sensitivity to all forms of oppression – sensitivity central to South African fiction – rightly linked the oppression of childish consciousness by an authoritarian patriarchal dogma to the social curtailment of female consciousness. (Clayton 2004:7)

Dit is derhalwe duidelik dat sy die verwagtingshorison van lesers soos vroeër geformuleer aan die hand van Mandelkov op verskillende vlakke deurbreek het. Nie net was haar feministiese boodskap in die teks verrassend nie; die feit dat daar ’n vrou haar skuilhou agter die naam van die outeur Ralph Iron, het later bygedra tot ’n verdere deurbreking van lesersverwagting. In ’n sekere sin kan dit in verband gebring word met die bekende Engelse misdaadskrywer, P.D. James, wat aanvanklik aangesien is as man, juis omdat sy gevoel het dat vroulike misdaadskrywers se werk aan bepaalde verwagtings moes voldoen.

Stereotipering binne die Afrikaanse literatuur en van die Afrikaanse literatuursisteem op sigself is vir ’n groot deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis veral geassosieer met die tipe waardes wat gewoonlik in ’n moderne Westerse samelewing ’n bevoorregte posisie het en “vanselfsprekend” voorgestel word as “blanke, manlike, Westerse, heteroseksuele waardes” (Malan 1992:242). As deel van die Suid-Afrikaanse samelewing is die Afrikanerman tradisioneel gesien as “boer” en die Afrikanervrou as “volksmoeder”. Hierdie geslagsrolle word in die Afrikaanse literatuur as kultuurproduk van die Afrikaner weerspieël. Binne die raamwerk van die “volks-konsep” kom geslagsrolle na vore in die “patriargale ruimte, waarin erfopvolging oorheers, patriargale waardes domineer en die vaderfigure dikwels dominerend is”. ’n Gestereotipeerde beeld van die man word geplaas teenoor ’n gestereotipeerde beeld van die vrou. Van Coller (1995) dui aan hoe die “Afrikaanse plaasroman” as “ideologiese refleksie van die politieke en sosiale

werklikheid in Suid-Afrika” gelees kan word. Hierin word die boere uitgebeeld as die “forse, primitiewe figure (...) met sterk aardse drifte, gestrenge godsdienstigheid, gebondenheid aan die seisoene en aan die aarde, liefde vir die grond, ensovoorts” (kyk Van Coller 1995:23, 24, 26). Hierteenoor staan “vrouefigure dikwels in die teken van voortplanting en word hulle gereduseer tot enersyds die dienende Martas en andersyds die sterk pioniersvrou” (Van Coller 1987:29).

Binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteme word dié gestereotipeerde rolle binne die patriargale bestel vir die eerste keer weerspieël in *African Farm*. Alhoewel daar verskeie standpunte oor die realisme en die rol van die verbeelding daarin bestaan, word die karakters deur Schreiner in *African Farm* geskep as betreklik outobiografies beskou. Schoeman (1989) wys onder andere daarop dat die karakter Lyndall by uitstek ’n “outobiografiese figuur” is. Enersyds word aangedui dat Schreiner se voorkoms en haar beskrywings van Lyndall se voorkoms sodanig ooreenkom dat dit “geen moeite kos om Lyndall te sien in die gedaante wat op die foto’s en in die beskrywings van Olive gedurende die sewentigerjare vasgelê” is nie. Andersyds is karaktereenskappe, soos “volslae onbedagsaamheid en egoïsme”, deel van beide Olive as skryfster en haar karakter Lyndall. Uit navorsingwerk oor die persoon Olive en haar skryfwerk word veral *African Farm* uitgesonder as ’n outobiografiese werk – ten opsigte van die ruimte, maar veral ten opsigte van haar karakters – “in dié sin dat Olive haar diepste oortuigings in hulle beliggaam het” (Schoeman 1989:422).

Die rol van die man in die Suid-Afrikaanse (Boere-) samelewing aan die einde van die 19e eeu word kort en kragtig in *African Farm* uiteengesit :

“I don’t believe in a man who can’t make a woman obey him.” (Schreiner 2004:193)

Hierteenoor word die rol van die “volksmoeders”, wat die idee van moederskap met die behoeftes van die volk kombineer, deur Schreiner se volksmoederkarakter, Tant’ Sannie, weergegee:

“I am very glad you are going to be married, my child, ’ said Tant’ Sannie... ‘marriage is the finest thing in the world. I’ve been at it three times, and if it pleased God to take this husband from me I should have another. There’s nothing like it, my child; nothing.’

‘Perhaps it might not suit all people, at all time, as well as it suits you, Tant’ Sannie,’ said Em. There was a little shade of weariness in the voice.

‘Not suit every one! said Tant’ Sannie. ‘If the beloved Redeemer didn’t mean men to have wives what did He make women for? That’s what I say. If a woman’s old enough to marry, and doesn’t, she’s sinning against the Lord – it’s a wanting to know better than Him. What, does she think the Lord took all that trouble in making her for nothing? It’s evident He wants babies, otherwise why does He send them? Not that I’ve done much in that way myself,’ said Tant’ Sannie sorrowfully; ‘but I’ve done my best.’ ...

‘There’s nothing like being married,’ said Tant’ Sannie, as she puffed towards the door. ‘If a woman’s got a baby and a husband she’s got the best things the Lord can give her; if only the baby doesn’t have convulsions. As for a husband, it’s very much the same who one has. Some men are fat, and some men are thin; some men drink brandy, and some men drink gin; but it all comes to the same thing in the end; it’s all one. A man’s a man, you know.’” (Schreiner 2004:274)

Stereotiperings van die Afrikanerman sowel as die Afrikanervrou kan hieruit afgelees word. M.E.R. (volgens Steyn) wys op die uitwerking van hierdie teks op die samelewing wanneer sy aandui dat daar miskien nog “óú mense” is wat Olive Schreiner nie vir haar *African Farm* kan vergewe nie:

Die boek gaan oor die Karooplaas van ’n ‘Boer woman’, tannie Sannie, ’n growwe walglike

karikatuur van 'n mens. Die paar Afrikaners in die boek is ook grof, dom, onbeskaaf. Die boek het baie aandag getrek in Engeland en die VSA, en so het 'n nare beeld van wat aangeneem word as die tipiese Afrikaner die Engelssprekende wêreld ingegaan. Ek dink sy uitwerking is steeds nog van krag. 'n Skrywer weet nooit wie en hoe hy gaan tref nie. Wat vir ons in hierdie boek so onvergeetlik was en so pynlik getref het, was dat die Afrikaner, wat as individu beskryf is, hier en oorsee aangeneem is as *tipe*. Die afstootlike halfgeskoolde 'tant Sannie' word herhaaldelik beskryf as 'the Boer woman'. 'n Kwaai fout: 'n misdaad eintlik. (Steyn 2004:497, 498)

Aan die ander kant word die gesagsposisie van mans soos verwoord deur 'Tant Sannie', tog bevestig in ondersoekes soos onder andere dié van Britz en Pienaar (2002), Van Coller (1995) en Van der Merwe (1994). Aan die einde van die neëntiende eeu het die Afrikanerman binne die Suid-Afrikaanse samelewing voor 'n krisis te staan gekom. Binne die Suid-Afrikaanse samelewing, sowel as binne die Afrikaanse literatuursisteem, sou sodanige stereotipering daartoe bydra dat dit vir die Afrikanerman moontlik was om mag te verkry. Met die oorgang tot die twintigste eeu was dit vir die Afrikanerman noodsaaklik om hierdie mag te behou, want die "patriargale opset moes bewaar word indien die ontwikkeling van Afrikaans tot handhawing en versterking van 'n onafhanklike, Christelik-Afrikaanse volkskultuur moes lei" (Britz & Pienaar 2002:223):

Traditional gender roles are connected to Afrikaner nationalism and Afrikaner religion, the two other foundations of Afrikaner ideology. The gender role is necessary for the survival of the (white) Afrikaner; and it is defended by references to the Bible, especially to the letters of Paul. So we have three closely linked elements in the dominant tradition of Afrikaner thinking, namely group identity (Nationalism), traditional gender roles and Christian religion. We could call this ideological combination: nationalistic patriarchal Christianity; and perhaps put the 'christianity' in inverted commas. (Van der Merwe 1994:52)

Die verwoording van vroue se ondergeskikte posisie in hierdie patriargale opset in *African Farm*, plaas Schreiner in 'n leidende rol ten opsigte van die emansipasie van die Suid-Afrikaanse vrou. Deur haar bydrae tot die realisme, toon Schreiner – eie aan die realisme – 'n besorgdheid met en geïnteresseerdheid in die lewe van gewone mense, veral die van die vrou:

She had a passion for the cause of women, which gives immortal value to her *Story of an African Farm*. (Generaal J.C. Smuts oor Olive Schreiner in Friedlander 1967:19)

Met verdere inagneming van die volgende aanhalings uit *African Farm*, wil dit tog voorkom of die Afrikanervrou nie altyd haar rol maar net aanvaar het nie. Dit is veral deur die karakter Lyndall wat feministiese oortuigings verwoord word:

"It is delightful to be a woman; but every man thanks the Lord devoutly that he isn't one."

"What would knowledge help me? The less a woman has in her head the lighter she is for climbing. I once heard an old man say, that he never saw intellect help a woman so much as a pretty ankle; and it was the truth."

"Men are like the earth and we (women) are the moon; we turn always one side to them, and they think there is no other; because they don't see it – but there is." (Schreiner 2004:175, 176, 186)

Wanneer Lyndall sê: *"We are only the wood, the knife that carves on us is the circumstance"* (Schreiner 2004:240), word aangesluit by die klassieke beeld van die vrou wat in 'n burgerlike samelewing geïdeologiseer word om haarself die reg op individualiteit en selfverantwoordelikheid

te ontsê en die patriargale dominerings van alle aspekte van ’n sosiokulturele en sosiopolitiese bestaan te aanvaar. Dit word saamgevat in die bekende stelling van De Beauvoir (1972:301): “One is not born a woman, one becomes one”; ’n siening wat deur die gebruikmaking van die karakter Lyndall alreeds deur Schreiner daargestel is:

“– if I might but be one of those born in the future; then, perhaps, to be born a woman will not to be born branded ... But we are cursed ... born cursed from the time our mothers bring us into the world till the shrouds are put on us. Everything has two sides – the outside that is ridiculous, and the inside that is solemn.” (Schreiner 2004:176)

Hierdie teks is gelaai met dit wat op daardie stadium van die geskiedenis van Suid-Afrika, sowel as binne die Suid-Afrikaanse literêre sisteem, sosiaal onaanvaarbaar was. Clayton (2004:7) toon aan dat “Schreiner’s story and Lyndall’s story are the same story, linked by (the) awareness that any preordained fate removes an element of free will, individual choice, and liberty of movement”. Giliomee (2004:631) bevestig hierdie stelling: “(s)oons Olive Schreiner geskryf het, was die Boerevroue feministe lank voordat dit in Europa mode geword het” (Giliomee 2004:631). Nogtans slaag *African Farm* daarin om die samelewing soos dit daar uitgesien het aan die einde van die negentiende eeu te verras. Sosiale druk het Olive Schreiner as vroulike skrywer genoodsaak om haar agter ’n manlike naam te verskuil.

Victorian England was interested in what the novel said. The fact that it was set in the distant Karoo instead of Piccadilly gave it an added charm, as did the soon discovered fact that the literary armour of Ralph Iron concealed a vulnerable and ardent colonial girl. (Clayton 2004:8)

Die aanvanklike resepsie van die teks was gerig op die betekenisstruktuur – waaroor en waarin die vertelling afspeel en plaasvind. Dit was die kriteria waarvolgens literêre waarde aan die teks toegevoeg is en waarvolgens dit in ’n hiërargie van literêre tekste binne ’n nie-Afrikagerigte literêre veld geplaas is. Die openbaring dat die skrywer van die teks “’n vrou” is en nie “’n man” soos aanvanklik voorgegee is nie, veroorsaak ’n totaal ander resepsie van dieselfde teks.

A certain glamour was added to judicious morality and literary talent. As soon as there was glamour and femininity there was also patronage: the novel became ‘more remarkable’ for being the work of a young woman, but it also betrayed the faults of a beginner; there were ‘faults of proportion and perspective’, or the story was too vague, the characters were ‘minds rather than bodies’. These criticisms persisted until recently. (Clayton 2004:8)

’n Veranderde benadering deur kritici tot dieselfde teks tree in werking wanneer daar besef word dat dit eintlik ’n “vroueteks” is. Die “glamour” wat nou daaraan toegevoeg word, is eintlik ’n degradering of veralgemening van die teks (of waarskynlik ’n popularisering, wat op hierdie stadium nie ’n criterium vir die bepaling van die “literêre” was nie) en ontnem dit sy “uniekheid” en in ’n mate ook “literariteit”.⁶ Verder word daar selfs op tegniese vlak fout gevind wat met die aanvanklike beoordeling van die “manneteks” nie bygedra het tot die plasing daarvan in ’n hiërargie van literêre werke nie. Dit is Clayton (2004:10) wat in die voorwoord tot die hersiene uitgawe van *African Farm* opmerk: “The history of the novel’s criticism provides a wonderful illustration of the maxim that we should trust the tale and not the teller”.

Met *African Farm* openbaar Schreiner ’n werklikheid wat later deel word van ’n daadwerklike poging om die sosiale bestel te verander. Haar betoog vir die vrou as deel van die werkersklas word verwoord in haar alombekende *Woman and Labour* (1911).

⁶ “De waarde die aan literaire teksten wordt toegekend, wordt daardoor als contingent beschouwd; deze is daarmee niet als inherente eigenschap in teksten aanwezig, maar afhankelijk van de sociale context” (Dijkstra 1989:160).

Instead of becoming a parasite, the woman should be absorbed, as an equal, into the labour market. Olive Schreiner was equally critical of male and female attitudes. (*Reader's Digest* 1981:218)

Alhoewel Schreiner die patriargale bestel aanval met *African Farm* en *Woman and Labour* (1911), word nie sy of haar tekste binne die Engelse literatuursisteem misken nie. Binne die Afrikaanse literatuursisteem neem dit bykans honderd jaar voordat Afrikaanse vroueskrywers dit waag om hul stem teen die patriargale bestel dik te maak. Steyn (2004:498) sien ooreenkomste tussen Schreiner en M.E.R. – een van die eerste Afrikaanse vroueskrywers wat tot optrede oorgaan:

M.E.R. was altyd gesteld daarop om 'n saak in sy volle waarheid te stel; eintlik byna net soos Schreiner. 'Sy het tog die Waarheid aanbid met haar hele oorlaaide hart', skryf sy in 1955 aan Hennie Aucamp oor Olive Schreiner. Nie net in 1958 nie, maar in die jare twintig het M.E.R. vir Olive Schreiner in die bresse getree. Dit was in 'n artikel oor *Thoughts on South Africa – The life of Olive Schreiner* van S.C. Cronwright-Schreiner. Sy wys daarop dat Schreiner ná tant Sannie anders oor die Afrikaner geskryf het. In 1899 het Schreiner 'weer die Boervrou geneem as tipe van wat die hoogste en die edelste in die vrou is en het dit voorgestel op 'n manier wat myn insiens enige beskrywing in *The Story of an African Farm* oortref'. As verdere verdediging van Schreiner se roman vertel M.E.R. in 1923 in haar bespreking van *Stories, dreams and allegories* van 'n Britse fabriekswerkster wat haar spaargeld, uit 'n karige weekloon gespaar, na 'n pro-Boer-familie gebring het om dit na die vroue in die konsentrasiekampe te stuur. Die betrokke dame het haar gevra wat haar beweeg het om die geld te gee, en die antwoord was: 'Nou, ek het Olive Schreiner se *Story of an African Farm* gelees en ek wil graag iets doen vir haar mense.'

Met hierdie teks verkry Schreiner feitlik oornag literêre prestige.⁷ Alhoewel dit waaroor sy geskryf het vir 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap van haar tyd as destabiliserend ervaar is, is sy tog as pionier gesien. Wat van belang is, is die plek wat sy met haar romans in die Suid-Afrikaanse letterkunde van haar tyd ingeneem het en die bydrae wat sy daartoe gelewer het.

(S)pesifiek met *The Story of an African Farm*, wat in 1883 in druk verskyn het, het Olive Schreiner naamlik die grondlegger of in elk geval die inisieerder geword van 'n letterkunde wat nie net in Suid-Afrika of deur Suid-Afrikaners geskryf is of Suid-Afrikaanse karakters, tonele of temas bevat nie, maar waarin Suid-Afrika self tot wesenslike element verwerk is. (Schoeman 1989:434)

4. JOUBERT: OPENBARING VAN 'N SOSIO-POLITIEKE WERKLIKHEID

Die verskyning van Elsa Joubert se roman *Die swerfjare van Poppie Nongena* aan die einde van 1978 was een van die opspraakwekkendste gebeurtenisse in die moderne Afrikaanse prosa. (Roos 1998:80)

Hierdie roman is bekroon met verskeie literêre pryse soos die Louis Luyt-prys en die W.A. Hofmeyr-prys, word in 2012 aangewys as een van die beste honderd boeke uit Afrika, verskyn as vervolgetel in *Rapport* én die verhoogproduksie trek ook landswyd (én oorsee) vol sale.

⁷ "This implies that a classification by 'literary prestige' is preferable to classification by 'literary quality'. Using the term 'quality' suggests that it is possible to establish the intrinsic value of texts, while using the term 'prestige' implies that the classification of authors in the literary field is a socially determined process" (Verboord 2003:262).

Burger (2015:530) skryf volledig oor hoe Joubert haar huishulp, Eunice Ntsatha, se storie op band opgeneem het in haar moedertaal, Afrikaans, en dit later gerekonstrueer het. Feite is noulettend gekontroleer en Joubert het probeer om die oorspronklike Afrikaans wat invloede van IsiXhosa en Engels getoon het, te behou. Uiteraard is outentisiteit 'n baie belangrike aspek in so 'n teks wat die nie-fiksionaliteit van die storie vooropstel.

Appropriasie van die stem van “die Ander” lei maklik tot beskuldigings van paternalisme en opportunisme; aan die ander kant is dit belangrik dat skrywers soos Karel Schoeman en Joubert hul posisie gebruik om stem aan die misdeeldes te gee. Burger (2015:530) maak in hierdie verband gebruik van Gyatri Spivak se begrip “subaltern” om te verwys na die onderwerpte persoon wat nie blank is nie en nie deel vorm van 'n onderdrukte groep nie. Omdat Joubert stem gee aan “Poppie”/Eunice is die werk nie net dokumentêre fiksie nie, maar kan dit ook gesien word as “ego-dokument” soos Jacques Presser hierdie tekste genoem het (Wolfswinkel 1994:136) waarin inderwaarheid die outobiografie van Eunice beslag kry. Daardeur skakel dit meteen met nie net die Afrikaanse ego-dokumente van veral vroue oor byvoorbeeld die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) nie, maar met 'n veel meer universele tendens van “getuienisse”, veral oor traumatiese gebeurtenisse (kyk byvoorbeeld Van de Berg 2009). Oor die Tweede Wêreldoorlog het daar in Nederland in die afgelope jare 'n stortvloed van ego-dokumente verskyn, geeneen so bekend as die dagboeke van Anne Frank (1947) en Etty Hillesum (2004) nie.

Dit is veral Joubert se hantering van die vertelstem wat in die resepsie baie (uiteenlopende) aandag en evaluering gekry het. Die eerste kritikus wat hom uiters negatief hieroor uitlaat, is Gerrit Olivier (1979:13) wat veral die vertelsituasie skerp kritiseer. Hy vind byvoorbeeld dat Joubert een van twee “logiese uitweë” moes gekies het “of 'n eerstepersoonsroman met Poppie aan die woord, of 'n ‘onbetrokke’ verteller wat algemeen-beskaafde Afrikaans praat en aan Poppie soms die woord gee”. Olivier (op cit.) het ook besware teen die struktuur van die roman en sê: “Omdat die ordenende hand van die verteller in so 'n groot mate ontbreek, maak *Die swerffare* 'n nogal rommelige en fragmentariese indruk.” Richard Rive (1980) reageer skerp op Olivier se resensie en beweer dat die boek sy eie (narratologiese) patroon bepaal en dat Poppie eintlik in die sentrum van alles staan. Voorts beskuldig hy Olivier van politieke naïwiteit en onverskilligheid.

In Olivier se repliek (1980) verwerp hy al die laasgenoemde beskuldigings oortuigend, maar krabbel kwaai terug oor sy eie vroeëre oordeel wat hy self nou “erg eensydig” noem. Hy sinjaleer nou ook die wyse waarop die verteller “die taalgebruik van Poppie sy eie maak” en noem dit selfs “voortreflik”. Desondanks herhaal hy baie van sy besware teen die vertelwyse wat hy “slordig” noem, omdat die verteller Poppie soms loslaat en mededelings maak oor die gedagte-wêreld van ander karakters. Dit lyk asof Olivier die verteller as personaal sien en nie as ouktoorieel nie. Olivier dui dan ook verskeie “breuke” in die perspektief aan.

L.S. Venter (1984) maak 'n voortreflike analise van die vertelwyse in hierdie roman waarin hy die vertelwyse knap vind. Hy wys daarop dat daar 'n persoonlike verhouding bestaan tussen die verteller en die romanpersoon “én dit wil die intieme Afrikaansheid van hierdie relasie onderstreep” (Venter 1984:114). Poppie staan “van die eerste woord van die roman af as verteller-karakter op die voorgrond, en nie as reflektor-karakter nie” [...] Wat met die beginsin [“Ons is Gordonia-boorlinge’ sê Poppie”] in die klein te kenne gegee word, is dat ons in *Die swerffare* met 'n sóort roman te make het, naamlik met 'n diëgetiese roman en sy ‘berichtende Erzählung’.”

Steward van Wyk (1992:40) eggo Venter en praat in hierdie verband van 'n “gerepresenteerde outeurs-bewussyn” en die “gerepresenteerde karakterbewussyn”. Volgens hom vind daar in die roman 'n versmelting plaas van die wit skrywer en die swart verteller (Burger 2015: 532). Dit staan bekend as 'n “interferensieteks” in die woorde van Schmidt (1973). Volgens Burger (ibidem.) verdoesel Joubert nie haar teenwoordigheid nie en openbaar sy haar as bevoorregte wit vrou wat nie net Poppie se storie medieer nie, maar ook aandadig is aan haar lot.

Elsa Joubert neem 'n prominente plek in die Afrikaanse literatuursisteem in – nie net as 'n vrou onder ander vroueskrywers nie, maar veral omdat sy 'n leidende rol speel in die totale sfeer van Suid-Afrikaanse skrywers wat die “hier en nou” van die sosiopolitieke konteks in hulle skryfwerk vergestalt. Brink (1982:178) wys op 'n “besondere kenmerk van die dekade Sewentig”; dat skrywers sedert hierdie periode “toenemende” belangstelling toon om onder andere “die land se politieke spanning en oorlogklimaat” by hul tekste in te sluit.

Twee van die belangrikste skrywers in Afrikaans, John Miles en Elsa Joubert, word dikwels gekarakteriseer as by uitstek betrokke prosaïste. In hul uitbeelding van sosiopolitieke realiteite, die bykans uitsluitlike fokus op die swart/wit-verhouding in 'n Afrika-konteks, die afwysing van 'n eksklusiewe Afrikaner-nasionalisme en die ontginning van bestaande dokumentêre materiaal, is hulle werk beslis aktuele letterkunde. (Roos 1998:80)

Joubert slaag nie net daarin om 'n dominante posisie in die literatuursisteem van Afrikaans in te neem nie, maar lewer 'n bydrae tot 'n totaal nuwe dimensie binne die sisteem. Haar invloed kring sodanig uit dat sy daarin slaag om in die volgende dekades binne die sisteem te bly. Die teks *Die swerffare van Poppie Nongena* (1978) slaag daarin om in sowel die literêre sfeer as onder die Suid-Afrikaanse leserspubliek soveel aandag te trek dat rekordverkoopsyfers bereik word. Dit word een van die grootste verkopers in die geskiedenis van die Afrikaanse roman. Verder word dit duidelik dat kriteria rondom die “waarskynlike leser” onderhewig is aan sosiale veranderinge en dat dit in die Afrikaanse literatuursisteem alreeds besig was om te gebeur.

Uit die besonder hoë verkoopsyfers en die intense mediakommetaar (dit is ook in verskeie tale vertaal en as toneelstuk verwerk) het dit geblyk dat die boek 'n opmerklieke impak op die gewone Afrikaanse leser gehad het, en in 'n groot mate die toenemende konflik tussen staatsbeleid en die visie uitgedra deur die letterkunde, verwoord het. (Roos 1998:81; kyk ook Van Niekerk 1999:407)

Daar is reeds gewys op die talle pryse wat Joubert met hierdie roman verower het. Daarby kan nog gevoeg word die Hertzogprys en twee eredoktorate waarby dié roman swaar geweeë het. Die literêre prestige wat sy daardeur verwerf, was gegrond op “haar besondere hantering van die Afrika-aktualiteit en van die tydgenootlike politieke kwessies, reeds sedert haar debuut in 1948, waardeur Joubert die verwagtingspatroon deurbreek het en in werklikheid een van die eerste betrokke outeurs in Afrikaans word” (Roos 1998:102). Binne die Suid-Afrikaanse samelewing word die Afrika-aktualiteit van die tyd as 'n “ideologiese skaakmat” beskryf. Volgens Giliomee (2004) was 'n “kombinasie van politieke arrogansie en kulturele onsekerheid (...) die aanleidende oorsaak van die Soweto-opstand” op 16 Junie 1976, “wat 'n keerpunt in apartheid was. Vir die Afrikaanse kulturele establishment was dit belangrik dat Afrikaans sy “regmatige” plek ook in swart hoërskole inneem:

Die kwessie van Afrikaans was die direkte aanleiding tot die proteste van die Soweto-leerlinge (...). Dit was duidelik dat ideologie eerder as opvoedkundige oorwegings die deurslag gegee het. (Giliomee 2004:530, 531)

Waarskynlik veral as gevolg van sensuur wat gedurende die sewentiger- en vroeë tagtigerjare geweldig streng toegepas was, is die prosateks as betrokke literatuur veral deur die verligte skrywer gebruik om in diens van die gemeenskap te staan deurdat dit eintlik die mees direkte pogings word om die werklike sosiopolitieke situasie aan 'n oningeligte publiek bekend te stel (kyk Weideman 1982:1-8):

“Twee jaar nadat ek begin werk het, het die Soweto-opstande uitgebreek en dit het versprei na Kaapstad. Weer het dieselfde angs om die keel wat my ná Sharpeville gepak het, my beetgekry. Dit was die Voorsienigheid wat die vrou wat Poppie sou word, op die oggend van die tweede Kersdag 1976 na die bloedige opstande by Nyanga-Oos na my laat kom het om vir my te sê: Ek wil vir jou vertel.

“Nou het dit vir my nie meer gegaan om literatuur nie.

“Vriende wat gedeeltes van die Poppie-verhaal gelees het, het vir my gevra: wat skryf jy, ’n roman, ’n feiteverslag, ’n joernalistieke stuk, ’n sage? In watter taal skryf jy dit, want Afrikaans soos ons literatuur dit ken, is dit sekerlik nie. Ek het nie omgee nie. Die begrip Literatuur was weggespoel in die dwingendheid van die waarheid wat moes vertel word.

“Vir die eerste keer in my skrywende lewe het ek werklik nie omgee oor literatuur nie, ek wou nou net die lewe van die een swart vrou probeer werklikheid maak.” (Joubert 1985:205)

Betrokke literatuur was dus eintlik die enigste manier om die ware werklikheid aan die publiek oor te dra. Afrikaanse literatuur verkry hier ’n duidelik joernalistieke funksie en is dit waarskynlik die rede dat die Afrikaanse leserspubliek (asook anderstalige lesers, aangesien haar werk vertaal is) gedurende hierdie tydperk eintlik meer betrokke by die literêre was as wat ooit besef is.

“Ek dink die groot basis van kommunikasie tussen leser en skrywer is nie net daarin gesetel hoe hy skryf of wat hy skryf nie, maar in wat hom so erg pla dat hy daarvoor moet skryf en of hy so skryf dat die geldigheid van die ding wat hom pla, oorgedra word aan die leser, hom saamvat, (dat) dit hom ook kan pla.” (Joubert 1985:138)

Joubert se betrokkeheid plaas haar in ’n leidende rol as vroueskrywer. Vernuwings in die werk van vroueskrywers kom na vore deurdat vroue nou nie meer slegs die ideologiese skaakmat van die patriargale bestel beskryf nie, maar buite die huis begin beweeg en deel word van die sosiopolitieke ideologiese skaakmat – net soos wat Poppie ’n pion van die ideologiese sosiopolitieke skaakmat van die tyd en sosiopolitieke omstandighede word: “In *Die swerffare van Poppie Nongena* bly Poppie reisend. Sy is nêrens tuis nie: nie in Mdantsane nie en ook nie in die Kaap nie”. Sosiopolitieke omstandighede van die tyd word die “Afrika-aktualiteit” soos beskryf deur Joubert (kyk Van der Spuy & Van Vuuren 2007:120).

“Nou is daar nie meer tyd om buite ons land te kyk nie. Nou’s dit op die been af, na binne. Nou’s dit hier vlak by ons, dis die hier en die nou.

“Dit was vir my die oomblik van waarheid.

“Vier jaar later het ek *Die Swerffare van Poppie Nongena* gepubliseer en dit was my stelling oor hoe ek dinge in ons land sien, oplaas.

“My werk het altyd gereageer op direkte konflik van buite.”

(Joubert 1985:204)

Joubert skroom nie om ’n politieke standpunt in te neem nie, veral nie in die afwysing van ’n eksklusiewe Afrikaner-nasionalisme nie: “*Die swerffare van Poppie Nongena* kan hier as waterskeiding gesien word, want dit is met hierdie roman dat die kritiek op die apartheidsstelsel openlik word en waar die minderwaardige behandeling van die meerderheid Suid-Afrikaners op grond van hul velkleur ontbloot word. Waar sy haar romans buite Suid-Afrika geplaas het, is sy hierna bereid om haar romans in Suid-Afrika te laat afspeel” (Van der Spuy & Van Vuuren 2007:127).

“Ek dink die tyd was ryp vir die boek, daar was geen teenstand nie, geen haatbriewe of haatoproepe nie, ek dink die lesers het ook besef dis die waarheid wat sy lees, want sy of hy ken dit uit hulle eie agterplaas.”

(Joubert 1985:205)

Volgens feitlik al die resensies is “van die boek gesê dat die Afrikaner nooit weer kan sê: ‘Maar ons het nie geweet nie’”:

Nou het Elsa Joubert ‘n boek geskryf – ‘n aangrypende, onvergeetlike boek – wat die sluier tussen die witmens en die swartmens in Suid-Afrika afruk. (Marie Dryer, resensie op internet, 1978)

Alhoewel Joubert reeds in 1948 haar debuut maak en sedertdien al besig was om “betrokke literatuur” te beoefen, is dit egter nou, in die sewentigerperiode waar dit wat sy skryf, saamval met die kriteria van die literêre veld van die tyd. Sy verdien literêre prestiege omdat haar werk inpas by die literatuuropvatting van rolspelers in die literêre veld van die tyd. Verder slaag sy in der waarheid daarin om soos die mans binne die Afrikaanse literatuursisteem te skryf.

5. OOREENKOMSTE: SCHREINER VS. JOUBERT

Beide Joubert (1978) en Schreiner (1883) tree op as ideologiese baanbrekers binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteem – onderskeidelik gedurende die einde sewentiger-, vroeë tagtigerjare van die eeu waarin hulle leef, en ook binne die konteks van die samelewing van die tyd waarin hulle skryf. Verskeie parallele of ooreenkomste is ten opsigte van die resepsie van die twee tekste waargeneem:

- 5.1 Aanvanklik kry beide vroue dieselfde soort reaksie wanneer besef word dat hul skryfwerk die werk van ’n vrou is. Enersyds is daar ten opsigte van *African Farm* “an added charm, as did the soon discovered fact that the literary armour of Ralph Iron concealed a vulnerable and ardent colonial girl” en andersyds word aangedui dat “een van die redes waarom daar so ’n ophef rondom *Die swerfjare van Poppie Nongena* (gemaak word), was omdat dit juis ’n vrou was wat “dit waag om die spesifieke roman te skryf en op hierdie manier kritiek te lewer”. Wat egter verder uit beide vroue se tekste na vore kom, is dat die sosiopolitieke omstandighede van die tyd en die verbreking van ideologiese grense wat op daardie stadium vir hulle as vrou en mens gestel was, in ’n groot mate verantwoordelik is vir die erkenning wat hulle ontvang.
- 5.2 Maatskaplike omstandighede waaroor Schreiner skryf en dié waaroor Joubert skryf, word ’n bakermat vir beide skrywers. Schreiner word die eerste Suid-Afrikaner/Suid-Afrikaanse vrou wat die plaas as ideologiese domein van die blanke Afrikanerman beskryf en kritiek daarop lewer deur teen die patriargale ideologie in te skryf. Honderd jaar later word Joubert die eerste Afrikanervrou wat Suid-Afrika as ideologiese domein van die blanke Afrikanerman beskryf en kritiek daarop lewer deur teen sowel die patriargale norme as die apartheidsideologie in te skryf. Net soos Schreiner haar hoofkarakter Lyndall gebruik om die skade wat die manlike bestel aan vroue doen bloot te lê, doen Joubert dit met Poppie enersyds; en andersyds kom hieruit ook voor die minderwaardigheid/verlaging en vernedering wat die twee verskillende karakters of die vrou as mens in hul onderskeie gemeenskappe ervaar het.
- 5.3 Deur te skryf ervaar beide vroue ’n mate van bevryding. Ten opsigte van Schreiner dui Schoeman (1989) aan: “Waarom die Karoolandskap van Suid-Afrika so sterk tot Olive

Schreiner gespreek het, is natuurlik 'n komplekse persoonlike saak, maar wanneer dit kom by die gebruik wat sy veral in *African Farm* daarvan gemaak het, lyk dit duidelik dat sy dit gesien het as simbool van 'n liggaamlike sowel as geestelike vryheid en ongebondenheid wat nóg sy in die werklikheid van Suid-Afrika in die sewentiger jare (van die neëntiende eeu) nóg Lyndall in die konteks van die roman ooit kon geniet" (Schoeman 1989:462, 463). Ook Joubert se stem vind uiting in haar skryfwerk en daardeur ervaar sy bevryding. Joubert sê: "Die skryf daarvan het vir my 'n groot rus of bevryding gebring" (Joubert 1985:205).

- 5.4 Beide skrywers spreek 'n maatskaplike situasie aan. Beide wil "die waarheid en die vryheid" deur hul tekste in hulle verskillende sosiale omstandighede "dien". Weideman (1982:3) toon aan dat sodanige betrokkenheid verband hou met "die individu se verantwoordelikheid vir die aard van die gegewe situasie; 'n verantwoordelikheid wat meebring dat die skrywer aantastinge van die waardigheid van die mens aan die lig bring en bewustelik daarteen rebelleer om so deur sy solidariteit met die onderdrukte, die waarheid en die vryheid te dien". Gordimer (1980) wys daarop dat Schreiner "(raised) the consciousness of the oppressed from out the colonial nightmare, and that of the oppressor from out the colonial dream, and telling the world what she, uniquely, knew about the quality of human life deformed by those experiences". Gelykluidend hiermee dui Van der Merwe (1994) ten opsigte van Joubert aan: "(t)he author is politically aware, and highlights the suffering which the pass laws brought to black people in South Africa". Joubert bevestig: "Die gevoel het al hoe sterker by my toegeneem: die swart woonbuurte langs ons stede is die onkenbare wat roep om geken te word, wat dwingend geken moet word" (Joubert 1985:204).

6. GEVOLGTREKKING

Letterkundige tekste vorm 'n (belangrike) onderdeel van enige literêre sisteem of van die Literêre Veld. Omdat die literêre sisteem/Literêre Veld deel vorm van ánder sisteme of velde (soos vroeër geargumenteer) oefen letterkundige tekste dikwels invloed uit en vervul veral seminale tekste ook 'n wesenlike funksie in die samelewing.

Die literêre verandering wat gedurende die periode 1976 tot 1989 waargeneem kan word, het op 'n dikwels parallelle wyse verband gehou met bepaalde sosiopolitieke gebeurtenisse. (Roos 1998:76)

Die verbokkeling van die sosiale dimensie van mag soos dit in die samelewing van die tyd (na 1975) voorkom, hou verband met die sogenaamde paradigmaterskuiwing in die Afrikaanse literatuursisteem. Die feit dat daar ook sprake was van 'n veranderende politieke situasie met veel meer kritiek op die apartheidsbestel het waarskynlik 'n beduidende uitwerking gehad op die wyse waarop 'n teks soos *Poppie* 'n dominante posisie in die hiërargie van literêre tekste verkry het. *Poppie* het inderwaarheid nie net bygedra tot verskuiwings in die Afrikaanse literatuursisteem nie; dit het ook die Suid-Afrikaanse politieke sisteem diepgaande beïnvloed. "Veertien jaar ná die boek se verskyning het Danie van Niekerk, besturende direkteur van die uitgewers gesê: "Ek dink die boek het meer as enige ander Afrikaanse boek gedoen om die Afrikaners tot inkeer te bring. Dit het nooit ophou verkoop nie" (Giliomee 2004:554).

The literary writer does not merely point to the future, but often strives to realize the future predicted. He/she does not operate from a neutral stance, but has to choose a point of view and, consciously or unconsciously, influences or tries to influence the reader to accept the implied stance of the book. Danie van Niekerk, formerly editor of Tafelberg Publishers,

expressed the view that Elsa Joubert's *Poppie Nongena*, so widely read and generally appreciated, more than any other Afrikaans book made the Afrikaner turn away from apartheid. Predicting the future, preparing the way – there may be quite some truth in the confident statement by Shelley, that the poets are the true legislators of the world. (Van der Merwe 1994:120; Beukes 1992:302)

Johl (1986) wys daarop dat die kontekstuele verskuiwing na die Afrika-gerigte teks aanleiding gegee het tot 'n toenemende belangstelling in die “pragmatiese funksie van literatuur”. Afrikaanse literatuur se funksionele bydrae tot die transformasie binne die samelewing het die wedersydse beïnvloeding tussen die literêre en die politieke sfeer beklemtoon. Van Coller (1995:197) waarsku egter dat alhoewel “dit bykans vanselfsprekend is dat letterkunde ‘nie die gevolg is van waardevry idees nie, maar ingebed in ons sosiale lewe’ (is), volg dit nie daarom netso logies dat die Afrikaanse letterkunde die gevolg is van wat gerieflikheidshalwe ‘die Suid-Afrikaanse geskiedenis’ genoem word nie”.

Hierdie (resepsie-)ondersoek toon egter dat literatuursisteme – hier ter sprake die Afrikaanse literatuursisteme en Engelse literatuursisteme – as produkte van die Suid-Afrikaanse samelewing gesien kan word. Wanneer hierdie deelsisteme van dieselfde groter sisteem met mekaar vergelyk word, kan veranderinge ten opsigte van waardebeplanning binne 'n literatuursisteme direk in verband gebring word met die veranderende politieke motiewe van die regering van die tyd as sosiale magstruktuur (kyk Willemsse 1999:4). Deur gebruikmaking van die komparatisme is ook aangedui hoe dieselfde teks in verskillende periodes verskillend ontvang word. Uit die bestudering van die insiggewende voorwoord tot die herdrukte uitgawe (2004) van *African Farm* (kyk Clayton 2004:7-20) word dit duidelik dat:

Political judgements have their rights – in South Africa literary judgements are political judgement – but they tell us more about the tightening of a political climate than they do about Schreiner's novel.

The process is well illustrated in two different judgements of Schreiner's position within South African fiction, offered in 1973 and 1980, by Nadine Gordimer. In 1973 Gordimer praised *African Farm's* movement beyond the question: ‘What does a man make of life in South Africa?’ to the eternal question: ‘What is the life of man?’

The novel's intellectual curiosity, its ‘glorious irrelevancies’, its feminism, are seen as strengths stretching the novel beyond the simply parochial, reminding us that though we live within a particular set of social laws and ideals we ‘have not contracted out of wider human condition’.

But in 1980 Gordimer sees Schreiner's feminism as irrelevant to the actual problem of the country, argues that ‘her wronged sense of self, as a woman’ was secondary within her historical situation, and judges her far more firmly for abandoning the quest to find a form of fiction adequate to contain ‘the South African experience’ (as if this experience were monolithic and unchanging). Gordimer concludes that Schreiner's failure to develop her ‘synthesis of life and work’ meant that she could not succeed in ‘raising the consciousness of the oppressed from out of the colonial nightmare, and that of the oppressor from out of the colonial dream.’ If anyone has the right to this judgement it is Gordimer, with her own politically sensitive and finely honed fictional oeuvre, but such judgement forgets that the very freedom which gives a modern woman writer the right to education and self-expression had to be earned in its time, and that people like Schreiner helped to earn it for others. Their circumstances were deeply crippled; *African Farm* is precisely about the desire for self-fulfilment and the forces which made it almost impossible.

The point to be made here is that in the years between Gordimer's first and second judgement neither Schreiner nor her novel changed; political pressures on and within South Africa did. (Clayton 2004:13)

In hierdie artikel is aangedui dat literêre verandering op 'n parallele wyse in verband met bepaalde sosiopolitieke gebeurtenisse gebring kan word; dat "evaluering met verloop van sosiale en literêre omstandighede verander" (kyk Willemsse 1999:4), maar veral watter invloed sosiale/maatskaplike en sosio-politieke gebeure – die werklikheid – op literatuur kan hê.

Not only did the values in Afrikaans literature change; in the political crises of the seventies and the eighties, Afrikaans literature was used as a *means* of changing the values prevalent in society. Afrikaans literature not only reflected some of the changes in Afrikaner ideological thinking, it also helped to effect the changes desired. (Van der Merwe 1994:8,9)

Nie net het Schreiner en Joubert 'n normdeurbrekkende bydrae gelewer tot vernuwing in die afsonderlike literatuursisteme nie, maar ook in die sosiopolitieke omstandighede van die Suid-Afrikaanse samelewing van hul tyd. Hul romans, Schreiner se *The Story of an African Farm* (*African farm*) en Joubert se *Die swerffjare van Poppie Nongena* (*Poppie*) was dus inderdaad gebeurtenisse met 'n groot sosiale impak.

BIBLIOGRAFIE

- Beukes, Marthinus & Gouws, Tom. 1998 & 1999. Ginogenese as diskoers van maggestaltegewing van die Nuwe Vrou in *Griet skryf 'n sprokie* (Marita van der Vyver). *Tydskrif vir Letterkunde*, November 1998/ Februarie 1999, 36(4)/37(1): 85-94, 85-97.
- Brink, André P. 1982. Die jongste tydvak: 1967-1977. In: Nienaber, P.J. 1982. *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Perskor, pp. 165-216.
- Bourdieu, Pierre. 1986. The Forms of Capital. In: Richardson, 1986: 241-258.
- Bourdieu, Pierre. 1994. *De regels van de kunst. Wording en structuur van het literaire veld*. Translated by Rokus van Hofstede. Amsterdam: Van Genneep.
- Bourdieu, Pierre. 2005. Pierre Bourdieu (1930-2002) from "The field of Cultural Production, Or: The Economic World Reversed" *The field of Cultural Production* (1983). In: Morrissey, Lee (ed.). 2005. *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan, pp. 103-110.
- Britz, Ettienne & Pienaar, Delene. 2002. Die representasie van die vrou in die verse van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. *Stilet*, 14(2) September: 217-225.
- Buursink, Marijke, Hupperetz, Karel, Licher, Edmund, De Roo, Koos & Schönau, Walter. 1978. *De wetenschap van het lezen. Tien jaar teorie de literaire receptie*. Assen / Amsterdam: Van Gorcum.
- Burger, Willie. 2015. Elsa Joubert. In: Van Coller, 2015: 519-540.
- Clayton, Cherry. 2004. Introduction. In: Schreiner, Olive. *The Story of an African Farm*. First published in 1883 by Chapman & Hall, London. Jeppestown: AD Donker, pp. 7-20.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Cloostermans, Mark. 2013. Weg met de (literaire) evolutietheorie. Thomas Vaessens herziet de Nederlandse literatuurgeschiedenis. *Staalkaart*, Augustus-Oktober, 421: 86-89.
- De Beauvoir, S. 1972. *The second sex*. Harmondsworth: Penguin. Transl. H.M. Parshley.
- De Geest, Dirk. 1996. *Literatuur als systeem, literatuur als vertoog. Bouwstenen voor een functionalistische benadering van literaire verschijnselen*. Leuven: Uitgeverij Peeters.
- Dijkstra, Katinka. 1989. Canonvorming in de literaire communicatie: Indicator voor de analyse van de literair-kritische canon. *Spektator tijdschrift voor Nederlandistiek*, 18(3), Januarie:159-168.
- Even-Zohar, I. 1990. Polysystem studies. *Poetics Today*, 11(1):27-44; 1-94.
- Frank, Anne. 1947. *Het achterhuis. Het dagboek van Anne Frank*.
- Friedlander, Zelda (ed.). 1967. *Until the heart changes. A garland for Olive Schreiner*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, Hermann. 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gordimer, Nadine. 1980. "The Prison-house of Colonialism": Review of Ruth First and Ann Scott's *Olive*

- Schreiner. *The Times Literary Supplement*, London. 15 August 1980. In: Berkman, Joyce Avrech. 1989. *The healing imagination of Olive Schreiner: Beyond South African Colonialism*. Oxford: Plantin Publishers, pp. 95-98.
- Hillesum, Etty. 2004. *Het verstoorde leven. Dagboek van Etty Hillesum. 1941-1943*. Amsterdam: Balans.
- Jauss, H.R. 1978. Het partiële karakter van de receptieve-estetische methode. In Buursink e.a., 1978: 63-78.
- Jauss, H.R. 2001. Literatuurgeschiedenis als uitdaging aan de literatuurwetenschap. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN, pp. 185- 218. Vert. Sytze Steenstra.
- Johl, Ronél. 1986. *Kritiek in krisis: Vryheid vir die teks*. Durban: Butterworth.
- Joubert, Elsa. 1978. *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, Elsa. 1985. 'n Klein bietjie geestesenergie. Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 137-140.
- Joubert, Elsa. 1985. Rassekonflik: hoe dit my werk raak. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 200-206.
- Joubert, Elsa. 2005. 'n Wonderlike geweld. Kaapstad: Tafelberg.
- Lukács, Georg. 2001. Voorwoord bij 'Balzac en het Franse realisme'. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 10-21. Vert. Sytze Steenstra.
- Malan, Charles. 1992. Kultuurkritiek. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 241-244.
- Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). 1985. *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Mandelkow, Karl Robert. 1978. Problemen van de werkingsgeschiedenis. In: Buursink e.a., 1978:47-62.
- Morrissey, Lee (ed.). 2005. *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan.
- Nienaber, P.J. 1982. *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Perskor.
- Nelson, Cary & Grossberg, Lawrence (eds). 1988. *Marxism and the interpretation of culture*. Urbana, IL: University of Illinois Press.
- Olivier, Gerrit. 1979. "Politieke" prosa uit 1978. *Standpunte*. Derde reeks 32(2): 12- 22.
- Peeters, Carl. 2009. Thomans Vaessens' literaire populisme. *Vrij Nederland.htm.*, 16 Mei 2009.
- Reader's Digest. 1981. *South Africa's Yesterday's*. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa.
- Richard Rive en Gerrit Olivier. 1980. Reaksie en repliek. *Standpunte*. 33(3): 57-63.
- Roos, H. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgesiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 21-117.
- Rossouw, Mabel A. 1992. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 427-429.
- Said, Edward. 1994. *Culture and imperialism*. New York: Vintage Books.
- Schmid, W. 1973. *Der Textaufbau in der Erzählungen Dostoevskijs*. München: Fink.
- Schmidt, S.J. 1992. Conventions and Literary Systems. In: Ibsch, etc. 1992:413-424.
- Schoeman, K. 1989. *Olive Schreiner: 'n Lewe in Suid-Afrika (1855-1881)*. Kaapstad: Juta & Co.
- Schreiner, Olive. 1883. *The Story of an African Farm*. London: Chapman & Hall.
- Schreiner, Olive. 1991. The Hunter. In: *Reader's Digest*. South Africa's Yesterdays. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa, pp. 9-15.
- Schreiner, Olive. 2004. *The Story of an African Farm*. First published in 1883 by Chapman & Hall, London. Jeppestown: AD Donker.
- Smuts, J.C. 1967. General J.C. Smuts on Olive Schreiner. In: Friedlander, Zelda (ed.). *Until the heart changes. A garland for Olive Schreiner*. Kaapstad: Tafelberg, p.19.
- Spivak, Gayatri Chakravorty. 1988. "Can the subaltern speak?" in Nelson e.a., 1988: 271-313.
- Steyn, J.C. 2004. *Die 100 jaar van M.E.R.* Kaapstad: Tafelberg.
- Vaessens, Thomas. 2009. *De Revanche van de roman. Literatuur, autoriteit en engagement*. Nijmegen: Vantilt.
- Vaessens, Thomas. 2013. *Geskiedenis van de moderne Nederlandse literatuur*. Nijmegen: Uitgeverij Vantilt.


- Van Coller, H.P. & Van Jaarsveld, G.J. (reds.). *Woorde as dade. Taalhandelinge en letterkunde*. Durban: Butterworth-Uitgewers.
- Van Coller, H.P. 1995. Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid in Suid-Afrika. *Stilet*, 7(2):22-31.
- Van Coller, H.P. 1995. Tussen nostalgie en parodie: die Afrikaanse prosa in die jare negentig (Deel 1). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 35(3), September:197-208.
- Van Coller, H.P. 1998. Die reisverslag van 'n post-kolonialistiese reisiger: *Die reise van Isobelle* deur Elsa Joubert. *Literator*, 19(3):53-68.
- Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. (red.). 1999. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. 2001. N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder. (Deel 1). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 41(1):63-71.
- Van Coller, H.P. (red.). 2015. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. (Nuwe verbeterde en bygewerkte uitgawe). Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Van de Berg, J.P.C. 2009. *Die representasie van trauma in die letterkunde, met spesifieke verwysing na die Holocaust in die Nederlandse letterkunde*. Ongepubliseerde Ph D-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Van der Berg, D.Z.J. 1993. *Elsa Joubert: 'n kommunikatiewe benadering*. Ongepubliseerde Ph. D.-proefskrif. Pietermaritzburg: Universiteit van Natal.
- Van der Merwe, C.N. 1994. *Breaking Barriers. Stereotypes and the changing of values in Afrikaans writing. 1875 – 1990*. Amsterdam, Atlanta, GA: Radopi.
- Van der Merwe, Chris N. & Viljoen, Hein. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Spuy, Alicia & Van Vuuren, Helize. 2007. Elsa Joubert as postkoloniale skrywer: 'n herwaardering. *Stilet*, 19(1). Maart:115-132.
- Van Heusden, B. 2001. *Literaire kultuur. Handboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN.
- Van Luxemburg, Jan; Bal, Mieke; Wetsteijn, Willem G. 1983. *Inleiding in die Literatuurwetenskap*. Derde hersiene uitgawe. Muiderberg: Coutinho.
- Van Niekerk, Annemarie. 1999. Die Afrikaanse vroueskrywer – van egotekste tot postmodernisme (18de eeu-1996). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 305-443.
- Van Wyk, S. 1992. Ideologie en styl in *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Hulle praat liefste Afrikaans. *Karring* 4: 35-40.
- Venter, L.S. 1984. “Ons is Gordonia-boorlinge, sê Poppie”. 'n Mikro-analise. In: Van Coller & Van Jaarsveld, 1984:112-116.
- Verboord, Marc. 2003. Classification of authors by literary prestige. *Poetics* 31:259- 281.
- Viljoen, Louise. 1998. Die vroue-reisiger: Elsa Joubert se reisverhale *Water en woestyn* en *Die verste reis* en haar roman *Die reise van Isobelle*. *Tydskrif vir Letterkunde* 35(2): 7-21.
- Von Bertalanffy, Ludwig. 1968. *General systems theory: Foundations, development, applications*. New York: George Braziller.
- Weideman, G. 1982. Die teks as korrektief. Enkele gedagtes oor ‘betrokkenheid’ en ‘universaliteit’ in die literatuur en die literatuurstudie. *Logos*, 2(1):1-8.
- Wellek, R & Warren, A. 1963. *The Theory of Literature*. London: Harcourt, Brace & World.
- Willemsse, Hein. 1999. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 3-20.
- Wolfswinkel, Rolf. 1994. *Tussen landsverraad en vaderlandsliefde: de collaboratie in naoorlogse prosa*. Amsterdam: Amsterdam University Press.

Die Eerste Wêreldoorlog as faktor in die Suid-Afrikaanse toetrede tot die internasionale gemeenskap

The First World War as Factor in the South African Entry into the International Community

LEOPOLD EN INGRID SCHOLTZ

Navorsingsgenote, Universiteit van Stellenbosch
E-pos: Leopold.Scholtz@media24.com



Leopold Scholtz



Ingrid Scholtz

LEOPOLD SCHOLTZ het aan die Universiteit van Stellenbosch, die ou Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Leiden gestudeer, waar hy in 1978 in die geskiedenis gepromoveer het. Hy was onder meer adjunkredakteur van *Die Burger* en Europa-korrespondent vir die Media-24-koerante. Hy was lid van die Raad van die SA Akademie, asook buitengewone professor aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy sy verbintenis as navorsingsgenoot voortsit. Hy is tans – op papier – afgetree, maar gaan voort as akademikus en ontleder van die internasionale politiek saam met sy vrou.

LEOPOLD SCHOLTZ studied at the University of Stellenbosch, the former Rand Afrikaans University and the University of Leiden, where he received a PhD in history in 1978. He was, inter alia, deputy editor of *Die Burger* and Europe correspondent for the Media24-newspapers. He was a member of the Council of the SA Academy, as well as professor extraordinaire at the University of Stellenbosch, where he continues as research fellow. He is presently – on paper – retired, but he continues as academic and analyst of international politics together with his wife.

INGRID SCHOLTZ het aan die Universiteit van Leiden gestudeer, waar sy in 1974 met die graad Doctorandus Historiae afgestudeer het. Sy was dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland, die Universiteit van Stellenbosch en redakteur van *Wêreldbürger*, 'n bylae oor die internasionale politiek tot *Die Burger*. Sy is tans afgetree, maar gaan voort as akademikus saam met haar man.

INGRID SCHOLTZ studied at the University of Leiden, where she graduated in 1974 as Doctorandus Historiae. She was a lecturer at the University of the Western Cape, the University of Stellenbosch and editor of *Wêreldbürger*, a supplement of *Die Burger*, focussing on international politics. Currently retired, she continues her academic work together with her husband.

ABSTRACT

The First World War as Factor in the South African Entry in the International Community
When the First World War started on 4 August, 1914, the Union of South Africa was barely four years old. In international terms the country was on the far end of the world and not very important. In addition, the country was a self-governing British Dominion, not able to pursue an independent foreign policy. Nevertheless, at the Versailles Peace Treaty of 1919, co-signed by its representatives,

Generals Louis Botha and Jan Smuts, South Africa was recognised as a player in its own right on the international political podium. This was brought about by especially two factors. The first was South Africa's military role in occupying German South West Africa and its important role in the occupation of German East Africa. The second was the participation of an infantry brigade on the Western Front in France and Flanders. Although this role was limited, it was exploited to the hilt by Jan Smuts during his sojourn in London and Paris during 1917–1919. Smuts was received as a hero when he arrived in London in the first months of 1917, and became a member of both the Imperial War Cabinet and the British War Cabinet. As such, his contribution to the Imperial Conference of April 1917 was conclusive in getting recognition for the Dominions' right to independence – although it would take until 1926 and 1931 for this to be legally formalised. Nevertheless, Smuts played a decisive role in winning the right for the Dominions to be represented in their own right at the Paris Peace Conference and sign the Versailles Peace Treaty. In the months before the Armistice of November 1918, he was Prime Minister David Lloyd George's right hand man and did an unbelievable amount of work, including advising the British High Command on Western Front operations, the founding of the Royal Air Force, solving various labour disputes and even sounding out the Austrians about peace. After the Armistice, Smuts played a huge role in conjunction with President Woodrow Wilson in bringing about the League of Nations. However, the last weeks before the Peace saw Smuts locked in a bitter fight with French Prime Minister Georges Clemenceau – full of hatred for the despised Boches – as well as Woodrow Wilson (who had all but abandoned his own conciliatory approach) and an opportunistic, vacillating Lloyd George, Smuts resisted the severe peace conditions dictated to the Germans. He repeatedly drew the others' attention to the British magnanimity after the Anglo-Boer War as an example of how conciliation could be achieved, and pleaded for a similar approach to the Germans. Moreover, he saw that Germany had to play a decisive role in any future Europe. He feared that the severe conditions would fuel so much bitterness in Germany that it could lead to a future war – which, of course, did happen barely 20 years later. Smuts felt so strongly about this that he threatened not to sign the peace treaty, and it took massive pressure by Lloyd George and his own Prime Minister, Louis Botha, to change his mind. Nevertheless, in spite of his failure, by June 1919 especially Smuts had carved out for South Africa an international standing which nobody could have imagined five years previously.

KEY TERMS: First World War, League of Nations, Peace of Versailles, Jan Smuts, David Lloyd George, Woodrow Wilson, Georges Clemenceau

TREFWOORDE: Eerste Wêreldoorlog, Volkebond, Vrede van Versailles, Jan Smuts, David Lloyd George, Woodrow Wilson, Georges Clemenceau

SAMENVATTING

Toen Zuid-Afrika op 4 augustus 1914 betrokke raakte by die Eerste Wereldoorlog, was het als onvrij deel van het Britse Rijk. Vijf jaar later tekenden de generaals Louis Botha en Jan Smuts die Vrede van Versailles namens een land dat in alles behalve naam onafhankelik was – al werd die onafhankelikheid pas in 1926 en 1931 ook in die praktijk erkend. Dit was dankzij Zuid-Afrika's militaire deelname aan die oorlog, en Smuts' enorme rol als internasionaal staatsman in Londen en Parijs in 1917–1919. Smuts' bydrae aan Brittanje's oorlogspoging was uniek, en hij kreeg het bij die Rijkskonferentie van 1917 voor elkaar dat die voormalige Britse kolonies in die praktijk als gelijken van Brittanje erkend werden. Ook speelde hij een doorslaggevende rol by die stichting van die Volkebond. In 1919 verzetste hij zich teen die vernedering van Duitsland met het argument dat dit in die toekomst opnuut een oorlog kon uitlokken – hetgeen inderdaad gebeurde. Hier moest Smuts echter het onderspit delven. Nietemin was het hoofdzakelik aan hem te danke dat Zuid-Afrika teen 1919 een volwaardig deel van die internasionale gemeenskap was.

INLEIDING

Toe die Eerste Wêreldoorlog op 4 Augustus 1914 uitbreek, het genl. Louis Botha as eerste minister van die Unie van Suid-Afrika onmiddellik aan die Britse regering laat weet dat die Unie sy eie verdediging sou waarneem en dat die nagenoeg 6 000 Britse koloniale troepe dus vir diens elders onttrek kon word. Drie dae later het Londen Botha formeel versoek om Duits-Suidwes-Afrika te verower. Ná 'n paar dae se interne debat het die regering ingestem.¹

Die land wat op 10 Augustus – die dag waarop die kabinet die Britse versoek goedgekeur het – tot die oorlog toegetree het, was 'n selfregerende dominium van Groot-Brittanje, in alle opsigte taamlik onbelangrik. Ofskoon die Unie-regering binnelandse selfbestuur gehad het, had hy geen volkeregtelike status nie: Geen dominium kon op eie gesag 'n verdrag met 'n buitelandse moondheid sluit nie, en kon ook nie neutraal bly in 'n oorlog waarby Brittanje betrokke was nie.²

Brittanje se toetrede tot die oorlog het beteken dat Suid-Afrika, soos die ander gebiede in die Britse Ryk, outomaties in die oorlog met Duitsland en Oostenryk-Hongarye betrokke geraak het. Kragtens 'n besluit op die Rykskonferensie van 1911 het die Ryksdele egter wel die mag gehad om self te besluit hóé hulle aan die oorlog sou deelneem.³ Dit egter met 'n Suid-Afrikaanse weermag wat nog in sy kinderskoene was.⁴

Die land was, 12 jaar ná die Vrede van Vereeniging, tot op die been verdeel. Die verlies van die Boererepublieke se onafhanklikheid (saam met die grootskaalse verwoesting en lyding in die konsentrasiekampe) het die kole van die bitterheid tussen Afrikaners en Engelssprekendes steeds rooiwarm laat smeul. Daarby was daar ook groot verskille in insig tussen gematigde en onversetlike Afrikaners en Engelssprekendes onderling oor hoe die twee bevolkingsgroepe met mekaar moes omgaan. “There was no South African nation,” skryf Ian van der Waag.⁵

Tog, toe die Vrede van Versailles op 28 Junie 1919 geteken word, het die handtekening van genls. Louis Botha en Jan Smuts gestaan naas dié van staatsmanne soos pres. Woodrow Wilson van Amerika, en premiers David Lloyd George en Georges Clemenceau van Brittanje en Frankryk respektiewelik. Daarby het Smuts in die oorlogsjare steeds meer op die voorgrond getree as 'n gewaardeerde internasionale leier wie se mening deur baie met groot respek bejeën is.

Hoe dit sover kon kom – dit is die onderwerp van hierdie analise. Vanselfsprekend is Smuts die hooffiguur in dié verhaal, want sonder sy rol sou Suid-Afrika se internasionale posisie in 1919 skaars van dié in 1914 verskil het.

SUID-AFRIKA SE MILITÊRE ROL

In die breër opset was Suid-Afrika se militêre rol in die oorlog beperk. Sy geografiese posisie wat hom as beskermmer van die Kaapse seeroete aangewys het (al het die land nog geen eie vloot gehad

¹ G.D. Scholtz: *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek 1652-1952* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954), pp. 260-261; G.D. Scholtz: *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, VI (Johannesburg, Perskor, 1979), pp. 216-217.

² A.V. Dicey: *Introduction to the Law of the Constitution* (herdruk, Indianapolis, Liberty Classics, 1982), pp. xlvii-xlvi.

³ Leopold en Ingrid Scholtz: “Die internasionale agtergrond van die Rebelle”, in D.J. Langner en A.W.G. Raath (reds.): *Die Afrikanerrebelle 1914-1915* (Pretoria, Kraal-uitgewers, 2014), p. 43; N.G. Garson: “South Africa and World War I” (*The Journal of Imperial and Commonwealth History*, 8/1, 1979, p. 68).

⁴ Bill Nasson: *WWI and the People of South Africa* (Kaapstad, Tafelberg, 2014), pp. 72-73.

⁵ Ian van der Waag: “South African defence in the age of total war, 1900-1940” (*Historia*, 60/1, Mei 2015, p. 140).

nie) was belangrik vir die uitgestrekte Britse Ryk, wat hoofsaaklik van sy maritieme verbindings afhanklik was. Die feit dat Duitsland oor diepsee-hawens in Duits-Suidwes en Duits-Oos-Afrika beskik het, was trouens een van die redes waarom Brittanje dié kolonies van die Duitsers wou afneem.

Maar die Kaapse seeroete sou slegs in die praktyk belangrik wees indien die Duitsers 'n vloot gehad het wat dit kon bedreig. En dit was nie die geval nie; hul vloot was ontwerp vir operasies in die Noordsee. Vir operasies verder weg was slegs enkele vinnige kruisers beskikbaar. 'n Kruisertaakmag onder bevel van v.adm. Maximilian von Spee het die Britte wel in die eerste maande van die oorlog die skrik op die lyf gejaag in die Stille en die suidelike Atlantiese Oseaan, terwyl die kruiser *Königsberg* – wat in Duits-Oos gestasioneer was – die Britte 'n paar gryns hare in die Indiese Oseaan besorg het. Maar Spee se eskadron is in Desember 1914 by die Falkland-eilande verras en uitgewis, terwyl die *Königsberg* teen Julie 1915 uitgeskakel is. Daarmee was Suid-Afrika se geopolitieke belang ook op 'n einde.⁶

Nietemin het die Unie se deelname aan die oorlog in Afrika Brittanje gehelp in die sin dat duisende troepe vir aanwending in Frankryk – die swaartepunt van die oorlog in die Weste – vrygemaak is. Ná 'n kortstondige rebellie in Suid-Afrika deur ontevrede Afrikaners het die nuwe Unie-Verdedigingsmag sy buitelandse vuurdoop ondergaan deur Duits-Suidwes binne te val. Teen Julie 1915 het die Duitse koloniale magte hulle oorgegee. Daarna het Suid-Afrikaanse magte 'n lang veldtog onderneem om Duits-Oos te onderwerp, eers onder bevel van Smuts en daarna onder genl. Jaap van Deventer. Onder leiding van die briljante kol. (later genl.) Paul von Lettow-Vorbeck het die Duitsers en hul askari's 'n uitgerekte guerrilla-oorlog begin, met die gevolg dat hulle steeds nie verslaan was toe die wapenstilstand op 11 November van 1918 van krag word nie.⁷ In die Duitswes-veldtog het Suid-Afrika 67 000 man ontplooi, van wie 88 gesneuwel en nog 178 weens ander oorsake gesterf het. In Duits-Oos het 43 000 Suid-Afrikaners geveg, van wie 502 gesneuwel en 1 109 weens siekte oorlede is.⁸

Dié relatief ligte verliese sou egter nie in Frankryk herhaal word nie. Om politieke redes het Botha ook 'n brigade met drie infanteriebataljons op die been gebring om aan die Wesfront teen die Duitsers te veg. Daar het hulle onder meer aan die Slag van die Somme deelgeneem, waar hulle in Delville-bos ernstige verliese gely het. Daarna is hulle noordwaarts, na Ieper en Passendale in Wes-Vlaandere, verskuif, waar hulle ook by dié takties sinlose bloedbaddens betrokke was. In totaal het 12 354 Suid-Afrikaanse militêre van die 254 666 wat gedien het in die Eerste Wêreldoorlog gesterf.⁹ Waar die veldtogte in Afrika 'n beskeie, maar waardevolle bydrae tot die Geallieerde oorlogspoging gelewer het, was die deelname aan die gevegte in Frankryk, gesien die swaar verliese (25%),¹⁰ militêr sinloos.

Polities het dit egter wel sin gemaak, want dit het gehelp om aan Suid-Afrika 'n bepaalde internasionale geloofwaardigheid te gee waarvan Smuts tydens sy verblyf in Londen en Parys in die jare 1917–1919 goed gebruik kon maak.

⁶ Kyk G.D. Scholtz se beskouing in sy *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek*, pp. 265-266. Vgl. Ook Edward Paice: *Tip & Run: The Untold Tragedy of the Great War in Africa* (Londen, Weidenfeld & Nicolson, 2007), p. 3.

⁷ Kyk Hew Strachan: *The First World War in Africa* (Oxford, Oxford University Press, 2004), hoofstuk 4; Paice: *Tip & Run*, hoofstuk 10.

⁸ André Wessels: "South Africa's land forces, 1912-2012" (*SA Journal of Contemporary History*, 38(1), Junie 2013, p. 234).

⁹ *Ibid.*, p. 236.

¹⁰ Van der Waag: "South African defence in the age of total war, 1900-1940" (*Historia*, 60/1, Mei 2015, p. 140).

BOTHA EN SMUTS SE OORLOGSDOELWITTE

Uit bogenoemde kan 'n mens al die eerste kontoere sien van wat die Unieregering deur sy deelname aan die oorlog wou bereik. Daar was veral twee oorkoepelende doeleindes: Geopolitiese en politieke oogmerke.

Vir Botha en Smuts was dit belangrik om veral Duits-Wes sonder die deelname van Britse troepe te verower. Dit was ook belangrik om 'n prominente rol in die verowering van Duits-Oos te speel. Reeds in 1915 het Smuts die sluier gelig deur te sê Suid-Afrika se noordelike grense kan noordwaarts verskuif word, “and we shall leave to our children a huge country”.¹¹

Ná die Suidwes-veldtog het Smuts met besliste geopolitiese oogmerke sy pyle op Duits-Oos gerig. “If that country were conquered by us,” het hy aan John X. Merriman geskryf, “we could probably effect an exchange with Mozambique and so consolidate our territories south of the Zambezi and Kunene.”¹² Deur Portugal se toetrede tot die oorlog vroeg in 1916 het dié oogmerk byna onmoontlik geword, maar na sy bevelstermy in Duits-Oos in dieselfde jaar het Smuts nog daarop gesinspeel: “Through our own efforts and our own sacrifices, we have secured a voice in the ultimate disposal of this sub-continent ... I trust that ... South Africa, instead of being a small, cramped, puny country, gnawing at its own entrails, will have a larger freedom and a better life, and will become the great country which is its destiny ...”¹³

Soos hierna gesien sal word, het Botha en Smuts wel daarin geslaag om Suidwes min of meer te behou, maar van hul vergesigte om Duits-Oos vir Mosambiek te verruil het dadels gekom. Die Britse regering het die idee in 1917 ge veto.¹⁴ Dit was ewenwel 'n ironiese oornam van die Britse imperialisme deur 'n Boeregeneraal.

Maar geopolitiese oogmerke was nie al wat die Suid-Afrikaanse staatsmanne besig gehou het nie. Dit het veral gegaan om van Suid-Afrika se onderhorige status in die Britse Ryk af te kom. In Desember 1916 het Botha Smuts gevra om die Rykskonferensie wat vir 1917 beplan is namens hom by te woon, en daarvan sou Smuts handig gebruik maak om sy doel te bevorder.

In 1902 het Brittanje uit die Anglo-Boereoorlog te voorskyn getree, enigsins geskok oor sy byna algehele politieke isolasie in Europa. Dit het gelei tot 'n wysiging van sy tradisionele beleid van “splendid isolation”, maar Londen het ook ingesien dat die kolonies in 'n gemeenskaplike verdedigingsnetwerk vir die Ryk ingetrek moet word. Die Rykskonferensies van 1907 en 1911 het die fundamente hiervoor gelê. Daarby het die toekoms vir Brittanje en Frankryk teen 1917 uitsigloos gelyk. Verskeie offensiewe op die Wesfront in Frankryk het met massiewe ongevallen misluk, Italië het noustrop getrek teen Duitsland en Oostenryk, en Rusland was op die punt om ineen te stort. Die tyd vir 'n nuwe Rykskonferensie was ryp.

Dus het David Lloyd George, wat kort tevore by Herbert Asquith as eerste minister oorgeneem het, in die Laerhuis verklaar: “We feel that the time has come when the Dominions ought to be more formally consulted as to the progress and course of the war, as to the steps that ought to be taken to secure victory, and as to the best methods of garnering in the fruits of their efforts as well as of our own.”¹⁵ Die Rykskonferensie het voorts plaasgevind teen die agtergrond van 'n interne

¹¹ Scholtz: *Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, VI, pp. 310-311.

¹² W.K. Hancock en Jean Van der Poel (reds.): *Selections from the Smuts Papers*, III (Cambridge, At the University Press, 1966), p. 310 (Smuts – Merriman, 30.8.1915).

¹³ F.S. Crafford: *Jan Smuts. A Biography* (Kaapstad, Howard B Timmins, s.j.), p. 133. Kyk ook *Selections from the Smuts Papers*, p. 603 (Botha – Smuts, 26.2.1918).

¹⁴ W.K. Hancock: *Smuts, I. The Sanguine Years 1870-1919* (Cambridge, At the University Press, 1962), p. 498.

¹⁵ Hancock: *Smuts*, I, p.426

debat tussen mense soos lord Milner wat die Ryk in 'n soort federasie wou omskep, en dié wat die Ryk tot 'n bond van vrye, gelyke state wou omvorm. Dus het Smuts op die Rykskonferensie reguit gesê die idee van “a Central Parliament and a Central Executive” beteken “to court disaster”.¹⁶ En Botha het in 'n brief aan sir Wilfried Laurier, gewese premier van Kanada, geskryf hy sien eerder dat die selfregerende kolonies méér regte kry, “putting in fact the Dominions on an equal footing with the mother country and converting them into sister rather than daughter colonies”.¹⁷

Smuts se idee het die magstryd gewen. In sy toespraak op die Rykskonferensie het hy, gesien die oorlogsomstandighede, voorgestel om die finale vorm waarin die Ryk georganiseer sou word, tot ná die konflik uit te stel, maar om intussen wel die beginsel goed te keur dat dit gebaseer word op “a full recognition of the Dominions as autonomous regions of an Imperial Commonwealth”. Só is inderdaad besluit, asook dat hul reg op “an adequate voice in foreign policy and in foreign relations” erken word.¹⁸

Die belangrikste dade in die lang politieke loopbaan van Smuts”,¹⁹ terwyl Ockie Geysers daarna verwys as “a historical landmark”.²⁰

Aan sy vrou, Isie, het Smuts sy uiteindelijke doel blootgelê: “Ik wil zeer gaarne zien dat in de toekomst onze positie in de Dominies [sic] verbeterd wordt; *ik kan niet en zal nooit vergeten dat wij vrije republieken waren*. En ik kan mijne collegas van de andere Dominies in de rechte richting influencieren.”²¹ “Dat vrije volk zijn wij! zal nog gezongen worden ...,” het hy 'n maand later bygevoeg.²²

En dus kon hy in 'n toespraak²³ by 'n banket in die parlement die Britse Ryk met berekende politieke effek oordrewe idealisties beskryf as “a system of states, not only a static system, a stationary system, but a dynamic system, growing, evolving all the time towards new destinies”. Dít, het hy entoesiasies gesê, is “the British Commonwealth of Nations” – die eerste keer dat dié begrip in die openbaar gebruik is.

Smuts het die heuningkwas kwistig gebruik en dié statebond gekontrasteer met al die ryke uit die geskiedenis wat gebaseer was op “the idea of assimilation, of trying to force different human material through one mould so as to form one nation”. Die Britse Ryk, het hy voortgegaan, is heeltemal anders: “You want to develop them into greater nationhood. These younger communities, the offspring of the Mother Country, or territories like that of my own people, which have been annexed after various vicissitudes of war – all these you want not to mould on any common pattern, but you want them to develop according to the principle of self-government and freedom and liberty. Therefore your whole basic idea is different from anything that has ever existed before, either in the empires of the past or even in the United States.”

Smuts het dit nie slegs by vleitaal gelaat nie; hy het ook iets van sy eie siel as Afrikaner geopenbaar: “And even nations who have fought against you, like my own, must feel that they and their interests, their language, their traditions, and all their cultural interests are as safe and secure under the British flag as those of the children of your household and your own blood.”

¹⁶ Ibid., p. 430.

¹⁷ F.V. Engelenburg: *Genl. Louis Botha* (Pretoria, Van Schaik, 1926), p. 252.

¹⁸ Scholtz: *Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, VI, p. 319; Scholtz: *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek*, pp. 268-269.

¹⁹ Scholtz: *Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, VI, p. 319.

²⁰ O. Geysers: *Jan Smuts and his International Contemporaries* (Johannesburg, Covos Day, 2001), p. 79.

²¹ *Selections from the Smuts Papers*, III, p. 473 (Smuts – sy vrou, 5.4.1917). My kursivering.

²² Ibid., p. 496 (Smuts – sy vrou, 5.5.1917).

²³ Ibid., p. 512 (toespraak, 15.5.1917).

Ironies genoeg, langs Smuts het lord Milner gesit, wat dié vertolking beslis nie gesteun het nie. Net ’n paar maande tevore nog, toe Smuts in Duits-Oos verneem hy moet na Londen gaan, het hy minagend in ’n brief aan sy vrou verwys na “de half-Duitscher Milner”.²⁴

Hoe ook al, uit voorgaande is dit duidelik dat Smuts uit sy hart gepraat het toe hy in ’n toespraak in Edinburg gesê het: “The cause I fought for fifteen years ago [tydens die Anglo-Boereoorlog] is the cause for which I am fighting today. I fought for freedom and for liberty then, and I am fighting for them today. You are a large-hearted people, and I am sure you will forgive me if I express my view that fifteen years ago ... you were wrong. For a brief moment in your long national history you got off the track and you came to grips with a very small people, and in that struggle I did my best. I fought with whatever strength I had in me, just as my little people did, in order to conserve our self-existence and our liberty.” Hy het daarop laat volg dat die Britte egter verstandig genoeg was om dié verlore vryheid gedeeltelik terug te gee, waarmee hy die verleen van selfbestuur aan Transvaal en die Vrystaat in 1905 en 1906 en dié aan die Unie in 1910 bedoel het. Daardeur veg Suid-Afrika tans “in a common cause with you”. En dus is die toekoms van die Britse Ryk geleë in “a basis of freedom and the completest autonomy”: “The spirit of comradeship which is the only basis of union, is there, and on that basis I am sure we shall find a solution of our constitutional relations in future.”²⁵

Gegrono op die vordering wat op die Rykskonferensie van 1917 gemaak is, het Suid-Afrika (soos trouens die ander Dominiums) in die praktyk gelyke status met Brittanje by die Vredeskonferensie van Parys in 1919 verwerf. Elke Dominium kon twee verteenwoordigers benoem, dieselfde as kleiner lande soos België, Serwië, ensovoorts. Dit beteken, het Smuts trots aan Isie geskryf, “dat Zuid-Afrika hare plaats inneemt op de Vredes-Conferentie onder de volkeren der wereld.” Hy het gewys op die bittere Vrede van Vereeniging, maar bygevoeg dat Suid-Afrika nou onder die wenners is. “Ik ben dankbaar dat het mij gegund is geweest mijn deel in dit groote werk te nemen en mijn volk te helpen leiden uit het smartelijke verleden naar het heden van triomf.”²⁶

Inderdaad, toe die Vrede van Versailles op 28 Junie 1919 geteken word, het die handtekening van Louis Botha en Jan Christiaan Smuts as verteenwoordigers van die Unie van Suid-Afrika naas dié van al die ander ook onder die verdrag gepryk. Hiervandaan was daar ’n reguit pad na die Balfour-Deklarasie van 1926 en die Statuut van Westminster van 1931, waardeur die Dominiums se gelyke status met Brittanje volkeregterlik erken is. Dié mylpaal is weliswaar bereik onder die Nasionale Party-regering van genl. J.B.M. Hertzog, wat Botha en Smuts in die oorlogsjare verbitterd beveg het, maar dit is ironies genoeg deur veral Smuts moontlik gemaak.

Een laaste opmerking met ewe ironiese implikasies: In korrespondensie met Lloyd George gedurende die vredeskonferensie het Botha (in ’n brief wat deur Smuts opgestel is), daarop gewys dat “in some future Continental war, Great Britain may be at war and one or more of the Dominions may stand out and maintain their neutrality. But that result is inevitable, and flows from the status of independent nationhood of the Dominions.”²⁷ Twee dekades later sou die neutraliteitskwessie Suid-Afrika wêr tot op die been verdeel.

Hoe ook al, in die oorlogdoel om Suid-Afrika se internasionale status ’n stap nader aan soewereine onafhanklikheid te kry, het Smuts glansryk geslaag.

²⁴ Ibid., p. 435 (Smuts – sy vrou, 27.12.1916).

²⁵ Ibid., pp. 505-506 (toespraak, 11.4.1917).

²⁶ Ibid., IV, p. 43 (Smuts – sy vrou, 15.1.1919).

²⁷ Ibid., pp. 158-159 (Botha – Lloyd George, 15.5.1919).

SMUTS IN LONDEN, 1917–1918

Toe Smuts in Maart 1917 in Londen aankom, was dit nie slegs om Suid-Afrika op die Rykskonferensie te verteenwoordig nie. Die volgende meer as twee jaar sou hy soos 'n kolos bo die Geallieerde oorlogspoging uittroon en die statuut van 'n wêreld-staatsman verwerf, veel meer as wat die Unie se internasionale status in daardie stadium geregverdig het. Hy is soos 'n held ontvang, die Boer wat eers téén Brittanje geveg en nou sy aan sy met die Britte gestaan het. Lloyd George het hom as “one of the most brilliant generals in this war” voorgestel, terwyl Winston Churchill in 'n koerantartikel na hom verwys het as “a new and altogether extraordinary man”.²⁸ Van Cambridge het hy 'n ere-doktorsgraad in die regte gekry en is beskryf as “like the younger Scipio, our Second Africanus”.²⁹ “Men maakt hier tamelijk veel van mij,” het hy beskeie aan sy vrou laat weet, “maar ik houd mij maar een beetje buitenkant alles om te veel attentie te vermijden.”³⁰

Die Britse politieke establishment se dunk van die Suid-Afrikaner was só hoog dat hy in die nagenoeg 18 maande tot aan die wapenstilstand van November 1918 'n enorme vraag werk gekry het. Om mee te begin is hy onmiddellik tot lid van die “Imperial War Cabinet” benoem, 'n oorkoepelende liggaam wat die Ryk se politieke strategie moes help bepaal. In Junie het Lloyd George hom tewens aangestel as lid van die “British War Cabinet”, 'n soort binnekring-liggaam, bestaande uit Lloyd George self as voorsitter, lord Curzon (vroeëre onderkoning van Indië en leier van die House of Lords), lord Milner, lord Carson (Noord-Ierse politikus), Andrew Bonar Law (minister van finansies) en George Nicoll Barnes (minister sonder portefeulje namens die Arbeidersparty). Maurice Hankey was die sekretaris. Stuk vir stuk swaargewigte dus, by wie se name nou dié van die Suid-Afrikaner Jan Smuts gevoeg is. Hy was die enigste lid sonder 'n setel in die parlement, 'n absolute unikum in die Britse konstitusionele geskiedenis.³¹

In sy tyd as lid van die Imperial War Cabinet en die War Cabinet het Smuts in 'n ontploffing van energie 'n yslike hoeveelheid versoeke gekry en die meeste uitgevoer. Dit sluit die volgende in:

- Binne 'n maand na sy aankoms is hy gevra om die Wesfront in Frankryk te besoek (“Dan word ik voor een militaire expert gehouden,” het hy droogweg aan Isie geskryf³²) en die Britse opperbevel van raad oor strategiese sake te dien. Sy advies was om die enorme druk wat die Franse leër in dié stadium van die Duitsers gevoel het, te verlig deur 'n offensief in die rigting van die Vlaamse hawestede Zeebrugge en Oostende te begin.³³ Dit het uitgeloop op die ramspoedige Britse offensief by Passendale, waar honderdduisende soldate se bloed in die Vlaamse modder weggesink het.
- Smuts moes ook 'n steenkoolmynwerkerstaking in Wallis gaan oplos. Hy het die stakers gevra om vir hom te sing, waarna hulle weggeval het met die emosionele “Land of my Fathers”. Dit het die ys gebreek, Smuts het hulle toegesprek, en die staking is vreedsaam beëindig.³⁴

²⁸ J.C. Smuts junior: *Jan Christiaan Smuts* (Kaapstad, Cassell, 1952), pp. 180-181; Crafford: *Jan Smuts*, p. 134.

²⁹ Crafford: *Jan Smuts*, p. 136.

³⁰ *Selections from the Smuts Papers*, III, p. 470 (Smuts – sy vrou, 31.3.1917).

³¹ Smuts junior: *Jan Christiaan Smuts*, pp. 180-181 en 186; Geyser: *Jan Smuts and his International Contemporaries*, pp. 83-84.

³² *Selections from the Smuts Papers*, III, p. 463 (Smuts – sy vrou, 5.4.1917).

³³ *Ibid.*, pp. 481-491 (memo van Smuts, 17.4.1917).

³⁴ Crafford: *Jan Smuts*, pp. 146-157.

- Twee verdere stakings, een deur Londense polisiebeamptes en een deur werkers in ’n ammunisiefabriek in Coventry, het hy ook opgelos.³⁵
- Hy is gevra om raad te gee oor lugoorlogvoering. Sy memorandum, waarin hy groot vlote bomwerpers (soos in die Tweede Wêreldoorlog) voorsien het, het gelei tot die omvorming van die Royal Flying Corps, wat toe nog onderdeel van die leër was, tot die Royal Air Force, die eerste onafhanklike lugmag ter wêreld.³⁶
- Smuts is verder versoek om aandag aan die Ierse probleem te gee. Sy raad aan Lloyd George was om ’n nasionale konvensie te reël soos dié wat in 1908–1909 tot die Unie van Suid-Afrika gelei het. Weens die oorlog het Lloyd George nie onmiddellik aandag hieraan gegee nie, maar ná die konflik het dit ’n momentum teweeg gebring wat enkele jare later tot Ierland se onafhanklikheid gelei het.³⁷
- In April 1917 het Lloyd George Smuts die opperbevel oor die Geallieerde magte in Palestina teen die Turke aangebied. Maar nadat hy Louis Botha geraadpleeg het, het Smuts dit beleefd van die hand gewys omdat dit hom weg van die magsentrum – Londen – sou neem. Hy is wel vir ’n paar weke na Egipte en Palestina gestuur, waar hy aan die strategiese beplanning deelgeneem het.³⁸
- In September 1917 het Smuts voorsitter geword van die Oorlogskabinet se “War Priorities Committee”, wat moes kyk na die koördinasie van beperkte hulpbronne tussen die weermag en staatsdepartemente.³⁹
- Ten slotte is Smuts versoek om voelers na die Oostenryks-Hongaarse regering uit te steek om te kyk of dié van sy bondgenootskap met Duitsland losgeweek kon word. Smuts het inderdaad geheime samesprekings met die gewese Oostenryks-Hongaarse ambassadeur in Londen, graaf Albert von Mensdorff-Pouilly-Dietrichstein in Switserland gehou, maar Smuts kon uit die Oostenryker se reaksie sien dat dié se land te vasgemessel in die alliansie was.⁴⁰

Geen wonder nie dat kol. Edward M. House, pres. Woodrow Wilson van Amerika se persoonlike afgesant in Europa, uiters lowend oor Smuts geskryf het: “He has grown to be the lion of the hour ... He is one of the few men I have met in Government who do not seem tired. He is alert, energetic, and forceful.”⁴¹

Deur al dié energie het Smuts uiteraard baie geloofwaardigheid opgebou, nie alleen vir homself nie, maar ook vir Suid-Afrika. En, soos die maande aangestap het, het hy die haat van die Britte en veral die Franse teenoor die Duitsers met kommer waargeneem. Hy sou die laaste maande van die oorlog onder meer wy aan pogings om ’n vrede te bevorder wat die Duitsers nie te veel sou verneder nie.

³⁵ Ibid., p. 145.

³⁶ David MacIsaac: “Voices from the Central Blue: The Air Power Theorists”, in Peter Paret (red.): *Makers of Modern Strategy from Macchiavelli to the Nuclear Age* (Oxford, Clarendon Press, 1986), pp. 628-629.

³⁷ Geysler: *Jan Smuts and his International Contemporaries*, pp. 80-81; Crafford: *Jan Smuts*, pp. 148-153.

³⁸ *Selections from the Smuts Papers*, III, pp. 493-494 en 494-495 (Smuts – Botha, 24.4.1917 en 26.4.1917).

³⁹ Antony Lentin: *General Smuts* (Londen, Haus, 2010), p. 43.

⁴⁰ Hancock: *Smuts*, I, pp. 466-467.

⁴¹ Charles Seymour: *The Intimate Papers of Colonel House into the World War Arranged as a Narrative* (New York, Houghton Mifflin, 1928), p. 229.

SMUTS EN DIE DUITSERS, 1918

In teenstelling tot die uitsinnige vreugde wat by die uitbreek in die strate van die Europese hoofstede sigbaar was, was Smuts, met sy groot kennis van en insig in die geskiedenis en kultuur, diep bekommerd oor wat die oorlog kon meebring. In die laaste dae van die vrede in 1914 het hy in 'n brief aan 'n vriend verwys na “a general conflict which is bound to put Europe back fifty or more years”.⁴²

Smuts se politieke stryd tot Junie 1919 was nou om te voorkom dat die Duitsers aan 'n alte vernederende vrede onderwerp word, 'n stryd wat op sy eie ervaring met die Vrede van Vereeniging berus het. “Ik zeg het volk hier steeds de waarheid omtrent den boerenoorlog en waarschuw hen tegen dergelijke flaters voor de toekomst,” skryf hy aan Isie. “Het Britsche rijk moet of op vrijheid gebaseerd zijn of ten gronde gaan.”⁴³

Teen dié agtergrond is dit interessant om die notas te lees vir 'n toespraak wat hy in 1917 gehou het. Terwyl hy 'n militêre oorwinning oor Duitsland as 'n *sine qua non* beskou het, het hy belangrike voorbehoude gehad: 'n Absolute oorwinning is nie meer moontlik nie, was sy gevoel. Daarby: “Germany must not believe that she is fighting for national existence.” (Overgezet zijnde: Moenie Duitsland in 'n hoek druk nie; gee hom uitkomst.) En: “I feel sure destruction of Germany not our aim. Whatever our horror and indignation, dominant facts must not be forgotten. Germany cannot be crushed. Nor desirable. Into vacuum 7 worse devils may enter.”⁴⁴ (Laasgenoemde was 'n verwysing na die Russiese Revolusie, waarvan Smuts gevrees het dat dit na 'n vernederde, verslane Duitsland kan oorspoel.)

Dié idees het hy in 'n toespraak in Glasgow in Mei 1918⁴⁵ uitgewerk deur te sê die Geallieerdes het die oorlog sonder aggressiewe oogmerke begin; dit was 'n verdedigende stryd vir “the liberties of mankind, of the rights of small nations, and of the public law of Europe” (op die keper beskou, oordrewe idealistiese taal, maar Smuts wou die Britte se woede teenoor die Duitsers temper, en dus moes hy maar só praat.)

Hy het voortgegaan: “When we talk of victory, we don't mean marching to the Rhine, we don't mean marching to Berlin, we don't mean going on with this war until we have smashed Germany and the German Empire, and are able to dictate peace to the enemy in his capital.” Sy waarskuwing was: “The result may be that the civilization we are out to save and to safeguard may be jeopardized itself. It may be that in the end you have the universal bankruptcy of government, and you loose the forces of revolution, which may engulf what we have so far built up in Europe.” Die beskawing “can be broken down, and you resort to barbarism just as after the Roman Empire the world reverted to barbarism.” Dit was 'n vrees wat, gesien wat in Rusland aan die gang was en wat baie amper ná die wapenstilstand van November 1918 in Duitsland gebeur het, naamlik pogings tot 'n revolusie, nie onrealisties was nie.⁴⁶

In die Geallieerde kamp was Smuts duidelik in die minderheid. Aan sy vrou het hy verwys na “een partij die gedetermineerd is Deutschland eerst te breken voor vrede gesloten wordt.” Hy

⁴² *Selections from the Smuts Papers*, III, p. 181 (Smuts – H.J. Wolstenholme, 30.7.1914). Vgl. ook *ibid.*, p. 362 (Smuts – Margaret Gillett, 2.5.1916).

⁴³ *Ibid.*, p. 496 (Smuts – sy vrou, 5.5.1917).

⁴⁴ *Ibid.*, pp. 503-504 (notas vir toespraak, 1917).

⁴⁵ *Ibid.*, pp. 649-650 (toespraak van Smuts, 17.5.1918).

⁴⁶ Vgl. hieroor Eberhard Kolb: *Die Weimarer Republik. Eine Unvollendete Demokratie* (München, R. Oldenbourg Verlag, 2002), pp. 1-22.

het negatief verwys na Lloyd George, “de auteur van de uitdrukking ‘the knock-out blow’ die veel kwaad gedaan heeft en nog zal doen.”⁴⁷

Uit dié brief blyk dat Smuts reeds in dié stadium die begin van ’n verwydering tussen hom en Lloyd waargeneem het, iets wat tydens die vredesamesprekings tot ’n haas onoorbrugbare kloof sou ontwikkel.⁴⁸

SMUTS IN PARYS, 1919: DIE SKAAKSPELERS

Na byna vier jaar se militêre skaakmat aan die Wesfront in Frankryk het Duitsland in Maart 1918, nadat Rusland uitgeskakel was, ’n yslike offensief van stapel gestuur en tot aan die Marne naby Parys gevorder voordat hulle stoom verloor het. Daarna het die Geallieerdes, gesteun deur tienduisende Amerikaanse versterkings, ’n teenoffensief begin en die Duitsers ver teruggedruk. Vroeg in November het keiser Wilhelm II geabdikeer, en die Duitsers het om ’n wapenstilstand gevra, wat op 11 November van krag geword het. ’n Internasionale vredeskonferensie is nou vir Parys belê. Suid-Afrika sou verteenwoordig word deur genls. Louis Botha en Jan Smuts. (Die Duitsers is nie uitgenooi nie; die Geallieerdes het self onderling oor die vredesvoorwaardes beraadslaag en die diktaat in Junie 1918 aan die Duitsers oorhandig, wat dit eenvoudig moes aanvaar of verwerp.)

Dié nuwe situasie het ewenwel beteken dat Smuts se status ook gewysig is. Hy het as lid van die Britse War Cabinet bedank,⁴⁹ en sou voortaan bloot as tweede man van die Suid-Afrikaanse afvaardiging fungeer. Agter die skerms sou hy ewenwel voortgaan om die invloed en prestige wat hy in die voorafgaande maande opgebou het, aan te wend.

Hy het hier te make gekry met veral drie internasionale staatsmanne, pres. Woodrow Wilson van Amerika, premier David Lloyd George van Brittanje, en premier Georges Clemenceau van Frankryk. Dit kan die moeite loon om vlugtig na elkeen te kyk.

Wilson, ’n gewese hoogleraar in staatsreg en politieke wetenskap, was die vader van die sogenaamde Veertien Punte, waarin hy ’n reeks gematigde vredesvoorwaardes voorgestel het.⁵⁰ Dit was dié program wat die Duitsers in gedagte gehad het toe hulle tot die wapenstilstand ingewillig het. Helaas was Wilson ’n dromerige idealis, geen praktiese politikus wat op sy voete kon dink nie. In regstreekse samesprekings het harde politici soos Clemenceau bo-oor hom geloop.⁵¹

Smuts se seun sê sy vader het baie gedink van Wilson se hoë ideale, maar nie van dié se leiding in Parys nie. “The rough and tumble of the Conference diplomacy was rather beyond his control,” aldus Smuts junior.⁵²

Clemenceau – algemeen bekend as *Le Tigre* – (“Die Tier”) – het daarenteen van haat teenoor die Duitsers gebrand. Sy groot doel was om die Duitsers nog erger te verneder as wat die Duitsers in 1871 aan die einde van die Frans-Pruisiese Oorlog met die Franse gemaak het en hulle finaal as bedreiging vir sy land uit te skakel.⁵³

⁴⁷ Ibid., p. 667 (Smuts – sy vrou, 7.8.1918).

⁴⁸ Vgl. Hancock: *Smuts*, I, p. 444; Geysler: *Jan Smuts and his International Contemporaries*, pp. 86-87.

⁴⁹ *Selections from the Smuts Papers*, IV, pp. 25-26 (Smuts – Lloyd George, 14.12.1918).

⁵⁰ Kyk “President Woodrow Wilson’s Fourteen Points, 8 January, 1918”, by http://avalon.law.yale.edu/20th_century/wilson14.asp (opgeroep op 1.8.2015).

⁵¹ John Maynard Keynes: *The Economic Consequences of the Peace* (Faksmilee-uitgawe, s.p., BiblioBazaar, 2002), pp. 20-21.

⁵² Smuts jr.: *Jan Smuts*, pp. 220-221.

⁵³ Keynes: *The Economic Consequences of the Peace*, pp. 16-17.

Die derde staatsman, Lloyd George, was 'n opportunist – soos sy raadgewer in Parys, die ekonoom John Maynard Keynes, hom beskryf het, “rooted in nothing”.⁵⁴ In Desember 1918 is sy regering in 'n algemene verkiesing aan die oordeel van die kiesers onderwerp, en het gewen. Hy het sy eie beweegruimte in Parys egter aansienlik beperk deur sy verkiesingsprogram op strawwe Duitse herstelbetalings te baseer.⁵⁵

SMUTS IN PARYS: DIE VOLKBOND

Smuts se rol in Parys val in twee dele uiteen: Sy rol in die stig van die Volkebond, en sy vergeefse pogings om die strawwe bepalings wat uiteindelik in die Vrede van Versailles opgeneem is, te matig.

Kort ná die wapenstilstand het Smuts 'n toespraak voor Amerikaanse koerantredakteurs gehou. Daarin het hy sy idees oor 'n internasionale organisasie wat oorlog in die toekoms moes voorkom ('n idee waarvan Wilson ook 'n aanhanger was) uiteengesit. Dis 'n paar weke later opgevolg met 'n brosjure waarin hy die idees uitgewerk het.⁵⁶

Smuts se basiese uitgangspunt is in sy toespraak saamgevat in een sin: “A whole world order is visibly passing away before our eyes.”⁵⁷ In die brosjure het Smuts gesê die Volkebond “will have to occupy the great position which have been rendered vacant by the destruction of so many of the old European Empires and the passing away of the old European order”. Die groot ryke is vervang deur “small nations, embryo states, derelict territories. Europe has been reduced to its original atoms.” Oorlog, het hy geskryf, “is a symptom of deep-seated evils: it is a disease or growth out of social and political conditions. ... The new institution of peace must not be something additional, something external, superimposed on the pre-existing structure. It must be an organic change; it must be woven into the very texture of our political system.”⁵⁸

Wat Smuts hier voorgestel het, was nie sommer 'n aanpassing nie. Dit was niks anders nie as 'n totale revolusie in die internasionale politieke stelsel en politieke kultuur. Leiers soos Clemenceau en Vittorio Orlando, Italiaanse premier wat basies aanhangers van die 19de-eeuse politieke kultuur was,⁵⁹ het met nouliks bedekte neerbuigendheid na sulke revolusionêre idees gekyk. Maar daar was een staatsman wat opgewonde was: Woodrow Wilson. Naïef en onprakties ofte nie, hy was president van Amerika, en dus het sy stem wel deeglik gewig gedra.

Henry Kissinger som Wilson se benadering só op: “Wilson was proposing a world order in which resistance to aggression would be based on moral rather than geopolitical considerations. Nations would ask themselves whether an act was unjust rather than whether it was threatening.”⁶⁰ Met só 'n idealistiese siening is dit nie moeilik om in te sien waarom die president onmiddellik beïndruk met Smuts se pamflet was toe dit kort ná sy aankoms in Londen in Desember 1918 aan hom oorhandig is nie. 'n Dag of twee later het Lloyd George Wilson ontmoet, en kon hy aan sy kabinet rapporteer dat die President se idees “were apparently travelling in very much the same direction of the proposals advocated by Lord Robert Cecil [Britse onderminister van buitelandse sake] and General Smuts.” Ná sy aankoms in Parys op 31 Desember 1918 het een van die Amerikaanse afgevaardigdes, genl. Tasker H. Bliss, in 'n brief geskryf Wilson “was very much

⁵⁴ John Maynard Keynes: *Essays in Biography* (Londen, Macmillan, 1951), pp. 32-33.

⁵⁵ Kenneth O'Morgan: “Lloyd George and Germany” (*The Historical Journal*, 39/3, 1996, p. 760).

⁵⁶ Smuts jr.: *Jan Smuts*, pp. 214-215; Lentin: *General Smuts*, pp. 53-55.

⁵⁷ *Selections from the Smuts Papers*, IV, pp. 8-16 (toespraak van Smuts, 14.11.1918).

⁵⁸ Smuts jr.: *Jan Smuts*, pp. 214-215; Lentin: *General Smuts*, pp. 53-55.

⁵⁹ Vgl. Macmillan: *Peacemakers*, p. 289.

⁶⁰ Henry Kissinger: *Diplomacy* (New York, Simon & Schuster, 1994), p. 227.

impressed” met Smuts se skrywe, wat hy (Wilson) beskryf het “as thoroughly statesmanlike in character”.⁶¹

Smuts het Wilson ’n paar dae tevore in Londen ontmoet, en aan ’n vriendin geskryf: “I told him this was *the* great opportunity in history and the future would write us down very small people if we did not mark a new stage in world government.” Hy het verder genoem dat sy pamflet “an enormous impression in high circles” gemaak het.⁶² Ná ’n verdere lang gesprek met die president skryf Smuts, dié keer enigsins verleë, dat Wilson sy (Smuts se) idees in die brosjure, met inbegrip van die foute, oorgeneem het. Dit het hom bekommer, aangesien die brosjure haastig geskryf was, en hy sekere dinge sedertdien anders sou wou stel.⁶³

Inderdaad, toe die konsep-handves van die Volkebond in Februarie die lig sien, kon Smuts vasstel dat dit “almost entirely my original conception” was. Beskeie het hy bygevoeg: “I have kept well in the background so that the others might have the credit for the League as in that way co-operation could best be secured.”⁶⁴

Daar kan geen twyfel wees nie dat Smuts, saam met Wilson, ’n deurslaggewende rol gespeel het in die stigting van die Volkebond.

BOTHA EN SMUTS IN PARYS: DIE VREDE

Vroeër is verduidelik hoe Smuts op grond van sy eie ervaring ná die Vrede van Vereeniging gekant was teen ’n vrede wat Duitsland alte veel sou verneder. Terwyl die oorlog nog gewoed en ’n Geallieerde oorwinning die Britte en Franse ontwyk het, was laasgenoemdes geneig om effens toegewilliger teenoor die Duitsers te wees. Maar ná die mislukking van die Duitse offensief van Maart 1918 en die ineenstorting van dié se strydkragte in Frankryk, het die ou haatgevoelens weer opgevlam, veral by Clemenceau.⁶⁵

Op die Paryse vredeskonferensie sou Clemenceau onversetlik teenoor ’n idealistiese Wilson en Smuts te staan kom, met Lloyd George wat opportunisties tussen die twee kampe gemaneuvreer het. Omdat die Fransman ’n veel slimmer politikus as Wilson was, kon hy hom uitoorlê. ’n Uitgeputte genl. Louis Botha het Smuts so goed as wat hy kon, probeer ondersteun, maar ondanks die vordering wat Smuts vir Suid-Afrika in Britse ryksverband verseker het, het dié land steeds nie naastenby dieselfde gewig as Frankryk gedra nie. ’n Nederlaag vir Smuts was dus as ’t ware in die sterre geskryf. Clemenceau was vernietigend-minagend oor Smuts, en het hom *le saboteur du Traité Versailles* (“die saboteur van die Verdrag van Versailles”) genoem. Aan genl. Henri Pétain het Clemenceau blykbaar gesê: “Sê aan die maarskalk [Smuts] daar is net een ding wat hy kan doen om sy verraad ongedaan te maak. Dit is om baie gou te sterf.” Geen wonder nie dat Smuts nooit ’n vriend van die Franse – “a bad neighbour” – was nie.⁶⁶

⁶¹ George Curry: “Woodrow Wilson, Jan Smuts and the Versailles Settlement” (*The American Historical Review*, 66/4, Julie 1961, pp. 975-976).

⁶² *Selections from the Smuts Papers*, IV, p. 34 (Smuts – Margaret Gillett, 27.12.1918). Vgl. ook *ibid.*, p. 44 (Smuts – sy vrou, 15.1.1919).

⁶³ *Ibid.*, pp. 49-50 (Smuts – Margaret Gillett, 20.1.1919). Vgl. ook *ibid.*, p. 57 (Smuts – Margaret Gillett, 29.1.1919).

⁶⁴ *Ibid.*, p. 71 (Smuts – Alice Clark, 16.2.1919). Vgl. ook Scholtz: *Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, VI, p. 482; Meurs: *Smuts*, pp. 161-162, 163 en 169.

⁶⁵ H.E. Goemans: *War and Punishment, The Causes of War Termination & the First World War* (Princeton, Princeton University Press, 2000), hoofstukke 6-7.

⁶⁶ Geysler: *Jan Smuts and his International Contemporaries*, pp. 185 en 188; Lentini: *General Smuts*, p. 49.

Dit het gou begin duidelik word dat daar van versoeningsgesindheid by die Britte en veral die Franse nie veel sprake was nie. Smuts was gevoelig vir dié atmosfeer: “There is a bad spirit about,” het hy in ’n brief geskryf.⁶⁷

Smuts was dodelik ontugter deur die eerste gesamentlike sitting van die Vredeskonferensie: “What a farce that first meeting was! You must have heard the smug [pres. Henri] Poincaré roll out his periods about Justice! And I thought of the wise old Lao Tzu saying: ‘The more unrighteous men are, the more they talk of righteousness’! What a poor beginning! Here is a world waiting for the Word, for some crumb of comfort to fall from the table of the great and the wise. And we had nothing to say except punishment for war crimes with which our tempers are already worn threadbare through the agonies of five years!”⁶⁸

In die komende weke het Smuts al die registers van sy retoriese vermoëns en logika oopgetrek om Lloyd George tot sy siening te beweeg. In sy korrespondensie is daar veral twee lang briewe – eintlik meer memorandumums – waarin hy sy beskouings uiteensit. In die eerste maak hy twee fundamentele punte:

“1. We cannot destroy Germany without destroying Europe;

“2. We cannot save Europe without the co-operation of Germany.

“Yet we are now approaching a peace which must destroy Germany, and yet we think we shall save Europe by so doing! The fact is, the Germans have been, and will continue to be, the *dominant factor* on the Continent of Europe, and no permanent peace is possible which is not based on that fact.” Ter illustrasie het Smuts verwys na die vrede van 1815, wat die belang van Frankryk (ondanks die Napoleontiese onheil) in die toekomstige vredestruktuur erken het. In dié geval, het hy gevrees, kan ’n verswakte Duitsland moontlik meegee, wat kan beteken dat “the Bolsheviks will reap where they have sown”. “If it is necessary for Germany to be made to bear her share of the heavy burden of the new Europe, she ought not to be despoiled and treated as an international pariah but rather to be taken in hand by the Allies and helped to her feet again.” Hy het na sy eie agtergrond verwys: “My experience in South Africa has made me a firm believer in political magnanimity ...” Hy het afgesluit met ’n dringende waarskuwing: “[O]ur present panic policy towards Germany will bring failure on the Conference, and spell ruin for Europe.”⁶⁹

In private korrespondensie het Smuts laat blyk dat Lloyd George te kenne gegee het hy stem grotendeels saam, en dat die brief “has had a great effect on Wilson”.⁷⁰ As die uitwerking inderdaad só groot was, was dit maar tydelik. Want die finale vredesvoorwaardes wat aan die Duitsers gedikteer sou word, het gewys dat Clemenceau se wraaksug grotendeels geseëvier het. Wéér moes Smuts dringend aan Lloyd George skryf om wal te gooi. In agt punte het hy sy besware in detail uiteengesit. In ’n private brief het hy dit saamgevat: “Sometimes they appear to have been conceived more in a spirit of making war than of making peace.”⁷¹ Half wanhopig het hy profeties aan Lloyd George en Wilson geskryf: “Under this Treaty Europe will know no peace ... I am grieved beyond words that such should be the result of our statesmanship.”⁷²

⁶⁷ *Selections from the Smuts Papers*, IV, p. 60 (Smuts – Margaret Gillett, 4.2.1919). Vgl. ook *ibid.*, p. 96 (Smuts – Margaret Gillett, 31.3.1919); Seymour: *The Intimate Papers of Colonel House*, IV, pp. 218-219.

⁶⁸ *Selections from the Smuts Papers*, IV, pp. 47-48 (Smuts – Margaret Gillett, 19.1.1918).

⁶⁹ *Ibid.*, pp. 83-87 (Smuts – Lloyd George, 26.3.1919).

⁷⁰ *Ibid.*, pp. 89-90 en 95 (Smuts – Margaret Gillett, 27.3.1919 en 31.3.1919).

⁷¹ *Ibid.*, p. 151 (Smuts – Alice Clark, 7.5.1919).

⁷² *Ibid.*, p. 157 (Smuts – Lloyd George en Wilson, 14.5.1919).

Teenoor sy vrou het Smuts dit “een vreselijk document” genoem: “Onder dit tractaat gaat de toestand in Europa ondragelijk worden en moet er òf revolutie komen òf weer een oorlogs uitbarsting mettertijd.”⁷³

Deel van Smuts se besware was die buitensporige herstelbetalings wat van Duitsland geëis is, veel swaarder as wat dié land met sy geruïneerde ekonomie kon dra. Duitsland was Brittanje se grootste mark, en dit was dus in die Britse belang om die ekonomiese situasie daar so gou moontlik te laat herstel, was sy gevoel.⁷⁴ Die ironie is egter dat Smuts, dalk onbedoeld, hiertoe bygedra het. Hy is as juris gevra om ’n regsmeening oor die beginsel van herstelbetaling te gee, en in twee memorandumms het hy voorgestel dat Duitsland ook moet betaal vir “all direct damage and loss inflicted on civilians”. Dit het ingesluit pensioene vir die gesinne van gesneuwelde Geallieerde soldate.⁷⁵ Juridies was dit moontlik in orde, maar die aanvaarding van sy advies sou Duitsland aan ’n ondraaglike ekonomiese las onderwerp. Veral Wilson se aanvaarding van die strawwe herstelbetalingsvoorstelle het gewys hoe ver dié sy eie uitgangspunte verlaat het. Volgens Keynes was dit “the most decisive moment in the disintegration of the President’s moral position.”⁷⁶

Hoe ook al, met sy stroom kritiek op die vredesvoorwaardes het Smuts irritasie by Lloyd George en Wilson gewek. Die swak Wilson is hopeloos deur die Clemenceau-stoomroller platgewals, en daarna het die Amerikaner homself teen wil en dank bevind in posisies waarin hy ingedwing is en wat hy dan moes verdedig. In ’n brief aan Smuts het die president viervoet vasgesteek en geweier om toe te gee. “[I]nvariably,” het hy geskryf, “my thought goes back to the very great offence against civilization which the German State committed, and the necessity of making it evident once for all that such things can only lead to the most severe punishment.”⁷⁷ Daar is waarskynlik geen ander dokument waaruit duideliker blyk hoe ver Wilson uiteindelik van sy oorspronklike idees gedwing is nie.

Andersyds was Lloyd George gewoon ’n pragmatiese politikus wat Smuts se aandrang op moraliteit en beginsels toenemend as lastig ervaar het: “I understand the Prime Minister is very angry with me. Wilson is also failing me. He is not really a great man, and Clemenceau has proved too strong for both him and our mecurial, tricky Prime Minister,” het ’n ontstelde Smuts aan ’n vriendin verduidelik.⁷⁸ (Ná die vredesluiting sou Smuts Wilson verbitter as “a second-rate man” beskryf. Vir Lloyd George het hy respek gehad tot die verkiesing van Desember 1918, waarna dié “unstable” geword het, “without any clear guiding principle, jumping about from one position to another.”⁷⁹)

Op 30 Mei en 1 Junie het die Britse ryksafvaardiging in Parys die finale voorwaardes oorweeg, en hier het Smuts, gesteun deur Botha, ’n allerlaaste wanhopige poging aangewend om die skip van koers te laat verander. Smuts se pleidooi was dat die vredesooreenkoms binne die perke van Wilson se Veertien Punte moes pas, aangesien dit die oorspronklike verwysingsraamwerk was op grond waarvan die Duitsers tot vrede ingewillig het. Hy het ook gewys op die Britse oorlogsoogmerke wat Lloyd George in Januarie 1918 uitgespreek het en dit die “bedrock” genoem waarop enige verdrag moes berus. Die konsep-verdrag was egter “a bad treaty” wat “the roots of war” bevat het. Ook Louis Botha het verwys na die Vrede van Vereeniging: “On that occasion, it

⁷³ Ibid., p. 174 (Smuts – sy vrou, 20.5.1919).

⁷⁴ Ibid., pp. 140 en 148-149 (Smuts – Margaret Gillett, 1.5.1919 en Smuts – Lloyd George, 5.5.1919).

⁷⁵ Ibid., pp. 93-94 en 96-98 (memorandumms van Smuts, 29.3.1919 en 31.3.1919).

⁷⁶ Keynes: *The Economic Consequences of the Peace*, p. 48.

⁷⁷ *Selections from the Smuts Papers*, IV, p. 160-161 (Wilson – Smuts, 16.5.1919).

⁷⁸ Ibid., p. 171 (Smuts – Margaret Gillett, 19.5.1919). Vgl. ook *ibid.*, p. 166 (Smuts – Alice Clark, 18.5.1919).

⁷⁹ Lentin: *General Smuts*, p. 122.

was moderation which had saved South Africa for the British Empire, and he hoped on this occasion that it would be moderation which saved the world.”⁸⁰

Dit het nie veel gehelp nie. Die meeste teenwoordiges was moeg vir die hele affêre en wou huis toe gaan. Ondanks beleefde woorde teenoor die twee Suid-Afrikaners het dié op ’n muur gestuit.⁸¹

Smuts was geweldig beswaard, en het gemeen as dít die vrede is, kan hy dit nie onderteken nie. Uiteindelik het hy dit onder enorme druk van Lloyd George en Botha, sy dit met ’n swaar hart, gedoen. Soos gewoonlik, het hy sy hart aan Isie ontboesem: “Ik heb voor een andere vrede gevochten en gewerkt – een vrede van verzoening en herstel onder de volkeren, terwijl deze een vrede is van haat en bittere verwijdering.”⁸²

Op 28 Junie 1919 was die handtekening van sowel Louis Botha as Jan Christiaan Smuts onder die Vredesverdrag van Versailles. Die seremonie was volgens Smuts “uninspired, unimpressive, mechanical, soulless”.⁸³

’n Enigsins verbitterde Smuts het op 18 Julie 1919, toe hy terug na Suid-Afrika vertrek het, ’n afskeidsalvo in ’n verklaring aan die Britse pers afgevuur: “The brutal fact is that Great Britain is a very small island on the fringe of the Continent” – iets wat die Britte moes seergemaak het – “and that on the Continent the seventy odd million Germans represent the most important and formidable national factor. You cannot have a stable Europe without a stable settled Germany, and you cannot have a stable, settled and prosperous Great Britain while Europe is weltering in confusion and unsettlement next door. In our policy of European settlement the appeasement of Germany therefore becomes one of cardinal importance ... The great issue will probably be decided in Germany for good and all.”⁸⁴

Dit sou skaars twee dekades duur voordat Smuts reg bewys is. Vanaf 1 September 1939 het ’n tweede, aansienlik erger duisternis oor Europa en uiteindelik ook ander wêrelddele gedaal. Toe het Adolf Hitler, wat mede deur die vernedering van Versailles in Duitsland aan die bewind gekom het, die vasteland opnuut in ’n oseaan van bloed, vuur en verwoesting gedompel.

GEVOLGTREKKING

Ondanks Botha en Smuts se nederlaag rakende die vernedering van Duitsland kan daar geen twyfel wees nie veral laasgenoemde in die jare 1917–1919 ’n groot rol gespeel het om Suid-Afrika se internasionale status aansienlik te verhoog nie. Al was die land se militêre rol in Afrika en Europa beperk, het dit aan hom ’n bepaalde politieke geloofwaardigheid gegee wat Smuts tot die maksimum sou uitbuit. Die groot rol wat hy in 1917–1918 in die Britse oorlogspoging gespeel het, het sowel sy eie as Suid-Afrika se internasionale status verhoog.

Geen wonder nie dat Lloyd George aan die Vryheidsdeputasie wat onder leiding van genl. J.B.M. Hertzog op die herstel van die Boererepublieke kom aandring het, geskryf het: “In the greatest conference in history South Africa is represented by two statesmen of indubitable Dutch origin who have won for South Africa an extraordinary influence in the affairs of the world.”⁸⁵ En dus kon Smuts vlak voor sy vertrek terug na Kaapstad daarop aanspraak maak dat die

⁸⁰ Macmillan: *The Peacemakers*, pp. 479-480.

⁸¹ Ibid., pp. 96-104; Macmillan: *The Peacemakers*, pp. 479-480.

⁸² *Selections from the Smuts Papers*, IV, p. 223 (Smuts – sy vrou, 10.6.1919).

⁸³ Lentin: *General Smuts*, p. 112.

⁸⁴ *Selections from the Smuts Papers*, IV, pp. 271-272 (Smuts se afskeidsboodskap, 18.7.1919).

⁸⁵ Scholtz: *Genls. Hertzog en Smuts en die Britse Ryk* (Kaapstad, Tafelberg, 1975), pp. 73-74.

Dominiums se “complete nationhood has now received international recognition” en dat hulle “on terms of equal brotherhood with the other nations” vorentoe kon beweeg.⁸⁶

Die Suid-Afrika wat op 28 Junie 1919 in eie reg die vrede geteken het, was internasionaal ’n heel ander land as die een wat op 4 Augustus 1914 outomaties in die Eerste Wêreldoorlog ingesleep is.

⁸⁶ *Selections from the Smuts Papers*, IV, p. 273 (afskeidsboodskap van Smuts, 18.7.1919).

Studente se leerbetrokkenheid aan 'n privaat hoër- onderwysinstelling

Student learning engagement at a private higher education institution

ERIKA THERON EN ELI BITZER

Sentrum vir Hoër Volwassene Onderwys
Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch
E-pos: Emb2@sun.ac.za



Erika Theron



Eli Bitzer

<p>ERIKA THERON het haar MPhil graad in Hoër- onderwysstudie aan die Universiteit Stellenbosch in 2014 voltooi. Haar agtergrond is die gasvry- heidsindustrie, maar sy het vroeg in haar loopbaan besef dat onderrig en leer haar passie is. Sy sluit in 2010 aan by 'n privaat hotelskool as dosent in die veld van gasvryheidsbestuur. Erika is tans die Vise-dekaan: Akademie van Die Privaat Hotelskool in Stellenbosch. In hierdie hoedanigheid is dit vir haar prioriteit om voortdurende navorsing op die gebied van hoër onderwys te doen ten einde die veranderende behoeftes van die huidige en volgende generasie studente te bepaal en daarin te voorsien.</p>	<p>ERIKA THERON completed her MPhil degree in Higher Education Studies at Stellenbosch Uni- versity in 2014. Her background is in the hospitality industry, but she has realised early in her career that her passion is in teaching and learning. She joined a private hotel school in 2010 as lecturer in hospitality management and is currently Vice-dean: Academic at the Private Hotel School at Stellen- bosch. It is her priority to constantly conduct research into higher education in order to determine the changing needs of current and future students in higher education and to meet those needs.</p>
<p>ELI BITZER is 'n vorige president van die Suid- Afrikaanse Vereniging van Navorsing en Ontwik- keling in Hoër Onderwys, 'n adviserende redakteur van plaaslike en internasionale wetenskaplike tydskrifte en die koördineerder van verskeie hoëronderwys ontwikkelingsprojekte. Hy dien as promotor vir meesters en doktorsale studente in hoër onderwysstudies aan die Universiteit Stellenbosch en het reeds minstens vier akademiese boeke oor die studieveld van hoër onderwys geskryf of geredigeer. As 'n gevestigde navorser het Prof Bitzer verskillende merietetoekennings ontvang vir voortreflike navorsing in en bydraes tot die veld van hoër onderwys.</p>	<p>ELI BITZER is a past president of the South African Association for Research and Development in Higher Education, a consulting editor of local and international scientific journals and coordinator of several higher education development projects. He supervises masters and doctoral students in higher education studies at Stellenbosch University and has recently contributed or edited four scholar- ly book publications. As an established researcher Prof Bitzer has received several merit awards for excellent research and contributions in the field of research in higher education.</p>

ABSTRACT***Student learning engagement at a private higher education institution***

Student engagement happens when students make a psychological investment in their own learning. They put much effort into learning opportunities that are offered and take pride not simply in earning the formal indicators of success (marks and grades), but in understanding what they learn and incorporating or internalising it in their lives. Since student dropout rates in South Africa are high, student engagement is increasingly seen as an indicator of successful teaching and learning in higher education. Students are considered to be engaged in their own learning when they are involved in their work, persist despite challenges and obstacles, and take visible delight in accomplishing their work. The term also refers to a student's willingness, need, desire and compulsion to participate in, and be successful in, the learning process promoting higher level thinking for enduring understanding. Sometimes student engagement can be seen as an ambiguous term that can be used to recognise the complexity of engagement beyond the fragmented domains of cognition, behaviour, emotion or affect, and in doing so encompass the historically situated individual within their contextual variables such as personal and institutional circumstances and contexts. It can thus be said that engaged students do not only refer to engagement at the personal, but also at the institutional level, whether it represents in-class or out-of-class learning.

Currently, many higher education institutions in South Africa are experiencing times of student-related turbulence and trouble. This situation emphasises the significant responsibilities the higher education system and its institutions have towards their current and future students. Such responsibilities include the obligation to provide an evolving workforce with affordable relevant knowledge and skills to become responsible employees, entrepreneurs, leaders and citizens. It thus seems important that higher education institutions promote conditions conducive to students' study success. The relationship between study success and students' engagement in their own learning has been well researched and authors have indicated its importance within many higher education contexts. What seems clear is that classroom teaching on its own and the transfer of information do not necessarily lead to study success and thus the emphasis is increasingly placed on student learning activities and a variety of learning opportunities; this includes out of class learning. Such a new emphasis has much to do with the characteristics of the modern-day student or the so-called "new generation" of students.

The literature contains numerous indications that the current generation of students in higher education is very different from past generations. This difference is especially noticeable when one considers aspects such as students' informed use of technological advancements, their need for instant gratification, the vast proliferation of information and its availability, students' social habits and the way they engage with learning. In this study the first aim was to gauge the need for student engagement at a selected small private higher education institution by involving all its current students and teaching staff in the research. The results were institution based and cannot necessarily be generalised to public higher education institutions. A second aim was to determine, according to their own opinions as well as those of their educators, the extent of students' engagement at the said private higher education institution. The third and final aim was to ascertain how students can become more engaged in their own learning and how this may relate to increased student study success. A mixed-methods research design was employed to generate relevant questionnaire and interview data from students and lecturers. Three clear findings emerged: Firstly, changes in the characteristics and learning needs of students, also in private higher education, are real and require prominent attention; secondly, students in private higher education consider learning engagement important and require more and varied

opportunities towards such engagement; lastly, the study established that private higher education students are more engaged in their own learning if their specific learning needs are met, indicating to educators in South African private higher education, but also elsewhere, that better provision should be made for the diverse needs of the current student body, particularly in terms of social and technological needs. Findings also point to possibilities for further relevant research on how to strengthen students' learning engagement.

KEYWORDS: student engagement; private higher education; student learning; new generation students

TREFWOORDE: studentebetrokkenheid; privaat hoëronderrys; studenteleer; nuwe generasie studente

OPSOMMING

Voorgraadse residensiële studente in Suid-Afrika se studie- en leerbehoefes verskil beduidend van dié van vorige geslagte. Dit blyk duidelik uit die onlangse studente-onrus oor aangeleenthede soos studie-bekostigbaarheid, studente-toegang tot hoër onderrys en die leermodus in hoër onderrys. Nuwe leerbehoefes hou ook verband met aspekte soos tegnologiese geleterdheid, onmiddellike behoeftebevrediging, die beskikbaarheid van kennisbronne, studente se sosiale aspirasies en -verbintnisse, hul self-gesentreerdheid asook die mate van studentebetrokkenheid by onderrig- en leersituasies. Hierdie navorsingsprojek se eerste doel was om te bepaal wat die leerbehoefes van 'n groep studente aan 'n gekose privaat hoëronderrysinstelling is; tweedens is gepoog om vas te stel hoe betrokke hierdie groep studente, volgens hul eie waarneming en dié van hul dosente, by leersituasies is en derdens, wat gedoen kan word om leerbetrokkenheid te bevorder en derhalwe studente se potensiaal tot leersukses te verhoog. Deur 'n gemengde-metode navorsingsontwerp en deelname van die studente en dosente, maak die ondersoek drie hoofbevindings: Eerstens dat veranderende leerbehoefes van huidige studente in privaat hoëronderrys deeglik besef en erken word. Tweedens dat sodanige studente hul betrokkenheid by leer deurgaans as belangrik beskou, maar dat voldoende leergeleenthede enersyds moontlik nie optimaal deur die instelling geskep word nie, of andersyds, waar dit wel geskep word, dit nie optimaal benut word nie. Derdens blyk dit dat studente in privaat hoëronderrys bepaalde leerbehoefes het wat, indien dit bevredig word, kan bydra tot groter leerbetrokkenheid. Die bevindinge dui ook op implikasies vir dosente aan hierdie tipe instellings om beter vir 'n nuwe generasie studente se leerbehoefes voorsiening te maak.

INLEIDING EN AGTERGROND

Hoëronderrysinstellings het beduidende verantwoordelikhede teenoor huidige en toekomstige studente. Ingesluit by hierdie verantwoordelikhede is die noodsaak om 'n ontlukende werksmag bekostigbaar toe te rus vir hul rol in die ekonomie en die samelewing (Kuh 2007:12; Cruce, Gonyea, Kinzie, Kuh & Shoup 2008:551; Kranstuber, Carr & Hosek 2011:52; Kuh, Kinzie, Schuh & Whitt 2011:15). Dit is dus uiters belangrik dat hoëronderrysstelsels en -instellings hul daarvoor beywer om studente beter in staat te stel om studie- en loopbaansukses te bereik. Die verband tussen studente se leerbetrokkenheid en hul studiesukses is reeds goed in hoër onderrys nagevors en outeurs stem grootliks saam dat daar 'n direkte en sterk verband tussen hierdie twee aspekte bestaan (Kuh, Kinzie, Schuh & Whitt 2005:16; Kuh 2009:14; Garrett 2011:7; Henning 2012:16). Navorsing oor studiebetrokkenheid gaan egter steeds voort binne verskillende soorte instellings terwyl dit wyd erken word dat tradisionele klaskamer-onderrig en blote inligtingsoordrag nie

noodwendig voldoende vir leersukses is nie (Smith, Sheppard, Johnson & Johnson 2005:6). Dit is dus geensins verrassend nie dat die klem toenemend val op wat studente doen om 'n verskeidenheid leergeleenthede te benut en veral hoe betrokke hulle by hul eie leersukses is (Reyes, Brackett, Rivers, White & Salovey 2012:704). Hierdie klemverskuiwing het veel te doen met die kenmerke en behoeftes van die sogenaamde “nuwe generasie” voorgraadse studente (Westerman 2007; Kane 2014; McGrath 2014, Morgan 2014:35).

DIE NUWE GENERASIE “EK”- EN “NOU”-STUDENTE

Teen die agtergrond van die beskikbare spektrum van hoëronderrysgeleenthede en -instellings, en ten einde die leerbetrokkenheid van studente in perspektief te plaas, is dit belangrik om kennis te neem van verskeie eienskappe wat die huidige generasie studente onderskei van vorige generasies. Outeurs wêreldwyd (Newman 2000; Westerman 2007; Herbison & Boseman 2009; Twenge 2009; Choudaha 2013; Kane 2014; McGrath 2014; Morgan 2014) wys op 'n aantal onderskeidende eienskappe wat die volgende insluit:

- **Bemagtiging.** Die huidige generasie studente word van jongs af en uit huis uit bemagtig om vryelik hul opinies oor sake te lug. Huidige studente verwag dus soortgelyke vryheid binne die konteks van hoër onderrys (Herbison & Boseman 2009:34; Twenge 2009:402).
- **Tegnologiese ingesteldheid en geletterdheid.** Baie studente word ook van jongs af blootgestel aan allerlei tegnologie (Westerman 2007; Kane 2014; McGrath, 2014; Morgan 2014). Dus maak hulle grootliks op tegnologie staat om te kommunikeer, te leer en leertake te voltooi. Tegnologiese kommunikasiemedie is vinnig en onmiddellik, dus verwag studente dieselfde bereikbaarheid en tempo wanneer hul met dosente en ander rolspelers aan hoëronderrysinstellings kommunikeer (Kane 2014; McGrath 2014).
- **Prestasiegedrewenheid.** Ouers van toenemend groter getalle studente, as gevolg van finansiële-, sosiale- en opvoedingsbemagtiging, bevoordeel hul kinders van jongs af – onder meer deur hul te prys en te beloon vir alles wat hulle doen (Kane 2014). Huidige studente beleef dus ook 'n verwagting van prestasie en beloning in ander kontekste, ingesluit hoër onderrys (Herbison & Boseman 2009:35; Twenge 2009:402; McGrath 2014). Ongelukkig bestaan hierdie verwagtinge ook dikwels ongeag van studente se eie werklike insette.
- **Groepmentaliteit.** Die huidige generasie studente is positief ingestel teenoor werk en prestasie in groepverband. Benewens hul eie individualiteit toon hulle sterk eienskappe van lojaliteit aan en toewyding in groeps-identiteit en -situasies. Hierdie neiging tot groepverbondenheid word versterk deur portuurgroep-identifikasie en in besonder deur benutting van persoonlike en sosiale media (Kane 2014; McGrath 2014).
- **'n Behoeftes aan deurlopende terugvoer.** Baie huidige studente is gewoon daaraan om dikwels terugvoer oor hul prestasies te ontvang. Dit vorm deel van opvoedingspatrone op verskillende vlakke waarvan ouers, voorskoolse blootstelling en skoolopvoeding deel vorm. Vinnige en gereelde terugvoer oor leer is dus deel van die nuwe generasie studente se leefwêreld en hierdie behoefte word sterk geprojekteer as verwagtinge binne voorgraadse leer (Westerman 2007; Kane 2014).
- **Onmiddellike bevrediging.** Die huidige generasie studente is gewoon aan vinnige toegang tot massas inligting op die internet en toegang tot 'n verskeidenheid verbruikersprodukte en -dienste waarvoor hulle dikwels oorfloedige (of soms beperkte) middele het om te betaal. Hierdie gemaklike toegang tot inligting en bemarkingspublisiteit veroorsaak onder meer 'n behoefte aan onmiddellike vervulling in alles wat hulle doen, waarby ingesluit is

om hoër onderwys as 'n “diens” of 'n “reg” te beoordeel wat aan hul behoeftes moet voldoen – of dit bekostigbaar is of nie (Westerman 2007; McGrath 2014).

- **Geneig tot selektiewe aandag.** Aangesien die huidige generasie studente gebombardeer word met inligting en eksterne stimuli is hul geneig om slegs aan uitgesoekte of die mees dramatiese stimuli aandag te gee – veral stimuli wat hulle as relevant ag tot hul spesifieke behoeftes, leefwêreld of omstandighede (Westerman 2007). Hierdie neiging skep besondere uitdagings vir hoëronderwysinstellings om leergeleenthede te ontwerp en te fasiliteer wat studente leergewys interesseer.

Hoewel die eienskappe wat aan huidige voorgraadse studente toegedig word vooruitgang en ontwikkeling veronderstel, is daar ook negatiewe elemente. Byvoorbeeld, omdat studente daaglik blootgestel word aan 'n oormaat inligting en stimuli, mag hul soms skepties wees oor die tipe en beperktheid van die onderrig- en leergeleenthede wat hoëronderwysinstellings bied (Westerman 2007). Dit is dus nie ongewoon vir huidige studente om die leermateriaal en -aktiwiteit waaraan hulle blootgestel word, uit te daag nie. In sekere gevalle veroorsaak dit egter ook 'n rigiede houding, omdat studente nie kan of wil aanpas by omgewings wat vir hulle ongewoon of onbekend is nie. Hierdie onbuigsamheid mag daartoe lei dat hulle maklik tou opgooi of oormatig krities raak wanneer 'n vreemde of nuwe leertaak té ingewikkeld of uitdagend is (Westerman 2007). Dosente in hoër onderwys en privaat hoëronderwys in besonder, moet dus deeglik kennis neem van sodanige klemverskuiwings en studente-eienskappe. Al hierdie eienskappe geld nie sonder meer vir alle hoëronderwysinstellings nie, aangesien studente in privaat hoëronderwys 'n betreklik self-geselekteerde groep is, veral wat betref die vermoë om vir hierdie tipe onderwys te betaal. Vir privaat hoëronderwysinstellings en vanuit 'n ekonomiese oogpunt is dit dus uiters belangrik om kennis te neem van die kenmerke en behoeftes van 'n nuwe generasie privaat hoëronderwys-studente ten einde hulle aktief by hul eie leersukses te betrek.

IMPLIKASIES VAN STUDENTE-INGESTELDHEDE EN -BEHOEFTE

Die nuwe generasie “ek”- en “nou”-studente leef as ontluikende volwassenes in 'n vinnig veranderende wêreld waar inligting maklik beskikbaar is en tegnologie oorheers. Dosente kan dus nie verwag dat hierdie studente hoëronderwysinstellings, klaskamers en leergeleenthede anders moet ervaar nie. Studente reageer nie meer noodwendig positief op tradisionele formate en vorme van onderrig, inligtingoordrag en assessering nie – veral nie in situasies waar klaskameronderrig en die blote weergee van inligting dominant is nie. Wat toenemend nodig is, is om leergeleenthede vir studente te skep wat die eienskappe van die nuwe studentegenerasie akkommodeer sonder om die gehalte en bemeesteringsvlak van verlangde kennis-, vaardigheds- en ingesteldheidsuitkomstes te negeer.

Westerman (2007) stel byvoorbeeld 'n aantal generiese riglyne voor wat oorweeg kan word in die herstrukturering van leergeleenthede om dit meer student-ingesteld en leer-gesentreerd te maak:

- **Verskeidenheid.** Huidige studente verkies om met meer as een opdrag of onderwerp gelyktydig gestimuleer te word. Hulle verkies ook om aktief by leerprosesse betrokke te raak eerder as om bloot waar te neem of te luister. Wysies om hiervoor voorsiening te maak sluit in, maar is nie beperk nie tot, die benutting van gevallestudies, debatte (elektronies en andersins), probleemoplossingsgevalle en geleenthede vir reflektiewe leer.
- **Persoonlike voordeel.** Alvorens die huidige generasie studente hul volle aandrag aan 'n leertaak wy, wil hulle verstaan wat die belangrikheid van so 'n taak of onderwerp is.

Meer spesifiek wil hulle weet hoe hulle daarby kan baat. Dosente moet dus besondere pogings aanwend om, waar enigsins moontlik, die relevansie van onderwerpe en leertake vir studente uit te wys en te beklemtoon.

- **Outonomie.** Aangesien die huidige generasie studente van jongs af aangemoedig word om hul opinies en emosies vryelik te deel, doen hulle dit ook binne leerkontekste. Dit is dus belangrik dat dosente 'n leerklimate skep waarin die deel van idees, argumente en opinies gemaklik kan plaasvind. Hierdie leerklimate moet egter veilig genoeg wees om te kan fouteer, terugvoer te kan ontvang, foute reg te stel en leer te optimaliseer.
- **Terugvoer.** Die huidige generasie studente floreer op deurlopende en opbouende terugvoer vir persoonlike motivering. Hulle verkies om ingelig te wees oor hul vordering en sal dikwels vra vir terugvoer as dit nie gegee word nie. Dosente sou dus doelbewus kon poog om studente se vordering en prestasies met hulle te deel, aan te dui wat 'n billike tydsverloop vir die gee van terugvoer is en uit te wys hoe leerpogings hiervolgens kwalitatief kan verbeter.

Dis duidelik dat die huidige generasie studente verkies om aktief deel te neem aan leerprosesse en -geleenthede. Sodanige deelname geld nie slegs vir klaskameronderrig nie, maar ook vir leergeleenthede buite formele onderrigomgewings. In hedendaagse onderrig is die bevordering van studentebetrokkenheid dus 'n kernaangeleentheid wat innoverende werkwyses verg ten einde studente se belangstelling te prikkel met die oog op groter interaksie en deelname (Fletcher 2014). Om aktiewe leer te bevorder is egter nie maklik nie en die sukses daarvan berus grootliks op die onderskeiding en benutting van gedifferensieerde rolvertolking. Navorsing oor leerbetrokkenheid dui byvoorbeeld daarop dat studente doelbewus aangemoedig en ondersteun wil word in hul rolle as aktiewe leerders (Laird, Smallwood, Niskodè-Dossett & Garver 2009:75). Die vraag sou egter gevra kon word wie se verantwoordelikheid effektiewe studenteleerbetrokkenheid nou eintlik is? Terwyl daar verskillende menings rondom hierdie vraag is, stem heelwat outeurs saam dat die verantwoordelikheid gedeel word deur instellings, dosente en studente (Cruce et al. 2008:547; Henning 2012:16; Wawrzynski et al. 2012:112; Strom & Strom 2013:53; Zepke et al. 2014:392). Vanuit 'n onderrigoogpunt is dosente-eienskappe, wat studente se leerbetrokkenheid kan bevorder, onder meer 'n verwelkomende gesindheid, leerondersteuning en respek vir studentediversiteit (Strom & Strom 2013:54; Zepke et al. 2014:392). Hierbenewens verwag studente ook dat dosente beskikbaar sal wees vir individuele konsultasies en oor 'n deeglike kennis van hul vakgebied sal beskik. Dit blyk ook belangrik te wees dat dosente die individuele verskille in studente-eienskappe sal erken en waar nodig dit dienooreenkomstig sal hanteer (Henning 2012:16; Wawrzynski et al. 2012:112).

Vanuit 'n onderrigperspektief bestaan daar 'n verskeidenheid moontlike wyses waarop studentebetrokkenheid verhoog en verbeter kan word (De Frondeville 2009; Fletcher 2014; McGrath 2014). Dit sluit die volgende in:

- **“Opwarmingsgeleenthede”.** Dit blyk voordelig te wees om klasonderrig te begin met geleenthede vir aktiewe deelname soos die stimulering van denke of aktiwiteite met die oog op die hantering van uitdagings of die oplos van 'n relevante probleem ten einde studente voor te berei vir onderriginsette.
- **Samewerking.** Soms moet studente eers geleer word hoe om saam te werk aan leertake of probleemoplossingsaktiwiteite. Koöperatiewe leeraktiwiteite, spanwerk of -aktiwiteite wat spankompetiese aanmoedig, kan hier produktief benut word.
- **Reflektiewe skryf.** Studente kan aangemoedig word, of daar kan van hulle vereis word, om wat hulle geleer het op skrif te stel. Bondige opsommings of reflektiewe skryfwerk

is veral voordelig wanneer dit blyk dat studente belangstelling verloor of om hulle weer op 'n leeraktiwiteit gefokus te kry.

- **Duidelike instruksies.** Dosente moet op studente se volle aandag aandring wanneer instruksies vir leertake gegee word. Bevestiging moet ook verkry word dat studente sodanige instruksies ten volle begryp en kan uitvoer.
- **Vraagstelling.** Studente leer gewoonlik aktief wanneer van hulle verwag word om vrae te beantwoord of toepassings te maak tydens of na die afhandeling van leertake. Verskillende beproefde tegnieke bestaan ten einde vraagstelling of toepassings te benut, byvoorbeeld gerigte eerder as algemene vraagstelling.
- **Afwisseling.** Fisiese aktiwiteite en afwisseling van leeraktiwiteite mag studente help om fokus te herwin na ononderbroke tydperke van konsentrasie. Alhoewel gereelde verandering of afwisseling van leertake uitdagend vir dosente kan wees, vind studente baat by 'n verskeidenheid van leer- en assesseringstake wat hulle direk of indirek aanmoedig om op verskillende wyses te leer.
- **Portuurgroeper.** Studente kan uitgedaag en aangemoedig word om eers probleme of vrae in 'n groep te probeer oplos voordat hul vir verdere oplossings soek of vir antwoorde vra. Self- en groeppassering kan dus noemenswaardig bydra tot aktiewe studente-leerbetrokkenheid.

Teen die agtergrond van die bostaande insigte uit geraadpleegde literatuur oor die eienskappe van 'n nuwe generasie studente, asook die moontlikhede en uitdagings verwant aan studente se leerbetrokkenheid, is 'n empiriese studie aan 'n privaat hoërondewysinstelling onderneem. Die keuse het op hierdie instelling geval omdat dit relatief klein is en moontlike veranderinge makliker is om te implementeer as byvoorbeeld aan groot openbare hoërondewysinstellings. Die doel van die studie was eerstens om te bepaal wat die leerbehoefte van 'n groep studente aan die gekose privaat hoërondewysinstelling is; tweedens hoe betrokke hierdie groep studente, volgens hul eie waarneming en dié van hul dosente, in leersituasies is en, derdens, wat gedoen kan word om leerbetrokkenheid te bevorder en derhalwe hierdie studente se potensiaal tot leersukses te verhoog.

ONTWERP EN METODOLOGIE

Die studie is onderneem aan 'n klein privaat hoërondewysinstelling in die Wes-Kaapprovinsie wat geakkrediteerde internasionale en nasionale diplomaprogramme in toerisme- en gasvryheidstudie aanbied. Die instelling akkommodeer jaarliks ongeveer 50 studente in programme waarby vyf dosente betrokke is. Die navorsingsprojek is onderneem vanuit 'n pragmatiese kennis-lens wat praktiese oplossings op die oog het en 'n gemengde-metode navorsingsontwerp is benut (Plowright 2011; 2015).

Die studie is onderneem om verskeie redes. Eerstens erken die instelling die verantwoordelikheid om as 'n privaat hoërondewysinstelling studente toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en houdings om hul beroepe in die toerisme- en gasvryheidsbedryf te betree. Hierin speel studente se leerbetrokkenheid 'n holistiese rol, aangesien die aanname is dat leerbetrokkenheid nie slegs die kwantiteit van leer nie, maar veral ook die gehalte daarvan beïnvloed. As 'n beginpunt is daar eerstens bepaal of studenteleerbetrokkenheid aan die instelling bevorder word en tweedens wat studente en dosente se werklike belewenis hiervan is. Die primêre navorsingsvraag was derhalwe: *Hoe, indien wel, word studenteleerbetrokkenheid tans benut as 'n moontlike bydraende faktor tot leersukses?*

In 2014 is data ingewin deur 'n vraelys-opname en semi-gestruktureerde onderhoude waaraan alle studente en dosente deelgeneem het. Die vraelys vir studente was grootliks gebaseer op aangepaste items vanuit die Suid-Afrikaanse Opname van Studenteleerbetrokkenheid (South

African Survey of Student Engagement – SASSE) en opgevolg deur twee fokusgroeponderhoude met twee ewekansig geselekteerde groepe van agt studente elk. Vraelyste met vierpunt Likert-tipe vrae is versprei aan 50 studente en 'n totaal van 47 vraelyste is voltooid terugontvang, waarna studente se response getabelleer en as reële waardes uitgedruk is. Die deelnemers aan die opvolg fokusgroeponderhoude was verteenwoordigend van die studente in terme van ras, taal, geslag en ouderdom. Elke fokusgroeppvraag is as 'n besprekingspunt hanteer, verbatim getranskribeer en sistematies kwalitatief per hand ontleed (Saldaña 2013). Waar toepaslik, en vir die doeleindes van hierdie artikel, is die aanhalings van studente uit Engels na Afrikaans vertaal. Data is ook van vyf dosente ingewin deur aangepaste weergawes van vraagitems uit die SASSE vraelys te benut. Dit is opgevolg deur 'n semi-gestruktureerde persoonlike onderhoud met elk van die dosente. Onderhoud-data is verbatim getranskribeer en inhoudelik kwalitatief ontleed.

RESULTATE

Studentevraelyste

Die studente se demografiese inligting toon dat die tipiese student aan die betrokke privaat instelling vroulik is, tussen die ouderdom van 18 en 21 jaar oud is, voltyds studeer, 'n lid van die wit rassegroepering is, ongetroud is en Engels as huistaal het. In terme van persepsies oor hulle eie leerbetrokkenheid het studente op tweërlei wyses reageer: Eerstens het hul inligting verskaf oor hul belewenis van die benutting van aktiewe leergeleenthede en tweedens oor hul belewenis van wat die instelling bied ten opsigte van die ondersteuning van aktiewe leerbetrokkenheid. Tabelle 1 en 2 hieronder gee hierdie gegewens kortliks weer.

Tabel 1 toon dat die meerderheid studente (85% plus) wel hul voorgeskrewe handboeke lees. Die meerderheid studente (bykans 60%) stem ook saam dat hul addisioneel lees vir verdere akademiese verryking. Meer as 90% van die studente stem saam dat take en toetse hul help om die inhoud van 'n vak te bemeester en slegs ongeveer een tiende meen swak resultate motiveer hulle nie om harder te werk nie. Die oorgrote meerderheid (bykans 100%) van die studente meen hulle is self-gemotiveerd, alhoewel meer as die helfte aandui dat hul slegs wil slaag. Die meerderheid studente (meer as 85%) meen dat hulle krities dink oor onderwerpe wat hul interesseer en dat dit hul help om ander se opinies te bevraagteken. Die oorgrote meerderheid (bykans 90%) van die studente het aangedui dat hul wel sal vra indien hul onseker is, wat aansluit by 'n verdere meerderheid (bykans 80%) wat oordeel dat dosente hul wel aanmoedig om betrokke te raak by leer in die klaskamer. Minder as die helfte van die studente dui aan dat dosente ook poog om leer buite klasverband te bevorder. Die meerderheid van die studente (bykans 90%) stem saam dat hulle die geleenthede vir leerbetrokkenheid geniet, maar terselfdertyd oordeel die meerderheid (bykans 80%) dat daar meer geleenthede vir leerbetrokkenheid geskep moet word. Die bevindinge (uit Tabel 1) toon dus dat die meerderheid studente leerbetrokkenheid as positief ervaar, maar toon ook 'n duidelike behoefte daaraan dat meer sodanige geleenthede geskep moet word. Tabel 2 verskuif die fokus van die studente se belewenis van hul leer na die konteks van die instelling.

TABEL 1: Studente se persepsies van hul eie leerbetrokkenheid (n=47)

Aspek van leerbetrokkenheid	Stem sterk saam	Stem saam	Verskil	Verskil sterk
Ek lees die voorgeskrewe handboek vir elke vak	12	29	5	1
Ek lees addisioneel vir akademiese verryking	5	22	20	0
Take en toetse help my om 'n vak te bemeester	16	28	2	1
Swak resultate motiveer my om harder te werk	15	27	5	0
Ek is self gemotiveerd	17	29	1	0
Ek wil net slaag	12	11	20	4
Ek dink krities oor onderwerpe wat my interesseer en bevraagteken ander se opinies daaroor	17	24	6	0
Wanneer ek twyfel, vra ek	15	27	5	0
Dosente bevorder leerbetrokkenheid in die klaskamer	8	28	10	1
Dosente bevorder leerbetrokkenheid buite die klaskamer	1	22	23	1
Ek geniet leerbetrokkenheid in die klaskamer	11	29	6	1
Meer geleenthede vir leerbetrokkenheid moet geskep word	10	27	10	0

TABEL 2: Studente se persepsies oor die instelling se rol in leerbetrokkenheid (n=47)

Leerbetrokkenheid	Baie	Taamlik	Nie baie nie	Glad nie
Die instelling beklemtoon hoe belangrik dit is om voldoende tyd aan studies te bestee	13	30	4	0
Die instelling verskaf akademiese ondersteuning om sukses te bevorder	13	30	4	0
Die instelling moedig interaksie tussen mede-studente aan	14	21	12	0
Die instelling bied ondersteuning in nie-akademiese kwessies	3	17	18	9
Die instelling benut 'n verskeidenheid onder-rigmetodes wat alle studente verstaan	12	17	16	2

Tabel 2 toon dat die oorgrote meerderheid (meer as 90%) van die studente meen die instelling beklemtoon die belangrikheid daarvan om genoegsaam tyd te bestee aan hul studies. Die meerderheid van die studente (meer as 80%) dui ook aan dat die instelling voldoende akademiese ondersteuning bied, terwyl meer as die helfte (60% plus) beleef dat die instelling interaksie tussen studente aanmoedig. Minder as die helfte meen egter dat die instelling voldoende ondersteuning bied ten opsigte van nie-akademiese kwessies, hoewel meer as 60% oordeel dat daar gebruik gemaak word van 'n verskeidenheid onderrigmetodes wat studente verstaan. Die bevindinge in Tabel 2 stem grootliks ooreen met gerapporteerde bevindinge vanuit relevante literatuur wat aandui dat die huidige generasie studente nie noodwendig voldoende voorsiening maak vir studietyd nie (Westerman 2007; Wolpert-Gawron 2012), dat hulle verkies om op verskillende wyses te leer deur 'n verskeidenheid leergeleenthede (Westerman 2007; De Frondeville 2009; Morgan 2014:35) en dat hulle die belang van interaksie met mede-studente hoog ag (De Frondeville 2009; Wolpert-Gawron 2012).

Studente-fokusgroeponderhoude

Fokusgroeponderhoude is gevoer met twee ewekansig geselekteerde studentegroepe en het vier basiese vrae behels: (1) Watter faktore spoor jou aan tot leerbetrokkenheid? (2) Watter faktore belemmer jou leerbetrokkenheid? (3) Is leerbetrokkenheid meer opsigtelik in sekere klasse as ander? (4) Hoe lyk 'n "ideale" klasgeleentheid?

Betreffende die eerste vraag het studente aangedui dat die vrae wat dosente stel hul kan aanmoedig of ontmoedig om deel te neem aan die gesprek. Sommige studente het beweer dat hulle slegs aandag gee wanneer die onderwerp hul interesseer, maar ook bygevoeg dat die dosent se kennis, ervaring en entoesiasme hul motiveer om deel te neem. Een respondente het byvoorbeeld laat blyk: "Die onderwerp moet interessant wees, maar die dosent se vakkennis en praktykervaring is ewe belangrik". 'n Ander student het vermeld: "As die dosent nie entoesiasme uitstraal nie, is dit moeilik om betrokke te wees".

Op die tweede vraag het studente aangevoer dat hulle veral belangstelling in die gesprek verloor wanneer die onderwerp té veel uitgereek raak. Een respons het byvoorbeeld gelui: "As dosente begin herhaal, verloor ek belangstelling". 'n Ander student het oor die kwessie van belangstelling die volgende opgemerk: "Studente raak nie betrokke as dosente nie doelbewus sulke geleenthede skep nie". Derhalwe blyk studentebetrokkenheid onder meer afhanklik te wees van die geleentheid wat geskep word daarvoor, eerder as 'n student se spontane betrokkenheid.

Oor die kwessie van sommige klasse wat meer deelnemend en aktief is as ander was respondente grootliks eenstemmig. 'n Student het hieroor aangedui: "'n Mens kan nie deelneem as jy die enigste een is nie – die klasatmosfeer is belangrik". Die atmosfeer van deelname het dus baie te doen met die vlak van studente se leerbetrokkenheid.

Die laaste vraag oor wat 'n "ideale" klasgeleentheid behels het verskeie reaksies ontlok. Een student het aangedui: "Korter klasse, met pouses tussenin, is ideaal", terwyl 'n ander beklemtoon: "As die onderwerp nie relevant is nie, kan die dosent min doen om my te laat belangstel". Daar blyk dus nie veel eenstemmigheid te wees oor wat 'n "ideale" klasgeleentheid aan die betrokke instelling behels nie, maar dat tydsverloop en vak-relevansie 'n belangrike rol speel.

Dosente se terugvoer

Die deelnemende dosente se ouderdomme wissel tussen 25 en 52. Hul kwalifikasies strek van toepaslike diplomas tot doktorsgrade en sluit uitgebreide ervaring in die toerisme- en gasvryheidsbedryf in. Twee dosente is mans en drie is vroue; almal met toepaslike onderrigervaring wat wissel tussen twee en 30 jaar. Tabel 3 toon vervolgens die dosente se aangeduide benutting van tipeise onderrigaktiwiteite.

TABEL 3: Dosente se onderrig-aktiwiteite (n=5)

Aktiwiteit	Altyd	Dikwels	Soms	Nooit
“PowerPoint”-aanbiedings	3	1	1	0
Kort videos of “YouTube”-snitte	1	2	1	1
Elektroniese witbord	1	4	0	0
Klasbesprekings	3	2	0	0
Probleemoplossing	1	4	0	0
Debatte	1	3	1	0
“Blogging”	0	0	2	3

Uit Tabel 3 blyk dit dat die meerderheid dosente “altyd” of “dikwels” gebruik maak van “PowerPoint”-aanbiedings. Dit is belangrik om daarop te let dat sulke aanbiedings juis ook studente-leerbetrokkenheid mag belemmer (McGrath 2014). Indien die medium egter interaktief gebruik word, kan dit voordelig wees vir leerbetrokkenheid. Vier uit die vyf dosente het aangedui dat hulle gebruik maak van kort video’s. Met verwysing na die literatuur waar melding gemaak word van die huidige generasie se ingesteldheid op tegnologie (McGrath 2014) mag die benutting van video’s voordelig wees – weereens mits dit interaktief aangewend word en gepaardgaan met vooraf- of opvolgaktiwiteite. Al die dosente benut die elektroniese witbord, wat voordelig kan wees indien dit studente se aandag fokus, maar weereens is die klem op die aktiewe-, eerder as passiewe leerbelevens van die studente. Alle dosente dui ook aan dat hulle van probleemoplossing as onderrigmetode gebruik maak; in hierdie verband wys verskillende outeurs op die voordele van probleemoplossing vir studentebetrokkenheid (Westerman 2007; Smith et al. 2012). Alhoewel die meeste dosente ook aandui dat hulle van debatte gebruik maak, blyk dit nie elektronies gemedieer te wees nie. Laasgenoemde voldoen waarskynlik beter aan die huidige studentegenerasie se behoefte om opinies uit te daag en hul eie mening te stel (Westerman 2007). “Blogging” blyk ook nie ’n gewilde onderrigmedium by die dosente te wees nie, alhoewel dit tegnologie se huidige studente se belangstelling prikkel en hulle dit waarskynlik verkies, maar veral tydrowend vir dosente is (McGrath 2014).

Onderhoude met personeel

Persoonlike onderhoude is ook met die vyf betrokke dosente gevoer aan die hand van twee kernvrae: (1) Wat is u mening oor studente se betrokkenheid in leer; (2) Hoe bevorder u studente se betrokkenheid in leer?

Op die eerste vraag het al vyf dosente saamgestem dat studente se leerbetrokkenheid belangrik is ten einde onderrig-effektiwiteit te bevorder, maar het ook voorbehoude geopper. Een dosent het byvoorbeeld aangedui: “Studente leer beslis beter en in meer diepte as hulle aktief betrokke is by hul eie leer”. ’n Ander dosent het egter die volgende opinie gehuldig: “Sommige studente baat nie noodwendig by aktiewe leerbetrokkenheid in die klas nie, maar verkies eerder om waar te neem en na afloop van ’n klas op hul eie sin van probleme of take te maak. Dis ’n kwessie van leerstyl”. ’n Ander dosent het gedeeltelik hierby aangesluit: “Dis belangrik dat studente op hul vlak van leer

gestimuleer word, maar dit sal altyd verskil van een student na 'n ander". 'n Vierde dosent het ook sterk klem gelê op die belang van reflektiewe denke: "Studente moet toegelaat word om op hul eie deur 'n reflektiewe proses sin te maak van 'n onderwerp of 'n probleem". Hierteenoor het die vyfde dosent 'n taamlik negatiewe blik op leerbetrokkenheid geneem: "Na my mening is sommige studente lui en wil met die minimum werk wegkom – maar hulle wil steeds sukses behaal".

Op die tweede vraag, naamlik hoe die leerbetrokkenheid van studente bevorder kan word, was daar verskeie opinies. Enkele dosente het aangedui dat praktiese voorbeelde studente help om 'n onderwerp te verstaan en dus stimuleer dit deelname aan klasgesprekke. 'n Ander dosent meen weer: "Ek 'lees' my studente en bepaal dan die metodes van leerbetrokkenheid volgens hul behoeftes en optrede". Dit blyk egter dat die meerderheid dosente oordeel dat hoewel klasaktiwiteite studentebetrokkenheid kan aanmoedig, sodanige betrokkenheid afhang van belangstelling; dus moet belangstelling van meet af in kursusse en onderwerpe geprikkel word. In die algemeen blyk dit dat die dosente aan die betrokke privaat hoëronderrysinstelling 'n goeie begrip het van studenteleerbetrokkenheid en dat hulle in die meeste gevalle, op enkele uitsonderings na, daadwerklike pogings aanwend om dit te bevorder.

GEVOLGTREKKINGS EN IMPLIKASIES

Vanuit die teoretiese en empiriese resultate van die studie kan minstens drie gevolgtrekkings gemaak word. Eerstens is dit duidelik dat die huidige geslag hoëronderrysstudente en veral dié in privaat hoëronderrys, se leerbehoefte verskil van dié van vorige geslagte. Die oorsaak van hierdie verskille is velerlei, maar die prominensie van tegnologiese veranderinge, sowel as 'n verskuiwing in samelewingswaardes blyk bydraende faktore te wees. Studente se siening van wie hulle is, wat hulle leerbehoefte is en hul sosiale vaardighede speel ook 'n belangrike rol. Die empiriese gedeelte van die studie is egter aan 'n klein en eksklusiewe privaat hoëronderrysinstelling gedoen waar die gemiddelde student uit 'n relatief vermoënde huislike omgewing kom, tegnologies geletterd en toegerus is en waar selfvertroue slegs by uitsondering gebrekkig is. Dit impliseer dat die resultate van hierdie studie nie noodwendig na ander, en veral nie na groot openbare hoëronderrysinstellings, veralgemeen of geprojekteer kan word nie. Met die toenemende gewildheid van privaat hoëronderrys in Suid-Afrika en in Afrika in besonder kan die resultate egter beduidend wees vir hierdie tipe instellings.

Tweedens toon die studie dat privaat hoëronderrysstudente oor die algemeen hul betrokkenheid by leer as belangrik beskou, maar dat voldoende leergeleenthede aan die bepaalde instelling enersyds nie optimaal geskep word nie, of andersyds, waar dit wel geskep word, nie optimaal deur studente benut word nie. Literatuur dui op verskillende onderrigmoontlikhede om studente by hul eie leer betrokke te kry en dosente aan die betrokke instelling is oor die algemeen deeglik bewus van die belang van studenteleerbetrokkenheid. Hulle wend klaarblyklik ook duidelike pogings aan om dit te bewerkstellig, hoewel enkele dosente betreklik sinies blyk te wees oor of studente wel bereid of in staat is om verantwoordelikheid vir hul eie leerbetrokkenheid te neem. Vanuit die perspektief van die bepaalde instelling word leerbetrokkenheid van studente hoog aangeslaan, maar die bevindinge dui daarop dat nie veel moeite gedoen word om aktiewe leer, veral buite klasverband, te bevorder nie.

Daar is talle studies (Kuh et al. 2005; Kuh 2009; Morgan 2014) wat die belang en sukses van die verband tussen klas- en buite-klas-leerervaringe in hoër onderrys aandui. Talle instellings doen dan ook besondere moeite om die klas- en buite-klas-leerervaringe van studente te sinchroniseer en te optimaliseer. Soos reeds vroeër in hierdie artikel aangedui, is daar 'n legio moontlikhede vir die stimulering van studenteleerbetrokkenheid. Die oorgrote meerderheid van

hierdie moontlikhede word egter nie deur dosente en instellings benut nie of word bloot geïgnoreer – iets wat toenemend problematies kan word gegewe die eienskappe van die huidige generasie studente.

Derdens blyk dit dat studente aan die betrokke instelling bepaalde leerbehoefes het wat, indien dit bevredig word, sou kon bydra tot groter leerbetrokkenheid. Hierdie behoeftes sluit in die behoefte om belangstellingsgewys geprikkel te word deur relevante kursusinhoude, onderwerpe, voorbeelde en leeraktiwiteite, om met mede-studente te kommunikeer en nie in isolasie te leer nie, asook om in relatief veilige en geborge leeromgewings te leer waar dit aanvaarbaar is om foute te maak en uit eie foute te leer. Hierin speel die ingesteldheid en optrede van beide studente en dosente ’n bepaalde rol en skep die leerklimate aan die instelling die konteks vir sodanige optrede.

Die bevindinge van die ondersoek dui voorts op implikasies vir dosente om vir ’n nuwe generasie studente se leerbehoefes voorsiening te maak. Dosente, veral aan privaat hoëronderrysinstellings, wat hierdie behoeftes ignoreer of geringskat, loop die risiko om hulself enersyds van studente te vervreem of andersyds hul instellings skade te berokken as instellings van voorkeur. Die ondersoek dui ook duidelik op ’n behoefte aan verdere navorsing oor studente se leerbetrokkenheid, veral meer konkrete resultate oor die impak wat leerbetrokkenheid op studieresultate en studiesukses in Suid-Afrikaanse hoër onderrys het. Dit vra ook vir nuwe idees oor hoe die leerbetrokkenheid van studente aan hoëronderrysinstellings versterk kan word met die oog op beter akkommodasie van ’n nuwe, meer diverse generasie studente se leerbehoefes.

BIBLIOGRAFIE

- Choudaha, R. 2013. *Three higher education trends to watch for in 2013*. <http://www.universityworldnews.com/article.php?story=201301161232458> *5University* [11 August 2014].
- Cruce, T.M., Gonyea, R.M., Kinzie, J., Kuh, G.D. & Shoup, R. 2008. Unmasking the effects of student engagement on first-year colleague graduates and persistence. *Journal of Higher Education*, 79(5):540-558.
- De Frondeville, T. 2009. *How to keep kids engaged in class*. <http://www.edutopia.org/classroom-student-participation-tips> [11 August 2014].
- Fletcher, A. 2014. *Defining student engagement: A literature review*. www.soundout.org/student-engagement-AF.pdf [9 August 2014].
- Garrett, C. 2011. Defining, detecting and promoting student engagement in college learning environments. *Transformative Dialogues: Teaching and Learning Journal*, 5(2):1-12.
- Henning, G.W. 2012. Leveraging student engagement for student and institutional success. *About Campus*, 17(4):15-18.
- Herbison, G. & Boseman, G. 2009. Here they come – Generation Y. Are you ready? *Society of Financial Service Professionals*, 63(4):33-34.
- Kane, S. 2014. *Generation Y*. <http://legalcareers.about.com/od/practicetips/a/GenerationY.htm> [10 October 2014].
- Kranstuber, H., Carr, K. & Hosek, A.M. 2011. “If you can dream it you can do it.” Parent memorable messages as indicators of college student success. *Communication Education*, 61(1):44-66.
- Kuh, G.D. 2007. How to help students achieve. *The Chronicle of Higher Education*, 53(41):12-13.
- Kuh, G.D. 2009. The National Survey of Student Engagement: Conceptual and Empirical Foundations. *New Directions for Institutional Research*, 141:5-20.
- Kuh, G.D., Kinzie, J., Schuh, J.H. & Whitt, E.J. 2005. Never let it rest: Lessons about student success from high-performing colleges and universities. *Change*, 37(4):44-51.
- Kuh, G.D., Kinzie, J., Schuh, J.H. & Whitt, E.J. 2011. Fostering student success in hard times. *Change: The Magazine of Higher Learning*, 43(4):13-19.
- Laird, T.F.N., Smallwood, R., Niskodé-Dossett, A.S. & Garver, A.K. 2009. Effectively involving faculty in the assessment of student engagement. *New Directions for Institutional Research*, 141:71-81.

- McGrath, J. 2014. *How the Millennial Generation Works*. <http://people.howstuffworks.com/culture-traditions/generation-gaps/millennial-generation1.htm> [12 May 2015].
- Morgan, H. 2014. Maximising student success with differentiated learning. *The Clearing House*, 87(1):34-38.
- Newman, F. 2000. Saving higher education's soul. *Change*, 32(5):17-23.
- Plowright, D. 2011. *Using mixed methods: Frameworks for an Integrated Methodology*. London: SAGE Publications.
- Plowright D. 2015. *Charles Sanders Peirce: Pragmatism and education*. Dordrecht: Springer.
- Reyes, M.R., Brackett, M.A., Rivers, S.E., White, M. & Salovey, P. 2012. Classroom emotional climate, student engagement and academic achievement. *Journal of Educational Psychology*, 104(3):700-712.
- Saldaña, J. 2013. *The coding manual for qualitative researchers*. Second edition. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Smith, K.A., Sheppard, S.D., Johnson, D.W. & Johnson, R.T. 2005. Pedagogies of engagement: Classroom-based practices. *Journal of Engineering Education*, 94(1): 1-15.
- Strom, P.S. & Strom, R.D. 2013. Collaboration and support for student success. *Community College Journal of Research and Practice*, 37(8):50-56.
- Twenge, J.M. 2009. Generational changes and their impact in the classroom: teaching Generation Me. *Medical Education*, 43(5):398-405.
- Wawrzynski, M.R., Heck, A.M. & Remley, C.T. 2012. Student engagement in South African higher education. *Journal of College Student Development*, 53(1):106-123.
- Westerman, J. 2007. *When motivating Generation Y in the classroom*. <http://podnetwork.org/content/uploads/V18-N1-Westerman.pdf> [2 October, 2014]
- Wolpert-Gawron, H. 2012. *Kids speak out on engagement*. <http://www.edutopia.org/blog/student-engagement-stories-heather-wolpert-gawron> [11 August 2014]
- Zepke, N., Leach, L. & Butler, P. 2014. Student engagement: students' and teachers' perceptions. *Higher Education Research & Development*, 33(2):386-398.

Die invloed van biografiese faktore op sorg in skoolleierskap

The influence of biographical factors on care in school leadership

CORNÉ (CP) VAN DER VYVER

Skool vir Opvoedkundestudies,
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
E-pos: cp.vandervyver@nwu.ac.za



Corné van der Vyver

CORNÉ (CP) VAN DER VYVER is senior lektor in die Skool vir Opvoedkundestudies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Sy voorgraadse studies asook sy MEd het hy voltooi aan die Universiteit van die Vrystaat en sy PhD in 2011 aan die Noordwes-Universiteit. Hy was vir vyftien jaar 'n onderwyser in fisiese wetenskappe, waarvan vyf jaar deel van die skool se bestuurspan, voordat hy in 2005 by die NWU aangestel is. Sy navorsingsfokus is onderwysbestuur en -leierskap. Hy tree op as studieleier vir MEd en PhD studente in onderwysbestuur en leierskap. Hy het reeds nasionaal en internasionaal gepubliseer in geakkrediteerde publikasies asook verskeie nasionale en internasionale referate gelewer.

CORNÉ (CP) VAN DER VYVER is senior lecturer in the School for Education Studies in the Faculty of Education Sciences at the North-West University's Potchefstroom campus. He completed his undergraduate studies as well as his MEd at the University of the Free State and his PhD at the North-West University in 2011. He was an educator in physical sciences for fifteen years, of which he served five years on the school management team, before being appointed at the NWU in 2005. His research focus is education management and leadership. He also supervises MEd and PhD students in education management and leadership. He has published nationally and internationally in accredited academic publications and has also delivered academic papers both nationally and internationally.

ABSTRACT

The influence of biographical factors on care in school leadership

Experiencing of care in school leadership influences educators' job satisfaction as well as their experience of the quality of work life. The principals' caring leadership can increase educators' performance and effectiveness in the teaching and learning situation. This in turn increases the effectiveness of the school as an organisation. The absence of caring leadership in the school could firstly lead to a decrease in performance of educators. Secondly, it could lead to negative organisational relationships which could contribute to a negative school climate. It could thirdly contribute to lower levels of organisational (school) effectiveness and lastly to lower levels of commitment from educators. South African schools differ in terms of their cultural composition,

race composition, gender composition as well as age and experience of educators and management in the school. These demographical aspects could potentially influence the school leaders' caregiving as well as educators' experiences of care. The research was directed by the following question: *What is the influence of biographical factors on the giving of care by school principals and experiencing thereof by educators?* Care in school leadership entails the real interest of the school principal in the wellbeing of the educator, which manifests in empathy, sympathy and a commitment to the educator. Determinants of care in school leadership could be divided into three main categories, which include psychological determinants, workplace determinants and management determinants. The psychological determinants of care focus on educators' experience of emotional care and include aspects such as emotional intelligence and demonstration of sympathy, empathy and interest in the educator as a person. Workplace determinants have to do with the physical working environment in which educators find themselves, which may include safety, security and resources. Management determinants address aspects such as communication, listening, empowerment, decision making and staff development.

A quantitative research design in the form of a survey was used among a sample of principals and educators in the North-West Province. In total, 1 041 educators and 65 principals participated in the survey. Data were collected using the CSLQ (Caring school leadership Questionnaire). This is a standardised instrument with 59 items in a Likert scale format, which was specifically designed to measure the extent of care experienced by educators as well as the extent of care given by school principals. Data were analysed applying various statistical techniques, including descriptive and inferential statistics in the form of *t*-tests and ANNOVA's.

The results showed that female principals, more experienced principals and principals with postgraduate qualifications rated themselves higher in the execution of their caring role towards educators than male principals, principals with less experience and principals having only a diploma. The results also showed that principals from previously disadvantaged groups rated themselves less caring than principals from previously advantaged groups. Principals in general saw themselves less caring towards educators from previously disadvantaged groups.

From the results it emanated that educators younger than 30 years of age and educators with less than 5 years' teaching experience experienced more care from the principal than did older, more experienced educators. The results further showed that educators from previously disadvantaged groups experienced less care than educators from previously advantaged groups, specifically with regard to workplace determinants. Related to this, educators with principals from previously advantaged groups experienced more care than educators having principals from previously disadvantaged groups. Some of these results could be explained by and correlated with similar findings in the literature. There is, however, little explanation from literature regarding the role of race and cultural grouping with regard to both the giving and experiencing of care in school leadership. School leaders need more training in emotional intelligence and other aspects of psychological determinants of care. The department of Basic Education should take note of the negative impact of inadequate infrastructure and resources on the experience of care by educators from previously disadvantaged communities. The Department of Basic Education should honour its caring role toward schools in terms of providing adequate resources. Principals should be exposed to the development of emotional intelligence to address psychological aspects of care in a more understanding manner. This development should receive attention during formal professional training opportunities as well as in the personal development plan of school leaders.

KEY WORDS: School leadership; care; caring; caring leadership; caring relationships; community of care; determinants of care; leadership style; emotional intelligence; biographical; educators

TREFWOORDE: Skoolleierskap; sorg; sorgsaamheid; sorgleierskap; sorgsame verhoudings; sorgsame gemeenskap; determinante/bepalers van sorg; leierskapstyl; emosionele intelligensie; biografies; opvoeder

OPSOMMING

Die ervaring van sorg in skoolleierskap het 'n invloed op opvoeders se werksbevrediging asook hul beleving van die gehalte van werkslewe. Die sorgsaamheid van die skoolhoof kan die effektiwiteit en werkverrigting van opvoeders in die onderrig- en leersituasie verhoog, wat weer die effektiwiteit van die skool as organisasie kan verhoog. Hierdie navorsing het gewentel om die vraag: Watter invloed het sekere biografiese faktore op die gee van sorg deur skoolhoofde en die ervaar daarvan deur die opvoeders? Die navorsing is uitgevoer in die vorm van 'n opname wat gedoen is onder 'n steekproef skoolhoofde en opvoeders in die Noordwes-Provinsie. Die resultate toon dat skoolhoofde uit voorheen bevoordeelde groepe hulle in 'n groter mate as sorgsaam evalueer as voorheen benadeelde skoolhoofde. Oor die algemeen beskou skoolhoofde uit voorheen bevoordeelde groepe hulleself ook as meer sorgsaam jeens opvoeders uit voorheen bevoordeelde groepe as teenoor opvoeders uit voorheen benadeelde groepe. Opvoeders uit voorheen benadeelde groepe ervaar self 'n mindere mate van sorg, veral ten opsigte van die werkplek-bepalers. Skoolhoofde behoort meer opleiding te ontvang in emosionele intelligensie en die ander psigologiese aspekte van sorg. Verder moet die Departement van Basiese Onderwys kennis neem van die nadelige invloed van gebrekkige infrastruktuur op die ervaring van sorg in voorheen benadeelde gebiede.

INLEIDING

Sorg in skoolleierskap vind nie slegs sy oorsprong in 'n bepaalde bestuursfilosofie nie; die onderwysprofessie het regtens 'n etiese en morele verpligting rakende sorg, wat ook op die skoolhoof van toepassing is. Verskeie outeurs (Botha, Smit & Oosthuizen 2009:185-212; Joubert & Prinsloo 2009:140) wys op die taak van die onderwyser as sorgsame toesighouer ("duty of care"/"caring supervisor"). Hierdie verpligting rus op die opvoeder vanweë sy/haar gesagsposisie, professionele status en besondere verhouding met die leerder (Joubert & Prinsloo 2001:95). By die sorg- en omgeef funksie ("caring") van die skoolhoof is inbegrepe 'n sorgsame toesigrol ("duty of care"). Opvoeders het veral 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor die leerders wat aan hulle sorg toevertrou is. Opvoeders, ingeslote die skoolhoof, moet leerders op dieselfde wyse versorg en beskerm as 'n *diligens paterfamilias* (goeie vader van die familie) (Joubert & Prinsloo 2009:147).

PROBLEEMSTELLING

Wêreldwyd word daar tans 'n tekort aan goeie opvoeders ondervind; enersyds as gevolg van te min opvoeders wat tot die beroep toetree en andersyds as gevolg van goeie opvoeders wat die onderwys verlaat (Aspfors & Bondas 2013:243). Een van die redes waarom opvoeders die beroep verlaat, is swak bestuur en gebrekkige leierskap. Verdere redes wat aangevoer kan word, is dat onderwys een van die beroepe is waarin werknemers van die meeste stres en uitbranding beleef (Kroth & Keeler 2012:224; Aspfors & Bondas 2013:244). Die skoolhoof het 'n sorg funksie om te vervul en moet toesien dat personeel 'n groter mate van werksbevrediging en 'n geringer mate van stres en daarmee gepaardgaande uitbranding ("teacher burnout") ervaar.

Die literatuur wys daarop dat opvoeders wat 'n groter mate van sorg en ondersteuning van die skoolhoof ontvang, ook 'n groter mate van werksbevrediging geniet. Ondersteuning en sorg deur die skoolhoof kan ook daartoe bydra dat die opvoeder 'n motiverende werkomgewing ervaar (Davis & Wilson 2000:349, 352). Een van die voordele van sorggewende skoolleierskap is dat

opvoeders wat sorg ervaar, ook meer vir die leerders sorg en omgee. Daar bestaan 'n verwantskap tussen die versorging van leerders en hul akademiese prestasie (Ellerbrock & Kiefer 2010:394). Lyman (2000:11-13) beweer dat sorgsame leierskap 'n leergemeenskap bou wat almal by die skool insluit. Die teenwoordigheid of afwesigheid van sorg beïnvloed en bepaal die mate of gehalte van onderrig en leer in die skool.

Wanneer opvoeders afwesigheid van sorg en omgee ondervind, kan die volgende negatiewe uitwerking daarvan in die skool waargeneem word (Van der Vyver, Van der Westhuizen & Meyer 2013:387):

- Swakker werkverrigting/prestasie deur opvoeders
- Negatiewe organisatoriese verhoudings wat bydra tot 'n negatiewe skoolklimaat
- Lae vlakke van organisatoriese (skool-)effektiewe
- Lae vlakke van verbintenis van die opvoeders
- Swakker akademiese prestasie van leerders
- Sorgweerhouding van ander

Indien die sorg in die skoolhoof se leierskap verwaarloos word, kan dit lei tot verhoogde vlakke van onderwyserstres en kan die gehalte van onderwysers se werkslewe negatief beïnvloed word (Davis & Wilson 2000:349, 352; Kroth & Keeler 2009:15). Hierdie aspekte werk negatief in op die werkverrigting van die onderwyser in die onderrig- en leersituasie.

Navorsing rakende sorg is veral algemeen in families, persoonlike verhoudings, en ook in gesondheidswetenskappe soos maatskaplike werk en verpleging asook onderwys, spesifiek ten opsigte van leerders (Green & Tucker 2011:2; Kroth & Keeler 2012:224). Die aspekte van sorg en omgee in leierskap en bestuur word egter nie baie aangespreek in navorsing nie (Kroth & Keeler 2009:507,513,515; Kroth & Keeler 2012:224), ook nie in die veld van onderwysbestuur en leierskap nie. Daar is veral ook 'n gebrek aan navorsing rakende die rol van biografiese veranderlikes, inbegrepe geslag, ouderdom, ras en ervaring in die gee en ervaar van sorg in skoolleierskap.

In die werk van Noddings (1984, 1986) word melding gemaak daarvan dat sorg 'n eienskap is wat meer by vroue waarneembaar is vanweë hul rol as moeders (Smith 2004). Ook Green en Tucker (2011:2) toon aan dat vroulike navorsers simpatie het met die idee dat die etiek van sorg eerder 'n eienskap is wat by vroue hoort. Die vraag ontstaan of dit ook die geval is by sorggewende leierskap by bestuurshoofde van skole.

In Suid-Afrika, selfs na 21 jaar van demokrasie, toon die onderwys steeds letsels van apartheid. Skole in landelike en township-gebiede word steeds hoofsaaklik bygewoon deur leerders uit voorheen benadeelde groepe. Hierdie skole bedien gemeenskappe wat gebuk gaan onder armoede ten spyte van wetgewing en beleide van die regering om beter befondsing moontlik te maak. In 2011 was 83.9% van alle staatskole deel van hierdie groep skole waar geen skoolfonds gehel is nie en wat dus geheel en al van die staat afhanklik was vir befondsing (DBO 2013:15). Skole in Suid-Afrika verskil ten opsigte van kultuursamestelling, rassesamestelling, geslagsamestelling asook ouderdom en onderrigervaring van personeel en bestuur in die skool. Hierdie demografiese aspekte kan die gee van sorg deur skoolleiers sowel as die ervaring of beleving van sorg deur die opvoeders beïnvloed.

Die vraag wat voortspruit uit die voorafgaande uiteensetting is: Wat is die invloed van biografiese veranderlikes op die gee en ervaar van sorg en omgee in skoolleierskap? In die res van die artikel word gerapporteer oor die bevindinge voortvloeiend uit navorsing wat op hierdie vraag gerig was. Die volgende afdeling beliggaam die konseptueel-teoretiese raamwerk waarop die ondersoek geskoei was. Dit word gevolg deur 'n verslag oor die empiriese ondersoek wat op grond van hierdie raamwerk uitgevoer is. Die artikel word afgerond met 'n bespreking, enkele gevolgtrekkings en aanbevelings.

KONSEPTUELE EN TEORETIESE RAAMWERK

Sorg en omgee as deel van skoolleierskap

“Care” word in Afrikaans weergegee as sorg en omgee (Du Plessis 2005:383,539; Pharos 2015). Outeurs (Fine 2007:32; Kroth & Keeler 2009:508,520) lê klem op die verskil tussen “caring about and caring for”. Sorg sluit dus twee begrippe in, naamlik:

- om om te gee vir (“caring about”) en
- om te sorg of te versorg (“caring for” ook “nurturing”).

Omgee verwys na ’n gevoel of gewaarwording. Daarteenoor verwys sorg na ’n handeling of optrede. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Odendal & Gouws 2009) omskryf sorg as bemoeienis, oppassing, toesig; sorgvuldige toewyding; voorsien van die nodige; verantwoordelik wees vir. Omgee word omskryf as “hou van” of “in ag neem.” Omgee en sorg is meer as net ’n houding; dit is deel van wie jy is. Sorggewende skoolleierskap van die skoolhoof is sy/haar werklike belangstelling in die opvoeder se professionele en persoonlike probleme asook hul welstand. Die sorgfunksie van die skoolhoof weerspieël begrip van die holistiese verweeftheid van die opvoeder se werk en persoonlike lewe (Blasé & Blasé 2001:103). Sorg en omgee in skoolleierskap behels die werklike belangstelling van die skoolhoof in die welsyn van die opvoeder, wat manifesteer in simpatie en empatie met en ’n verbintenis tot die opvoeder (Van der Vyver et al. 2013:377).

As “vader” (*diligens paterfamilias*) in die skool het die skoolhoof ook ’n sorgsame verpligting teenoor sy of haar personeel (Lance 2010:122). Pellicer (2003:22) wys daarop dat bestuursleierskap gekenmerk moet word deur hoë vlakke van sorg en omgee. Werknemers, wat opvoeders insluit, is geneig om hulle werksomgewings te verlaat as gevolg van swak leiers en bestuurders; daarom sal samelewingstrukture soos skole voordeel trek daaruit wanneer opvoeders ondervind dat skoolleiers vir hulle omgee en sorg (Kroth & Keeler 2012:224). Die sorgsaamheid van die skoolleier verhoog die effektiwiteit en werkverrigting van opvoeders, wat weer die effektiwiteit van die skool as organisasie kan verhoog (Kroth & Keeler 2009:513). Dit verhoog vanselfsprekend ook die ywer van die leerling om goed te presteer.

Na aanleiding van die definisie van sorg of “care” is dit belangrik om daarop te let dat ’n sorgsame skoolhoof (“caring principal”) by implikasie iemand is wat omgee vir die opvoeder (en leerders) en hul welstand voorop stel. Die klem val op sorg in leierskap, wat impliseer dat sorg deel uitmaak van leierskap. Sorgleierskap (“caring leadership”) word hier dus nie as ’n nuwe of afsonderlike leierskapstyl gesien nie, maar as deel van ’n leierskapstyl. Nie alle leierskapstyle leen hulle tot sorg nie; slegs daardie leierskap- en bestuurstyle waarby die mens in die organisasie as belangrik geag word, kan sorg akkommodeer (Van der Vyver, Van der Westhuizen & Meyer 2014b:63). Voorbeelde van sodanige leierskapstyle (wat sorg akkommodeer) sluit in postmoderne leierskap, transformasie-leierskap, dienende leierskap, deelnemende leierskap, morele leierskap en ubuntu-leierskap.

Alvorens sorg tussen persone kan voorkom, is dit nodig dat daar ’n verhouding tussen die betrokke persone moet bestaan. Verskeie outeurs is dit met mekaar eens dat sorg in ’n spesifieke verhouding tussen persone tot sy reg kom (Smith 2004; Noddings 2005:15-17; Kroth & Keeler 2009:521). Albei partye dra by tot die verhouding (skoolhoof en opvoeder).

Sorg moet egter nie net gegee word nie; dit is belangrik dat dit ook ontvang, ervaar of ondervind moet word. Noddings (2005:15-17) sowel as Frick en Frick (2010:120) lê klem daarop dat die versorgde moet reageer op die sorg van die sorg-gewer. Goeie verhoudings ontwikkel mettertyd en persone in hierdie verhoudings toon verbondenheid (“commitment”) aan en wederkerigheid tot mekaar en slaan ag op mekaar se behoeftes (Hawk & Lyons 2008:319). Om te kan versorg vereis

nie 'n intieme verhouding nie – eerder 'n vlak van sorg wat die trots en eerbaarheid van elke persoon eerbiedig (Noddings 1986:24; Hawk & Lyons 2008:320). So 'n verhouding sluit ook die konkrete verhouding tussen die skoolhoof en sy/haar personeel in, waardeur elke personeelid as individu erken en gerespekteer word.

Volgens Mentz (2013:147,167) is die skoolhoof onlosmaaklik deel van die organisasieklimaat van die skool en het hy/sy 'n direkte invloed op alle werksverhoudings binne die skool. Hierdie verhoudings kom tot hul reg en floreer in die konteks van 'n sorgsame gemeenskap of familie (Lance 2010:119). Waar sorgsame verhoudings dui op 'n tasbare verhouding tussen die skoolhoof en die opvoeder, word gemeenskappe (in die konteks van sorg) gesien as sosiale strukture wat mense in 'n eenheid saambind. 'n Versorgende gemeenskap word saamgebind deur gedeelde, gemeenskaplike waardes (Frick & Frick 2010:121). Van hierdie waardes sluit in: omgee, respek, vertroue, verantwoordelikheid en diens aan ander (Lance 2010:119). Ondersteunende verhoudings in hierdie gemeenskap is van kardinale belang. Versorgende skoolgemeenskappe help om personeel se onderrigopogings asook hul persoonlike welstand te bevorder, wat 'n hoër personeelmoreel (kan) verseker. Personeelafwesighede neem af en opvoeders toon 'n groter mate van werktevredenheid (Kroth & Keeler 2009:513).

Om die ervaring en gee van sorg in leierskap en bestuur te kan peil, is dit noodsaaklik om na die determinante of bepalers van sorg in leierskap en skoolbestuur te kyk. Sodanige determinante kan in drie hoofgroepe verdeel word, naamlik psigologiese, werkplek- en bestuursdeterminante (Van der Vyver et al. 2014b:2-3). Die psigologiese determinante van sorgleierskap fokus op die emosionele ervaring van sorg deur opvoeders en sluit aspekte in soos emosionele intelligensie, die betoon van simpatie, empatie en belangstelling in die opvoeder. Daarteenoor het die werkplekdeterminante meer te make met die fisiese werkomgewing waarin die opvoeder hom/haar bevind, wat insluit veiligheid, sekuriteit en hulpbronne. Die bestuursdeterminante van sorg het te make met bestuursaspekte soos kommunikasie, luister, bemagtiging, besluitneming en personeelontwikkeling (Van der Vyver, Van der Westhuizen & Meyer 2014a:63-64).

Biografiese veranderlikes in skoolleierskap en sorg

In skoolgemeenskappe bestaan verhoudings tussen verskillende rolspelers met verskillende agtergronde. Skole verskil met betrekking tot leerder- en opvoedergetalle en skoolgrootte. Die sosio-ekonomiese kontekste van skole verskil ook van mekaar. Die opvoeders in 'n skool is van verskillende geslagte, ouderdomme en akademiese agtergrond. Hierdie demografiese eienskappe geld ook vir skoolhoofde. Biografiese faktore speel dus ook 'n rol in die totstandbrenging van 'n sorggewende gemeenskap in die skool, sowel as op die gee en ervaring van sorgleierskap in die skool. Emosioneel intelligente skoolleiers beskik oor die vermoë om empatie te betoon, optimisties te wees, moreel op te bou en so meer. Hierdie vermoëns (empatie, optimisme, opbou van moreel en so meer) gaan direk gepaard met sorg soos reeds aangedui.

Daar is aanduidings dat vroulike leiers 'n groter mate van emosionele intelligensie toon en meer in voeling is met hul eie en ander se emosies as mans (Benson, Fearon, McLaughlin & Garratt 2014:211). Vroulike skoolleiers is meer ingestel op bemagtiging ('n bestuursdeterminant van sorg), persoonlike ontwikkeling, gevoelens en emosies van personeel as hulle manlike eweknieë. Verder toon vroulike skoolleiers ook in 'n groter mate die tendens om demokratiese en deelnemende leierskapstyle aan te neem, in teenstelling tot mans wat meer geneig is tot outokratiese, hiërargiese en voorskriftelike bestuurstyle (Haber 2012:42; Arar & Oplatka 2013:99). Vroulike skoolleiers handhaaf sorggewende, samewerkende, inklusiewe en emosionele verhoudings met hul personeel (Haber 2012:28; Arar & Oplatka 2013:99). Verder speel die geslag van

die opvoeders 'n rol in hul ervaring van skoolleierskap. Vroulike opvoeders ervaar in sommige gevalle manlike skoolleiers as meer oorheersend en beherend. Manlike skoolleiers is ook meer geneig om geslagsgelykheid te ignoreer. Beide manlike en vroulike opvoeders ervaar vroulike skoolhoofde as meer sensitief en ingestel op opvoeders se emosies, alhoewel sommige mans hierdie sensitiwiteit ervaar as lae selfvertroue en onvermoë om eksterne druk te hanteer (Arar & Oplatka 2013:106).

Ouderdom, ervaring en die vlak van kwalifikasies kan ook 'n effek hê op die gee en beleving van sorg in skoolleierskap. Kant en Samir (2013:217) meld dat navorsing 'n betekenisvolle verband tussen emosionele intelligensie en die vlak van kwalifikasies en ondervinding toon, dat emosionele intelligensie toeneem met 'n groter mate van ervaring. Die navorsing van Benson et al. (2014:210,213) toon dat daar 'n verband bestaan tussen die ouderdom van skoolleiers en emosionele intelligensie en dat ouer leiers hoër vlakke van emosionele intelligensie toon. Kant en Samir (2013:217) meld dat daar 'n betekenisvolle verband bestaan tussen emosionele intelligensie en die vlak van kwalifikasies en ondervinding en dat emosionele intelligensie toeneem met langer en meer ervaring.

Alhoewel daar nie veel literatuur is oor die invloed van kultuur en ras op sorgleierskap nie, oefen kultuur- en rasgroeperings 'n invloed uit op leierskap en die beleving van leierskap (Haber 2012:28). Haber merk op dat “persone van kleur” 'n meer verhoudingsgebaseerde siening van leierskap het as hul blanke eweknieë. Dienende leierskap is 'n konsep wat ook verband hou met sorg in leierskap (Van der Vyver et al. 2014b:63). Dienende leierskap word as 'n Westerse konsep beskou en is nie regtig bekend in Afrika nie. In Ghana ondervind mense byvoorbeeld veel minder dienende leierskapgedrag van leiers as in Amerika (Brubakar 2013:100). In die Afrikakultuur is daar groter afstand tussen leiers en volgelinge, wat impliseer dat in Afrika-leierskap daar nie sprake is van nederigheid en ontwikkeling van mense nie (Brubakar 2013:100). In die Afrikakultuur kom die Ubuntu-beginsel ook in leierskap voor. Ubuntu is gebaseer op die waardes van solidariteit, respek, meelewing en waardigheid, wat dui op versorgende leierskap wat op die groep gerig is en nie noodwendig op die individu nie (Brubakar 2013:101). Whitman, Kraus en Van Rooy (2014:200-201) toon aan dat swart persone hoër vlakke van emosionele intelligensie toon as wit persone. In Suid-Afrika kom baie van die voorheen benadeelde groepe uit laer sosio-ekonomiese omgewings. Kant en Samir (2013:220) wys daarop dat mense wat uit laer sosio-ekonomiese groeperinge kom daarmee gepaardgaande laer vlakke van emosionele intelligensie toon omdat hulle minder hulpbronne het om emosionele intelligensie te kan ontwikkel.

EMPIRIESE ONDERSOEK

Navorsingsdoel

Die doel van die empiriese deel van die navorsing was om met behulp van 'n gestandaardiseerde instrument te bepaal watter rol biografiese veranderlikes speel in die gee van sorg sowel as die ontvang daarvan in skole. Daar is van die standpunt uitgegaan dat die mate waartoe sorg deur skoolleiers gegee en deur opvoeders ervaar word, gemeet en dus gekwantifiseer kan word.

Navorsingsontwerp en -metode

Die navorsing is ingebed in die post-positivistiese paradigma, aangesien daar van die standpunt uitgegaan is dat sorg in leierskap gemeet kan word maar dat ook ander oorwegings benewens kwantifisering 'n rol kan speel in die aard van die bevindinge. 'n Kwantitatiewe navorsingsontwerp in die vorm van opnamenavorsing is gevolg (Onwuegbuzie, Johnson & Collins 2009; Wiersma

& Jurs 2009). Kwantitatiewe benadering was nodig om te kon bepaal wat die mate van sorg ervaar deur opvoeders en gegee deur skoolhoofde was, ten einde ook die rol te kon vasstel wat biografiese faktore speel in die gee en ervaar van sorg. Daar moes dus meting plaasvind wat moontlik gemaak is deur 'n kwantitatiewe opname. Die oogmerk van die navorsing was nie om te verstaan hoe opvoeders sorg ervaar nie, maar tot watter mate hulle sorg ervaar en die skoolhoofde sorg gee. Die opname is gebruik om die vlakke van sorg soos ervaar deur opvoeders en gegee deur skoolhoofde te meet. Daar word in die post-positivistiese benadering aanvaar dat die navorsing nie in 'n vakuum kan plaasvind nie en die verhouding tussen veranderlikes beïnvloed kan word deur kontekstuele en situasionele faktore buite die navorser se beheer (Onwuegbuzie et al. 2009). Die objektiewe realiteit kan nie in totaliteit nie, maar slegs gedeeltelik op 'n nie-volmaakte wyse geken word. Opnamenavorsing behels die insameling van data (in hierdie geval ervarings van gee en ontvang van sorg) van een of meer groepe respondente (in hierdie geval opvoeders en skoolhoofde) deur vrae aan hulle te stel en die resultate te tabuleer.

Populasie en steekproef

Die populasie het alle skoolhoofde en opvoeders van primêre skole in die Noordwes-Provinsie ingesluit. Die provinsie het ten tye van die navorsing bestaan uit vier onderwysstreek met 'n totaal van 1 377 primêre skole. Sistematies gestratifiseerde trossiekproefneming is gedoen, waardeur 83 skole as deelnemers geïdentifiseer is. Die feit dat die steekproef sistematies uit die 4 streke gekies is, gerangskik per streek en "Area Project Office", bring mee dat die steekproef verteenwoordigend van al die streke was. Al die skoolhoofde (n=83) sowel as opvoeders op posvlakke 1, 2 en 3 van hierdie skole is as deelnemers by die navorsing betrek. Vraelyste is terug ontvang van 72 skole, wat 'n deelnemerskoers van 87% beteken het. Daar het 1 041 opvoeders en 65 skoolhoofde aan die opname deelgeneem, wat die totale aantal vraelyste op 1 106 te staan bring.

Data-insameling

Gebruik is gemaak van die CSLQ (Caring school leadership Questionnaire) om die data in te samel (Van der Vyver et al. 2014b). Hierdie instrument is 'n gestandaardiseerde vraelys met 59 items in die vorm van 'n 4-punt-Likertskaal wat spesifiek ontwikkel is om die mate van sorg deur opvoeders ervaar en die mate van sorg deur skoolhoofde gegee, te meet. Die instrument bestaan uit twee afdelings waarvan afdeling A biografiese inligting insamel en afdeling B al drie die hoofgroepe determinante van sorgleierskap onder die loep neem, naamlik psigologiese, werkplek- en bestuursdeterminante. Skoolhoofde en opvoeders het afsonderlike vraelyste ingevul, waarin die skoolhoof hom-/haarself moes meet met betrekking tot die sorg wat hy/sy gee en die opvoeders die mate van sorg wat hulle van die skoolhoof se kant ervaar het, moes aandui. Vraelyste is per hand by skole afgelewer en ingevulde vraelyste weer per hand afgehaal, wat 'n hoë deelnemerskoers verseker het.

Betroubaarheid, geldigheid en etiese kwessies

Aangesien 'n gepubliseerde gestandaardiseerde instrument gebruik is, is aanvaar dat die instrument se betroubaarheid en geldigheid bo verdenking was (Van der Vyver et al. 2014b:4-6). Wat die etiese aspekte betref, is toestemming vir die navorsing deur die Departement van Basiese Onderwys in die Noordwes-Provinsie verleen. Die navorsing is ook goedgekeur deur die etiekomitee van die instansie onder wie se toesig die navorsing uitgevoer is. Die vraelys is

voorsien van 'n inligtingsblad waarin die doel en ander inligting rakende die navorsing aan respondente gekommunikeer is. Die respondente is deur middel van die inligtingsblad verseker dat hulle deelname vrywillig was en dat hulle hulle te enigertyd aan die navorsing kon onttrek. Alle vraelyste is anoniem ingevul. Respondente is verseker daarvan dat hulle anoniem sou bly en dat die data wat ingesamel is, vertroulik hanteer en slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sou word. Die name van skole wat deelgeneem het, is ook vertroulik hanteer. Alle respondente het ingestem om aan die navorsing deel te neem.

Data-analise

Die ingesamelde data is ontleed deur van verskillende statistiese tegnieke gebruik te maak, soos beskrywende en afgeleide (“inferential”) statistiek in die vorm van *t*-toetse en ANNOVA's.

T-toetse is gebruik om te toets of twee groepe se rekeningkundige gemiddeldes statisties betekenisvol verskil. Wanneer die *p*-waarde van die *t*-toets minder as 0.05 is, is die verskil statisties betekenisvol (Ellis & Steyn 2003:51). Sekere biografiese veranderlikes het die populasie in twee groepe verdeel, byvoorbeeld die geslag-veranderlike deel die populasie in manlike en vroulike respondente. *T*-toetse is gebruik om te toets of opvoederrespondente se ervaring van sorg vir sodanige subgroepe statisties betekenisvol van mekaar verskil het. Statistiese en praktiese betekenisvolheid is bereken in die geval van die opvoeders sowel as die hoofde se response. Ten einde vas te stel of die verskille in die rekeningkundige gemiddeldes tussen die verskillende biografiese veranderlikes en die respondente se ervaring/gee van sorg prakties betekenisvol was, is effekgroottes bereken (Fraenkel & Wallen 2008:244). Ooreenkomstig Cohen (1988) se siening is die volgende riglyne gebruik in die interpretasie van die effekgrootte: $d = 0,2$ - klein effek*, $d = 0,5$ - medium effek**, $d = 0,8$ - groot effek***.

ANOVA's is aangewend om die data te ontleed waar meer as twee groepe vergelyk moes word ten opsigte van 'n enkele kwantitatiewe maatstaf (Ary, Jacobs & Sorensen 2010:178). Sekere biografiese veranderlikes het die populasie in meer as twee groepe verdeel, soos ouderdom. ANOVA is gebruik om te toets of opvoederrespondente se ervaring van sorg vir sodanige subgroepe statisties betekenisvol verskil. Indien daar gevind is dat die subgroepe wel statisties betekenisvol van mekaar verskil, is post hoc *t*-toetse gebruik om vas te stel watter van die subgroepe statisties en/of prakties betekenisvol van mekaar verskil het.

RESULTATE

Die verband tussen biografiese veranderlikes van die skoolhoofde en hul self-evaluering van die versorging van opvoeders

Die volgende biografiese veranderlikes het geen beduidende verwantskap met die skoolhoof se evaluering van sy/haar sorgsaamheid teenoor opvoeders getoon nie (*d*-waardes kleiner as 0.2): die aantal opvoeders op die personeel (grootte van die skool) asook die posvlak van die skoolhoof.

Biografiese veranderlikes wat 'n geringe (*d*-waardes tussen 0.2 en 0.5) verband getoon het met die skoolhoof se evaluering van sorgsaamheid teenoor opvoeders sluit in: vroulike skoolhoofde het die uitvoer van hulle sorgfunksie ten opsigte van die personeel hoër geëvalueer as hulle manlike eweknieë. Skoolhoofde se ervaring as skoolhoof het ook 'n geringe verband met hul evaluering van hul mate van versorging teenoor opvoeders getoon. Skoolhoofde met meer ervaring het hulleself as meer sorgsaam teenoor opvoeders geëvalueer as skoolhoofde met minder ondervinding.

Die ouderdom van skoolhoofde het ook 'n geringe verband met hul evaluering van sorgsaamheid teenoor opvoeders getoon. Ouer skoolhoofde (bo 50 jaar) het hulle sorgsaamheid

meer positief/hoër geëvalueer as jonger skoolhoofde (onder 50 jaar).

Daar was een biografiese veranderlike wat 'n matige (d-waardes van tussen 0.5 en 0.6) verband getoon het met die skoolhoof se evaluering van sorgsaamheid teenoor opvoeders, naamlik die kwalifikasie van die skoolhoof. Skoolhoofde wat oor nagraadse kwalifikasies beskik het, het hulleself as meer sorgsaam teenoor opvoeders geëvalueer as skoolhoofde wat slegs oor 'n diploma beskik het.

Die volgende biografiese veranderlikes het 'n hoër verband getoon (d-waardes bo 0.8) met die skoolhoof se evaluering van sorgsaamheid teenoor opvoeders soos aangedui in die volgende tabelle:

TABEL 1: Die verband tussen die skoolhoofde van verskillende groepe en hul evaluering van hul eie sorg teenoor opvoeders

Determinant	Voorheen benadeel		Voorheen bevoordeel		T-toets	
	Gem	S	Gem	S	p-waarde	Effekgrootte (d)
Psigologies	3.45	.251	3.78	.205	<0.0001	1.320***
Werkplek	3.61	.308	3.71	.396	.429	.260*
Bestuur	3.64	.289	3.77	.232	.117	.461*
Sorgleierskap (Gesamentlik)	3.56	.250	3.75	.251	.039	.753**

Tabel 1 toon dat daar groot praktiese betekenisvolle verskille bestaan tussen skoolhoofde uit voorheen benadeelde teenoor voorheen bevoordeelde groepe. Die skoolhoofde uit voorheen bevoordeelde groepe beskou hulleself as meer sorgsame leiers as skoolhoofde vanuit voorheen benadeelde groepe, veral ten opsigte van die psigologiese determinante van sorg.

TABEL 2: Verband tussen skoolhoofde se evaluering van hulle sorgsaamheid teenoor opvoeders van verskillende groepe

Determinant	Voorheen benadeelde opvoeders		Voorheen bevoordeelde opvoeders		T-toets	
	Gem	S	Gem	S	p-waarde	Effekgrootte (d)
Psigologies	3.46	.256	3.78	.215	.001	1.24***
Werkplek	3.60	.304	3.70	.416	.492	.236*
Bestuur	3.63	.287	3.76	.242	.168	.437*
Sorgleierskap (Gesamentlik)	3.56	.251	3.74	.263	.068	.685**

Uit Tabel 2 blyk dit dat daar ten opsigte van die psigologiese determinante van sorg 'n groot prakties betekenisvolle verskil voorkom in soverre dit die skoolhoofde se evaluering van hulle sorgsaamheid teenoor opvoeders van verskillende groepe ($d = 1.24$) betref het. Hierdie resultaat dui daarop dat die skoolhoofde hulle psigologiese sorgsaamheid teenoor opvoeders uit voorheen bevoordeelde groepe hoër geëvalueer het as wat die geval was by opvoeders uit voorheen benadeelde groepe.

Die verwantskap tussen die biografiese veranderlikes van opvoeders en die ervaring van sorg van skoolleiers

Die statistiese analises het geen betekenisvolle verbande tussen die geslag van opvoeders, die posvlak, kwalifikasies en die aantal opvoeders in die skool (grootte van die personeel) en opvoeders se ervaring van sorg aangedui nie.

Die opvoeders se jare ervaring het 'n geringe (d -waardes onder 0.5) verband getoon met die opvoeders se ervaring van sorg, waar minder ervare opvoeders (minder as 5 jaar ondervinding) 'n groter mate van sorg ervaar het as ervare opvoeders.

Biografiese veranderlikes wat 'n matige verband (d -waardes tussen 0.5 en 0.8) met die opvoeder se ervaring van sorg getoon het, sluit in: die post hoc-toetse het prakties betekenisvolle verskille aangedui tussen die ouderdomsgroepe jonger as 30 jaar en ouer as 30 jaar (al die groepe ouer as 30 jaar) ten opsigte van die drie determinante van sorg en die sorgleierskap in die geheel (d -waardes het gewissel tussen 0.47 en 0.61). Wanneer die ouderdomsgroepe 31 jaar en ouer met mekaar vergelyk word, is die d -waardes te klein ($d < 0.2$) om prakties betekenisvol te wees. Jong opvoeders (onder 30 jaar) ervaar 'n groter mate van sorg as ouer opvoeders (ouer as 30 jaar). Voorts het minder ervare opvoeders (minder as 5 jaar ondervinding) 'n groter mate van sorg as meer ervare opvoeders (meer as 5 jaar ondervinding) ervaar.

Die volgende biografiese veranderlikes het 'n matige tot hoë verband getoon met die opvoeders se ervaring van sorg.

TABEL 3: Verband tussen groepe opvoeders en die ervaring van sorg

Determinant	Voorheen benadeelde opvoeders		Voorheen bevoordeelde opvoeders		T-toets	
	Gem	S	Gem	S	p-waarde	Effekgrootte (d)
Psigologies	2.97	.682	3.43	.577	<0.0001	0.674**
Werkplek	3.11	.672	3.67	.454	<0.0001	0.830***
Bestuur	3.03	.692	3.50	.519	<0.0001	0.668**
Sorgleierskap (Gesamentlik)	3.04	.641	3.53	.477	<0.0001	0.767**

Soos blyk uit Tabel 3 is al die effekgroottes groter as 0.65 wat dui op matige tot hoë prakties betekenisvolle verskille. Ten opsigte van al drie die determinante van sorg en sorgleierskap in die geheel het voorheen bevoordeelde opvoeders meer sorg as hul voorheen benadeelde kollegas ervaar.

TABEL 4: Verband tussen opvoeders se ervaring van sorg en die groep van die skoolhoof

Determinant	Voorheen benadeel		Voorheen bevoordeel		T-toets	
	Gem	S	Gem	S	p-waarde	Effekgrootte (d)
Psigologies	2.96	.693	3.38	0.596	<0.0001	0.593**
Werkplek	3.12	.675	3.57	0.548	<0.0001	0.679**
Bestuur	3.04	.695	3.43	0.573	<0.0001	0.561**
Sorgleierskap (Gesamentlik)	3.04	.648	3.46	0.532	<0.0001	0.649**

Tabel 4 toon dat die effekgroottes ook in hierdie geval almal hoër as 0.5 is, wat praktiese matige tot hoë betekenisvolheid aandui. Volgens hierdie resultate ervaar opvoeders met skoolhoofde uit voorheen bevoordeelde groepe meer sorg ten opsigte van al drie die hoofgroepe determinante sowel as in die sorgleierskap as geheel as wat die geval is by opvoeders met skoolhoofde uit voorheen benadeelde groepe.

BESPREKING VAN RESULTATE

Die verband tussen biografiese veranderlikes van die skoolhoofde en hul self-evaluering van die versorging van opvoeders

Die grootte van die skole sowel as die posvlak van die skoolhoof as biografiese veranderlikes het geen beduidende verwantskap getoon met die skoolhoofde se evaluering van hul sorgsaamheid teenoor opvoeders nie en noodsaak geen bespreking nie. Vroulike skoolhoofde se evaluering van hul sorgsaamheid ten opsigte van die bestuursdeterminante was effens hoër as dié van hulle manlike eweknieë alhoewel dit 'n klein betekenisvolle verskil was. Vroulike skoolhoofde het hulleself dus in 'n mate as beter versorgers beskou wanneer dit by bestuursdeterminante van sorg kom. In die definisie van sorg word aangedui dat dit versorging ("nurturing") insluit (Fine 2007:32; Kroth & Keeler 2009:508,520). Vroue word tradisioneel beskou as die versorgers (van hul gesin) (Glenn 2000:84; Fine 2007:10). Hierdie tendens strook verder met die literatuur wat aandui dat vroue in leiersposisies meer gestel is op bemagtiging en deelname leierskap asook dat vroue hoër vlakke van emosionele intelligensie toon (Benson et al. 2014:211; Haber 2012:42; Arar & Oplatka 2013:99).

Die verskille tussen meer en minder ervare hoofde ten opsigte van die verskillende determinante van sorg het slegs klein tot feitlik geen praktiese betekenisvolheid nie aangedui. Ten opsigte van die sorgleierskap as geheel is daar ook geringe praktiese betekenisvolheid aangetoon ($d = 0.302$). Dit wil dus voorkom of skoolhoofde met meer ondervinding hulleself meer sorgsaam beskou het as skoolhoofde met minder ondervinding. Hierdie verskynsel is ook waargeneem ten opsigte van die ouderdom van die skoolhoofde waar die resultate van die *t*-toetse gewissel het tussen 0.155 en 0.434, waar skoolhoofde ouer as 50 jaar hulleself meer sorgsaam beskou as skoolhoofde jonger as 50 jaar. Alhoewel die betekenisvolheid klein is, word hierdie verband ondersteun deur die literatuur wat aantoon dat ouer persone met meer lewenservaring hoër vlakke

van emosionele intelligensie toon as jonger leiers (Benson et al. 2014:210,213). Dit kan verder moontlik toegeskryf word aan die feit dat skoolhoofde met minder as 3 jaar ervaring nog besig is om hul voete te vind in die bestuur/leierskap van 'n skool, en op soveel aspekte van skoolbestuur moet fokus dat hulle hulleself as minder sorgsaam beskou het. Soos gemeld in die teoretiese raamwerk is skoolhoofde bepalend vir die organisasieklimaat in skole (Mentz 2013:147,167). 'n Moontlikheid bestaan dat jong skoolhoofde wat slegs vir 'n kort tydperk die posisie van skoolleier beklee, waarskynlik nog nie genoegsame tyd gehad het om 'n versorgende klimaat te skep nie. Vanuit die teoretiese raamwerk is aangetoon dat sorg slegs tussen persone kan voorkom as daar 'n verhouding tussen die betrokke persone bestaan (Smith 2004; Noddings 2005:15-17; Kroth & Keeler 2009:521). Sodanige verhoudings neem tyd om tot stand te kom en jonger skoolhoofde benodig waarskynlik meer tyd om hierdie verhoudinge te vestig.

Skoolhoofde met 'n nagraadse kwalifikasie het hulleself in 'n mate meer sorgsaam geëvalueer ten opsigte van bestuursdeterminante as skoolhoofde wat slegs oor 'n diploma en graad beskik het ($d = 0.58$). 'n Moontlike rede vir hierdie tendens kan wees dat skoolhoofde met nagraadse kwalifikasies waarskynlik beter in verskillende bestuurs- en leierskapsvaardighede en -metodes opgelei is en daarom die bestuursdeterminante van sorg beter kon hanteer. Soos gemeld in die teoretiese raamwerk leen alle leierskapstyle hulle nie toe tot sorg nie (Van der Vyver et al. 2014b:63), skoolhoofde met nagraadse kwalifikasies kan moontlik oor meer kennis beskik rakende verskillende leierskapstyle wat sorg akkommodeer. Die literatuur toon ook dat emosionele intelligensie hoër is by leiers met hoër kwalifikasies en meer ervaring (Kant & Samir 2013:217).

Volgens Tabel 1 is groot praktiese betekenisvolle verskille aangetoon ten opsigte van skoolhoofde uit voorheen benadeelde groepe en voorheen bevoordeelde groepe se eie evaluering van hul sorgleierskap in psigologiese determinante. Die rede vir hierdie verskil kan moontlik in kultuurverskille geleë wees, waar Afrika-kulture die "ubuntu"-beginsel aanhang en die groep belangriker geag word as die individu (Mentz & Xaba 2007:62; Brubakar 2013:101). Daarom kan dit vir voorheen benadeelde skoolhoofde belangriker wees om eerder die groep se psigologiese behoeftes op die hart te dra as individuele psigologiese behoeftes. Soos gemeld in die teoretiese raamwerk handhaaf leiers in die Afrikakultuur groter afstand ten opsigte van hulle volgelinge (Brubakar 2013:100) wat 'n moontlike rede kan wees waarom skoolhoofde uit voorheen benadeelde groepe hulleself as minder sorgsaam evalueer. 'n Ander rede wat in literatuur gemeld word, is laer vlakke van emosionele intelligensie van persone wat uit laer sosio-ekonomiese omgewings kom (Kant en Samir 2013:220). Ten opsigte van die bestuursdeterminante van sorg is 'n matige praktiese betekenisvolle verskil ($d = 0.461$) tussen voorheen benadeelde en voorheen bevoordeelde skoolhoofde aangetoon. Hier kan 'n moontlike rede ook in kultuurverskille geleë wees. Meer as 50% van die skoolhoofde was ouer as 50 jaar. Hieruit kan afgelei word dat die meeste van hierdie voorheen benadeelde skoolhoofde deel van die "struggle" teen apartheid uitgemaak het en destyds moontlik nie dieselfde tipe opleiding as voorheen bevoordeelde hoofde gehad het nie, wat ook 'n uitwerking op hul hantering van die bestuursdeterminante van sorgleierskap kon hê. Soos reeds gemeld handhaaf Afrika leiers groter afstand met volgelinge en is dit ook 'n rede wat aangevoer kan word hoekom voorheen benadeelde hoofde hulleself as minder sorgsaam beskou ten opsigte van bestuursdeterminante.

Die resultaat in Tabel 2 dui daarop dat die skoolhoofde hulle psigologiese sorgsaamheid teenoor voorheen bevoordeelde opvoeders hoër geëvalueer het as wat die geval was by voorheen benadeelde opvoeders. In die literatuur is daar nie werklik redes vir hierdie tendens nie. 'n Moontlike rede kan wees dat daar steeds nie 'n verteenwoordigende rasse-demografie in alle skole van die Noordwes-Provinsie is wat opvoeders betref nie. Dit blyk dat voorheen benadeelde skoolhoofde steeds die hoofde van skole is waar die opvoeders oorwegend ook voorheen benadeel was en

voorheen bevoordeelde skoolhoofde hoofde van skole is waar die opvoeders oorwegend voorheen bevoordeel is. Daarom sluit hierdie bevinding aan by dié van die vorige paragraaf. Die rede vir hierdie verskil kan ook ingebed wees in kulturele verskille. Soos aangedui, heg die ubuntu-beginsel meer waarde aan die groepsorg en nie noodwendig aan aspekte wat ressorteer onder individuele psigologiese determinante nie. Die feit dat mense uit laer sosio-ekonomiese groepe laer vlakke van emosionele intelligensie toon kan ook 'n verdere rede wees vir die verskil. Dieselfde tendens is waargeneem waar die groep waartoe die skoolhoof behoort as biografiese veranderlike gebruik is. Dieselfde moontlike redes kan hier ook 'n rol speel.

Die verwantskap tussen die biografiese veranderlikes van opvoeders en die ervaring van sorg van skoolleiers

Uit die resultate blyk dit dat opvoeders jonger as 30 jaar meer sorg ervaar het as die opvoeders ouer as 30 jaar. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat opvoeders jonger as 30 nog betreklik onervare in die professie is en daarom meer sorg van die skoolhoof ervaar. Dit kan wees dat die skoolhoof die ouer opvoeders as meer professioneel selfstandig beskou en dat daar derhalwe minder sorg aan hulle gebied word.

By al drie die determinante van sorg, sowel as die sorgfunksie in die geheel, het die groep opvoeders met minder as 5 jaar ondervinding meer sorg as die opvoeders tussen 16 en 20 jaar ondervinding ervaar. Opvoeders met minder as 5 jaar ondervinding ervaar moontlik meer sorg van die skoolhoof en hulle foute word dalk ook meer geredelik oor die hoof gesien. Skoolhoofde beskou opvoeders met meer ondervinding (16 – 20 jaar) waarskynlik as meer ervare en bied dus minder sorg aan hulle. Moontlik word daar ook meer verantwoordelikhede aan die meer ervare opvoeders opgedra; daarom hou skoolhoofde hulle ook meer aanspreeklik vir verkeerde besluite en foute wat hulle begaan en ervaar hulle dus ook minder sorg van die skoolhoof. Hierdie verklaring kan egter nie uit literatuur gestaaf word nie.

Na aanleiding van Tabel 3 het voorheen bevoordeelde opvoeders meer sorg as hul kollegas van voorheen benadeelde groepe ervaar ten opsigte van al drie die determinante van sorg en sorgleierskap in die geheel. By die werkplek-determinante is daar 'n groot praktiese betekenisvolle verskil in die ervaring van sorg. 'n Moontlike rede waarom voorheen benadeelde opvoeders minder sorg rakende werkplek-determinante van sorg ervaar, kan wees dat die meeste voorheen benadeelde opvoeders steeds by skole werksaam is in voorheen benadeelde gebiede. By sommige van hierdie voorheen benadeelde skole is fisiese fasiliteite, hulpbronne en omstandighede steeds swakker as by voormalige model C-skole waar die meeste voorheen bevoordeelde onderwysers steeds werksaam is. Baie van die skole waar voorheen benadeelde opvoeders werksaam is, is geleë in arm gemeenskappe, "townships", waar skole in kwintiel een of twee val en daar geen skoolgelde van leerders gehef word nie. Daar is dus nie altyd die nodige fondse by hierdie skole beskikbaar vir instandhouding en die aankoop van hulpbronne nie. Wat die psigologiese en bestuursdeterminante betref, is die praktiese betekenisvolheid matig en is dit onseker waarom swart opvoeders 'n geringer mate van sorg ervaar as wit opvoeders. Hier kan spesifieke kulturele verskille moontlik 'n rol speel.

Tabel 4 toon aan dat opvoeders met voorheen bevoordeelde skoolhoofde meer sorg ervaar ten opsigte van al drie die hoofgroepe determinante sowel as in die sorgleierskap as geheel as wat die geval is by opvoeders met skoolhoofde uit voorheen benadeelde groepe. Soos aangetoon in die voorafgaande paragraaf, kan opvoeders moontlik minder sorg van voorheen benadeelde skoolhoofde af ervaar wat werkplek-determinante betref omdat die meeste voorheen benadeelde skoolhoofde ook in voorheen benadeelde skole werksaam is, waar fisiese fasiliteite, hulpbronne en omstandighede swakker is as by voormalige model C-skole waar die meeste voorheen

bevoordeelde skoolhoofde werksaam is. Moontlik kan die mindere ervaring van sorg van opvoeders met voorheen benadeelde skoolhoofde ook aan kulturele verskille toegeskryf word. Beter opleiding in die apartheidsjare asook beter sosio-ekonomiese omstandighede van voorheen bevoordeelde skoolhoofde kon verder bygedra het tot die hoër emosionele intelligensievlakke wat gelei het tot 'n groter mate van sorg en omgee.

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Die ondersoek het getoon dat biografiese veranderlikes wel 'n rol speel in die gee sowel as die ervaring van sorg in skoolleierskap. Sekere biografiese veranderlikes soos geslag, ouderdom en kwalifikasies speel in 'n mindere mate 'n rol, terwyl ander veranderlikes soos kultuur/ras-groepe waartoe opvoeders en skoolhoofde behoort, 'n groter speel. Dit is moeilik om te verklaar waarom kultuur- en rassegroepering die ervaring en gee van sorg in skoolleierskap beïnvloed, aangesien min tot geen navorsing in die literatuur daarvoor bestaan nie. Wat egter meer verstaanbaar is, is die invloed van gebrekkige hulpbronne en infrastruktuur by skole op die ervaring van sorg rakende werkplekdeterminante deur opvoeders. Die Departement van Basiese Onderwys behoort kennis te neem van die gebrek aan die ervaar van sorg wat opvoeders uit voorheen benadeelde groepe ervaar ten opsigte van werkplek-determinante. Hieroor het die meerderheid skoolhoofde (83,9%) van kwintiel 1-3 skole geen beheer nie en moet die Departement van Basiese Onderwys ook sy sorgrol ten opsigte van die skole nakom wat hulpbronne betref. Skoolhoofde uit verskillende kulturele groepe, sosio-ekonomiese agtergronde, kwalifikasie-agtergronde en ondervinding behoort blootgestel te word aan die ontwikkeling van emosionele intelligensie om psigologiese determinante beter tot hulle reg te laat kom. Hierdie ontwikkeling behoort aandag te ontvang tydens professionele opleidingsgeleenthede sowel as in professionele ontwikkelingsplanne van skoolleiers. Skoolleiers kan hulleself ook evalueer of laat evalueer deur middel van 'n instrument soos die CSLQ wat sorg/omgee meet of enige psigometriese instrument wat emosionele intelligensie meet, om sodoende vas te stel of hulle ontwikkeling in hierdie areas benodig. Skoolleiers wat sorg en omgee vir opvoeders op hulle personeel skep 'n sorggewende omgeeklimaat in die skool waar opvoeders en leerders kan gedy.

'n Moontlike leemte van die studie was dat daar slegs 'n kwantitatiewe benadering gevolg is. Daar sou op 'n kwalitatiewe wyse deur middel van onderhoude met opvoeders, verteenwoordigend van verskillende rasse, ouderdomme, kultuurgroepe, geslag ensovoorts, moontlik beter verstaan kon word hoekom hulle sorg in meerdere of mindere mate ervaar. Verdere navorsing word gevolglik aanbeveel om te verstaan hoekom spesifieke biografiese aspekte die gee en ervaar van sorg in leierskap beïnvloed.

BIBLIOGRAFIE

- Arar, K. & Oplatka, I. 2013. Gender debate and teachers' constructions of masculinity vs. femininity of school principals: the case of Muslim teachers in Israel. *School Leadership & Management: Formerly School Organisation*, 33(1):97-112.
- Ary, D., Jacobs, L.C. & Sorensen, C. 2010. *Introduction to research in education*. Belmont: Wadsworth Cengage Learning.
- Aspfors, J. & Bondas, T. 2013. Caring about caring: newly qualified teachers' experiences of their relationships within the school community. *Teachers and Teaching: theory and practice*, 19(3):243-259.
- Benson, R., Fearon, C., McLaughlin, H. & Garratt, S. 2014. Investigating trait emotional intelligence among school leaders: demonstrating a useful self-assessment approach. *School leadership & Management: Formerly School Organisation*, 34(2):201-222.

- Blasé, J. & Blasé, J. 2001. *Empowering teachers: what successful principals do*. 2nded. Thousand Oaks, CA: Corwin Press.
- Botha, P., Smit, M.H. & Oosthuizen, I.J. 2009. The educator as caring supervisor. In Oosthuizen, I.J., (ed). *Aspects of education law*. Pretoria: Van Schaik, pp. 185–212.
- Brubaker, T.A. 2013. Servant Leadership, Ubuntu, and Leader Effectiveness in Rwanda. *Emerging Leadership Journeys*, 6(1):95-131.
- Cohen, J. 1988. *Statistical power analysis for the behavior sciences*. 2nded. Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Davis, J. & Wilson, S.M. 2000. Principals' efforts to empower teachers: effects on teacher motivation and job satisfaction and stress. *The clearing house*, 73(6):349-353.
- Departement van Basiese Onderwys (DBO). 2013. *Annual School surveys: Report for ordinary Schools 2010 and 2011*. Departement van Basiese Onderwys: Pretoria.
- Du Plessis, M. (ed). 2005. *Pharos: Afrikaans-Engels woordeboek / English-Afrikaans dictionary*. Kaapstad: Pharos Dictionaries, NB Publishers.
- Ellerbrock, C.R. & Kiefer, S.M. 2010. Creating a ninth-grade community of care. *Journal of educational research*, 103(6):393–406.
- Ellis, S.M. & Steyn, H.S. 2003. Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management dynamics*, 12(4):51-53.
- Fine, M.D. 2007. *A caring society: care and the dilemmas of human service in the twenty-first century*. New York: Palgrave Macmillan.
- Fraenkel, J.R. & Wallen, N.E. 2008. *How to design and evaluate research in education*. New York: McGraw-Hill.
- Frick, J.E. & Frick, W.C. 2010. An ethic of connectedness: enacting moral school leadership through people and programs. *Education, citizenship and social justice*, 5(2):117–130.
- Green, M.G. & Tucker, J.L. 2011. Tumultuous times of education reform: a critical reflection on caring in policy and practice. *International Journal of Leadership in Education: Theory and Practice*, 14(1):1-19.
- Haber, P. 2012. Perceptions of Leadership: An Examination of College Students' Understandings of the Concept of Leadership. *Journal of Leadership Education*, 11(2):26-51.
- Hawk, T.F. & Lyons, P.R. 2008. Please don't give up on me: when faculty fail to care. *Journal of management education*, 32(3):316-338.
- Joubert, R. & Prinsloo, S. 2001. *Education law: a practical guide for educators*. Pretoria: Van Schaik.
- Joubert, R. & Prinsloo, S. 2009. *The law of education in South Africa*. Pretoria: Van Schaik.
- Kant, R. & Samir, K.L. 2013. "Does Emotional Intelligence Get Affected From Some Biographical Factors- In Special Reference to Trainee Teachers?" *American Journal of Educational Research*, 1(6):216-220.
- Kroth, M. & Keeler, C. 2009. Caring as a managerial strategy. *Human resource development review*, 8(4):506-531.
- Kroth, M & Keeler, C. 2012. Managerial Caring Behaviors: Development and Initial Validation of the Model. *Journal of Education for Business*, 87(4):223-229.
- Lance, A. 2010. A case study of two schools: identifying core values conducive to the building of a positive school culture. *Management in education*, 24(3):118-123.
- Lyman, L.L. 2000. *How do they know you care?: The principal's challenge*. New York: Teacher's College Press.
- Mentz, P.J. 2013. Organisational climate in schools. In Van der Westhuizen, P.C. (Ed). *Schools as organisations*. Pretoria: Van Schaik, pp. 146-169.
- Mentz, P.J. & Xaba, M.I. 2007. Perspectives on the school as an organization. In Van der Westhuizen, P.C., (Ed). *Schools as organisations*. Pretoria: Van Schaik, pp. 34-65.
- Noddings, N. 1986. *Caring: a feminine approach to ethics and moral education*. Berkeley, CA: University of California Press.
- Noddings, N. 2005. *The challenge to care in schools: an alternative approach to education*. New York: Teachers College Press.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2009. *e-HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Pinelands: Pearson Education South Africa.
- Onwuegbuzie, A.J., Johnson, R.B. & Collins, K.M.T. 2009. Toward a philosophy of mixed data analysis. *Paper presented at AERA, San Diego, CA, 13-17 April*.

- Pellicer, L.O. 2003. *Caring enough to lead: how reflective thought leads to moral leadership*. Thousand Oaks, CA: Corwin Press.
- Pharos, 2015. *PharosOnline*. <https://www.pharosonline.co.za/> [9 Julie 2015].
- Smith, M.K. 2004. *Nel Noddings, the ethics of care and education*. <http://www.infed.org/thinkers/noddings.htm> [13 Julie 2015].
- Van der Vyver, C.P., Van der Westhuizen, P.C. & Meyer, L.W. 2013. Organisational development in schools through caring leadership: theory and praxis. In van der Westhuizen, P.C. (Ed). *Schools as organisations*. Pretoria: Van Schaik, pp. 376-410.
- Van der Vyver, C.P., Van der Westhuizen, P.C. & Meyer, L.W. 2014a. The Caring School Leadership Questionnaire (CSLQ). *South African Journal of Education*, 34(3):1-7.
- Van der Vyver, C.P., Van der Westhuizen, P.C. & Meyer, L.W. 2014b. Caring school leadership: A South African study. *Educational Management Administration & Leadership*, 42(1) 61–74.
- Whitman, D., Kraus, E. & Van Rooy, D.L. 2014. Emotional intelligence among black and white job applicants: Examining differences in test performance and test reactions. *International Journal of Selection and Assessment*, 22(2):199-210.
- Wiersma, W. & Jurs, S.G. 2009. *Research methods in education: an introduction*. Boston: Pearson.

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieklik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100–250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600–1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10–20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 **Subopskrifte** is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asbelle tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalinge wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif vir voorbeelde*.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56–59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20–34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R200 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: By aanvaarding van 'n bydrae vir publikasie word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. 'n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die outeur onderteken word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

1.1 Page fees: There is a charge of R200 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

1.2 Copyright: On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.

Op soek na nuwe perspektiewe op die Mis en die Nagmaal

Looking for new perspectives on Mass and the Lord's Supper


B.J. VAN DER WALT

Skool vir Filosofie

Potchefstroomkampus

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Epos: benniejvanderwalt@gmail.com



Bennie van der Walt

BENNIE VAN DER WALT studeer aan die (destydse) Potchefstroomse Universiteit vir CHO en die Vrije Universiteit van Amsterdam en behaal die grade ThB en DPhil (Filosofie). Vanaf 1970 tot 1974 was hy senior lektor in Filosofie aan die Universiteit van Fort Hare, vanaf 1975 tot 1999 direkteur van die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme, later herdoopt tot die Instituut vir Reformatoriese Studie, en (vanaf 1980) ook professor in Filosofie. Sedert sy emeritaat (1999) is hy navorsingsgenoot – tans by die Skool vir Filosofie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Deesdae skryf hy heelwat artikels vir geakkrediteerde tydskrifte in Afrikaans en publiseer ook monografieë in Engels. Van sy geskrifte is ook vertaal in onder andere Hongaars, Nederlands, Koreaans, Spaans, Portugees, Xhosa en Tswana. Hy het twee eregrade van instellings in Korea en Hongarye asook die Stalsprys (vir Filosofie) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

BENNIE VAN DER WALT studied at the Potchefstroom University for Christian Higher Education and at the Free University of Amsterdam and obtained the degrees of ThB (Theology) and DPhil (Philosophy). From 1970 to 1974 he was senior lecturer in Philosophy at the University of Fort Hare; from 1975 to 1999 he was director of the Institute for Reformational Studies and also (from 1980) professor in Philosophy at the Potchefstroom University for Christian Higher Education. After his retirement (1999) he was appointed as research fellow of the School of Philosophy at the North-West University (Potchefstroom Campus). He has written many books and articles in refereed journals. Some of his writings were translated into the English, Dutch, Hungarian, Korean, Spanish, Portuguese, Xhosa and Tswana languages. He received two honorary degrees from institutions in Korea and Hungary and also the Stals Prize (for Philosophy) from the South African Academy for Science and Arts.

ABSTRACT

Looking for new perspectives on Mass and the Lord's Supper

This investigation provides a follow-up on a previous contribution in this journal (cf. Van der Walt, 2015) which, from a historical-philosophical point of view, dealt with four different sixteenth century views about Christ's presence at Mass and the Lord's Supper. In the present article, of a more systematic-reflective nature, an effort is made to arrive, from a Christian philosophical perspective, at some new perspectives on the celebration of this sacrament.

Since the new can only be clearly stated by contrasting it to the old, the first main section compares the Catholic and Reformed views by indicating some of their major differences as well as similarities. One of the most important differences is that in the first (Catholic) viewpoint an explanation of Mass was attempted from a philosophy of being, while the second in its view on the Lord's Supper tended to employ an anthropological model in which either the intellect (Zwingli) or the emotions of the heart (Calvin) served as a key.

The following four similarities are also identified, the first being that both groups tried to theorise and thus comprehend, albeit in different ways, the sacrament. However, in their use of biblically foreign philosophies to do so, the full meaning and power of this sacrament was narrowed and obscured.

In their views on the sacrament a second similarity is evident between the Catholic distinction between nature and supernature (grace) and a similar Reformed distinction between a worldly and heavenly kingdom.

The third similarity – reducing the meaning of the sacrament to either something bodily or spiritual – is that both groups of thinkers based their understanding on dichotomist anthropologies of body and soul/spirit.

A fourth similarity is also evident, because both viewpoints contained (different) mystical tendencies.

The second main section provides a more detailed analysis of the philosophical presuppositions of both viewpoints. Regarding the Catholic perspective, attention is given to the following: its philosophy of being, its distinction between a realm of nature and grace and its idea about substance.

In the case of the Reformed viewpoint, critical reflection is focussed mainly upon its dichotomist anthropology, emphasising certain faculties of the soul or spirit in order to faithfully understand and be spiritually strengthened by the Lord's Supper. Against this spiritualising tendency the author prefers a holistic, biblically-oriented view of concepts like "soul", "spirit", "body", and "flesh". Since all these concepts indicate the whole human being from different perspectives, the entire wo/man partakes in the Lord's Supper.

With this critical review of both Catholic and Reformed views in mind, the third main section outlines an attempt to arrive at a more biblically-sound perspective on the Lord's Supper. This is done by paying careful attention to what Christ Himself did and said when He fulfilled the promise of the Passover and introduced the first Holy Communion as recorded in Matthew 26:26-29, Mark 14:22-25, Luke 22:14-20, also referred to by Paul in 1 Corinthians 11:23-26.

The fact that Christ did not only officiate at that ceremony but that He also explained its meaning, draws one's attention to the importance that Word and sacrament, in spite of their own distinct nature and purpose, should never be separated or the one regarded as more important than the other. A mother not only tells her child that she loves her/him, but confirms her words with a kiss. Likewise God's words of love in the Bible are confirmed by His kiss of love in the sacrament. We hear God's Word, but also see and taste the bread and wine.

Christ's command "eat... and drink" should be regarded as a friendly invitation to participate in something very special. "This is My body... this is My blood" should not be interpreted literally but as symbolic language. Nor should these words be understood in a dichotomist way (referring to a separate bodily component of Christ's humanity) but indicating the sacrificial death of Christ as a full human being. The sacrament also did not strengthen his disciples merely spiritually, but promised the restoration of their full humanity, their total human existence.

In Christ's request "do it in remembrance of Me", remembrance should not be understood as a mere rethinking or emotional experience of what He did in our place. Remembrance, for

instance, not only tries to explain something, but also to consider its meaning; it is also not confined to the past, but encompasses past, present and future.

Finally, attention is asked for Christ's words that the cup symbolises the new covenant. The biblical concept of a covenant is that God in his steadfast love takes the initiative to establish such a relationship, while man as a religious being has to respond in obedience to all God's ordinances, summarised in his law of love. This religious relationship is furthermore fundamental and encompassing, not to be confused with or confined to spiritual personal devotions or worship in church. After man's disobedience to this covenantal relationship, Christ established it anew. This glorious fact is commemorated at His Supper.

Understood in the past in a more or less ontic or anthropological (e.g. intellectual or emotional) and therefore mystical way, the Lord's Supper may be viewed more appropriately as a very rich covenantal, religious feast of remembrance, encompassing every aspect of being human, celebrating God's incomprehensible love (Ephesians 3:18-19).

KEY CONCEPTS: accidents; anthropological dichotomy; Aquinas, Thomas; body or flesh; Calvin, J.; Mass and Lord's Supper;(new) covenant; ontology and anthropology; Passover; philosophy of being and philosophy of mind; religion;(semi)mysticism; soul or spirit; substance;"unio mystica"; Zwingli, U

TREFWOORDE: aksidens; antropologiese digotomie; Calvyn, J.; liggaam of vlees; mis en nagmaal; (nuwe) verbond; ontologie en antropologie; Paasfees; religie; (semi-)mistiek; siel of gees; substansie; synsfilosofie en bewussynsfilosofie; "unio mystica"; Aquino, Thomas van; Zwingli, U

OPSOMMING

In opvolging van 'n *historiese* bydrae in hierdie tydskrif (Van der Walt 2015) van verskillende beskouinge oor die nagmaal gedurende die sestiende eeu, waarin op Bybels onverantwoordbare filosofiese invloede gewys is, wil hierdie artikel op 'n meer *sistematiese* wyse vanuit 'n Christelik-filosofiese benadering in die lig van die Skrif na nuwe perspektiewe op hierdie sakrament soek. Eers word sekere van die vroeëre beskouinge – wat vandag in baie opsigte na 500 jaar nog voortduur – verder filosofies geanaliseer, om daarteenoor die nodige korreksies vanuit 'n nuwe visie te kan stel. In 'n vergelyking tussen die Roomse verstaan van die mis en die Gereformeerde kyk op die nagmaal word die aandag op ooreenkomste sowel as verskille gevestig. Dit blyk dat die Katolieke visie vanuit 'n *synsfilosofie* uitgaan, terwyl Gereformeerdes 'n antropologiese *bewussynsfilosofie* as vertrekpunt hanteer en dat beide vanuit 'n Bybels-georiënteerde, Reformatoriese filosofie bevraagteken kan word. Hierdie ondersoek loop dus uit op 'n herbesinning in die lig van wat Christus self by die instelling van hierdie sakrament gedoen en gesê het. Die nagmaal is, van menslike kant beskou, nie 'n ontiese of antropologies-verspiritualiseerde gebeure nie, maar van diep en omvattende religieuse aard. Soos wat 'n moeder nie net vir haar kind sê dat sy hom/haar liefhet nie, maar dit ook met 'n soen bevestig, getuig God van sy kant nie net in sy Woord van sy grenselose liefde nie, maar bevestig Hy dit ook met sy liefdeskus by die nagmaal.

1. INLEIDING

Vooraf enkele opmerkings oor (1) die aktualiteit van die onderwerp, (2) die fokus van hierdie ondersoek, (3) die verband tussen teorie en praktyk en (4) die verloop van die ondersoek.

1.1 Blywende aktualiteit

Voortgaande besinning oor die verskillende beskouinge oor hierdie sakrament gedurende die sestiende eeu impliseer nie 'n nuttelose argivaliese onderneming nie. In die Gereformeerde belydenisskrifte, wat vandag nog deur gereformeerde kerke wêreldwyd aanvaar word, het hierdie sestiende-eeuse visies byvoorbeeld duidelike neerslag gevind (vgl. Dorn 2007).

Hernieuende besinning is ook vanuit 'n praktiese oogpunt nodig omdat sommige Christene vandag (moontlik uit reaksie teen die onderlinge verdeeldheid as gevolg van die verskille oor hierdie sakrament) die mis en die nagmaal as onbelangrik beskou en dit liewer nie meer vier nie. Ander deelnemers ervaar dit weer as 'n soort mistieke gebeure net vir hulle siele bedoel. Dalk nog meer algemeen is die probleem dat gelowiges so daaraan gewoon geraak het dat dit in plaas van 'n fees 'n versaaiklikte roetine geword het waarby 'n mens nie werklik betrokke is nie, maar wat jy eenvoudig oor jou laat heengaan.

1.2 'n Filosofiese fokus

Na die vorige hoofsaaklik oorsigtelike artikel, waaruit geblyk het hoe Bybels-vreemde filosofiese en teologiese gedagtegoed dikwels eerder die blik op die nagmaal verduister as verhelder het (vgl. Van der Walt 2015), wil hierdie bydrae nagaan of 'n beter perspektief op hierdie Christelike sakrament moontlik is. In vergelyking met die eerste artikel, wat hoofsaaklik *histories-verkennend* was, is die huidige (wat sowel die geskiedenis as die eie visie betref) van *sistematies-besinnende* aard. (Gesien die noue verband tussen geskiedenis en sistematiek, was 'n mate van oorvleueling soms onvermydelik.)

Hierdie sistematiese benadering is weer van *filosofiese* aard. Aangesien nadenke oor kerklike sakramente gewoonlik as die terrein van die teologie beskou word, is die volgende verduidelikings noodsaaklik. Eerstens word kerklike praktyke beïnvloed deur die teoretiese beskouing van 'n bepaalde teologie waarin die kerkleiers geskool is. Op sy beurt gaan enige wetenskap, die teologie ingesluit, uit van voorwetenskaplike lewensvisies en filosofiese voorveronderstellings. Dit is sulke dieperliggende filosofiese uitgangspunte ten opsigte van die nagmaal wat hier ter sprake is.

Tweedens is teologiese werke meestal nie eksplisiet oor hulle lewensbeskoulike en filosofiese aannames nie. Dit lê, soos in die geval van 'n ysberg, meestal onder die oppervlakte. Gevolglik was die meeste *teologiese* werke ter beskikking ook nie van veel hulp vir hierdie filosofiese navorsing nie.¹

1.3 Teorie en praktyk

Om te soek na 'n nuwe of beter perspektief op hierdie geheimnisvolle sakrament word nie bedoel dat dit ooit op enige wyse (intellektueel, emosioneel, liturgies of op watter manier ook al) deurgrond kan word nie. (Vgl. Berkouwer 1954, en talle ander skrywers wat dit ten diepste 'n misterie noem.) Om te dink dat 'n mens die onbegryplikheid daarvan begryplik sou kon maak, sou slegs van menslike hoogmoedige dwaasheid getuig. Nogtans beteken die mens se onwetendheid hier nie dat God van hom/haar "wetenloosheid" vereis nie. In sy Woord laat Hy die mens nie in die duister oor die sin van hierdie sakrament nie.

¹ 'n Voorbeeld is die lywige werk onder redaksie van Van 't Spijker et al. (1980). Nóg in die geval van die Rooms-Katolieke visie (vgl. bv. Van Genderen 1980), nóg by Luther (vgl. bv. Exalto 1980) en ook nie by Zwingli (vgl. bv. Balke 1980a) of Calvyn (vgl. bv. Balke 1980b) is aandag aan filosofiese voorveronderstellings gegee nie.

Die idee van sommige gelowiges dat 'n regte beskouing van die sakrament nie belangrik sou wees nie – solank dit maar op nuwe liturgiese wyses gebruik word – gaan dus nie op nie. Leer en lewe, teorie en praktyk, staan nie langs of selfs teenoor mekaar nie, maar is hoogstens twee kante van dieselfde munt. 'n Mens se visie bepaal jou optrede en omgekeerd getuig die manier waarop jy iets doen of vier weer van dit wat jy glo.

1.4. Opset

Omdat nuwe gedagtes oor hierdie sakrament nie duidelik gestel kan word sonder om die oue te bespreek nie, word eerstens 'n kort vergelyking van die Roomse en Protestantse beskouinge gebied. In die tweede plek word (ter verdieping van die vorige algemeen-verkennende artikel) in besonderhede die filosofiese agtergronde van hierdie twee standpunte krities geanaliseer. In die derde hoofafdeling word 'n aantal vrae gestel en beantwoord in die lig van Christus se laaste viering van die pasga en sy instelling van die eerste nagmaal. Ten slotte volg 'n terugskouende samevatting van die resultaat van die ondersoek.

2. 'N VERGELYKING VAN DIE VERSKILLE EN OOREENKOMSTE TUSSEN DIE ROOMSE EN PROTESTANTSE BESKOUINGE

Gewoonlik word die beskouinge van die Katolieke Kerk en dié van die Protestantse Kerke gedurende die sestiende eeu en ook vandag net gekontrasteer. Ten spyte van hulle verskille (vgl. 3 hieronder) was daar egter ook ooreenkomste.

2.1 Die belangrikste verskil

Met 'n bietjie veralgemening sou 'n mens die basiese verskil soos volg kon saamvat. Die Roomse beskouinge (en tot 'n mate ook Luther) gaan, filosofies beskou, uit van 'n *syns*filosofie, terwyl Gereformeerdes (Zwingli en Calvyn) 'n *bewussyns*filosofie huldig. Daarom lê die klem by eersgenoemde veral op wat die sakrament *is*, terwyl die aksent by laasgenoemde meer val op wat dit vir die mens *leer* of vir sy geloof *bied*. 'n Mens sou selfs generaliserend kon sê dat eersgenoemde God (die Hoogste Syn) se werk benadruk, en by laasgenoemde die menslike reaksie daarop meer beklemtoon word. (Vgl. in dié verband verskeie uitsprake van Popma 1958-1965.)

2.2 Breë ooreenkomste

Vier sake word hier as voorbeelde van ooreenkomste genoem.

2.2.1 Die sakrament begrypbaar gemaak

'n Eerste ooreenkoms is dat al twee standpunte, al is dit op verskillende maniere, die sakrament – ten slotte 'n geheimenis – teologies begryplik probeer maak het en uitgebreid daarvoor geskryf het. Dit het gebeur met behulp van filosofiese leengoed – wat nie altyd die toets van die Skrif kon deurstaan nie.

Gemeenskaplik aan al twee beskouinge is dus dat hulle die gevaar loop om die betekenis van hierdie fees tot 'n groot mate afhanklik te stel van menslike insig daarin: by die Roomse visie van filosofiese kennis van die *syn* en in die geval van die Protestantisme (duideliker by Zwingli en Calvyn as by Luther) van die kennis- en ervaringseffek by die *mens*.

2.2.2 *’n Natuurlike en bonatuurlike terrein*

’n Volgende ooreenkoms tussen die verskillende sestiende-eeuse denkers – met implikasies vir hul visie op die sakrament – is dat hulle almal ’n skeiding tussen twee terreine of ryke in die werklikheid maak.

Die Roomse visie

Thomas van Aquino en sy navolgers onderskei tussen ’n bonatuurlike, goddelike terrein van genade en ’n natuurlike, kosmiese gebied. Die natuur dien slegs as voorbereiding tot die genade, terwyl die genade die natuur vervolmaak (Vgl. Aquinas 1956:232). Daar bestaan ook ’n natuurlike verlange na die bonatuurlike – sodat die mens behoort te strew om op mistieke wyse aan God deel te hê. In gemodifiseerde vorm word hierdie natuur-genadetema ook deur die hervormers voorgestaan.

Die Lutherse standpunt

In lyn met die denke van veral Augustinus verdeel ook Luther die werklikheid in twee ryke (vgl. Schrey 1969:30-69). Die eerste is ’n sekulêre, uiterlike en tydelike ryk of regering en die tweede ’n heilige, innerlike en ewige (vgl. bv. Luther 2012:434, 436). Eersgenoemde regeer oor die minder belangrike menslike liggaam en laasgenoemde oor sy veel belangriker siel (vgl. Luther 1965 en 2012:441). Aangesien reeds soveel (positief en negatief) oor Luther se tweerykeleer geskryf is, hoef hier nie verder daarvoor gehandel te word nie. (Vgl. o.a. Van den Berg 1961; Schuurman 1965; Bornkamm 1966 en Wright 2010.)

Zwingli

Ook in Zwingli se geval kom hierdie tweedeling (op sy mensvisie gegrond) duidelik na vore. Hoewel laasgenoemde die voorrang moet geniet, is volgens hom sowel die burgerlike regering as die kerk noodsaaklik, want “net soos die mens saamgestel is uit siel en liggaam, terwyl die liggaam die laere deel vorm, net so kan daar nie ’n kerk sonder ’n regering bestaan nie” (Zwingli 1953:267, 268).

Calvyn

In ongeveer dieselfde trant onderskei Calvyn tussen twee ryke (*duplex regnum*), naamlik ’n burgerlike (*regnum politicus*) en ’n geestelike (*regnum spirituale*) (vgl. bv. Calvyn 1988:1074-1075). Eersgenoemde het weer met die liggaam en laasgenoemde met die siel te make. Die Christen lewe dus in twee wêrelde (*mundi duo*): ’n teenswoordige, verganklike, minder belangrike en toekomstige, ewige, belangriker (vgl. Calvyn 1992:1821 en vir verdere besonderhede vgl. Van der Walt 2009, 2014).

Die Skrif ondersteun egter geen natuur-bonatuurlike genade dualismes nie. Genade beteken volgens die Bybel die gunsbetoon van God aan die sondige mens. Dit staan dus nie teenoor die natuur (of wêreldse) nie, maar teenoor die toorn van God. Vir die mens beteken dit vergewe in plaas van toegerekende sonde.

2.2.3 *’n Digotomistiese mensvisie*

Uit die vorige punt het reeds geblyk dat daar ’n noue verband by al vier denkers bestaan het tussen hulle mensvisies en hul beskouinge oor die werklikheid as geheel. Almal aanvaar dit as vanselfsprekend dat die mens uit twee afsonderlike komponente sou bestaan (’n digotomie genoem). Die siel of gees is die belangrikste deel en op een of ander wyse aan God verwant omdat Hy dit

in die (stofflike) liggaam sou plaas. (Strauss 2014 bied 'n oorsig oor hierdie tweedelige mensvisie dwarsdeur die Westerse denke.)

Thomas

Hierdie mensbeskouing word duidelik gereflekteer in Thomas se gedagtes oor die mis: stofflike dinge (die sakramentele elemente wat in die liggaam van Christus verander) dien as instrumente vir die geestelike saligheid van die siel (vgl. Aquinas 1957:247 e.v.).

Luther

Ook by Luther (2012:185 e.v.) word hierdie mensvisie kritiekloos aanvaar en ook op Christus toegepas. By die nagmaalgebruiker is die liggaamlike onbelangrik teenoor die verborge, geestelike gemeenskap met Christus. Die nagmaal vorm 'n brug na die ewige lewe (Luther 2012:194).

Zwingli

Ten spyte daarvan dat Zwingli groot klem lê op die nagmaal as 'n gedagtenisfees, speel 'n Neoplatoniese, digotomistiese mensvisie nog steeds daarby 'n rol omdat die herinnering 'n geestelike aktiwiteit sou wees (vgl. Zwingli 1953:183).

Calvyn

Dieselfde antropologie kom nog duideliker by Calvyn na vore. Reeds aan die begin van sy *Institusie* (vgl. Calvyn 1984:286 e.v.) skryf hy dat daar geen twyfel kan bestaan dat die mens uit 'n hemelse siel en 'n aardse liggaam saamgestel is nie. Eersgenoemde (ook "gees" genoem) is die vernaamste deel van die mens, onsterflik en styg bo die wêreld uit in die rigting van God (vgl. verder Van der Walt 2010a).

So 'n digotomistiese visie word nie deur die Woord van God geleer nie en dit lei baie maklik tot 'n semi-vergoddeliking van die mens. Christensen en Wittung (2007) toon aan hoe die gedagte van 'n (gedeeltelike) deïfikasie van die menslike siel dwarsdeur die geskiedenis van die Christendom voorkom. Hierdie vergoddeliking lei tot semi-mistieke denke, die moontlikheid van gedeeltelike eenheid met God – veral by die mis en die nagmaal (vgl. Linman 2007).

2.2.4 *Semi-mistieke trekke*

Mistieke denke en belewinge – vandag weer baie populêr – beteken basies dat die mens met die absolute of (in die geval van Christene) met die God van die Bybel één kan word, met die goddelike kan versmelt.

In die geval van die Roomse en Protestantse geloof kom dit, gesien die gevaar van panteïsme, gewoonlik nie in die vorm van volledige nie, maar van semi-mistiek voor. Dit beteken dat net die hoëre deel van die digotomistiese mens, naamlik sy siel/gees met God kan en behoort een te word. Slegs Calvyn (1988:941-942) se semi-mistiek word hier as voorbeeld geneem. Hy noem die eenwording met Christus in die menslike hart 'n *unio mystica* op die hoogste vlak. Later verwys hy ook na 2 Petrus 1 vers 4, waar gesê word dat gelowiges deel kry in die goddelike natuur. Ook sy simpatie vir die Middeleeuse mistikus, Bernard van Clairvaux (1090-1135), bevestig hierdie trek by Calvyn (1988:742-744). Tambarello (1994) behandel in besonderhede die ooreenkoms tussen Calvyn en Bernard se semi-mistieke denke.

Dit kan waardeer word dat hierdie soort mistieke denke daarna streef om naby God te leef. Die wyse waarop dit nagestreef word, is egter nie Bybels verantwoord nie. God verwag nie van die mens 'n eenwording met Hom in *ontiese* sin nie, maar 'n *religieuse* verhouding van

gehoorsaamheid aan sy verordeninge. Gesien die radikale – nie relatiewe nie – verskil tussen God en sy skepping is so 'n mistieke eenheid ook 'n onmoontlike droom (vgl. Vollenhoven 2000:341-342; 385-388 en 2011:35, 40).

Omdat dit by die mis/nagmaal om 'n besondere teenwoordigheid van Christus sou gaan, is dit egter te verstane dat die versoeking van 'n *unio mystica* met Hom vir sowel Roomse as Protestantse Christene baie sterk was (vgl. Linman 2007).

Tot sover enkele, breë ooreenkomste tussen Rome en Reformasie.

3. 'N BREEDVOERIGER ANALISE EN KRITIEK VAN DIE VERSKILLENDE WYSGERIGE GRONDSLAE

Eerstens 'n verdere filosofiese analise van die Roomse mis.

3.1 Die mis by Rome

Drie van die belangrikste filosofiese elemente by die mis is sinsdenke, 'n tweeterreineleer en die substansiegedagte. Daarby moet in gedagte gehou word dat Thomas in sy teologie 'n doelbewuste poging aangewend het om 'n sintese tussen die Skrif en die Aristoteliese filosofie te bewerk (vgl. Middleton 2014:294).

3.1.1 *Synsdenke*

Wat word daarmee bedoel dat tradisionele Rooms-Katolieke denkers sinsdenkers is (vgl. 2.1 hierbo)? Thomas onderskei wel tussen God en die skepping (vgl. Aquinas 1956:115 e.v.), maar hulle word tog onder een noemer of “syn” saamgevat. As Christen glo hy wel in die bestaan van God, maar Hy word ook as deel van die omvattende syn – al is Hy die toppunt daarvan – beskou. Want die syn is volgens hom hiërargies van onder (vanaf suiwer materie) na bo (suiwer vorm) opgebou. So 'n sinskettering beteken dat daar tussen die verskillende synsvlakke – ook tussen God en mens – nie 'n wesentlike nie, maar slegs 'n graadverskil sou bestaan. Dit is gevolglik nie so vergesog om Christus (God) se teenwoordigheid in 'n sakrament (iets aards) te leer nie.

3.1.2 *Twee terreine*

Hierby moet nog gevoeg word dat die Roomse denke (soos reeds hierbo onder 2.2.2 aangetoon) ook gekenmerk word deur 'n onderskeid in die skepping tussen 'n natuurlike en bonatuurlike of genadeterrein. Soos wat die sinsdenke van pagane herkoms was (dit is reeds te vinde by antieke Griekse denkers soos Thales en Parmenides), het ook hierdie tweeterreineleer sy oorsprong in die heidense dualisme van profaan en sakraal en kan dit nie Bybels geregverdig word nie.

Vir 'n verstaan van die Katolieke visie op die mis is hierdie tweedeling egter onontbeerlik want iets natuurliks (brood en wyn) word in iets bonatuurliks (die liggaam van Christus) omskep. So 'n bonatuurlike verandering van substansie kan egter nie met die verstand verklaar word nie, maar moet in die geloof aanvaar word.

3.1.3 *Substansie*

Omdat die substansiegedagte 'n sleutelrol in die Roomse beskouing oor die mis speel (vgl. Aquinas 1957:257 e.v.) word vervolgens breedvoeriger (as in die vorige bydrae wat dit net genoem het), krities daaroor besin.

Volgens Rooms-Katolieke bronne is die term “transsubstansiasie” die eerste keer (in 1079 nC) gebruik deur die aartsbiskop van Tours as antwoord op Berengarius van Tours vir wie die sakrament slegs van simboliese aard was. Die Vierde Lateraanse Konsilie (1215) aanvaar transsubstansiasie as ’n geloofsartikel, later in die dertiende eeu verdedig Thomas van Aquino dit filosofies, by die Konsilie van Trente (1551) word dit verder omskryf en ook in die eeue daarna nie by Vaticanum I en II verander nie.

Volgens die filosofie van Thomas bestaan alles (selfs God) in die omvattende synsketting uit ’n substansie of wese en aksidente of eienskappe (vgl. Van der Walt 2012). Wat presies so ’n wese/essensie is, bly egter ’n raaisel. (Ter Horst 2008 probeer dit daarom dekonstrueer.)

’n Volgende kenmerk is dat substansies uit en op sigself sou bestaan, dit wil sê nie van iets anders afhanklik sou wees nie. So ’n visie van onafhanklikheid van die Skepper van enigiets in die skepping is egter duidelik nie Bybels nie. Omdat die hele skepping van oomblik tot oomblik van God afhanklik is, impliseer dit eerder ’n dwaling om te dink dat enigiets op sigself aangewese sou kon wees. Behalwe dat die siel-liggaam mensbeskouing ’n fiksie is, kan dus ook nie een van die twee komponente as substansies, dit wil sê op-sigself-bestaande entiteite, beskou word nie.

Nog ’n kenmerk is dat die wese van ’n ding nie iets sigbaar of tasbaar is nie. Alleen die aksidente (soos tekstuur, kleur, smaak, ens.) is waarneembaar. Sodra ’n mens egter die eienskappe wegdink, kan die draer van die kenmerke (die substansie) ook nie meer bestaan nie. Hieruit is dit duidelik dat Thomas *cum suis* se substansiegedagte (van die Griekse denker, Aristoteles, oorgeneem, vgl. Berger 1968), iets is wat slegs in die heidense verbeelding kon bestaan.

Verder word geleer dat die brood en wyn met transsubstansiasie eintlik opsy geskuif of weggedring word deur die mistieke liggaam van Christus. Dit is egter nie soos God met sy skepping omgaan nie. Hy stoot nie sy goed geskape skepsele eenkant toe nie, vernietig nie hulle geskape aard nie, maar onderhou elkeen van hulle en hou hulle eie-aard in stand. Die wonder van die mis kan deur Roomse denkers op die ou einde dus slegs verklaar word as ’n bonatuurlike ingreep van God op die terrein van die natuur – ’n wonderwerk.

’n Volgende implikasie van die transsubstansiasieleer is dat die veranderde brood en wyn (Christus se mistieke liggaam) min of meer op sigself staan en alle aandag by die mis daarop gevestig kan word. Die gevolg is dat aan die essensie van die sakrament (Christus self se versoeningsdood) moontlik nie ten volle reg geskied nie.

3.1.4 *Nog meer vrae*

Heelwat meer vrae sou nog gestel kon word. So byvoorbeeld of die sakrament by die mis nie ook te geïsoleer van God se Woord te staan kom nie (vgl. later by 4.2.3).

Van die instellingswoorde van die nagmaal deur Christus kom heel waarskynlik ook nie tot hulle reg nie. Só byvoorbeeld word sy opdrag dat die fees tot sy gedagtenis gevoer moet word, onverstaanbaar as Hy reeds reëel by die mis teenwoordig sou wees.

Die bedoeling van die skrywer is nie om (vanuit sy Gereformeerde oortuiging) die Roomse visie af te kraak nie. Hy wil slegs aantoon hoe gevaarlik dit kan wees om van nie-Bybelse filosofiese denkmateriaal, wat van die antieke, voor-Bybelse, Griekse oorsprong is, in ’n Christen se visie op hierdie sakrament gebruik te maak

3.1.5 *’n Te harde oordeel?*

Hoewel hierdie sintesedenke nadelige gevolge gehad het en dus nie goedgekeur mag word nie, is dit nogtans verstaanbaar – dit was die filosofiese denkmiddel destyds beskikbaar. Daarom is

die skrywer van mening dat die oordeel van Sondag 30, antwoord 80 van die Heidelbergse Kategismus (2001:56) te hard is. Daarin word die mis as 'n "afgodery" bestempel.

Indien 'n mens vandag nog hierdie verdoemende uitspraak wou handhaaf, sou jy – eerlikheidshalwe – ook jou eie gebrekkige gebede en soms gedagtelose en vreugdelose nagmaalsgebruik net so kras moes veroordeel. God is gelukkig magtiger as mense en kan met Sy Woord deur allerlei menslike teologiese en filosofiese konstruksies en obstruksies breek, sodat Jesus Christus as Verlosser gevind word.

3.2 Die nagmaal by Gereformeerde denkers

Die volgende vraag is of daar vanuit Gereformeerde kring beter gevaar is. (Weens beperkte ruimte word nie verder aan die Lutherse visie aandag gegee nie.) Met die vorige bydrae het dit alreeds deurgeskemer dat ook Zwingli en Calvyn in hulle denke vreemde wysgerige meulstene om die nek gedra het. Daarop word nou dieper ingegaan.

3.2.1 'n Benadering vanuit die mens

Soos reeds genoem, wou die Roomse denkers vasstel wat die mis *is*, terwyl die aandag van die Reformatoriese denkers toegespits was – hoewel nie uitsluitlik nie – op wat die nagmaal vir gelowige *mense sê of beteken* en op dié wyse dalk iets meer persoonliks sou word.

Ook hierdie benadering is egter nie sonder probleme nie. Word die nagmaal dan nie dalk te veel afhanklik gemaak van sy *effek* by die mens nie? Kennis en gevoel is wel belangrik, maar indien die betekenis van die nagmaal hoofsaaklik daartoe beperk word, kan dit die Goddelike sin en krag van die sakrament in gedrang bring.

3.2.2 Die ontiese en antropologiese grondslae

Die grondslag van al die sestende-eeuse hervormers se mensbeskouing is 'n dualistiese werklikheidsbeskouing. Daarvolgens is eerstens tussen net twee werklikhede onderskei: 'n transendent-geestelike God en 'n nie-transendente, aardse, stoflike werklikheid. Binne die aardse werklikheid word, tweedens, tussen 'n sakrale of heilige en 'n profane of sekulêre ryk onderskei (vgl. 2.2.2 hierbo).

As gevolg van hierdie ontiese dualismes, word vervolgens die mens as 'n digotomie (tweedeling) van gees (of siel) en liggaam (die stoflike deel van die mens) beskou. Die sielsdeel van die mens word verbind met die transendente en sakrale, omdat geglo is dat dit van God afkomstig is, aan Hom verwant sou wees, onsterflik sou wees en in die hiernamaals vir die hemel bestem is. Daarteenoor sou die liggaam die profane, aardse, sondige, sterflike deel van die mens verteenwoordig (vgl. 2.2.3 hierbo).

Calvyn en Zwingli en hulle navolgers sit egter met die probleem: Hoe kan die mens, in twee bestanddele verdeel, werklik 'n eenheid wees? (Selfs die begrip "eenheid" veronderstel alreeds 'n tweeheid.) Hierdie vraagstuk word duidelik weerspieël in hulle beskouinge oor die nagmaal.

3.2.3 Uiterlik-innerlik en trigotomie

Die Roomse teoloë (en ook hulle navolgers in die latere Gereformeerde Skolastiek) het die verhouding tussen siel en liggaam as die *hoëre* (vorm) teenoor die *laere* (materie) beskou. By Zwingli en Calvyn (en hulle geesgenote) is die verhouding tussen die twee dele van die mens

egter meestal verstaan as dié van die *innerlike* siel teenoor die *uiterlike* liggaam. Die inwendig-uitwendige skema speel daarin dus 'n belangrike rol (vgl. hieronder).

Terwyl Thomas in die siel slegs intellek en wil onderskei, word volgens Zwingli en Calvyn binne die siel/gees drie sielsfunksies of fakulteite onderskei, naamlik 'n intellektiewe, voluntatiewe (wilsmatige) en emosionele.

Hoewel daar harmonie tussen hierdie drie moet bestaan, behoort in die geloof een van hulle die leiding te neem. Watter een dit is, lei tot verdere antropologiese verskille en verskillende vorme van semi-mistiek van die hoof, hand en hart. In Zwingli se mensvisie het die klem op die *intellektiewe* sielsfunksie geval, terwyl Calvyn aan die *hart se gevoel* prioriteit verleen het.

3.2.4 *Gevolge vir die totale menslike bestaan*

'n Digotomistiese antropologie lei in die eerste plek daartoe dat 'n skeiding tussen die mens se geloof, as iets geesteliks beskou, en die res van die menslike (sg. liggaamlike) bestaan gemaak word. Tweedens sou die brood en wyn slegs *uitwendige* tekens (vir die liggaamlike sintuie) wees, wat die veel belangriker of dieper *innerlike* (die geloof van die siel) moet verseël en versterk. Aangesien daar egter 'n digotomistiese skeiding tussen siel en liggaam as twee komponente van die mens bestaan, word dit moeilik om te verduidelik hoe uiterlike of stoflike dinge geestelike invloed kan hê.

3.2.5 *Ook teenwoordig in gereformeerde belydenisskrifte*

Dat hierdie soort mensbeskouing ook in verskillende belydenisskrifte (wat wêreldwyd vandag nog steeds as gesaghebbend deur Gereformeerdes aanvaar word) gereflekteer word, blyk byvoorbeeld in artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis (2001:29). Daarin word van 'n tweërlei lewe by die mens gepraat: 'n liggaamlike, aardse en tydelike teenoor 'n geestelike, hemelse en ewige.

Die nagmaal is hiervolgens 'n geestelike maaltyd wat (slegs) geestelike voedsel verskaf. Daarom word bely dat, so waarlik as wat 'n mens brood en wyn neem en dit ons liggaamlik in die lewe hou, "net so waarlik ontvang ons vir ons geestelike lewe in ons siele deur die geloof – dit is die hand en mond van die siel – die ware liggaam en ware bloed van Christus, ons enigste Verlosser".

Ook in Sondag 26 en 29 van die Heidelbergse Kategismus (2001:52,54) kom die antropologiese skema van uitwendig (liggaam) en inwendig (siel), tydelik en ewig weer na vore. Dit steun ook op die rol van die Heilige Gees, wat dit moontlik maak om wat uitwendig is inwendig te maak, omdat Gees sowel in Christus as in die gelowige woon.

Dit het duidelik geword dat 'n Bybels-vreemde werklikheids- en mensbeskouing Christene – Roomse en Gereformeerdes – se kyk op 'n belangrike Christelike fees kan versmal en selfs verduister. Kortweg gestel, lei dit tot 'n *ontologiese versaakliking* by Katolieke denkers en tot 'n *antropologiese vergeesteliking* by Reformatoriese teoloë. In albei gevalle speel semi-mistieke trekke 'n belangrike rol. Vir 'n beter kyk op die nagmaal is dus in die eerste plek 'n alternatiewe werklikheids- en mensvisie nodig.

4. ONDERWEG NA NUWE PERSPEKTIEWE

Op die voorafgaande bladsye is reeds kritiek asook 'n alternatief op 'n dualistiese werklikheidsvisie gelewer (Vgl. verder Vollenhoven 2005:15-18). Hier word dus net 'n meer Bybels-georiënteerde mensvisie geskets.

4.1 'n Nuwe mensvisie

'n Digotomistiese antropologie word nie net in talle belydenisskrifte gereflekteer nie, maar selfs in Bybelvertalings (soos die OAV) ingelees. Noukeuriger eksegetiese studies asook filosofiese besinning oor die onbybelse oorsprong van so 'n mensvisie het egter reeds vanaf die vorige eeu tot nuwe insigte gelei en word weerspieël in die Nuwe Afrikaanse Vertaling wat byvoorbeeld die woord “siel” gewoon met “my/ek/mens” vertaal het. Ongelukkig het die breë publiek en selfs baie geestelike leiers en teoloë as gevolg van die mag van 'n lang tradisie nog steeds nie daarvan kennis geneem nie (Vgl. bv. Kruger 2015).

Eenvoudig saamgevat, kom hierdie beter verstaan van wat die Bybel oor die mens openbaar op die volgende neer. (Vir die detail, vgl. Van der Walt 2010b:259-289 wat die nodige stawende verwysings bevat.) Met die verskillende begrippe, soos “liggaam”, “vlees”, “siel” en “gees”, dui die Skrif nie afsonderlike *komponente* in die mens aan nie, maar word die mens holisties, *as geheel* vanuit *verskillende hoeke of geheelerspektiewe* getipeer.

Hoe die verskillende woorde vanuit verskillende perspektiewe na die mens in sy totaliteit kyk, blyk uit die volgende (belangrikste) betekenis van enkele (Hebreeuse en Griekse) Bybelse begrippe. “Liggaam” dui meestal op *die mens* se konkrete bestaan. “Vlees” wys hoofsaaklik op *die mens* as 'n brose, verganklike wese en dikwels ook op *die mens* (nie net sy liggaam nie) as 'n sondige wese. “Siel” wys gewoon op die mens se neus of neus-ase, dit wil sê dat hy (net soos diere) 'n lewende wese is.

Hierdie Bybelse, voorwetenskaplike gesigspunte oor die mens is ook reeds in verskillende publikasies van die voorstanders van 'n Christelike filosofie wetenskaplik verder uitgewerk. Daaruit word onder andere duidelik dat die mens nie 'n blote tweedimensionele nie, maar 'n multidimensionele wese is, wat nie minder nie as vyftien verskillende fasette of modaliteite vertoon. (Vgl. bv. Kalsbeek 1975:95-103; Vollenhoven 2005:25-27 en Strauss 2014.)

So 'n nuwe mensbeskouing bevat verreikende implikasies ook vir 'n ander, nuwe visie op die nagmaal. Dit hoef byvoorbeeld nie te kies tussen die dilemma van óf 'n verliggaamliking (soos by Rome) óf 'n vergeesteliking (in die geval van die Reformasie) daarvan nie.

4.2 Die instelling van die nagmaal met 'n ander bril gelees

Vollenhoven (2011:201-211) sien die diens wat 'n werklik Christelike wysbegeerte (dus nie net 'n filosofie deur *Christene* beoefen nie, maar een waarvan ook die *resultate* in die lig van die Skrif bereik is) aan die teologie kan lewer onder andere daarin dat dit teoloë tot selfbesinning kan aanspoor. Dit geld byvoorbeeld die filosofiese voorveronderstellings van waaruit teoloë dink asook die metodes van die in- en uitleg en natuur-genade waarvolgens van hulle teologieseer.

Volgens sulke metodes word byvoorbeeld Plato of Aristoteles tot halwe Christene verklaar en in hulle teologieë gesanksioneer. Die resultaat is egter nie net dat Plato op hierdie wyse vir die Christendom geannekseer word nie, maar Plato beïnvloed van sy kant ook so iemand se teologie. Op dié wyse kan *Christene* wel teologie beoefen, maar hulle *teologie* is nie onvoorwaardelik gehoorsaam aan die Skrif nie.

Afgesien van hierdie waarskuwende rol, kan 'n Christelike filosofiese besinning ook 'n positiewer rol vervul deur in die lig van die Skrif alternatiewe te bied. Dit is die bedoeling van hierdie gedeelte wat met nuwe oë na die instelling van die nagmaal wil kyk (vgl. Matt. 26:26-29; Mark. 14:22-25; Luk. 22:14-20 asook 1 Kor. 11:23-26).

Die skrywer is van mening dat al die *liturgiese* vernuwings op hierdie gebied wel nodig was (vgl. voetnoot 1 by Van der Walt 2015), maar nog nie vanselfsprekend ook 'n nuwe inhoudelike

visie op die nagmaal impliseer nie. Belangrik is om ook weg te doen met al die onskriftuurlike aangroeiensels van die eeue en – kinderlik-eenvoudig – weer terug te keer *ad fontes*, na die bron, na die oorspronklike eenvoud by Christus self se instelling van die nagmaal.

Die volgende eenvoudige vrae kan daarby help: (1) Wie tree hier op? (2) Wanneer gebeur dit? (3) Wat doen en sê Hy? (4) Wat bedoel Christus met “eet” en “drink”? (5) Wat beteken dit om Hom te herdenk? (6) Wat is die nuwe verbond wat Hy met die nagmaal instel?

4.2.1 *Wie hier optree*

Belangrik vir die verstaan van die nagmaal is om steeds in gedagte te hou Wie die Sentrale Figuur daarby en Insteller daarvan was. Christus het sy dissipels, ten spyte van al hulle gebreke, innig lief gehad. Hy sien dus daarna uit om saam met hulle te wees en neem die inisiatief daarvoor.

As Sentrum van die gebeure (let op al sy werkwoorde) neem Hý die brood en wyn, Hý seën dit, breek en skink dit, deel dit uit en Hý gee ook die opdrag om saam met Hom te eet en drink en dit ter gedagtenis aan Hóm te moet doen.

Hieruit moet afgelei word dat die nagmaal nie ’n verbygaande, onbelangrike, godsdienstige ritueel is nie. Dit is eersens ’n opdrag van Christus self wat nie geminag mag word nie. Tweedens dra die opdrag nie die karakter van ’n harde bevel nie, maar is dit ’n liefdevolle uitnodiging na ’n heel besondere maaltyd – vol van hartseer en vreugde tegelyk – waarop gelowiges telkens weer met dankbaarheid behoort te antwoord.

4.2.2 *Wanneer dit plaasgevind het*

Die laaste pasga en die eerste nagmaal vind op die beslissende knooppunt tussen die verbygaan van ’n ou bedeling en die deurbraak van ’n nuwe tyd plaas. Dit dra dus wêreldomspannende betekenis.

By hierdie geleentheid vier Christus vir ’n laaste keer saam met sy dissipels die bevrydingsfees wat God reeds ongeveer 1300 jaar tevore vir sy bondsvolk ingestel het (Eks. 12:1-28). Dit was ’n *herinnering* daaraan dat die Here Israel van die onmenslike slawerny in Egipte bevry het, sodat hulle weer menswaardig kon lewe. Hy het hulle verder van die verskriklike mag van die sonde, die dood bevry. (Die paaslam se bloed aan hulle deursnyne het hulle eersgeborenes teen die doodsengel beskerm.)

Dit was verder ’n *herdenking* van die begin van Israel as ’n volk met ’n eie identiteit en land. Dit was ook ’n ware *fees*. Soos Vosloo en Janse van Rensburg (1999:90) skryf: “Die historiese wortels van die Paasfees bepaal die kwaliteit van die viering en die aktualiteit van die herinnering word weerspieël in die feestelike van die viering... Die fees as gedenktag kom neer op ’n ingesteldheid van ‘terug na die toekoms’.”

Saamgevat: dit het Israel se *hele geskiedenis en menslike bestaan* – nie net hulle siele- of geestelike lewe nie – geraak.

Net soos die Paasfees is die nagmaal nie net ’n herinnering aan die kruisdood van Christus nie, maar dit maak sy dood ’n gebeurtenis wat telkens weer beleef moet word.

Christus gee aan die pasgafees (die dag waarop Hy gesterf het) sy uiteindelijke, ryker vervulling. Hyself word die Paaslam Wie se bloed ter bevryding van hulle wat op Hom vertrou, gestort word. Daarmee bevry Hy die mens van bose, mensvernietigende magte, sodat die mens weer *ten volle* mens kan wees – God se beeld hier *op aarde*. Dit moet dus nie beskou word as ’n fees wat net die *siel* vir uiteindelijke *hemelse* saligheid voorberei nie.

Christus wou sekerlik ook nie dat sy dissipels net sy dood herdink nie, maar ook sy opstanding – die hart van sy evangelie. Ook met sy woorde dat Hy eendag weer die nuwe wyn saam met sy

dissipels sal drink, kyk Christus die toekoms in. Die nagmaal is 'n profesie van die bruilofsmaal van die Lam by die voleinding op 'n nuwe *aarde*. So beskou, omvat die nagmaal eintlik alle eeue, die hele wêreldgeskiedenis vanaf skepping, oor sondeval na verlossing en uiteindelijke voleinding.

Hierdie is belangrike perspektiewe, omdat nie ontken kan word nie dat Gereformeerdes in hulle nagmaalsbeskouing (in ooreenstemming met die Heidelbergse Kategismus) groot klem op die sondeval en Christus se plaasbekledende lyding plaas (vgl. Metz 1970). Dit is nie verkeerd nie, maar nogtans eensydig. Daardeur het die nagmaal (met bv. groot nadruk op die mens se selfondersoek en skuldbelydens) dikwels ook 'n somber karakter aangeneem. Te min klem is gelê op Christus se opstanding en wederkoms en dat die nagmaal daarom 'n vreugdevolle fees moet wees.

By die nagmaal word by uitstek die feit gevier dat selfs die dood – die mens se grootste vyand – nou slegs van verbygaande aard is. Die Geloofsbelydens van Nicea praat tereg van die opstanding van *dooie mense* – myns insiens veel beter bewoord as die Apostoliese Geloofsbelydens wat heel waarskynlik nog van 'n digotomistiese mensvisie uitgegaan het wanneer dit slegs die opstanding van die *liggaam* vermeld. Die verlossing en vernuwings in Christus wat gelowiges by hierdie feesmaal vier, raak egter die *hele, konkrete* mens – in sowel die hiermaals as hiernamaals.

Reeds in die lig van hierdie paar perspektiewe word die sakrament uitgelig bo 'n eng “geestelike” betekenis en allerlei kerklik-godsdienstige geskille, omdat daarin God se werk deur alle eeue en by voorbaat al sy uiteindelijke vernuwings van die hele mens en die ganse kosmos – die finale koms van sý koninkryk – gevier word.

4.2.3 *Wat Christus gedoen en gesê het*

Christus self bied die brood en die wyn aan. Hy verduidelik egter ook wat Hy met hierdie simboliese handeling bedoel.

Soos in die geval van die destydse pasga gaan die Woord van die Here dus saam met die sakrament van die nagmaal. Geen Christelike sakrament staan op sigself los van die Woord nie en mag dus nie selfstandig naas of selfs bo die Woord gestel word nie. (Dalk 'n tendens by die mis.) Dit mag egter ook nie so opgeneem word dat die prediking van die Woord voorop staan, terwyl die nagmaal geringgeskat word nie. ('n Gevaar by sekere reformatoriese groepe vanaf die sestiende eeu soos byvoorbeeld blyk uit die sterk didaktiese klem in hulle nagmaalsformuliere.) Elkeen van die twee het 'n eie aard en plek en vul mekaar wedersyds aan: die Woord *verklaar* die nagmaal en die nagmaal *illustreer* as't ware die Woord. Tereg vra Van Wyk (2014:338) dan ook waarom verbondskinders nie by hierdie fees, wat die kern van die Evangelie so duidelik illustreer, ingesluit word nie.

Hierdie noue verband word alreeds in 'n Bybelse verhaal (Luk. 24:13-35) duidelik. Christus lê eers vir die twee Emmausgangers die Skrifte oor Homself uit. Toe Hy egter saam met hulle die brood breek, gaan hulle oë heeltemal oop, sodat hulle Hom herken het (vers 31, 35).

'n Eenvoudige beeld mag dit verder verduidelik. 'n Moeder *sê* nie net vir haar kind dat sy hom/haar liefhet nie. Sodat haar kind nie aan die egtheid van haar liefde hoef te twyfel nie, *bevestig* sy dit met 'n soen. Met eerbied sou gesê kon word dat die nagmaal God se liefdeskus vir die mens is om sy Woord van liefde nog duideliker of konkreter te maak.

4.2.4 *Wat Christus met “eet” en “drink” bedoel het*

Dat Christus se opdrag “eet” en “drink” nie letterlik nie, maar simbolies opgevat moet word, is uit Johannes 6:22-58 duidelik. In vers 53 tot 58 sê Christus wel dat sy liggaam die ware voedsel en sy bloed ware drank is. Uit die hele konteks blyk egter duidelik wat Christus daarmee bedoel

het. Met sy simboliese taal het Hy 'n belangriker werklikheid duidelik gemaak. Hy sê vir sy dissipels dat, soos God destyds hulle voorouers met manna en water in die woestyn van 'n gewisse dood verlos het, Hy (Christus) deur die Vader as finale Verlosser gestuur is. Meer soortgelyke uitsprake kom in die Bybel voor. Wanneer Christus byvoorbeeld die Lig van die wêreld genoem word, dui dié simbool op 'n werklikheid wat veel meer as die simbool inhoud, ver daarbo uitstyg.

In plaas van dat die brood en wyn substansieel in die liggaam verlossing kan bring, leer Sondag 29, antwoord 78 van die Heidelbergse Kategismus (2001:55) tereg dat hulle slegs vir ons versekeringstekens van Christus se soendood is. Hoe moet 'n mens die woord “teken(s)” hier verstaan? (Vgl. o.a. Van der Walt 1962:181-193).

'n *Teken beteken* iets, gee aan 'n saak 'n bepaalde *betekenis*. Dit is iets duidelik (meestal waarneembaar) waardeur iets anders self duideliker word. Op sigself is 'n teken dus eintlik niks nie, omdat dit slegs as 'n wegwysers na iets anders, meestal veel belangriker dien. Omdat dit slegs hulpdiens verrig om iets anders duideliker te maak, mag dit nooit in die middelpunt staan nie – die betekende werklikheid oortref die simboliese teken ver.

Hoewel daar dus 'n noue verband tussen teken en betekende bestaan, is hulle nie identies nie, maar verskil hulle essensieel. Ons geloof mag dus nie op die tekens by die nagmaal gefokus wees nie, maar moet op die Betekende, Jesus Christus, gerig word.

Hoewel hierdie “eet” en “drink” nie *letterlik* verstaan mag word nie, beteken dit nie dat Christus self nie *werklik* sy liggaam en bloed geoffer het nie. Soos hierbo (onder 4.1) aangetoon, dui “liggaam” op die *hele* mens vanuit die perspektief van sy konkrete, sigbare gestalte. Ook die begrip “bloed” dui in die Skrif op 'n *lewende mens*. (Wat dus sterf as sy bloed vergiet word.) Christus offer dus nie net 'n “deel” van Hom nie, maar *Homself, geheel en al as mens* – Hy het letterlik met sy volle gewig aan die kruis gehang. Selfs na sy opstanding benadruk die evangelies dat Christus nie 'n gees of spook geword het nie, maar volledig mens gebly het. Hy verskyn aan hulle as mens, nooi hulle om na sy hande en voete te kyk en eet saam met hulle (Luk. 24:37-43). Ook die dissipels is in hulle konkrete, volle menslikheid by die laaste pasga en die eerste nagmaal teenwoordig. En hulle word in hulle volle menswees versterk – om eendag by Christus se wederkoms weer as konkrete mense opgewek te word.

4.2.5 'n Opdrag tot herdenking

Behalwe Christus se opdrag om te neem, te eet en te drink, volg daar ook “doen dit tot My gedagtenis”. Soos nou bekend, het Zwingli hierdie element van die nagmaal sterk beklemtoon. Moontlik uit reaksie daarteen is hierdie faset binne die Calvinistiese tradisie dalk onderbeklemtoon. (Een van die weinige, breedvoeriger publikasies vanuit hierdie kring oor die kommemoratiewe aspek van die nagmaal, is dié van Lammens 1968.)

Zwingli het as gevolg van sy mensvisie hierdie in gedagtenis hou of *herdenking* ongelukkig sterk intellektualisties tot *herdink*, tot 'n min of meer verstandelike herinnering versmal. In die algemeen en ook by die nagmaal dra herdenking egter 'n veel dieper en breër betekenis. Hier volg enkele gedagtes ontleen aan Klapwijk (2006:101 e.v.) en hier op die nagmaal toegepas.

Herdenking beteken in die eerste plek dat gelowiges die kosmiese betekenis van Christus se dood en opstanding tweeduisend jaar gelede nooit mag vergeet nie, maar gereeld in dankbaarheid moet onthou – en ook moet vier.

Herdenk wil verder nie primêr verstandelik *verklaar* nie, maar eerder *verwerk*, die *sin* of betekenis van iets soos die nagmaal insien.

Herdenking dra, soos reeds genoem, ook 'n duidelik simboliese tekenkarakter. Iets moet jou aan iets anders nog veel belangriker herinner. Soos 'n verloof- of trouing twee mense aan hulle

veel belangriker beloftes van trou (dalk lank gelede) kan herinner en die verlede as't ware weer in die hede omskep en laat herleef.

Maar in gedagtenis hou sluit ook die toekoms in. Wanneer die huweliksliefde besig is om dalk te verflou, kan die gesamentlike lees van hulle ou, vergeelde liefdesbriewe aan mekaar huweliksmats in die *hede* weer herinner aan hulle diepste gevoelens vir mekaar in die *verlede* – om vir hulle saam ook weer 'n beter *toekoms* oop te maak. Op soortgelyke wyse omvat herinnering by die nagmaal verlede, hede en toekoms.

4.2.6 *Die sentrale betekenis van verbond en koninkryk*

Ten slotte word die aandag breedvoeriger gevestig op wat Christus bedoel het toe Hy gesê het dat met sy bloed (sy lewe) die nuwe verbond verseël word (Luk. 22:20). Het hierdie woorde tot hulle reg gekom by Roomse en by Protestantse teoloë – ten spyte van 'n verbondsteologie by sommige onder laasgenoemdes? (vgl. Van Wyk 2014:188-190). Hierdie perspektief is egter van kardinale belang, aangesien daarmee verseker word dat sowel die Goddelike as menslike kant van die sakrament die nodige nadruk ontvang.

Die sentrale gedagte van die verbond in die Skrif staan, terloops, nie los van die ewe belangrike perspektief van God se koninkryk nie. Sommige Gereformeerde teoloë sien die verbond as die inwendige gestalte van die koninkryk en die koninkryk as die uitwendige gestalte van die verbond. Spykman (1992:11-12) formuleer die verband tussen hierdie twee sentrale Bybelse gedagtes waarskynlik beter, naamlik dat verbond en koninkryk slegs twee verskillende maniere is om die allesomvattende manier van God se weg met die skepping aan te dui:

Covenant is kingdom looking back to its original and abiding charter given with creation.
Kingdom is covenant looking forward programmatically towards its promised goal of perfect renewal.

As oorspronklike verbondsfees kulmineer die nagmaal uiteindelik in 'n koninkryksfees (Van Wyk 2014:333).

God en mens, verbond en religie

'n Menslike verbond veronderstel gewoonlik twee, meestal ongeveer gelyke partye. Maar in die geval van 'n verbondsluiting in die Bybelse sin is die twee partye nie gelyk nie en kom die inisiatief ook eensydig van God se kant. In sy ontstaan is die verbond dus monopleuries, maar in sy uitwerking is dit duopleuries of tweesydig, omdat die mens daarop moet antwoord. Behalwe dat die mens wesentlik (onties) van God verskil, (vgl. hierbo), bestaan daar dus ook 'n onvernietigbare religieuse band met Hom.

Die mens kan dus nie anders as om op God se verbond met hom te antwoord nie, omdat God hom onuitwisbaar as 'n religieuse wese geskep het. Vollenhoven (2005:78) omskryf religie dan ook as die mens – nie net Christene nie – se verhouding tot die God van die verbond in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan sy (God se) fundamentele liefdesgebod.

Grondliggende, omvattende en daadwerklike religie

Met “religie” word iets anders bedoel as wat gewoonlik as “godsdienst” beskou word. Godsdienst is toegespitste aksies (soos kerkdienste) waarin die mens dit wat hy/sy as absoluut beskou, vereer, aanbid en gehoorsaam. Hoewel dalk minder sigbaar, is religie meer universeel en invloedryk, aangesien dit die *rigting* bepaal van *alles* wat elke mens – ook sogenaamde ongelowiges – dink en doen. Dit is die geval omdat geen mens – selfs nie 'n ateïs – sy religieuse aard opsy kan skuif of selfs net tot sy persoonlike lewe kan beperk nie.

Menslike religie is dus nie iets wat slegs tot vergange tye hoort (en a.g.v. sekularisasie sal verdwyn nie), of tot sekere beroepe (bv. dominee, priester, imam), tot enkele terreine (bv. tempels, kerke, moskees), bepaalde dae (bv. Sondae), net party wetenskappe (bv. teologie), of slegs tot persoonlike vroomheid (bv. gebed, mistieke meditasie) beperk is nie.

Die nagmaal is vir 'n gelowige so 'n diep-religieuse feesmaaltyd.

Die sentrale verbondsnorm

Vollenhoven noem in sy omskrywing van religie hierbo ook dat die basiese norm vir hierdie religieuse antwoord van die mens tot God sy liefdesgebod is (vgl. Matt. 22:37-40 en op talle ander plekke in die Bybel) wat die koers of rigting van die mens se *hele* lewe moet bepaal.

Liefde is nie 'n abstraksie of 'n blote emosie nie, maar neem verskillende gestaltes aan. Vir verskillende tye en omstandighede moet hierdie fundamentele wet positiewer of konkreter gemaak word. Voorbeelde daarvan is wedersydse trou in 'n huwelik, vader-, moeder- en kindreliefde in 'n gesin, onpartydige geregtigheid by die regering van 'n land, sorg vir die natuurlike omgewing en nog baie meer.

By die nagmaal gaan dit dus nie oor iets bowêrelds of geesteliks nie. Ook nie net oor die onderlinge liefdesband tussen broeders en susters in die geloof wat versterk moet word nie. Dit behoort 'n fees te wees wat – uit liefde vir God – die deelnemers inspireer om hulle *hele lewe hier op aarde* in die regte rigting van veelkleurige liefde te stuur. Die korrekte viering van hierdie sakrament behels dus nie slegs die aanvaarding van die wonderlike *gawe* van Christus se offer nie, maar ook die *opgawe* tot eie, dankbare, liefdevolle offerbereidheid.

Verbondsgeskiedenis

Alhoewel die Bybel eers eksplisiet van God se verbond met Abraham melding maak (Gen. 15), het die verbond tussen God en die mens reeds vanaf die skepping bestaan. Dit is duidelik uit die feit dat Adam en Eva (volgens Gen. 2:26) na God se beeld geskep is, wat beteken het dat hulle aan God se gebooie gehoorsaam was. Hy gee aan hulle ook 'n omvattende religieuse opdrag, naamlik om volgens sy verordeninge oor alles te heers, dit op te pas en te ontwikkel (Gen. 1:28, 2:15).

Vollenhoven (2005:80:102) beskryf die ontwikkeling van hierdie verbond in verskillende fases vanaf die oorspronklike skeppingsverbond tot by die herskeppingsverbond, die nuwe verbond deur Christus by die nagmaal aangekondig. Met hierdie nuwe verbond vervul Hy die ou verbondsgeskiedenis en breek 'n heeltemal nuwe era aan – 'n tyd wat reeds daar is, maar op 'n nog heerliker voltooiing wag (vgl. Middleton 2014).

5. TERUGSKOUENDE SAMEVATTING

Net 'n stukkie brood en 'n slukkie wyn? Beslis nie!

Van die kant van die mens gesien, het dit geblyk onvoldoende te wees om net *struktureel* (onties en antropologies) die nagmaal te probeer verstaan. As simboliese teken herinner dit ons aan 'n veel belangriker werklikheid: verlossing *van* sonde en dood *tot* nuwe gehoorsaamheid. Dit is 'n diep en omvattende *religieuse verbondsfees* wat die *hele* mens se lewe rig en omvat: sy fisies-biotiese bestaan, gevoels- en kennislewe, linguale en simboliese vermoëns, sosiale verhoudings, regverdige en morele optrede, kerklike betrokkenheid – alles wat 'n mens is, of hoop om te wees.

Van die kant van God mag 'n mens nie *meer* probeer sê as wat Hyself by Christus se instelling van die nagmaal geopenbaar het nie, en só in teologiese en filosofiese spekulasies verval nie. Maar ook nie *minder* nie as dat dit sy liefdevolle verbondkus is waarmee Hy iets duidelik maak van hoe wyd en ver en hoog en diep en konkreter sy liefde in Christus werklik strek – 'n liefde wat alle menslike begrips- en emosionele vermoëns te bowe gaan (vgl. Ef. 3:18,19).

Mag hierdie besinning iets daartoe bydra dat Christene – soos by die Emmausgangers lank gelede (Luk. 24:32) – se harte weer warm word wanneer hulle so bevoorreg is om by hierdie fees van alle feeste aan te sit.

BIBLIOGRAFIE

- Aquinas, T. 1955, 1956, 1957. *On the truth of the Catholic faith: "Summa Contra Gentiles"*. New York: Image Books (Doubleday & Co.).
- Balke, W. 1980a. De avondmaalsleer van Zwingli. In Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L. (reds.). *Bij brood en beker*. Goudriaan: De Groot, pp. 149-177.
- Balke, W. 1980b. Het avondmaal bij Calvyn. In Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L. (reds.). *Bij brood en beker*. Goudriaan: De Groot, pp. 178-225.
- Berger, H. 1968. *Op zoek naar identiteit; het Aristotelisch substantiebegrip en de mogelijkheid van een hedendaagse metafisika*. Nijmegen: Dekker & Van de Vegt.
- Berkouwer, G.C. 1954. *De sacramenten*. Kampen: Kok.
- Bornkamm, H. 1966. *Luther's doctrine of the two kingdoms in the context of his theology*. Philadelphia: Fortress Press.
- Calvyn, J. 1984, 1986, 1988, 1992. *Institusie van die Christelike Godsdienst* (4 dele). Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- Christensen, M.J. & Wittung, J.A. (eds). 2007. *Partakers in the divine nature; the history and development of deification in the Christian tradition*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Dorn, C. 2007. *The Lord's Supper in the Reformed Church in America*. New York: Peter Lang.
- Exalto, K. 1980. Het avondmaal bij Luther. In Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L. (reds.). *Bij brood en beker*. Goudriaan: De Groot, pp. 106-148.
- Heidelbergse Kategismus. 2001. In *Psalmboek in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Wellington: N.G. Kerk-uitgewers, pp. 101-110.
- Kalsbeek, J. 1975. *Contours of a Christian philosophy*. Toronto: WedgePub. Foundation.
- Klapwijk, J. 2006. Gedenken: over de eerste en tweede geschiedenis. *Koers*, 71(1):101-134.
- Kruger, H.B. 2015. In watter toestand is die siel van die gelowige ná die dood? *Die Kerkblad*, 118(3292):30, Julie.
- Lammens, G.N. 1968. *Tot Zijn gedachtenis; het commemoratieve aspect van de avondmaalsviering*. Kampen: Kok.
- Linman, J. 2007. Sacraments as means to *Theosis*. In Christensen, M.J. & Wittung, J.A. (eds). *Partakers of the Divine Nature; the history and development of Deification in the Christian tradition*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic, pp. 189-199.
- Luther, M. 1965. *Von weltlicher Obrigkeit; Schriften zur Bewährung des Christen in der Welt*. München: Sieberstern Taschenbuch Verlag.
- Luther, M. 2012. *Martin Luther's basic theological writings*. Minneapolis: Fortress Press.
- Metz, W. 1970. "Necessitas satisfactionis"; ein systematische Studie zu dem Fragen 12-18 des Heidelberg Catechismus und zur Theologie des Zacharias Ursinus. Zurich: Zwingli Verlag.
- Middleton, J.R. 2014. *A new heaven and a new earth; reclaiming biblical eschatology*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.
- Nederlandse Geloofsbelijdenis. 2001. In *Psalmboek in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Wellington: N.G. Kerk-uitgewers, pp. 1-32.
- Popma, K.J. 1958-1965. *Levensbeschouwing; opmerkingen naar aanleiding van de Heidelbergse Catechismus*. (7 dele). Amsterdam: Buijten & Schipperhijn.
- Schrey, H.H. (red.). 1969. *Reich Gottes und Welt; die Lehre Luthers von den zwei Reichen*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Schuurman, L. 1965. *Confusio regnorum; Studie zu einem Thema aus Luthers Ethik*. Den Haag: Van Keulen Periodieken.
- Spykman, G.J. 1992. *Reformed theology; a new paradigm for doing dogmatics*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

- Strauss, D.F.M. 2014. Soul and body; transcending the dialectical intellectual legacy in the West with an integral biblical view. *In die Skriflig*, 48(1):295-306.
- Tambarello, D.E. 1994. *Union with Christ; John Calvin and the mysticism of St. Bernard*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.
- Ter Horst, G. 2008. *De ontbinding van de substantie; een deconstructie in de ontologie en kenleer van Thomas van Aquino*. Delft: Eburon.
- Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L. (reds.). 1980. *Bij brood en beker*. Goudriaan: De Groot.
- Van den Berg, C. 1961. *Twee regimenten, één Heer*. Kampen: Kok.
- Van der Walt, B.J. 2009. Johannes Calvyn (1509-1564) se visie op die werklikheid. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(3):365-396.
- Van der Walt, B.J. 2010a. John Calvin's struggle to attain a truly biblical view of the human being. In Van der Walt, B.J. *At home in God's world*. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa, pp. 224-256.
- Van der Walt, B.J. 2010b. The biblical perspective on being human. In Van der Walt, B.J. *At home in God's world*. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa, pp. 259-289.
- Van der Walt, B.J. 2012. Die wetsidee as sleutel tot die filosofie van die "doctor communis". *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 49(3):65-86.
- Van der Walt, B.J. 2014. The uniqueness of John Calvin's (1509-1564) "philosophia Christiana". In Van der Walt, B.J. *At the cradle of a Christian philosophy*. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity, pp. 1-46.
- Van der Walt, B.J. 2015. Vier visies op Christus se teenwoordigheid by die nagmaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(3):387-404, Sept.
- Van der Walt, T. 2016. *Die koninkryk van God – naby*. Kampen: J.H. Kok.
- Van Genderen, J. 1980. Het avondmaal in de Middeleeuwen. In Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L. (reds.). *Bij brood en beker*. Goudriaan: De Groot, pp. 90-105.
- Van Wyk, J.H. 2015. *Teologie van die Koninkryk*. Noordbrug: Administratiewe Buro van die GKSA, pp. 187-206.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2000. *Schematische Kaarten; filosofiese concepties in probleemhistorisch verband*. (Reds. Bril, K.A. & Boonstra, P.J.). Amstelveen: De Zaak Haes.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005. *Isagôgè philosophia; introduction to philosophy*. (Eds Kok, J.H. & Tol, A.). Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
- Vollenhoven, D.H.Th. 2011. *Gastcolleges Wijsbegeerte; erfenis voor het heden*. (Reds. Bril, K.A. & Nijhoff, R.A.). Amstelveen: De Zaak Haes.
- Wright, W. 2010. *Martin Luther's understanding of God's two kingdoms*. Grand Rapids, Michigan: Baker.
- Zwingli, U. 1953. "On the Lord's Supper & "An exposition of the faith". In Bromiley, G.W. (ed). *Zwingli and Bullinger*. Philadelphia: The Westminster Press, pp. 176-238 & 239-279.

Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie: Die Nederlands-Afrikaans-stryd gedurende die aanvangsjare

The role of Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch in the development of Afrikaans lexicography: The Dutch-Afrikaans battle during the formative years

GERDA ODENDAAL

Universiteit Stellenbosch

Departement Afrikaans en Nederlands

E-pos: godendaal@sun.ac.za



Gerda Odendaal

GERDA ODENDAAL is verbonde aan die Universiteit Stellenbosch waar sy sedert 2013 'n nadoktorale genoot in die Departement Afrikaans en Nederlands is. Sy behaal in 2012 haar PhD aan dieselfde universiteit nadat haar magisterstudie na 'n doktorale studie omgeskakel is. As toppresterder in die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe ontvang sy twee keer 'n Rektorstoekening vir Uitnemende Prestasie in Akademie. Verskeie beurse en vakpryse is ook aan haar toegeken. Sy hou haar tans besig met navorsing in die sosiolinguistiek, taalbeplanning en leksikografie, en woon gereeld plaaslike en internasionale kongresse by.

GERDA ODENDAAL is affiliated to Stellenbosch University where she is a postdoctoral fellow at the Department of Afrikaans and Dutch since 2013. She obtained her PhD at the same university in 2012 after her master's study was upgraded to a doctoral study. As a top student in Stellenbosch University's Faculty of Arts and Social Sciences, she received a Rector's Award for Excellence in Academics twice in a row. She has also been awarded various other prizes and bursaries. Her research interests include sociolinguistics, language planning and lexicography, and she regularly attends local and international conferences.

ABSTRACT

The role of Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch in the development of Afrikaans lexicography: The Dutch-Afrikaans battle during the formative years

In many respects Stellenbosch University can be regarded as the cradle of Afrikaans lexicography. It is home to one of the most comprehensive and lengthy lexicographic projects in Afrikaans, the Woordeboek van die Afrikaanse Taal ("Dictionary of the Afrikaans Language"). Being one of the first university departments in South Africa to appoint a Chair for Afrikaans in 1920, the Department of Afrikaans and Dutch especially played an important role in developing the Afrikaans lexicography.

However, not everyone in die Department of Afrikaans and Dutch was convinced from the outset that Afrikaans could or even should make its mark in the field of lexicography. It was, in fact, a lecturer of Dutch who first alluded to the fact that Afrikaans is distinct from Dutch through his lexicographic work on Afrikaans. This uncertainty about Afrikaans' ability to gain lexicographic independence gave rise to great contention between Afrikaans and Dutch during the early years of Afrikaans lexicography, especially in Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch. It resulted, amongst other things, in lexicographers often relying heavily on Dutch in the lexicographical embodiment of Afrikaans.

This article investigates the role of Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch in the development of Afrikaans lexicography amidst an intense Dutch-Afrikaans battle during the formative years of Afrikaans lexicography. Firstly, the paper shows why the dictionary *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon met Toelichtingen en Opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal* by the Dutch lecturer at Stellenbosch, Nicolaas Mansvelt, could be regarded as the genesis of Afrikaans lexicography. It is shown that, by studying Afrikaans as a language independent from Dutch, Mansvelt broke away from the tradition of his time which often viewed Afrikaans as a depraved form of Dutch, thereby making an important contribution to the development of Afrikaans lexicography.

This is followed by an overview of the initial battle in the Afrikaans speech community between proponents of Dutch and Afrikaans that took place in the period during which Stellenbosch University distinguished itself as an Afrikaans university. On the one hand there was a pro-Dutch movement, led by Stellenbosch lecturer W.J. Viljoen, which sought to make Dutch the future language of South Africa by introducing a simplified form of Dutch, the *Vereenvoudigde Nederlandse Spelling* ("Simplified Dutch Spelling"), through the publication of various dictionaries. On the other hand the pro-Afrikaans movement, consisting mostly of students under the leadership of the first lecturer of Afrikaans at Stellenbosch, J.J. Smith, campaigned for Afrikaans to be adopted as medium of instruction at Stellenbosch University. The two opposing parties were eventually united in the formation of the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* ("South African Academy for Science and Arts") which endeavoured to develop both Dutch and Afrikaans in South Africa.

Although the initial idea with the formation of the Academy was to create a truce between the proponents of Dutch and Afrikaans, this battle continued with the compilation of the special-purpose dictionary, the *Afrikaanse woordelys en spelreëls* ("Afrikaans word list and spelling rules") by the Academy's *Taalkommissie* ("Language Commission"), on which several lecturers from Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch served over the years. As a special-purpose dictionary the *Afrikaanse woordelys en spelreëls* promoted the standard spelling of Afrikaans which would have an influence on several bilingual and descriptive dictionaries in later years. The focus in the next part of the article thus falls on the continued Dutch-Afrikaans battle as it played itself out in the earlier editions of the *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, this time with Smith campaigning for more Dutch forms, and the resulting influence of Dutch on the development of Afrikaans orthography, especially as it relates to the spelling of loanwords.

Finally it is shown how Afrikaans orthography gained independence as it was gradually freed from Dutch influence in subsequent editions of the *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. In closing it is, however, suggested that, although great strides have been made in the development of an independent Afrikaans orthography, the Dutch-Afrikaans battle has had a lasting influence on Afrikaans lexicography through this special-purpose dictionary.

KEYWORDS: Department of Afrikaans and Dutch, Stellenbosch University, Afrikaans, Dutch, lexicography, language battle, Mansvelt, *Idioticon*, W.J. Viljoen, “Simplified Dutch Spelling”, J.J. Smith, “Afrikaans Language Association”, “Afrikaans word list and spelling rules”, “Language Commission”, “Dictionary of the Afrikaans Language”

TREFWOORDE: Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch, Afrikaans, Nederlands, leksikografie, taalstryd, Mansvelt, *Idioticon*, W.J. Viljoen, Vereenvoudigde Nederlandse Spelling, J.J. Smith, Afrikaanse Taalvereniging, *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, Taalkommissie, *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

OPSOMMING

Die studie stel ondersoek in na die rol van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie te midde van ’n fel Nederlands-Afrikaans-stryd in die wordingsjare van die Afrikaanse leksikografie. Daar word eerstens gefokus op die aanvang van die Afrikaanse leksikografie aan die Universiteit Stellenbosch deur die publikasie van Mansvelt se *Idioticon*. Vervolgens word ’n oorsig gegee oor die spellingstryd tussen die voorstanders van Nederlands, met W.J. Viljoen aan die stuur, en die voorstanders van Afrikaans, onder leiding van J.J. Smith, beide dosente aan die Universiteit Stellenbosch, wat geheers het in die tydperk waarin hierdie universiteit hom as ’n Afrikaanse universiteit onderskei het. Ten slotte word gedui op die voortgesette Nederlands-Afrikaans-stryd soos wat dit in die daaropvolgende jare in die woordeboek vir spesiale doeleindes, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, tot uitdrukking gebring is en die blywende invloed wat die stryd op die Afrikaanse spelling gehad het.

1. INLEIDING

Die Universiteit Stellenbosch kan in baie opsigte as die bakermat van die Afrikaanse leksikografie beskou word. Dit is naamlik hier waar een van die omvangrykste en langdurigste leksikografiese projekte in Afrikaans, die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, ’n tuiste gevind het. As een van die eerste universiteitsdepartemente in Suid-Afrika wat reeds in 1920 ’n leerstoel vir Afrikaans ingestel het, het veral die Departement Afrikaans en Nederlands ’n besondere aandeel gehad aan die uitbou van die Afrikaanse leksikografie tot internasionale standaard.

Almal in die Departement Afrikaans en Nederlands was egter nie uit die staanspoor daarvan oortuig dat Afrikaans sigself op leksikografiese gebied kon of selfs moes laat geld nie. Dit was naamlik ’n dosent in Nederlands wat met een van die eerste leksikografiese werke in Afrikaans op die eiesoortigheid van Afrikaans gedui het. Die onsekerheid oor Afrikaans se vermoë om op eie leksikografiese bene te staan het gelei tot ’n stryd tussen Afrikaans en Nederlands wat hom, veral binne die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands, telkens in die wordingsjare van die Afrikaanse leksikografie sou afspeel. Een van die gevolge hiervan was dat daar in die leksikografiese vergestaltung van Afrikaans telkens op Nederlands gesteun is.

In hierdie inleidende studie¹ oor die rol van die Universiteit Stellenbosch, maar in die besonder sy Departement Afrikaans en Nederlands, in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie,

¹ Die artikel vorm deel van ’n omvattender projek van die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe van die Universiteit Stellenbosch oor die geskiedenis van die Fakulteit. Hierdie artikel is die eerste in ’n beoogde reeks artikels oor die rol van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie teen die agtergrond

word daar veral gefokus op die Nederlands-Afrikaans-stryd gedurende die aanvangsjare van die Afrikaanse leksikografie. Eerstens word gefokus op die Nederlandse dosent, Nicolaas Mansvelt, se rol as leksikografiese baanbreker deur die publikasie van sy *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon*. Vervolgens word ’n oorsig gegee oor die stryd tussen die voorstanders van Nederlands, wat onder leiding van die Stellenbosse dosent, W.J. Viljoen, gepoog het om ’n vereenvoudigde Nederlandse spelling deur die publikasie van verskeie woordeboeke in te voer, en die voorstanders van Afrikaans, wat hulle onder die leierskap van nóg ’n Stellenbosser, J.J. Smith, beywer het om Afrikaans as onderrigmedium aan die Universiteit Stellenbosch erken te kry.

Daar word laastens gefokus op die voortgesette Nederlands-Afrikaans-stryd met die publikasie van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, nou met Smith in die pro-Nederlandse kamp, en die gevolglike invloed wat Nederlands in die daaropvolgende jare op hierdie bron sou uitoefen. Die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* kan as ’n woordeboek vir spesiale doeleindes beskou word, aangesien die bron ’n beperkte leksikale aanbod het, asook beperkte datakategorieë (Gouws & Prinsloo 2005:47). Bewerking in dié bron is naamlik beperk tot “hedendaagse skriftelike, formele Standaardafrikaans” en dit “bereël slegs die ortografiese konvensies van Standaardafrikaans” (Taalkommissie 2009:xxiv). As woordeboek vir spesiale doeleindes wat die amptelike en gestandaardiseerde spelling vir Afrikaans bevorder het, het die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* ’n belangrike invloed uitgeoefen op die tweetalige en verklarende woordeboeke wat in latere jare sou volg (Gouws & Ponelis 1992:30). Enige oorsig oor die leksikografiese geskiedenis van Afrikaans sou dus onvolledig wees sonder die inagneming van hierdie bron.

2. AANVANG VAN DIE AFRIKAANSE LEKSIKOGRAFIE: MANSVELT SE *IDIOTICON*

In 1822 vaardig Lord Charles Somerset ’n proklamasie uit waarvolgens die Kaapkolonie op amptelike vlak verengels is (Kapp 2013:11). Teen die middel van die negentiende eeu het die onderwys ook grotendeels verengels deurdat skole nie toegelaat is om in Nederlands onderrig te gee nie (Van Keymeulen 2010:139; Kapp 2013:12). In 1864 neem Nederlandse ouers op Stellenbosch egter leiding met die stigting van Het Stellenbosse Gymnasium² wat amptelik geopen is op 1 Maart 1866 (Du Toit & Venter 1966a:21-22; Kapp 2013:12). Alhoewel onderrig in die skool in Engels plaasgevind het, is die gebruik van Nederlands as omgangstaal wel toegelaat. Na die toevoeging van ’n Arts Department tot die Gymnasium in 1874-1875, is daar, na aandrang op die onderrig van Nederlands, Frans en Duits, ’n Nederlander met name Nicolaas Mansvelt vir dié doel in September 1874 aangestel (Snijman 1964:3; Du Toit & Venter 1966a:27; Kapp 2013:13). Mansvelt was later ook verantwoordelik vir letterkunde en algemene geskiedenis (Du Toit & Venter 1966b:38-39).

As Nederlander wat nie vertrou was met die Kaaps-Hollands (oftewel Afrikaans) wat teen die einde van die negentiende eeu algemeen in die Kaapkolonie gebruik is nie, was Mansvelt, soos baie van sy tydgenote, geïnteresseerd in die verskille tussen Afrikaans en Standaardnederlands

van Afrikaans se stryd teen Nederlands. Die artikel bied nie ’n volledige oorsig oor dié Departement se rol in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie nie, maar slegs ’n inleidende blik met ’n besondere fokus op die stryd tussen Nederlands en Afrikaans wat gedurende die aanvangsjare geheers het.

² Ten einde amptelike erkenning van die Kaapse Departement van Onderwys te verkry, moes die naam verander word na Het Stellenbosch Gymnasium/Stellenbosch First Class Denominational School (Kapp 2013:13).

en die ooreenkomste tussen Afrikaans en die Nederlandse omgangstaal (Gouws & Ponelis 1992:11). Hy het kort na sy aankoms in die Kaap op aanbeveling van 'n vriend begin om noukeurig aantekeninge te maak van alles wat hom vreemd opgeval het in die uitspraak of woordgebruik in Kaaps-Hollands (Mansvelt 1884:iii-iv). Dit is egter veral in die omgang met sy leerlinge aan die Stellenbosch College³ dat Mansvelt onder die indruk gekom het van die belangrikheid om die "eigenaardigheden" van Kaaps-Hollands te omskryf ten einde wedersydse begrip tussen hom en sy leerlinge te bevorder (Mansvelt 1884:iv). So verskyn in 1884 met die hulp en aanmoediging van sy leerlinge sy *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon met Toelichtingen en Opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal* (voortaan *Idioticon*; Mansvelt 1884:iv-v).

In dié woordeboek word woorde en uitdrukkings wat eie is aan Suid-Afrika (met ander woorde Kaaps-Hollandse/Afrikaanse woorde en uitdrukkings) in sowat 2 000 lemmas oor 188 bladsye behandel (Mansvelt 1884:iii-v; Snijman 1964:3; Van der Merwe 1971:xiii). Alhoewel die taal van die makrostruktuur Afrikaans is, is die metataal van die leksikografiese bewerking Nederlands, sodat *Idioticon* volgens Gouws (1995:46) in werklikheid 'n tweetalige woordeboek is. Lemmas sluit in unieke Suid-Afrikaanse woorde en uitdrukkings, Nederlandse woorde wat 'n betekenisverandering ondergaan het, woorde en uitdrukkings uit sewentiende-eeuse Hollands wat in Suid-Afrika bly voortleef het maar in Nederland in onbruik geraak het, en woorde wat aan vreemde tale, in die besonder Maleis, ontleen is (Mansvelt 1884:v). Die artikelstruktuur bevat meestal semantiese kommentaar in die vorm van betekenisverklarings, maar soms ook vertaalekwivalente, koteksinligting en idiomatiese gebruik, asook vormkommentaar soos grammatiese inligting en uitspraakleiding. Ander inligting sluit lemmavergelyking, betekenisverandering en etimologiese inligting in. Baie van die inligting word by "eenigszins duistere of belangwekkende woorden" as *opmerkings* aangebied. Aangesien daar nog nie baie naslaanbronne oor Afrikaans was nie, het Mansvelt buiten taalkundige inligting ook inligting verskaf wat betrekking het "op 't eigenaardig karakter der Afrikaners of op hunne levenswijze en gebruiken, die mede hun eigen stempel op de volkstaal van dit zuidelijk werelddeel hebben afgedrukt" (Mansvelt 1884:v-vi; Gouws 1995:56; Schoonheim 1998:7).

Alhoewel Mansvelt se *Idioticon* voorafgegaan is deur A.N.E. Changuion se *Proeve van Kaapsch Taaleigen* wat agterin sy spraakkuns *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld* gepubliseer is en allerweë as die aanvang van die Afrikaanse leksikografie beskou word (Bosman 1931:29), is Mansvelt se woordeboek vir Boshoff (1926:311) van groter belang as dié van Changuion. Ploeger en Nienaber (in Van der Merwe 1971:xiii) beskou *Idioticon* as "die volledigste, noukeurigste en mees wetenskaplike" leksikografiese poging wat tot op daardie tydstip ten opsigte van Afrikaans onderneem is, wat dit volgens Gouws (1995:44) "die belangrikste leksikografiese bydrae uit die negentiende eeu" maak.

Die waarde van *Idioticon* is enersyds geleë in die wetenskaplike versorging en beredeneerde verklarings en etimologieë, maar andersyds in die metaleksikografiese baanbrekerswerk (Van der Merwe 1971:xiii; Gouws 1995:45). Hoewel Mansvelt vanuit 'n Nederlandse perspektief na Afrikaans gekyk het en daardeur meer by die Nederlandse leksikografie aangesluit het, verteenwoordig *Idioticon* die eerste selfstandige Afrikaanse woordeboek wat primêr gerig is op Afrikaanssprekendes wat in die studie van Afrikaans belang stel (Gouws 1995:48; Schoonheim 1998:43). Sô wou Mansvelt met sy *Idioticon*, in teenstelling met sy tydgenote, dui op die eiesoortigheid van Afrikaans as onafhanklike taal naas Nederlands (Gouws 2003:79). Hy doen

³ Die Arts Department van Het Stellenbosch Gymnasium is in 1879 van die res van die skool afgeskei en in 1881 as 'n kollege van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop erken. Die naam is later verander na die Stellenbosch College and College School (Du Toit & Venter 1966:29, 31, 38; Kapp 2013:13, 23).

dit reeds in die “Voorbericht” deur na Nederlands en Kaaps-Hollands as verskillende tale te verwys en ook te dui op die variëteitsverskille in Afrikaans (Mansvelt 1884:iii, vi; Gouws 1995:50). Sodoende het Mansvelt weggebreek van die tradisie van sy tyd en het hy ’n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie gelewer⁴ (Gouws 1995:44).

Dat *Idioticon* wel “een van die hoekstene van ons Afrikaanse leksikografie” is en “’n belangrike basis geskep het vir die voortsetting van die verklarende Afrikaanse leksikografie”, soos wat Boshoff (1926:312) en Gouws (1995:44) te kenne gee, blyk uit die invloed wat dit op leksikografiese bronne na dié van Mansvelt gehad het. Boshoff (1926:312-313) dui daarop dat byna alle Afrikaanse woordeboeke en woordelyste wat in die eerste dekades na die verskyning van *Idioticon* die lig gesien het direk of indirek daaruit geput het. Dit sluit die voorvegters vir Afrikaans, die Genootskap van Regte Afrikaners, se *Patriotwoordeboek/Patriot Dictionary* (1902/1904) in, wat in die “Foorberig” beken: “Oek het ons heel wat geput uit di ‚Idioticon’ fan Mnr. N. Mansvelt” (Du Toit 1902, in Van der Merwe 1968). Mansvelt se werk sou volgens Boshoff (1926:312) selfs neerslag vind in die leksikografiese bydraes van een van die prominentste voorstanders van die behoud van Nederlands aan die Kaap, W.J. Viljoen (sien 3.1). Dit het ook daartoe aanleiding gegee dat Afrikaans die aandag aangegryp het van Europese taalkundiges soos H. Schuchardt, J. te Winkel en D.C. Hesseling wat hulle hoofsaaklik begin besig hou het met teoretiese beskouinge oor die oorsprong van Afrikaans en *Idioticon* as belangrike bron beskou het om kennis oor die Afrikaanse woordeskat op te doen (Boshoff 1920:108; 1926:312; Van der Merwe 1968:Inleiding). *Idioticon* sou later die hoofbron ten opsigte van Afrikaans vir die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* word, deurdat Mansvelt tot na sy terugkeer na Nederland as Suid-Afrikaanse skakel met dié woordeboek opgetree het (Boshoff 1926:312; Snijman 1964:3).

3. DIE NEDERLANDS-AFRIKAANS-STRYD

3.1 Die pro-Nederlandse stryd: Viljoen en die VNS

Alhoewel Mansvelt ’n positiewe grondslag vir die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie in Stellenbosch gelê het, het ’n Afrikaanse bewussyn rondom die draai van die eeu nog op Stellenbosch ontbreek (Kapp 2013:14). In 1897 verskyn daar byvoorbeeld uit die pen van W.S. Logeman, Mansvelt se opvolger as dosent in moderne tale en geskiedenis aan die Victoria Kollege,⁵ ’n *Leesboek en grammatika, met oefeningen en woordenlijst, Hollandsch-Engelsch* en ’n jaar later *Essentials of Dutch grammar*. In die “Voorrede” tot die *Leesboek en grammatika* met sy Nederlands-Engelse woordelyst, word daar na Nederlands as “onze moedertaal” verwys (Logeman 1897:v). Dat die bron in ’n bepaalde behoefte voorsien het, blyk daaruit dat dit tot 1907⁶ verskeie uitgawes beleef het.

Die pro-Afrikaanse gees wat met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 in die Paarl posgevat het, het dus skynbaar nie tot in Stellenbosch oorgevloei nie (Kapp 2013:14). Inteendeel, daar het aan die einde van die negentiende eeu ’n pro-Nederlandse beweging op Stellenbosch posgevat waarvan die navolgers hulle vir die behoud en bevordering van

⁴ Vir ’n meer gedetailleerde oorsig oor die leksikografiese bydrae van Mansvelt se *Idioticon*, sien Gouws (1995).

⁵ In 1887 is die Stellenbosch College and College School ter ere van koningin Victoria se goue jubileum na Victoria Kollege herdoop en in 1899 het die skool finaal ’n aparte afdeling geword (Du Toit & Venter 1966b:39; Kapp 2013:13, 23).

⁶ Die 1907-uitgawe van die *Leesboek en grammatika* is in die Vereenvoudigde Nederlands Spelling uitgegee.

Nederlands beywer het (Malan 1963:174). Volgens Kapp (2009:12) was die voorstanders van Nederlands teen Afrikaans gekant omdat hulle dit nie as 'n taal van hoë ontwikkeling beskou het nie, aangesien Afrikaans nog oor geen grammatika of noemenswaardige letterkunde beskik het nie. Dit is ook as “platvloers” beskou omdat dit nie vir hoër funksies in die openbaar gebruik is nie (Kapp 2009:12).

Een van die vurigste voorstanders van Nederlands was W.J. Viljoen wat Logeman in 1895 opgevolg het (Nienaber 1968:1). Sy aanstelling het volgens Kapp (2013:17) sterk leierskap vir die Nederlandse strewende beteken. Alhoewel hy reeds as student 'n artikel gepubliseer het oor “De Taal in Zuid-Afrika” en in 1894 gepromoveer het met die proefskrif “Allgemeine Einleitung zur Geschichte der Cap-Hollandischen Sprache”,⁷ lewer hy in 1895 'n lesing voor die studente waarin hy 'n beroep op hulle doen om “beskaafde Nederlands” te praat. In 1895 stig hy die Nederlandse letterkundevereniging Ons Spreekuur en as bestuurslid van die Zuid-Afrikaanse Taalbond spreek hy hom sedert 1897 ten gunste van tradisionele Nederlands en Nederlandse waardes in Suid-Afrika uit (Bosman 1959:75; Kapp 2013:19).

Vanweë die toenemende teenstand wat Nederlands ondervind het as gevolg van die taal se ingewikkeldheid, het die Taalbond hulle sedert 1895 vir die vereenvoudiging van Nederlands beywer (Nienaber 1968:1; Claassen 1977:46-47). Hiermee word bedoel die “vereenvoudiging van spelling en van ondergeskikte grammatikale reëls, en die erkenning van tipies Afrikaanse woorde en uitdrukkinge”, aldus Bosman (1959:75). By Het Eerste Congres ter Vereenvoudiging der Nederlandsche Taal wat op 4 en 5 Januarie 1897 in Kaapstad gehou is, is daar op 'n aantal voorstelle vir die vereenvoudiging van Nederlands ooreengekom wat aangesluit het by die poging wat in 1891 deur R.A. Kollwijn, F. Buitenrust Hetteema en J.J. Salverda de Grave in Nederland aangewend is om die Nederlandse spelling te vereenvoudig. Die Taalbond kon egter nie die vereenvoudigingsvoorstelle deur die Nederlandse taaloutoriteite goedgekeur kry nie en met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902) is die planne eers op die lange baan geskuif (Bosman 1959:75; Malan 1963:174-175, 177, 249; Malan 1974:290; Claassen 1977:45, 53, 57-58).

Toe die Taalbond na die oorlog die stryd om Nederlands te vereenvoudig in alle erns hervat het, het W.J. Viljoen, nou dosent in Nederlands, op 7 Februarie 1903 opdrag van die hoofbestuur ontvang om voorstelle vir die vereenvoudiging van Nederlands aan die hand te doen. Sy voorstelle, waarin hy hom tot 'n groot mate aan die Kollwijnse spelling hou, maar wat ook algemeen erkende woorde en uitdrukkinge uit die Afrikaanse spreektaal bevat, is op 14 Maart 1903 deur die Taalbond aanvaar. Hierna is Viljoen die taak opgelê om die voorstelle deur die Nederlandse taalverenigings bekragtig te kry sodat dit onmiddellik in Suid-Afrika toegepas kon word. Na samesprekings en vergaderings met verskeie Nederlandse organisasies en taalgeleerdes het Viljoen op 5 Oktober 1903 'n verklaring van De Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden ontvang waarin sy voorstelle goedgekeur is. Nadat die voorstelle op 28 Desember 1904 met 'n oorweldigende meerderheid op 'n taalkonferensie in Kaapstad goedgekeur is, is dit in Suid-Afrika geïmplementeer (Malan 1963:177-178; Snijman 1964:7; Malan 1974:290; Claassen 1977:59-60, 63, 70, 73). Hierdie ortografiese sisteem sou voortaan as die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (VNS) bekend staan (Malan 1963:249).

In reaksie op 'n besluit wat tydens die vergadering van 1904 geneem is dat voorsiening gemaak moes word vir woordeboeke in die VNS, publiseer Viljoen saam met Hubertus Elffers in 1908 'n *Beknopt Nederlands Woordeboek voor Zuid-Afrika* in die VNS (Snijman 1963, in Gericke 1991a:109; Snijman 1964:7). Die doel van die lywige woordeboek van 1 349 bladsye

⁷ Algemene inleiding tot die geskiedenis van die Kaap-Hollandse taal.

wat ook heelwat Afrikaanse lemmas ingesluit het, was enersyds om Nederlands as spreektaal op Suid-Afrikaanse bodem te bevorder, maar andersyds “de zuivering van het Hollands hier te lande” (Elffers & Viljoen 1908:Voorbericht; Snijman 1963, in Gericke 1991a:109; Snijman 1964:7). Dat die woordeboek uiteindelik nie in sy doel geslaag het nie, blyk daaruit dat dit geen herdrukke beleef het nie. Buitetekste sluit onder andere “Hoofdpunten van de vereenvoudigde schrijftaal” in, asook ’n lys van gebruikelike afkortings (Elffers & Viljoen 1908).

Van dieselfde skrywers verskyn ’n paar maande later ook ’n tweetalige *English-Dutch and Dutch-English Dictionary* in die VNS (Gericke 1991a:109). Die woordeboek, waarvan die inhoud op die *Beknopt Nederlands Woordeboek* berus, geskied ook “in nakoming van een belofte, door ons aan het Taalkongres van 1904 gegeven, dat er voor de nodige woordeboeken in de vereenvoudigde spelling zou worden gezorgd” (Elffers & Viljoen 1914:Voorbericht). Buiten ’n Engels-Nederlandse deel van 578 bladsye en ’n Nederlands-Engelse deel wat 631 bladsye beslaan, bevat die woordeboek ook lyste met eie-, geografiese en historiese name in Engels en Nederlands, landbou- en botaniese name en terme in Latyn, Engels en Nederlands, asook sterk werkwoorde in Engels en sterk, onreëlmatige en gemengde werkwoorde in Nederlands. Die woordeboek was baie suksesvoller as sy voorganger deurdat dit tot en met 1920 nege heruitgawes beleef het. Die sukses is nie noodwendig te danke aan die sukses van die VNS nie, maar waarskynlik eerder aan ’n gebrek aan vertalende Afrikaans-Engelse woordeboeke – ’n behoefte waaraan eers in 1921 voldoen is met die verskyning van verskeie vertalende sakwoordeboeke (Snijman 1964:9).

3.2 Die pro-Afrikaanse stryd: Smith en die ATV

Die aanvaarding van die VNS het hewige reaksie onder die publiek ontlok (Claassen 1977:75). Maar anders as vóór die oorlog, was die kern van die pro-Afrikaanse beweging nou in Stellenbosch waar veral die studente die stryd aangesê het (Nienaber 1959:37). Onder hulle was Lydia van Niekerk wat vanaf 1919 tot 1930 dosent in Nederlands op Stellenbosch was. Die pro-Afrikaanse stryd is gelei deur ’n aantal oudstudente van die Victoria Kollege wat pas teruggekeer het uit Europa waar hulle hulle doktorsgrade verwerf het. Hulle stig op 3 November 1906 die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) in Kaapstad en op 24 Oktober 1907 word ’n tak van die ATV ook op Stellenbosch gestig. Die stigting van die Stellenbosse ATV-tak het egter aanleiding gegee tot ’n heftige taalstryd tussen die dosente en studente van die Victoria Kollege. W.J. Viljoen het byvoorbeeld na die ATV verwys as die “Arme Taal-verknoeiërs” en hulle “een slang in z’n boesem [sic]” genoem (Kapp 2013:21-22).

Die stryd is op die spits gedryf met D.F. Malan se toespraak “Het is ons ernst” wat hy tydens die ATV se kongres op 13 Augustus 1908 op Stellenbosch gelewer het (Bosman 1959:77; Kapp 2009:16). Hierin het hy die volgende oproep ten opsigte van Afrikaans gedoen (in Nienaber & Heyl s.a.:99):

Verhef de Afrikaanse taal tot schrijftaal, maak haar de draagster van onze kultuur, van onze geschiedenis, onze nationale idealen, en gij verheft daarmee ook het volk, dat haar spreekt.

Op dieselfde kongres het Malan samewerking tussen die Taalbond en ATV in gemeenskaplike belang van Nederlands en Afrikaans bepleit (Bosman 1959:79; Nienaber 1968:2). Uiteindelik het die idee van een of ander oorkoepelende liggaam waarin die pro-Afrikaanse en pro-Nederlandse taalstryders kon verenig – die behoefte aan ’n “vereniging van verenigings”, aldus Nienaber (1959:37) – wyd inslag begin vind. Daar is toenemend tot die besef gekom dat die Nederlands-Afrikaans-taalsaak ’n saak was waar verdraagsaamheid, saamsnoering van kragte en eendragtige optrede nodig was, aldus Bosman (1959:79). En hiervoor was “’n sentrale, gesaghebbende, erkende liggaam nodig”; “’n liggaam wat verder die nodige leiding kon gee” (Bosman 1959:79). In reaksie

op hierdie behoefte is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns dan uiteindelik op 2 Julie 1909 gestig om die pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse kragte te verenig in hulle stryd om die behoud van die Hollandse taal (dit is Nederlands én Afrikaans) in Suid-Afrika (Malan 1963:193).

In navolging van die versoening wat deur die stigting van die Akademie bewerkstellig is, nader die ATV se bestuur Viljoen se Ons Spreekuur in 1910 om 'n gesamentlike Studentetaalkonferensie op 6 en 7 April 1911 aan te bied (Kapp 2013:26). Die konferensie het hulle sterk ten gunste van die behoud van Nederlands uitgespreek, maar het beklemtoon dat Afrikaans dieselfde gebruik as Nederlands moes geniet en dat 'n universiteit gestig moes word waar Nederlands/Afrikaans as eksaminerende taal sou dien vir die bereiking van hierdie ideaal (Kapp 2013:28). 'n Jaar later verskyn die jaarboek van die Victoria Kollege vir die eerste keer as 'n tweetalige Engelse/Nederlandse blad en in 1913 stel die Waaksaamheidskommissie van die Kollege in die gees van die Taalkonferensie 'n manifest op waarin hulle stel dat Stellenbosch "sinds jare innig verbonden [is] met het geestelike, zedelik en national leven van het Hollandsprekende gedeelte van het volk" (Kapp 2013:39).

In 1914 word J.J. Smith, een van die leidende studente van die Stellenbosse ATV en sedert 1915 nasionale voorsitter van die ATV, as professor in Frans en Duits aan die Victoria Kollege aangestel (Snijman 1964:11; Kapp 2013:27, 36). Die toetrede van Smith en ander jong professore tot die dosentekorps het volgens Kapp (2013:37) 'n dinamiese karakter aan die Afrikaanse strewing gegee. Die Raad van die Victoria Kollege spreek in Februarie 1915 vir die eerste keer uitdruklik die wens uit dat "deze inrigting hare natuurlike bestemming kan bereiken as een echte Hollandsch-Afrikaansche universiteit" (Kapp 2013:40). Nadat J.S. Marais £100 000 vir die stigting van só 'n universiteit op Stellenbosch bewillig het, is die privaat wet op die Universiteit van Stellenbosch in 1916 deur die Parlement aanvaar en kom die Universiteit van Stellenbosch (voortaan US) amptelik op 1 April 1918 tot stand (Kapp 2013:41, 47). J.J. Smith, wat die Senaat reeds in 1916 oortuig het dat Afrikaans ook as onderrigtaal kan geld, is as die eerste voorsitter van die Senaat aangewys (Kapp 2013:41, 46). Hy spreek die studente in Junie 1920 toe en doen 'n beroep op hulle om "u ouers, u vriende, u omgewing [te] oortuig dat 'n selfbewuste, selfstandige Afrikaanse volk sonder Stellenbosch nie moontlik is nie" (Kapp 2013:49).

Die studente was egter nie tevrede met net 'n Afrikaanse universiteit nie. Op 16 Augustus 1918 word die volgende mosie eenparig op 'n monstervergadering van die studente aangeneem:

Ons, die studente van die Universiteit van Stellenbosch, vra die Raad beleefdelik om ons wens tegemoet te kom en ons so spoedig moontlik aan 'n stoel in Afrikaans te help.

Hulle dui vervolgens op die belangrikheid van só 'n leerstoel in die stryd om die erkenning van Afrikaans en die uitbreiding van hulle taalregte in die hoër onderwys (Du Toit 1966:72-73). Nog in dieselfde jaar besluit die Universiteit om met ingang 1919 'n professoraat in Afrikaans in die lewe te roep. Die besluit is egter eers in 1920 uitgevoer toe die kampvegter vir Afrikaans, J.J. Smith, as eerste professor in Afrikaans aan die US benoem is. Die leerstoel in Afrikaans is uit die Jan Marais-fonds bekostig (Du Toit 1966:72, 75; Kotzé 1966:465). Na die instelling van die Jan Marais-leerstoel het die Raad van die Universiteit 'n spesiale komitee benoem om die verhouding tussen die leerstoel in Nederlands en Afrikaans, wat afsonderlik onder die afdeling Lettere in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ressorteer het, te omskryf. Daar is uiteindelik besluit dat die twee leerstoel nie onafhanklik van mekaar sou staan nie, maar onderdele van dieselfde departement sou vorm. So is die Departement Nederlands en Afrikaans⁸ in 1922 in die lewe geroep (Du Toit 1966:72, 74-75).

⁸ Dat Afrikaans oor die verloop van jare 'n meer prominente rol in die Departement begin speel het, blyk daaruit dat die Departement se naam in 1952 verander is na die Departement Afrikaans-Nederlands en in 1979 na die Departement Afrikaans en Nederlands. Die Departement dra vandag steeds laasgenoemde naam en daar sal voortaan dienooreenkomstig na die Departement verwys word.

4. DIE ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS ONDER DIE INVLOED VAN NEDERLANDS

4.1 Voortgesette stryd

In 1914 roep die nuut gestigte Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (sien 3.2) 'n Spellingkommissie in die lewe aan wie die taak opgelê is om spelreëls vir Afrikaans daar te stel. J.F.E. Celliers, wat later 'n dosent aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands sou word, was 'n lid van die kommissie (Nienaber 1968:8; Eksteen 1985:170). Na die goedkeuring van die reëls op 18 September 1915 is daar besluit om ook 'n woordelys saam te stel. Hiervoor is 'n "Woordelys-Kommissie"⁹ benoem waarin onder andere J.J. Smith gedien het (Le Roux, Malherbe & Smith 1917:iv-v, vii). In 1917 laat die kommissie die woordelys saam met die spelreëls van 1915, asook negentien aanvullende reëls, die lig sien as die eerste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (voortaan *AWS*) (Le Roux et al. 1917:v, xvii). Sedertdien het daar nog nege uitgawes van die *AWS* verskyn: in 1918, 1921, 1931, 1937, 1953, 1964, 1991, 2002 en 2009 onderskeidelik.

Die *AWS* is 'n standaardwerk vir Afrikaans wat deur baie Afrikaanssprekendes soos onderwysers, dosente en taalpraktisyne as 'n gesaghebbende en preskriptiewe naslaanwerk oor die spelling en skryfwyse van Afrikaans beskou word. Die woordeboek vir spesiale doeleindes, wat gereeld herbewerk word, se hoofdoel is leiding op die gebied van spelling en skryfwyse, standaardisering, normering en die beskrywing van die leksikon van Standaardafrikaans. Dié publikasie bestaan tradisioneel uit twee primêre afdelings, naamlik 'n spelreëlgedeelte wat fokus op die bereëling van die ortografiese konvensies van Standaardafrikaans, en 'n woordelysgedeelte wat meestal fokus op kontemporêre skriftelike, formele Standaardafrikaans (Kroes 1985:328; Morkel 2009:6; Swart 2009:6).

Die liggaam verantwoordelik vir die saamstel van die *AWS* is die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sedert die eerste uitgawe in 1917 verskyn het, het daar tot en met die agste uitgawe van die *AWS* wat in 1991 verskyn het deurlopend dosente verbonde aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands op die Taalkommissie gedien.¹⁰ Dit is egter veral D.B. Bosman, J.J. Smith en E.C. Pienaar, almal voorheen verbonde aan die Departement, wat 'n prominente rol in die voortgesette Nederlands-Afrikaans-stryd gespeel het.¹¹

⁹ Die kommissie het oor die jare verskillende benamings gehad. Met die 1921-uitgawe het dit as die Woordelys-Komitee en met die 1931-uitgawe as die Spelling-kommissie bekend gestaan. Sedert die vyfde uitgawe in 1937 is dit as die Taalkommissie bekend, soos wat dit vandag steeds bekend staan. Ten einde verwarring te voorkom, sal daar voortaan daarna verwys word as die Taalkommissie.

¹⁰ Tydens die politieke oorgang in Suid-Afrika aan die begin van die negentigerjare het drie Stellenbosse dosente wat op die Taalkommissie gedien het, naamlik Fritz Ponelis, Rufus Gouws en Leon de Stadler, in 1993/1994 as lede van óf die Taalkommissie óf die Akademie óf albei bedank omdat hulle gemeen het dat die Akademie geen verdere normeringsrol vir Afrikaans kon speel nie vanweë die feit dat dié liggaam geen geloofwaardigheid by bruin en swart Afrikaanssprekendes gehad het nie en dat die geantisipeerde Demokratiese Taalraad 'n groter kans op sukses gestaan het (Kapp 2009:142-143). Hierna het nog net een ander personeelid van die US se Departement Afrikaans en Nederlands op die Taalkommissie gedien, naamlik Ilse Feinauer. Sy het egter nog voor die verskyning van die negende uitgawe van die *AWS* uit die Taalkommissie bedank en sedertdien het daar nog nie weer 'n personeelid van hierdie departement op die Taalkommissie gedien nie.

¹¹ Behalwe vir hierdie drie persone, word daar nie spesifiek na ander US-dosente se rol in die Nederlands-Afrikaans-stryd verwys nie, aangesien dit nie moontlik is om spesifieke Taalkommissiebesluite aan spesifieke Taalkommissieledes te verbind nie. Ter wille van volledigheid en die feit dat die Nederlands-Afrikaans-stryd 'n blywende invloed op die *AWS* uitgeoefen het, word die Nederlandse invloed op al tien uitgawes van die *AWS* egter bespreek.

Met die Nederlands-Afrikaans-stryd wat aanleiding gegee het tot die stigting van die Akademie nog vars in hulle geheue (sien 3.2), het die eerste Spellingkommissie van 1914 besluit om die nuwe spellingsisteem enersyds op 'n fonetiese grondslag te laat berus, maar andersyds die band met Nederlands te handhaaf deur nie onnodig van die VNS af te wyk nie (Le Roux 1926:272; Malan 1963:200). Dat die band tussen Nederlands en Afrikaans ook vir die opstellers van die 1917-*AWS*, waarvan J.J. Smith deel uitgemaak het, van besondere belang was, blyk reeds uit die voorwoord waarin daar gemeld word dat “Hollands [...] die onmisbare bron [is] waaruit Afrikaans moet put, oral waar voorlopig nie deur eie taalmiddels in die behoeftes kan voorsien word nie” (Le Roux et al. 1917:iv). Daarom is dit as een van die vyf grondbeginsels van die Afrikaanse spelling gestel dat daar so min as moontlik van die VNS afgewyk word (Le Roux et al. 1917:ix). Die grondbeginsel is vir die volgende ses uitgawes (tot en met die 1953-uitgawe) grootliks onveranderd gelaat (Le Roux, Malherbe & Smith 1918:ix; Bosman et al. 1921:vii; Boshoff et al. 1931:viii; 1937:vii; 1953:6). In die 1964-uitgawe word die VNS egter nie meer as uitgangspunt geneem nie, maar word daar rekening gehou “met die spelling wat vandag amptelik in Nederland erken word” (Taalkommissie 1964:1). Die herformulering doen egter vreemd aan, aangesien die Afrikaanse ortografie in 1964 weinig of niks te make gehad het met die spelling wat op daardie stadium in Nederland gebruik is nie. Wat die grondbeginsels betref, is daar eers met die 1991-uitgawe enigermate met Nederlands gebreek deurdat daar nou bloot verwys is na die “*tradisie* waarvolgens Standaardafrikaans gespel en geskryf word”¹² (Taalkommissie 1991:11). McLachlan (2012:25) dui daarop dat die grondbeginsels in wese onveranderd gebly het oor die tien uitgawes heen. Dit beteken dat (historiese) Nederlands steeds tot 'n groot mate as rigsnoer vir die Afrikaanse spelling dien. Dit kan gesien word uit verskeie Nederlandse vorme wat oor die afgelope dekades in die Afrikaanse ortografie bestendig is, soos die behoud van die *v* naas die *f* en die *ei* naas die *y* (Eksteen 1985:185-186).

Die Afrikaanse spelling se besondere band met Nederlands blyk verder uit die deurlopende verwysing na en vergelyking met Nederlands wat in die spelreëls in die 1917-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* voorkom. Daar word in die spelreëls sewe keer die woorde “net soos in die V.H.S.”¹³ aangetref.¹⁴ Om een taal se spelreëls op te stel met die prinsipiële inagneming van die spelling van 'n ander taal, is volgens Combrink (1991a:13) egter taalkundig onverdedigbaar en dit was dus hoogstens 'n propagandistiese invalshoek. Die Nederlandse invloed op die Taalkommissiespelling van 1917 kan ook duidelik gesien word in die handhawing van die Nederlandse *ij* (byvoorbeeld *pijn*, *lij* en *belangrijk*), *y* en *au* en *c* in vreemde woorde (byvoorbeeld *hypothese*, *automaties* en *café*), die stom *-w* (byvoorbeeld *vrouw*), *mijn*, *sijn*, *jouw* en *uw* as besittlike voornaamwoorde, en *s'n* as genitiefvorm, *ik* as swakbeklemtoonde vorm naas die beklemtoonde vorm van die persoonlike voornaamwoord *ek*, en *ai* in woorde van vreemde oorsprong om die [æ:]-klank voor te stel (byvoorbeeld *populair*) (Van der Merwe 1968:101; Le Roux et al. 1917:ix-xx).

Die omvattende invloed van Nederlands op Afrikaans blyk verder uit die grootskaalse adleksifisering¹⁵ van Afrikaans uit Nederlands soos waargeneem in die woordelys van die 1917-

¹² Tog word daar nog op dieselfde bladsy gemeld dat “die *Afrikaanse spelling* [...] by dié van Nederlands [aansluit]” (Taalkommissie 1991:11).

¹³ Vereenvoudigde Hollandse Spelling, soos wat die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling vroeër bekend gestaan het.

¹⁴ Vergelyk Le Roux, Malherbe & Smith (1917) p. xi, reël 6 en 8, p. xii, reël 15, p. xiii, reël 18, p. xiv, reël 24, p. xvii, reël 3, en p. xviii, reël 8.

¹⁵ Adleksifisering, ook bekend as kulturele ontlening (Grant 2015:435), is wanneer leksikale items aan die leksikon toegevoeg word om 'n toevallige of kulturele gaping in die leksikon te oorbrug (Stolberg 2015:63).

AWS. Die volgende is slegs enkele voorbeelde hiervan: *auto*, *bigot*, *different*, *door-* in woorde soos *doorgaans*, *editeur*, *edukasie*, *felisiteer*, *goevernement*, *humaan*, *indigestie*, *introduseer*, *kapabel*, *leeuwin*, *pardon*, *rekommandeer*, *relaksasie*, *telefoneer*, *tutoyeer*, *vanille-ijs*, *vlees* of *vleis* (as sinonieme) en *vleuelpiano* (Le Roux et al. 1917). In enkele gevalle het die Taalkommissie egter 'n groter mate van verafrikaansing nagestreef (vergelyk die Taalkommissie se *nuws* teenoor *nieuws* van VNS en ATV-spelling en verafrikaanse woorde soos *spiets*).

Aan die begin van 1920 het die Taalkommissie 'n aantal wysigings aan die Afrikaanse spelling goedgekeur wat tot 'n groot mate 'n breuk met die Nederlandse spelling verteenwoordig het (Smith 1920a:329; 1920b:295). Dit sluit onder andere in die vervanging van *ij* met *y* en *uw* met *uu* (byvoorbeeld *my* in plaas van *mij* en *nuus* in plaas van *nuws*), die weglating van die stom *-w* (byvoorbeeld *vrou* in plaas van *vrouw*), die wegval van *ik* as persoonlike voornaamwoord en *myn* en *syn* as besitlike voornaamwoorde (met ander woorde slegs *ek*, *my* en *sy* word as voornaamwoorde gebruik), en die afskaffing van talle vreemde spelvorme ten gunste van die grootskaalse verafrikaansing van vreemde woorde, byvoorbeeld *ai* word *ê* (*populêr* in plaas van *populair*), *au* word *ou* (*outeur* in plaas van *auteur*), *c* word *k* of *s* waar dit onderskeidelik as [k] en [s] uitgespreek word (*konjak* in plaas van *conjak* en *sentrum* in plaas van *centrum*), *ch* word *g*, *k*, *s*, *sj* of *tj* waar dit onderskeidelik as [x], [k], [s], [ʃ] of [tʃ] uitgespreek word (*gemie*, *kolera*, *masien*, *sjokolade* en *tjek*), *eau* word *o* (*buro* in plaas van *bureau*), ensovoorts (Smith 1920a:329). Die wysigings het egter aanleiding gegee tot groot teenkating van verskeie Transvaalse koerante, onder leiding van Gustav S. Preller, asook 'n aantal Transvaalse onderwysers, wat 'n meer Nederlandse ortografie vir Afrikaans voorgestaan het (Smith 1920b:295; sien "Protes teen spelling-wysiging" 1920:3 vir 'n volledige uiteensetting van die besware). Aangesien die wysigings egter reeds deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns goedgekeur is, het die Taalkommissie nie verder daarop ingegaan nie ("Protes teen spelling-wysiging" 1920:3).

As gevolg van die besluit deur die Taalkommissie, waarby die dosent in Nederlands aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, D.B. Bosman, hom intussen aangesluit het, is heelwat van die nederlandistiese vorme wat nog in die eerste twee uitgawes van die *AWS* voorgekom het opmerklik afwesig in die 1921-uitgawe (Eksteen 1985:172). Die wegbeweging van die sterk Nederlandse invloed is ook in die woordelys te bespeur. 'n Aantal Nederlandse lemmas is uit die woordelys geskrap (byvoorbeeld *auto*, *bigot*, woorde met *door-*, *edukasie*, *eksepsie*, *relaksasie* en *tutoyeer*) en baie van die woorde wat 'n meer Nederlandse vorm gehad het, is in ooreenstemming met die veranderde spelreëls 'n meer verafrikaanse vorm in ooreenstemming met die Afrikaanse uitspraak gegee. In woorde soos *envelop*, *eventueel* en *privilegie* is die *v* byvoorbeeld deur 'n *w* vervang sodat dit nou *enwelop*, *ewentueel* en *pruwilegie* was. Ander spellingveranderinge in ooreenstemming met die Afrikaanse uitspraak sluit in *gevanklik* (was *gevankelik*), *goewerment* (was *goevernement*), *kampanjie* (was *kampanje*), *moestas* (was *moustache*) en *plousiebel* (was *plausibel*) (Bosman et al. 1921).

In 1926 steek die Nederlands-Afrikaans-stryd weer kop uit toe die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) 'n aantal spellingveranderinge aan die Taalkommissie voorlê waarin hulle hulle ten gunste van 'n meer fonetiese spelling vir Afrikaans uitspreek. Die SAOU se voorstelle het behels dat *ei* oral deur *y* vervang word (vergelyk *pyl* en *peil*, *vyl* en *opveil*, ensovoorts) en *v* oral deur *f* vervang word waar dit as [f] uitgespreek word, behalwe in eiename, en dat *d* en *b* as slotkonsonante deur *t* en *p* vervang word, sodat daar eerder *fan* en *ferfanging* geskryf word as *van* en *vervanging*, asook *hont*, *rip*, ensovoorts. Hulle het ook voorgestel dat die reël wat bepaal dat sommige woorde met die uitgang *-lik* gespel word en sommige *-elik*, verander word sodat óf slegs een uitgang in alle gevalle gebruik word, óf albei vorme deurgaans gebruik kan word (byvoorbeeld *duidelik* of *duidlik*). Ten slotte was die SAOU ook van mening dat die spelling

aansienlik vergemaklik sou word indien die reël wat bepaal dat 'n konsonant wat op 'n kort, onbeklemtoonde vokaal volg nie verdubbel word nie (Bosman et al. 1921:xv, reël 37), konsekwent deurgevoer word sodat daar geskryf word *bobejaan*, *klasiék*, *komissie*, *papegaai*, ensovoorts (Malherbe 1926:108-109; “Nuwe spellingvoorstelle” 1926:4). In reaksie hierop het die Taalkommissie 'n verslag met spellingvoorstelle vrygestel wat hulle vir wyer bespreking onder die aandag van die publiek wou bring (Malherbe 1926:108).

Uit die reaksies wat gevolg het, is dit duidelik dat daar steeds 'n taalstryd tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans bestaan het, aangesien die onderskeie artikels en briewe wat daaroor in die pers verskyn het dit veral gehad het oor die insluiting van Nederlands, al dan nie, by die Afrikaanse spelling. Die pro-Nederlandse faksie is weer aangevoer deur Preller (1926:4) wat die Taalkommissie daarvan beskuldig het dat hulle geen aandag gegee het aan die ontwikkeling van Afrikaans in 'n meer behoudende sin onder die invloed van Nederlands in Transvaal nie, maar dat almal nou meestal Afrikaans moes skryf soos dit in die Kaapprovinsie gepraat word, deurdat die “platste” vorm van 'n woord dikwels as die “eg Afrikaanse” vorm gekies is terwyl enige ander vorm bloot as Nederlands afgemaak is. Hierdie beskuldiging eggo 'n kwessie wat reeds met die eerste uitgawe van die *AWS* geopper is, naamlik dat die Taalkommissie nie verteenwoordigend genoeg was van die totale Afrikaanse spraakgemeenskap nie (Grosskopf 1917:7). Die feit dat al die lede van die Taalkommissie uit die Kaapse wynlanddistrik afkomstig was, het volgens Grosskopf (1917:7) veroorsaak dat baie woorde wat deur die Transvalers en Vrystaters gebruik is nie die *AWS* gehaal het nie. Ook L. W. Hiemstra (1918:1-2) was van mening dat baie woorde in die eerste *AWS* opgeneem is wat vir die Transvalers ongewoon of selfs plat voorgekom het. Hy het ook hierdie tekortkoming voor die deur van 'n kommissie gelê wat oorspronklik afkomstig is “uit 'n hoekie van die Westelike Provinsie” (Hiemstra 1918:1-2). Hierdie kritiek dui daarop dat die wegbeweging van Nederlands in die rigting van die verafrikaansing van die spelling (ten minste deels) toegeskryf kan word aan die dosente van die US se Departement Afrikaans en Nederlands se betrokkenheid by die Taalkommissie.

In reaksie op die heftige teenstand teen die spellingwysigings wat deur die SAOU voorgestel is, het die Unie uiteindelik amptelik hulle voorstelle teruggetrek en die Taalkommissie het nie verder daarop ingegaan nie (Preller 1926:4; “Nuwe spellingvoorstelle” 1926:4). Maar nog was dit nie die einde van Preller se Nederlandse veldtog nie. Saam met ander Transvaalse joernaliste en skrywers het hy hom in 1927 vir die hervorming van die Afrikaanse spelling in die rigting van Nederlands beywer ten einde teenstand teen die invloed van Engels te bied (Steyn 1987:209, 211). Preller, S.P. Engelbrecht en J. van Bruggen het na samesprekings met die Taalkommissie 'n afsonderlike verslag aan die Akademiesraad gestuur waarin hulle 'n hele aantal ingrypende aanbevelings ten opsigte van die Afrikaanse ortografie ten gunste van 'n meer Nederlandse karakter gemaak het. Dit sluit onder andere in die herinvoer van die imperfektum, refleksief (byvoorbeeld *sig*), intervokaliëse verbuiging van adjektiewe en vervoeging van die werkwoord, die uitskakeling van wisselvorme en anglisismes, en die gebruik van die woorde *na* en *naar* in verskillende semantiese kontekste (“Hersien spelling van Afrikaans” 1928:7; “Spellingveranderings in Afr.” 1928:7; Steyn 1987:209, 216-217).

Die Taalkommissie het op hulle beurt vir Bosman en nog 'n dosent in Nederlands aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, E.C. Pienaar, aangestel om die verslag na te gaan en hulle opmerkings daaroor op te stel. Ten spyte van Bosman en Pienaar se hoedanigheid as dosente in Nederlands, was hulle gekant teen die oormatige vernederlandsing van Afrikaans soos voorgestel in die Prellerverslag. In reaksie hierop het die Akademiesraad geweier om die Prellerverslag voor hulle algemene jaarvergadering van 1928 te laat dien en hiermee is Preller-hulle se hervormingsplanne die nekslag toegedien (“Spellingveranderings in Afr.” 1928:7; Steyn 1987:219-220).

Sodoende het die Stellenbosse kollegas Bosman en Pienaar 'n belangrike rol gespeel in die Akademie se beslissende stap om die Afrikaanse spelling teen die oormatige invloed van Nederlands te verskans.

Juis daarom is dit verbasend dat Bosman en Pienaar se kollega wat Afrikaans doseer het, J.J. Smith, wat intussen met werk aan die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan *WAT*) begin het, die Nederlandse stryd verder sou voer. Gegewe Smith se betrokkenheid by die pro-Afrikaanse beweging, val dit vreemd op dat hy sedert die begin van sy samewerking met die Taalkommissie in 1917 altyd 'n voorstander van die meer konserwatiewe of Nederlandse vorm was waar daar 'n keuse tussen verskillende vorme van 'n woord bestaan het, aangesien hy van mening was dat 'n suiwer fonetiese spelvorm nie prakties haalbaar was nie. 'n Noue verwantskap met Nederlands was vir hom van groot kulturele belang vir Afrikaanssprekendes, soos dat dit die lees en studeer van Nederlands vir Afrikaanssprekendes sou vergemaklik sodat hulle Nederlandse hand- en studieboeke moeiteloos kon gebruik ("Geen nuwe spelling beoog nie" 1930:11; "Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling" 1930:1).

Smith se voorkeur vir die Nederlandse spelvorm het in 1930 aanleiding gegee tot 'n heftige spellingstryd tussen hom en die Taalkommissie, waarvan hy nog kort tevore lid was (Bosman 1959:120). Die Taalkommissie, waarvan Bosman steeds lid was en wat intussen aandag geskenk het aan die spellingbereëling van vreemde woorde, het grootliks 'n verafrikaansingsbeleid gevolg waarin groter voorsiening gemaak is vir wisselvorme. Smith kon hom egter nie met die verafrikaansingsbeleid van die Taalkommissie vereenselwig nie en het besluit om vreemde woorde in die *WAT* op 'n meer konserwatiewe wyse, nader aan die VNS, te skryf. (Malan 1974:292; Sien "Geen nuwe spelling beoog nie" 1930:11 vir 'n volledige uiteensetting van Smith se standpunt.)

Smith se voorstelle het aanleiding gegee "tot 'n opskudding in ons dagbladpers wat amper kan gelykgestel word met die opskudding veroorsaak by die uitbreek van 'n groot oorlog of by die uitslag van 'n algemene parlementaire [sic] verkiesing" ("Geen nuwe spelling beoog nie" 1930:11). Só fel was die stryd dat minister D.F. Malan besluit het om in te gryp deur 'n konferensie byeen te roep om die twis tussen Smith en die Akademie se Taalkommissie oor die spelling van vreemde woorde te besleg (Bosman 1959:120; Malan 1963:206; 1974:292). Die konferensie het op 27 en 28 Augustus 1930 in Pretoria plaasgevind (Malan 1963:206; 1974:292). Die uiteinde van die konferensie was dat daar oor die algemeen teruggekeer is na 'n meer konserwatiewe, Nederlandse vorm wat betref die spelling van sogenaamde vreemde woorde en eiename, alhoewel daar in baie gevalle ook 'n verafrikaanse vorm naas die Nederlandse vorm aangegee sou word. Alhoewel toegewings deur beide Smith en die Taalkommissie gemaak is, het die konferensie geen bindende gesag gehad nie, sodat nóg Smith, nóg die Taalkommissie verplig was om hulle aan die besluite van die konferensie te hou. (Malan 1974:292; Sien "Spelling-vergelyk word bekend gemaak" 1930:7, 9 vir die amptelike verklaring wat na afloop van die konferensie uitgereik is.) In werklikheid is daar dus geen "ooreenkoms" op die konferensie bereik nie, maar daar het bloot 'n verdere kloof tussen die spelling van die Taalkommissie en die *WAT* ontwikkel (Malan 1974:292).

Dat die 1931-uitgawe van die *AWS* tot 'n mate 'n kniebuiging in die rigting van Smith se meer Nederlandse inslag ten opsigte van die Afrikaanse ortografie was, blyk uit die mate waartoe daar in die loop van die spelreëls nog na die VNS verwys word, asook die mate waartoe die Afrikaanse reëls ten opsigte van die Nederlandse ortografie geformuleer is.¹⁶ Die volgende spelreëlveranderinge is aangebring wat aan die Afrikaanse ortografie weer 'n meer Nederlandse karakter gegee het (Boshoff et al. 1931:xx-xxi, xxvi, xxxi; Malherbe 1931:4):

¹⁶ Vergelyk Boshoff et al. (1931) p. xviii, reël 3(a) en reël 6(b), opm. 2, p. xxii, reël 11 en 12, p. xxv, reël 18(b), p. xxix, reël 34, p. xxx, reël 37(b), en p. xxxii, reël 41(b).

- *i* is behou in oop lettergrepe en eindlettergrepe van ongebruiklike vreemde woorde en gebruiklike woorde van vreemde oorsprong wat uitgaan op *-a, -ci* (mv.), *-i, -ibel, -ide, -idies, -ine, -inies, -itis, -o, -on, -us, -um*, ensovoorts, soos *fisika, botanici, vermicelli, indisponibel, piramide, hibridies, marine, aktinies, appendicitis, merino, bison, spiritus* en *minimum*.
- Woorde wat vroeër net met *ou-* gespel is, kan nou ook met *au-* gespel word, byvoorbeeld *outeur* of *auteur*.
- Die gebruik van *v/w* word nie meer bepaal deur die aksent van 'n woord nie. In 'n hele aantal gevalle word beide *v* en *w* nou toegelaat, byvoorbeeld *revolusie* en *rewolusie*.
- In 'n sekere groep woorde word *x* naas *ks* toegelaat, byvoorbeeld *exodus* of *eksodus*.
- Waar *ch* meer as een uitspraak toelaat ([x] of [k]), word nou net *ch* erken, byvoorbeeld *chemie*.
- In 'n paar woorde wat as betreklik vreemd geld, word *c* naas *s* erken, byvoorbeeld *cellulose* of *sellulose*.
- Woorde waarvan die meervoud vroeër verafrikaans is, soos *historisie*, behou nou eerder hulle Latynse vorm (*historici*).

In 'n poging om aan die ooreenkoms van die spellingkonferensie te voldoen, het die Taalkommissie meer wisselspellings in die woordelys opgeneem ten einde erkenning te gee aan meer Nederlandse spelvorme, veral wat betref *au/ou, th/t, v/w*, en *x/ks* (Boshoff et al. 1931:vii). Verder is die woordelys weer uitgebrei met die insluiting van heelwat woorde van Nederlandse afkoms, soos *affidavit, autochtoon, demon, detachment, fok* (teel), *gesusters, interrogasie, kasueel, keuken, konfessie, konfirmasie, malisieus, mediateur* en *moedervlek*, om maar enkele voorbeelde te noem (Boshoff et al. 1931).

Die verskyning van die 1931-uitgawe van die *AWS* het egter nie 'n end gemaak aan die stryd oor die spelling van vreemde woorde nie. In 'n poging om 'n einde aan die spellingonenigheid te maak, word 'n tweede konferensie van 4 tot 6 Januarie 1932 op Stellenbosch gehou. Smith het in sekere gevalle ingewillig om die Taalkommissie se meer verafrikaanse spelvorme te aanvaar, terwyl die Taalkommissie toegewings in die rigting van groter vernederlandsing gemaak het deur byvoorbeeld *au, eau, sc-* (uitgespreek [s]), *-ice, g* (uitgespreek [ʒ], [ʃ] en [s]), *gn, th* en *z* in sekere woorde te behou (byvoorbeeld *restaurant, trousseau, scenario, executrice, regiment, korrigeer, genre, magnifiek, anthrax* en *zymose*) en *ai, au, c, ch* en *x* as wisselvorme naas die verafrikaanse vorme *ê, ou, k* of *s, g* en *ks* te gee (byvoorbeeld *affaire* naas *affêre, pause* naas *pouse, discipel* naas *dissipel, echo* naas *eggo*, en *axioma* naas *aksioma*). (Kapp 2009:122; Sien “Die spellingooreenkoms” 1932:35 vir 'n volledige verslag van die besluite wat in verband met die spelling van vreemde woorde geneem is.) Ten einde die verwarring oor die Afrikaanse ortografie wat nou geheers het uit die weg te probeer ruim, het die Nasionale Pers in oorleg met Bosman nog in dieselfde jaar 'n brosjure met 'n *Lys van wysiginge* gepubliseer (Malan 1963:209).

In werklikheid het ook dié spellingkonferensie tot groter skeiding tussen die ortografiese sisteme van die *AWS* en die *WAT* gelei (Malan 1963:208; 1974:292). Smith se spelwyse het egter al hoe meer die wind van voor gekry en steun daarvoor het vinnig begin kwyn (Gericke 1991b:47; Kapp 2009:122). Die nuwe Minister van Binnelandse sake, J.H. Hofmeyr, wat Malan in 1933 opgevolg het, het hom ten gunste van die Taalkommissie se spelwyse en téén Smith s'n uitgespreek en opdrag gegee dat die staatsvertaler en universiteite voortaan die spelreëls soos uiteengesit in die 1931-uitgawe van die *AWS*, en gewysig ingevolge die besluite van die spellingkonferensie op Stellenbosch, moes volg en dat die verafrikaanse vorme in die geval van wisselvorme telkens gekies moes word. Selfs die US (die tuiste van Smith en die *WAT*) het besluit om die Taalkommissiespelling te volg (“Minister gryp in in spellingkwessie” 1933:1; Gericke 1991b:47).

4.2 Geleidelike losmaking van Nederlandse invloed

In die volgende uitgawes van die *AWS* het die Taalkommissie enigermate probeer om weer 'n groter mate van verafrikaansing na te streef. So is daar in die 1937-uitgawe van die *AWS* gemeld dat, waar 'n keuse tussen twee spelvorme gelaat word ('n vreemde en verafrikaanse spelvorm), die voorkeur gegee moes word aan die verafrikaanse vorm (Boshoff et al. 1937:iv, xv). In die 1953-uitgawe is die aantal wisselvorme met 'n vreemde naas 'n verafrikaanse vorm eweneens verminder, maar in 'n aantal gevalle is albei vorme behou, veral by meervoudsvorme van vreemde woorde waar die vreemde en verafrikaanse spelvorm aanvaar word (Boshoff et al. 1953:8-9).

Wanneer die hoofstuk oor “Vreemde woorde” in oënskou geneem word, word dit duidelik dat die rede waarom die wisselvorme in die groep vreemde versus verafrikaanse spelvorm so drasties verminder kon word, daaraan toe te skryf is dat daar oor die algemeen 'n verskuiwing in die rigting van verafrikaansing van vreemde woorde plaasgevind het sedert die vorige uitgawe van die *AWS*. Sedert die vierde uitgawe het dit geblyk dat, waar die skrywende publiek voor 'n keuse van die vreemde spelvorm teenoor die verafrikaanse spelvorm van 'n woord geplaas is, die meeste mense telkens die verafrikaanse vorm gekies het. In die 1953-*AWS* is talle van die wildvreemde woorde óf geskrap, óf geheel verafrikaans, en in die tussenklas het die publiek telkens voorkeur gegee aan die Afrikaanse spelvorm, wat beteken dat baie van die woorde wat eers deel was van laasgenoemde klasse in hierdie uitgawe deel uitmaak van die eerste klas, dit is woorde wat volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskryf word (Boshoff et al. 1953:2, 10-11). 'n Spelreël wat egter volgens die redaksie van *Die Brandwag* nog baie probleme opgelewer het omdat dit op die historiese beginsel, met ander woorde Nederlands, geskoei is en daar nog nie 'n formule gevind is wat al die gevalle dek nie, is die gebruik van *-de* of *-te* by die attributiewe voltooiende deelwoord, veral by werkwoorde wat op *-s* eindig (“Afrikaanse woordelys” 1953:55).

Die Taalkommissie het in die 1964-uitgawe nog verder as voorheen gegaan met die verafrikaansing van die spelling van woorde van vreemde herkoms. Dit sluit in verskeie skeikundige terme wat in Engels met *qu-* begin wat om etimologiese redes nou van *ch-* na *k-* verander is (byvoorbeeld *chinaldien* word *kinaldien*) (Taalkommissie 1964:“Voorwoord”, no. 6). Die reëls in verband met wisselvorme by die agtervoegsels *-(e)elik(s)*, *-(e)ling(s)*, *-(e)loos*, *-(e)nis*, en *-(e)rig* is nou ook met Afrikaans in plaas van Nederlands as uitgangspunt geformuleer (Taalkommissie 1964:“Voorwoord”, no. 9). Dieselfde geld die 2002-*AWS* waar daar voorkeurvorme gegee is by bepaalde natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels *-ied* naas *-ide* (byvoorbeeld *aldehyd* naas *aldehyde*) en *-ien* naas *-ine* (byvoorbeeld *aspirien* naas *aspirine*) (eersgenoemde vorm geniet telkens voorkeur; Taalkommissie 2002:197, Reël 17.20). Laasgenoemde reël dui eweneens op groter verafrikaansing.

Daar is voortgegaan om lemmas met 'n sterk Nederlandse vorm uit die woordelys te skrap, soos *autochthoon*, *edukasie*, *geloofbaar*, *keuken* en *moedervlek* in die 1953-uitgawe (Boshoff et al. 1953), en *envelop*, *fok* (teel), *gesusters*, *gevanklik*, *impressief*, *kado*, *leuterkous*, *onpassabel*, *nurks*, *uittentreure*, *urgent*, *verbrui*, *vermaagskap*, *vlied*, *vrydom*, *wied*, en *wig* (ww.), en uitdrukings soos *aan die beterhand*, *na bewewe*, *deser dae*, *ten faveure van*, *vir waarde genote*, *na luid van* en *met referte tot* in die 1991-uitgawe (Combrink 1991b:13-19; 1991c:7). Sedert die 1953-uitgawe word daar ook 'n onderskeid gemaak tussen *vlees* en *vleis* deurdat daar nou aangedui word dat *vlees* meestal figuurlik gebruik word (Boshoff et al. 1953:278).

Sommige woorde wat aanvanklik via Nederlands die Afrikaanse woordeskat binnegekom het, het oor die jare onder die invloed van Engels 'n ander betekenis aangeneem as wat dit oorspronklik gehad het. In die 2002-uitgawe is daar dan ook erkenning gegee aan nuwe homoniemvorme wat in Afrikaans ontwikkel het, byvoorbeeld *braaf* kan nou naas *goed* ook

dapper beteken en *eventueel* kan nou naas *moontlik* ook *uiteindelik* beteken, terwyl ’n mens ook nou iets *in gemeen* kan *hê* met iemand anders (Taalkommissie 2002:237, 267, 278). In ooreenkoms met die spelreëls is slegs die voorkeurvorme by wisselvorme van natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels *-ied* naas *-ide* en *-ien* naas *-ine* opgeneem, met ander woorde net die vorme met *-ied* en *-ien* vir die enkelvoudsvorm en *-iede* en *-iene* vir die meervoudsvorm is in die 2002-woordelys opgeneem (Taalkommissie 2002:209).

4.3 Die nadraai

Die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het deur die publikasie van die woordeboek vir spesiale doeleindes, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, ongetwyfeld ’n taalgesag daargestel waardeur die standaardisering van die Afrikaanse ortografie en woordeskat bespoedig is en sodoende ’n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van Afrikaans (Odendal 1984:192-193; Gouws & Ponelis 1992:31, 34). Sedert sy verskyning in 1917 het die *AWS* ’n betekenisvolle rol in die spellingbereëling van Afrikaans gespeel en daardeur in die dringende behoefte aan reëlmaat en orde in die Afrikaanse ortografie voorsien (“Uit ons eie boekrak” 1954:29, 31). Verskeie dosente verbonde aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, waaronder W. Kempen, M. de Villiers, F.A. Ponelis, J.G.H. Combrink en R.H. Gouws, het oor die jare, in hulle hoedanigheid as Taalkommissieëde, hieraan meegewerk.

Die Nederlands-Afrikaans-stryd wat hom ook binne die US se Departement Afrikaans en Nederlands afgespeel het, het egter ’n merkbare invloed op die *AWS* uitgeoefen. Toe die Taalkommissie se ortografiese sisteem die lig gesien het in 1917, was dit duidelik dat die Afrikaanse ortografie ’n kompromis tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans was, aangesien daar nou by die Nederlandse ortografie aangesluit is. Veral J.J. Smith sou in die eerste paar dekades na die verskyning van die *AWS* hierin ’n prominente rol speel. Die band met Nederlands waarop hy met die samestelling van die *WAT* aangedring het, sou oor die volgende sowat nege dekades ’n blywende invloed op die Afrikaanse ortografie uitoefen. Ten spyte van ander Stellenbosse dosente soos Bosman en Pienaar se pogings om die Afrikaanse spelling van sy Nederlandse verlede te bevry, is die Nederlandse aspek oor die jare telkens na vore gestoot om die paar gevalle te verantwoord waarby daar nie uitgegaan is van die vorme wat konsekwent eenders gespel behoort te word nie (Eksteen 1985:185).

Alhoewel die hegte inskakeling by Nederlands aanvanklik nog opvallend aanwesig was, was daar egter mettertyd ’n geleidelike losmaak van die Nederlands georiënteerde spelwyse in die rigting van verafrikaansing (Eksteen 1985:171, 180). Op sekere momente in die ortografiese geskiedenis van Afrikaans was dit juis die Taalkommissie se besliste leiding in die rigting van groter verafrikaansing wat daartoe bygedra het om die Afrikaanse spelling los te maak van Nederlandse invloed. Ofskoon ’n groot hoeveelheid van die Nederlandse ballas afgeskud is, is daar egter nog spellinggebruike wat die Nederlandse tradisie in Afrikaans bestendig (Eksteen 1985:182). Selfs vandag is die invloed van Nederlands op Afrikaans nog te sien in die Afrikaanse ortografie, byvoorbeeld in die handhawing van *v* en *f*, *ei* en *y* (Eksteen 1985:185-186), hoewel die onderskeid nie in Afrikaans so prominent is soos in Nederlands nie, asook in die woordeskat, byvoorbeeld *briewebesteller*, *felisitasie*, *felisiteer*, *gebroeders*, *gewente*, *pardon*, en *telefoneer* om maar enkele te noem (Taalkommissie 2009). Nederlands het dus ’n blywende invloed op die ortografie van Afrikaans uitgeoefen.

5. SLOT

In hierdie artikel is aangetoon dat, alhoewel die US se Departement Afrikaans en Nederlands deur die werk van Mansvelt 'n belangrike begin gemaak het tot die Afrikaanse leksikografie, almal nie uit die staanspoor oortuig was dat Afrikaans sigself op leksikografiese gebied moes laat geld nie. Te midde van 'n fel Nederlands-Afrikaans-stryd tussen dosente van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die een kant en sy studente aan die ander kant, het die Departement Afrikaans en Nederlands deur die betrokkenheid van sy dosente by die woordeboek vir spesiale doeleindes, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, oor die verloop van jare 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Afrikaanse ortografie. Die Nederlands-Afrikaans-stryd het egter telkens kop uitgesteek en daar is dikwels op Nederlands gesteun. Ten spyte van 'n geleidelike wegbeweging van Nederlands in die rigting van die verafrikaansing van die spelreëls, het Nederlands 'n blywende invloed op die Afrikaanse ortografie uitgeoefen. Die vasgryp aan Nederlands in die leksikografiese vergestaltung van Afrikaans sou later ook oorspoel na ander leksikografiese bronne wat in 'n opvolgartikel ondersoek sal word.

BIBLIOGRAFIE

- Boshoff, S.P.E. 1920. Taalstryd. *Die Banier*, Oktober:107-109.
- Boshoff, S.P.E. 1926. 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans. In *Gedenksboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925)*. Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond, pp. 307-328.
- Boshoff, S.P.E. et al. 1931 (vierde, hersiene en vermeerderde druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Boshoff, S.P.E. et al. 1937 (vyfde, hersiene en vermeerderde druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Boshoff, S.P.E. et al. 1953 (sesde, hersiene druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Bosman, F.C.L. 1931. Die nuwe Afrikaanse woordelys en 'n nuwe Engels-Afrikaanse woordeboek. *De Kerkbode*, 3 Junie:29-30.
- Bosman, D.B. et al. 1921 (derde, hersiene druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Die Nasionale Pers.
- Bosman, F.C.L. 1959. Geskiedkundige oorsig van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In T.E.W. Schumann et al. (reds.). *Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 73-166.
- Claassen, L.H. 1977. Die ontstaansgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Combrink, J.G.H. 1991a. Nederlandse spelling geen reddingsgordel vir Afrikaans nie. *Die Burger*, 17 Julie:13.
- Combrink, J.G.H. 1991b. *Gids by die Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- Combrink, J.G.H. 1991c. Standaardafrikaans: Een van die versameling geslypte edelstene. *Die Volksblad*, 9 Mei:7.
- Du Toit, P.S. 1966. Die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte. In H.B. Thom et al. (reds.). *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, pp. 71-97.
- Du Toit, P.S. & G.S. Venter. 1966a. Van Gimnasium tot Kollege, 1866-1887. In H.B. Thom et al. (reds.). *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, pp. 14-37.
- Du Toit, P.S. & G.S. Venter. 1966b. Die Victoria-Kollege, 1887-1918. In H.B. Thom et al. (reds.). *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, pp. 38-61.
- Eksteen, L.C. 1985. Die rol van die Akademie in die standaardisering van die Afrikaanse spelling. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 10:169-200.
- Elffers, H. & W.J. Viljoen. 1908. *Beknopt Nederlands Woordeboek voor Zuid-Afrika*. Kaapstad: J.C. Juta & Co.
- Gericke, W. 1991a. Vroeë woordelyste en woordeboeke in verband met Afrikaans. *Lexikos*, 1:104-112.
- Gericke, W. 1991b. *Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal – 'n kultuurhistoriese verkenning*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

- Gouws, R. 1995. Ou wyn in nuwe sakke: 'n Metaleksikografiese herwaardering van enkele komponente in Mansvelt se *Idioticon*. In N. Bosman (red.). *'n Man van Woorde*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 42-58.
- Gouws, R.H. 2003. Oor patriotte en ander leksikografiese vernuwers. In W. Botha (red.). *'n Man wat beur*. Stellenbosch: Buro van die WAT, pp. 71-85.
- Gouws, R.H. & F.A. Ponielis. 1992. Issues in the development of Afrikaans lexicography. *South African Journal of Linguistics*, Supplement 12:1-44.
- Gouws, R.H. & D.J. Prinsloo. 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: SUN PRESS.
- Grant, A.P. 2015. Lexical borrowing. In J.R. Taylor (ed.). *The Oxford Handbook of the Word*. Oxford: Oxford University Press, pp. 431-444.
- Grosskopf, J.F.W. 1917. Boekbespreking. Afrikaanse woordeljijs en spelreëls. *Het Volksblad*, 19 Oktober:7.
- Hiemstra, L.W. 1918. Brief aan die redaksie van *Die Huisgenoot*, 1 Junie. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]
- Kapp, P. 2009. *Draer van 'n droom*. Hermanus: Hemel & See Boeke.
- Kapp, P. 2013. *Maties en Afrikaans: 'n Besondere verhouding, 1911-2011*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kotzé, D.J. 1966. Stellenbosch se Bydrae. In H.B. Thom et al. (reds.). *Stellenbosch 1866-1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, pp. 437-529.
- Kroes, G. 1985. Die doeltreffendheid van die *Afrikaanse woordeljijs en spelreëls* as handleiding en naslaanbron by die onderrig van Afrikaans op tersiêre vlak. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 10:328-344.
- Le Roux, T.H. 1926. Die geskiedenis van die Afrikaanse spelling. In *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925)*. Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond, pp. 256-277.
- Le Roux, T.H., D.F. Malherbe & J.J. Smith. 1917. *Afrikaanse woordeljijs en spelreëls*. Bloemfontein: Het Volksblad-drukkerij.
- Le Roux, T.H., D.F. Malherbe & J.J. Smith. 1918 (tweede druk). *Afrikaanse woordeljijs en spelreëls*. Bloemfontein: Die Volksblad-drukkerij.
- Logeman, W.S. 1897. *Leesboek en Grammatika met Oefeningen en Woordenlijst Hollandsch-Engelsch*. Kaapstad: Jacques Dusseau & Co.
- Malan, S.I. 1963. Die spelling van Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Malan, S.I. 1974. Die groei van Afrikaans as skryftaal. In B. Kok (red.). *Afrikaans: Ons pèrel van groot waarde*. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, pp. 279-293.
- Malherbe, D.F. 1926. Verslag van 'n vergadering van die Spellingkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie gehou in Pretoria op 28 en 29 September 1926. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 5(2), Desember:105-109.
- Malherbe, D.F. 1931. Die Akademie-spelling. *Die Burger*, 4 Mei:4
- Mansvelt, N. 1884. *Proeve van een Kaapsch-Hollansch Idioticon met Toelichtingen en Opmerkingen betreffende Land, Volk en Taal*. Kaapstad: Cyrus J. Martin.
- McLachlan, T. 2012. Bondige oorsig van die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. In K.K. Prah (red.). *Veelkantiger Afrikaans. Streeksvariëteite in die Standaardvorming*. Kaapstad: CASAS, pp. 16-29.
- Morkel, A. 2009. Boekbespreking: *Afrikaanse woordeljijs en spelreëls*. *Die Afrikaner*, 2 Julie:6.
- Nienaber, G.S. 1959. Die Tweede Afrikaanse Beweging. In T.E.W. Schumann et al. (reds.). *Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: J.L. van Schaik, pp. 34-39.
- Nienaber, P.J. 1968. *Wat doen die Akademie?* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. & J.A. Heyl (reds.). s.a. *Pleidooie in belang van Afrikaans. Deel II*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Odendal, F.F. 1984. Die Afrikaanse taal 75 jaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(4), Desember:190-206.
- Preller, G.S. 1926. Laatstaan die spelling! *Ons Vaderland*, 31 Desember:4.
- Schoonheim, F. 1998. Een studie naar aspecten van de invloed van de Nederlandse lexicografie op Afrikaanse woordenboeken. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Smith, J.J. 1920a. Wysiginge in die Afrikaanse spelling goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere, en Kuns, in Januarie 1920. *Die Huisgenoot*, Maart:329.
- Smith, J.J. 1920b. Die spellingprotes van die Noorde. *Die Huisgenoot*, November:295.
- Snijman, F.J. (hoofred.). 1964. *U woorde, u woordeboek*. Stellenbosch: Raad van Beheer oor Die Afrikaanse Woordeboek.

- Steyn, J.C. 1987. *Trouwe Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Stolberg, D. 2015. *Changes Between the Lines: Diachronic contact phenomena in written Pennsylvania German*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Swart, C. 2009. Nuwe AWS op rak. *Volksblad*, 20 Julie:6.
- Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 1964 (sewende, verbeterde uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 1991 (agste, hersiene uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg.
- Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2002 (negende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2009 (tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1968. *Patriot-woordeboek* (heruitgawe). Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1971. *Vroeë Afrikaanse Woordelys*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Keymeulen, J. 2010. Standaardisatie en destandaardisatie bij Vlamingen en Afrikaners. Parallellen en verskillen. In M. van der Wal & E. Francken (reds.). *Standaardtalen in Beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU, pp. 135-152.

Bronne sonder 'n identifiseerbare outeur

- Afrikaanse woordelys. 1953. *Die Brandwag*, 4 September:6, 55.
- Die spellingooreenkoms. 1932. *Die Huisgenoot*, 23 September:35.
- Geen nuwe spelling beoog nie. 1930. *Die Burger*, 8 Augustus:11.
- Hersien spelling van Afrikaans. 1928. *Die Volksblad*, 11 April:7.
- Minister gryp in in spellingkwessie. 1933. *Die Burger*, 3 Junie:1.
- Nuwe spellingvoorstelle. 1926. *Ons Vaderland*, 31 Desember:4.
- Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling. 1930. *Die Volkstem*, 12 Augustus:1.
- Protes teen spelling-wysiging. 1920. *De Burger*, 8 September:3.
- Spellingveranderings in Afr. 1928. *Die Volksblad*, 26 September:7.
- Spelling-vergelyk word bekend gemaak. 1930. *Die Burger*, 27 September:7, 9.
- Uit ons eie boekrak. 1954. *Die Taalgenoot*, Januarie:29, 31.

Nog een Nobelprijs voor Zuid-Afrika?

De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2015

Een dichteres en een zanger op rondreis, een stuk of tien nieuwe vertalingen, geen Afrikaanse week maar wel Zuid-Afrikaanse dagen – in een aantal opzichten was dit een jaar als een ander voor de liefhebbers van de Afrikaanse literatuur in ons land. Maar aan de andere kant was 2015 het jaar van het overlijden van André Brink, op (zwevende) Nederlandse bodem. Remco Campert kwam met een nieuwe Zuid-Afrikaanse Nobelprijskandidaat. De stad Amersfoort beleefde een mal voorval rond Steve Hofmeyr. En Elisabeth Eybers bereidde ons postuum een verrassing.

Verrassend waren ook de ontwikkelingen op de Nederlandse boekenmarkt. De verkoop van papieren boeken trok in de eerste negen kwartalen van 2015 voor het eerst sinds lang weer aan. De verkoop van e-boeken bleef groeien maar die groei vlakt al een paar jaar af. Ook studenten en jonge vakantiegangers lezen dikwijls liever van papier. Al blijft een e-boek een stuk goedkoper: e-prijzen liggen zo'n 30 % lager.

Optredens

Het jaar begon met de nieuwvertaalde bundel *Medeweten* van Antjie Krog. De dichteres kreeg volop aandacht in “Kunststof” (NPO Radio 1), waar zij praatte met presentatrice Petra Possel en vertaler Schaffer (29 januari, 19-20 uur). De luisteraar hoorde over komende optredens van Krog, zoals te Amsterdam (29 januari), Utrecht (30 januari, bij de finale van het Nederlands Kampioenschap “Poetry Slam”, Krog buiten mededinging), Rotterdam (31 januari), Arnhem (1 februari 's ochtends, boekhandel Hijmans) en Doesburg (1 februari 's middags, Gasthuiskerk).

Haar tournee ging maar net vooraf aan een ander vrijwel jaarlijks gebeuren: de rondreis van Chris Chameleon. In de koudste maanden gaf hij een reeks concerten onder de titel “De Weerkaatsing”, in grote steden als Den Haag (Theater PePijn) en Amsterdam (de Kleine Komodie) maar ook in het kleine Noordeinde (bij Alkmaar), in de zaal met de doopsgezinde naam Noordeinder Vermaning. Chameleon werd bijgestaan door de dichteres Daniëlla Deysel. Ook dit duo haalde Radio 1, zelfs het schier onvergankelijke programma “Met het oog op morgen” (9 februari). Later in het jaar trad de Afrikaanse kleinkunst naar voren op het landgoed van Herman van Veen in Soest, waar Van Veen samen met Karin Hougaard “Zuid-Afrikaanse dagen” organiseerde, met braai, stalletjes en een keur van artiesten (29-30 augustus).

Brink

Opnieuw Radio 1 bracht in de ochtend van zaterdag 7 februari het droeve nieuws van de dood van André Brink, vrijdagavond op zijn terugvlucht van Amsterdam naar Kaapstad. Brink had in Louvain-la-Neuve in België een eredoctoraat ontvangen van de Universiteit Catholique de Louvain, de franstalige afsplitsing van de Katholieke Universiteit Leuven, en in Brussel in het Engels een openbaar interview gegeven. De Nederlandse radio karakteriseerde hem als bestrijder van de apartheid en als de schrijver van het eerste verboden boek in het Afrikaans, *Kennis van die aand*. De nieuwslezer wees ook op de film *A dry white season*, op de gelijknamige roman van Brink gebaseerd. Nog tijdens de nieuwsuitzending gaf Adriaan van Dis een kort In Memoriam – hij

noemde Brink “een veelschrijver in de beste zin van het woord”. Ook het meest bekeken televisie journaal (NPO 1 acht uur ’s avonds) stelde Brinks strijd tegen de apartheid voorop.

Vrijwel alle kranten berichtten de volgende maandag over Brink. *Trouw*, *De Volkskrant* en *NRC-Handelsblad* hadden herdenkingsartikelen, van Niels Posthumus, Wim Bossema en Toef Jaeger. Posthumus memoreert hoe Brink in de apartheidstijd gepest werd door de geheime dienst. Jaeger, hoe zijn familie de laatste tijd werd getroffen door misdadigheid. Maar uit Zuid-Afrika vertrekken deed hij niet. Posthumus verwijst ook naar Brinks felle kritiek op het ANC-bewind: “Zijn teleurstelling over de in zijn ogen falende en corrupte nieuwe machthebbers sloeg echter minder aan dan zijn boosheid over de apartheid.”

De tegenstelling tussen de met recht gevierde antiapartheidsstrijder en de oudere schrijver die in vergetelheid raakte, is de kern in het stuk van Bossema. Hij kraakt harde noten en trekt zich zelfs voor Nederlandse begrippen opvallend weinig aan van het: “over de doden niets dan goeds”. Brinks autobiografie is volgens Bossema vervuld van woede over eigen teloorgang en van afgunst op zijn vroegere minnares die hem voorbij gestreefd is, Ingrid Jonker. In Brinks werk na 1991 mist Bossema de inleving en de gedrevenheid van zijn vroege romans. Men kan hierover anders denken, maar het is waar dat in Nederland de belangstelling voor Brink was teruggelopen, met de verwaarlozing van zijn laatste roman *Philida* als dieptepunt. Die werd niet eens meer vertaald.

Poëzie

Vrolijker kunnen we worden bij de ontvangst van Antjie Krog’s al genoemde bundel *Medeweten*, vertaald door Robert Dorsman, Jan van der Haar en Alfred Schaffer (Podium, € 25). Remco Campert – bij uitstek bevoegd – vindt Krog’s poëzie de Nobelprijs waard. Een amusant en informatief mengsel van inleiding, reisreportage en interview schreef Els Quaegebeur in een vrouwennummer van *Vrij Nederland* (8 maart). We zien Krog door de ogen van Elvis (een hier bekende witgeveerde kaketoe van een café op Amsterdam Centraal Station), in een vieze trein op weg naar Utrecht, tussen de poëziejeugd te Utrecht en terug in Amsterdam in het nog bekendere Americain. Quaegebeur monteert een juichende recensie van Maria Barnas uit *De Volkskrant* in haar stuk (“Krog omarmt de hele wereld en beschrijft deze vanuit een grote verbondenheid”) en belt Barnas op voor nog wat telefonische toelichting. Kracht, eerlijkheid en wijsheid, dat is wat de critica bij Krog vindt – haar gedichten zijn nooit belerend maar speels, licht en toch ook vurig. Quaegebeur vraagt Krog of *Medeweten* “milder, minder woedend” is dan vorige bundels. Krog gaat daar niet in mee maar bevestigt dat ze in deze bundel “een nieuwe stem” zocht en alles wilde “verwijderen wat naar mijn oude zelf rook”.

Ook Toef Jaeger had over deze verandering geschreven: “geen woedende, snerende Krog, maar eerder een zorgelijke en twijfelende”. “De toon is zoekender en Krog wil vaker kijken wat ze waard is geweest.” (*NRC Handelsblad* 23 januari). Over Krog en haar nieuwe bundel is meer te lezen in het maandblad *Zuid-Afrika*, in een interview door Ingrid Glorie (mei).

Verderop in het jaar verscheen ook poëzie van Breytenbach in vertaling: *In de loop van de woorden*. Zonder het oorspronkelijke Afrikaans. Het gaat om een selectie uit *Oorblyfsel*, gemaakt door een zekere Blackface Buiteblaf. Behalve die naam is ook de naam van de vertaler verrassend, op twee manieren zelfs. Het is Laurens Vancrevel, destijds als Van Krevelen bij Meulenhoff uitgever van de jonge schrijvers Breytenbach en Brink (Koppertnik € 15).

Romans

Rond twee van de nieuwe romanvertalingen van Riet de Jong-Goossens ontstond in kleine kring geroezemoes, omdat de Nederlandse uitgevers (alweer) een eigen titel kozen en daarbij (alweer) geen gelukkige hand toonden. In plaats van het prikkelende raadsel dat de schrijver biedt, geeft men een niet erg opwindende interpretatie. Het gaat om *Pastoor* van Pat Stamatélos, dat *Onverwerkt verleden* is gaan heten (€ 18,90) en *Kamphoer*, in Nederland *Een schuldig leven* (€19,99). Dat laatste is ook een onbedoelde verwijzing naar de zowat gelijknamige biografie van Gerard Reve. “Kamphoer” zou ook voor Nederland een uitstekende titel zijn geweest, “Pastoor” (in Nederland een rooms-katholieke functionaris) had “Pastor” kunnen worden. “Schuldig” zijn Brevierin Kampen (Stamatélos) en Athenaeum-Polak & Van Genneep (Smith), dat ook nog een grove ondertitel als “verkracht in de boerenoorlog” in de strijd gooide om slim aan te haken bij *De boerenoorlog*, het bekroonde werk van de historicus Bossenbroek uit 2012.

In het *Reformatorisch Dagblad* schrijft Christine Stam-van Gent welwillend over *Onverwerkt verleden*, al is de figuur van de predikant-verkrachter voor haar een *flat character* en al waarschuwt zij voor de details van een abortus die Stamatélos zo weergeeft dat je ervan moet bijkomen (24 oktober). In een korte bespreking in het *Nederlands Dagblad* suggereert Hans Ester dat men de scène “bij de aborteur op de keukentafel” zou kunnen overslaan. Maar hij gaat daarom niet minder ernstig op het boek in, beklemtoont de funeste uitwerking van de beschreven psychotherapie en signaleert in het boek enkele raadsels (6 november). Van *Een schuldig leven* geeft Toef Jaeger een merkwaardige bespreking in *NRC Handelsblad* (15 mei). Voor een roman vindt zij *Een schuldig leven* zowel qua stijl (mooi schrijverij) als qua verhaal (onwaarschijnlijkheid) “eigenlijk te veel van het goede”, maar zij kan het boek toch aanvaarden als bijzonder levensverhaal, omdat alles werkelijk gebeurd is. Uiteindelijk juicht zij dan weer toe dat Smith de afloop “naar eigen inzicht”, dus fictief, heeft ingevuld. Een genuanceerde beschouwing leverde Hans Ester in *Zuid-Afrika* (juni). Hij schrijft over een “boeiende, zeer gelaagde roman” maar stelt ook dat Smith literaire kansen heeft laten liggen doordat hij de personages uit de omgeving van de hoofdfiguur Susan, grotendeels genezers van beroep, geen aandacht laat besteden aan haar toch duidelijke trauma. Ook zwijgt Smith als verteller over de helende uitkomsten van Susans inspanning voor haar lotgenoten, de getraumatiseerde soldaten.

Een wel geslaagde nieuwe titel is *Koud opgediend* van Marita van der Vyver (‘t *Is koue kos, skat*, vert. De Jong-Goossens, € 19,95) bij Orlando, de uitgeversnaam van de Amsterdamse kookboeken- en bakkerswinkel Bookalicious. Een nagekomen bespreking van Etienne van Heerdens *Klimtol*, van mijn hand, is te vinden in de jaargang 2015 van *Ons Erfdeel* (februari). Uitgeverij Mozaïek in Zoetermeer bleef Irma Joubert herdrukken. Dit jaar bereikte *Het meisje uit de trein (Tussen stasies)*, het boek waarmee ze doorbrak, de tiende druk en *Het spoor van de liefde (Ver wink die Suiderkruis)* de zesde. Mozaïek kwam ook met Ingrid Glories vertaling van *Donkerland*, de romanversie die Kerneels Breytenbach maakte van Deon Oppermans scenario. Het boek kreeg korte aanprijzingen in het *Reformatorisch* en in het *Nederlands Dagblad*, de laatste van Marianne Hoksbergen (17 juni). Voorafgaand aan de vertaling had Hans Ester al uitvoeriger over *Donkerland* geschreven (*Zuid-Afrika*, december 2014). Ondanks de arme tierige karaktertekening toch een boeiend boek, vindt hij, waaruit Nederlanders veel over Zuid-Afrika kunnen leren. Maar zo tendentiekus dat het aanleunt tegen de partijpropaganda.

Zuid-Afrika blijft het enige blad met besprekingen van onvertaalde Zuid-Afrikaanse literatuur. Gerrit Schutte signaleerde *Here & boere* van Karel Schoeman (januari). Ingrid Glorie schreef bewonderend over Ena Jansens *Soos familie* (augustus). Ester herdacht behalve Brink (maart)

ook de dichter T.T. Cloete (december), schreef over *Krokodil aan my skouer* van Christiaan Bakkes (april) en – het kon niet uitblijven – over *Ester* van Kerneels Breytenbach (oktober).

A.W. Bruna, uitgever van populaire boeken sinds 1868, toonde zich ook in 2015 in volle actie met de thrillers van Deon Meyer. Naast het nieuwe *Icarus* (vert. Karina van Santen en Martine Vosmaer, € 19,95), met recensies in onder meer het *AD*, *Trouw*, *De Volkskrant* en *De Limburger*, kwam er een herdruk van het eerder onder een andere titel verschenen *Proteus* (uit het Engels vertaald door Jacqueline Caenberghs) en nieuwe edities van een paar andere Meyers, voor € 10 à 12,50 – de prijzen veranderen sneller dan uw nieuwsgaarder kan bijhouden.

Uitgeverij Brevier maakt indruk met de voortzetting van Karel Schoemans romanreeks “Stemme”, vertaald door Rob van der Veer, net als in Zuid-Afrika in de volgorde 2-3-1. In 2015 verscheen 3: *Het uur van de engel*. In *De Volkskrant* van 9 mei bestempelt Peter Swamborn, onder de kop: “Schoeman richt zijn scherpe pen op gekonkel in een kleine gemeenschap,” de roman als: “een trager boek dan *Dit leven*”. Ik las eerst: “een *nog* trager boek” maar dat staat er niet. Wel zegt Swamborn: “een prachtig, lyrisch verhaal, wat geheel te danken is aan de meesterlijke stijl.” Maar *Het uur van de engel* is voor het verwereldlijkte Nederland geen makkelijk boek. Christine Stam-van Gent (*Reformatorisch Dagblad* 21 mei) legt in haar kritiek eerst uit dat de schrijver Schoeman geen allemansvriend is: “Er gebeurt gewoon niets, klagen plotjagers. Geeft niets, jubelen taalgenieters.” Haar uitgewerkte analyse leidt tot een sprekende plaatsbepaling, zowel van de critica als van het boek: “Een roman die aan een puur materialistisch wereldbeeld morrelt, is waardevol. Als zo’n boek ook nog eens het systeem dat alles psychologisch wegverklaart laat wankelen, hou je de adem in. Maar het meest grootse aan *Het uur van de engel* – dat allesbehalve ‘bekerend’ geschreven is – is die mild dwingende vraag: durven we ons over te geven aan een mysterie?”. Niet in de krant maar wel op haar site voegt zij toe: “Een van de mooiste boeken die ik ooit gelezen heb.”

Hofmeyr

Dan het nieuws rond de komst van de zanger Steve Hofmeyr naar Nederland. Dat luidt: dat hij niet kwam. Hofmeyr was aangekondigd voor 26 april in een restaurant in Amersfoort, maar na tips “vanuit de Nederlandse Zuid-Afrikaanse gemeenschap” gelastte deze eetgelegenheid Hofmeyrs concert weer af. Men had gehoord dat hij “extreem-rechts” is en wilde zijn “gedachtegoed” niet in Amersfoort verspreiden. Hofmeyr zette een weerwoord op het internet, helaas in het Engels: “in response to the cancellation of my show at a theater in Amersfoort, Holland – by an Afrikaner”, met de treffende zin: “if the ANC did not design Apartheid, they certainly perfected it.” Hofmeyr is in Nederland onbekend en dit gedoe heeft dan ook alleen de plaatselijke pers gehaald. Dat hij ook een klein maar belangwekkend literair oeuvre op zijn naam heeft, bleef onvermeld.

Eybers

Landelijke aandacht trok daarentegen een boek dat op het eerste gezicht niks met Zuid-Afrika te maken heeft: *Geert van Oorschot, uitgever*, de biografie van nog altijd onze beroemdste uitgever (1909–1987) waarop Arjen Fortuin, criticus van *NRC Handelsblad*, aan de Universiteit van Amsterdam is gepromoveerd. Het belang voor de Afrikaanse literatuur ligt in het hoofdstuk “Dichtersliefde”, waar Fortuin onder tussenkopjes als “Een Zuid-Afrikaanse Vasalis”, “Neerslag” en “Ontnuchterd” het verhaal vertelt van Van Oorschot, van zijn geliefde dichteres Elisabeth Eybers en van haar komst naar Amsterdam. Fortuin maakte gebruik van hun briefwisseling, bewaard in het Letterkundig Museum, Den Haag.

Van Oorschot stelde zich in 1956 per brief aan Eybers voor en liet meteen weten dat hij zo van haar poëzie hield dat hij die in Nederland wilde uitgeven. Hij heeft dat ook gedaan, en met succes, maar haar werk is na korte tijd overgenomen door een andere uitgever, Querido. Dit kwam door de verhouding tussen Eybers en Van Oorschot, die trekken droeg van een liefdesgeschiedenis, al was het er een van ongewoon karakter. “Hij verklaarde haar de liefde, op zijn eigen theatrale wijze ... En zij viel als een blok voor hem”, zegt Fortuin, citeert liefdesbrieven en verbindt gedichten als “Kennismaking” en “Terugreis” (uit de bundel *Neerslag*) regelrecht met Van Oorschot. “Al wat eensames kan doen is om baie van mekaar te hou”, schreef Eybers haar uitgever vanuit Zuid-Afrika in 1959, “maar soms wil mens dit met hande en lippe en oë betuig en erbaar en dan word woorde net so yl as die dun blaadjies waarop hulle oor en weer gedra moet word”. Met het verlopen van de verhouding kwam er een eind aan de samenwerking. In *Zuid-Afrika* van december memoreerde Hans Ester het geboortjaar van Eybers: 1915.

Eep Francken

A.A.P. Francken@hum.LeidenUniv.NL

Taalrubriek: Twee terme vertaal

Wanneer 'n mens begin vertaal, leer jy gou dat konteks van bepalende belang is en dat dit meestal beter is om 'n vakspesifieke woordeboek eerder as 'n algemene woordeboek te gebruik. Jare gelede moes ek 'n slag die vertaling van 'n jong nuweling in die destydse Staatstaaldiens nagaan. Die dokument het gehandel oor die voorskrifte waaraan reddingstoerusting op vissersvaartuie moes voldoen. Groot was my verbasing toe ek lees dat daar reddingsboeie moes wees wat met onder meer stroomstote gevul kon wees.

Hoe nou? Stroomstote? Die verklaring het gekom toe ek die volgende in Terblanche se *Tegniese Woordeboek* sien: “**rush**: stroomstoot (*elek.*); ...”. Die “rushes” waarmee die reddingsboeie gevul kon wees, moes natuurlik “biesies” gewees het.

Bogenoemde was wel 'n uiterste geval, maar dit illustreer tog hoe belangrik dit is dat 'n mens konteks en betekenis deeglik in ag neem en nie sommer die eerste die beste vertaling of die bekendste of algemeenste vertaling voor die voet gebruik nie.

Twee Engelse terme wat deesdae baie dikwels verkeerd vertaal word, is *social engineering* en *challenge*.

(a) **social engineering**: Die term het sy ontstaan gehad by 'n Nederlander wat van *sociale ingenieurs* gepraat het; die term het na die VSA oorgewaai, van waar dit mettertyd wyd versprei het. Vandag dui *social engineering* op pogings, deur byvoorbeeld die owerheid of die media, om die gesindhede en houdings van die maatskappy – in die sin van die samelewing of gemeenskap – te beïnvloed en so die maatskaplike gedrag grootliks te verander.

Hoewel die term ontstaan het uit 'n metaforiese aanwending van die selfstandige naamwoord *ingenieur* in die “gewone” of algemene betekenis daarvan, dui die Engels vandag in die eerste plek op 'n handeling, nl. “to engineer”. Die *Shorter Oxford English Dictionary (SOED)* definieer hierdie betekenisonderskeiding van die werkwoord (*to*) *engineer* as “to apply sociological principles to solve (a problem) or to manipulate (a person)” en die gepaardgaande dissipline as “the application of sociological principles to specific social problems”.

Dit is dus duidelik dat die vertaling verkieslik 'n term moet wees wat eweneens 'n handeling aandui, maar aangesien Afrikaans nie so geredelik 'n onvoltooide of teenwoordige deelwoord as selfstandige naamwoord kan aanwend as Engels nie, moet ons 'n ander plan maak.

Nederlands ken wel die werkwoord *ingenieuren* “ingenieurswerk doen, werken in het vak van den ingenieur”, wat Afrikaans nie het nie. Afrikaans het egter wel die werkwoord *genieer*, wat berus op die Latynse stam *gen-*, wat te sien is in die woord *ingenieur*, *genie* (soos in *geniekorps*) en so meer. Die WAT definieer *genieer* (verlede tyd: *gegenieer*) soos volg: “As ingenieur aanlê, bou, bestuur, werksaam wees”. Die WAT gee ook 'n afleiding daarvan aan, nl. *geniëring*, en dit is wat ons eintlik nodig het in *social engineering*.

Die *Sosiologie woordeboek* vertaal die Engelse term met o.m. *sosiogeniëring*.

My persoonlike voorkeur is om, indien ek nie die verbindingsvorm *sosio-* gebruik nie, die byvoeglike naamwoord *maatskaplik* te gebruik – hier dus *maatskaplike geniëring* – omdat dit regstreeks in verband gebring kan word met *maatskappy* in bogenoemde betekenis. Daarenteen dui *sosiaal* dikwels bloot op die gemoedelike of gesellige verkeer tussen of samesyn van mense, wat hier nie ter sake is nie. Dit is soms baie nuttig om tussen dié twee woorde te onderskei, hoewel dit natuurlik geen voorskrif is nie.

Uit bostaande behoort dit duidelik te wees waarom “sosiale ingenieurswese” nie kan deug nie, al is die algemeenste vertaling van *engineering* wel *ingenieurswese*.

Twee algemene woordeboeke vertaal *social engineering* met *maatskaplike/sosiale manipulasie*, wat eweneens op die handeling dui. Of ’n mens *manipulasie* of *manipulering* eerder as *geniëring* wil gebruik, hang seker van jou persoonlike voorkeure af, of hoe naby jy aan die Engels wil bly.

Dié *geniëring* kom ook voor in terme soos *genetiese geniëring* (naas *genetiese manipulasie/modifikasie/modifisering*) en *trugeniëring (backengineering)*.

(b) *challenge*: Die gewone of algemeenste vertaling van dié woord is natuurlik *uitdaag*. Vroeër dae kon mans mekaar byvoorbeeld uitdaag tot ’n tweegeveg, of ’n mens kan jou vriend uitdaag om iets gevaarliks of ondeunds te doen, of jy kan jou teenstander uitdaag om haar bewerings te staaf, en so meer. Die handeling van *uitdaag* behels dus in die eerste plek dat een mens ’n ander oproep om iets te doen, of hom/haar (soms tergend of uittartend) voor die keuse stel om iets te doen, by gebreke waarvan die uitgedaagde as ’n lafaard beskou kan word.

In Afrikaans (en Nederlands) kan ons egter ook sake of dinge, gewoonlik in ’n soort gepersonifieerde vorm, uitdaag of tart, byvoorbeeld die noodlot, die hel of die dood.

Die Engelse *challenge* het egter minstens twee betekenisonderskeidings wat *uitdaag* in Afrikaans (en Nederlands) nie het nie. Die eerste is ’n regsterm wat (soos gedefinieer in die *SOED*) beteken “take exception or object to (a juror, evidence, etc.)”. In dié betekenis kan ons in Afrikaans nie *uitdaag* gebruik nie, maar wel iets soos *protes/beswaar aanteken teen, wraak* (ww., bv. ’n regter wraak), *aanveg of betwis*, afhange van die konteks. Hier word nie te gereeld gesondig nie, hoewel ek dit al teëgekrom het dat aanvaarbaarheid van sekere getuienis in ’n hof “uitgedaag” word (wat eerder *betwis* moet wees).

Die ander betekenisonderskeiding van *challenge* wat Afrikaans nie het nie, is (weer volgens die *SOED*) “call into question; dispute, deny”. Hier word *uitdaag* nogal dikwels ten onregte gebruik, veral in die media. Daar sal somer maklik gesê word dat iemand sy/haar skorsing of ontslag in die hof “uitdaag”, of dat iemand die perke van menslike uithou vermoë “uitdaag” of die toepassing van ’n bepaalde beleid “uitdaag”, of die veldtog (teen geweld teen vroue) word “uitgedaag”, en so meer. Afgesien daarvan dat dit ’n bedenklieke vertaling is, is die bedoeling van die spreker/skrywer meestal ook nie helder nie.

Sulke gevalle het dikwels ook ’n regselement, maar dit is nie so gespesialiseerd soos die eerste betekenisonderskeiding hier bo nie. Daar is verskeie moontlike vertalings, weereens natuurlik afhange van die konteks: *bestry, betwis, beveg, aanveg, toets, teensprek, in twyfel trek, beswaar/protes aanteken teen, beswaar maak teen, bevraagteken* en dergelike.

Laat ons dus nie ons reddingsboeie met stroomstote stop nie – dit kan dalk net ’n lelike ding afgee.

JD (Tom) McLachlan

Vertaler en Taalversorger
tommc1@whalemail.co.za

Titel: *As the crow flies. My Bushman experience with 31 Battalion***Outeurs:** Delville Linford en AL J Venter**Plek:** Protea Boekhuis, 2015**ISBN:** 9781485302681**Bladsye:** 336**Prys:** R275,00

Die groter wordende getal boeke wat die afgelope aantal jare deur militêre veterane oor bepaalde aspekte van hulle loopbane en ondervindings geskryf word, is 'n belangrike toevoeging tot ons militêre geskiedenis en -erfenis. Dit neem egter teen só 'n tempo toe, dat dit baie moeilik is om tred daarmee te hou en dit alles te lees. Van die boeke is baie suksesvol en het reeds verskeie herdrukke ondergaan, van die ander minder só en moet hoofsaaklik teen 'n groot finansiële verlies op koste van die skrywers self gedruk word. Ten spyte daarvan wil die betrokkenes graag hulle herinneringe op skrif stel, as deel van 'n afsluitingsproses en om iets vir hulle eie nageslag na te laat.

Dit was vir my 'n groot voorreg om versoek te word om 'n resensie oor Delville Linford en Al J Venter se boek te skryf. Ek het Delville destyds as 'n kollega geken, alhoewel ons nooit direk saamgewerk het nie. Niemand kon hom egter ignoreer nie. Hy is een van die ware legendes van die ou SA Weermag, daarvan getuig die magdom staaltjies oor sy belewenisse saam met die Boesmanbataljon, wat onder verskillende name bekend geword het beide in die Wes-Capriwi tydens operasies in Angola.

Wat vir my die boek só besonders gemaak het dat ek dit amper nie kon neersit nie, was Delville se spontane en vloeiende skryfstyl, sy uitgesprokenheid en die groot eerlikheid en die beskeie dog humoristiese aanslag waarmee hy dit gedoen het; dit spreek boekdele van die skrywer se persoonlikheid en aanslag. Van die kollegas wat baie nou met hom saamgewerk het, het hom beskryf as “'n baie diep persoon wat ure lank (en nagte deur onder die maan en sang en dans van die Boesmans) kon filosofer oor die lewe. Sy harde, rowwe en brutale uiterlike was 'n voorgee dop/omhulsel, wat 'n sagte, omgee binneste verberg het”. Hy het 'n baie sagte plek vir en grondige kennis van sy Boesmansoldate en hulle gesinne gehad. Sy opregte medemenslikheid spreek duidelik uit sommige van die situasies wat in die boek beskryf word.

Na alles wat hulle saam beleef het, was dit vir Delville 'n bron van groot kommer en uiterste teleurstelling om te beleef hoe die Boesmans, wat in belang van hulle fisiese oorlewing by die SA Weermag ingelyf is, deur die verwestering waaraan hulle blootgestel is, uiteindelik van hulle eie kultuur beroof is. Die Boesmans, wat deur die koloniale Portugese nie eens as “mense” erken is nie, was telkens verplig om in belang van sodanige oorlewing uit te wyk en te vlug. Dit het ook daartoe gelei dat hulle aan die einde van die sogenaamde Bosoorlog, toe Namibië onafhanklik geword het, uit eie keuse na die RSA gebring is, net om weer die slagoffers van die nuwe bestel te word, wat hulle opnuut verwerp het.

Delville het toe hy nog die bevelvoerder van Veggroep Alpha was, gepoog om die verwesteringsproses te temper deur die doelbewuste instandhouding van die Boesmans se waardes, norme, gebruike en tradisies. Nogtans het hy terselfdertyd aktief gepoog om die jeug te ontwikkel, onder andere deur 'n skool en 'n jeugbrigade vir hulle te stig. Sy sagte plek vir veral die kinders was welbekend en het van hom hulle held gemaak.

Die grootste gedeelte van die boek word gewy aan Delville se belewenis van die oorlog in Angola en spesifiek tydens die kort maar baie intense Operasie Savannah, waarin hy en die

Boesmanbataljon 'n sleutelrol gespeel het. Ook in hierdie opsig is die boek 'n waardevolle toevoeging tot ons krygsgeskiedenis, omdat Delville goed rekord gehou het van sy belewenisse en nie gehuiwer het om reguit en eerlik, en soms ten koste van homself, te kommunikeer nie. Alhoewel dit moontlik nodig was om sekere gapings in die groter operasionele prentjie aan te vul met uittreksels uit ander boeke, asook die insette van sy medeskrywer, onderbreek dit in 'n mate Delville se eie vloeiende en boeiende vertelling van die verhaal.

Die Boesmans het diep spore getrap tydens die Bosoerlog, waartydens hulle hulleself met groot onderskeiding gehandhaaf het. Hulle kennis van die bos en uitnemende vermoë om ongeag die omstandighede te oorleef en te navigeer, tesame met hulle groot veglus, het hulle 'n waardevolle toevoeging gemaak tot enige gevegsmag, mits die vreemde bevelvoerders wat nie die Boesmans só goed as Delville en sy kollegas geken het nie, sekere aanpassings kon maak. Die kere wat dit nie gebeur het nie, het tot 'n botsing van kulture gelei wat nie altyd ewe suksesvol hanteer is nie. Delville gee ook in hierdie verband waardevolle voorbeelde van hoe maklik dinge as gevolg daarvan verkeerd kon geloop het.

Een van die laaste kere wat ek die voorreg gehad het om Delville Linford in lewende lywe te sien, was tydens die onthulling van die 31/201 Bataljon Erenaald by die SA Weermag Muur van Herinnering in Mei 2011. Op een van die foto's wat tussen pp. 192 en 193 geplaas is, verskyn hy saam met die legendariese kolonel Jan Breytenbach, met wie hy soveel tydens Operasie Savannah gedeel het. Ek sal altyd die emosie onthou toe hierdie twee geharde vegters en leiers van weleer, na sovele jare weer ontmoet en mekaar in trane omhels het.

Van daardie emosie en kameraderie kan gelees word in hierdie besondere boek, wat met groot vrymoedigheid aanbeveel word vir enige persoon wat belangstel in militêre geskiedenis. Die leser sal meer te wete kom oor die rol wat die SA Weermag in Angola gespeel het en veral van Operasie Savannah. Die mees blywende indrukke sal nietemin waarskynlik sentreer om die rol wat 'n besondere soldaat en mens in die proses gespeel het; asook om die Boesmansoldate en hulle naasbestaendes wat hulle álles gegee – en verloor – het, in diens van 'n nuwe vaderland wat hulle uiteindelik tragies in die steek gelaat het.

Generaal-majoor (afgetree) Gert Opperman

Pretoria

E-pos: gertopperman5@gmail.com

Titel: *Die familie Changuion van Suid-Afrika: Vanaf Frankryk deur Duitsland en Nederland tot Suid-Afrika, 1560's – 1960's*

Outeur: Louis Changuion

Uitgewer: Haenertsburg: Pennefather Books, 2014

Bladsye: 385 pp.

ISBN: 978-0-620-60738-4

Prys: R870.00

Van 'n prolifieke en deurwinterde historikus soos Louis Changuion, die outeur van meer as twintig boeke, kon 'n mens verwag dat hy mettertyd ook die merkwaardige verhaal van die afkoms en die bydrae van die familie Changuion in Suid-Afrika te boek sou stel. Dit het inderdaad in 2014 gebeur toe *Die familie Changuion van Suid-Afrika* in 'n beperkte, genommerde en getekende opplaag van slegs honderd eksemplare verskyn het.

Die bronnelys en verwysings getuig daarvan dat hierdie genealogiese publikasie op uitgebreide en deeglike navorsing berus. Changuion het geen steen onaangeroer gelaat om inligting oor die Changuions in argiewe en gepubliseerde werke hier ter plaatse, maar ook onder meer in argiewe en biblioteke in Londen in Engeland, Paramaribo in Suriname, Den Haag en Middelburg in Nederland en Wassy in Frankryk op te spoor nie. Die lysie van korrespondensie en onderhoude wat gevoer is, is indrukwekkend. Maar wat die leser van Changuion se publikasies moontlik die heel meeste beïndruk, is die feit dat hy oor geen plek skryf wat hy nie persoonlik besoek het nie. Dit stel hom in staat om in die beskrywing van historiese gebeure 'n beeld en atmosfeer te skep wat sonder sodanige besoeke nie moontlik sou gewees het nie. Ook vir hierdie Changuion-boek het hy letterlik hier en oorsee in die voetspore van sy voorsate getrap om meer aangaande hulle en hulle leefwêreld te wete te kom.

Die eerste twee hoofstukke handel oor die vroeë geskiedenis van die Changuions in Frankryk, die herroeping van die Edik van Nantes, waardeur godsdiensvryheid gewaarborg is, deur koning Louis XIV in 1685 en die voorsate van A.N.E. Changuion, stamvader van die Changuions in Suid-Afrika, synde Protestante, se besluit om Frankryk te verlaat en hulle aanvanklik in Duitsland en later in Nederland te vestig. Dit is duidelik dat die Changuions deur die eeue 'n gesiene familie was. François Changuion was sedert 1718 in die uitgewers- en drukkersbedryf in Amsterdam betrokke en het onder meer werke van Jean Jacques Rousseau en Voltaire uitgegee. Pierre-Jean Changuion is in 1804 deur die Nederlandse regering as Goewerneur van die eiland Curaçao en aangrensende eilande in die Karibiese See (Wes-Indië) aangestel, maar later oneervol ontslaan. In 1814 is François-Daniel Changuion as die eerste Ambassadeur, Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister van die Prins van die Nederlande (toe Koning Willem I) by die regering van die Verenigde State van Amerika aangestel, maar ook hy is na skaars 'n jaar in die V.S.A. teruggedroef om 'n ambassadeurspos in Turkye te aanvaar. Kort na sy terugkeer na Nederland is hy in 1815 tot die adelstand verhef en deur die Koning as jonkheer, Baron François-Daniel Changuion geslaan. In Desember 1815 word hy ook tot Ridder van die Nederlandse Leeu verklaar. Ongelukkig beland hy in 'n finansiële verknorsing wat tot ongerymdhede aanleiding gee en daartoe lei dat hy in 1823 van sy adelskap gestroop word. Dit is tog interessant dat die Changuions deur die eeue dikwels tot die hoogste poste gevorder het en dan, om verskillende redes, in onguns geraak het. Dit is ook opvallend dat hulle deur die eeue gesiene mense was, maar dat hulle skynbaar nie 'n besondere aanleg gehad het om met geld te werk nie. François-Daniel se middelste seun, Antoine Nicolas Ernst Changuion (1803-1881), het in 1831 'n pos aan die Kaap die Goeie Hoop aanvaar en sou die stamvader van die Changuions in Suid-Afrika word.

In hoofstuk 3 tot 5 word die lewensloop van stamvader A.N.E. Changuion breedvoerig beskryf. Hoofstuk 3 handel oor Changuion se suksesjare aan die Kaap. Opgelei in Lettere en Teologie aan die Universiteit van Leiden, het hy 'n pos as professor in tale aan die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum* in Kaapstad aanvaar. Slegs 'n jaar na sy aankoms aan die Kaap het hy met Madeleine Elizabeth Faure (1814-1890) in die huwelik getree; 'n egverbintenis waaruit nege kinders gebore sou word. In 1843 het Changuion 'n tweetalige privaat-skool gestig wat uitstekende onderrig gegee het. Changuion was nie net 'n uitstekende leermeester nie, maar het hom spoedig ook as taalkundige en skrywer van skoolhandboeke onderskei. Benewens handboeke het hy talle boeke, pamflette en tydskrif- en koerantartikels in Nederlands, maar ook in Engels, Frans en Duits geskryf. Hoewel hy 'n teenstander van verengelsing was, was hy geen kampvegter vir die ontluikende taal Afrikaans nie, maar was hy 'n groot voorstander van die gebruik van Nederlands aan die Kaap. As kultuurman en kunstenaar, het hy kuns- en georganiseer en lesings oor skilderkuns en poësie gelewer en was hy in 1856 by die stigting van 'n museum in Kaapstad betrokke. Hoofstuk 4 vertel die tragiese verhaal van hoe Changuion geleidelik aansien en steun aan die Kaap in die tydperk 1850 tot 1865 verloor het. As hoofartikelskrywer vir *De Zuid-Afrikaan* het Changuion se anti-Engelse gevoel en kritiek op die Kaapse owerheid dikwels deurgeslaan. Ten spyte daarvan het sy eie skool geleidelik verengels en is uiteindelik in 1860 gesluit. Bowendien het sy idees oor godsdiens aansienlik van dié van die streng ortodokse predikante van die Kaapse N.G. Kerk verskil en was hy 'n teenstander van die gedagte om 'n teologiese kweekskool in Suid-Afrika te stig. Dit alles het daartoe bygedra dat Changuion geleidelik in onguns geraak het. In 1865 het Changuion as ontgongelde man besluit om na Europa terug te keer. Hoofstuk 5 beskryf A.N.E. Changuion se verblyf in Europa van 1865 tot 1881, waartydens hy onder meer 'n tydelike aanstelling aan die Universiteit van Lausanne in Switserland aanvaar het. Hierdie hoofstuk bevat merkwaardige en aangrypende korrespondensie tussen Changuion en sy kinders in Suid-Afrika. Op 14 Oktober 1881 het die Changuion-stamvader in Lörrach Baden gesterf.

Die outeur som sy stamvader se lewe so op: “Eintlik was hy 'n wêreldbürger sonder vaste nasionaliteit wat hom met geen spesifieke land geïdentifiseer het nie.” En tog: latere Suid-Afrikaanse letter- en taalkundiges het groot waardering vir die werk wat A.N.E. Changuion aan die Kaap verrig het. Omdat daar nie 'n behoorlike biografie oor A.N.E. Changuion bestaan nie en alle lesers nie noodwendig 'n groot belangstelling in die wel en wee van sy nasate het nie, sal dit goed wees indien die outeur hoofstuk 3 tot 5 as 'n selfstandige publikasie uitgee deur bloot hoofstukke 1 en 2 opsommend tot 'n inleidende hoofstuk te verwerk, terwyl hoofstukke 6 tot 11 baie saaklik as slothoofstuk opgesom kan word.

Die kinders van A.N.E. Changuion en hulle nageslagte kom in hoofstuk 6 tot 11 aan die orde. Die hoofstukke handel onderskeidelik oor die seuns van die stamvader en hulle afstammeling, maar in hoofstuk 6 word ook aan die drie seuns wat nie nakomelinge gehad het nie, naamlik Francois Daniel (Francis) (1833-1877), Laurent Ernest (1842-1917) en Jean (John) (1844-1910) aandag gegee. Hoofstuk 7 vertel die lewensverhaal van Abraham Arnoldus Faure Changuion (1835-1877) en sy afstammeling wat voorheen as “Kleurlinge” geklassifiseer is. In hoofstukke 8, 10 en 11 word die wel en wee van Louis Annes Changuion (1840-1910), die man van wie alle Changuions in Suid-Afrika afstam wat onder die ou bedeling as “Blank” geklassifiseer was, in drie onderskeie tydperke beskryf. Hierdie hoofstukke sal waarskynlik vir die ware genealoë die interessantste en ook die waardevolste wees, hoewel hulle dalk die outeur sal verkwalik omdat dit nie streng volgens die genealogiese “resep” gedoen is nie. Maar sy bedoeling was duidelik dat die inhoud die historiese en kultuurhistoriese “verhaal” van die Changuions moet vertel. Vir nie-Changuions is hierdie hoofstukke waarskynlik minder boeiend as die voorafgaande vyf, maar,

synde 'n kenner van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), kon die outeur natuurlik nie die versoeking weerstaan om die Changuions se betrokkenheid in dié oorlog in 'n afsonderlike en uifers boeiende hoofstuk 9 uit te lig nie. Die gevangene van die jong oorlogskorrespondent Winston Churchill en Frans Changuion se betrokkenheid daarby is natuurlik 'n opwindende en omstrede gebeurtenis wat in hierdie hoofstuk oortuigend uitgepluis word. Romantikus wat die outeur is, kon hy ook nie nalaat om die mooi liefdesverhaal van Louis John Stanley Changuion (1875-1960) en sy geliefde Dolly Potgieter in detail te vertel nie. Ook die krygsgevangenskap van enkele Changuions in die kampe te Groenpunt by Kaapstad, Diyatalawa op Ceylon (Sri Lanka) en Ahmednagar in Indië kom aan die orde. Soos in vele families, was daar ook in die gelede van die Changuions nie volkome eensgesindheid oor deelname aan die Anglo-Boereoorlog nie, wat tot bitterheid aanleiding gegee het.

Die boek is besonder ryklik met 'n magdom toepaslike historiese en eietydse foto's geïllustreer. Laasgenoemde is meestal in kleur en deur die outeur tydens sy navorsingsreise geneem. Die talle kaarte is onontbeerlik vir die verstaan van die omswerwing van die Changuions. 'n Prestige publikasie soos hierdie verdien moontlik 'n deeglike register.

Twee interessante bylae is ingevoeg. In Bylae A (pp. 359-361) is daar ruimte vir die vierde geslag Changuions om foto's en genealogiese besonderhede van hulle kinders, kleinkinders en agterkleinkinders in te vul. Die outeur het sy eie nasate se gegewens as voorbeeld in sy eie handskrif verstrek. Bylae B bevat lyste van publikasies deur Changuions. Daaruit blyk dat die stamvader A.N.E. Changuion, wat aantal publikasies betref, sy historikus-nasaat tans nog net met 'n kortkop voor is.

Hoewel die boek se titel met die eerste oogopslag die indruk skep dat dit 'n suiwer genealogiese publikasie is, is dit veel meer, want dit sluit brokke Europese en Suid-Afrikaanse geskiedenis, kultuur- en mentaliteitsgeskiedenis in en verdien daarom 'n wye leserskring. *Die familie Changuion van Suid-Afrika* is 'n pragpublikasie en uifers leesbaar juis omdat dit nie die gewone patroon van genealogiese publikasies volg wat normaalweg deur genealogiese tabelle oordonder word nie. Dit was natuurlik moontlik omdat die Changuions in Suid-Afrika 'n betreklik klein familie is.

O.J.O. Ferreira

Knysna

E-pos: ojof@lantic.net

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieklik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100–250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600–1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10–20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 **Subopskrifte** is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommener word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asbelle tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalinge wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56–59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20–34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R200 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: By aanvaarding van 'n bydrae vir publikasie word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. 'n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die outeur onderteken word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

1.1 Page fees: There is a charge of R200 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

1.2 Copyright: On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidisiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidisiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

*Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index*

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis